# NASIONALISME EN DIE DEMOKRASIE: 'N ONDERSOEK NA 'N VERBAND TUSSEN DIE KRAGTE VAN NASIONALISME EN DIE TEGNIEKE VAN DEMOKRASIE

deur

**SUSAN MULLER BOTHA**

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

**DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE**

in die vak

**STAATSLEER**

AAN DIE

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

PROMOTOR: PROFESSOR D J KRIEK

JUNIE 1996

**NASIONALISME EN DIE DEMOKRASIE: 'N ONDERSOEK NA 'N VERBAND TUSSEN DIE KRAGTE VAN NASIONALISME EN DIE TEGNIEKE VAN DEMOKRASIE**

deur

SUSAN MULLER BOTHA

Graad: D Litt et Phil

Vak: Staatsleer

Promotor: Prof D J Kriek

Die doel met hierdie studie is om te bepaal of daar 'n verband is tussen die aktivering van die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme enersyds en andersyds die tegnieke van demokrasie in die hedendaagse staat.

In die ondersoek na so 'n verband, is die nasie beskou as 'n versameling individue wat in terme van 'n bepaalde identiteit assosieer ten einde 'n stel belange te realiseer. Belange wat uitgesonder word is: selfidentiteit, die noodsaaklikheid om met ander mense te kan assosieer, selfdeterminasie as 'n motiverende krag in menslike gedrag, en die persepsie dat die vermoë bestaan om belange te kan realiseer.

Die spanning tussen die selfdeterminerende aard van die menslike natuur enersyds, en andersyds die onvermydelike groepkonteks van die mens, word in hierdie studie beklemtoon. Ten einde hierdie spanning te minimiseer, sal die individu die eise van die groep (in hierdie konteks die nasie), as sy eie internaliseer. Ten einde 'n selfdeterminerende individu midde in die nasie te bly, word die selfdeterminasie van die nasie belangrik.

Selfdeterminasie word verder beskou as 'n belangrike kenmerk van liberale demokrasie. Ongelukkig is die groepkonteks en die spanning tussen die belange van die individu enersyds en andersyds die eise van die samelewing weer eens onvermydelik. Verskeie tegnieke van demokrasie word evalueer in terme van hul sukses om die selfdeterminasie van die individu en die realisering van sy belange te verseker. Daar is bevind dat geen tegniek 'n waarborg in hierdie verband kan bied nie.

In die studie is bevind dat negatiewe persepsies oor selfdeterminasie en belangerealisering in die algemeen, die middelpuntvliedende kragte in die staat kan aktiveer. Die verskillende tegnieke van demokrasie kan inderdaad die bron van negatiewe persepsies wees. Verder is bevind dat indien hierdie negatiewe persepsies saamval met etniese en/of regionale subidentiteite in die staat, hulle aanleiding kan gee tot rebelse nasionalisme. Die verskillende tegnieke van demokrasie verleen dikwels die meganismes waardeur hierdie subidentiteite georganiseer en gemobiliseer kan word.

SLEUTELTERME: nasionalisme, demokrasie, nasie, selfdeterminasie, selfidentiteit, belange, outonomie, individualisme, etnisiteit en regionalisme.

# NATIONALISM AND DEMOCRACY: AN INVESTIGATION INTO THE RELATIONSHIP BETWEEN THE FORCES OF NATIONALISM AND THE TECHNIQUES OF DEMOCRACY

by

SUSAN MULLER BOTHA

Degree: D Litt et Phil

Subject: Political Science

Promoter: Prof D J Kriek

The purpose of this study is to determine whether there is a relationship between the activation of the centripetal and the centrifugal powers of nationalism, on the one hand and on the other hand, the techniques of democracy in the contemporary state.

In researching this relationship, the nation is regarded as a collection of individuals who associate in terms of a particular identity in order to realise a set of interests. Interests that are singled out in this study are: self-identity, the need to associate with fellow human beings, self-determination as a motivational force in human behaviour, and the perception of being able to realise particular interests.

The tension between the self-determining nature of human beings, on the one hand and the inevitable group context of human beings, on the other hand, is stressed in this study. In order to minimize this tension, the individual will internalize the demands of the group (in this context the nation) as his own. Thus for the individual to remain a self-determining human being within the nation, the self-determination of the nation becomes important.

It is further pointed out that self-determination of the individual is an important feature of liberal democracy. Unfortunately the group context and the tension between the interests of the individual on the one hand and the demands of society on the other hand, are also inevitable. Various techniques of democracy are evaluated in order to determine their success in safe-guarding the self-determination of the individual and the realization of his interests in general. It is pointed out that no technique can in fact provide a guarantee in this regard.

In the study it was found that negative perceptions regarding self-determination and the realization of interests in general, may activate the centrifugal powers within the state. The various techniques of democracy may indeed be the source of these negative perceptions. It was furthermore found that when these negative perceptions coincide with ethnic and regional subidentities, they may give rise to rebellious nationalisms. The various techniques of democracy often provide the mechanisms through which these subidentities could be organized and mobilized.

KEY WORDS: nationalism, democracy, nation, self-determination, self-identity, interests, autonomy, individualism, ethnicity and regionalism.

# INHOUDSOPGAWE

**Bladsy**

**HOOFSTUK 1**
**INLEIDING TOT 'N ONDERSOEK NA 'N VERBAND TUSSEN NASIONALISME EN DEMOKRASIE IN DIE HEDENDAAGSE STAAT** 1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Algemene inleiding | 1 |
| 1.2 | Probleem en doel van ondersoek | 2 |
| 1.3 | Begrensing van die ondersoek | 4 |
| 1.4 | Raamwerk van ondersoek | 6 |
| 1.4.1 | Epistemologie en metodologie van ondersoek | 7 |
| 1.4.2 | Vertrekpunte in die ondersoek | 10 |
| 1.4.2.1 | Die mens as individu en as sosiale wese | 10 |
| 1.4.2.2 | Die groepkonteks van die mens | 10 |
| 1.4.2.3 | Die mens as selfdeterminerende wese | 11 |
| 1.4.2.4 | Die spanning tussen selfdeterminasie en assosiasie | 11 |
| 1.4.2.5 | Aard van menslike natuur | 12 |
| 1.4.3 | Hoofstukindeling | 14 |
| 1.4.4 | Bibliografie en verwysingstegnieke | 16 |
| 1.5 | Regverdiging | 18 |
| 1.5.1 | Die belangrikheid van die onderwerp van ondersoek | 18 |
| 1.5.2 | Die verband tussen nasionalisme en demokrasie as 'n studieonderwerp vir die politieke wetenskaplike | 21 |
| 1.6 | Slotopmerkings | 25 |

**HOOFSTUK 2**
**DEFINIËRINGSPROBLEMATIEK VAN SLEUTELTERME** 26

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Algemene inleiding | 26 |
| 2.2 | Definiëringsproblematiek | 26 |
| 2.3 | Agtergrond tot die terminologiese problematiek van die ondersoek | 30 |
| 2.3.1 | Agtergrond tot die term nasionalisme | 31 |
| 2.3.2 | Agtergrond tot die term demokrasie | 33 |
| 2.4 | Sleutelterme | 35 |
| 2.4.1 | Die term staat | 35 |
| 2.4.2 | Die term nasie | 36 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.4.3 | Die term nasionalisme | 47 |
| 2.4.3.1 | Bestaande definisies van die begrip nasionalisme | 48 |
| 2.4.3.2 | Ontleding van voorgenoemde definisies | 50 |
| 2.4.4 | Nasionalisme en verwante terme | 53 |
| 2.4.4.1 | Patriotisme | 53 |
| 2.4.4.2 | Nasionalitarisme | 54 |
| 2.4.4.3 | Kolonialisme en imperialisme | 54 |
| 2.4.4.4 | Fascisme, Nazisme en rassisme | 55 |
| 2.4.5 | Variasies van nasionalisme | 55 |
| 2.4.5.1 | Manifestasies van nasionalisme in multinasionale state | 56 |
| 2.4.5.2 | Liberale en integrale nasionalisme | 58 |
| 2.4.5.3 | Etnosentriese, polisentriese, xenophobiese en xenophiliese nasionalisme | 59 |
| 2.4.5.4 | Etnonasionalisme en territoriale nasionalisme | 60 |
| 2.4.5.5 | Variasies in nasionalisme wat voortspruit uit die aard van die beweging | 60 |
| 2.4.6 | Die term demokrasie | 62 |
| 2.5 | Slotopmerkings | 68 |

**HOOFSTUK 3**
**DIE AARD VAN DIE MENSLIKE NATUUR** 69

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Algemene inleiding | 69 |
| 3.2 | Dualiteite in die menslike natuur | 70 |
| 3.2.1 | Die mens as 'n dier met instinkte en rede | 71 |
| 3.2.2 | Die werklike wêreld en die ideë-wêreld | 75 |
| 3.2.3 | Die mens as 'n individuele en 'n groepswese | 77 |
| 3.3 | Selfidentiteit | 81 |
| 3.4 | Belangerealisering en selfdeterminasie | 86 |
| 3.5 | Assosiasie en selfdeterminasie | 91 |
| 3.6 | Slotopmerkings | 97 |

**HOOFSTUK 4**
**NASIONALISME: SELFIDENTITEIT, ASSOSIASIE, SELFDETERMINASIE EN BELANGEREALISERING** 98

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Algemene inleiding | 98 |
| 4.2 | Benaderings in die studie van nasionalisme | 99 |
| 4.2.1 | Inleiding | 99 |
| 4.2.2 | Ethologiese benaderings | 100 |
| 4.2.3 | Psigologiese benaderings | 100 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.2.4 | Kultureel-etniese benaderings | 101 |
| 4.2.5 | Die historiese en die nasionalistiese benaderings | 102 |
| 4.2.6 | Die kommunikasiebenadering | 103 |
| 4.2.7 | Die modernisasiebenadering | 104 |
| 4.2.8 | Klassebenadering | 105 |
| 4.3 | 'n Meer-faktorige etiologie van nasionalisme | 107 |
| 4.3.1 | Inleiding | 107 |
| 4.3.2 | Die nasie en nasionalisme en die mens se assosiasie met ander | 108 |
| 4.3.2.1 | Geografie | 108 |
| 4.3.2.2 | Bloedverwantskappe | 110 |
| 4.3.2.3 | Geskiedenis | 111 |
| 4.3.2.4 | Taal | 112 |
| 4.3.2.5 | Godsdiens | 115 |
| 4.3.2.6 | Etnisiteit | 117 |
| 4.3.2.7 | Klas | 122 |
| 4.3.2.8 | Ekonomiese en kommunikasienetwerke | 124 |
| 4.3.2.9 | Ideologie | 127 |
| 4.3.2.10 | Nasionale simbole | 128 |
| 4.3.2.11 | Bedreigings | 129 |
| 4.3.3 | Die elite en die nasie | 130 |
| 4.3.4 | Die individu, die nasie en selfdeterminasie | 134 |
| 4.3.5 | Faktore wat verband hou met die mobilisering van die nasie | 140 |
| 4.3.5.1 | Interne idees en verwagtinge | 140 |
| 4.3.5.2 | Die nastrewing van die ideologie van nasionalisme | 141 |
| 4.3.5.3 | Oorheersing, onderdrukking, verdrukking en diskriminasie | 141 |
| 4.3.5.4 | Miskenning van identiteite en gedwonge assimilasie | 143 |
| 4.3.5.5 | Mededinging, oormatige eise en eksploitering | 144 |
| 4.4 | Slotopmerkings | 145 |

**HOOFSTUK 5**
**DEMOKRASIE: SELFIDENTITEIT, ASSOSIASIE, SELFDETERMINASIE EN BELANGEREALISERING** 147

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Algemene inleiding | 147 |
| 5.2 | Demokrasie: die individu versus die politieke gemeenskap | 148 |
| 5.3 | Demokrasie: die individu, sy belange en sy assosiasie met ander individue | 152 |
| 5.4 | Demokrasie en die selfdeterminasie van die individu | 156 |
| 5.4.1 | Inleiding | 156 |
| 5.4.2 | Beginsels van besluitneming | 158 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.4.3 | Kwantifiseerbare kriteria | 159 |
| 5.4.3.1 | Gewone meerderheid | 159 |
| 5.4.3.2 | Vergrote meerderheid | 160 |
| 5.4.3.3 | Konsensus | 161 |
| 5.4.3.4 | Veto | 161 |
| 5.4.4 | Direkte en indirekte deelname aan besluitneming | 163 |
| 5.4.5 | Indirekte deelname: politieke verteenwoordiging | 164 |
| 5.4.5.1 | Verteenwoordigingstelsels | 165 |
| 5.4.5.2 | Die verhouding tussen die verteenwoordiger en die kieser | 172 |
| 5.4.5.3 | Instellings en prosesse van besluitneming | 174 |
| 5.4.6 | Tegnieke van direkte deelname | 179 |
| 5.4.6.1 | Die volksvergadering | 179 |
| 5.4.6.2 | Populêre inisiatief | 181 |
| 5.4.6.3 | Volkstemming, plebissiet en referendum | 182 |
| 5.4.6.4 | Terugroeping | 185 |
| 5.4.6.5 | Onkonvensionele tegnieke van direkte deelname | 186 |
| 5.4.7 | Sentralisasie en desentralisasie | 188 |
| 5.4.8 | Konsosiatiewe demokrasie | 189 |
| 5.5 | Slotopmerkings | 190 |

**HOOFSTUK 6**
**DEMOKRASIE, DIE NASIE EN DIE HEDENDAAGSE STAAT** 192

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Algemene inleiding | 192 |
| 6.2 | Hipotetiese scenario's | 194 |
| 6.2.1 | Mono-etniese state | 194 |
| 6.2.1.1 | Scenario 1 | 194 |
| 6.2.1.2 | Scenario 2 | 197 |
| 6.2.1.3 | Scenario 3 | 199 |
| 6.2.2 | Poli-etniese state | 199 |
| 6.2.2.1 | Scenario 4 | 200 |
| 6.2.2.2 | Scenario 5 | 202 |
| 6.2.2.3 | Scenario 6 | 203 |
| 6.2.2.4 | Scenario 7 | 204 |
| 6.3 | Slotopmerkings | 204 |

**HOOFSTUK 7**
**DEMOKRASIE, DIE NASIE EN DIE STAAT: DIE PRAKTYK** 206

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Algemene inleiding | 206 |
| 7.2 | Republiek van Ysland | 207 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.2.1 | Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme | 207 |
| 7.2.1.1 | Bevolkingsamestelling | 207 |
| 7.2.1.2 | Vraagstukke, belange en politieke organisasie | 208 |
| 7.2.1.3 | Strewe na outonomie | 209 |
| 7.2.2 | Inspraak in kollektiewe besluite | 209 |
| 7.2.3 | Gevolgtrekking | 210 |
| 7.3 | Portugese Republiek (Portugal) | 211 |
| 7.3.1 | Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme | 211 |
| 7.3.1.1 | Bevolkingsamestelling | 211 |
| 7.3.1.2 | Vraagstukke, belange en politieke organisasie | 211 |
| 7.3.1.3 | Strewe na outonomie | 213 |
| 7.3.2 | Inspraak in kollektiewe besluite | 214 |
| 7.3.3 | Gevolgtrekking | 215 |
| 7.4 | Koninkryk van Swede | 215 |
| 7.4.1 | Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme | 216 |
| 7.4.1.1 | Bevolkingsamestelling | 216 |
| 7.4.1.2 | Vraagstukke, belange en politieke organisasie | 216 |
| 7.4.1.3 | Strewe na outonomie | 218 |
| 7.4.2 | Inspraak in kollektiewe besluite | 219 |
| 7.4.3 | Gevolgtrekking | 220 |
| 7.5 | Koninkryk van Noorweë | 221 |
| 7.5.1 | Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme | 221 |
| 7.5.1.1 | Bevolkingsamestelling | 221 |
| 7.5.1.2 | Vraagstukke, belange en politieke organisasie | 222 |
| 7.5.1.3 | Strewe na outonomie | 223 |
| 7.5.2 | Inspraak in kollektiewe besluite | 224 |
| 7.5.3 | Gevolgtrekking | 225 |
| 7.6 | Republiek van Finland | 226 |
| 7.6.1 | Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme | 226 |
| 7.6.1.1 | Bevolkingsamestelling | 226 |
| 7.6.1.2 | Vraagstukke, belange en politieke organisasie | 227 |
| 7.6.1.3 | Strewe na outonomie | 229 |
| 7.6.2 | Inspraak in kollektiewe besluite | 230 |
| 7.6.3 | Gevolgtrekking | 231 |
| 7.7 | Die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland | 232 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.7.1 | Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme | 232 |
| 7.7.1.1 | Bevolkingsamestelling | 233 |
| 7.7.1.2 | Vraagstukke, belange en politieke organisasie | 235 |
| 7.7.1.3 | Strewe na outonomie | 236 |
| 7.7.2 | Inspraak in kollektiewe besluite | 238 |
| 7.7.3 | Gevolgtrekking | 239 |
| 7.8 | Republiek van Frankryk | 239 |
| 7.8.1 | Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme | 240 |
| 7.8.1.1 | Bevolkingsamestelling | 240 |
| 7.8.1.2 | Vraagstukke, belange en politieke organisasie | 241 |
| 7.8.1.3 | Strewe na outonomie | 244 |
| 7.8.2 | Inspraak in kollektiewe besluite | 245 |
| 7.8.3 | Gevolgtrekking | 245 |
| 7.9 | Spanje | 246 |
| 7.9.1 | Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme | 246 |
| 7.9.1.1 | Bevolkingsamestelling | 246 |
| 7.9.1.2 | Vraagstukke, belange en politieke organisasie | 247 |
| 7.9.1.3 | Strewe na outonomie | 249 |
| 7.9.2 | Inspraak in kollektiewe besluite | 251 |
| 7.9.3 | Gevolgtrekking | 252 |
| 7.10 | Switserland | 253 |
| 7.10.1 | Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme | 253 |
| 7.10.1.1 | Bevolkingsamestelling | 253 |
| 7.10.1.2 | Vraagstukke, belange en politieke organisasie | 254 |
| 7.10.1.3 | Strewe na outonomie | 256 |
| 7.10.2 | Inspraak in kollektiewe besluite | 258 |
| 7.10.3 | Gevolgtrekking | 259 |
| 7.11 | Koninkryk van België | 259 |
| 7.11.1 | Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme | 259 |
| 7.11.1.1 | Bevolkingsamestelling | 259 |
| 7.11.1.2 | Belange en politieke organisasie | 261 |
| 7.11.1.3 | Strewe na outonomie | 263 |
| 7.11.2 | Inspraak in kollektiewe besluite | 263 |
| 7.11.3 | Gevolgtrekking | 264 |
| 7.12 | Die Kurde en die Saami (Lappe) | 264 |
| 7.13 | Slotopmerkings | 268 |

**HOOFSTUK 8**
**INTERPRETASIE VAN PRAKTIESE TOEPASSING** 272

| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Inleiding | 272 |
| 8.2 | Die verband tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie | 272 |
| 8.2.1 | Etniese samestelling van die bevolking | 273 |
| 8.2.1.1 | Mono-etniese state | 274 |
| 8.2.1.2 | Die naastenby etnies-homogene staat | 276 |
| 8.2.1.3 | Die etnies-eenpolige staat | 278 |
| 8.2.1.4 | Die etnies-bipolêre staat | 279 |
| 8.2.1.5 | Die etnies-multipolêre staat | 280 |
| 8.2.2 | Die wyse waarop die staat tot stand gekom het | 281 |
| 8.2.3 | Persepsies oor belangerealisering | 286 |
| 8.2.4 | Die marginalisering van bepaalde sentimente | 288 |
| 8.2.5 | Die teenwoordigheid van klas | 292 |
| 8.2.6 | Getalle | 293 |
| 8.3 | Implikasies vir die hedendaagse staat | 293 |
| 8.3.1 | Kenmerke van hedendaagse staat | 294 |
| 8.3.1.1 | Die totstandkoming van die staat | 294 |
| 8.3.1.2 | Bevolkingsamestelling en assosiasies binne die staat | 295 |
| 8.3.1.3 | Selfdeterminasie | 296 |
| 8.3.1.4 | Die status van die hedendaagse staat | 298 |
| 8.4 | Slotopmerkings | 298 |

**HOOFSTUK 9**
**BEVINDINGS EN AANBEVELINGS** 301

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Inleiding | 301 |
| 9.2 | Doelstelling van studie | 301 |
| 9.3 | Werkwyse | 301 |
| 9.4 | Bevindings | 310 |
| 9.4.1 | Inleiding | 310 |
| 9.4.2 | Teoretiese verband | 311 |
| 9.4.3 | Verband tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie in die praktyk | 312 |
| 9.4.4 | Samevatting | 317 |
| 9.5 | Addisionele waarnemings | 317 |
| 9.6 | Aanbevelings | 320 |

**LYS VAN ENDNOTE** 322

**BIBLIOGRAFIE** 339

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING TOT 'N ONDERSOEK NA 'N VERBAND TUSSEN NASIONALISME EN DEMOKRASIE IN DIE HEDENDAAGSE STAAT

## 1.1 ALGEMENE INLEIDING

Gebeure sedert die val van Kommunisme in Oos-Europa en in die gewese Sowjet-Unie is gekenmerk deur 'n sterk aandrang op demokratisering, maar terselfdertyd ook deur akute nasionalisme. Daar is enersyds saamgevoeg wat vir meer as veertig jaar geskei was, naamlik dit wat algemeen bekend gestaan het as Wes-Duitsland en Oos-Duitsland. Andersyds is weer geskei dit wat al meer as sewentig jaar saamgevoeg was - vergelyk die verbrokkeling van die Sowjet-Unie in verskillende onafhanklike state. Verder is separatistiese bewegings aanwesig op elke kontinent, selfs in Wes-Europa wat op die oog af rustig voorkom. Van die state in Wes-Europa met "separatistiese" bewegings soos byvoorbeeld Brittanje, Frankryk en België, maak daarop aanspraak dat hulle oor 'n demokratiese owerheidsvorm beskik. Selfs in die Verenigde State van Amerika, die sogenaamde bastion van die demokrasie en menseregte, hou die Amerikaanse Negers 'n kompetisie vir 'n "Miss Black America". In al die voorbeelde wat hier genoem is, staan nasionalisme en demokrasie neffens mekaar. Die vraag ontstaan of daar enige verband en moontlike wisselwerking tussen nasionalisme en demokrasie in hierdie gebeure bestaan? Indien wel, watter verband? Hierdie moontlike verband is veral belangrik aangesien demokrasie deur sommige politici en teoretici gesien word as 'n oplossing vir die meeste probleme van die hedendaagse staat en in die besonder state met heterogene bevolkings.

Dit is uit 'n belangstelling in 'n moontlike wisselwerking tussen nasionalisme en demokrasie wat hierdie studie gebore is.

Hierdie ondersoek is dan gerig op 'n moontlike verband tussen nasionalisme en demokrasie. Meer spesifiek is die ondersoek gerig op 'n verband tussen die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme in die hedendaagse staat enersyds en die tegnieke van demokrasie andersyds.

Die oogmerk met hierdie inleidende hoofstuk is om die probleemstelling en die doel van die ondersoek uit te spel en die nodige regverdiging daarvoor te verskaf; en om die metodologiese aspekte van hierdie ondersoek aan te dui.

## 1.2 PROBLEEM EN DOEL VAN ONDERSOEK

Die probleem van ondersoek in hierdie studie is om te bepaal of daar 'n verband tussen nasionalisme en demokrasie in die hedendaagse staat is. Tydens 'n voorlopige ondersoek het dit geblyk dat daar wel 'n wisselwerking tussen nasionalisme en demokrasie bestaan. So 'n moontlike wisselwerking kan tweeledig wees. Enersyds is dit moontlik dat nasionalisme 'n faktor kan wees in demokrasie. Andersyds kan demokrasie weer 'n faktor wees in nasionalisme.

Die doel met hierdie studie is vervolgens om te bepaal of daar in die hedendaagse staat 'n verband is tussen enersyds die aktivering van die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme en andersyds die tegnieke van demokrasie.

Middelpuntsoekende kragte van nasionalisme is daardie saamsnoerende faktore wat daartoe aanleiding gee dat die lede van 'n nasie met mekaar identifiseer en affilieer; lojaliteit teenoor mekaar toon; mobiliseer ter bevordering van die identiteit en belange van die nasie, gewoonlik in die strewe na selfdeterminasie en verkieslik in 'n eie staat; met die betrokke staat identifiseer en gevolglik 'n gemeenskaplike belang nastreef.

Middelpuntvliedende kragte verwys weer na daardie verdelende of versplinterende faktore wat daartoe aanleiding gee dat die lede van die "nasie"[101] nie met mekaar identifiseer, assosieer en affilieer nie; nie die "nasie" se identiteit en belange doelbewus probeer bevorder nie; en ook nie met die staat waarin hulle hulself bevind identifiseer nie. In hierdie geval verwys "nasie" gewoonlik na eenheid onder die bevolking van 'n bepaalde staat. In 'n multinasionale staat kan die middelpuntsoekende kragte van een of meer nasionalisme egter middelpuntvliedend ten opsigte van eenheid onder die bevolking van daardie staat of selfs versplinterend inwerk op die betrokke staat.

Die tegnieke van demokrasie is die verskillende prosesse, prosedures en wyses, of instrumente, waarvolgens sogenaamde demokratiese regte uitgeoefen word, soos byvoorbeeld stemreg, verteenwoordiging, kiesstelsels en ook 'n handves van menseregte, ten einde aan 'n bepaalde staat 'n etiket van demokrasie te heg.

Ten einde 'n moontlike verband tussen die aktivering van hierdie kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie te ontleed, is dit belangrik om te kyk na die faktore wat die middelpuntsoekende kragte van nasionalisme en die faktore wat die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme relatief tot 'n bepaalde staat aktiveer. Anders gestel, watter faktore kan daartoe bydra dat die nasie en die staat saamval/nie saamval nie.

In hierdie ondersoek word na nasionalisme en demokrasie gekyk soos dit in die praktyk as verskynsels manifesteer. Die ideologiese manifestasie van beide nasionalisme en demokrasie word egter as 'n faktor in die aktivering van die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme ondersoek (kyk hoofstuk 2).

Die konteks waarna daar in hierdie studie na die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte gekyk word, is die hedendaagse staat. In hierdie konteks word met die term hedendaagse staat bedoel, daardie politieke entiteite wat deur die Volkereg en die internasionale gemeenskap as state erken word. Dit sluit alle state in ongeag die tipe owerheidsvorm en ongeag die graad van interne ontwikkeling en modernisering van 'n staat. Lidmaatskap van die Verenigde Nasies (VN) is 'n kriterium wat gebruik word om te bepaal of 'n "staat" as staat deur die internasionale gemeenskap erken word[102]. Organisasies soos die Palestynse Bevrydingsorganisasie wat van tyd tot tyd sitting in die VN het, word uitgesluit. Switserland is nie lid van VN nie, maar word weer ingesluit, omrede dit 'n internasionaal erkende staat is.

Lidmaatskap van die VN word veral as 'n kriterium gebruik, omrede hierdie lidmaatskap terselfdertyd 'n amptelike internasionale afbakening en erkenning van staatsgrense en staatsgesag is. Terselfdertyd word burgerskap hierdeur bepaal. Die regstatus van die hedendaagse staat kan problematies wees, omrede die regstatus van 'n bepaalde staat dikwels verskil van die bevolking van daardie staat se persepsies oor die bestaan en afbakening van "hul" staat.

Nasionalisme se hoogste strewe is die vestiging van 'n eie "nasiestaat". Dit wil sê die doel om 'n eie soewereine politieke identiteit *vis-à-vis* ander nasies af te baken. Die aard en besondere status van die hedendaagse staat binne die internasionale gemeenskap van state, of waarna dikwels verkeerdelik verwys word as "nasies", is waarskynlik een van die grootste struikelblokke in hierdie strewe van nasionalisme. Veral die heilige en onaantasbare aard van die hedendaagse staat se status en grense en die internasionale belange betrokke by die erkenning en handhawing van hierdie status en grense is in hierdie verband belangrik[103]. Staatsgrense word nie net intern deur nasies bepaal nie, maar deels ekstern deur die belange van ander state en die relatiewe magsposisies van state en nasies binne die internasionale gemeenskap van state.

'n Bykomende rede waarom op lidmaatskap van die VN as 'n kriterium besluit is, is omrede slegs state soos deur die Volkereg gedefinieer, selfdeterminerend kan wees. Verder word internasionale druk op al hierdie state uitgeoefen om te demokratiseer - dit wil sê om

'n demokratiese owerheidsvorm in te bring en om die demokrasie in state wat reeds oor 'n demokratiese owerheidsvorm beskik, uit te bou. Daarom is die bevindings van hierdie ondersoek ook van toepassing op state wat nog moet demokratiseer of nog nie ten volle gedemokratiseer het nie.

Min hedendaagse state kan in terme van die etniese samestelling van hul bevolking as homogeen beskou word. Daarom kan van die veronderstelling uitgegaan word dat die ondersoek fokus op die verband tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie binne multinasionale state en state met heterogene bevolkings. Die studie is egter nie net tot hierdie state beperk nie, omrede sogenaamde homogene state wel waardevolle inligting vir hierdie ondersoek kan verskaf. Daarby is homogene state nie noodwendig immuun teen toekomstige diversiteit nie.

In hierdie ondersoek word demokrasie as 'n gegewe beskou. Die keuse het op demokrasie as owerheidsvorm geval, bloot vanweë die belangrikheid wat tans aan demokrasie deur die internasionale gemeenskap van state geheg word. Demokrasie word juis as 'n oplossing gesien vir die probleme van multinasionale state en state met heterogene bevolkings. Deur die beperking van die ondersoek tot die verband tussen die aktivering van die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie, word egter nie beweer dat van die problematiek wat hieruit voortspruit, nie ook kan geld ten opsigte van ander owerheidsvorme nie. Dit sal egter afsonderlike ondersoeke vereis alvorens enige gevolgtrekkings daaroor gemaak sal kan word. Dit is egter nie die oogmerk met hierdie ondersoek om daarop in te gaan nie. Dit is wel moontlik dat in hierdie ondersoek 'n bruikbare raamwerk neergelê word waarvolgens die verband tussen nasionalisme en ander owerheidsvorme bestudeer kan word.

Dit is egter belangrik om te meld dat die doel met hierdie ondersoek nie die konstruksie van 'n teorie, waarvolgens nasionalisme bestudeer kan word, is nie. Dit wat tot dusver hier genoem is, is bloot vertrekpunte in die ondersoek wat hoogstens beskou kan word as 'n raamwerk waarvolgens die probleemstelling ondersoek word.

## 1.3 BEGRENSING VAN DIE ONDERSOEK

Dit is dikwels makliker om aan te dui wat iets nie is nie, as om aan te dui wat dit in werklikheid is. Ten einde moontlike verwarring uit te skakel word in hierdie afdeling aangedui wat die grense van die studie is.

Die wisselwerking tussen nasionalisme en demokrasie hoef nie net beperk te wees tot 'n verband tussen die aktivering van die kragte van nasionalisme en die tegnieke van

demokrasie nie. Nasionalisme as 'n faktor in demokrasie is ook 'n geldige probleem van ondersoek. Demokrasie kan as 'n instrument gebruik word ter bereiking van nasionalistiese ideale. In dieselfde verband kan nasionalisme en demokrasie egter ook in konflik met mekaar verkeer. Eise om die nasie te dien en die belange van die nasie na te streef kan in konflik wees met die klem wat op individuele vryheid in teorieë oor demokrasie geplaas word[104].

Afhangende van hoe hierdie begrippe gedefinieer word, is die skeidslyn tussen nasionalisme en demokrasie dikwels vaag en in die praktyk met mekaar vervleg. Dit behoort dus duidelik te wees dat nasionalisme as 'n faktor in demokrasie ook ondersoek regverdig, maar dit is nie die oogmerk in hierdie studie nie. Hierdie studie is beperk tot 'n verband tussen die aktivering van die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme enersyds en die tegnieke van demokrasie andersyds.

Hierdie ondersoek fokus op nasionalisme as 'n natuurlike verskynsel en as 'n ideologie waarin die nasie die fokus is. Uit die aard van die saak word daar wel na sogenaamde nasiebouteorieë gekyk omrede nasionalisme en nasionalitarisme (nasiebou)[105] dikwels deur skrywers gelykgestel en selfs met mekaar verwar word. Daar bestaan gevolglik in die korpus literatuur wat oor nasiebou handel, waardevolle inligting oor nasionalisme. Inligting uit teorieë oor nasiebou word daarom soms in die studie gebruik in 'n poging om die meganisme of etiologie van nasionalisme te probeer beskryf. Nasiebou is egter nie die onderwerp van die studie nie, hoewel daar nie ontken kan word dat van die bevindings in hierdie ondersoek implikasies vir teorieë oor nasiebou kan inhou nie.

Uit die bespreking wat volg mag dit voorkom asof hierdie studie 'n psigologiese en sosiologiese studie is van die prosesse wat betrokke is by nasionalisme. Dit is egter nie die geval nie. Daar word van die vertrekpunt uitgegaan dat die mens 'n biologiese, psigologiese, sosiale en politieke wese is. Uit die aard van die saak moet hierdie vertrekpunte geregverdig word en die bespreking in hierdie verband is geensins 'n poging om 'n sielkundige en sosiologiese verklaring aan te bied oor waarom die mens byvoorbeeld 'n individu is wat selfdeterminasie nastreef nie. Bepaalde eienskappe van die mens wat voortspruit uit sy biologiese, sielkundige, sosiale en politieke aard, het egter implikasies vir hierdie ondersoek.

Hierdie ondersoek raak aspekte aan, wat vir studies in konflik, van belang kan wees. Daar word selfs na gevalle van konflik gekyk in 'n poging om die etiologie van nasionalisme te probeer beskryf. Hierdie ondersoek is egter nie 'n ondersoek na die oorsake van konflik nie. Daar word geen poging aangewend om konflik te probeer verklaar nie. Indien uitsprake wel in hierdie verband gemaak word, is dit om aan te dui dat nasionalisme moontlik wel 'n faktor in (óf selfs die gevolg van) konflik en geweld kan wees. Die etiologie van konflik en geweld in die algemeen en die resolusie daarvan, is nie ter sake nie.

Die ondersoek het verder geen spesifieke geografiese lokus nie. Daarmee word bedoel dat die fokus van die studie die verband is tussen die aktivering van die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie. Hierdie fokus het geen spesifieke geografiese begrensing anders as die hedendaagse staat in die algemeen nie. Ten einde die werklike etiologie van nasionalisme te probeer beskryf, is dit belangrik om na soveel as moontlik manifestasies daarvan te kyk. In hierdie ondersoek word veral gebruik gemaak van voorbeelde uit Wes-Europa. Dit is hoofsaaklik omrede Wes-Europa die intellektuele herkoms van beide nasionalisme en demokrasie is.

Dit moet beklemtoon word dat Suid-Afrika nie die fokus van die studie is nie. Soms word ~~in~~ 'n beskrywende verband Suid-Afrikaanse historiese feite verstrek ter illustrering van bepaalde stellings. Hierdie studie is egter nie 'n ondersoek na die verband tussen nasionalisme en demokrasie in die Suid-Afrikaanse konteks nie, maar van die bevindings kan van belang vir die Suid-Afrikaanse situasie wees.

Geen spesifieke tydvak in die geskiedenis word deur die ondersoek aangespreek nie. Omrede die konteks die hedendaagse staat is, is die studie wel meer relevant vir die huidige tydvak. Daar word egter gepoog om die onderliggende etiologie, van 'n verband tussen nasionalisme en demokrasie, te begryp ongeag die historiese tydvak van die betrokke nasionalisme. Daarom word selfs van voorbeelde in die geskiedenis gebruik gemaak.

Dit moet baie duidelik gestel word dat die oogmerk met hierdie ondersoek nie die vasstelling van oorsaak-gevolg patrone tussen die aktivering van die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie is nie. Hoewel die bespreking soms suggesties hieroor maak is die primêre fokus 'n moontlike verband daartussen. Die vasstelling van oorsaak-gevolg patrone vereis veel meer gesofistikeerde navorsing as wat die geval in hierdie ondersoek is en enige gevolgtrekkings in hierdie verband sou prematuur wees.

## 1.4 RAAMWERK VAN ONDERSOEK

'n Belangrike aspek van die studie is die epistemologiese en metodologiese problematiek, asook die raamwerk van die ondersoek. Vervolgens word daar in hierdie afdeling aandag daaraan gegee.

### 1.4.1 Epistemologie en metodologie van ondersoek

Die metodologie van 'n bepaalde ondersoek betrek die betrokke navorser/s by die problematiek van hoe kennis verkry word en wat die geldigheidskriteria vir kennis is. Epistemologie betrek egter 'n verskeidenheid van voortslepende en kontroversiële debatte oor kennisverkryging. Die individuele navorser bevind homself in 'n problematiese situasie deurdat die kompleksiteite verbonde aan kennisverkryging enersyds buite sy ondersoek val, maar andersyds ernstige implikasies vir die "geldigheid" van sy ondersoek en bevindings kan inhou. Dit is omrede navorsingsbevindings gewoonlik vanuit bepaalde epistemologiese vertrekpunte beoordeel word.

Die uitweg wat gewoonlik deur navorsers gevolg word, is om hulself bloot net te posisioneer deur slegs aan te dui wat in 'n bepaalde ondersoek gedoen word, hoe dit gedoen word en hoekom dit gedoen word. Dit is dan ook die uitweg wat in hierdie ondersoek gevolg word. Hierdie vertrekpunt word onder andere deur Eugene Meehan (1991:39) regverdig:

> ...there is no way to be certain that one particular way of looking at things shows 'the real world'...The problem is usefully clarified by assuming the world to be a stage that can be seen through an infinite number of different pairs of spectacles. Each pair reveals a different play; all plays take place on the same stage; each observer has a capacity to grind new spectacles that is in principle unlimited. Which spectacles are the 'right' ones? That question lies beyond human capacity to answer? Which spectacles are 'best'? That depends on the purpose of the observer,... not all spectacles are equal: some are distorted... others leave gaps... If two sets of glasses produce contradictory results, one will obviously have to be abandoned - and it is not always easy to decide which one to eliminate. But *different* results are not only tolerable but in some cases at least extremely valuable; one set of perceptions often augments or enriches the other.

Die ondersoek is hoofsaaklik 'n empiriese ondersoek na 'n moontlike verband tussen die aktivering van die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme enersyds en andersyds die tegnieke van demokrasie in die hedendaagse staat. Die filosofiese en normatiewe aspekte van die probleem van ondersoek word egter nie daarmee oorboord gegooi nie. Beide die verskynsels nasionalisme en demokrasie is onlosmaaklik gebed in 'n filosofiese en 'n normatiewe tradisie. Die absolute skeiding tussen feite en waardes word nie in hierdie ondersoek gehandhaaf nie. Daar word toegegee dat hierdie werkwyse problematies is, maar dit is een van die epistemologiese kompleksiteite waarvoor daar argumente na beide kante aangevoer kan word.

Die term "empiries" dui in hierdie ondersoek eerder op 'n pragmatiese "empiriese" werkwyse as op formele Empirisisme. Daarom moet die term empiries in hierdie ondersoek nie met die term Empirisisme, wat waardevryheid beklemtoon, verwar word nie. So verkies Eugene Meehan (1991:40) om die term "empiriese ondersoek" in die plek van die term "wetenskap" te gebruik, maar noem dat empiries nie met Empirisisme verwar moet word nie.

In die ondersoek word soms van kwantitatiewe data gebruik gemaak, maar dit is nie primêr 'n kwantitatiewe ondersoek nie. Die ondersoek is hoofsaaklik gegrond op 'n kwalitatiewe interpretasie van feite en data. 'n Kwalitatiewe ondersoek is egter nie in dieselfde mate objektief as wat die geval met 'n kwantitatiewe ondersoek is nie. In die ondersoek is egter te alle tye 'n doelbewuste poging aangewend om so objektief as wat menslik moontlik is, te wees. Daar moet egter toegegee word dat van die feite en data deur ander navorsers anders geïnterpreteer kan word.

Die probleem van ondersoek het beide 'n beskrywende en 'n korrelatiewe dimensie. Die ondersoek is hoofsaaklik gerig op die beskrywing van 'n moontlike korrelatiewe verhouding tussen enersyds die kragte van nasionalisme en andersyds die tegnieke van demokrasie.

Die twee hoofveranderlikes in die ondersoek is: "kragte van nasionalisme" en "demokratiese tegnieke". Aangesien die probleem van ondersoek die beskrywing van 'n korrelatiewe verhouding tussen hierdie veranderlikes behels, is daar nie 'n afhanklike en 'n onafhanklike veranderlike in hierdie ondersoek nie. Hierdie is egter nie die enigste veranderlikes wat in die ondersoek ter sprake kom nie. Die ander veranderlikes soos die etniese samestelling van 'n staat se bevolking word verder in die ondersoek verduidelik.

Definiëring van die twee hoofbegrippe wat terselfdertyd die twee hoofveranderlikes is, was egter problematies. Twee faktore het bygedra tot hierdie problematiek naamlik, die inkonsekwente en verwarrende gebruik van hierdie twee begrippe beide in die ter sake dissiplines maar ook in die praktyk; en die epistemologiese problematiek rondom definiëring. Die tekortkominge van stipulatiewe definisies is deeglik in ag geneem. Die gebruik van stipulatiewe definisies was onvermydelik, maar daar is terselfdertyd gepoog om bepaalde essensiële kenmerke waaroor daar min of meer eenstemmigheid in akademiese kringe bestaan, by die definisies in te lyf. Hoofstuk twee handel hoofsaaklik met hierdie problematiek.

Die spesifisering van indikatore was problematies. Dit is veral in hierdie opsig waar die kwalitatiewe aard van die ondersoek na vore tree omrede die feite en data altyd binne 'n bepaalde konteks geïnterpreteer moes word.

"Kragte van nasionalisme" as veranderlike het twee kategorieë naamlik middelpuntsoekend en middelpuntvliedend. Die indikatore wat hier gespesifiseer is, is die afwesigheid (middelpuntsoekend) en die aanwesigheid (middelpuntvliedend) van verdelings in die staat wat gegrond is op subidentiteite tussen "ons" en "hulle". Meer belangrik is egter die mate waarin hierdie subidentiteite georganiseerd is en veral op politieke vlak. Gevolglik word veral klem gelê op die mate waarin veral bepaalde politieke partye die belange van bepaalde subidentiteite in 'n bepaalde staat verteenwoordig; en die mate waarin selfdeterminasie nagestreef word en/of selfs bereik is.

'n Bepaalde demokratiese tegniek kan byvoorbeeld onder bepaalde omstandighede beide met 'n demokratiese owerheidsvorm en in ander gevalle met 'n nie-demokratiese owerheidsvorm, assosieer word. Daar is ook nie absolute afsnypunte van watter tegnieke minimum vereistes vir 'n demokrasie is nie, terselfdertyd is die plafon van demokratiese tegnieke nog nie bereik nie. Dit kan ten beste vergelyk word met die Richterskaal wat gebruik word om aardbewings te meet. Daar is nie 'n definitiewe beginpunt van wat 'n aardbewing is nie, terselfdertyd is daar ook nie 'n limiet vir skuddings nie. Dieselfde geld ten opsigte van demokratiese tegnieke. Dit is daarom moontlik dat 'n bepaalde kombinasie van tegnieke binne 'n bepaalde konteks meer demokraties kan wees as in 'n ander konteks. Om hierdie rede is die belangrikste indikatore die mate waarin die tegnieke dit vir die individu moontlik maak om suksesvol inspraak te kan lewer in die gesaghebbende en kollektiewe besluite van die politieke gemeenskap (dit wil sê die betrokke staat) waarin hy hom bevind; en die moontlikheid dat die tegnieke bepaalde groeperings in die staat oor die langtermyn min suksesvolle inspraak in kollektiewe besluite gee, of selfs heeltemal daaruit sluit.

Die volgende state is vir doeleindes van die ondersoek geselekteer naamlik Ysland, Portugal, Swede, Noorweë, Finland, Verenigde Koninkryk (Brittanje), Frankryk, Spanje, Switserland en België. Daar word ook gekyk na twee staatlose gemeenskappe naamlik die Kurde en die Saami (Lappe).

Daar is in die ondersoek van beide horisontale en vertikale vergelykings gebruik gemaak. Horisontale vergelykings dui op vergelykings tussen die betrokke state en gemeenskappe binne dieselfde tydsraamwerk. Vertikale vergelyking behels die vergelyking op 'n tydskaal van bepaalde gebeure binne 'n spesifieke staat en gemeenskap.

Die werkwyse in die ondersoek en die interpretasie van die bevindings is egter afhanklik van die benadering wat ten opsigte van nasionalisme gevolg word. Die benadering wat in die ondersoek gevolg word mag op die oog af eklekties voorkom. Dit is egter nie die geval nie. 'n Eklektiese benadering bestaan uit laslappies afkomstig uit verskillende benaderings. Die benadering wat in hierdie ondersoek gevolg word, is egter 'n sintese van elemente van

die belangrikste benaderings in die studie van nasionalisme. Hoofstukke drie, vier en vyf is dan hoofsaaklik gerig op die bespreking en regverdiging van hierdie sintese. Die sintese is geskoei op die individuele en groepkonteks van die mens se bestaan.

Ten einde hierdie benadering te kan begryp is dit nodig om te let op van die basiese vertrekpunte in die ondersoek.

### 1.4.2 Vertrekpunte in die ondersoek

Die gebrek aan 'n omvattende teorie wat die etiologie van nasionalisme verduidelik, was spoedig 'n groot probleem in die ondersoek. In 'n ondersoek na die verskillende benaderings wat in studies oor nasionalisme gevolg word, is gevind dat elke benadering meriete het, maar dat geen benadering die volle waarheid vertel nie. Daar is vervolgens vir doeleindes van hierdie studie 'n teoretiese raamwerk gekonstrueer waarin gepoog word om 'n sintese tussen die verskillende benaderings, te bewerkstellig. In hierdie afdeling word vervolgens kortliks gekyk na vertrekpunte in die raamwerk wat in hierdie ondersoek gebruik is en na die ondersoek se hoofstukindeling.

Dit moet beklemtoon word dat van die vertrekpunte in die raamwerk kontroversieel is. Daar is egter telkens gepoog om belangrike posisionerings in die ondersoek te regverdig.

Ten einde die verband tussen die aktivering van die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie, binne die konteks van die hedendaagse staat te ondersoek, word daar van 'n aantal vertrekpunte in die ondersoek uitgegaan. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie vertrekpunte vir analitiese doeleindes geskei word, maar in praktyk met mekaar verweef is. Elkeen van hierdie vertrekpunte word in die bespreking, maar veral in hoofstukke 3, 4 en 5, meer volledig ontwikkel en word hier slegs kortliks verduidelik.

#### 1.4.2.1 *Die mens as individu en as sosiale wese*

Die eerste belangrike vertrekpunt is 'n dualiteit en teenstrydigheid in die mens se natuur. Elke mens beskik oor 'n eie identiteit, maar terselfdertyd word sy identiteit deels bepaal deur die groep waarvan hy[106] lidmaatskap "erf", asook deur ander groepe waarvan hy nie lid is nie. Die individu se identiteit word daarom beide bepaal deur wie en wat hy is en met wie hy assosieer, maar ook deur wie en wat hy nie is nie en met wie hy nie assosieer nie.

#### 1.4.2.2 *Die groepkonteks van die mens*

Die tweede belangrike vertrekpunt is dat dit enersyds onmoontlik vir die individu is om te ontsnap van ander mense en daarom min of meer gedwing word om groepe te vorm. Andersyds is die individu van ander afhanklik vir sy voortbestaan, en hoe meer kompleks

die samelewing in terme van rolverdeling en strukturele differensiasie word, hoe meer afhanklik is hy van ander vir sy voortbestaan. Die individu se voortbestaan sluit die voortbestaan van sy eie identiteit in. Omrede sy eie identiteit deels bepaal word deur die groep waarvan hy lid is, kom die voortbestaan van die groep se identiteit ter sprake. Die drang na voortbestaan kan dus omgesit word in strewes om behoeftes, wat dan as belange manifesteer, te bevredig. Belange neem nie alleen 'n materiële vorm aan nie, maar ook 'n psigiese en sosiale vorm. Gevolglik is dit die geval dat selfidentiteit wat deels deur die groepverband van die mens bepaal word en assosiasie met die groep, as 'n belang kan manifesteer en dat dit selfs oor 'n hoër rangorde as materiële belange kan beskik.

1.4.2.3 *Die mens as selfdeterminerende wese*

Die derde belangrike vertrekpunt is dat die individu as 'n individuele wese ten spyte van sy groepverband na vryheid smag. Dit word weer omgesit in die behoefte aan selfdeterminasie, of ten minste die gevoel dat hy oor daardie vermoë beskik. Omrede die mens dit moeilik vind om as 'n individu vry te wees, projekteer hy hierdie behoefte aan selfdeterminasie op die selfdeterminasie van die groep waarmee hy identifiseer. Selfdeterminasie via assosiasie raak dus vir die individu van kardinale belang. Selfdeterminasie, maar ook assosiasie kan daarom as belange manifesteer, maar dit kan ook die bron van spanning by die individu word.

1.4.2.4 *Die spanning tussen selfdeterminasie en assosiasie*

Die vierde belangrike vertrekpunt, voortvloeiend uit die spanning tussen assosiasie en selfdeterminasie is dat die individu altyd sal poog om hierdie assosiasie so klein as moontlik te hou. 'n Mens kan dus van 'n beginsel van "minimum koalisie" praat. Die grootte van hierdie "koalisie" gaan bepaal word deur die afstand in verskille tussen die individue. Wat uit hierdie vertrekpunt voortvloei, is dat die nasie nie definitief en permanent afgebaken word nie. Inteendeel, daar word van die vertrekpunt uitgegaan dat die nasie 'n amorfe en wisselende entiteit is wat aan evolusie onderhewig is. Hierdie vertrekpunt negeer nie die feit dat die nasie 'n abstraksie is wat oor 'n eie karakter en geskiedenis beskik waarin die individu slegs 'n bousteen is en dat die nasie oor 'n langer lewenspan beskik as die individue waaruit dit saamgestel is nie. By elke nasie is daar daarom altyd 'n kern teenwoordig wat gewoonlik etniese eienskappe toon.

Daar is diegene wat etnisiteit as 'n primordiale verskynsel by die mens beskou. Die standpunt wat in hierdie ondersoek gehuldig word, is dat groepsidentiteit in die nasieverband veel meer kompleks is as 'n blote primordiale drif, hoewel daarmee nie ontken word dat dit wel 'n faktor kan wees nie. Hoewel die individu se identiteit deels deur die nasie bepaal word, berus lidmaatskap van die nasie in die laaste instansie by die

individu. Daarom is daar altyd op die rand van die nasie individue wat heen en weer beweeg; diegene wat die groep waarvan hulle lid is verlaat, byvoorbeeld "emigrante" en sogenaamde verraaiers, maar ook ander wat hulle by die groep aansluit. Daar bestaan gevolglik inherente eienskappe by die individu en ook by die groep wat die mens se assosiasie en dissosiasie met 'n bepaalde groep waarskynlik maak. Assosiasie deur die individu is die gevolg van middelpuntsoekende kragte en dissosiasie die gevolg van middelpuntvliedende kragte. Maar dit is dikwels eksterne faktore wat die werklik middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte aktiveer - faktore wat byvoorbeeld die kern mobiliseer en sodoende die ander lede nouer om die kern saamtrek. Afhangende van die aanwesigheid van hierdie interne en eksterne faktore sal die aard en omvang van nasionalistiese eienskappe tot stand kom.

1.4.2.5 *Aard van menslike natuur*

Die vyfde en laaste vertrekpunt wat hier ter sprake kom is die aard van die menslike natuur. Die mens word gewoonlik as 'n verhewe en rasionele wese beskou. Die vertrekpunt in hierdie ondersoek is dat die mens in die eerste plek 'n biologiese wese is en dat elke individu se karakter deels deur sy genetiese samestelling en deels deur sy omgewing bepaal word. Omrede bloedverwantskap in 'n nasie uitgebreid voorkom, en 'n bepaalde omgewing gedeel word, is dit moontlik dat individue binne 'n nasie oor min of meer dieselfde eienskappe kan beskik. Die mens is wel 'n rasionele wese, maar hy is egter ook 'n emosionele wese. Dit is juis binne die nasieverband dat die mens dikwels sy rasionaliteit ten gunste van emosies prys gee.

Die oogmerke met hierdie vertrekpunte is om die mikro-makro verdeling tussen die individu en die groep te probeer oorbrug, ten einde aan te dui wat die dinamiek van hierdie mikro-makro verdeling is[107].

Met hierdie vertrekpunte as grondslag, word daar gekyk in watter mate demokratiese tegnieke daarin slaag om die individu toe te laat om sy selfidentiteit te bepaal, sy selfdeterminasie moontlik te maak en sy belange te realiseer. Die hipotese in hierdie ondersoek is, dat indien dit vir die individu moontlik is om sy selfidentiteit te bepaal, om te kan assosieer, om selfdeterminerend te wees en om sy belange te realiseer, die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme binne die hedendaagse staat nie geaktiveer sal word nie. Dit beteken nie dat die middelpuntsoekende kragte noodwendig daardeur geaktiveer sal word nie; ook nie dat die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme daarmee geheel en al uit die weg geruim sal word nie. Indien die tegnieke van demokrasie dit nie vir die individu moontlik maak om selfdeterminerend te wees in sy belangerealisering nie, of juis as 'n belemmering in hierdie verband dien, kan daar 'n verband tussen die tegnieke van demokrasie en die aktivering van middelpuntvliedende kragte wees.

Teen hierdie agtergrond word daar 'n ontleding gemaak van die belangrikste demokratiese tegnieke wat vandag met demokrasie as owerheidsvorm geassosieer word. Dit sluit beide ortodokse, maar ook onortodokse tegnieke in. Al hierdie tegnieke hoef nie binne een staat aangetref te word nie. Dit kan beskou word as die voorraad waaruit die demokratiese en die demokratiserende staat kan kies.

Daar word dus gekyk na die mate waarin bepaalde demokratiese tegnieke die individu se identiteit, sy belangerealisering en selfdeterminasie moontlik maak en in watter mate dit beperkend daarop inwerk[108].

Dit is 'n teoretiese oefening in die sin dat die tegnieke van demokrasie vanuit 'n teoretiese oogpunt ondersoek word. Daar is egter ook van data wat uit gevallestudies van bepaalde nasionalismes verkry kon word, gebruik gemaak.

Die inligting wat in die studie gebruik word, is hoofsaaklik uit geskrewe bronne verkry. Dit sou egter foutief wees om te beweer dat dit 'n literatuurstudie is. 'n Literatuurstudie is meer 'n ondersoek na wat die literatuur oor 'n bepaalde onderwerp bied en hoe 'n bepaalde onderwerp in die literatuur daaroor, beskou word. Ongetwyfeld is hierdie aspekte belangrik en word daarna in die beskikbare literatuur gekyk. Dit is egter nie die hoof oogmerk met hierdie ondersoek nie. Dit is dus nie die literatuur wat die objek van studie is nie, maar eerder dat die literatuur deels instrumenteel in die onderhawige ondersoek is.

Die bronne wat geraadpleeg is, sluit onder meer literatuur in wat aandag skenk aan die teoretiese, filosofiese en ideologiese aspekte van nasionalisme en demokrasie; asook gepubliseerde navorsingsbevindings oor die praktiese manifestasies van hierdie twee verskynsels. Gevolglik is daar in groot mate gesteun op boeke, tydskrifartikels, selfs dagblaaie en nuusberigte in die ander media.

Taal was 'n probleem in hierdie ondersoek. Die literatuur oor nasionalisme word gekenmerk deur taaldiversiteit. Hoewel daar oor 'n beperkte leeskennis van Frans, Duits en Nederlands, benewens Afrikaans en Engels beskik word en 'n beperkte kennis van Latyn dit moontlik gemaak het om die breë strekking van werke in Italiaans te kon begryp, is daar gevind dat hierdie werke oor die algemeen moeilik bekombaar was. Dit was wel moontlik om met van hierdie werke en sommige van die meer vreemde werke in byvoorbeeld Oos-Europese tale deur middel van ander werke kennis te maak. In enkele gevalle kon redelik volledige resensies in Engels en Frans oor hierdie meer vreemde literatuur opgespoor word.

### 1.4.3 Hoofstukindeling

Uit die voorafgaande het dit reeds geblyk dat nasionalisme en demokrasie komplekse verskynsels is. Hoewel data uit 'n wye reeks bronne getrek word, is die fokus van hierdie ondersoek in werklikheid eng. Ten einde die verband tussen die aktivering van die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme enersyds en andersyds die tegnieke van demokrasie, te ondersoek, is dit nodig om in meer besonderhede in te gaan op aspekte van veral nasionalisme wat op die oog af oorbodig skyn te wees. Dieselfde oorwegings geld vir demokrasie, maar in mindere mate. Daar word nie in dieselfde mate op die onderliggende besonderhede van demokrasie ingegaan nie, hoofsaaklik omdat demokrasie as 'n gegewe in hierdie ondersoek beskou word. Dit is soms nodig om na die onderliggende beginsels van demokrasie te kyk, veral waar dit by die raamwerk van hierdie ondersoek inskakel.

In aansluiting by wat tot dusver in hierdie hoofstuk (hoofstuk 1) genoem is, word 'n kort uiteensetting van die hieropvolgende hoofstukke gegee. Hoofstuk 2 handel oor die definiëringsproblematiek en die sleutelterminologie wat in hierdie ondersoek gebruik word. Daar bestaan groot verwarring oor die betekenisinhoud van die twee sleutelbegrippe en gevolglik word na hierdie definiëringsproblematiek gekyk. Die oogmerk met hoofstuk 2 is hoofsaaklik om aan te dui hoe die definiëringsproblematiek in hierdie ondersoek oorbrug is. Gevolglik word uitgewys wat die werksdefinisies van die twee sleutelbegrippe, nasionalisme en demokrasie is; en op watter gronde daar op hierdie definisies besluit is. Verder is dit belangrik om die betekenisinhoud van ander sleutelterme, wat in die ondersoek belangrik is, te verduidelik - terme soos staat, nasie, nasiestaat en staatnasie. Die hoofstuk is nie bloot 'n samevatting van al die terme wat in die loop van hierdie ondersoek ter sprake kom nie. Die fokus is meer op die betekenisproblematiek van die sleutelbegrippe gerig. Ander terme waarvan die betekenisinhoud ter sprake mag kom, maar nie in hoofstuk 2 bespreek word nie, is meer instrumenteel tot die vloei van die bespreking en nie direk van belang by die sentrale definiëringsproblematiek nie. Daarom word dit verduidelik waar dit ter sake is.

Hoofstuk 3 is gerig op die regverdiging van die vertrekpunte soos in afdeling 1.4.2 verduidelik. Daar word kortliks gekyk na selfidentiteit, assosiasie, selfdeterminasie en belangerealisering as deel van die menslike natuur. Die dualiteit en teenstrydigheid van die mens as individuele en sosiale wese word bespreek. Die implikasies van hierdie dualiteit en teenstrydigheid vir 'n ondersoek na die verband tussen die aktivering van die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme enersyds en andersyds die tegnieke van demokrasie is in die hoofstuk belangrik. Genoemde bespreking moet egter nie beskou word as 'n poging om die psigiese en sosiale aspekte van die mens se natuur te probeer verklaar nie. Gemelde aspekte word bloot net met die onderwerp van die ondersoek in verband gebring.

1

Hoofstuk 4 handel oor die implikasies van selfidentiteit, assosiasie, selfdeterminasie en belangerealisering vir die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme. Anders gestel, daar word gekyk na die implikasies wat die dualiteit en teenstrydigheid van die mens as individuele en sosiale wese vir nasionalisme inhou. Die groepkonteks van nasionalisme en die selfdeterminasie van die groep is hier ter sprake. Daar word gekyk na die faktore wat daartoe aanleiding gee dat die nasie uit individue saamgestel is, maar nietemin 'n eie groepskarakter toon. Hierdie faktore word in twee kategorieë ingedeel naamlik, interne en eksterne faktore. Die interne faktore omsluit daardie faktore wat op die gemeenskaplikhede dui wat individue met ander individue deel en sluit onder meer 'n gemeenskaplike identiteit, maar ook 'n gemeenskaplike taal en kultuur in. Die eksterne faktore is daardie faktore wat die individu en die groep waarvan hy lid is, as bedreigings vir, of as benadeling van sy identiteit, voortbestaan en belangerealisering identifiseer. Dit kom gewoonlik voor in die vorm van onderdrukking, vyandigheid en eksploitering. 'n Verdere belangrike aspek in hierdie verband is die projektering van die individu se belange en behoeftes op die nasie. Daar word op die belangrikheid van selfdeterminasie en belangerealisering van die nasie vir die individu ingegaan.

In hoofstuk 5 word daar na selfidentiteit, assosiasie, selfdeterminasie en belangerealisering binne die konteks van demokratiese teorie gekyk. Die filosofiese regverdiging wat deur demokratiese teorieë aan selfdeterminasie van die individu gegee word, word bespreek. Die haalbaarheid van selfdeterminasie vir die individu in die praktyk word egter bevraagteken. Omrede die mens in die uitoefening van sy demokratiese regte op assosiasie met ander aangewese is, kan sy selfdeterminasie hierdeur geraak word. Daar word verder gekyk na die mate waarin die verskillende tegnieke van demokrasie daarin slaag om die individu se selfdeterminasie moontlik te maak.

Hoofstuk 6 is die eerste van drie hoofstukke waarin, teen die agtergrond van die voorafgaande hoofstukke, na die verband tussen die aktivering van die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie in die hedendaagse staat gekyk word. Daar word gekyk na die eienskappe van die hedendaagse staat en die problematiese aard daarvan vir nasionalisme. 'n Aantal hipotetiese scenario's, waarin gepoog word om hierdie verband uit te wys, word identifiseer.

In hoofstuk 7 word die scenario's wat in hoofstuk 6 bespreek is, op die praktyk van toepassing gemaak. Die state wat in hierdie toepassing gebruik word, wissel van mono-etnies tot poli-etnies. Die state wat ingesluit word is: Ysland, Portugal, Swede, Noorweë, Finland, die Verenigde Koninkryk (Brittanje), Frankryk, Spanje, Switzerland en België. Verder word daar gekyk na twee staatlose gemeenskappe naamlik die Kurde en Saami.

Hoofstuk 8 ontleed en interpreteer die belangrikste bevindings wat voortvloei uit die toepassings in hoofstuk 7. Daar word gekyk na die implikasies van hierdie bevindings vir die ondersoek.

Hoofstuk 9 vervat die belangrikste gevolgtrekkings wat in hierdie ondersoek gemaak word. Die problematiese aard van die verband tussen die aktivering van die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie vir die hedendaagse staat word uitgewys. Die belangrikste faset hiervan is dat demokratiese teorieë en tegnieke nie met hierdie problematiek tred hou nie. In terme van die wyse waarop demokrasie vandag manifesteer, sal owerhede toenemend met die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme gekonfronteer word. Inherent aan demokrasie soos dit hoofsaaklik vandag manifesteer, is die sentraliteit van die owerheid as 'n dominerende gesag binne 'n samelewing. In die lig hiervan word enkele aanbevelings gemaak wat in hoofsaak 'n beroep is op meer indringende studies oor hierdie onderwerp, aangesien hierdie ondersoek nie die laaste woord daaroor sê nie.

1.4.4 <u>Bibliografie en verwysingstegnieke</u>

Enkele opmerkings moet oor die verwysingstegnieke, endnote en bibliografie gemaak word.

Daar word as verwysingstegniek van 'n aangepaste Harvard-tegniek gebruik gemaak. Waar daar om 'n bepaalde rede na 'n spesifieke bron verwys moet word, word die besonderhede van die bron in die teks aangedui. Wanneer daar van een skrywer se verwysing na 'n ander skrywer gebruik gemaak word, word dit ook in die teks aangedui, byvoorbeeld Kedourie (1960; in Smith 1983:17). In die bibliografie word, indien moontlik, die besonderhede van beide bronne afsonderlik gelys. Daar was egter enkele gevalle waar die bron waarin die verwysing aangedui is, nie die besonderhede van die ander bron gespesifiseer het nie. 'n Skrywer se bydrae in 'n saamgestelde werk verskyn onder die redakteur se naam en word soos volg in die teks aangedui byvoorbeeld, Weilenmann (in Deutsch & Folz (reds) 1963:44). In die bibliografie verskyn die besonderhede van die werk in sy geheel en nie van individuele bydraers daarin nie. Indien 'n bepaalde skrywer se werk verband hou met 'n onderwerp word die woord kyk gebruik (kyk Sartori 1989). Dit impliseer egter nie dat die skrywer noodwendig dieselfde standpunt huldig as wat in hierdie studie gestel word nie. Verwysings in die teks word aangevul deur endnote. Endnote word verkies bo voetnote omdat lang voetnote die teks kan oorheers. Ten einde dit vir die leser te vergemaklik, is daar besluit om die numering van die hoofstuk telkens die eerste syfer van die endnoot te maak. Byvoorbeeld die eerste endnoot in hoofstuk 1, is 101 en in hoofstuk 2 is dit 201. Gevolglik volg endnote in die teks nie altyd in 'n numeriese orde nie.

Die tradisionele gebruik is om die bronne waaruit die inligting verkry is in 'n bronnelys aan te dui. Die bronnelys bevat dan net besonderhede van bronne wat direk geraadpleeg is. Indirekte bronne, dit wil sê, bronne wat deur middel van ander bronne geraadpleeg is, moet as sodanig aangedui word. Hierdie tradisionele gebruik, wat vanuit 'n akademiese oogpunt nie werklik regverdigbaar is nie, het spoedig 'n groot beslommernis in hierdie ondersoek geword. Die kruisverwysings en kruisbestuiwings binne die veld is so omvangryk dat dit prakties onmoontlik was om by die tradisionele gebruik te hou. Soms word 'n bepaalde skrywer se werke deur ander skrywers aangehaal. Waar so 'n bron wel bekombaar was, is dit geraadpleeg, maar ongelukkig was dit nie altyd moontlik nie. Gevolglik is besluit om bronne wat indirek geraadpleeg is saam met die ander bronne te lys.

Die beswaar wat teen hierdie praktyk ingebring word is dat die bronnelys gelaai word om die indruk te skep dat daar wyd navorsing gedoen is, terwyl dit in werklikheid nie die geval is nie. 'n Teenargument kan ook aangevoer word. Sodanige indirekte bronne het tog die navorser se kennis en denke beïnvloed, met die gevolg dat dit wel vanuit hierdie standpunt geregverdig kan word om dit in die bronnelys op te neem. Daarby verwys 'n navorser nie altyd direk in die teks na 'n bepaalde bron wat hy geraadpleeg het nie. Dit is ook moontlik om 'n saak daarvoor uit te maak dat 'n navorser, bo en behalwe sy navorsing, 'n bykomende bydrae tot sy vakgebied kan maak deur soveel bibliografiese besonderhede oor die onderwerp te gee as wat moontlik is. Dit is veral 'n geldige argument indien die onderwerp van ondersoek multidissiplinêr van aard is, soos in hierdie ondersoek en verdere navorsing oor die onderwerp bepleit word.

Laasgenoemde redenasie word in hierdie studie gevolg en daarom word nie alleen bronne wat direk geraadpleeg is nie, maar ook bronne wat indirek geraadpleeg is, gelys. Die term bibliografie word egter verkies bo die term bronnelys omrede die term bronnelys suggereer dat dit die werklike bronne is wat in die ondersoek geraadpleeg is. Oor 'n tydperk van ses jaar is 'n redelike omvangryke bibliografie oor die onderwerp opgebou. Nie alle werke was egter bekombaar nie. Daar is tog gevoel dat hierdie bibliografie nie vir toekomstige navorsers verlore mag gaan nie. Ongelukkig was die bibliografiese besonderhede van indirekte werke nie altyd volledig nie en die korrektheid daarvan word soms betwyfel, omrede foute in sommige verwysings opgespoor is. Om hierdie rede is daar besluit om 'n middeweg in die lys van hierdie "bronne" te volg, ten einde teen moontlike foutiewe inligting beskerm te word. Werke waaroor daar twyfel oor die korrektheid van die bibliografiese besonderhede bestaan, word met 'n asterisk (*) aangedui. Alle bronne word streng alfabeties gelys.

Met die bibliografie word egter geensins voorgegee dat dit volledig is ten opsigte van relevante werke oor hierdie en verbandhoudende onderwerpe nie. In hoofsaak is daar, met die uitsondering van enkele klassieke werke, hoofsaaklik gekonsentreer op werke wat die

afgelope vyf-en-twintig jaar verskyn het. Verder het die meeste skrywers ook bronne in hul bibliografieë gelys wat nie hier opgeneem is nie. Die rede waarom sommige bronne weggelaat is, is omdat slegs bronne wat direk in die geraadpleegde werke bespreek was, hier gelys is. Ander bronne is weggelaat hoofsaaklik omrede dit nie altyd duidelik was presies waaroor die inhoud gehandel het nie.

## 1.5 REGVERDIGING

Die probleem wat in hierdie afdeling opgeklaar moet word, is drieledig. Eerstens moet daar verduidelik word waarom 'n ondersoek na 'n verband tussen die aktivering van die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme enersyds en ändersyds die tegnieke van demokrasie belangrik is. Tweedens is dit belangrik om uit te wys of hierdie onderwerp van ondersoek 'n geldige ondersoek vir die politieke wetenskaplike is. Derdens moet vasgestel word of daar iets nuuts in hierdie verband gesê kan word.

### 1.5.1 Die belangrikheid van die onderwerp van ondersoek

In die algemene inleiding is gesuggereer dat nasionalisme implikasies vir die staat en die owerheid van daardie staat sedert die vroegste tye gehad het. Daarby is demokrasie en van die praktiese probleme daaraan verbonde reeds sedert die vroegste tye aan die mens bekend. Rondom die agtiende en die negentiende eeu het beide hierdie verskynsels 'n uitdruklike ideologiese status verkry. As ideologie het nasionalisme veral na die Tweede Wêreldoorlog in onguns verval, maar dit het wel op die grondvlak bly voortleef. Daarteenoor het die hedendaagse staat begin met 'n proses om kunsmatige nasies te skep deur middel van sosiale en politieke geniëring deur die toepassing van die sogenaamde nasiebouteorieë. Politieke geniëring verwys na die kognitiewe kontrole van gemeenskappe deur middel van politieke mag, óf gesag, waardeur dit moontlik word om daardie gemeenskappe te beheer (kyk Sartori 1989:391).

Terselfdertyd het demokrasie as 'n utopie groot veld gewen al was die sukses daarvan as owerheidsvorm nie altyd universeel nie. Sartori haal byvoorbeeld 'n dokument wat deur UNESCO (1951:522 in Sartori 1962:9) opgestel is aan: "This acceptance of democracy as the highest form of political or social organization is the sign of a basic agreement in the ultimate aims of modern social and political insitutions...". Sartori voeg toe dat in die tweede helfte van die twintigste eeu die term demokrasie so heilig geword het dat niemand dit durf waag om te sê dat hy anti-demokraties is nie. Hierdie belangrikheid van demokrasie word ook deur Fukuyama (1989) in sy *The End of History* beklemtoon.

Die geskiedenis na die Tweede Wêreldoorlog het dikwels anders verloop as wat die voorstanders van demokrasie in gedagte gehad het - vergelyk probleme in die Derde Wêreld.

Ten spyte van die utopiese beeld van die demokrasie, word selfs hoogaangeskrewe demokrasieë soos Brittanje en Frankryk gekenmerk deur middelpuntvliedende kragte van nasionalisme. Sommige skrywers soos Louis L. Snyder (1982) verwys daarna as mininasionalismes of mikronasionalismes. Ander skrywers soos Anthony H Birch (1978) beskou weer hierdie mininasionalismes as minderheidsnasionalisme, maar skrywers soos Walker Connor (1971) en Estaban Polakovic (1986) beskou dit as ware nasionalisme. Birch (1978) noem dat hierdie minderheidsnasionalistiese bewegings so wyd verspreid is, dat dit eintlik nie eens die moeite regverdig om voorbeelde te noem nie. Ter wille van akademiese volledigheid sal voorbeelde nietemin genoem word.

Brittanje alleen het intern te make met nasionalistiese bewegings in Skotland, Wallis, Noord-Ierland en die eiland Man. Skotland het op sy beurt te kampe met ontevredenheid in die Shetlandeilande oor Skotse jurisdiksie daaroor (Snyder 1982:38). Frankryk het te make met mininasionalismes deur die Bretonne, Elsassers, Baske, Korsikane, Frans-Kataloniërs, Westhoek-Vlaminge en die Oksitaniërs. Brittanje het tans steeds te make met terroristebedrywighede deur die Ierse Republikeinse Leër en Frankryk het met terrorisme vanuit Korsika te kampe. Hierdie is geensins die enigste voorbeelde van minderheidsnasionalismes nie, maar word uitgesonder omrede dit aangetref word in bastions van die demokrasie. In Kanada, nog 'n voorbeeld van 'n demokrasie, kom nasionalistiese ontevredenheid onder die Franssprekendes in Quebec, maar ook onder die inheemse Indiaanse- en Eskimo-bevolkings voor.

Dieselfde situasie kom in die meeste state reg oor die wêreld voor. 'n Vinnige deurblaai van 'n paar toevallig geselekteerde koerante lewer nuusberigte oor die volgende op: burgeroorlog in Joego-Slawië; getuienis van Irakese moorde op Kurde; etniese oorlog tussen die Armene en die Azeri's in Nagorno-Karabakh; Australiese premier Keating se strewe na 'n Republiek van Australië; Nieu-Seeland se Maori's wat hul eie internasionale sportspanne versoek; die toelating tot die Verenigde Nasies van voormalige Sowjet Republieke en San Marino; Palestynse selfdeterminasie in Israel; en kommer oor 'n oorgesentraliseerde Europese Parlement.

Vanweë die heterogene aard van die bevolkings van die meerderheid hedendaagse state, is beide middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van groot belang vir die hedendaagse staat. Ten spyte van die wydverspreide en oënskynlike ignorering, ontkenning en selfs doelbewuste negering van nasionalisme, is die owerheid binne die hedendaagse staat tog bewus van die wenslikheid en voordele verbonde aan 'n eenheidsgevoel onder al

die inwoners van die staat. Dit gebeur daagliks dat die middelpuntsoekende kragte binne die natuurlike nasie, dit wil sê die een wat evolusionêr ontwikkel, egter middelpuntvliedend met betrekking tot die hedendaagse staat is. Daarom is dit vir die owerheid in die hedendaagse staat noodsaaklik om 'n fyn balans tussen die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme in daardie betrokke staat te handhaaf.

Hedendaagse state, ongeag hul grootte en uitgestrektheid, het dikwels te make met werklike maar ook potensiële middelpuntvliedende kragte. Strominge ten gunste van selfdeterminasie bestaan byvoorbeeld by groepe wat tans veronderstel is om deel te wees van die "nasie" van die staat waarin hulle hul geografies en polities bevind. Die feit dat van hierdie state as modelle van demokrasie beskou word, dui ongelukkig daarop dat demokrasie nie daarin kon slaag om hierdie middelpuntvliedende kragte te tem nie. Die vraag kan gevra word of demokratiese tegnieke nie wel hierdie middelpuntvliedende kragte kan aktiveer nie? Dit is daarom duidelik dat die verband tussen die aktivering van die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme enersyds en andersyds die tegnieke van demokrasie vir beide die akademikus en die politikus van belang is.

Volgens Eugene Meehan (1991) is een van die kriteria waaraan geproduseerde kennis gemeet behoort te word, die uiteindelike doel met alle kennis naamlik, "the improvement of the human condition", of anders gestel "minimizing human misery". Oor hierdie stelling kan daar geargumenteer word. Die feit bly egter dat die oorsprong van die mens se soeke na kennis geleë is in die mens se begeerte om dit wat sy lewe beheer, beter te kan begryp ten einde sy lewe makliker te maak (kyk Meehan 1991). Indien hierdie kriterium in hierdie studie gebruik word, moet daar eers gekyk word na wat die moontlike nadelige gevolge van 'n gebrek aan so 'n studie met hierdie onderwerp, is. Uit van die voorbeelde wat reeds aangehaal is, is dit duidelik dat 'n verband tussen die aktivering van die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme enersyds en andersyds die tegnieke van demokrasie 'n faktor in geweld, burgeroorlog en terrorisme kan wees. Namate die studie vorder sal dit blyk dat probleme soos onderdrukking, eksploitering, menseslagting, aliënasie en apatie neweprodukte kan wees, of ten minste dat demokrasie geen vrywaring daarteen kan bied nie. Meer kennis oor die problematiek voortspruitend uit die verband tussen nasionalisme en demokrasie hou dus die belofte in dat dit tot voordeel van die mens kan wees. Selfs al sou die ondersoek die problematiek slegs beter beskryf en geen oplossing voorhou nie, kan dit steeds in terme van hierdie kriterium as belangrik beskou word. Die gebeure in die afgelope paar jaar het dit feitlik 'n dringende noodsaaklikheid gemaak dat daar ernstig op hierdie problematiek gekonsentreer word. William Galston meld byvoorbeeld in 'n artikel in *Political Science: The State of the Discipline II* (1993) dat aspekte wat in hierdie studie aandag geniet, dringende aandag deur politieke wetenskaplikes vereis[109].

1.5.2 Die verband tussen nasionalisme en demokrasie as 'n studieonderwerp vir die politieke wetenskaplike

Demokrasie is deur en deur 'n studieveld binne die politieke wetenskap as dissipline, hoewel dit sterk steun op die politieke filosofie. Politieke filosofie is egter 'n goed ontwikkelde en erkende subterrein van die dissipline politieke wetenskap. Daarteenoor is studies in nasionalisme multidissiplinêr van aard met geen natuurlike dissiplinêre tuiste nie.

Uit toevallig geselekteerde voorbeelde van bydraes oor nasionalisme is dit duidelik dat nasionalisme vanuit die domein van verskeie dissiplines bestudeer word. In sy resensie van Rousseau & Zariski (1987) verwys Snyder (1990:262) na die multidissiplinêre aard van studies in nasionalisme soos volg: "The study of nationalism attracts the attention of sociologists ... political scientists ... psychologists, psychiatrists and psychoanalysts ... All seek to elucidate a strong but difficult to understand historical movement." Dit blyk ook dat dit 'n erkende terrein binne die politieke wetenskap is.

Dat nasionalisme as verskynsel politieke implikasies inhou, is duidelik. Wat egter hier ter sprake is, is of 'n studie van die onderliggende etiologie van nasionalisme werklik as 'n studieonderwerp van die politieke wetenskaplike beskou kan word?

Soos reeds verduidelik, beskik studies oor nasionalisme nie oor 'n dissiplinêre tuiste nie. Dit is moontlik om 'n saak daarvoor uit te maak dat studies in nasionalisme 'n eie dissiplinêre status moet verkry. Die mate waarin die onderskeie navorsers van nasionalisme oor dissiplinêre grense saamwerk, is waarskynlik 'n aanduiding dat daar wel 'n eie dissipline aan die ontwikkel is. Al sou nasionalisme as 'n eie dissipline beskou kon word, moet daar steeds onthou word dat dissiplinêre grense grootliks kunsmatig is en meer aanduidend is van 'n spesifieke fokus op die objek van studie. So is "politiek" byvoorbeeld van belang vir die sosioloog, die ekonoom, die volkekundige en selfs vir die natuurwetenskaplike.

Soos in die bespreking tot dusver aangedui, is die verskynsel nasionalisme van groot belang vir politieke wetenskaplikes. Inherent aan die term nasionalisme is die gedagte aan politieke selfdeterminasie vir die nasie. Daarom is nasionalisme altyd implisiet polities relevant.

Nasionalisme se politieke implikasies kan nie begryp word indien die etiologie van nasionalisme nie meer aandag verkry nie. Daarom mag dit voorkom asof daar in hierdie ondersoek van die politieke aspekte van nasionalisme afgedwaal word.

Dit is natuurlik belangrik dat die politieke wetenskaplike die multidissiplinêre aard van nasionalisme in gedagte hou en moet soek na aansnypunte by sy eie vakgebied.

1

Die derde aspek waarna in hierdie afdeling gekyk moet word, is of daar nog iets nuuts oor die onderwerp geskryf kan word. Hier is dit belangrik om daarop te wys dat die bydrae van 'n individu tot 'n bepaalde vakwetenskap altyd relatief is, hoofsaaklik vanweë die feit dat die inhoud van dissiplines dikwels deur taal- en selfs kultuurgrense beïnvloed word. 'n Bepaalde vakgebied se literatuur is dus versprei in 'n babelse verwarring van tale, wat deur verskillende navorsers vir die publikasie van hul bevindinge en idees gebruik word. 'n Navorser kan daarom selde werklik aanspraak maak op 'n unieke bydrae omrede dit nie altyd bekend is wat elders bestaan nie. Deur middel van vertalings kom belangrike bydraes tog van tyd tot tyd onder die aandag van ander navorsers. Dit is egter 'n langsame en moeisame proses, met die gevolg dat taal altyd 'n beperking plaas op 'n navorser se aanspraak op 'n nuwe bydrae.

Daar is dissiplines wat taalgewys meer homogeen is. Daar kan byvoorbeeld 'n saak daarvoor uitgemaak word dat Engels die dominante taal van die politieke wetenskap is. Ongelukkig is dit nie die geval met studies in nasionalisme nie. Waarskynlik weens die wydverspreide voorkoms van nasionalisme as 'n verskynsel word studies in nasionalisme gekenmerk deur taalproliferasie. 'n Konstante stroom van bydraes word in Frans, Spaans, Italiaans, Duits, Russies, verskeie Skandinawiese en Oos-Europese tale en selfs in Sjinees en Koreaans aangetref. Politieke wetenskaplikes is dikwels, hoewel moontlik verkeerdelik, geneig om Engels as die moedertaal van die politieke wetenskap te beskou. Daarmee word bedoel dat dit wat belangrik is vir die politieke wetenskap gewoonlik of eerste in Engels gepubliseer word, of spoedig daarin vertaal word.

Weer eens is dit nie die geval met studies in nasionalisme nie. Daar bestaan eintlik 'n multipolêre verspreiding van literatuur oor nasionalisme. Die navorser maak dikwels net met hierdie bronne kennis in kongresbundels en enkele vertaalde werke. Indien dit sou blyk dat hierdie literatuur 'n blote duplisering is van dit wat in Engels beskikbaar is, kon daar geredeneer word dat die verspreiding van die literatuur in verskillende tale onbelangrik is. Ongelukkig is dit nie die geval nie. Meeste studies in nasionalisme is gebed in die betrokke areas waarin hulle gedoen word. Omdat omstandighede dikwels verskil, word waardevolle inligting uit hierdie omstandighede verkry, maar dikwels in 'n taal wat nie vir alle navorsers toeganklik is nie. By nadere ondersoek van dit wat in Engels, Frans, Duits en Italiaans beskikbaar is, asook enkele vertalings uit ander tale, wil dit voorkom asof daar 'n verskil in houding is teenoor nasionalisme in studies in Engels in vergelyking met die houding wat in studies in ander tale weerspieël word. Hoewel hierdie aspek meer ondersoek regverdig, wil dit voorkom asof daar in die Engelse literatuur dikwels ietwat van 'n ongemaklikheid teenoor die verskynsel nasionalisme te bespeur is. Daarteenoor is die literatuur in die ander tale meer geneig om nasionalisme as natuurlik en as 'n gegewe feit te aanvaar en word dit met meer erns benader. In die Engelse literatuur wil dit voorkom asof die staat in verhouding tot die nasie meer belangrik is as die nasie. In die ander tale

het die nasie 'n belangriker rol. 'n Verduideliking hiervoor kan moontlik in Sartori (1962:18) se verduideliking van die term *demos* gevind word. Hy voer aan dat die Italiaans vir *demos, popolo* is, in Frans *peuple* en in Duits *volk.* Elkeen van hierdie terme dui egter op 'n enkele entiteit. Daarteenoor het die Engelse ekwivalent van hierdie term naamlik *people* 'n konnotasie van 'n skeibare meervoudigheid. "Thus it is no mere coincidence that the holistic interpretations of the concept have come from scholars thinking in German, French, or Italian" (Sartori 1962:18). Anthony Birch (1978:325) sluit min of meer op dieselfde trant hierby aan: "Many American writers, possibly influenced by the 'melting-pot' ideal of American society, have also assumed that ethnic, cultural, and nationalistic conflicts are less fundamental and less enduring ..." Dit is dus 'n aanduiding hoe 'n bepaalde kultuur 'n bepaalde navorser se wêreldbeskouing beïnvloed, wat dan onbewustelik óf selfs bewustelik in sy bevindings neerslag kan vind. Dit is daarom, gesien teen die lig hiervan, vir 'n navorser moeilik om onomwonde te verklaar dat sy bydrae uniek is.

In die lig van die kennisontploffing raak dit ook al moeiliker vir die navorser om te beweer dat sy bydrae uniek is. Dit raak al meer en meer binne die sogenaamde gevestigde dissiplines 'n onmoontlikheid om met alle ontwikkelings tred te hou.

Indien op die onderwerp van hierdie ondersoek gelet word en indien die twee sleutelbegrippe naamlik nasionalisme en demokrasie uitgelig word, blyk dit dat die laaste woord nog nie eens afsonderlik daaroor geskryf is nie, wat nog te sê in wisselwerking met mekaar. Vervolgens word kortliks gekyk na die mate waarin daar in die bestaande literatuur na die verband tussen nasionalisme en demokrasie gekyk word.

Daar bestaan studies wat kyk na die verband tussen nasionalisme en demokrasie. John Stuart Mill het byvoorbeeld hieraan aandag gegee. Hy het daarna gekyk in die lig daarvan dat waar daar 'n sentiment van nasionaliteit bestaan, daar 'n klinkklare saak is vir die vereniging van al die lede onder dieselfde demokratiese regering. Hy kombineer die gedagte aan nasionale eenheid en demokratiese soewereiniteit. Mill was verder besorg oor die feit dat vrye instellings feitlik 'n onmoontlikheid in 'n staat met verskillende nasionaliteite is (Mill 1978; Grader 1985:210-211). Dit wat Mill oor nasionalisme en demokrasie geskryf het, toon eerder 'n besorgdheid oor die gevolge wat demokrasie binne multinasionale state vir demokrasie inhou, as op 'n verband tussen die aktivering van die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie.

Daar is studies wat wys op die inherente teenstrydigheid van liberale demokrasie en liberale pluralisme binne die konteks van multinasionale state. Van hierdie studies verskyn op die gebied van die Volkereg en konsentreer op die probleem van die selfdeterminasie van nasies teenoor die selfdeterminasie van state. Ander studies dui weer op die probleem van

individuele regte versus groepregte. Van hierdie studies is byvoorbeeld Glazer (1976); Van Dyke (1977 & 1982); McLean (1970); Bruegel (1971); Jorgensen-Dahl (1975). Hierdie studies is meer geïnteresseerd in die humanitêre aspekte betrokke by demokrasie in multinasionale state. Daar is by hierdie mense 'n besorgdheid oor die onregverdigheid wat voortspruit uit die ontneming enersyds deur die staat en andersyds deur die individu van die reg tot selfdeterminasie van 'n groep wat hulself as 'n nasie beskou.

Skrywers oor demokrasie soos Robert Dahl (1982) en Arend Lijphart (1977), is in hulle teorieë meer geïnteresseerd in die effek van nasionalisme op demokrasie, as op 'n verband tussen die aktivering van die kragte van nasionalisme en tegnieke van demokrasie binne die hedendaagse staat. Lijphart is veral besorg oor die posisie en regte van etniese minderhede in 'n staat waarin van die beginsel van meerderheidsregering gebruik gemaak word en gevolglik is hy 'n voorstander van konsosiatiewe demokrasie.

Verskeie ander studies fokus weer op die partypolitieke affiliasie, stempatrone en politieke deelname van verskillende groepe binne 'n multinasionale staat. Voorbeelde van studies in hierdie verband is Clarke & Kornberg (1971); Gabriel (1972); Miller (1974); Rokkan (1970); Rokkan in Gottman (1980) en Rokkan & Urwin (1983). Daar is ook areastudies deur byvoorbeeld Hechter (1975) wat daarop wys hoe die eksploitering van minderhede deur 'n meerderheid 'n faktor in nasionalisme kan wees. By implikasie verkry die meerderheid in 'n demokrasie dan hul reg tot oorheersing deur middel van demokratiese tegnieke. Selfs in hierdie werke is 'n verband tussen nasionalisme en demokrasie eintlik bysaak.

In studies waar daar meer direk na 'n verband tussen nasionalisme en demokrasie gekyk word, is dit gewoonlik binne die konteks van liberale demokrasie en liberale pluralisme waarin die idee van die groot smeltkroes beklemtoon word. Hiervolgens sal individuele menseregte en politieke gelykheid binne 'n demokratiese staat tot sogenaamde "organized-forgetting" aanleiding gee, wat die weg sal baan vir een groot gelukkige familie (kyk Skalnik 1986 & 1988). Aanvanklik is daar in hierdie studie ook van die standpunt uitgegaan dat demokrasie onder bepaalde omstandighede nasionale sentimente kan temper, maar ongelukkig het areastudies die teendeel aangetoon en moes belangrike aanvanklike vertrekpunte verander word.

Daar is min werke in die literatuur wat primêr oor die verband tussen nasionalisme en demokrasie handel. In daardie studies waar dit wel die geval is, verskil die doel met die doel in hierdie ondersoek. Geen werklik sistematiese ondersoek oor die verband tussen die aktivering van die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie kon opgespoor word nie.

Hierdie studie verskil van die meeste studies oor nasionalisme in die sin dat die faktore wat verantwoordelik is vir die aktivering van die middelpuntvliedende en middelpuntsoekende kragte, nie tot een faktor gereduseer word nie. Daar word dus klem gelê op die komplekse aard van nasionalisme as verskynsel ten einde 'n teoretiese raamwerk, wat meer universeel bruikbaar is, saam te stel. Meeste ander studies bestudeer nasionalisme vanuit een van die volgende perspektiewe: taal, etniese, klasse, godsdienstige, ekonomiese, sielkundige of sosiologiese. Dit behoort nou duidelik te wees dat daar ruimte vir ondersoeke oor beide nasionalisme en demokrasie afsonderlik, maar ook in hul wisselwerking met mekaar (verband), bestaan. Hoewel die mening gehuldig word dat hierdie onderwerp op 'n wyse aangepak word wat verskil van ander studies, impliseer dit nie dat hierdie die enigste wyse is waarop hierdie studie aangepak kon word nie. Dit sou waarskynlik waardevol wees indien die onderwerp van hierdie ondersoek in die gees van Meehan (1991) ook op ander wyses bestudeer kon word.

## 1.6 SLOTOPMERKINGS

Nasionalisme is 'n komplekse verskynsel wat in verskillende dissiplines die onderwerp van studie is. Nasionalisme is in die huidige era nog steeds van groot belang vir die owerheid in 'n staat aangesien dit steeds 'n potensiële probleem in 'n staat is. Die hedendaagse staat word egter deur die internasionale gemeenskap van state verplig om 'n demokratiese owerheidsvorm aan te neem. Die vraag is dus wat die verband tussen die aktivering van die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme enersyds en andersyds die tegnieke van demokrasie is. Ten einde hierdie verband te ondersoek, moet in ag geneem word dat beide nasionalisme en demokrasie verband hou met die mens as 'n individuele en sosiale wese. Die groep bepaal dus deels die individu se identiteit, maar die individu beïnvloed ook die groep se identiteit. Die individu het belange wat hy probeer realiseer, beskerm en bevorder, en deels is hy afhanklik van die groep om hierdie belange te verwesenlik. Terselfdertyd streef die individu steeds na die maksimum selfdeterminasie. Demokrasie as owerheidsvorm beklemtoon die individuele aard van die mens se natuur, maar terselfdertyd is dit onvermydelik dat die individu met ander moet assosieer ten einde sy belange polities te kan realiseer, beskerm en bevorder. Dit is teen hierdie agtergrond dat die ondersoek gedoen is.

# HOOFSTUK 2

# DEFINIëRINGSPROBLEMATIEK VAN SLEUTELTERME

## 2.1 ALGEMENE INLEIDING

Daar is twee gebruikskontekste van die terme nasionalisme en demokrasie naamlik enersyds as ideologieë en andersyds as verskynsels. Verder word beide terme gebruik om na verskillende verskynsels of verskillende manifestasie daarvan te verwys. 'n Bykomende probleem is die gebruik van verskillende terme om na dieselfde verskynsel te verwys. Die begrippe nasionalisme en demokrasie het natuurlik ook verskillende betekenisinhoude vir verskillende navorsers. Ivo Duchacek (1965:23) stel dit so: "... the terms 'nationalism', 'nationality', 'national language', 'national minorities', 'multinational state', 'minority state', 'patriotism' ... cannot be defined with absolute precision". Dit is daarom duidelik dat uitsluitsel gegee moet word oor hoe genoemde en verbandhoudende terme soos staat en nasie gebruik word.

Gevolglik is die oogmerk met hierdie hoofstuk om aan te toon wat die omvang en moontlike redes vir die gebruiks- en definiëringsproblematiek van die sleutelterme is; om aan te dui hoe daar met hierdie problematiek in hierdie ondersoek gehandel word; in watter betekenisverband hierdie terme gebruik word; en hoe dit van ander verwante terme onderskei word.

## 2.2 DEFINIëRINGSPROBLEMATIEK

Die gebruik en definiëring van terme en begrippe[201] is 'n probleem in alle dissiplines, beide in die natuurwetenskappe en in die nie-natuurwetenskappe.

Die natuurwetenskappe het in groot mate daarin geslaag om deur middel van akademiese konsensus en akademiese dissipline terme te standaardiseer. Daarenteen word die nie-natuurwetenskappe (met enkele uitsonderings) en veral die politieke wetenskap en verwante dissiplines min of meer deur terminologiese anarchisme gekenmerk. Elke akademikus en navorser in die politieke wetenskap beskik oor die vryheid om 'n term te definieer soos dit pas by die bepaalde omstandighede van sy ondersoek. Sartori (1962:ix) het ietwat sarkasties na dieselfde probleem verwys as sou dit bloot net "... a matter of definition", wees. Dieselfde geld ook vir terme in studies oor nasionalisme. Hier word die probleem vererger deurdat die terme vanuit verskillende dissiplinêre perspektiewe gedefinieer word.

Verskeie faktore gee aanleiding tot die terminologiese verwarring in veral die politieke wetenskap. Eerstens is daar die probleem dat die terme waarmee die politieke wetenskaplike werksaam is, 'n naam gee aan iets wat selde werklik fisies waarneembaar is, met die gevolg dat dit soveel moeiliker is om die definiërende (essensiële) kenmerke daarvan te bepaal. Byvoorbeeld presies waarna verwys die terme staat, polis en owerheid? (Kyk Connolly 1974).

Tweedens is daar (in die afwesigheid van 'n gestandaardiseerde terminologie) die probleem van kulturele diversiteit met gepaardgaande politieke diversiteit. Elke politieke kultuur beskik oor die nodige terme vir sy politieke instellings, praktyke en prosesse. Dit is juis hier waar die probleme vir die navorser veelvoudig vermeerder, veral as hy van 'n ander kultuur is. Ten einde 'n ander kultuur se politiek te bestudeer, probeer die navorser dit met verwysing na sy eie terminologiese raamwerk doen. Hy probeer die inligting volgens sy reedsbestaande kognitiewe raamwerk klassifiseer[202].

Dit is reeds moeilik om die essensie van iets in die navorser se eie kultuur te bepaal en om te wete te kom waarna 'n term presies verwys. Nou moet die navorser ook nog bepaal wat in sy eie taal die ekwivalente term is vir die term waarmee hy in die ander taal te make kry. Volgens Armstrong (1982:29) word in hierdie proses ongelukkig soms gelykgestel wat in werklikheid nie presies dieselfde is nie, maar daar word ook as verskillend beskou wat in werklikheid dieselfde is. Hy noem as voorbeeld dat die Duitse stamme nie in wese identies is aan die Engelse tribe nie, hoewel dit tog algemeen in vertalings as identies beskou word. Dit is dus die gebrek aan eenstemmigheid oor die definiërende kenmerke van die verskynsels waarna hierdie terme verwys wat tot die voorgenoemde probleem aanleiding gee.

By die gebrek aan gestandaardiseerde definisies, definieer navorsers 'n term dikwels volgens hul kognisie (begrip) van die term. Ongelukkig verskil elke navorser se betekenisinhoud van 'n bepaalde begrip. Alexander Motyl (1992:308) stel dit so "The answer to the question 'what is nationalism?' depends on the definition and, more substantively, on the definer. This is to say that the meaning of nationalism, like the meaning of every contested concept, is neither value-neutral nor divorced from context - be it that of the political, social and cultural environment within which the word is used or that of the text within which the term is nested."

Derdens ontstaan die probleem dat die navorser soms gekonfronteer word met 'n verskynsel in 'n vreemde kultuur en dat hy 'n geskikte term daarvoor moet vind. Terme word daarom maklik ontleen aan ander tale, hoewel soms in 'n aangepaste vorm. Dikwels word hierdie terme weer op die tuisfront ingespan, maar nie altyd met dieselfde betekenisinhoud nie. Hierdie probleem word vererger indien die navorser later vind dat daar tog iets dergeliks

in sy eie kultuur bestaan, maar dat dit nog nooit nodig geag is om dit taalkundig van ander verskynsels te onderskei nie[203].

Akademici maak dikwels verkeerdelik die aanname dat iets eers bestaan wanneer 'n bepaalde term daarvoor ontwikkel het. Hierdie probleem word, met spesifieke verwysing na nasionalisme deur die Hollandse kultuurhistorikus, Johan Huizinga uitgewys (in Tipton (red) 1972:14) "...the age-old human habit of attributing existence to things only once they have a name. On the same basis one might conclude that there were no cosmic rays in the Middle Ages". Ons kennis oor iets moet daarom nie verwar word met die geskiedenis van die bestaan daarvan nie.

Die skepping van nuwe terme en die inbring van terminologie vanuit ander tale in 'n bepaalde taal, kultuur en vakgebied is daarom nie sonder probleme nie. 'n Bykomende faktor in hierdie verband is die status wat die klassieke tale Grieks en Latyn, vir baie lank in akademiese kringe geniet het. Die sleutelterme in hierdie ondersoek, naamlik nasionalisme en demokrasie is byvoorbeeld respektiewelik afkomstig uit die Latyn en Grieks. Dikwels is terme vir akademiese doeleindes aan hierdie tale ontleen en ingeburger, maar het naas terme in die volksmond bly voortbestaan sonder dat die verband en/of verskille altyd uitgewys is/word[204].

Dit bring 'n mens by die vierde faktor in die definiëringsproblematiek. Nie-natuurwetenskaplikes is te geneig om dieselfde terme te gebruik vir verskillende manifestasies van 'n bepaalde verskynsel of vir bepaalde transformasies daarvan. Die aangewese "wetenskaplike" werkwyse sou dan eerder wees om nuwe terme te ontwikkel.

Fred Riggs (1986) bespreek hierdie probleem met spesifieke verwysing na die term nasionalisme en dit maak ook 'n belangrike faktor uit in Sartori (1962) se bespreking van die term demokrasie.

Linguisties word aanvaar dat terme nuwe betekenisse aanneem, neosemantisisme, en volgens Riggs (1986:114) is dit min of meer die aanvaarde beginsel by sosiale wetenskaplikes "...we are averse to neologism. Whenever possible, if an established word can somehow be redefined to label a new concept, the deed is done".

Die vraag is egter of hierdie praktyk nie juis aanleiding gee tot begripsverwarring en wetenskaplike vaaghede nie. Riggs (1986) is versigtig om hom te sterk hieroor uit te spreek, vanweë die sensitiwiteit daarvan en die vryheid van sosiaalwetenskaplikes. Tog is daar 'n onderliggende suggestie[205] ten gunste van neologismes of soos hy dit stel "suggested terms" (1986:116).

Neosemantisisme kan nie ongekwalifiseerd in akademiese studie geregverdig word, indien daar enige aanspraak op "wetenskaplikheid" is nie. Selfs die argument dat indien die betekenis van 'n bepaalde term binne 'n bepaalde konteks duidelik blyk, dit aanvaarbaar is, is nie haalbaar nie. Hoewel daar akademiese vryheid by die definiëring van terme en begrippe bestaan, word hierdie vryheid tog beperk deur die gebruikswyse wat binne die akademiese literatuur bestaan (kyk Meehan 1988:63-70). Dit is dikwels veel meer beperkend as wat gestandaardiseerde definisies sou wees. Die rede hiervoor is dat elke navorser dan eers deur 'n terminologiese oerwoud moet gaan en te veel ondersoeke dan spoedig in terminologiese dryfsand vasval.

Neosemantisisme kan wel regverdig word indien daarop aanspraak gemaak word dat die nuwe betekenis meer korrek as die oue is. Dit vereis egter dat die "ou" konteks 'n nuwe naam moet kry tensy die nuwe betekenis bloot 'n verfyning van die oue is[206].

Hierdie probleem is ook onderliggend aan Sartori (1962:12) se problematiek met die term, die verskynsel en die begrip demokrasie. Volgens hom is dit waarna die term in die werklike lewe verwys glad nie wat met die begrip bedoel word nie "...the *thing* democracy is not described properly by the *word* democracy".

Die definiëringsproblematiek soos hierbo geskets, is 'n groot probleem vir enige navorser wat nasionalisme en demokrasie as 'n studieonderwerp aanvaar. Daar is al soveel geskryf in 'n poging om die betekenis van hierdie terme te probeer uitklaar. Ten spyte daarvan is bittermin gesê ter opklaring van die probleem.

Louis Snyder (1983) meld byvoorbeeld dat nasionalisme 'n begrip met konflikterende definisies is en in een poging van hom om die betekenis van nasionalisme uit te klaar, het hy met 'n "definisie" van 208 bladsye geëindig (Snyder 1954).

Sartori ontleed in sy Democratic Theory (1962) van 479 bladsye weer die verskillende interpretasies wat aan die begrip demokrasie geheg word.

Hoe kan hierdie probleem oorbrug word? Daar is nie 'n eenvoudige antwoord hierop nie. By die afwesigheid van gestandaardiseerde definisies is 'n navorser verplig om 'n werksdefinisie te formuleer vir doeleindes van sy ondersoek, anders, sou akademiese aktiwiteit onmoontlik word. Ander navorsers sou weer bloot 'n stipulatiewe definisie voorstaan wat vir doeleindes van hierdie ondersoek as nasionalisme en as demokrasie beskou kan word.

In die geval van die term demokrasie sou dit wel moontlik wees om by 'n stipulatiewe definisie te hou, aangesien die ondersoek nie geïnteresseerd is in of 'n bepaalde owerheidsvorm werklik demokraties is al dan nie. Die ondersoek is meer gemoeid met die

tegnieke wat gewoonlik met 'n demokrasie geassosieer word. Aangesien die fokus van die studie nasionalisme is, is dit nie moontlik om presies dieselfde "ontduikings"-tegniek met die definiëring van die term nasionalisme te volg nie. Ongelukkig is dit so dat ook in hierdie ondersoek daar van stipulatiewe definisies gebruik gemaak moes word[207].

Meer as een "metode" kan in hierdie verband gebruik word. Daar kan gekyk word na die definiërende (essensiële) kenmerke van die verskynsel; óf na die etimologie van terme; óf na die semantiese verhouding tussen woorde (terme) en hul betekenisse. Twee kategorieë kan by laasgenoemde aangetref word naamlik die semasiologiese wat by terme begin en dan na hul betekenis kyk; en die onomasiologiese wat weer op die benaming van begrippe neerkom. 'n Verdere alternatief is om hierdie terme en begrippe a contrario te definieer, dit wil sê om aan te dui dit wat hulle nie is nie[208].

In hierdie ondersoek word 'n kombinasie van metodes gebruik. Daar word gekyk na die definiërende kenmerke van die verskynsels. Om te bepaal wat die korrekte term daarvoor moet wees, moet daar na die betekenis van terme gekyk word. Ten einde te verseker dat die werksdefinisies wat op die ou einde geformuleer word min of meer strook met van die beskouings in die literatuur, word daar na bestaande definisies gekyk.

In hierdie ondersoek is daar gevolglik 'n behoefte aan nuwe terme, ervaar. Waar nodig is nuwe terme geskep, maar dit moet bloot in die gees van Riggs (1986) se aanbeveling as aanbevole terme beskou word.

## 2.3 AGTERGROND TOT DIE TERMINOLOGIESE PROBLEMATIEK VAN DIE ONDERSOEK

In die literatuur van 'n verskeidenheid dissiplines insluitende die politieke wetenskap is daar reeds baie oor nasionalisme en demokrasie afsonderlik geskryf. Ongelukkig bestaan daar steeds groot onduidelikheid en verwarring oor die betekenisinhoud van hierdie twee begrippe.

Beide die terme nasionalisme en demokrasie word in twee verskillende dog verbandhoudende kontekste gebruik. Enersyds verwys hierdie twee terme na twee verskynsels[209] wat deel is van die mens se menswees as 'n individu, maar terselfdertyd ook as 'n sosiale en politieke wese. In hierdie verband is dit die praktiese manifestasie van nasionalisme en demokrasie.

Andersyds word die terme nasionalisme en demokrasie gebruik om na formele stelle idees oor hierdie verskynsels te verwys; anders gestel na die teoretiese en ideologiese aspekte van nasionalisme en demokrasie[210]. Hiervolgens het nasionalisme en demokrasie utopiese

dimensies van wat behoort te wees, begin aanneem. Sartori (1962:38) stel dit in die geval van demokrasie byvoorbeeld dat dit die produk van *Phantasiepolitik* geword het; dit is op feite gebou, maar deur middel van fantasie. Die onderskeid wat hier getref word tussen verskynsel en ideologie beteken nie die ontkenning van die bestaan van informele en selfs formele ideologiese opvattings oor hoe die samelewing gestruktureer moet word wanneer daar na nasionalisme en demokrasie as verskynsels in die praktyk gekyk word nie.

Die onderskeid tussen hierdie twee gebruikskontekste is belangrik omrede versuim om dit te doen, tot verwarring kan lei. Vervolgens word kortliks na 'n agtergrond van nasionalisme en demokrasie gekyk alvorens daar oorgegaan word tot die definiëring van die twee terme.

In die bespreking van die onderwerp van ondersoek het dit egter spoedig geblyk dat nasionalisme as die eintlike fokus van die studie telkens eerste bespreking vereis. Vervolgens word daar deurgaans in die ondersoek eers na nasionalisme en dan na demokrasie gekyk.

2.3.1 Agtergrond tot die term nasionalisme

Die onderskeid tussen die twee verskillende gebruikskontekste van die term nasionalisme, soos in afdeling 2.2 geskets, is belangrik. 'n Voorbeeld van verwarring wat ontstaan indien daar nie tussen die twee gebruikskontekste onderskei word nie, is die bewering wat gemaak word dat nasionalisme 'n produk is van die agtiende en die negentiende eeu. Elie Kedourie (1974:9) voer byvoorbeeld aan dat "Nationalism is a doctrine invented in Europe at the beginning of the nineteenth century". Indien 'n mens na die kenmerke van nasionalisme as verskynsel kyk (afdeling 2.4.3), kan manifestasies van nasionalisme voor die agtiende en die negentiende eeu en selfs ook in antieke tye aangetoon word.

Die oorsprong van die Joodse nasie word byvoorbeeld onder meer teruggevoer na die wedervaringe van die Jode in Egipte en in die woestyn onder Moses in hul tog na die beloofde land (Sharkansky 1991). Selfs die Joodse opstand teen Romeinse oorheersing kan as 'n voorbeeld van nasionalistiese weerstand dien[211]. Ander voorbeelde is die Griekse stadstate se verdediging teen aanvalle vanuit Persië. Daarby toon Aristoteles se uitsprake oor die meerderwaardigheid van die Grieke[212] sterk tekens van etniese bewussyn, wat soos later aangetoon sal word 'n bepaalde manifestasie van nasionalisme kan wees. Die Persiese digter Firdausi se *Shah Namah* wat in die jaar 1010 n.C. voltooi is, kan beskou word as 'n uitdrukking van Persiese nasionalisme en word trouens as 'n monument in die geskiedenis van nasionalistiese geskrifte geag[213]. In die sestiende eeu het Holland byvoorbeeld in opstand gekom teen Spaanse besetting. Dit is daarom ietwat gewaagd om te beweer dat nasionalisme uitsluitlik 'n produk van die agtiende en die negentiende eeu is.

Dit is waar dat Westerse nasionalisme as 'n verskynsel selde voor hierdie era die onderwerp van studie was en dat dit daarom beskou word as 'n produk van hierdie era. Die Arabiese historikus en sosioloog Ibn-Khaldun (1332 - 1406) het egter reeds in sy *Muqaddimah* (kyk Schmidt N. 1967) daaraan aandag gegee[214]. Dit sou onregverdig teenoor die klassieke Griekse skrywers wees om te beweer dat hulle nie reeds indirek daaraan aandag gegee het nie. So byvoorbeeld het Aristoteles in sy *Politics* gewys op die probleme verbonde aan vreemde elemente in die staat (*polis*)[215]. Hy het ook genoem dat die wese van 'n staat, deur iets anders as die blote geografie en die teenwoordigheid van inwoners bepaal word.

'n Verdere moontlike rede waarom nasionalisme as 'n produk van die agtiende en die negentiende eeu beskou word, is die oorsprong en die ontwikkeling van die term nasionalisme wat 'n verwerking is van die term nasie. Die gebruik van die term nasie in die germaanse tale om te verwys na 'n groep mense met gemeenskaplike kenmerke, veral 'n gemeenskaplike plek van geboorte, kom eers na die veertiende eeu voor (Kamenka 1973:4-5). Die ontstaan of gebruik van 'n term is dikwels 'n linguistiese verskynsel wat dui op die kontak tussen groepe mense met verskillende spreektale; en die praktiese behoefte om verder tussen verskynsels taalkundig te differensieer, eerder as om noodwendig die geboorte van "iets" aan te dui[216].

As ideologie het nasionalisme gedurende die agtiende en die negentiende eeu in Europa hoogty gevier. Steeds was dit dikwels 'n *ex post facto* regverdiging van dit wat op die grond gebeur het (nasionalisme as verskynsel). Gedurende hierdie tydperk het nasionalisme as 'n missie wat 'n utopie verkondig, toenemend belangrik geword. Die rede waarom die agtiende en die negentiende eeu so belangrik geword het in werke oor nasionalisme, is waarskynlik geleë in 'n unieke sameloop van omstandighede. Uitbarstings van nasionalisme het saamgeval met die massa se aandrang op politieke mag; die Franse Rewolusie; massamobilisering teen die Napoleontiese oorloë; die stukrag wat daaraan verleen is deur teoretiese beskrywing en ideologiese regverdiging; en die drukpers[217].

Nasionalisme moet daarom nie per se as 'n ideologie beskou word nie. Daar bestaan wel 'n ideologie waarvan nasionalisme die sentrale fokus is. Die opvatting dat nasionalisme altyd na 'n formele ideologie verwys, spruit waarskynlik voort uit die wanopvatting dat "-ismes" altyd op ideologieë dui. Dit is waarskynlik gevestig deur werke soos Ebenstein se *Todays Isms* (1985). Daarteenoor het Metternich genoem dat "'When the French language adds 'isme' to a substantive it adds to the thing mentioned an idea of scorn and degradation'" (Kamenka 1973:8). Indien verder in ag geneem word dat daar wel ideologieë, soos byvoorbeeld demokrasie is, wat nie oor 'n 'isme' beskik nie, is die struktuur van terme nie noodwendig 'n korrekte aanduiding van die ideologiese status van iets nie[218].

Die negatiewe byprodukte van nasionalisme het egter daartoe aanleiding gegee dat as ideologie, nasionalisme mettertyd in onguns verval het. Dit was veral na afloop van die Tweede Wêreldoorlog die geval. Die mensdom was nou ontnugter deur die vergrype van nasionalisme, of ten minste deur dit wat in die naam van nasionalisme gedoen is. Einstein het nasionalisme byvoorbeeld afgemaak as die masels van 'n samelewing (kyk Duchacek 1965:198-200). Selfs die bekende skrywer oor nasionalisme Hugh Seton-Watson (1979:91) beskou nasionalisme as "...one of the two great plagues of late twentieth-century man, being equalled only - if at all - by communism, not only as a source of worry to politicians but as a direct threat to the personal security or even existence of most members of the human race".

Die ongunstige beskouing van nasionalisme as 'n ideologie het egter nie beteken dat nasionalisme as verskynsel verdwyn het nie. Trouens die pasafgelope gebeure in die gewese Sowjet-Unie en in Oos-Europa, asook die toenemende aandrang op selfdeterminasie deur "minderhede" in verskeie state (ook in Europa), toon aan dat nasionalisme op die grondvlak wel voorspoed geniet.

### 2.3.2 Agtergrond tot die term demokrasie

In teenstelling met die betekenisinhoud van die begrip nasionalisme, word die ideologiese konnotasie van demokrasie as 'n utopiese panasee, dikwels uit die oog verloor. Berndtson (Anckar & Berndtson (reds) 1984:149) stel dit duidelik "... democracy is one of the established ideologies of today". Gewoonlik verwys die term demokrasie na die praktiese manifestasie daarvan as 'n verskynsel en in die besonder as 'n bepaalde tipe owerheidsvorm. Demokrasie as 'n verskynsel, dit wil sê as 'n owerheidsvorm is gegrond op die beginsel dat die politieke mag in 'n staat veronderstel is om by die individu, "people"[219] te berus. Daarvolgens kan dit deelname aan besluite impliseer wat kollektief bindend is, maar dit kan ook dui op die individu se beheer oor en beperkinge op 'n regering.

Die terugvoering van demokrasie as 'n verskynsel na antieke tye is egter nie so kontroversieel soos dit die geval met nasionalisme is nie. Die politieke orde van onder andere die Atheners, Wikings, die Germaanse stamme en die Turkse Ghazi-state was demokraties van aard. Demokrasie is ook reeds in antieke tye aan teoretiese ondersoek onderwerp, maar dit is dikwels as owerheidsvorm verwerp. Plato het byvoorbeeld genoem dat "The Demos now learns what slavery means - slavery in its most cruel form, where slaves are masters" (Republic:257). In Hindoegeskrifte word daar meer positief na demokrasie verwys: "the unity of opinion possessed by the many is more powerful than the king. The rope that is made out of many threads is strong enough to drag the lion" (Gettell 1924:27).

Demokrasie as 'n bepaalde tipe ideologie het min of meer tydens die Verligting beslag gekry, hoewel daar gesteun is op bydraes van vroeëre filosowe soos Hobbes en Locke (kyk R.I.I.A. 1963:25-34). Na die Verligting het hulle hulself besig begin hou met wat moet wees. In die Westerse tradisie het die liberalisme ook 'n belangrike fondament gelê waarop demokrasie as 'n ideologie gebou kon word, maar die twee moet egter nie aan mekaar gelykgestel of met mekaar verwar word nie. Sommige skrywers verkies dan ook om hierna as liberale demokrasie te verwys.

Die ideologiese dimensie wat deur die klassieke liberalisme aan demokrasie verleen is, spruit voort uit 'n *ex post facto* teoretiese beskrywing en regverdiging van die onderliggende aannames waarop demokrasie as 'n owerheidsvorm veronderstel is om te berus. Klassieke liberalisme het die vryheid van die individu teen oorheersing deur ander individue beklemtoon. Daarom het liberaliste betoog vir die beperking van die regte van heersers, parlementêre instellings en vir die uitbreiding van die stemreg. Demokrasie as owerheidsvorm het dus nie toe eers ontstaan nie, maar is wel teoreties regverdig. Mettertyd is daar egter, met hierdie aanvanklike regverdiging as grondslag, 'n meer eksplisiete ideologiese dimensie aan demokrasie as owerheidsvorm verleen. Demokrasie is daarvolgens nie net as owerheidsvorm regverdig nie, maar ook verkondig as 'n utopiese panasee. Ten spyte van terugslae, veral in die era rondom die Tweede Wêreldoorlog en die probleme in die Derde Wêreld, is demokrasie in die tweede helfte van die twintigste eeu verhef tot die enigste aanvaarbare owerheidsvorm. Daar is wel skrywers wat die basiese aannames en beginsels op grond waarvan demokrasie tot hierdie status verhef is, bevraagteken[220]. Sodanige bevraagtekening beteken egter nie dat demokrasie as 'n owerheidsvorm noodwendig negeer word nie. Bevraagtekening ten spyt, demokrasie word vandag as 'n verpligte owerheidsvorm vir state geag.

In teenstelling met die geskiedenis van nasionalisme as 'n verskynsel op die grondvlak, het demokrasie as 'n blote owerheidsvorm, dikwels moeilike tye beleef. Die oorgrote meerderheid van die wêreld se bevolking bevind hulle in 'n politieke situasie wat in 'n Westerse sin, óf geheel en al ondemokraties is, óf wat slegs die skyn van demokrasie handhaaf. Demokrasie is dikwels net aan die lewe gehou deur 'n sterk ideologiese beweging soos nou weer blyk uit pogings wat grens aan afdreiging deur onder meer die Wêreldbank en ander Westerse moondhede om Derde Wêreld state te laat demokratiseer. Die probleme wat demokrasie in die praktyk as owerheidsvorm ervaar het, moet nie beskou word as 'n aanduiding dat die mens nie 'n natuurlike behoefte aan vryheid en selfdeterminasie wat gewoonlik met demokrasie assosieer word, het nie. Dit is bloot 'n geval dat demokrasie as 'n owerheidsvorm nie altyd haalbaar is nie.

## 2.4 SLEUTELTERME

In hierdie afdeling word op sleutelterme en sleutelbegrippe gekonsentreer. Daar word ook na verbandhoudende en verwante terme soos byvoorbeeld staat en nasie gekyk.

### 2.4.1 Die term staat

Die term staat word hoofsaaklik in twee kontekste gebruik. Eerstens word dit min of meer as 'n sinoniem vir die regering en/of regeringsinstellings gebruik. Dit is veral die Marxiste en die neo-statiste wat dit in hierdie betekenisverband gebruik. Tweedens dui dit op 'n bepaalde politieke entiteit, wat oor die status van 'n regspersoon in byvoorbeeld die Volkereg beskik. In laasgenoemde betekenisverband is die kriteria vir 'n staat: 'n bepaalde grondgebied; permanente inwoners; 'n gesagstruktuur; en soewereiniteit. Erkenning as staat deur ander state kan 'n belangrike faktor wees in 'n staat se staatskap.

Die gebruik om die begrip staat aan 'n regering en regeringsinstellings gelyk te stel, is myns insiens kontroversieel (kyk Vincent 1994). Dit is eerder 'n gebruik afkomstig uit die volksmond wat deur sommige akademici oorgeneem is. Daar bestaan genoegsame ander erkende terme om tussen die verskillende komponente van die staat te onderskei. Dit is daarom nie nodig om dieselfde term te gebruik om na beide die geheel en 'n deel van die geheel te verwys nie.

In hierdie ondersoek word die term staat dus gebruik om na die geheel te verwys, dit wil sê na 'n bepaalde politieke entiteit. Dit is die betekenisverband soos wat dit in die Volkereg gebruik word. 'n Staat is egter 'n abstrakte entiteit wat meer is as bloot die somtotaal van die komponente daarvan. Daarom kan die onderskeie komponente in 'n bepaalde verhouding tot die geheel staan, byvoorbeeld die verhouding van die inwoners vis-à-vis die staat as geheel.

Die gebruik van die term staat het wel verandering ondergaan sedert dit in gebruik geneem is, en dit het ook ander terme vervang. 'n Groot debat in hierdie verband is of die gebruik van die term staat gereserveer moet word tot dit wat gewoonlik geassosieer word met die "moderne staat". Hierdie probleem word deeglik deur Bobbio (1986) bespreek, maar hy wou nie voorskriftelik in hierdie verband wees nie. In hierdie ondersoek word verkies om die term staat as 'n generiese term vir alle politieke entiteite wat aan die voorgenoemde kriteria van 'n staat voldoen, te gebruik [221].

Die gebruik van die term staat moet met die gebruik van vier verbandhoudende terme onderskei word. Die onderskeid tussen hierdie terme is van groot belang in hierdie ondersoek. Die gebruik van al hierdie terme is ongelukkig kontroversieel omrede dieselfde

terme dikwels in verskillende kontekste gebruik word. Omrede hierdie terme nie die fokus van die ondersoek is nie, word met stipulatiewe definisies volstaan.

* *Politieke stelsel*

Die term politieke stelsel dui in hierdie ondersoek op die somtotaal van die politieke strukture, rolle en kanale van 'n bepaalde politieke gemeenskap. 'n Staat beskik oor 'n politieke stelsel en is nie sinoniem met 'n politieke stelsel nie. Dit is moontlik dat 'n politieke stelsel enger as die staat kan wees, maar dit kan ook breër as die staat wees[222].

* *Samelewing*

Die term samelewing word in hierdie ondersoek gebruik om na die mens in sy sosiale verband te verwys. Dit is in hoofsaak 'n abstrakte "gemeenskap" met geen spesifieke, sosiale, politieke en geografiese grense nie[223].

* *Gemeenskap*

Die term gemeenskap dui op 'n bepaalde afgebakende groep mense wat oor 'n netwerk van interne interaksies met mekaar beskik. 'n Gemeenskap is nie noodwendig polities georganiseerd nie.

* *Politieke gemeenskap*

Die term politieke gemeenskap verwys na 'n gemeenskap wat oor 'n politieke stelsel beskik. 'n Staat is 'n bepaalde manifestasie van 'n politieke gemeenskap, maar nie alle politieke gemeenskappe is noodwendig state nie.

2.4.2 Die term nasie

Die term nasie is belangrik omrede dit enersyds die stam van die term nasionalisme is, maar andersyds dit ook die spil is waarom die verskynsel nasionalisme draai. Terselfdertyd moet dit van ander terme soos ras, etniese groep en ethnie onderskei word.

Die oorsprong van die term nasie kan teruggevoer word na die Latyn *natio* wat reeds in geskrifte van Cicero, Tacitus en Caeser verskyn het (Simpson 1971:387)[224]. Die term *natio* in daardie era verwys hoofsaaklik na die oorsprong (geboorte) van mense. Selfs in die antieke konteks is daar 'n element van gemeenskaplike bloedverwantskap, maar daar is ook 'n element van geografiese herkoms ter sprake[225]. Wat hier van belang is, is dat mense aan

die hand van 'n bepaalde gemenedeler in "nasies" verdeel is. Dit wil sê 'n nasie is 'n groep mense wat iets in gemeen het. Watter gemeenskaplikhede is hier van belang?

Die vroegste gebruik van die term *nation* in nie-Latynse tale wat tot dusver opgespoor kon word, is die van 'n dispuut wat in 1409 Boheemse en nie-Boheemse *nationes* aan die Universiteit van Leipzig betrek het. Die betekenisverband waarin dit hier gebruik is, was beperk tot 'n unie om die gemeenskaplike belange te beskerm van die landgenote van een van die vier *nationes* onder die Leipzig Professore (Smith 1983:167). Weer eens is daar 'n element van gemeenskaplikheid ter sprake - in die onderhawige geval die belange en herkoms (landgenote) van die *nationes*. Volgens Hubner se *Staats-Lexicon* (1704; in Smith 1983:167) was die term in die sewentiende eeu verbode. Gevolglik word dit selde voor die vroeë negentiende eeu in geskrifte teëgekom.

Die gemeenskaplike elemente wat tot dusver aangetoon is, is reeds aanduidend van een van die groot debatte rondom die term nasie. Tot dusver is beklemtoon dat die term nasie aanduidend kan wees van 'n gemeenskaplike geografiese herkoms; bloedverwantskap; en belange. Hierdie drie moontlike gemene delers van 'n nasie val saam met die drie vernaamste interpretasies wat aan die begrip nasie geheg word, naamlik dié van die statiste, die etniste en die klassiste.

Die statiste neem die staat as vertrekpunt en gaan van die veronderstelling uit dat alle inwoners binne daardie gebied 'n "nasie" is. Anders gestel, die geografiese dimensie van die nasie is deurslaggewend en verantwoordelik vir die eenheid onder die lede van die "nasie". Dit is 'n beskouing wat dikwels onder politieke wetenskaplikes en ook sosioloë voorkom. Volgens die Rus Yulian Bromley (1990:237) kom hierdie beskouing veral in die Engelse en Franse literatuur voor; teenoor die meer etniese beskouing in Sentraal- en Oos-Europese literatuur.

Hoewel etniese en geografiese komponente in die klassiste se teorieë ter sprake kom, beskou hulle nasionalisme as primêr 'n uitvloeisel of selfs as oorblyfsels van 'n onvoltooide klassestryd. Dit impliseer dat die nasie, as die spil van nasionalisme, se eenheidsgevoel uit die klassestryd voortspruit. Die idee van gemeenskaplike belange is implisiet by elkeen van hierdie beskouings, maar materiële belange is meer uitdruklik aanwesig by die klassiste. Dit is 'n beskouing wat veral onder Marxistiese skrywers voorkom.

Die etniste daarenteen beklemtoon die bloedverwantskap van 'n bepaalde groep persone as die belangrikste faktor van eenheid onder die verskillende lede van die "nasie". Dit is 'n beskouing wat veral deur etnoloë en antropoloë beklemtoon word. Theodor Veiter (1982) beklemtoon net soos Yulian Bromley (1990) die meer Sentraal- en Oos-Europese invloed in hierdie gebruikswyse van die term nasie.

Kritiek kan egter teen al drie hierdie beskouings ingebring word. Die statiste se beskouing in hierdie verband is wel geldig in die mate dat 'n nasie gewoonlik met 'n bepaalde geografiese streek as sy herkoms identifiseer en individue in so 'n streek dikwels 'n gemeenskaplike ervaringswêreld deel. Die fisiese omgewing kan tot gemeenskaplike belange aanleiding gee. Kritiek kan egter teen die statiste se beskouing ingebring word. Eerstens is daar die besef by die owerhede van state van die belangrikheid van 'n eenheidsgevoel onder die inwoners van die geografiese dimensie van die staat. Vandaar dan programme van nasiebou en assimilasie. Dit is 'n ietwat onlogiese argument want die staat bepaal die nasie, maar die nasie moet nou eers gebou word. Tweedens word uit die oog verloor dat die geografiese streke waarna in die geskiedenis verwys word op 'n geografiese herkoms gedui het, en dat hierdie herkoms gewoonlik 'n dimensie van bloedverwantskap ingesluit het.

Die klassiste se beskouing is ook problematies omrede hulle gewoonlik binne die parameters van reeds bestaande state en ethnies optree. Hierdie beskouing oor die nasie is uit hul beskouing van nasionalisme afgelei, omrede hulle argumenteer dat nasionalisme die produk van 'n klassestryd is. Dit impliseer dat die lede van daardie nasie almal deel van dieselfde klas moet uitmaak. Dit is 'n debatteerbare uitgangspunt omrede 'n nasie gewoonlik oor 'n hiërargiese struktuur beskik. Die elite is vir elke nasie byvoorbeeld onontbeerlik (kyk Armstrong 1982, Calhoun 1994). Verder verklaar die klassiste nie werklik waarom dit juis die "nasie" is waarop individue in tye van uitbuiting, terugval nie.

Die etniste se beskouing spring ook nie kritiek vry nie, maar is terselfdertyd kompleks. Snyder (1990) meld byvoorbeeld dat die gedagte aan 'n eenheidsgevoel wat nie met 'n fisiese biologiese band gepaard gaan nie, vir die meeste mense ondenkbaar is[226]. Hierdie probleem word verder gekompliseer indien die terme etnisiteit en ras met mekaar in verband gebring word. Vir doeleindes van hierdie ondersoek verwys ras na 'n klassifikasie van mense ooreenkomstig sekere genetiese en fisiese kenmerke soos byvoorbeeld velkleur, haartipe en kopvorm. Dit is moontlik om 'n nasie of 'n etniese groep as 'n bepaalde ras of subras te klassifiseer, maar dit is selde die primêre oogmerk met studies in nasionalisme.

Die onderskeid tussen die terme etnisiteit en nasie word gekompliseer deur die herkoms van die term etnies. Die term etnies is afkomstig van die Grieks *ethnos* wat weer as nasie vertaal kan word. Daar word verkies om etnisiteit te beskou as 'n bewussyn van 'n netwerk van bloedverwantskappe en 'n gemeenskaplike en kollektiewe geskiedenis of ten minste die geloof in beide (vergelyk byvoorbeeld die Jode). Dit gee weer aanleiding tot 'n gemeenskaplike lewenswyse (kultuur), taal en gewoonlik godsdiens. Die term *ethnos* is deur Sowjet-analiste vir groeperinge van mense gebruik wat oor 'n eie selfbewussyn beskik soos byvoorbeeld *clans, tribes* en *nasionale minderhede* (Bromley 1990:235). Dit is daarom duidelik dat indien die oorsprong en gebruik van die term etnies as maatstaf

gebruik word, die term nasie en etnies as sinonieme gebruik kan word. Die vraag wat egter gevra moet word is of die terme nasie en etniese groep as sinonieme gebruik behoort te word.

Die probleem is veel komplekser en blyk duidelik uit 'n ontleding van definisies van die terme etniese groep en nasie. Om hierdie probleem te illustreer word gekyk na F. Barth se definisie van die term etniese groep en Ernest Barker en Francis Lieber se definisies van die term nasie. Laasgenoemde twee definisies omsluit beide etniese en nie-etniese kenmerke van die nasie.

Volgens Barth (1969:10-11) verwys die term etniese groep na 'n bevolking wat:

* grootliks biologies selfgenererend is;
* fundamentele kulturele waardes deel wat weer in 'n uiterlike eenheid van kulturele vorme gerealiseer word;
* wat 'n netwerk van kommunikasie en interaksie vorm; en
* oor 'n lidmaatskap beskik wat homself identifiseer en deur ander identifiseer word as 'n kategorie wat onderskei kan word van ander kategorieë van dieselfde orde.

Barth toon twee belangrike kenmerke van 'n etniese groep aan naamlik die biologiese (genetiese) en die kulturele grondslag waarvolgens lidmaatskap van 'n bepaalde etniese groep bepaal word.

Die biologiese kenmerk van 'n etniese groep word in hierdie ondersoek as van primêre belang beskou en as 'n definiërende kenmerk van die begrip etniese groep beskou.

'n Etniese groep is primêr 'n biologiese groep. 'n Biologiese groep is egter nie noodwendig 'n kulturele groep nie. 'n Kulturele groep is ook nie noodwendig 'n biologiese groep nie. Daarom word in dié ondersoek 'n biologiese groep sonder 'n gemeenskaplike kultuur en 'n kulturele groep sonder 'n biologiese band, nie as 'n etniese groep beskou nie.

Die biologiese (genetiese) fondament van die etniese groep vereis verdere verduideliking. In die literatuur word dikwels hierna verwys as afstammelinge van gemeenskaplike voorouers. Hierdie beskouing word egter gekritiseer juis vanweë die feit dat sommige lede daarvan van "vreemdelinge" afstam. Daarom behoort die biologiese dimensie van die etniese groep eerder as 'n netwerk van bloedverwantskappe beskou te word. 'n

"Vreemdeling" kan lid van 'n bepaalde etniese groep word deur middel van ondertrouery. 'n Persoon erf gevolglik 'n genetiese lidmaatskap van een of meer etniese groepe sonder om noodwendig kultureel by hierdie groepe in te skakel.

Teenoor Barth se definisie van etniese groep staan Barker en Lieber se definisies van nasies. Barker se definisie (in Snyder 1990:232-233) lui soos volg:

> A nation is a body of men, inhabiting a definite territory, who normally are drawn from different races, but possess a common stock of thoughts and feelings acquired and transmitted during the course of a common history; who on the whole and in the main, though more in the past than in the present, include in that common stock a common religious belief; who generally and as a rule use a common language as the vehicle of their thoughts and feelings; and who, besides common thoughts and feelings, also cherish a common will, and accordingly form, or tend to form, a separate State for the expression of that will.

Francis Lieber (1868) se definisie van nasie is die volgende (in Snyder 1990: 234):

> What is a nation in the modern sense of the world? The word 'nation', in the fullest adaptation of the term, means, in modern times, a numerous and homogeneous population (having long emerged from the hunters and nomadic state), permanently inhabiting and cultivating a coherent territory, with a well-defined geographic outline, and a name of its own, - the inhabitants speaking their own language, having their own literature and common institutions, which distinguish them clearly from other and similar groups of people, being citizens or subjects of a unitary government, however subdivided it may be, and having an organic unity with one another as well as being conscious of a common destiny. Organic, intellectual and political internal unity with proportionate strength and a distinct and obvious demarcation from similar groups, are notable elements of the idea of a modern nation in its fullest sense.

Ten einde die problematiek van die onderskeid tussen 'n etniese groep en 'n nasie in hierdie drie definisies te kan uitlig, word bepaalde kenmerke van die biologiese en kulturele dimensie van 'n etniese groep belangrik.

'n Etniese groep is nie 'n onveranderende en permanente groep nie. Die waarheid is dat etniese groepe voortdurend aan verandering onderhewig is. Bestaande lede word verloor; nuwe lede inkorporeer; en kulturele veranderings word gemaak.

Indien hierdie veranderende aard van 'n etniese groep in ag geneem word en daar word terselfdertyd gekyk na voorbeelde van definisies van die term nasie, blyk die verband tussen etnisiteit en nasie in die praktyk duidelik.

In bogenoemde definisie beklemtoon Barker die "heterogene" oorsprong van die nasie uit verskillende rasse (etniese groepe?), maar terselfdertyd ook die homogene aard van die lede van die nasie se geskiedenis, denke, taal en toekoms ("common history", "common thoughts and feelings", "common will" en "common destiny").

Indien van die vertrekpunt uitgegaan word dat 'n etniese groep biologies selfgenererend is, maar terselfdertyd aan verandering in sy biologiese samestelling en kulturele eienskappe onderhewig is, is Barker se definisie veelseggend. Sy beklemtoning van die heterogene oorsprong van die nasie in terme van verskillende rasse impliseer dat teen die tyd dat een "nasie" een kulturele basis ontwikkel het, die verskillende rasse (ook etniese groepe) waarskynlik 'n biologiese basis ontwikkel het. Die Afrikaner is 'n voorbeeld van een kulturele en biologiese basis wat uit lede van verskillende etniese groepe en selfs rasse ontwikkel het.

Francis Lieber beklemtoon ook die homogene aard van die kulturele basis van die nasie. Die homogene aard van die nasie is in mate implisiet aanwesig in die statiste en klassiste se beskouings oor die nasie. Die statiste streef juis na homogeniteit deur middel van dominasie en "nasiebou". Die klassiste kyk weer na homogeniteit in terme van klas, maar slaag nie daarin om soos reeds genoem aan die etniese dimensie te ontkom nie (kyk Michael Hechter se werke).

Die homogene aard van die nasie se kultuur maak dit daarom onlogies dat 'n nasie multikultureel kan wees. Homogeniteit impliseer egter nie die afwesigheid van subkulture nie. Subkulture is egter ondergeskik aan die "oorhoofse" kultuur. 'n Nasie is daarom kultureel eenpolig. Verder beskik 'n nasie oor 'n kollektiewe geheue waarin 'n gemeenskaplike ervaringswêreld van lief en leed opgeteken is.

Ten einde die etniste se beskouing van die nasie te verduidelik is dit belangrik om 'n verdere eienskap van die nasie te bespreek naamlik die gees, (*spirit*, *esprit*) van die nasie wat uitdrukking vind in 'n bewussyn van hulself as 'n nasie, dit is die "ons-sentiment" teenoor "hulle-sentiment" en is die basis van 'n gemeenskaplike lojaliteit en gemeenskaplike strewes. Dit is juis hierdie gees wat 'n nasie onderskei van 'n blote etniese groep.

Hierdie sentiment van "ons" as 'n eenheid is implisiet aan Francis Lieber se definisie. Alexander Motyl (1992) beskou byvoorbeeld ook 'n nasie as 'n "self-conscious cultural community".

Vir die etniste kan kulturele homogeniteit en die gemeenskaplike gees van die nasie alleen bereik word indien dit gepaard gaan met 'n gemeenskaplike biologiese basis. Net so word

die mening gehuldig dat die sentiment van "ons" (die nasionale sentiment) nie by 'n groep teenwoordig kan wees wat nie oor 'n biologiese en kulturele basis beskik nie.

Die etniste ontken nie die moontlikheid van 'n heterogene oorsprong van die nasie nie, maar is van mening dat teen die tyd dat die nasie ontwikkel het, die nuwe nasie ontwikkel het tot 'n etniese groep. 'n Voorbeeld van hierdie uitgangspunt is weer eens die Afrikaner wat beide tot 'n kulturele en biologiese eenheid ontwikkel het. Dit is ook onderliggend aan teorieë van nasiebou wat fokus op kulturele en biologiese assimilasie.

Die vertrekpunt in hierdie ondersoek is dat al sou die nasie etnies gefundeerd wees, dit nie impliseer dat die term nasie 'n sinoniem vir die term etniese groep is nie. Indien 'n nasie 'n bepaalde manifestasie van 'n etniese groep is, beteken dit nie dat alle etniese groepe noodwendig nasies is nie. Op watter gronde kan daar dan tussen die begrip nasie en die begrip etniese groep onderskei word?

In hierdie ondersoek word die onderskeid tussen hierdie twee begrippe op grond van drie onderskeidende kenmerke gemaak. Hierdie onderskeidende kenmerke is grootliks analities. Ten einde die onderskeid te kan maak, moet die term ethnie ook ingebring word.

Die eerste onderskeidende kenmerk is soos reeds aangetoon die sentiment van eenheid, 'n identifikasie met die ander lede van die groep. Trent stel dit so: "... the consciousness of shared characteristics is one of the criteria to be used to identify a 'people' or a 'national community'" (Trent 1974:157). Wat hier van belang is, is dat die nasie oor 'n eenheidsgevoel en gemeenskaplike lojaliteit beskik en 'n bewustheid het van 'n kollektiewe geheue wat onderlinge verdeeldheid tussen sy 'natuurlike' lede oorbrug.

Hierdie eenheidsentiment wat onder meer gekenmerk word deur 'n eie identiteit kom in die praktyk daarop neer dat die nasie homself definieer. Hugh Seton-Watson (1965:3) meld "...all that we can say is, that a nation exists when an active and fairly numerous section of its members are convinced that it exists". Let op die idee dat die nasie nie oor 'n vaste en permanent afgebakende grens beskik nie. Wat, vir doeleindes van hierdie ondersoek beklemtoon moet word is dat 'n nasie eenpolig is. Met ander woorde daar is een kern waarom die nasie ingetrek word. ("...active...section"). Net soos die etniese groep, is die lidmaatskap van die nasie wisselend en is die kulturele aspekte daarvan aan verandering onderhewig.

Daar is navorsers wat die gedagte dat 'n nasie homself identifiseer kritiseer, maar myns insiens is dit 'n paternalistiese beskouing. Daar is ander wat hierby aansluit en noem dat 'n nasie slegs 'n nasie is, indien dit daartoe in staat is om homself as 'n nasie te laat geld en ook deur ander nasies as sodanig erken word (kyk Roskin *et al.* 1991:29-31).

Dit is ongelukkig juis die wortel van die probleem by subnasionalismes. Goeie voorbeelde is die Baltiese Republieke, Estland en Latvië. In sommige akademiese kringe word gepraat van hul ontwaking as 'n nasie (Giddens 1991). Die vraag is óf hulle nie nog altyd 'n nasie was wat in gevangeneskap deur 'n ander nasie gehou is nie. 'n Bepaalde nasie se bestaan is daarom nie afhanklik van ander se erkenning daarvan nie, maar wel eerder van sy eie erkenning daarvan.

Hierteenoor is 'n etniese groep primêr 'n biologiese en 'n kulturele groep. Die bewustheid van eenheid hoef nie noodwendig aanwesig te wees nie. Anders gestel 'n eenheidsgevoel en 'n gemeenskaplike lojaliteit of sentiment is nie 'n definiërende kenmerk van die begrip etniese groep nie, hoewel dit 'n meelopende kenmerk kan wees. Waar die bewustheid van 'n eenheidsgevoel wel bestaan, word gevind dat daardie bewustheid manifesteer in organisatoriese en gesagstrukture binne daardie groep. Anders gestel 'n eenheidsentiment vind gewoonlik uitdrukking in die interne politieke organisasie van daardie groep, met ander woorde dit beskik oor leiers en volgelinge. Die term *ethnie* word egter gewoonlik gebruik om 'n etniese groep wat polities georganiseerd is, aan te dui.

Die tweede onderskeidende kenmerk is dat 'n nasie sonder uitsondering polities georganiseerd is. 'n Nasie het 'n derde kenmerk wat hom van 'n ethnie onderskei naamlik om selfdeterminerend met betrekking tot die beskerming en bevordering van die belange van die nasie te wees. 'n Nasie is óf selfdeterminerend, óf streef daarna. Die mate van selfdeterminasie mag wissel. Die eienskappe van 'n nasie is vervolgens relatiewe kulturele homogeniteit, 'n eenheidsentiment, politieke organisasie en selfdeterminasie (óf die strewe daarna). Hierdie eienskappe kan terselfdertyd as definiërende kenmerke beskou word. Dit behoort ook duidelik te wees dat dit nie noodwendig aan etnisiteit en 'n bepaalde staat gekoppel hoef te wees nie.

Die vraag oor die biologiese basis van die nasie is nog onbeantwoord. In hierdie ondersoek word van die vertrekpunt uitgegaan dat 'n biologiese en selfs etniese basis nie 'n definiërende kenmerk van 'n nasie is nie, selfs al sou dit in praktyk gebeur dat nasies altyd oor 'n biologiese en selfs 'n etniese basis beskik. Dit is eerder 'n toevallige of meelopende kenmerk van meeste nasies in die praktyk. Hierdie vertrekpunt impliseer 'n middeweg tussen die vertrekpunte van die statiste en die etniste.

Dieselfde vertrekpunt geld ook in die geval van geografie as 'n gemeenskaplikheid van die nasie. Gewoonlik het 'n nasie 'n geografiese lokus, die vaderland. By groepe soos die Romani (Sigeuners) ontbreek die vaderland egter. Dikwels streef die nasie juis na selfdeterminasie binne 'n eie staat. Weer eens word die geografiese dimensie as 'n bepaalde manifestasie en meelopende kenmerk van 'n nasie beskou en nie as 'n definiërende kenmerk daarvan nie.

Vir analitiese doeleindes is die nasie en die etniese groep dus nie identies nie. In die praktyk gebeur dit egter dat hierdie twee verskynsels kan saamval en om redes wat in hoofstuk 4 bespreek word.

Opsommend: die term ras verwys na 'n groep met 'n genetiese basis; die term etniese groep na 'n groep met 'n biologiese en kulturele basis; die term ethnie na 'n groep met 'n biologiese, kulturele basis en 'n eenheidsentiment wat polities georganiseerd is; en die term nasie na 'n groep wat 'n kulturele basis het, oor 'n eenheidsentiment beskik wat polities georganiseerd is en na selfdeterminasie streef. 'n Nasie word gevolglik in hierdie ondersoek beskou as 'n groep waarvan die groepskohesie bewerkstellig word deur 'n bepaalde kulturele identiteit wat polities georganiseerd is. Dus is 'n nasie die produk van 'n bepaalde tipe groepvorming waarin identiteit 'n belangrike rol speel.

Die gebruik van die term nasie moet benewens die voorafgaande terme van die gebruik van die volgende terme onderskei word:

* *Stam*

Etnisiteit is verder belangrik wanneer die term nasie onderskei moet word van terme soos *stam*, *tribe* en *clan*. Vir doeleindes van hierdie bespreking word *stam*, *tribe* en *clan* as identies beskou, hoewel daar tog verskille tussen stam (soos dit onder die Germaanse *stämme* voorgekom het) en *tribe* en *clan*[227] is.

In hul interaksie met mekaar openbaar stamme en nomades dikwels 'n "ons-hulle"-patroon. Tog sou 'n mens kwalik elke stam- en nomadegroepe as 'n nasie kan beskou. Van buite af beskou, kan dit blyk dat verskillende stamme eintlik etnies dieselfde is, met bloot geringe verskille tussen mekaar. Dikwels is hierdie stamme ook bewus van hul eendersheid, maar bestaan daar nie 'n gees van eenheid tussen hulle lede nie. Die sogenaamde modelnasies wat in die agtiende en negentiende eeu ontstaan het, was die gevolg van 'n eenheidsgevoel wat begin ontstaan het tussen daardie groepe wat bewus was van hul eendersheid (kyk Armstrong 1982).

Vanselfsprekend is die afsnypunt van die werklike en potensiële of natuurlike lede van 'n nasie nie permanent nie. 'n Nasie kan gevolglik beskou word as 'n amorfe en veranderlike verskynsel met wisselende grense. Daarom sal die onderskeid tussen die verskynsels stam en nasie dikwels subjektief en arbitrêr wees omrede daar nie 'n numeriese kriterium vir 'n nasie kan bestaan nie.

San Marino wat in 1992 tot die Verenigde Nasies toegelaat is, het slegs 20 000 inwoners. Hoewel hulle "etnies" Italiaans is, het hulle 'n eie identiteit. Daarteenoor beskou 20

miljoen Kurde wat uit verkillende "stamme" bestaan, hulself as 'n nasie maar beskik nie oor 'n eie staat nie. Hoewel beide hulself as nasies definieer is beide nie ewe suksesvol in hul strewe na selfdeterminasie nie.

* *Volk*

Die term *volk* is ook problematies veral in daardie mate dat dit vry algemeen in die Engels vertaal word as *a people*, maar dat soos reeds aangedui in hoofstuk 1 die betekenisinhoud van die twee begrippe tog verskil. Theodor Veiter (1982:161) is van mening dat die term volk uitsluitlik gebruik moet word om 'n etniese groepering aan te dui en dat dit in die praktyk dikwels gelykgestel word met minderhede. Die regte van minderhede is volgens hom niks anders as die regte van 'n volk nie. Veiter wys verder op die problematiese gebruik van die term volk in die literatuur. Die term volk is moeilik onderskeibaar van die term nasie. Die onderskeid wat in hierdie ondersoek tussen die term nasie en die term volk gemaak word is bloot analities en dit word in die konteks gebruik van 'n georganiseerde en polities gemobiliseerde etniese groep. Soos reeds beklemtoon bestaan die vraag of die nasie se gees van eenheid ooit uit iets anders as 'n etniese groepering soortgelyk aan die volk kan voortvloei.

Soos uit die voorafgaande bespreking blyk, toon die gebruik van die term volk ooreenkomste met die gebruik van die term ethnie. Die term *ethnie* is relatief nuut en word gewoonlik gedefinieer as 'n groep persone met onderskeidingskenmerke, kultuur, territoriale samehang met vrye mobiliteit regdeur; relatief groot in omvang; met eksterne politieke verhoudinge van konflik en alliansie met soortgelyke groepe; wat oor 'n groepsentiment en -lojaliteit beskik (Smith 1983:186-187). In hierdie konteks word min verskil tussen die term ethnie en volk aangetref. Hoewel Veiter (1982) nie die term ethnie bespreek nie, dui hy tog aan hoe die term volk dikwels as sinonieme vir die term etniese groep gebruik word. In die konteks van hierdie ondersoek word die terme ethnie en volk as sinonieme gebruik, maar dit verskil van die terme etniese groep en nasie.

* *Nasiestaat en staatnasie*

Die term nasiestaat *état-nation* is ook problematies, want daarvolgens is die staat die nasie, óf die nasie die staat. Volgens Xavier Arbós (1990) kan die oorsprong van die term nasiestaat teruggevoer word na Léon Duguit wat 'n professor in Konstitusionele Reg was. In die 1930's is in die Franse *Droit public* die begrippe staat en nasie ingebring. Daarvolgens was die staat die personifikasie van die nasie. Volgens Carré de Marlberg (1920 en 1922) het die nasie die staat en sy mag gelegitimeer. "The theory of the liberal state attempts to justify the legitimacy of the nation by postulating the nation as the origin and legitimizing principle that fuels the power of the state" (Arbós 1990:61).

Die term nasiestaat en staatnasie word egter in studies van nasionalisme ietwat anders aangewend as hierbo geskets. Soos aangedui is die Franse ekwivalent van nasiestaat *état-nation* wat ook as staatnasie vertaal kan word. In die Engelse literatuur het daar egter 'n betekenisonderskeid ontwikkel tussen *nation-state* en *state-nation*. Nasiestaat (*nation-state*) as term word gevolglik gebruik in daardie weinige gevalle waar die staat en die nasie saamval, waar die gemeenskaplike lojaliteit ook lojaliteit teenoor die staat as die politieke uitdrukking van die nasie is. In 'n sekere sin dui dit op die staat as die produk van die nasie. Dit is dan dikwels die doelstelling van 'n nasie om 'n staat te skep en impliseer die samevoeging van die nasie en die staat en alles wat daarmee saamgaan, soos byvoorbeeld die huldiging van simbole, die gemeenskaplike gebruik van instellings en die gevoel van patriotisme. Die nasiestaat moet egter nie aan die nasie gelykgestel word nie. Daarby is die bestaan van die nasiestaat of die strewe na die vestiging van 'n nasiestaat nie 'n definiërende kenmerk vir die bestaan van 'n nasie nie. Jaffrelot (1989) gebruik die term "*nation-societé*" om na nasies te verwys wat nie 'n eie staat nastreef nie. Hierdie term nasiesamelewing word gevolglik ook in hierdie ondersoek gebruik[228].

Die term staatnasie word weer in daardie gevalle gebruik, waar die staat 'n identiteit aan die bevolking gee. Dit is 'n politieke gemeenskap wat oor soewereiniteit beskik, maar wat nog nie oor die nodige kulturele homogeniteit en eenheidsentiment tussen die lede van die bevolking beskik nie. Dit word egter nie ontken dat 'n staatnasie ook tot die punt kan ontwikkel waar dit 'n nasiestaat is nie. Na analogie van Jaffrelot se nasiesamelewing is die vraag of die term staatsamelewing of selfs staatgemeenskap nie hier meer gepas sou wees nie.

Die patroon van ontwikkeling van die natuurlike, evolusionêre nasie word gewoonlik as lineêr beskou met die stadiums stam, ethnie, nasie en dan indien die nasie oor sy eie staat beskik 'n nasiestaat (kyk Smith 1983:190). Hierdie patroon word egter wel soms onderbreek deur die verskynsel staatnasie soos in teorieë oor nasiebou aangetref. Verskeie redes kan aanleiding gee tot die ontstaan van 'n staatnasie. Een daarvan is die gevolge van kolonialisme. Daarby het die eenheidsentiment nog net nie ontwikkel nie, of is sekere groepe uit die nasievormingsproses uitgesluit. Vir 'n staat om ten volle 'n nasiestaat te wees sou dan ook vereis dat al sy permanente lede binne sy grondgebied woonagtig is en dat daar nie ander permanente groepe of lede met 'n eie identiteit aangetref word wat nie deel van die nasie uitmaak nie.

* *Nasionaliteit*

Die term nasionaliteit verwys in hierdie ondersoek na 'n persoon se burgerskap van 'n bepaalde staat en nie noodwendig na sy lidmaatskap van 'n bepaalde nasie nie. Hoewel hierdie gebruik van die term kontroversieel, in die lig van die voorafgaande bespreking is, verteenwoordig dit die algemene gebruik van die term[229].

* *Alliansie*

Hoewel die term alliansie na 'n volkeregtelike begrip verwys, kom die bestaan van informele alliansies in 'n studie van nasionalisme en veral in die Derde Wêreld se stryd teen kolonialisme ter sprake. Wat in die Derde Wêreld gebeur het, is dat verskillende groepe (gewoonlik etniese groepe) hul kragte saamgespan het in 'n poging om vreemde heerskappy oor hulle te beëindig. Hierdie anti-kolonialisme en anti-vreemde-oorheersing word in die literatuur te dikwels verwar met die nasie en nasionalisme. Die groepe wat saamgestaan het in hierdie stryd word te dikwels verkeerdelik as nasies beskou. Hoewel vreemde oorheersing hier 'n gemeenskaplike belang verteenwoordig, is dit nie genoegsaam om van hierdie alliansies 'n nasie te maak nie.

Soos reeds verduidelik is 'n nasie eenpolig en kultureel relatief homogeen. Daarenteen is 'n alliansie meerpolig en gewoonlik multikultureel. Dit verteenwoordig samewerking tussen groepe ten einde 'n bepaalde oogmerk te bereik. Die moontlikheid bestaan dat uit hierdie alliansie 'n nuwe kern oor die langtermyn kan ontwikkel wat die ander pole absorbeer. Eers dan kan gepraat word van 'n nuwe nasie. 'n Voorbeeld in hierdie verband is byvoorbeeld Switzerland wat inderwaarheid steeds kenmerke van 'n alliansie verteenwoordig tussen verskillende etniese groepe wat onder andere Frans-, Duits-, Italiaans- en Romaanssprekend is[230]. 'n Meningsopname onder die Franssprekende Switsers het byvoorbeeld aangetoon dat onder die oudste ouderdomsgroepe slegs 31% aan hulself primêr as Switsers dink terwyl onder die jongste groep 55% reeds aan hulself as Switsers dink (Steiner & Obler in Esman (red) 1977:334).

2.4.3 <u>Die term nasionalisme</u>

In hierdie afdeling word gekonsentreer op die kenmerke van die verskynsel nasionalisme en wat die betekenisinhoud van die begrip nasionalisme is. Dit word op twee wyses gedoen. Eerstens word 'n ontleding van bestaande definisies gemaak ten einde te bepaal watter gemeenskaplikhede ander skrywers aan nasionalisme toedig. Tweedens word nasionalisme onderskei van ander verbandhoudende verskynsels, soos patriotisme, wat moontlik daarmee verwar kan word.

Die keuse van definisies wat in hierdie afdeling aangehaal word, is toevallig, omrede dit nie prakties moontlik is om alle definisies aan te haal en te ontleed nie.

Die definisies wat aangehaal word, word telkens ontleed aan die hand van bepaalde uitstaande kenmerke van nasionalisme wat vooraf uit hierdie definisies afgelei is. Hierdie kerneienskappe wat identifiseer is, is:

* Gemeenskaplikheid. Sleutelterme is 'n gemeenskaplike etnisiteit, kultuur, geografie en belange.

* Identiteit, eenheidsentiment, bewustheid en assosiasie met ander lede van die groep (wat dan in hierdie konteks die nasie vorm). Sleutelterme in hierdie verband is byvoorbeeld samehorigheid, lojaliteit, algemene wil en eenheid.

* Selfdeterminasie. Die sleutelterme in hierdie verband is byvoorbeeld beheer oor magsmiddele, beklemtoning van die eie, selfregering en 'n eie staat.

* Beweging waarin die nasie die sentrale fokus is. Sleutelterme is beweging, aktiwiteit, strewes.

In die definisies wat in die volgende afdeling aangehaal word (meesal in Engels) word die sleuteleienskappe telkens in blokhakies [] direk na die sleutelterme aangedui. Hoewel sleutelwoorde wat aanwysend van die kerneienskappe is, geïdentifiseer is, soos in die voorafgaande paragraaf aangedui, is dit belangrik om te onthou dat daar in hoofsaak op betekenisinhoud gelet word en dat daar wel in die interpretasie van terme en in die interpretasie van die betekenisinhoud van sinsnedes, meningsverskille kan bestaan.

2.4.3.1 <u>Bestaande definisies van die begrip nasionalisme</u>

Die volgende definisies wat aangehaal en ontleed word, is 'n aanduiding van definisies wat in die literatuur oor nasionalisme aangetref word. Definisies wat van die vertrekpunt uitgaan dat die nasie deur die staat gevorm word, word egter verwerp om redes wat reeds in die voorafgaande afdeling bespreek is en word daarom nie hier aangedui nie.

* Breuilly (1982:3): "The term 'nationalism' is used to refer to political movements [beweging] seeking or exercising state power [selfdeterminasie] and justifying such actions with nationalist arguments." 'n Nasionalistiese argument is dan 'n politieke leerstelling wat gebou is op die volgende aannames:

    - Daar bestaan 'n nasie met 'n definitiewe en besondere karakter [gemeenskaplikheid en identiteit].

    - Die belange en waardes van hierdie nasies is belangriker as enige ander belange en waardes [belange].

    - Die nasie moet so onafhanklik wees as moontlik en dit vereis gewoonlik ten minste die verkryging van politieke soewereiniteit [selfdeterminasie].

* Deutsch (1979:14) "A *nation* is then a people which has gained control over some institutions of social coercion, leading eventually to a full-fledged *nation-state* [selfdeterminasie]; and *nationalism* is the preference for the competitive interest of this nation [gemeenskaplikheid] and its members over those of all outsiders [identiteit en assosiasie] in a world of social mobility and economic competition, dominated by the values of wealth, power, and prestige, so that the goals of personal security [belange] and group identification [assosiasie en identiteit] appear bound up with the group's attainment of these values".

* Gellner (1983:1; 7) "Nationalism is primarily a political principle, which holds that the political and the national unit should be congruent ... In brief, nationalism is a theory of political legitimacy, which requires that ethnic boundaries should not cut across political ones [gemeenskaplikheid], and, in particular, that ethnic boundaries within a given state ... should not separate the power-holders from the rest" en "Two men are of the same nation if and only if they share the same culture [gemeenskaplikheid], where culture in turn means a system of ideas and signs and associations and ways of behaving and communicating. Two men are of the same nation if and only if they recognise each other as belonging to the same nation" [bewustheid, identiteit en assosiasie].

* Hayes (1960:1-2): "Nationalism is an obvious and impelling movement [beweging] ... In simplest terms, nationalism may be defined as a fusion of patriotism with a consciousness of nationality."

* Kedourie (1974:9): "NATIONALISM is a doctrine invented in Europe at the beginning of the nineteenth century. It pretends to supply a criterion for the determination of the unit of population proper to enjoy a government exclusively its own [selfdeterminasie], for the legitimate exercise of power in the state, and for the right organization of a society of states. Briefly, the doctrine holds that humanity is naturally divided into nations, that nations are known by certain characteristics [gemeenskaplikheid] which can be ascertained, and that the only legitimate type of government is national self-government [selfdeterminasie]."

* Kohn (1965:9): "...a state of mind [bewustheid en identiteit], in which the supreme loyalty of the individual is felt to be due to the nation-state.

* Rodee, Anderson & Christol (1967:31): "...belonging to a homogeneous, [gemeenskaplikheid] unified group" [eenheidsentiment en assosiasie].

* Sargent (1990:18): "*Nationalism* is a complex word ... but most definitions include the following:

  1. Awareness of oneself as part of a group or national consciousness [bewustheid, identiteit en assosiasie];

  2. Identification with the group or national identity [eenheidsentiment];

  3. A geographical dimension to the defined group. There are some exceptions to this;

  4. Love of the group or patriotism; and

  5. Demands for action designed to enhance the group."

* Shafer (1972:17): "...a sentiment in which patriotism is fused with nationality, or, to put it another way, a belief that an individual should be loyal to his nation, its land, its values, and its state" [identiteit en assosiasie].

* Snyder (1982:xv): "*Nationalism.* A condition of mind, feeling, or sentiment of a group of people [bewustheid, identiteit en assosiasie] living in a well-defined geographic area, speaking a common language, possessing a literature in which their aspirations are expressed, attached to common traditions and customs, venerating their own heroes, and, in some case, having the same religion [gemeenskaplikheid]."

* Weilenman (Deutsch & Folz 1963:33): "The basis of every nation is its population, recognizable by certain common characteristics [gemeenskaplikheid], the most important of which is a sense of belonging [identiteit] to some distinct portion of land."

2.4.3.2 Ontleding van voorgenoemde definisies

Bogenoemde is slegs enkele definisies wat in die literatuur oor nasionalisme aangetref word. Dit is duidelik dat daar verskille en ooreenkomste in hierdie definisies bestaan.

Indien hierdie definisies egter van nader beskou en aan die hand van gemenedelers wat beklemtoon is, ontleed word, kan drie basiese fasette van nasionalisme onderskei word. Eerstens is daar die bestaan van 'n nasie. Dit wil sê die sielkundige identifikasie en assosiasie met mekaar, van 'n groep individue wat oor gemeenskaplike kenmerke soos 'n bepaalde grondgebied, taal, kultuur en dikwels godsdiens beskik. Hierdie gemeenskaplike

kenmerke word gewoonlik die nasionale karakter genoem. Tweedens is daar 'n aanduiding van die individuele lede se houding teenoor mekaar en teenoor hul nasionale karakter, soos byvoorbeeld lojaliteit en trots met ander woorde 'n eie identiteit van "ons" teenoor "hulle". Hierna word gewoonlik as nasionale identiteit en sentiment verwys. Derdens is daar 'n aanduiding van die verwagtinge wat voortvloei uit hierdie verhouding met die nasie, gewoonlik die realisering van bepaalde belange en politieke selfdeterminasie.

Die tien attribute beide werklik en mities, wat Boyd Shafer (1972:17-22) ten opsigte van nasionalisme identifiseer, sluit by voorgenoemde drie fasette van nasionalisme aan. Die kenmerke van nasionalisme wat D.J. Kotze (1970:9) onderskei sluit ook by hierdie fasette aan.

Shafer se tien attribute is die volgende:

* Grondgebied wat bewoon of begeer word. Daar word geglo dat die grondgebied aan hulle behoort of behoort te behoort. Enige vermindering in die grondgebied word teengestaan.

* Kommunikasie tussen lede en 'n gemeenskaplike kultuur. Die gemeenskaplike kultuur wat aan moontlike verandering onderhewig is, sluit gewoonlik 'n gemeenskaplike taal, letterkunde, simbole, gebruike, gewoontes en maniere in.

* Dominante sosiale en ekonomiese instellings.

* 'n Gemeenskaplike onafhanklike staat of die strewe na die bestaan van so 'n staat, wat uit die behoefte aan selfdeterminasie van die nasie voortvloei.

* 'n Gedeelde geskiedenis en dikwels ook 'n gemeenskaplike etniese oorsprong.

* 'n Voorkeur aan ander lede van dieselfde nasie.

* 'n Gedeelde trots in die prestasies in die verlede, hede en toekoms. Dit impliseer ook 'n gedeelde smart, veral by nasies wat deur groot krisisse gegaan het.

* 'n Gedeelde onverskilligheid en selfs vyandigheid teenoor ander nasies.

* 'n Toewyding aan die nasie en die vaderland.

* 'n Gedeelde hoop dat die nasie en die individue wat daaraan behoort oor 'n glorieryke toekoms sal beskik.

Volgens Shafer hoef al hierdie attribute nie teenwoordig te wees nie. "Before nationalism can be said to exist, however, most of them must be present, and when all are present at the same time, then nationalism will be strong" (1972:20).

Dit is duidelik dat van hierdie attribute van nasionalisme wat deur Shafer identifiseer is, wel met die nasie verband hou - byvoorbeeld 'n gemeenskaplike kultuur, geskiedenis en instellings. Ander attribute hou weer verband met die houding van lede van die nasie - byvoorbeeld voorkeur aan lede van die nasie; onverskilligheid teenoor ander en gedeelde trots en toewyding aan die nasie. Laastens dui dit op die verwagtinge wat die individue van hierdie assosiasie koester naamlik 'n glorieryke toekoms.

Shafer bring weer eens die probleem van grondgebied en 'n vaderland as 'n belangrike attribuut te berde. Net soos dit in die geval van die nasie verduidelik is, word grondgebied en die vaderland vir analitiese doeleindes nie as definiërende kenmerke van die bestaan van nasionalisme beskou nie. Die plek van grondgebied of 'n eie vaderland word daarom beskou as 'n bepaalde manifestasie van nasionalisme. Nasionalisme gaan daarom in die eerste plek oor die nasie as 'n bepaalde vorm van assosiasie of soos Trent (1974:159) dit stel: "It [nationalism] is merely one historic stage in 'communalism', in the sense of a strong allegiance to one's own community rather than to society as a whole".

Volgens D.J. Kotze (1970:9) is die vernaamste kenmerke van nasionalisme:

* 'n Gedagtesisteem en lewenshouding waarin die nasie sentraal geplaas word.

* Die aanvaarding dat hulle as groep sekere gemeenskaplike waardes of belange besit en 'n bepaalde gemeenskaplike taak of roeping te verrig het.

* Die oortuiging dat dit aan hulle 'n besondere identiteit verleen wat hulle van ander groepe onderskei.

Vir Kotze is grondgebied en 'n eie staat ook 'n belangrike kenmerk van nasionalisme. Volgens hom bestaan die opvatting by die nasie dat hul waardes alleenlik gehandhaaf kan word, indien hulle oor 'n eie staatsverband beskik. Dit gee daartoe aanleiding dat nasionalisme gekenmerk word deur die gemeenskaplike begeerte, wil en strewe om 'n eie staat te verkry en te handhaaf.

Die handhawing van gemeenskaplike waardes en belange is egter vir Kotze die rede waarom 'n eie staatsverband belangrik is. In hierdie ondersoek is die mening dat die handhawing van gemeenskaplike waardes en belange dui op selfdeterminasie of die strewe daarna as 'n kenmerk van 'n nasie. Die strewe na staatskap is eerder 'n bepaalde

manifestasie van die strewe na selfdeterminasie en nie 'n definiërende kenmerk van die begrip nasionalisme nie.

Indien die voorgaande definisies, attribute en kenmerke van nasionalisme ontleed word, word gevind dat van die elemente van nasionalisme wat deur verskillende skrywers uitgewys word, dieselfde is as die kenmerke wat in afdeling 2.4.2 ten opsigte van die nasie bespreek is. Dit wil sê in die definisies oor nasionalisme handel 'n gedeelte van elke definisie met die kenmerke van 'n nasie. Tweedens dui van hierdie definisies op die posisie en rol van die nasie in die denke en lewenswyse van die individuele lede van daardie nasie en derdens op die verwagtinge wat uit hierdie besonderse assosiasie met die nasie voortspruit. Hieruit word afgelei dat die werklike essensie van nasionalisme 'n lewenshouding en lewenswyse is wat rondom die nasie wentel. Hierdie lewenshouding en lewenswyse kan die grondslag van 'n ideologie vorm waarvolgens dan beweer word dat die beste lewenshouding en lewenswyse een is waarin die nasie sentraal geplaas word. Die verwagtinge wat die individuele lede vir hierdie lewenswyse en lewenshouding koester, is soos in hoofstuk 4 uitgewys sal word, eerder motiverings vir die aanvaarding van hierdie lewenswyse.

Samevattend kan nasionalisme beskou word as die manifestasie van 'n mens se emosionele band en identifikasie met die nasie. Dit is die mobilisering van die nasie in terme van sy "nasionale identiteit". Nasionalisme kan nie sonder die nasie bestaan nie. Gewoonlik beskik elke nasie oor, wat hy beskou as, 'n eie vaderland maar dit word nie in hierdie ondersoek as 'n definiërende kenmerk van nasionalisme beskou nie.

### 2.4.4 Nasionalisme en verwante terme

In hierdie afdeling word gekonsentreer op terme wat met nasionalisme verband kan hou, maar tog nie daarmee verwar moet word nie.

#### 2.4.4.1 Patriotisme

Patriotisme is afgelei van die Grieks *patriótés* wat vaderland beteken. Ongelukkig word ook hier verskillende betekenisse aan die term geheg. Die vertrekpunt in hierdie ondersoek is dat by patriotisme die klem op die vaderland is; dit is 'n liefde vir die vaderland en 'n besef dat jy van die vaderland afhanklik is. Uit hoofde hiervan bestaan 'n gemeenskaplikheid met ander persone wat oor dieselfde vaderland beskik. Hierdie persone hoef egter nie 'n nasie te vorm nie. Nasionalisme het die nasie as objek; terwyl patriotisme slegs die vaderland as direkte objek het. Hiervolgens kan die inwoners van 'n staat patrioties wees, selfs al vorm hulle nie 'n nasie nie.

2.4.4.2 Nasionalitarisme

'n Verdere belangrike onderskeid wat hier verdien om gemeld te word, is die onderskeid tussen nasionalisme as 'n evolusionêre proses en die manipulering van nasionalisme deur middel van sosiale geniëring. Een van die grondliggende kenmerke van nasionalisme, soos dit tot dusver hier bespreek is, is die natuurlike evolusionêre aard daarvan. Beide as verskynsel en in sy ideologiese konteks is daar gehandel met nasionalisme as 'n natuurlike proses in die mens se lewe as 'n sosiale wese. Dit is hierdie natuurlike manifestasie van nasionalisme wat grootliks in onguns verval het. Tog is hierdie vorm van nasionalisme, ten spyte daarvan dat dit in onguns verval het, vervang met 'n ideologie wat nasionalisme op kunsmatige wyse probeer vestig, selfs waar die natuurlike komponente vir die ontwikkeling van 'n nasie nie bestaan nie - die sogenaamde teorieë oor nasiebou. Teorieë oor nasiebou verteenwoordig inderdaad 'n vorm van sosiale geniëring. Daar word egter verkies om na hierdie teorieë oor nasiebou wanneer dit neerkom op 'n ideologie van nasiebou te verwys as nasionalitarisme ten einde dit van die meer natuurlike evolusionêre nasionalisme te onderskei[231].

Die ideologiese manifestasie van nasiebou is, soos nasionalisme, gebore uit die behoefte om gebeure op die grond te regverdig. Veral gebeure rondom kolonialisme en na afloop van die Tweede Wêreldoorlog is dikwels gekenmerk deur die kunsmatige samevoeging en skeiding van mense in geografiese gebiede. Hiermee word geensins beweer dat daar nie voorheen in die geskiedenis om 'n verskeidenheid van redes, saamgevoeg is dit wat verskillend is en dat geskei is dit wat eenders is nie. Die gevolge daarvan was egter voorheen aan die kragte van die geskiedenis oorgelaat om hul uit te sorteer. Daar is nou besef dat dit wel in die belang van die betrokke staat, maar waarskynlik ook in belang van internasionale vrede en veiligheid is, dat die inwoners van 'n bepaalde staat met mekaar en met die betrokke staat moet assosieer. Die fundamentele onderskeid in hierdie verband is dat by nasionalisme word die <u>nasie</u> sentraal geplaas. Daar word eintlik van die standpunt uitgegaan dat die mensdom van nature in nasies ingedeel is en dat die staat die produk van die nasie is. Daarteenoor word by nasionalitarisme die <u>staat</u> sentraal geplaas. Daar word van die standpunt uitgegaan dat die mensdom in state ingedeel is, dit word feitlik as 'n natuurlike indeling, beskou. Die "nasie" is nou die produk van die staat. Nasionalitarisme is egter baie meer eksplisiet ideologies as nasionalisme, omdat dit altyd te make het met 'n doelbewuste poging om 'n nasie tot stand te bring.

2.4.4.3 Kolonialisme en imperialisme

Kolonialisme en imperialisme is twee verskynsels wat ooreenkomste met nasionalisme toon. In hierdie konteks is die onderskeid tussen kolonialisme en imperialisme nie belangrik nie. Kolonialisme kan beskou word as overte imperialisme terwyl imperialisme beskou kan word as koverte kolonialisme. Beide het te make met 'n beleid wat op

ekspansionisme in terme van invloedrykheid en die verkryging van grondgebied en rykdomme afstuur. Hayes (1960:90-115) verwerp die beskouing van byvoorbeeld die Marxiste dat imperialisme in die eerste plek 'n ekonomiese verskynsel is. Volgens hom is die ekonomiese aspek van imperialisme sekondêr tot die primêre nasionalistiese oogmerke, die uitbouing van nasionale mag, prestige en natuurlik nasionale rykdom. Daarteenoor is anti-kolonialisme en anti-imperialisme dikwels afvuurmeganismes vir nasionalisme. Nasionalisme en imperialisme kom dus dikwels in dieselfde konteks voor, maar dit is nie dieselfde nie.

2.4.4.4 Fascisme, Nazisme en rassisme

Fascisme en Nazisme is twee bewegings met 'n sterk ideologiese onderbou waarin die nasie, as een aspek van die ideologie, figureer. Die simbool en krag van beide bewegings is die eenheid, krag en solidariteit van die nasie. Fascisme en Nazisme kan beskou word as 'n bepaalde manifestasie van nasionalisme. Nie alle nasionalismes is egter Fascisties of Nazisties van aard nie.

Rassisme is die klassifikasie van alle mense volgens fisiese eienskappe wat dan gepaard gaan met die idee dat die eie ras fisies en intellektueel meerderwaardig is teenoor die minderwaardige aard van ander rasse. Hoewel Anthony Smith (1983:261) van mening is dat rassisme meer verband hou met nasionalisme as Fascisme en Nazisme kan daar nie hiermee saamgestem word nie. Rassisme is gevoelens tussen rasse wat gewoonlik volgens breë en vae kategorieë geskied en wat selde volgens die akademiese kriteria vir rasseklassifikasie geskied. Blank teenoor Swart. Jood teenoor Arabier. Nasionalisme as 'n komponent daarvan is gewoonlik bloot toevallig. Rasseverskille maak die identifikasie van nasies wat wel volgens rasselyne loop makliker en as gevolg daarvan sal, soos in hoofstuk 4 aangetoon word, dit moeiliker wees om rasseverskille in dieselfde staat te akkommodeer as dit reeds met rebelse nasionalismes gepaard gaan.

Daar is nog ander terme en verskynsels waarmee nasionalisme verband hou. Vir doeleindes van hierdie ondersoek word met voorgenoemde volstaan.

2.4.5 Variasies van nasionalisme

Soos reeds in hierdie hoofstuk, maar ook in hoofstuk 1 gesuggereer, word die term nasionalisme gebruik om na verskillende verskynsels te verwys. Die mening is egter dat dit waarskynlik die gevolg is van 'n onwilligheid om nuwe terme te skep ten einde tussen verskillende manifestasies (variasies of tipes) nasionalisme te onderskei. Daar is navorsers wat bydraes in hierdie verband gemaak het; maar ook hier is die terminologie nie gestandaardiseer nie. Tog is daar 'n neiging tot 'n groter mate van konsensus.

Verskeie pogings is al aangewend om 'n klassifikasieskema en tipologie van nasionalisme op te stel. 'n Tipologie word vir doeleindes van hierdie ondersoek nie as belangrik beskou nie. Tog word tussen verskillende manifestasies of variasies van nasionalisme onderskei. Daarom is dit nodig om in hierdie afdeling die verskillende manifestasies en variasies te verduidelik. Die aard van die bespreking vereis geen definitiewe logiese orde nie. Verbandhoudende variasies word egter óf gesamentlik, óf direk na mekaar bespreek.

2.4.5.1 Manifestasies van nasionalisme in multinasionale state

Alle vorme van nasionalisme kan in multinasionale state aangetref word. Hier is die fokus egter op die verhouding tussen die onderskeie nasionalismes in een staat gemik.

* *Multinasionale state*

Multinasionale state is state waarin meer as een nasionalisme, óf nasie voorkom. Multinasionale state se bevolking is implisiet kultureel heterogeen. Wanneer die kriteria vir 'n nasie soos in afdeling 2.4.2 as vertrekpunt geneem word, is state met heterogene bevolkings nie noodwendig multinasionaal nie. Voorbeelde van multinasionale state is Kanada, Brittanje, Frankryk en Suid-Afrika. 'n Multinasionale staat kan óf deur instemming (Brittanje en België) tot stand kom óf deur middel van aangrensende kolonialisme (vergelyk voormalige USSR).

* *Meerderheidsnasionalisme*

Meerderheidsnasionalisme verwys na die nasionalisme van 'n nasie wat binne 'n bepaalde multinasionale staat die numeriese meerderheid in die bevolking vorm. Byvoorbeeld in Frankryk, 'n multinasionale staat, vorm die etniese Franse 'n meerderheidsnasionalisme. Omrede 'n meerderheidsnasionalisme gewoonlik met 'n bepaalde staat assosieer word, word dit dikwels met 'n nasiestaat verwar.

* *Mininasionalisme*

'n Mininasionalisme, soms ook genoem mikronasionalisme verwys na die nasionalisme van 'n nasie/s wat binne 'n bepaalde staat 'n minderheid vorm. Alternatiewelik kan die term minderheidsnasionalisme hiervoor gebruik word.

* *Subnasionalisme*

Die term subnasionalisme word dikwels gebruik as 'n alternatief vir mininasionalisme. Tog bestaan daar myns insiens 'n nuanseverskil in die sin dat die term mininasionalisme op 'n

numeriese verhouding dui, terwyl subnasionalisme op 'n hiërargiese verhouding dui - die ondergeskiktheid van een nasionalisme aan 'n ander nasionalisme. 'n Voorbeeld in hierdie verband is die voormalige Joego-Slawië. In die praktyk is 'n mininasionalisme gewoonlik 'n subnasionalisme maar dit hoef nie noodwendig die geval te wees nie. 'n Subnasionalisme hoef ook nie noodwendig 'n mininasionalisme te wees nie.

* *Dominante nasionalisme*

Die teenoorgestelde van subnasionalisme is dominante nasionalisme. Die term dominante nasionalisme verwys na nasionalisme wat op grond van sy relatiewe magsposisie (hetsy afgelei uit ekonomiese, politieke en/of numeriese mag) ander nasionalismes oorheers of die toon aangee (kyk Francis 1976).

* *Kompeterende nasionalisme*

Die term kompeterende nasionalisme verwys na 'n situasie waar twee of meer verskillende nasies alleenaanspraak op dieselfde vaderland maak. 'n Voorbeeld is Israel. Die huidige aanvaarding van 'n Palestynse tuisland maak hierdie voorbeeld minder toepaslik. Nietemin bestaan by beide die Joodse en die Palestynse bevolking steeds die idee dat elkeen eksklusiewe aanspraak op Israel het.

* *Parallelle nasionalisme*

Dit is 'n neologisme wat gebruik word in daardie gevalle waar twee of meer nasionalismes binne 'n staat min of meer ewe groot in omvang is en/of min of meer dieselfde voordele geniet. 'n Voorbeeld is die Wale en Vlaminge in België.

* *Rebelse en onderdanige nasionalisme*

Die terme rebelse nasionalisme en onderdanige nasionalisme is neologismes wat uit hierdie ondersoek gebore is, omrede daar 'n behoefte bestaan om veral in die konteks van hierdie studie genoemde manifestasies van nasionalisme uit te wys. Die betekenisverband waarin hierdie terme gebruik word, is gewoonlik dieselfde as die betekenis wat in die literatuur aan die terme mininasionalisme en subnasionalisme geheg word. Maar 'n mininasionalisme en subnasionalisme hoef nie noodwendig rebels of onderdanig te wees nie en 'n rebelse of onderdanige nasionalisme nie noodwendig 'n mininasionalisme nie. Rebelse en onderdanige nasionalisme dui op 'n houdingsverhouding binne 'n bepaalde multinasionale staat.

'n Mininasionalisme en 'n subnasionalisme beskik oor, óf streef na 'n eie afsonderlike identiteit, maar nie noodwendig na 'n groter mate van politieke outonomie nie. Mininasionalisme en subnasionalisme kan twee uiterste variasies aanneem naamlik, 'n rebelse en 'n onderdanige variasie. 'n Onderdanige nasionalisme streef nie 'n groter mate van politieke outonomie na nie. Dit is nie teenstrydig met die gedagte aan selfdeterminasie as 'n kenmerk van nasionalisme nie. Die rede hiervoor is dat 'n onderdanige nasionalisme tevrede is met sy posisie binne die multinasionale staat en dat sy posisie deur die nasie se besluit tot hierdie posisie gesanksioneer word. Daar is gevolglik 'n simbiotiese verhouding tussen die onderdanige nasionalisme en die ander nasionalismes in daardie staat. Anders gestel, die posisie van die nasie binne die multinasionale staat is 'n produk van die onderdanige nasie se selfdeterminasie.

Daarteenoor is 'n rebelse nasionalisme ontevrede met sy posisie binne die multinasionale staat en word 'n groter mate van outonomie of regionale vryheid nagestreef. Die intensiteit van die eise kan egter van geval tot geval verskil. Elke rebelse nasionalisme beskik oor gematigde en ekstremistiese lede. Die gematigdes is dikwels tevrede met konsessies en devolusie van gesag. Die ekstremiste is gewoonlik sessesionisties en separatisties. Dit is die konteks waarin die term mininasionalisme gewoonlik gebruik word, maar soos reeds verduidelik, word probleme met hierdie term ondervind. By verkryging van onafhanklikheid is 'n "rebelse nasionalisme" dan nie meer 'n rebelse en/of 'n mininasionalisme nie, maar 'n volwaardige nasionalisme.

Rebelse nasionalisme word gewoonlik as verraad vertolk deur die regering van die staat waarin dit voorkom. Sy lot word gewoonlik deur relatiewe mag bepaal (Snyder 1982:12-13). In Frankryk is verskeie organisasies as verbode verklaar omrede hulle 'n verandering van die grense van Frankryk voorstaan en volgens die Franse grondwet verteenwoordig dit hoogverraad.

2.4.5.2 Liberale en integrale nasionalisme

Hierdie is twee vorme van nasionalisme wat deur Carlton Hayes (1931) in sy klassifikasie van nasionalisme opgeneem is en wat hier ter sprake kom.

*   *Liberale nasionalisme*

Dit toon beide demokratiese en aristokratiese kenmerke. Die absolute soewereiniteit van die nasionale staat, tesame met die beginsel van individuele vryheid en internasionale vrede word beklemtoon.

* *Integrale nasionalisme*

Integrale nasionalisme verhef lojaliteit teenoor die nasionale staat bo enige ander lojaliteit. Alle sosiale, kulturele, ekonomiese en godsdienstige oorwegings is ondergeskik aan die oogmerke van nasionalisme. Nazisme en Fascisme het onder andere elemente van integrale of outoritêre nasionalisme bevat.

2.4.5.3 Etnosentriese, polisentriese, xenophobiese en xenophiliese nasionalisme

Die onderskeid tussen etnosentriese en polisentriese nasionalisme hou verband met liberale en integrale nasionalisme, maar dit is nie dieselfde nie.

* *Etnosentriese nasionalisme*

By etnosentriese nasionalisme is beide mag en waardes ontleen aan die betrokke etniese groep. Dit is geskoei op die idee dat die etniese groep waaraan 'n mens behoort die bron van wysheid, skoonheid, heiligheid en kultuur is; daarom behoort mag outomaties as 'n attribuut tot hierdie groep. Etnosentriese nasionalisme is op die eie ingestel en is dikwels onverdraagsaam teenoor ander etniese groepe en nasionalismes. Dit toon dikwels chauvinistiese eienskappe.

* *Polisentriese nasionalisme*

Polisentriese nasionalisme daarenteen kom meer ooreen met die dialoog van verskeie akteurs op 'n gemeenskaplike verhoog. Hierdie vorm van nasionalisme gaan van die veronderstelling uit dat daar verskeie sentrums van werklike mag bestaan. Ander groepe het ook waardevolle en edele opvattings en instellings. Dit word gekenmerk deur verdraagsaamheid teenoor ander nasionalismes. In polisentriese nasionalisme is daar drie tendense wat na vore tree, naamlik (Smith 1983:158-163):

- Outonomie - die groep moet vry wees van eksterne inmenging en interne verdeeldheid ten einde sy reëls te kan maak en instellings daar te stel ooreenkomstig sy eie behoeftes en karakter.

- Kollektiewe individualiteit - "nasies" is nou groepe met die status van 'n regspersoon en die regte en verpligtinge wat daarmee gepaard gaan. Die wêreld se belangrikste verdelings is nou in terme van nasies.

- Pluralisme - die opvatting dat die wêreldorde en wêreldvryheid afhanklik is van die verwesenliking van 'n stelsel van nasiestate, dit wil sê die sogenaamde familie van nasies.

*	*Xenophobiese nasionalisme en xenophiliese nasionalisme*

Xenophobiese nasionalisme toon ooreenkomste met etnosentriese nasionalisme. Eersgenoemde is nie alleen op die eie ingestel nie, maar vrees inderwaarheid die ander. Alles wat nie deel van die eie is nie word as 'n bedreiging vir die eie gesien.

Xenophiliese nasionalisme is weer die teenoorgestelde en toon 'n geneigdheid om die vreemde tot eie te maak. In groot mate hou die "verwestering" van byvoorbeeld Japan hiermee verband.

2.4.5.4 Etnonasionalisme en territoriale nasionalisme

Volgens A.D. Smith (1983) is die onderskeid tussen 'n etniese en 'n territoriale nasionalisme belangrik. In die bespreking van die kriteria vir 'n nasie is genoem dat die etniese groep en grondgebied nie 'n voorvereiste vir die bestaan van 'n nasie is nie. Terselfdertyd is gesuggereer dat in die praktyk die nasie dikwels groei uit 'n etniese groep en dikwels 'n geografiese lokus het.

*	*Etnonasionalisme*

Dit is 'n term wat algemeen voorkom ten einde die etniese basis van 'n bepaalde nasionalisme aan te dui. Ongelukkig word dit dikwels met rassisme en etnosentriese nasionalisme verwar.

*	*Territoriale nasionalisme*

Dit is 'n term wat gebruik word om aan te dui dat 'n bepaalde nasionalisme 'n territoriale eerder as 'n etniese grondslag het.

2.4.5.5 Variasies in nasionalisme wat voortspruit uit die aard van die beweging

Verskeie ander manifestasies van nasionalisme kan, indien daar gekyk word na die aard en oogmerke van die betrokke beweging, identifiseer word.

*	*Makronasionalisme*

Makronasionalisme of die sogenaamde pan-bewegings strek oor staatsgrense heen. Dit is polities-kulturele bewegings wat die eenheid en die solidariteit probeer bevorder van mense wat oor 'n gemeenskaplike of verwante taal, groepsidentifikasie, tradisie of geografiese nabyheid beskik. Dit mag spontaan of beplan wees. Voorbeelde van makronasionalisme

2

is Pan-Afrikanisme, Pan-Arabisme en Pan-Slavisme (kyk Snyder 1984). Dit is hoofsaaklik 'n poging om ethnies en nasies wat oor gemeenskaplikhede beskik te verenig.

* *Diaspora*

Dit verwys na 'n nasionale sentiment van 'n spesiale groep wat versprei is onder ander nasies en groepe. Hierdie groepe bied weerstand teen assimilasie en begeer selfregering. Dikwels is hervestiging die enigste oplossing. 'n Voorbeeld is Zionisme. Die Romani-beweging toon ooreenkomste hiermee.

* *Irredentisme*

Hierdie vorm van nasionalisme toon ooreenkomste met diaspora in die sin dat die groepe wat daarby betrokke is, ook versprei is. Hulle streef egter nie alleen die inlywing van verlore lede na nie, maar ook na die inlywing van die gebiede waarop die "verlore" lede woon. Irredentisme het 'n bepaalde geografiese gebied van die nasie as 'n vertrekpunt. Vergelyk byvoorbeeld Armenië en die geskil oor Nagorno-Karabakh met Azerbaijan (in die voormalige USSR).

* *Versplinterde nasionalisme*

Versplinterde nasionalisme ('n neologisme) toon ook ooreenkomste met diaspora en irredentisme. Anders as by irredentisme bestaan daar nie reeds 'n bepaalde geografiese basis van die nasie nie. Die nasie is versprei, in werklikheid verkap, maar die bymekaarmaking van die verlore en verkapte grondgebied en die lede van die nasie word nagestreef. Voorbeelde is die Baske en die Kurde. Francis (1976) noem hierdie gevalle 'n multistaat-etniese samelewing. Na analogie van Jaffrelot (1989) kan dit ook 'n multistaat nasiesamelewing wees.

* *Fissiparous nasionalisme*

Dit is 'n term wat deur President Nehru van Indië gebruik is. Dit dui op 'n vorm van nasionalisme wat gekenmerk word deur die skepping van nuwe eenhede deur middel van skeuring en klowing van 'n ou nasionalisme. 'n Nasionale eenheid word dan verbrokkel (Snyder 1982:XV). Die probleem met hierdie term is dat dit te dikwels gebruik word in 'n konteks waarin nasionalisme met alliansies verwar word. Die onafhanklikheid van Britse gebiede soos die Verenigde State van Amerika, Australië en Nieu-Seeland kan as voorbeelde in hierdie verband gebruik word.

2.4.6 Die term demokrasie

Daar is reeds gesuggereer dat die term demokrasie ook problematies is. In hierdie afdeling word daar gekyk na die betekenisinhoud van die term en die begrip demokrasie. Aangesien daar in die konteks van hierdie studie gekyk word na die tegnieke van demokrasie en in 'n beperkte sin na die beginsels daarvan, is die fokus op daardie tegnieke wat normaalweg met 'n demokratiese owerheidsvorm assosieer word en nie noodwendig of daardie tegnieke werklik demokraties is nie.

Soos genoem, word demokrasie in hierdie ondersoek as 'n gegewe beskou, en wel soos dit in die praktyk in die hedendaagse staat manifesteer. Daar bestaan nie die nodigheid om die definiërende kenmerke van die begrip demokrasie te bepaal nie, omrede dit nie nodig is om kriteria neer te lê waarvolgens bepaal kan word of 'n bepaalde owerheid demokraties is al dan nie. Tog is dit belangrik om uit te wys dat die realiteite van demokrasie nie verband hou met die idees oor demokrasie nie. Hierdie aspek is belangrik ten einde enersyds verwarring uit te skakel oor wat presies met die term demokrasie bedoel word en andersyds ten einde te suggereer dat 'n deel van die problematiek wat voortspruit uit die verband tussen die aktivering van die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme en demokrasie, voortspruit uit die blinde verwagtinge wat aan die idee demokrasie gekoppel word, sonder dat daar gekyk word na hoe demokraties die werklikheid is. In beide die praktyk en in die teorie word die ideaal dikwels met die middele verwar wat ontwerp word om die ideaal te bereik.

Sartori (1962:4) stel dit baie duidelik wanneer hy verklaar "What democracy *is* cannot be separated from what democracy *should* be". Volgens hom het die term nie alleen 'n deskriptiewe of denotatiewe funksie nie, maar ook 'n normatiewe en oorredende funksie. Dahl (1982:5) verklaar weer die volgende: "Today the term *democracy* is like an ancient kitchen midden packed with assorted leftovers from twenty-five hundred years of nearly continuous usage". Themba Sono (1993) is weer van mening dat die betekenisinhoud van die begrip demokrasie soos Humpty-Dumpty aan skerwe lê en dat dit twyfelagtig is of iemand dit weer aanmekaar sal kan sit.

Robert Dahl wys net soos Giovanni Sartori daarop dat demokrasie as 'n ideaal en demokrasie in die werklikheid van mekaar verskil "... modern democratic regimes are far from satisfying the ideal democratic criteria (Dahl 1982:11)". As 'n moontlike oplossing stel hy voor dat daar liewer na "demokrasie" in die werklikheid as *poliargieë* verwys word ten einde dit van demokrasie as 'n ideaal te onderskei. Giovanni Sartori (1962:3-14) is van mening dat dit nie die probleem oplos nie, omrede by die aanvaarding en instelling van 'n demokratiese owerheidsvorm, die skeppers daarvan juis demokrasie as 'n ideaal in gedagte het. Hy is daarom van mening dat die enigste oplossing is om beide 'n deskriptiewe en 'n

preskriptiewe (*ought*) definisie van demokrasie te aanvaar. Hy voeg by (1962:5) dat die een definisie nie sonder die ander kan bestaan nie, maar dat die een ook nie met die ander verwar moet word nie, "... because the democratic ideal does not define the democratic reality, and vice versa a real democracy is not, and cannot be, the same as an ideal one". (Kyk Sono 1993).

'n Bykomende probleem is of demokrasie bloot na die politiek verwys, dit wil sê as 'n bepaalde tipe owerheidsvorm en of dit ook na die owerheidsvorm as 'n bepaalde weerspieëling van 'n demokratiese samelewing verwys (kyk Hattersley 1930).

Robert Dahl (1982:6) lys vyf kriteria vir 'n <u>ideale</u> demokratiese proses.

* *Gelykheid van stemreg*: In kollektiewe bindende besluite moet die uitgedrukte voorkeur van elke burger (die demos) op 'n gelyke basis by die finale besluit in ag geneem word.

* *Effektiewe deelname*: Deur die hele proses van kollektiewe besluitneming, insluitende die stadium wanneer die sakelys opgestel word, moet elke burger (demos) oor genoegsame en gelyke geleenthede beskik om sy/haar voorkeure oor die finale besluit aan te dui.

* *Ingeligte begrip*: In die toegelate tyd vir besluitneming, moet elke burger (demos) oor genoegsame en gelyke geleenthede beskik om by sy/haar oorwoë oordeel oor die voordeligste besluit uit te kom.

* *Finale kontrole oor sakelys*: Die burgers (demos) behoort oor die uitsluitlike gesag te beskik om te bepaal watter aangeleenthede volgens bogenoemde drie kriteria besluit moet word.

* *Insluiting*: Die burgers (demos) behoort alle volwassenes wat ondergeskik aan die betrokke owerheid se wette is, in te sluit.

Oor die meriete van hierdie ideaal gaan daar nie geargumenteer word nie. Die probleem wat ontstaan, is dat in die nastrewing van die ideaal sekere tegnieke ontwikkel word ten einde hierdie kriteria te bevredig (kyk Hattersley 1930). Vir doeleindes van hierdie ondersoek het dit twee implikasies. Eerstens kan die tegniek wat wel onder bespreking is, met demokrasie as 'n ideaal geassosieer word, met ander woorde dit is bedoel as 'n middel ter bereiking van die ideaal van die demokrasie ongeag of dit daarin slaag of nie. Tweedens ontstaan die vraag of hierdie ideaal na beide homogene en heterogene samelewings verwys?

Wat die eerste implikasie betref word die nodigheid van 'n kriterium om te bepaal of 'n owerheid demokraties is al dan nie, aangetoon. Die tweede vraag is egter meer 'n belemmerende faktor soos wat later in hoofstukke 5, 6 en 7 uitgewys sal word. Die vraag is eintlik of daar na 'n individu in 'n individuele verband en of daar na individue in 'n kollektiewe verband verwys word?

Dahl lê sewe kriteria neer waarvolgens onderskei kan word of 'n owerheid demokraties is, al dan nie, hoewel dit nie na demokrasie in die ideale sin van die woord verwys nie.

Hierdie kriteria is (Dahl 1982:10-11):

* Beheer oor regeringsbesluite en oor beleid is konstitusioneel in verkose beamptes gevestig.

* Verkose beamptes word in gereelde en billike verkiesings, waarin dwang relatief ongewoon is, gekies.

* Feitlik alle volwassenes beskik oor stemreg.

* Feitlik alle volwassenes het die reg om vir verkose ampte te staan, hoewel ouderdomsbeperkinge van geval tot geval mag verskil.

* Burgers beskik oor die reg op vryheid van spraak insluitend kritiek teenoor die regering.

* Burgers beskik oor die reg op alternatiewe bronne van inligting.

* Burgers beskik oor die reg op assosiasie en politieke organisasie.

Hierdie kriteria is egter problematies. Dahl beskou dit as kriteria om 'n demokratiese (of poliargiese) owerheidsvorm in die werklikheid te kan identifiseer. Tog is dit juis tegnieke en beginsels wat ontwerp is in 'n poging om die ideaal van demokrasie te bereik. Hier moet dus by Sartori (1962:5) aangesluit word "... if democracy is incorrectly defined, we are in danger of refusing something we have not properly identified, and getting in exchange something we would not want at all ... For wrong ideas about a democracy make a democracy go wrong".

Dit is alleen definiërende kenmerke van die ideaal, wat as kriteria vir demokrasie kan dien (hoewel, soos aangedui, hierdie kriteria nie bo verdenking is nie). Dit wat in die praktyk manifesteer is dus bloot tegnieke en beginsels wat neergelê word ter bereiking van hierdie

ideaal. Sartori (1962:25) stel dit duidelik: "Elections and representation are necessary instruments of democracy ...".

Wanneer hierdie tegnieke en beginsels 'n doel op sigself word en nie meer 'n middel tot 'n doel (dit is die bereiking van die ideaal van demokrasie) nie, ontstaan die vraag of dit nie 'n "owerheidsvorm" in eie reg word nie. Anders gestel, dit word nie meer met die ideaal van demokrasie geassosieer nie. Byvoorbeeld as verteenwoordiging soos in Dahl se geval, as 'n kriterium neergelê word, ontstaan die vraag of daar nie nou na 'n owerheidsvorm, wat berus op verteenwoordiging, verwys word nie. Dieselfde geld ook ten opsigte van die sogenaamde beginsel van meerderheidsregering wat deur Sartori, beklemtoon word. Is meerderheidsregering in ooreenstemming met die ideaal van demokrasie, of is dit 'n owerheidsvorm in eie reg? Themba Sono (1993) sluit ook hierby aan en is van mening dat die tegniek van verteenwoordiging en die rol van politieke partye eerder op partokrasie neerkom as op demokrasie.

John May (1978) het 'n poging aangewend om die definiëringsproblematiek van die begrip en die gebruik van die term demokrasie, te oorbrug. Hy beskou die essensie van demokrasie as *Responsive Rule* en volgens hom behoort die definisie wat hieruit voortvloei "... intelligible and palatable alike to behaviouralists and anti-behaviouralists and non-behaviouralists, platonists and positivists and phenomenologists, avowed democrats and avowed royalists, leftists and centrists and rightists ..." te wees (May 1978:1). Met *Responsive Rule*, hierna responsiewe regering genoem, as vertrekpunt definieer hy demokrasie as "necessary correspondence between acts of governance and the wishes with respect to those acts of the persons who are affected" (May 1978:1). Hy bespreek daarna 'n aantal moontlike amendemente tot die definisie wat vir hom aanvaarbaar sal wees maar ook dié wat vir hom onaanvaarbaar sal wees[232]. May staan nie definisies voor wat fokus op populêre soewereiniteit, meerderheidsregering, die meerderheidsbeginsel, politieke gelykheid, minderheidsregte, vryheid, gelykheid en/of broederskap nie[233]. Die problematiese aard van laasgenoemde groep definisies word ook deur Sartori uitgewys. Hy noem byvoorbeeld dat die korrekte term in hierdie konteks eerder *massocracy* is (kyk Sartori 1962:21) in teenstelling met die demos van Dahl en van ouds.

Die gedagte aan demokrasie as responsiewe regering is ook deur Dahl (1975:2) uitgewys. "... I should like to reserve the term 'democracy' for a political system one of the characteristics of which is the quality of being completely or almost completely responsive to all its citizens". Dit kan beskou word dat hierdie pogings daarop gemik is om die ideaal en die middel ter bereiking van die ideaal in een definisie saam te voeg.

Responsiewe regering as die definiërende kenmerk van 'n demokratiese owerheidsvorm is vaag in een opsig, naamlik in terme van die rol wat die burgers (*demos*) of die massa daarin

speel. Indien Aristoteles se klassieke klassifikasie van owerheidsvorme geneem word, word gevind dat sy kategorieë van *goeie regering*, ongeag deur die monarg, die aristokrasie of die demos inderwaarheid almal as responsief beskou kan word[234]. Dit hang natuurlik ook af van watter betekenis aan die term responsief gegee word. Indien die term responsief ook 'n element van "inspraak" deur die massa insluit, kan daar met die gedagte van responsiewe regering saamgeleef word.

Dag Anckar (1984:19-24) opper egter 'n probleem met verwysing na die vraag wie by die term "affected" ingesluit word. In die geval van buitelandse beleid word die inwoners van ander state wel deur besluite geraak. Sou dit impliseer dat ander state se wense by die formulering van buitelandse beleid reflekteer moet word? Hierdie is geldige kritiek wat teen May se opvattings ingebring kan word.

Gesien teen die lig van die definiëringsdebat rondom demokrasie as idee en as verskynsel is die vraag hoe hierdie probleem in hierdie ondersoek oorbrug kan word. Ongelukkig moet vermeld word dat daar nie 'n veilige oplossing in hierdie verband bestaan nie. Die enigste moontlikheid is dat 'n moontlike kriterium, die doel van 'n bepaalde ondersoek moet wees. Daar moet gekyk word na watter definisie die mees bruikbare vir 'n bepaalde ondersoek sal wees sonder dat dit in stryd is met wat min of meer in die literatuur as demokraties beskou word.

Die gedagte aan responsiewe regering is 'n aanneemlike een, indien die term responsief, deelname en inspraak deur diegene wat binnelands deur die besluite geraak word, insluit. Tog word die mening gehuldig dat vir doeleindes van hierdie ondersoek die terme deelname en inspraak waarskynlik meer toepaslik sal wees, aangesien hulle 'n element van responsiwiteit impliseer. Dit sal pogings, soos byvoorbeeld in die VSA, om politieke deelname veral onder die Negerbevolking te verhoog, kan akkommodeer. Dit is ook nader aan die demokrasie, soos dit in antieke tye in byvoorbeeld Athene manifesteer het. Dit is juis hierdie Atheense voorbeeld wat dikwels as demokratiese ideaal voorgehou word (kyk Sartori 1962; Sono 1993). Atheense demokrasie was gegrond op deelname en inspraak deur diegene wat daarvoor gekwalifiseer het. Al hierdie lede het verder 'n gelyke geleentheid tot deelname en inspraak gehad.

Die aspek van "besluite" in die demokrasie is ook van kernbelang. Vir die massa dui die demokrasie dikwels op die verowering van die regering as die hoogste prys binne 'n samelewing met bittermin besef van die verantwoordelikheid ten opsigte van die neem van responsiewe besluite[235].

Die laaste probleem wat hier ter sprake is, gaan oor diegene wat deur die besluite geraak word. Die anomalie ten opsigte van byvoorbeeld buitelandse beleid is reeds beklemtoon.

Daar is ook die moontlikheid dat dit interpreteer kan word dat slegs dokters inspraak mag lewer in besluite wat dokters uitsluitlik raak. Daarom is die mening dat dit hier voldoende sal wees om na die lede van 'n bepaalde politieke gemeenskap te verwys. In die konteks van hierdie ondersoek word daardie politieke gemeenskap dan deur die hedendaagse staat omsluit.

Die term demokrasie verwys vervolgens in hierdie ondersoek na daardie owerheidsvorm wat gefundeer is op prosesse, prosedures, tegnieke en beginsels wat poog om die lede se (ongeag hoe hulle georganiseer/nie georganiseer is), deelname aan, inspraak in en kontrole oor gesaghebbende (kollektief bindende) besluite van die politieke gemeenskap (staat) te optimaliseer[236].

Hierdie definisie is beslis nie kritiekloos nie, maar dit dui sowel op 'n ideaal (of dit realiseerbaar is, is nie ter sake nie), asook op hoe in die werklikheid gepoog word om die ideaal te bereik. Die prosesse, prosedures, tegnieke en beginsels (hierna kollektief na verwys as tegnieke), is dus middele in 'n poging om die ideaal te realiseer en nie 'n doel op sigself nie. Dit is dus nie identies met die ideaal wat nagestreef word nie. Die kriterium om te bepaal of hierdie tegnieke met die demokrasie verband hou, is om te bepaal of hulle deelname aan, inspraak in en kontrole oor bindende besluite deur die lede van die politieke gemeenskap moontlik maak, of poog om dit moontlik te maak. Aangesien die klem in hierdie ondersoek op demokratiese tegnieke val, is dit moontlik om nie net konvensionele tegnieke soos stemreg en verteenwoordiging in te sluit nie, maar ook tegnieke soos afvaardigings, tegnieke van konsosiatiewe demokrasie en selfs van korporatisme.

Hier moet weer beklemtoon word dat die fokus van die ondersoek die verband tussen die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme en vermelde tegnieke van demokrasie is; en nie óf dit daarin slaag om die ideaal van demokrasie te verwesenlik nie; óf selfs in watter mate daarin geslaag word om dit te verwesenlik nie.

Die oogmerk met hierdie definisie is dus bloot om 'n kriterium neer te lê ten einde te bepaal óf 'n bepaalde tegniek met demokrasie as 'n owerheidsvorm assosieer kan word, al dan nie; nie om te bepaal in watter mate daardie tegniek demokrasie as 'n ideaal verwesenlik nie.

Binne die konteks van hierdie definisie van demokrasie kan die term *demokratisering* gedefinieer word as die instelling en uitbouing van demokratiese tegnieke.

'n Addisionele term wat in hierdie verband belangrik is, is *volksregering*. In die volksmond en selfs van sommige akademici word demokrasie en volksregering dikwels aan mekaar gelykgestel. Vandaar die definisie dat demokrasie regering van die volk, vir die volk en deur die volk is. Binne die konteks van hierdie ondersoek is dit noodsaaklik om 'n

onderskeid te tref tussen die terme *volksregering* en *demokrasie*. Daar kan 'n saak daarvoor uitgemaak word dat 'n volksregering impliseer dat dit op demokratiese tegnieke gefundeer is, maar nie alle demokrasieë is noodwendig volksregerings nie. Dit is ongelukkig juis binne die konteks van heterogene politieke gemeenskappe dat sommige demokratiese tegnieke die realisering van volksregering (selfdeterminasie) as 'n strewe van 'n volk en 'n nasie verhinder[237]. Volksregering is die beginsel waarop die gedagte van 'n nasiestaat geskoei is, dit is die "volk" wat die staat (insluitende die uitoefening van gesag) legitimeer.

## 2.5 SLOTOPMERKINGS

Die oogmerk wat in hierdie hoofstuk gestel is, is om aan te dui in watter betekenisverband die vier hoofterme naamlik, staat, nasie, nasionalisme en demokrasie in hierdie ondersoek gebruik word. Omrede daar eindelose meningsverskille oor die betekenis van hierdie terme bestaan, asook oor die definiërende kenmerke van die verskynsels waarna dit veronderstel is om te verwys, moes daar in meer besonderhede hierop ingegaan word. Die enigste wyse waarop hierdie problematiek oorbrug kan word, is om uit dit wat wel aanvaarbaar is, en waaroor wel eenstemmigheid bestaan, 'n werksdefinisie vir hierdie terme saam te stel. Verder is hierdie terme dan van ander verbandhoudende terme onderskei. Daar word egter geensins daarop aanspraak gemaak dat dit volmaakte definisies is nie; óf dat dit alle voorafgaande definisies vervang nie.

# HOOFSTUK 3

# DIE AARD VAN DIE MENSLIKE NATUUR

## 3.1 ALGEMENE INLEIDING

In afdeling 1.4.2 word genoem dat 'n basiese vertrekpunt in hierdie ondersoek die verband is tussen, enersyds selfidentiteit, assosiasie, selfdeterminasie en belangerealisering; en andersyds die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme. Die verband tussen hierdie kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie, word dan in terme hiervan, maar teen die agtergrond van bepaalde dualiteite en teenstrydighede in die menslike natuur en in die besonder die mens as 'n individuele en groepswese, ondersoek.

Daarom is die fokus in hierdie hoofstuk die belangrikheid van selfidentiteit, assosiasie, selfdeterminasie en belangerealisering as deel van die menslike natuur. Die oogmerk is nie om 'n psigologiese en sosiologiese verduideliking van selfidentiteit, assosiasie, selfdeterminasie en belangerealisering aan te bied nie, maar om aan te dui wat hierdie aspekte van die menslike natuur behels en waarom dit in hierdie ondersoek belangrik is. Beide nasionalisme en demokrasie word in hierdie ondersoek as bepaalde manifestasies van menslike gedrag beskou.

In 'n ondersoek na die verband tussen nasionalisme en demokrasie, duik verskeie eienskappe van die menslike natuur telkens op. Hierdie eienskappe kry selde die aandag wat dit verdien. Alvorens selfidentiteit, assosiasie, selfdeterminasie en belangerealisering as aspekte van die menslike natuur sinvol bestudeer kan word, moet daar na hierdie eienskappe van die menslike natuur gekyk word. Piloo Mody (1979:33) stel dit duidelik: "... any social theory advanced or institution recommended which fails to recognise the nature of man, assessed by scientific knowledge, observation and philosophy at any given time and place, must not only fail, but will bring untold human misery to those on whom the theory has been practised".

Ten minste drie eienskappe is vir doeleindes van hierdie ondersoek geïdentifiseer. Al drie hierdie eienskappe verteenwoordig dualiteite[301] in die mens se natuur. Hierdie eienskappe is: die mens as 'n dier met instinkte, maar ook 'n rede; die mens wat twee wêrelde bewoon - een die werklike wêreld en die ander die ideë-wêreld; en die mens as 'n individuele, maar ook as 'n groepswese.

In hierdie hoofstuk word daar dan eerstens na hierdie dualiteite in die mens se lewe gekyk, alvorens selfidentiteit, assosiasie, selfdeterminasie en belangerealisering bespreek word. Elkeen van hierdie aspekte word telkens afsonderlik bespreek. Hierdie afsonderlike bespreking is bloot vir analitiese doeleindes belangrik aangesien hierdie aspekte in die praktyk met mekaar verweef is.

Die oogmerk met hierdie hoofstuk is om aspekte van die individu in groepverband uit te lig. Die nasie as 'n bepaalde tipe groep toon ooreenkomste met groepe in die algemeen. Hoewel die fokus in hierdie hoofstuk groepe in die algemeen is, word daar telkens gepoog om die bespreking met verwysing na nasionalisme en demokrasie te doen. Die presiese verband van die onderwerp in hierdie hoofstuk, met nasionalisme en demokrasie vorm egter die onderskeie foci van hoofstukke 4 en 5.

## 3.2 DUALITEITE IN DIE MENSLIKE NATUUR

'n Dualiteit verwys in hierdie konteks na twee verskillende dog verbandhoudende eienskappe van iets (kyk Halle 1962:3-15). 'n Voorbeeld is 'n hond wat beide 'n waghond en 'n troeteldier is.

Dualiteite kan verskillende vorme aanneem. Soms is die eienskappe in 'n dualiteit aanvullend tot mekaar, soos in die geval van die hond wat gelyktydig 'n waghond, maar ook 'n troeteldier is. Die eienskappe kan ook teenstrydighede en konflik openbaar.

'n Teenstrydigheid kan beskou word as 'n dualiteit waarvan die twee verbandhoudende eienskappe teenoorstaande is. Dit is óf die een, óf die ander. 'n Voorbeeld is die mens as 'n lewende, maar ook as 'n sterflike wese. Lewende en sterflike (lewe en dood) verteenwoordig twee dimensies in 'n dualiteit, maar dit neem die vorm van 'n teenstrydigheid aan - die een staan teenoor die ander. Die mens is óf lewend, óf dood. Slegs as sterwende is dit moontlik om beide eienskappe gedeeltelik aan te neem. Die mens is dan nóg lewend, nóg dood.

'n Teenstrydigheid se twee eienskappe is nie noodwendig in konflik met mekaar nie. In hierdie konteks verwys konflik na 'n teenstrydigheid waarin die twee eienskappe meeding om die dominante posisie. Wanneer 'n persoon moet besluit tussen lewe en dood kom die teenstrydigheid van die mens as lewende en sterflike wese in konflik in sy gemoed.

Verskeie dualiteite, teenstrydighede en konflikte bestaan in die menslike natuur wat uiteindelik belangrik is in 'n studie van nasionalisme en demokrasie. Ten einde selfidentiteit, assosiasie, selfdeterminasie en belangerealisering binne die konteks van hierdie ondersoek te verduidelik, is dit belangrik om enkele opmerkings oor hierdie dualiteite te maak.

Hierdie dualiteite kom dikwels direk en indirek in studies van nasionalisme en demokrasie ter sprake (kyk Halle 1962). Ongelukkig word dit selde aan sistematiese ondersoek onderwerp. Versuim om hierdie dualiteite bloot te lê, kan 'n faktor wees waarom sommige teorieë, in die konteks van hierdie ondersoek teorieë oor nasionalisme en demokrasie, tekortkominge toon.

### 3.2.1 Die mens as 'n dier met instinkte en rede

Die mens is 'n bepaalde soort dier, met unieke kenmerke wat hom van ander diere onderskei. Die mens bly 'n dier met bepaalde instinkte. Ongelukkig is hierdie beskouing nie vir alle akademici aanvaarbaar nie. Daar is egter 'n toenemende stroom akademici wat aan hierdie aspekte, naamlik die biologie van gedrag, of ethologie, aandag skenk (kyk byvoorbeeld Falger 1978 en Malavê & Duquette 1991). Namate ons kennis van genetika toeneem, word van hierdie opvattings wel bevestig. Hiermee word die rasionaliteit van die mens nie ontken nie, maar die moontlikheid bestaan ook dat die rasionele aard van die mens geneties bepaal word.

Kerklike doktrine, naamlik dat die mens na die beeld van God geskape is, speel waarskynlik 'n rol in die mens se negering van sy dierlike instinktiewe dimensie. Dit is vir gelowiges ondenkbaar dat God, die volmaakte, dierlike eienskappe kan openbaar[302]. Na Darwin se baanbrekerswerk in 1859, *The Origin of Species by Means of Natural Selection*, het sosiaal-darwinisme veld gewen. Binne hierdie skool is onder andere gepoog om sosiaal-ekonomiese en kultuurverskille tussen mense en groepe mense op hierdie wyse te verklaar (Falger 1978:3). Hierdie teorieë het ongelukkig die basis gelê vir rassisme en dit het grootliks in onguns verval. 'n Herlewing in die belangstelling in die biologie van gedrag het eers weer in die vyftiger, maar veral die sestiger jare van die twintigste eeu ontstaan.

Die opvatting dat die mens 'n dier is wat instinktiewe gedrag openbaar, het in sommige teorieë oor nasionalisme neerslag gevind, byvoorbeeld by die *primordialiste*. Volgens die primordialiste is die hardnekkige voorkoms van etnisiteit en die rol van etnisiteit in nasionalisme die gevolg van 'n primordiale, of oerdrang by die mens. In hierdie teorieë oor die instinktiewe gedrag van die mens in nasionalisme word klem gelê op die *territoriale imperatief.* Hierdie beskouing voer aan dat nasionalisme, essensieel, bloot die gedrag is van die menslike dier wat die gebied, wat hy vir homself afgebaken het, probeer beskerm, "...man, like the lower animals, has been moved instinctively and unconsciously to defend his own living space in what is called the 'territorial imperative'" (Snyder 1975:2). Dierestudies toon dat hierdie drang om die eie gebied te beskerm sterker is as die voortplantingsdrang. Daarom word dit geag geneties en onuitwisbaar te wees.

'n Moontlike verduideliking hiervoor is dat 'n bepaalde gebied aan die mens toegang tot noodsaaklike voedselbronne, wat in die natuur gewoonlik skaars is, verleen. Terselfdertyd bied dit beskerming teen bedreigings, insluitend ander persone wat in hierdie verband om voedsel meeding. Nasionalisme is hiervolgens die wyse waarop die mens die gebied wat aan hom behoort, beskerm teen diegene wat dit van hom wil wegneem. Indien 'n mens op die rol van die elite in nasionalistiese bewegings let, en selfs ook in die demokrasie soos later in hoofstukke 4 en 5 aangetoon word, ontstaan die vraag of die elite nie maar die menslike weergawe van die leiers van die trop is nie.

Die opvattings oor die mens se instink om sy gebied te beskerm, staan ook as die LAM-tese bekend. Die akroniem staan vir die onafhanklike, maar ooreenstemmende bydraes deur Konrad Lorenz (1952 & 1963), Robert Ardrey (1966 & 1970) en Desmond Morris (1968).

Lynreg teenoor hierdie beskouing is diegene wat van mening is dat nasionalisme aangeleerde gedrag is - die gevolg van die invloed van die mens se omgewing. Hierdie opvattings val dan ook saam met die ander eienskap in die dualiteit, onder bespreking, naamlik die mens as 'n rasionele wese wat rasioneel op sy omgewing reageer. Die oorgrote meerderheid van teorieë oor nasionalisme gaan van die vertrekpunt uit dat die mens rasioneel ten opsigte van die omstandighede in sy omgewing reageer. Rasioneel beteken egter in hierdie verband nie dat die rede noodwendig logies en korrek is nie.

Rasionaliteit van die mens is ook die hoeksteen van die demokratiese teorie. Dit impliseer die aanvaarding dat die mens oor die vermoë beskik om besluite te neem. Vergelyk byvoorbeeld in hierdie verband Rousseau se opvatting dat die *Algemene Wil* nie fouteer nie.

Die groot vraag is of hierdie dualiteit bloot 'n dualiteit is, en of dit dalk eerder 'n teenstrydigheid is wat selfs konflik openbaar. Dit is feitlik onnodig om te noem dat die LAM-tese deur die oorgrote meerderheid van wetenskaplikes gekritiseer en verwerp is. Ongelukkig het hierdie wetenskaplikes dikwels uit diegene gekom wat die mens as 'n rasionele wese beskou. Gewoonlik was dié kritici sielkundiges en sosioloë. Die sielkundiges en sosioloë het min simpatie met die LAM-skool getoon. Vir meeste wetenskaplikes is die gedagte aan die mens as dier met instinkte, óf as 'n dier met 'n rede, 'n teenstrydigheid.

Tog is daar navorsers in nasionalisme, gewoonlik die historici en etnoloë, wat van mening is dat daar kragte in nasionalisme is wat nie op die oog af maklik verklaar kan word nie. So noem Boyd C. Shafer (1972:322): "It is possible that men have some instinctive desire for land of their own, an inherent feeling about what is exclusively theirs. This could be the 'territorial imperative' ... Robert Ardrey, has so vehemently put forward as an explanation of nations". Louis Snyder (1975) bepleit ook verdere ondersoek in hierdie verband, alvorens dit verwerp word.

Die probleem word gekompliseer deur die moontlikheid dat instinktiewe gedrag tog 'n onderliggende faktor is by teorieë wat nie die instinktiewe aard van die mens as vertrekpunt het nie. Jean Laponce (1984) voer byvoorbeeld aan dat tale, nes individue en state, probeer om mekaar te domineer. Hoewel hy 'n taalbenadering ten opsigte van nasionalisme volg, ontstaan die vraag oor wat onderliggend is aan die pogings om die ander te domineer. Dieselfde vraag kan ten opsigte van die sogenaamde klassestryd gevra word. Is dit bloot 'n stryd tussen die sogenaamde klasse, of is daar iets meer onderliggend daaraan?

Die LAM-tese is waarskynlik te simplisties, omdat "territorialiteit" nie die enigste moontlike instink by die mens is nie. Die moontlikheid dat dit ondergeskik is aan die mens se drang om te oorleef en deur sy nageslag voort te leef, bestaan ook.

Opvattings oor die mens se instinktiewe dierlike gedrag kan egter nie summier verwerp word nie, suiwer omrede ons nie oor genoeg kennis daaroor beskik nie. Al sou opvattings oor instinktiewe gedrag by die mens verwerp word, kan daar nie ontken word dat die mens 'n biologiese wese is nie. Die blote biologiese dimensie van die mens hou interessante implikasies vir etnisiteit en nasionalisme in.

Genetiese oorerflikheid is 'n belangrike aspek in hierdie verband. Armstrong (1982:28-44) noem byvoorbeeld dat die Germaanse stamme nie werklik die gevolg van familiebande was nie. Voorts dui hy aan dat ondertrouery tot en met die sewende geslag deur die Wes-Europese kerk ontmoedig is. Dit impliseer dat indien diegene wat trou, vir sewe geslagte nie aan mekaar verwant is nie, elke persoon sewe geslagte gelede 256 nie-verwante voorouers het. Indien 'n mens veronderstel dat elke persoon vier kinders gehad het wat volwassenheid bereik het (gesien in die lig van hoë voortplantingsyfers is dit billik) het elke persoon ses geslagte later 'n nageslag van 4096 nagelaat wat telkens slegs met iemand van elders kon trou[303].

Gesien in die lig van die duisende jare waaroor die mens se geskiedenis strek, en die feit dat bepaalde groepe dikwels geografies "gebonde" was as gevolg van die aard van die omgewing en die teenwoordigheid van "ander" groepe, behoort die omvang van bloedverwantskappe duidelik te wees[304]. Genetiese beginsels van oorerwing en natuurlike seleksie gee weer daartoe aanleiding dat biologiese verwante groepe wel genetiese ooreenkomste toon wat fisies sigbaar kan wees. Wanneer endogame huwelike die reël is, is genetiese ooreenkomste nog groter. Studies wat van genetika en linguistiek gebruik maak, toon hierdie verwantskappe aan.

'n Voorbeeld in hierdie verband is die Baske. Die Baske bewoon dieselfde gebied, die Iberiese skiereiland onafgebroke vir 'n tydperk van 6 000 - 11 000 jaar. Hoewel daar meningsverskille bestaan oor hoe dit interpreteer moet word, verskil die bloedgroepe van

Baske aansienlik van die van omliggende groepe. So ook verskil hul taal, Baskies, tot so 'n mate van ander tale dat geen taalverwantskap nog met enige ander taal aangedui kon word nie, selfs nie eens met hul buurtale nie. Hoewel dit nie duidelik is waar Baskies linguisties ingeskakel moet word nie, bestaan daar eensgesindheid oor die feit dat Baskies die enigste nie-Indo-Europese taal in Wes-Europa is (kyk Collins 1986).

Klassifikasies van tale kan in groot mate aandui watter groepe persone kontak met ander gehad het. Taalproliferasie is vir linguistiese-antropoloë tot hulp in hul pogings om die ouderdom van nedersettings en groepe se kontak met ander te bepaal.

Linguiste se terminologie wissel in hul klassifikasie van tale, hoewel daar redelik eenstemmigheid bestaan oor die klassifikasie van verwante tale[305]. Vir ons doel is die gebruik van die klassifikasieterme superfamilie ("stocks"), familie en taal voldoende.

Daarvolgens is Engels 'n taal wat tot die taalfamilie Germaans en die supertaalfamilie Indo-Europees behoort. Volgens hierdie klassifikasie is Indo-Europees die dominante superfamilie in Wes- en Oos-Europa asook groot dele van Asië. Die taalfamilies wat tot hierdie superfamilie behoort is Balto-Slawies (bv. Russies); Germaans (bv. Engels); Kelties (bv. Skots); Italies (bv. Frans); Grieks; Albanies; Armeens; en Indo-Iranees (bv. Hindi en Persies).

Binne hierdie see van Indo-Europees kom verskeie ander superfamilies op 'n geringer grondslag voor, hoofsaaklik in Oos-Europa en Asië.

Linguistiese-antropoloë beweer dat hoe meer selfversorgend en afgesonder 'n bepaalde omgewing is, hoe groter is die taalverskeidenheid binne daardie omgewing. Die rede hiervoor is dat die noodsaaklikheid van en moontlikhede vir grootskaalse ekonomieë nie bestaan nie, maar ook dat wedersydse kompetisie nie noodsaaklik vir oorlewing is nie. Aangrensende tale het daarom nie noodwendig 'n invloed op mekaar nie. Byvoorbeeld in die Kaukasse binne 'n klein geografiese omgewing kom ongeveer dertig verskillende tale, wat verteenwoordigend is van sewe verskillende superfamilies, voor. Daarteenoor kom in die uitgestrekte gebied van Wes-Europa en gedeeltes van Oos-Europa, Midde-Ooste en Asië, met die uitsondering van Baskies, slegs een superfamilie naamlik Indo-Europees voor (Nichols 1990).

Die belangrikheid hiervan vir 'n studie van nasionalisme is dat die mens oor 'n biologiese geskiedenis van duisende jare beskik. Antropologiese linguistiek kan aanduidings verskaf oor die geslotenheid, of gebrek aan kontak met ander groepe; en die openheid, of kontak met ander groepe, van bepaalde samelewings. Dit kan ook aanduidend wees van die mate van konsentrasie van bloedverwantskappe in gemeenskappe. Hierdie biologiese gemeenskappe vorm gewoonlik die basis van etniese groepe.

Verdere antropologiese linguistiese beginsels naamlik, die uitsterwing en/of konsolidasie, en die uitbreiding of proliferasie van tale is verder aanduidend van die assimilasie en proliferasie wat samelewings ondergaan. Die mens se biologiese geskiedenis word daarom gekenmerk deur verandering, maar daardeur sy kulturele geskiedenis ook.

Die mens as 'n biologiese wese met instinktiewe gedrag hou implikasies vir nasionalisme in. Maar die mens is ook 'n rasionele wese. Daarom kan hy taal en kultuur ontwikkel en deur middel van mites en nostalgie sy biologiese geskiedenis en sy kultuurgeskiedenis laat voortleef. Die mens leef dus gelyktydig in beide wêrelde, diereryk en rasionele ryk. Piloo Mody (1979:33-34) som dit soos volg op: "Man is also distinguished from other species by the possession of his brain and intellect, which hopefully can be relied upon to reason - provided this does not conflict with instinctual reflexes or irreducible wants, because he also possesses the necessary degree of selfishness, malice and jealousy to make him irrational if threatened by insecurity".

Dit is hierdie dualiteit van die mens wat aanleiding gee tot die volgende dualiteit in die mens se lewe wat in 'n studie van nasionalisme en demokrasie belangrik is, naamlik die werklike wêreld en die ideë-wêreld.

### 3.2.2 Die werklike wêreld en die ideë-wêreld

Die dualiteit van die werklike wêreld en die ideë-wêreld is eintlik voortspruitend uit die dualiteit van die mens as 'n dier en as 'n rasionele wese.

Die werklike wêreld manifesteer homself in die konkrete en die fisiese wat dikwels die gevolg van natuurkragte is. Die mens as 'n dierlike wese met instinkte, maar ook die omgewing, wat menslike konstruksies soos die staat en die samelewing insluit, behoort tot hierdie sfeer.

Die ideë-wêreld is die produk van die menslike rede en bestaan nie werklik in die konkrete wêreld nie. Wanneer dit wel in die werklike lewe bestaan, is dit vir die mens gewoonlik 'n onvolmaakte weergawe van die idee daaroor. Hierdie is die produkte van die mens as 'n rasionele wese. As rasionele wese vorm die mens idees oor sy lewe. So byvoorbeeld is ideologieë 'n poging deur die rede om die werklikheid te vervolmaak. Maar die ideë-wêreld gee ook aanleiding tot mites, nostalgie en opvattings van grootsheid en volmaaktheid. Die werklike lewe is nie volmaak nie, maar die idee hou die belofte van volmaaktheid in (kyk Halle 1962).

Hierdie dualiteit impliseer dat die mens twee wêrelde tegelyk bewoon, die een die werklike wêreld en die ander die ideë-wêreld, "...like the performer in a circus who rides two horses,

one foot on each" (Halle 1962:3). Volgens Halle is die verskil wat tussen dié twee wêrelde bestaan, die bron van die meeste probleme in ons individuele lewens en in die organisering van ons samelewings, "...past and present can be understood only in terms of this duality, and that the future must be approached in terms of it if the hope of human betterment is to be realized" (Halle 1962:3).

Hierdie opvattings kan ook ten minste teruggevoer word na die Griekse filosofie. Dit word egter dikwels interpreteer in terme van die onderskeid tussen feite en waardes. Maar in werklikheid is dit vir die mens twee interafhanklike wêrelde. Dit is daarom 'n gewone dualiteit en nie 'n teenstrydigheid nie. Omdat die twee wêrelde nie dieselfde is nie, is dit 'n dualiteit wat vir die menslike rede in konflik verkeer.

In menslike skeppings kom volgens Halle (1962:7) die idee altyd eerste: "When Robespierre assumed direction of the French Revolution he had an idea of the society which he meant to produce...God... must have had the idea of light before he said, 'Let there be light.'"

Een van die groot probleme is dat mense verskil in hul idees en dat die mens nog nie 'n eenstemmige idee oor die perfekte samelewing vir hom het nie. "Without knowledge of the ultimate, we are constrained to make do among conflicting opinions as best we can" (Halle 1962:14).

Daar kan nie net na die mens in die werklike lewe gekyk word nie. In die werklike lewe leef die Kurde en Baske nie in 'n eie staat nie, maar by hulle bestaan die idee van hulle eie staat wel onderskeidelik (kyk B Anderson 1991 en Rushdie 1992).

Die dualiteit tussen werklikheid en idees is belangrik in 'n studie na die verband tussen nasionalisme en demokrasie in die hedendaagse staat. Nasies, nasionalisme en demokrasie is ideë-skeppings. Al sou die mens onderliggende instinkte openbaar, het hy nietemin idees daaroor - dit is wat die mens van ander diere onderskei. Die territoriale imperatief mag instinktief wees; nietemin het die mens idees daaroor, idees oor die grense en die karakter daarvan.

Volgens Halle is die groep (daarom ook die nasie) altyd 'n idee: "The French nation is not really a generalization derived from the existential reality but, rather, an idea by which the existential reality is molded" (Halle 1962:24). Hy voeg verder toe dat verskillende gemeenskappe die draers van verskillende idees is: "The rivalry and conflict among ideas, then, expresses itself in rivalry and conflict among communities" (Halle 1962:25).

Al is groepe deel van die ideë-wêreld in die mate wat hulle die skepping van ons idees is, word persoonlike eienskappe van die individu daaraan toegeken. Die groep voel en handel soos die individu en maak aanspraak op regte. Gevolglik manifesteer die groep homself in die werklike wêreld, maar in 'n onvolmaakte vorm[306]. Hoewel die groep in die eksistensiële werklikheid bestaan, is dit egter altyd in 'n sekere sin 'n abstraksie. Dit is steeds die idee wat vir die draer daarvan volmaak is. Maar soos reeds gestel, het verskillende individue verskillende idees. Hierdie aspek kom ook ter sprake by die dualiteit van die mens as 'n individuele en as 'n groepswese (kyk Calhoun 1994).

3.2.3 Die mens as 'n individuele en 'n groepswese

Die derde en laaste dualiteit wat in hierdie hoofstuk belangrik is, is dié van die mens as 'n individuele en 'n groepswese. Hierdie dualiteit is direk van belang vir 'n ondersoek na 'n moontlike verband tussen nasionalisme en demokrasie.

Die mens is 'n individu, elke individu met sy eie unieke kenmerke, met die gevolg dat geen twee mense volkome identies is nie. Dit is egter nie vir die mens prakties moontlik om sonder ander mense sy voortbestaan op aarde te verseker nie.

Die erkenning dat die mens 'n sosiale wese is, is reeds deur Aristoteles geopper, maar hy het waarskynlik 'n opvatting uitgespreek wat reeds bekend was. Aristoteles (*Politics*:1253a) meld dat die mens as 'n individu nie selfversorgend kan wees nie. Daarom is die individu wat nie in die gemeenskap hoef te leef nie, of geen behoefte daaraan het nie, omrede hy selfversorgend is, óf 'n ondier, óf 'n godheid, maar nie 'n mens nie. Aristoteles het selfs so ver gegaan om die onskeibare aard van die verbintenis tussen die individu en die groep (*polis*) te beklemtoon. Hy beweer dat die *polis* voor die individu bestaan het, omrede die mens deel is van 'n geheel; en die deel nie kan bestaan voor die geheel nie, net soos dit nie moontlik is om 'n sny brood te kry alvorens die hele brood nie bestaan nie.

Wat is egter die aard van die verband tussen die mens as 'n individu en die groep waarvan hy lid is? Indien 'n mens, dit wat algemeen bekend staan as politieke filosofie (of politieke denke) bestudeer, word gevind dat hierdie verhouding telkens direk en indirek ter sprake kom. Telkens word daar gekyk na die belange, regte en verpligtinge van die een teenoor die ander. Dit is trouens die fokus van twee van die groot strominge in die politieke filosofie naamlik die liberalisme en die sosialisme. Liberalisme beklemtoon die belange en regte van die individu en sosialisme die belange en regte van die groep. In 'n ondersoek na 'n verband tussen nasionalisme en demokrasie kom ook twee uiteenlopende denkskole oor die verband tussen die individu en die groep ter sprake. Deels beklemtoon die een die individuele aard van hierdie verhouding, terwyl die ander weer die kollektiewe aard van hierdie verhouding beklemtoon.

Die een denkskool gaan soos Aristoteles van die standpunt uit dat die individu en die gemeenskap onafskeidbaar van mekaar is. In hierdie verband word die kollektiewe aard van die gemeenskap beklemtoon. Die individu bevind hom dan in die werklike lewe in die situasie dat hy gewoonlik as lid van 'n bepaalde groep gebore word en dan blootgestel word aan 'n sosialiseringsproses ten einde hom 'n volwaardige lid van die groep te maak.

Die ander denkskool beklemtoon die opvatting dat die groep die somtotaal is van die individue wat tot daardie groep ingestem het. Groepvorming is dan die gevolg van die individuele belange en behoeftes wat ten beste binne die groep gerealiseer en bevredig kan word. Hierdie denkskool se wortels strek ook ver terug in die geskiedenis. Volgens Plato berus die oorsprong van die *polis* hoofsaaklik uit ekonomiese oorwegings en die feit dat mense oor verskillende talente beskik. In die *polis* word byvoorbeeld 'n skoenmaker, kleremaker en winkelier aangetref (*Republic*: 54). Die Sosiale Kontrakteorieë beklemtoon ook die individuele aard van die groep. Daarvolgens is die groep die somtotaal van individue wat tot daardie groep (gemeenskap of staat) ingestem het. Die *Royal Institute of International Affairs* (R.I.I.A. 1963:26) stel dit so: "Hobbes, like Locke, believed that what led man to unite in the original contract - for both were contractualists - was not a sentiment of common origin and common loyalties, but purely and simply a rational selfinterest...".

Kritiek kan teen beide hierdie denkrigtings ingebring word. Die denkrigting wat die kollektiewe en onvermydelike aard van die groep beklemtoon, moet in gedagte hou dat die individu nie sonder die groep kan bestaan nie, maar dat die groep ook nie sonder die individu kan bestaan nie. "...nothing really exists or feels but *individuals*" (Halle 1962:16). By die denkrigting wat die individuele aard van die groep beklemtoon, ontstaan die vraag of elke individu oor die vermoë beskik en die geleentheid verkry om wel te besluit om by die groep aan te sluit. Al sou dit gebeur dat 'n bepaalde aantal individue besluit om byvoorbeeld 'n staat te vorm, ontstaan die vraag of hul kinders tot in die verste nageslag ook daardeur gebind kan word? Wat in die konteks van hierdie ondersoek belangrik is, is dat elke mens hom in die situasie bevind dat die groep waarvan hy lid is (met die uitsondering van nuwe groepe) voor hom bestaan het. Lidmaatskap van 'n bepaalde groep word onder andere deur middel van geboorte verkry.

Die werklikheid word waarskynlik ten beste uitgedruk deur Rousseau in sy *Du Contrat Social*, wat noem dat die mens vry gebore is (individu?), maar terselfdertyd orals in kettings vasgebind is (besluite deur die groep?) (kyk Strauss in Faure et al. 1987). Nietemin bestaan talryke idees oor die aard van hierdie verhouding - byvoorbeeld die van die liberalisme en die sosialisme.

Hierdie verhouding kom ook ter sprake by 'n moontlike verband tussen nasionalisme en demokrasie. Nasionalisme is veronderstel om die groepverband van die mens te

beklemtoon[307]. Die nasie is 'n bepaalde tipe groep, "...everywhere people believe it's just natural for men to live in nations and 'unnatural' for anyone to be 'unpatriotic' or disloyal" (Shafer 1972:317). Tog blyk dit in die praktyk dat nasionalisme sonder die samewerking (instemming?) van die individu, doodgebore is. So verwys die Duitse filosoof, Herder, na die *Volksgeist* en die Deen, Grundtvig, na *Folkaanden* (volksgees) as 'n verborge en aktiewe lewenskrag (Shafer 1972:318). Hermann Weilenmann (in Deutsch & Folz (reds) 1963:44) stel dit soos volg: "The *will that creates a people* is always in agreement with the individual will, but can develop only in persons who want to retain, share, and participate in their homeland, language, state, or whatever else unites them." Die vrywillige aard van die individu se verbintenis met die groep, is onderliggend aan die problematiek in hierdie ondersoek.

Demokrasie is weer veronderstel om die individu te beklemtoon; tog blyk dit in die praktyk dat die individu min individuele inspraak in besluite, in demokratiese verband, kan geniet (soos later in hoofstuk 5 aangetoon word).

Die individu versus die groep is 'n dualiteit wat die moontlikheid van konflik inhou. Weer eens bevind die mens homself in 'n situasie waar hy gelyktydig twee wêrelde bewoon.

Hierdie dualiteit van die mens as 'n individuele en as 'n groepswese bring ander probleme na vore, wat weer verband hou met die onderwerp van ondersoek naamlik, die grense van die groep waarvan die individu lid is.

Daar bestaan min twyfel oor die fisiese grense van die individu nie. "The human individual is not a matter of more or less, but the human community is" (Halle 1962:17). Terwyl daar min twyfel kan bestaan oor die grense van die individu, is dit nie altyd duidelik waar 'n bepaalde groep begin en waar die groep eindig nie. Indien gestel word dat die groep by die individu begin, kan gevra word watter individu? Indien die groep vanuit 'n kollektiewe denkrigting beskou word, ontstaan die vraag waar die grense is? Wie maak deel uit van hierdie groep en wie nie? Wie besluit oor lidmaatskap en wie besluit wat die kriteria vir lidmaatskap is? Is alle potensiële lede wel lede van die groep? Wat is die houding teenoor diegene wat nie lid van die eie groep is nie?

Die antwoorde op voormelde vrae is nie eenvoudig en voor die handliggend nie. Dat elke groep oor 'n bepaalde kern beskik wat lewenskrag aan daardie groep verleen, is waarskynlik 'n sinvolle gedagte. Dit word gesuggereer deur die opvatting dat 'n nasie bestaan wanneer 'n kerngroep persone van mening is dat dit wel bestaan (Seton-Watson 1965:3). Wat die grondslag van hierdie kerngroep se magte is, is nie altyd duidelik nie.

3

Wat die ander vrae betref, is daar twee waarskynlike antwoorde. Ten eerste dat die individu idees het oor die groep waarvan hy lidmaat is/behoort te wees. Ten tweede dat die groep idees het oor wie lede van die betrokke groep mag wees en watter kriteria lidmaatskap en die afsnypunte daarvan bepaal.

Die potensiaal tot konflik tussen die idees van die individu en die idees van die groep is groot; ook tussen die idees van verskillende individue en verskillende groepe onderling met mekaar. So byvoorbeeld is die etniese Franse van mening dat die Franse nasie ook die Bretonne en die Baske insluit en dat lidmaatskap van die Franse nasie 'n eer vir die Bretonne en die Baske behoort te wees. Daarteenoor verskil hierdie idees met die idees van die Bretonne en die Baske oor die groepe waarvan hulle hulself as lede beskou. Maar die Baske en Bretonne se idees oor die groepe waartoe hulle behoort, bots ook met die werklikheid waarin hulle hulself bevind.

Die teenoorgestelde is ook moontlik, naamlik iemand kan homself as lid van 'n bepaalde groep ag, maar deur die kriteria van lidmaatskap uitgesluit word. 'n Voorbeeld in dié verband is die Afrikaner se uitsluiting van die bruinmense (kleurlinge).

Grense word egter nie presies afgebaken nie. Weer eens is die Afrikaner se bereidwilligheid om ander blankes tot sy geledere toe te laat, maar nie anderskleurige Afrikaanssprekendes nie, 'n voorbeeld.

Lidmaatskap van 'n bepaalde groep is daarom nie voor die handliggend nie. Daar kan dus van beide werklike en potensiële lede gepraat word. Is Italiaanssprekende Amerikaners wat reeds drie geslagte in Amerika woonagtig is, lede van die Italiaanse nasie? Dit is maklik om volgens wette te bepaal wie lid is van watter groep. In die gedagtes van mense kom idees en praktyk egter te dikwels in konflik met mekaar.

Beide in die werklike wêreld en in die ideë-wêreld van mense word die kriteria vir groeplidmaatskap gewoonlik deur gemeenskaplikhede bepaal. Vir die etniese Franse is dit die grense van Frankryk wat gemeenskaplik is. Die vraag is óf hulle nog steeds hierdie gemeenskaplikheid as kriterium sou aanvaar het, indien die Baske byvoorbeeld in die meerderheid was? Dit blyk dus dat beide gemeenskaplikhede en belange in ag geneem word by die kriteria wat vir lidmaatskap aanvaar word. Die Bretonne en die Baske ag dit nie in dieselfde mate as die Franse in hul belang om lid van die Franse nasie te wees nie. Daarenteen ag die etniese Franse dit weer in hul belang dat die twee ander "groepe" lede van die Franse nasie moet wees. 'n Groep (en nasie) toon dus 'n bereidwilligheid om lidmaatskap na ander uit te brei, mits sodanige uitbreiding in sy belang is. Die groep en die individu moet hul gevolglik in 'n simbiotiese verhouding bevind waaruit albei voordeel trek ten einde dit moontlik te maak vir die groep om voort te bestaan en vir die individu om lidmaatskap te behou.

Dieselfde geld ten opsigte van die praktiese manifestasie van demokrasie. Dit is, soos later in hoofstuk 5 bespreek word, nie maklik vir die individu om as individu, sonder die tussenkoms van groepe soos byvoorbeeld politieke partye, sy demokratiese regte uit te oefen nie.

Al bestaan daar grys areas ten opsigte van die lidmaatskap van groepe is daar 'n afsnypunt oor wie "ons" en wie "hulle" is. In praktyk word gevind dat grenstransaksies tussen "ons" en "hulle" dikwels op 'n gereelde grondslag plaasvind. Selfs "hulle" taal kan "ons" taal word, sonder dat "ons" en "hulle" een word - vergelyk byvoorbeeld Wallisers wat hoofsaaklik Engels praat (kyk Barth:1969; Lane & Ersson:1994). Die vreemde word eie gemaak en is nie noodwendig 'n aanduiding van 'n vervaging van grense nie.

Uit bogenoemde behoort dit duidelik te wees dat die nasie 'n bepaalde tipe groep is en dat lidmaatskap daarvan vaag en amorf is. Soms is dit moontlik om van die kriteria waarop lidmaatskap berus, byvoorbeeld taal en kultuur ekstern te bepaal, of om dit selfs neer te lê. In wese lê die kriteria vir lidmaatskap opgesluit in die idees van die individu en die groep self en wat dikwels met die omstandighede in die werklike wêreld bots.

## 3.3 SELFIDENTITEIT

In hierdie afdeling word kortliks op die belangrikheid van die verskynsel identiteit vir die onderwerp van die ondersoek gekonsentreer. Twee aspekte van identiteit kom hier ter sprake, naamlik die identiteit van die individu en die identiteit van die groep - in besonder die gemeenskap. Dit is daarom nodig om kortliks te let op wat selfidentiteit behels, hoe 'n persoon en ook die gemeenskap se identiteit bepaal word en watter faktore moontlik 'n invloed daarop kan uitoefen.

'n Individu se selfidentiteit het primêr te make met sy beskouing van wie, wat en hoe hy is, of wil wees (psigiese komponent); en waar hy in die wêreld inpas of wil inpas (sosiale komponent). Identiteit omsluit beide negatiewe en positiewe komponente; individuele en groepsdimensies; beide positiewe en negatiewe aspekte; het wortels in die verlede, hede en toekoms; en is multidimensioneel (meervoudig) sonder dat die verskillende dimensies noodwendig konflik impliseer.

Dit is nie presies duidelik hoe 'n individu sy selfidentiteit bepaal en watter faktore 'n rol daarin speel nie - akademici het ook nie eensgesindheid hieroor nie. Wat wel aanvaar word is dat die bepaling van identiteit 'n komplekse en lewenslange proses is en dat identiteit selde onveranderlik is[308].

Die dualiteite wat in die vorige afdeling bespreek is, kom hier ook ter sprake. Eerstens kom die dualiteit van die biologiese dierlike komponent en die rasionele komponent van die mens ter sprake. Sielkundiges en sosioloë bestudeer wel die vorming van selfidentiteit, maar kyk selde na die redes waarom die mens 'n eie identiteit vorm. Is die redes dalk gewortel in die mens se instink om sy voortbestaan te verseker? Biologie speel ook 'n rol. Die mens word met bepaalde biologiese eienskappe en kenmerke gebore. So bepaal biologiese oorerwing die mens se fisiese eienskappe - byvoorbeeld velkleur en geslag - maar ook die intellektuele potensiaal van 'n persoon.

Pettigrew (in Fried (red) 1983) is van mening dat 'n mens grootliks bepaal wie en wat hy is deur hom met ander te vergelyk en te kyk hoe ander teenoor hom optree.

Die embrio van 'n eie identiteit bestaan reeds by geboorte. Proshamsky & Newton (in Watson (red) 1974) meld dat 'n kind homself tussen die ouderdomme van drie en sewe jaar van ander begin onderskei en hy toenemend bewus word van verskille soos byvoorbeeld velkleur: "I discovered that being black made a difference..." (Tatum 1987:102). Powell (1983:441) meld ook dat die ontwikkeling van identifikasie in terme van ras deel van 'n kind se totale ontwikkeling van sy selfidentiteit is.

Die gebruik van voorbeelde van ras kan as kontroversieel beskou word. Dieselfde geld vir enige persoon wat ooglopend fisiese verskille toon met diegene waarmee hy in aanraking kom. Die probleme van byvoorbeeld mense met rooi hare is alombekend.

Volgens Erikson (1968) is selfidentiteit in die individu se ontwikkeling eers werklik van belang en dan ook 'n noodsaaklikheid, na adolossensie. Dit duur egter lewenslank voort. Identifikasies as kind word nou in lyn gebring met nuwe selfomskrywings. Identiteit word nie alleen bepaal deur dit wat die persoon is nie, maar ook deur dit wat hy nie is nie. Identiteit word daarom in 'n positiewe en in 'n negatiewe sin bepaal. Negatiewe identiteite kan problematies word. In stede van homself as swart te beskou, beskou die persoon homself as nie blank nie. Probleemgedrag spruit dikwels voort uit negatiewe identiteite.

Daar is reeds gesuggereer dat selfidentiteit multidimensioneel is (meervoudig) sonder dat dit noodwendig konflik impliseer óf as patologies beskou kan word. Wallman (in Fried (red) 1983:69) stel dit so: "...everybody has more than one answer to the question 'Who am I?'...we need to take serious account of the process of identity shift, and to recognize the implications of multiple identity options."

Hierdie verskillende opsies in 'n individu se identiteit hoef nie altyd uitgeoefen te word nie. Dit kan volgens Wallman (in Fried (red) 1983:69-78) in reserwe gehou word vir 'n spesiale transaksie of 'n ander geleentheid êrens in die toekoms. Hy voeg by dat hierdie reserwes

nie altyd sigbaar is nie en dat die houer daarvan selfs nie noodwendig bewus is van al die moontlikhede in sy *repertoire* nie. Dit is selfs onwaarskynlik dat die individu altyd bewus is van sy verskuiwende identiteite. Volgens Howard Stein (1990:110-112), kompartementaliseer mense ook hul lewens. Amerikaanse Jode kan byvoorbeeld hul Joodsheid bloot as godsdienstig beskou, maar tog op grond van etnisiteit 'n verbondenheid teenoor Israel toon, maar onder ander omstandighede hulself ook bloot as Amerikaners beskou.

Dit is nie presies duidelik hoe die individu sy identiteitshiërargie struktureer nie en dit sal moontlik varieer van persoon tot persoon, maar dit sal waarskynlik ook beïnvloed word deur die omstandighede waarin 'n bepaalde individu hom bevind.

Daar is reeds gesuggereer dat die individu sy selfidentiteit deels bepaal deur diegene met wie hy in aanraking kom - dit is die sosiale komponent van identiteit. Met wie kom die individu in aanraking? In die belangrikste vormingsjare van selfidentiteit kom die individu hoofsaaklik in aanraking met sy familie en ander individuele lede van die betrokke gemeenskap as groep waarin hy homself bevind.

Wat hier van belang is, is die interaksie tussen die individu en die groep waarvan hy lid is; maar ook daardie groepe waarvan hy nie 'n lid is nie. Sy selfidentiteit word deels bepaal deur wie en wat hy van mening is hy is, of nie is nie; maar ook deels deur wie en wat die ander lede van sy groep, óf ander groepe, dink hy is of nie is nie. Die vorming van selfidentiteit is daarom die produk van die mense se denke én sy assosiasie met ander.

In sy assosiasie met ander binne die groep, maar ook met sy assosiasie/nie-assosiasie met ander groepe kom die individu in aanraking met die kollektiewe identiteite van die onderskeie groepe. Boyd Shafer (1972:350) stel dit soos volg: "...individuals have been asking who they are, wanting to be distinct, to be known for themselves, and, as part of the same quest, to be identified with someone - their contemporaries, their ancestors (parents), their descendants (children)".

Watter rol het groepsidentiteit in die bepaling van die individu se selfidentiteit? Ten einde hierdie vraag te kan beantwoord, moet daar eers gekyk word na wat groepsidentiteit behels. Daar is reeds op gewys dat Halle (1962) van mening is dat 'n groep in die ideë-wêreld bestaan en dat die grense daarvan vaag is.

Groepsidentiteit is 'n kollektiewe identiteit oor wie, wat en hoe die groep is en waar dit in die wêreld inpas. As sodanig toon dit dieselfde eienskappe as die individu se selfidentiteit. Dit is op die verlede, hede en toekoms gerig; het beide positiewe en negatiewe aspekte; is multidimensioneel met 'n wisselende hiërargie.

Groepsidentiteit is egter komplekser as individuele selfidentiteit. Aangesien die lokus van groepsidentiteit die groep is, is dit moeilik om te bepaal presies wie werklik die bepalers, houers en bewakers van die groepsidentiteit is. Presies hoe en deur wie word groepsidentiteit bepaal? Gewoonlik bestaan daar uiterlike simbole wat die grense van 'n groep se identiteit aandui. Simbole soos byvoorbeeld vlae, musiek, argitektuur - breedweg kultuur. Binne elke groep is daar gewoonlik 'n kerngroep (leiers en elites) wat beskou kan word as die handhawers en bewakers van die groepsidentiteit[309].

Wat is dan die raakpunte tussen die individuele selfidentiteit en groepsidentiteit gesien in die lig daarvan dat die groep 'n samestelling van individue is? Anders gestel, in watter mate konformeer die individu met die groep? Giddens (1991) is van mening dat in die pre-moderne era en veral in antieke tye, die individu se identiteit deur die groep, waarin hy homself bevind het, bepaal is (gewoonlik is dit die groep waarin hy gebore word); maar hedendaags is die individu grootliks op homself aangewese in die neem van besluite rakende sy selfidentiteit. Hierdie beskouing hou wel meriete in, tog is dit debatteerbaar. Selfs in antieke tye is daar diegene wat hul eie groep verlaat het en by ander groepe aangesluit het; of wat nie streng by die reëls van die groep gehou het nie. Simson, die held van die Israeliete, het 'n Filistynse vrou geneem. Selfs Moses het sy probleme ondervind om die Israeliete met die groep se identiteit, soos hy dit gesien het, te laat konformeer. Daarenteen kom selfs in hedendaagse tye groepe voor, soos byvoorbeeld die Amish in die VSA, wat feitlik algehele konformiteit van hul lede eis en verkry. Selfs daar waar die individu vry is om oor sy eie selfidentiteit te besluit, is daar diegene wat die groep slaafs navolg. Kymlicka (1992) opper die moontlikheid dat 'n individu se gebrek aan kennis en geleenthede dit vir hom moeilik kan maak om die groep waarvan hy lid is, se houvas op hom te verbreek.

Indien 'n mens let op individue se vermoëns om soos Flew (1989:9) dit stel "as agente vir hulself op te tree" deurdat hulle vir hulself besluite neem, wil dit voorkom asof die volgende tipes onderskei kan word. Eerstens is daar diegene wat beide oor die bereidwilligheid en vermoë (kennis) beskik om vir hulself besluite te neem - dikwels word hulle as die rebelle en opstandiges beskou indien hulle nie oor die geleenthede vir eie besluite beskik nie. Tweedens is daar diegene wat oor die bereidwilligheid, maar nie oor die vermoë (kennis) beskik om vir hulself besluite te neem nie - die domastrantes. Derdens is daar diegene wat wel oor die vermoë (kennis) beskik, maar nie oor die bereidwilligheid nie. Vierdens is daar diegene wat nóg oor die vermoë, nóg oor die bereidwilligheid beskik om besluite vir hulself te neem (massa) - slaafse navolgers van modes en leiers, en konsulteerders van dokters, sielkundiges en predikante. Vyfdens is daar egter diegene wat vir almal besluite wil neem, ongeag of hulle oor die vermoë (kennis) beskik al dan nie (leiers en elites). Hierdie persoonlikheidstipes is onder andere die fokus van teorieë oor die elite versus die massa soos byvoorbeeld deur Robert Michels en C Wright Mills ontwikkel.

Hierdie teorieë sluit aan by Kymlicka (1992) se waarneming in dié mate dat 'n persoon se vermoë, bereidwilligheid en geleenthede om besluite te neem beïnvloed word deur die samelewing en sy posisie daarin.

Die mate waartoe 'n individu self sy besluite oor selfidentiteit neem en die mate waarin dit vir hom deur die groep geneem word, is daarom nie voor die handliggend nie. Dit sal beïnvloed word deur eienskappe wat aanwesig is by beide die individu maar ook die ander lede van die groep.

Buchanan & Cantril (1972) het byvoorbeeld in 'n empiriese ondersoek van houdings in nege state bevind dat individue in die hoërklasse in 'n staat meer geneig is om met mekaar te identifiseer, maar terselfdertyd ook meer geneig is om met lede van ander klasse in hul staat te identifiseer, as waartoe individue in die laerklasse geneig is. Daarby was die hoërklasse ook meer bereid om met gelykwaardige klasse in ander state te identifiseer as wat die laerklasse bereid was. Individue in die laerklasse was minder geneig om met mekaar, met lede van ander klasse in hul eie staat, maar ook met lede van gelykwaardige klasse in ander state te identifiseer.

Hoewel daar 'n wisselwerking tussen selfidentiteit en groepsidentiteit bestaan moet hierdie wisselwerking nie simplisties beskou word nie. Beide selfidentiteit en groepsidentiteit is amorf en wisselend en word beïnvloed deur omstandighede en situasies waarin die individu en die groep hul bevind. Nóg selfidentiteit, nóg groepsidentiteit is permanent.

Groepsidentiteit is 'n verskynsel wat oor die langtermyn bestaan. Daarom kan die groepsidentiteit reeds bestaan voor die individu se toetrede tot die groep, maar dit kan ook na die individu se onttrekking aan die groep, bly voortbestaan. 'n Individu erf gewoonlik by geboorte lidmaatskap van bepaalde groepe en hy word blootgestel aan sosialiseringsprosesse in die groep. Daardeur maak hy kennis met die groep se identiteit. Finale verwerking en aanvaarding van die groepsidentiteit deur die individu berus egter steeds by die individu. Die individu oefen teendruk uit teen oormatige druk tot identifikasie. "In fact, what clinical literature describes as identification is usually neurotic over identification ... Sooner or later, the young individual and the functioning society must join forces in that combination of loyalty and competence which may be termed *fidelity*" (Erikson 1968). Dikwels behels dit wedersydse assimilasie van selfidentiteit en groepsidentiteit. Die individu bring nuwe idees die groep binne. Op sy beurt beïnvloed die groep wel selfidentiteit, maar bepaal dit nie noodwendig uitsluitlik nie.

Die moontlikheid dat konflik tussen selfidentiteit en groepsidentiteit kan bestaan, is 'n werklikheid. Wedersydse negatiewe effekte is ook nie uitgesluit nie. Dit kan gebeur dat die individu se idee oor die groep en groepsidentiteit nie strook met die situasie in die werklike

lewe nie. So byvoorbeeld kan die groep 'n prototipe identiteit voorhou as norm vir alle lede. In Afrikanernasionalisme is die prototipe Afrikaner onder andere beskou as Blank, Afrikaanssprekend (sonder om sy taal te meng), lid van een van die Afrikaanse Susterkerke (verkieslik 'n lid van die kerkraad indien manlik), verkieslik iemand wat nie met anderskleuriges en Jode meng nie (kyk Bloomberg 1990). Dan was daar egter diegene wat hulself as Afrikaners beskou het op grond van taal en herkoms maar nie aan hierdie kriteria voldoen het nie - onder andere die Afrikaanssprekende bruinmense maar ook blankes wat nie aan hierdie kriteria voldoen het nie. Soortgelyke prototipes word in ander gemeenskappe aangetref. Die USSR het hul beeld van die Sowjetman gehad en die Amerikaners het hul opvattings oor die "typical American"[310].

Aanvanklik is hierdie konflik in identiteit meer problematies vir die individu. Indien meer en meer individue in konflik met die groep kom, bevind die groep homself weldra in 'n identiteitskrisis.

Die kerninvloed van groepsidentiteit op selfidentiteit is dat die groep 'n kontinuïteit aan selfidentiteit bied. Dit is die medium waardeur die individu sy identiteit tot in die verlede kan terugvoer, maar terselfdertyd ook in die verste toekoms kan voortsit tot lank na sy afsterwe. Die verhouding tussen selfidentiteit en groepsidentiteit is nie onproblematies nie. Tog wil dit voorkom asof die individu soms, wanneer omstandighede dit noodsaak, bereid is om verskille in hierdie verband tydelik te ignoreer. In hierdie gevalle is dit moontlik dat die individu se behoeftes en pogings om sy belange te laat realiseer 'n faktor kan wees. Die probleem van selfidentiteit versus groepsidentiteit kom ook ter sprake by selfdeterminasie en belangerealisering van die individu.

## 3.4 BELANGEREALISERING EN SELFDETERMINASIE

In hierdie afdeling word kortliks gekyk na die belange van mense en hoe mense poog om hul belange te realiseer; watter rol groepe in hierdie verband speel; in watter mate die individu na selfdeterminasie in hierdie belangerealisering streef; en hoe hy selfdeterminasie met die eise van die groep in hierdie verband versoen.

Belangerealisering en selfdeterminasie is komplekse verskynsels waarvan die onderlinge meganismes hoofsaaklik deur sielkundiges bestudeer word. Dit is ongelukkig nie moontlik om volledig daarop in te gaan nie en slegs enkele aspekte wat van belang is vir hierdie ondersoek, word uitgelig. Dit verteenwoordig aspekte van menslike gedrag wat te min aandag van navorsers op die gebied van nasionalisme en demokrasie ontvang. So wys onder andere Howard Stein (1990) en Vamik Volkan (1988) op die noodsaaklikheid van die bestaan van "hulle" om die groepsidentiteit van "ons" te konsolideer. Waarom die mens in die eerste plek die noodsaaklikheid aan 'n "ons"-identiteit ervaar, word nie uitgewys nie.

Daar is diegene wat "ons" as 'n primordiale identiteit beskou, maar weer eens word die onderliggende meganisme nie aangespreek nie.

Die argument wat in hierdie afdeling gevolg word, is dat "ons" belangrik is omrede dit die belofte inhou van die moontlike realisering van die mens se belange wat hy nie as individu alleen kan realiseer nie. Terselfdertyd word "hulle" as 'n bedreiging of as kompetisie in hierdie verband gevisualiseer. Die mens streef egter steeds na maksimum selfdeterminasie en ten einde sy eie behoefte aan selfdeterminasie te versoen met die eise van die groep, internaliseer hy die waardes van die groep waarin hy hom bevind, sodat dit as't ware sy eie waardes word. Daarom kom hy ook in opposisie met "hulle", want die waardes van "hulle" verskil van sy eie geïnternaliseerde waardes en "hulle" verteenwoordig daarom terselfdertyd 'n bedreiging van "sy" en "ons" selfdeterminasie. Weer eens moet in gedagte gehou word dat dit 'n wisselwerking tussen "ek-ons-hulle" is en dat dit wel vir die individu moontlik is om sy identiteit te verander indien sy belange dit noodsaak, maar om selfs in uiterste gevalle met "hulle" saam te werk wanneer belange dit noodsaaklik maak (kyk Elias 1991; Calhoun 1994).

Belangerealisering en selfdeterminasie is komponente van menslike motivering. Motivering van die mens het te make met die energieverkryging vir, en die rigting van menslike gedrag, kortliks wat beweeg die mens om op te tree, of op 'n bepaalde wyse te handel? "It has often been said that the study of motivation is an inquiry into the *why* of behavior" (Deci & Ryan 1985:3).

Die motivering van menslike gedrag is belangrik beide vir studies van nasionalisme en demokrasie. Essensieel is nasionalisme, soos reeds aangedui, 'n bepaalde manifestasie van identiteit en van menslike gedrag. Met ander woorde binne die konteks van nasionalisme moet gevra word, waarom die mens op 'n bepaalde wyse optree? Dieselfde geld ook studies van demokrasie. Waarom streef die mens in die eerste plek na demokrasie? Is die antwoord moontlik dat die individu van mening is dat hy die beste weet wat in sy eie belang is en dat slegs demokrasie die optimalisering van die selfrealisering van sy belange inhou?

In die konteks van hierdie studie verteenwoordig belange kognitiewe persepsies van behoeftes waarvan die bevrediging as noodsaaklik beskou word vir die mens se voortbestaan. As sodanig is die bestaan van 'n wye verskeidenheid van belange met 'n hiërargiese struktuur by die individu onafwendbaar.

Dit sou egter foutief wees om te beweer dat alle mense se prioriteite in hierdie verband identies is. Die finale woord is nog nie gespreek oor die mate waarin genetiese faktore en aspekte soos die fisiese omgewing 'n rol hierin speel nie. Die blote feit dat sommige

individue die bevrediging van "hoër" waardes as behoeftes, teenoor die blote bevrediging van basiese behoeftes nastreef, toon aan dat individuele verskille moontlik onder andere geneties onderlê is. Net so kan die fisiese omgewing 'n rol speel. Byvoorbeeld 'n eilandbewoner wat van visvang vir voedsel afhanklik is, kan die bemeestering van "seevaardighede" as in sy belang beskou.

Dit is egter belangrik om daarop te wys dat belange in hierdie verband die produk van menslike kognisie is. Die sogenaamde *meganistiese* teorieë oor die motivering van die mens bestaan en daarvolgens is die mens 'n passiewe wese wat voortgedryf word deur fisiologiese drange en omgewingstimuli (Deci & Ryan 1985:3). Hoewel fisiologiese drange (dierlike instinkte) nie as motivering by die mens uitgesluit kan word nie, moet in ag geneem word dat die mens se belange meer as blote instinkte verteenwoordig en dat sy rede 'n belangrike rol te speel het in die bepaling van sy belange.

Belange is ook nie noodwendig identies aan behoeftes nie. Iemand kan 'n behoefte aan iets ervaar, maar dit is nie noodwendig in sy belang nie, tog is belange gegrond op die mens se persepsie van sy behoeftes. Daarom kan die menslike rede byvoorbeeld fisiologiese, sielkundige (emosionele) en sosiale behoeftes in belange omskakel. In die konteks van hierdie ondersoek word belange as "iets" beskou waarvan die bevrediging, na die oordeel van die individu, tot sy voordeel sal strek. Dit omsluit ook verwagtinge (idees) wat hy oor die werklikheid koester.

Teenoor die meganistiese teorieë van menslike motivering is die teorieë wat die mens as 'n organisme beskou. Daarvolgens is die individu 'n aktiewe wese wat uit eie wil gedrag inisieer. Hiervolgens het die individu:

> ...intrinsic needs and physiological drives, and these intrinsic needs provide energy for the organisms to act on (rather than simply to be reactive to) the environment and to manage aspects of their drives and emotions... it assumes that human beings act on their internal and external environments to be effective and to satisfy the full range of their needs (Deci & Ryan 1985: 4&8).

Dit is teen hierdie agtergrond dat daar na die realisering van belange gekyk word. Dit moet ongelukkig genoem word dat sielkundiges nie eensgesindheid het oor die presiese interpretasie van hierdie motiveringsenergie nie, maar dit blyk tog dat dit voortspruit uit die individu se behoeftes om kompetent en selfdeterminerend te wees. Watter rol eie wilskrag, outonomie en keuse speel, word steeds as problematies beskou. Deci & Ryan (1985:5-7) is van mening dat die mens nie oor alle handelinge noodwendig self besluit nie en dat die wisselwerking tussen "self-determined and non-self-determined behaviors and processes" ook ondersoek moet word (kyk Deci 1980).

Essensieel is selfdeterminasie 'n menslike eienskap wat die gevoel van 'n keuse betrek "... the experience of an internal perceived locus of causality" (Deci & Ryan 1985:38).

Wanneer daar gekyk word na die spesifieke aard van behoeftes, word gevind dat verskeie teorieë deur sielkundiges hieroor ontwikkel is. Verskillende behoeftes is deur verskillende navorsers identifiseer.

Die behoefte aan effektiwiteit in 'n mens se interaksie met sy omgewing - dit is die strewe na bevoegdheid en bekwaamheid (*competence*) is onder andere deur Woodworth (1918, 1958), White (1959) en Kagan (1972) identifiseer.

Ander skrywers wat op ander aspekte van menslike motivering konsentreer, het behoeftes soos voortbestaan identifiseer. Maslow (1970) was byvoorbeeld van mening dat die menslike natuur uit 'n hiërargie van behoeftes bestaan, wat geneties van oorsprong is. Nie alle mense is egter altyd bewus van hierdie behoeftes nie. Volgens hom is die mees basiese behoeftes die aan lug, water, voedsel, skuiling, slaap en seks. Sodra hierdie behoeftes bevredig word, tree die volgende reeks behoeftes in werking naamlik die behoefte aan veiligheid en sekuriteit; daarna volg die behoefte aan liefde en om iewers te behoort; sy behoefte om deur ander waardeer te word en om ander te waardeer. Hierdie is almal basiese behoeftes waarna behoeftes aan waarheid, orde, geregtigheid, die estetiese, eenheid en selfgenoegsaamheid volg. Maslow se hiërargie word nie sonder kritiek beskou nie, maar wat hier van belang is, is dat hy drie aspekte identifiseer wat vir hierdie ondersoek van belang is. Eerstens beskik die mens oor behoeftes wat hy wil bevredig (in die konteks van hierdie studie belange); tweedens toon van hierdie behoeftes duidelik aan dat dit alleen enersyds binne die konteks van 'n groep kan bestaan (byvoorbeeld orde en geregtigheid) en andersyds dat sommige alleen binne die konteks van die groep bevredig kan word (liefde); en derdens dat alles in terme van die behoefte aan selfaktualisering geskied.

Verskeie begrippe word deur verskillende skrywers gebruik om dit wat in die konteks van hierdie ondersoek as selfdeterminasie beskou word te beskryf. Een hiervan is selfaktualisering (Maslow 1970). Brehm (1966) en Wortman & Brehm (in Berkowitz (red) 1975) gebruik weer die begrip vryheid. Loevinger (1976) en Shapiro (1981) plaas weer die klem op outonomie.

Wat hierdie studies wel in gemeen het, is dat hulle soos Deci (1980) en Deci & Ryan (1985) selfdeterminasie as 'n behoefte identifiseer. Deci & Ryan (1985:30) haal DeCharms (1968:269) in hierdie verband aan: "Man's primary motivational propensity is to be effective in producing changes in his environment. Man strives to be a causal agent, to be the primary locus of causation for, or the origin of, his behavior; he strives for personal causation."

Deci (1980) beskou die behoefte aan selfdeterminasie nie as 'n behoefte aan kontrole nie, maar as 'n behoefte om 'n keuse te kan maak. Deci & Ryan (1985) voeg daaraan toe dat mense nie altyd kontrole van resultate vereis nie; dat mense dikwels verkies dat ander beheer moet neem: "What they want is *choice* about whether to be in control (1985:31)".

Verskeie studies is ook gedoen om vas te stel wat die effek van gebrekkige selfdeterminasie is. So het Brehm (1966) aangetoon dat wanneer mense hul vryheid as bedreig beskou, hulle reaktansie[311] ervaar wat 'n motivering is om die bedreigde vryheid te herstel. Wortman & Brehm (in Berkowitz (red) 1975) het bevind dat na lang periodes van onthouding van vryheid die reaktansiemotivering verdwyn en mense in amotivasie verval, hulle hulpeloos voel, en hul effektiwiteit verdwyn. Soortgelyke bevindings is deur Hiroto (1974) en Seligman (1975) gemaak.

Deci & Ryan (1985) voeg verder daaraan toe dat die mens se intrinsieke motivering kwesbaar is en dikwels maak die omgewing daarop inbreuk en word die inbreuk daarop deur die samelewing gesanksioneer. Daar bestaan konflik tussen hierdie behoefte van die individu en die waardes van die samelewing. Deci & Ryan (1985:129) noem dit 'n ontwikkelingskonflik, wat volgens hulle algemeen bekend staan as sosialisering. Daarvolgens bestaan daar baie gedrag, houdings en waardes wat nóg natuurlik, nóg intrinsiek gemotiveer is, maar wat belangrik is ten einde effektief in 'n sosiale omgewing te funksioneer. Hierdie regulering deur eksterne faktore moet op so 'n wyse geskied dat dit deur die persoon as sy eie gemaak word: "Thus, an important problem for adaptation and development is the promotion of a shift from regulation by external factors to self-regulation by internal factors in a variety of behavioral domains. This is the issue of internalization (Deci & Ryan 1985:129)".

Internalisering verwys na die proses waardeur 'n individu houdings, opvattings en gedragsregulering verkry en dit progressief in 'n eie waarde, doelwit of organisasie omsit. Die begrip internalisering is ook deur verskillende navorsers gebruik, hoewel individuele bydraes daaroor verskil. Voorbeelde hiervan is: Schafer (1968) en Deci & Ryan (1985)[312].

Deci & Ryan (1985:129-148) is van mening dat indien die persoon passief of weerstandbiedend is, is dit nie moontlik om die nodige aanpassing van eksterne regulering na interne regulering te maak nie. Daarom is hulle van mening dat internalisering 'n aspek is van die aktiewe persoon in die organisme-omgewingsdialektiek. "As such, internalization is not something that gets done to the organism by the environment, it is something the organism does actively to accommodate the environment, unless the environment overpowers the organism (1985:130)". Dit is egter 'n komplekse proses aangesien dit die bylê van konflik behels tussen dit wat die individu wil doen en dit wat die omgewing van hom vra om te doen. Daarom verg dit integrasie, assimilasie en akkommodasie by die individu.

Die oogmerk met internalisering is om meer effektief en selfdeterminerend in die sosiale wêreld op te tree. Deur middel van internalisering word eksterne motivering geïntegreer tot 'n geunifiseerde stelsel van strukture en motiewe sodat die eksterne regulering ervaar word as selfdeterminerend: "It is only when the cultural values become the child's values and are smoothly and unconflictfully exercised that internalization is complete (Deci & Ryan 1985:131)." Weer eens is dit belangrik om daarop te wys dat individue in hierdie vermoë verskil.

Hierdie aspekte van belangerealisering, en die behoefte aan selfdeterminasie in hierdie verband en hoe die individu deur middel van internalisering die omgewing se eise deel van sy eie identiteit maak is belangrik in hierdie ondersoek en kom ter sprake wanneer daar gelet word op die redes waarom, en die wyse waarvolgens hy met wie in die vorming van groepe sal assosieer. Wat hier nie uit die oog verloor moet word nie, is dat individue nie identies is nie; daar kan nie met presiese sekerheid gesê word hoe 'n individu gaan reageer nie. Nietemin word breë bruikbare beginsels hierdeur neergelê.

## 3.5 ASSOSIASIE EN SELFDETERMINASIE

In hierdie afdeling word kortliks gekyk na die redes waarom die individu met 'n bepaalde groep assosieer en op watter wyse hierdie assosiasie plaasvind.

Die assosiasie van die mens in groepverband word beskou teen die agtergrond van die mens as 'n individuele wese wat onvermydelik met ander moet assosieer. Ten einde die groep te laat funksioneer, word sekere groepnorme neergelê. Twee faktore is van belang by die individu se assosiasie met ander in groepverband. Eerstens het die individu belange wat hy nastreef, maar wat ten beste in groepverband gerealiseer kan word. Tweedens word die individu sedert sy geboorte tot lid van bepaalde groepe gesosialiseer. Die individu bly egter steeds 'n selfdeterminerende wese, daarom is sy lojaliteit teenoor bepaalde groepe nie noodwendig vanselfsprekend of noodwendig permanent nie. Sy internalisering van die waardes van die eise wat die groep aan hom stel, sal waarskynlik bepaal word deur sy persepsie van wat nodig is om sy belange te laat realiseer. Daar moet gevolglik 'n simbiotiese verhouding tussen hom en die groep bestaan.

Daar is reeds in die vorige afdeling daarop gewys dat akademici nie eensgesindheid het oor die presiese aard van die mens se behoeftes en belange nie. Dit sou waarskynlik foutief wees om te beweer dat alle mense oor presies dieselfde belange beskik, en ook dat die hiërargie van belange vir alle mense eenders is. Vanweë sekere omstandighede mag dit gebeur dat 'n individu nie eens bewus is van al sy behoeftes nie. Byvoorbeeld iemand wat nie honger ken nie, mag moontlik nie bewus wees dat voedsel 'n basiese behoefte by die mens is nie.

Wat hier ter sake is, is dat die individu oor beide primêre en sekondêre belange beskik. Primêre belange verteenwoordig daardie belange waarsonder die individu nie kan klaarkom nie (soos belange wat sy voortbestaan verseker), maar dit sluit ook daardie belange in wat die individu van mening is hy nie sonder kan nie. Sekondêre belange verteenwoordig daardie belange waarvan die realisering nie as kritiek deur die individu ervaar word nie. Dit is moontlik dat bepaalde belange onder bepaalde omstandighede deur alle mense as primêre belange ervaar sal word, maar dit sal waarskynlik meer korrek wees om te aanvaar dat die hiërargie van belange deels deur die individu en deels deur die omgewing (insluitende die groepe waarvan hy lid is en nie lid is nie) beïnvloed sal word[313].

Enkele belange moet egter vir doeleindes van hierdie ondersoek uitgelig en in meer besonderhede bespreek word. Hierdie belange is selfidentiteit as 'n belang, selfdeterminasie as 'n belang, assosiasie as 'n belang en die bevrediging van behoeftes in die algemeen as 'n belang.

Die problematiese aard van selfidentiteit en die wisselwerking daarvan met groepsidentiteit is reeds uitgewys. Die moontlikheid dat die individu die groepsidentiteit in sy geheel of gedeeltelik sal internaliseer en dit sodoende deel van sy eie selfidentiteit maak, is belangrik. Groepe beskik dus oor die potensiaal om vir die individu te help bepaal wie en wat hy is; maar terselfdertyd maak groepe dit vir die individu moontlik om sommige van sy belange te realiseer. Selfidentiteit kan as 'n primêre belang van die mens beskou word, hoewel die mens onbewus daarvan kan wees. Die patologiese aard van identiteitsprobleme word deur sielkundiges erken. Daarom kan aanvaar word dat alle normale individue selfidentiteit as 'n belang gerealiseer het. Weens die individu se besef dat dit nie moontlik is om al sy belange alleen te realiseer nie, maar dat hy ander benodig vir die realisering daarvan, bestaan die moontlikheid dat die individu die groepsidentiteit en groepsbelange sal internaliseer as 'n middel ter bereiking van 'n bepaalde doel.

Selfidentiteit as 'n primêre belang by die individu behoort meer aandag deur akademici te verkry - veral in studies van nasionalisme en in studies van politieke identiteit (byvoorbeeld party-identiteite). Dat groepsidentiteite in selfidentiteite geïnternaliseer kan word is bo alle twyfel. Twee voorbeelde wat in hierdie verband gebruik kan word is die Romani (Sigeuners) en die Jode (Semiete).

Beide die Romani en Jode verteenwoordig diaspora wat ten spyte van hul wegbeweging uit hul natuurlike gebied en verspreiding onder ander groepe hul identiteit behou het. Hierdie twee groepe verskaf interessante feite oor die dinamika van die groep en die individue waaruit hulle bestaan.

Altwee hierdie groepe het vanweë hul inbeweging onder ander groepe vyandigheid, verdrukking, onderdrukking, vervolging en selfs pogings tot uitwissing ervaar. Beide was byvoorbeeld slagoffers van Nazisme in die Tweede Wêreldoorlog. Hul lewenswyse, kultuur en fisiese voorkoms verskil van die ander groepe waaronder hulle woon en bestaan. Negatiewe houdings teenoor Romani en Jode is ook algemeen onder die groepe waaronder hulle woon (kyk Sazhin 1991).

Die vraag kan daarom tereg gevra word, of dit in hul belang is, om hul identiteit te behou. Sou dit nie waarskynlik eerder in hul belang gewees het om met die gasheergroepe te assimileer en hul identiteit prys te gee nie? Die enigste moontlike antwoord hierop is dat die handhawing van selfidentiteit 'n primêre belang kan wees. Maar ook hierdie is nie 'n eenvoudige antwoord nie.

Romani en Jode het in hul kontak met die gasheergroepe wel transaksies oor groepsgrense aangegaan wat in sommige politici en akademici se persepsie neerkom op assimilasie. Veral Jode[314] het dikwels die taal van gasheergroepe aangeneem, of hul eie tale swaar daardeur laat beïnvloed. Ook die Romani, hoewel meer geneig om hul eie tale te behou as die Jode, se tale is deur die gasheertale beïnvloed[315]. Biologiese assimilasie het selfs plaasgevind, maar gewoonlik ten gunste van die Romani en Jode (kyk Sazhin 1991; Hancock 1991; Pinkus 1990), omrede in huwelike met persone uit ander groepe die "vreemdelinge" deur die Jode en Romani opgeneem is en nie omgekeerd nie.

Dit wil voorkom asof sekere aspekte van die gasheergroepe se lewenswyses geïnternaliseer is, ter wille van meer kompetensie of selfdeterminasie binne die gasheergroepe. Hierdie internalisering van eienskappe van die gasheergroepe het egter nie met 'n noemenswaardige verlies aan selfidentiteit van die Romani en Jode gepaard gegaan nie.

Twee verdere belangrike punte vloei hieruit voort. Eerstens ter wille van die individu se selfdeterminasie en ter wille van sy realisering van sy ander belange wil dit voorkom asof die individu, namate omstandighede dit vereis, bereid is om sy selfidentiteit aan te pas, sonder om dit prys te gee. Tweedens kom die moontlike rol wat "hulle" speel in die handhawing van hierdie selfidentiteit ter sprake.

Negatiewe houdings teenoor beide die Romani en die Jode kon moontlik veroorsaak het dat hulle nie deur die gasheergroepe assimileer is nie. Met ander woorde 'n eie identiteit is nie net die produk van "ek" en "ons" nie, maar ook van "hulle", omrede "hulle" ook mede aandadig is aan die "grense" wat tussen groepe opgerig word (kyk Elias & Scotson 1965). Vyandigheid van "hulle" teenoor "ons" maak dit noodsaaklik dat "ons" moet laer trek, dat "ons" op mekaar aangewese is vir "ons" belangerealisering en sodoende word "ons" eie identiteit beskerm. Daar is byvoorbeeld diegene wat van mening is dat die identiteit van die

Jode die gevolg van die volgehoue vervolging van die Semiete deur al die eeue heen is (Sharkansky 1991).

Waarom behou groepe hul identiteit selfs al is die geleentheid daar om met ander groepe te assimileer en dit oënskynlik in hul belang is? Weer eens is die antwoorde nie so eenvoudig nie. Groepe soos byvoorbeeld die Baske, Kataloniërs en Suid-Tirole (ook die Afrikaners) wat aan doelgerigte en sistematiese programme van assimilasie blootgestel is, het weerstand teen assimilering gebied. Is dit omrede die selfidentiteit bedreig is, of is dit as gevolg van die ontneming van selfdeterminasie? Daar moet in gedagte gehou word dat assimilasie tot die "dominerende" groep die belofte inhou van beter realisering van die individu se belange. Die ontneming van selfdeterminasie in hierdie gevalle was waarskynlik 'n belangrike faktor, hoewel daarmee geensins beweer word dat selfidentiteit nie 'n faktor is nie.

Hierdie gedwonge assimilasie kan gekontrasteer word met die vrywillige assimilering met die Arabiere wat in groot dele van Noord-Afrika en in die Midde-Ooste plaasgevind het. Ten spyte van wanvoorstellings in die geskiedenisboeke het die Arabiere sover moontlik gepoog om goeie verhoudings met die oorwonne groepe te handhaaf en is hulle nie aan doelgerigte assimilasie onderwerp nie. Die superieure kultuur van die Arabiere was egter vir baie groepe, soos byvoorbeeld baie Berberstamme in Noord-Afrika, te aanloklik en het hulle verarabiseer.

Selfdeterminasie in die besluit om te assimileer, óf om nie te assimileer nie, is waarskynlik nie die enigste faktor ter sprake nie. In Europa, byvoorbeeld in Spanje, het die Arabiere aansienlike weerstand ervaar en is uiteindelik uit Spanje uitgedryf. Selfs in Turkye waar die Arabiese invloed groot was, is na die beëindiging van die Ottomaanse Ryk, pogings aangewend om die eie Turkse karakter te laat herleef. Onder andere is: die Muslim regskode in 1926 vervang met 'n kode wat grootliks op die Switserse siviele kode gefundeer is, die Arabiese alfabet in 1928 vervang met die Latynse alfabet en Islam in 1928 as staatsgodsdiens afgeskaf (kyk Collier's Encyclopedia vol. 22).

Die mate waarin 'n bepaalde groep se identiteit gevestig is en die lede van daardie groep die groepsidentiteit in hul selfidentiteit internaliseer, speel waarskynlik 'n rol in hierdie verband. Weer eens is daar telkens situasies wat anders verloop. Soms word 'n versameling individue juis bewus van hul eie groepsidentiteit wanneer hulle in aanraking met ander groepe kom, soos reeds in die geval van die Afrikaner uitgewys is. 'n Groot mate van wisselwerking en selfs assimilasie het tussen die plaaslike Europese bevolking aan die Kaap en die inheemse bevolking en selfs slawe plaasgevind. Dit is eers na kontak met die swartstamme en die Engelse dat daar werklik sprake van 'n Afrikaneridentiteit begin ontwikkel het.

Immigrantegroepe in die Nuwe Wêreld (insluitende die Amerika's, Suid-Afrika en Australasië), verskaf interessante inligting oor die dinamika van groepe, identiteite, selfdeterminasie en belangerealisering. In hierdie gevalle moet immigrantegroepe onderskei word van groepe wat na aangrensende gebiede migreer (byvoorbeeld die Romani en Jode in Europa). In laasgenoemde geval word kontak met die groter groep grootliks behou, terwyl dit nie altyd die geval met immigrantegroepe is nie. Veral studies oor immigrante na die Verenigde State van Amerika bied waardevolle inligting in hierdie verband.

Dit is in hoofsaak gewoonlik individue wat immigreer. Die blote besluit om uit die eie groep na 'n ander te emigreer, toon aan dat die individu deels bereid is om met sy groepsidentiteit te breek. Waarskynlik is dit die besef dat dit nie meer vir hom moontlik is om sy belange in en deur middel van sy eie groep te realiseer nie en dat hy dit waarskynlik elders makliker sal kan realiseer. Maar dit kan ook wees omrede sy selfidentiteit en selfdeterminasie in gedrang kom.

By aankoms in sy nuwe tuiste word egter gevind dat individuele immigrante spoedig groepe vorm met ander wat vanuit dieselfde groep emigreer het - ten spyte daarvan dat die nuwe lede mekaar selde ken, of selfs in die tuisgroep nie met mekaar sou wou assosieer nie, "...insulated against a strange and often insensitive outside world, many past immigrants utilized their ethnic subcommunity as a decompression chamber before entrance into the larger society" (Parrillo (red) 1991:5).

In Parrillo se 1983 studie van 6 000 Arabiese immigrante het hy gevind, dat ten spyte van hul verspreidheid (min Arabiese buurte bestaan en gewoonlik is hul bure nie Arabies nie) tussen ander Amerikaners - onder andere ook in die werksfeer, hulle in hul private lewens uitsluitlik met Arabiere sosialiseer (Parrillo (red) 1991).

Parrillo (1991) self is van mening dat geen bestaande sosiologiese teorieë groepvorming en groepdinamika onder veral nuwe immigrante in die Verenigde State van Amerika ten volle verklaar nie. Die etniese groepe verleen aan sy lede 'n identiteit[316] en 'n kohesie ('n behoort), "...they help shape an individual's character and personal story line for generations beyond immigration. Conversely, individuals who deny or are cut off from their ethnic identities often suffer lowered self-esteem" (Giordano & Levine in Parrillo (red) 1991:194). In sy studie van Iraniërs in die Verenigde State van Amerika som Maboud Ansari (in Parrillo (red) 1991:141) hul situasie soos volg op:

> The newly born Iranian community in America, which consists of a large number of transnational capitalists and cosmopolitan professionals, is an ethnic community of a special kind. Although it is not an essentially territorially based community, through its modern communal structures it provides sources of personal identity and cultural/ethnic cohesiveness in a society in which individualism means everything but the individual counts for little.

Studies van Iraniërs as 'n immigrantegroep in die Verenigde State van Amerika bied belangrike feite ten opsigte van individue se assosiasie in groepverband, waarom mense assosieer en op watter basis hulle dit doen.

Iraniërs verskil van baie ander immigrantegroepe in die opsig dat hulle nie soos van die ander groepe (byvoorbeeld Hispaniërs) gekenmerk word deur laer sosio-ekonomiese status en dikwels armoede nie. Groepvorming in laasgenoemde gevalle is dikwels om oorlewing moontlik te maak. Daarenteen word die Iraniërs in die hoogste ekonomiese klasse aangetref en bestaan grootliks uit entrepreneurs "...who have quickly found a niche in the American capitalistic system" (Ansari in Parrillo (red) 1991:125); en professionele intelligentsia (43% is kollege gegradueerdes teenoor die 16% van die res van die Amerikaanse bevolking).

Hul blote emigrering uit Iran toon die rol van selfidentiteit en selfdeterminasie van die individu aan, maar ook van ander belange. Die Iraniërs wat emigreer het, was nie bereid om die nuwe waardes soos neergelê deur die nuwe bewind, te internaliseer nie. "The intelligentsia in exile is in fact a culture in exile" (Ansari in Parrillo (red) 1991:126). Die behoud van 'n bepaalde selfidentiteit manifesteer hier duidelik as 'n belang in eie reg.

As "groep" is hulle oor Amerika versprei, maar kontak word in hoofsaak vanuit 'n professionele en kulturele perspektief georganiseer. Tans word ongeveer eenhonderd Iraanse tydskrifte en koerante gepubliseer, onder andere die *Iranian Directory Yellow Pages*. Ander instellings verteenwoordig professionele organisasies, soos byvoorbeeld vir mediese dokters en kultuurorganisasies wat kultuuraande hou waartydens digkuns en letterkunde bespreek word, of waar musiekgroepe en dramagroepe kan optree.

Hierdie kulturele aard van die kontak tussen Iraanse immigrante kom min of meer ooreen met Tony Walter (1985) se opvatting dat in antieke tye die gemeenskapslewe ontwikkel het nadat basiese behoeftes bevredig is. Die Grieke het byvoorbeeld die doel van die staat as deug beskou. Die gemeenskap bestaan nie noodwendig om basiese behoeftes te bevredig nie, maar dikwels om 'n lewensvorm na te streef wat nie moontlik sal wees, indien geen gemeenskapslewe bestaan het nie. Hierdie aspek kom duidelik na vore in die studies van Iraniërs in die Verenigde State van Amerika. Die blote voorsiening aan basiese behoeftes soos voedsel en skuiling is nie die primêre oogmerk met assosiasie in hierdie groep nie. Gevolglik is assosiasie ook 'n belang in eie reg.

Die rol wat elites in hierdie tipe van assosiasies speel, blyk ook duidelik. Groepvorming spruit dus hoofsaaklik voort uit 'n gedeelde identiteit en 'n behoefte aan bevrediging van belange wat voortspruit uit die sosiale waardes waaraan hulle gewoond is, in 'n taal waarin hulle kan kommunikeer.

Wanneer individue met ander individue in groepe assosieer is die gesegde, "soort soek soort", toepaslik. 'n Persoon word in 'n bepaalde groep gebore - byvoorbeeld etnies en volgens klas. Sy eie selfidentiteit word deels deur hierdie groepsidentiteit beïnvloed. As selfdeterminerende wese internaliseer die individu aspekte van die groepsidentiteit en lewenswyse. Wanneer individue uit die groep geneem word en in 'n vreemde omgewing tussen ander geplaas word, blyk dit duidelik dat hierdie individue steeds wil sosialiseer met ander lede van die "eie" groep. Die behoefte om te sosialiseer spruit voort uit 'n kombinasie van basiese behoeftes, maar ook behoeftes wat net gerealiseer kan word binne die konteks van 'n groep. Groepdinamika word daarom gekenmerk deur 'n voortdurende wisselwerking tussen "ek-ons-hulle".

Die mate waartoe 'n individu bereid sal wees om die waardes en eise van 'n groep en uitgebreide groepe te internaliseer, sal essensieel afhang van sy persepsie van sy belange - insluitende sy identiteit as 'n belang. Wanneer die groep uitgebrei word, moet aanvaar word dat dit na ander groepe sal geskied wat wel sterk ooreenkomste toon met die waardes en eise van die primêre groep. Weer eens in die geval van die Iraanse immigrante het hul kapitalisties-professionele waardes meer ooreenkomste getoon met die Amerikaanse hoërklas as met die waardes van die nuwe regime in Iran.

Assosiasie in groepe moet dus beskou word as 'n komplekse proses waarin talle faktore 'n rol speel. Dit sou foutief wees om alle groepvorming tot enkele beginsels te probeer reduseer.

## 3.6 SLOTOPMERKINGS

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om kortliks aan te dui dat groepe alleen begryp kan word indien gekyk word na die psigo-sosiale dimensie van die mens. Eenvoudige verklarings bestaan nie.

Pogings om groepdinamika te beskryf sonder inagneming van die menslike natuur bied min wat werklik standhoudend is. Die mens is 'n komplekse wese met verskillende dualiteite. Die mens is 'n dier, met 'n biologiese dimensie, beskik oor 'n rede en het sekere behoeftes (beide instinkmatige en rasionele belange). Maar die mens is ook 'n selfdeterminerende en 'n sosiale wese. Die mate waartoe sielkundige persoonlikheidseienskappe hier 'n faktor is, is nie bespreek nie omrede dit nie vir doeleindes van hierdie studie as belangrik geag word nie. Nietemin word daarmee nie bedoel dat dit nie 'n faktor kan wees nie.

Van primêre belang is dat die individu in sy strewe om sy belange te realiseer (insluitende sy selfidentiteit, selfdeterminasie en sy behoefte aan assosiasie) dikwels in aanraking en in konflik kom met "ons" en "hulle". Dit is egter die selfdeterminerende individu wat keuses in hierdie verband wil uitoefen. Daarom verkeer die mens voortdurend in 'n wisselwerking tussen "ek-ons-hulle".

# HOOFSTUK 4

# NASIONALISME: SELFIDENTITEIT, ASSOSIASIE, SELFDETERMINASIE EN BELANGEREALISERING

## 4.1 ALGEMENE INLEIDING

Die fokus in hierdie hoofstuk is die middelpuntsoekende en middelvliedende kragte van nasionalisme. Soos reeds genoem, word nasionalisme beskou as 'n spesifieke manifestasie van menslike gedrag en in die besonder menslike sosiale gedrag.

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die faktore wat aanleiding gee tot die ontstaan van 'n nasie en die faktore wat tot nasionalisme lei. Die bespreking geskied teen die agtergrond van die mens as selfdeterminerende individu met 'n selfidentiteit wat poog om sy belange te realiseer, maar wat terselfdertyd om 'n verskeidenheid van redes met ander individue in groepe (waarvan die nasie een so 'n groep is) assosieer.

'n Verskeidenheid van benaderings, waarvolgens daar gepoog word om die verskynsels nasie en nasionalisme te verklaar word in die literatuur van 'n verskeidenheid dissiplines aangetref. 'n Probleem met van hierdie benaderings is die wedersydse eksklusiewe aard daarvan. Elke benadering skep die indruk dat die verskynsels nasie en nasionalisme alleenlik in terme van een perspektief verklaar kan word. Dit is hoofsaaklik in Geskiedenis as dissipline dat erken word dat die aanleidende oorsake van nasionalisme meer-faktorig kan wees.

By die bestudering van hierdie onderskeie benaderings word gevind dat elkeen 'n aspek van die nasie en nasionalisme verklaar, maar dat geeneen die volle waarheid vertel nie. Nietemin is dit belangrik om kortliks na hierdie benaderings te kyk.

Die vertrekpunte in hierdie ondersoek en in hierdie hoofstuk is eerstens dat aansprake op verklaring, dit wil sê oorsaak-gevolg patrone, prematuur is. In hoofsaak kan daar aanspraak gemaak word op korrelasies. Tweedens word die werklike oorsake vir die ontstaan van 'n nasie en nasionalisme as meer-faktorig beskou. Gesien in die lig daarvan dat oorsaak-gevolg patrone moeilik bepaalbaar is, word verkies om van die vertrekpunt uit te gaan dat 'n nasie en nasionalisme met verskillende faktore assosieer kan word. Dit sou egter foutief wees om te beweer dat al hierdie moontlike faktore by elke nasie en nasionalisme aanwesig is/moet wees. Elke nasie en nasionalisme kan eerder assosieer word met een of meer faktore wat onder bepaalde omstandighede op mekaar inspeel.

Dit is juis teen hierdie agtergrond dat daar gevind is, dat soos in hoofstuk 3 verduidelik, selfidentiteit, assosiasie, selfdeterminasie en belangerealisering van die individu belangrik is en in hierdie hoofstuk telkens as gemene delers by nasionalismes beskou word. Hierdie gemene delers maak dit moontlik om die onderskeie benaderings wat in studies van nasionalisme gevolg word, binne een raamwerk te akkommodeer.

Die faktore wat in die konteks van hierdie ondersoek van belang is en telkens deur een of ander erkende benadering in studies van nasionalisme uitgelig word, word in hierdie hoofstuk in twee kategorieë geklassifiseer. Eerstens is daar faktore wat met die individu se assosiasie met die nasie verband hou. Dit het veral te make met selfidentiteit en belangerealisering. Tweedens is daar faktore wat verband hou met die mobilisering van die nasie, dit wil sê met die aktivering van die middelpuntsoekende, óf middelpuntvliedende kragte van nasionalisme. Dit het weer veral te make met belangerealisering en selfdeterminasie. Belangerealisering is by beide kategorieë belangrik. In die bespreking wat volg, word belangerealisering enersyds met die individu se assosiasie met die nasie in verband gebring; maar andersyds ook met die aktivering van die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme.

Vervolgens word hierdie faktore, wat telkens die fokus van 'n bepaalde benadering is, binne 'n breër raamwerk in hierdie hoofstuk saamgevat.

## 4.2 BENADERINGS IN DIE STUDIE VAN NASIONALISME

### 4.2.1 Inleiding

In hierdie afdeling word 'n sinopsis gegee van die vernaamste benaderings in studies van nasionalisme wat telkens gebruik word om die etiologie van nasionalisme te probeer verklaar. Hierdie benaderings identifiseer faktore wat aanleiding tot nasionalisme kan gee, maar terselfdertyd poog om die werking van hierdie faktore te beskryf.

Die oogmerk met die volgende afdeling is dus hoofsaaklik om 'n agtergrond tot afdeling 4.3 te bied. In laasgenoemde afdeling word aangedui hoe dit moontlik is om in die lig van die aspekte van menslike gedrag wat in hoofstuk 3 bespreek is, hierdie onderskeie benaderings in een bepaalde raamwerk saam te vat.

In die sinopsis wat volg, is dit belangrik om te onthou dat dit moontlik is om individuele navorsers se bydraes in meer as een kategorie te klassifiseer. So gaan sommige etniese benaderings byvoorbeeld van die vertrekpunt uit dat die enigste verklaring vir etnisiteit as 'n faktor in nasionalisme die gevolg van 'n primordiale drang by die mens is.

Vervolgens word daar kortliks na van die belangrikste benaderings gekyk[401].

### 4.2.2 Ethologiese benaderings

Daar is verskeie benaderings wat van die vertrekpunt uitgaan dat nasionalisme eintlik die gevolg is van dierlike gedrag by die mens. Soos byvoorbeeld primordiale of oer sentimente en drange by die mens. Hierdie benadering kom onder andere voor by die sogenaamde *territoriale imperatief*, waarna reeds in hoofstuk 3 verwys is.

Primordiale vertrekpunte kom ook voor by sommige psigologiese benaderings, veral daardie benaderings wat nasionalisme as 'n verplasing van die moederinstink beskou. Volgens Koenigsberg (1977) het nasionalisme 'n ideologiese dimensie wat lei tot die uitdrukking en ontlading van menslike fantasieë. Hy identifiseer drie fantasieë in die mens se onderbewuste wat die mens se absolute geloof in die werklikheid van die nasie onderlê: die nasie as *suffering mother* soos gesien deur die lydende massa; die nasie as *omnipotent mother*; en die nasie as *projection of infantile narcissism.*

Primordialisme is tans 'n belangrike vertrekpunt in sommige teorieë oor etnonasionalisme (kyk Connor 1971; Van den Berghe 1990). Daarvolgens is etnisiteit 'n hardnekkige gegewe in maatskaplike aangeleenthede, 'n verband tussen lede van die groep wat gewoonlik gegrond is op genetiese verwantskap, óf ten minste in die geloof in sodanige verwantskap.

Hoewel benaderings wat van primordiale vertrekpunte gebruik maak, gewoonlik met skeptisisme bejeën word, moet onthou word dat die mens nog bittermin van menslike ethologie en moontlike primordiale instinkte by die mens weet. Binne die konteks van hierdie hoofstuk is die uitgangspunt dat primordiale instinkte of sentimente nie uit die oog verloor moet word nie, maar 'n primêre rol word nie daaraan toegeken nie, bloot omrede die mens nog oor te min kennis daaroor beskik.

### 4.2.3 Psigologiese benaderings

Verskillende variasies van die psigologiese benaderings bestaan, maar die oogmerk is telkens om 'n psigologiese verklaring te probeer bied vir die mens se identifisering met die nasie. Die basiese vertrekpunt is dat die mens die behoefte het om met 'n groter saak en groep te identifiseer.

In hoofsaak kan twee breë strominge hier identifiseer word. Eerstens is daar die *persoonlikheidsbenadering* waarin die persoonlikheid van die nasionalis in die besonder beklemtoon word, "...what type of person is the 'nationalist'?" (Forbes 1974:172).

Die tweede breë stroming wentel om die *sosio-psigologiese benadering* waarin die sosialisering van die mens beklemtoon word. Hiervolgens word nasionalisme as aangeleerde gedrag beskou. Die basiese vraag in hierdie verband is hoe die normale of gewone individu 'n houding van lojaliteit teenoor die nasie verkry of verloor? "Nationalism, from this perspective, is simply conformity to the norms of loyalty and self-sacrifice in situations where the nation (or nation-state) finds itself in conflict with other nations" (Forbes 1974:173).

Die psigo-sosiologiese benadering het in groot mate die persoonlikheidsbenadering vervang. Hierdie twee strominge behoort eerder as aanvullend en nie as vervangend van mekaar beskou te word. Die probleem is dat individue in dieselfde omstandighede nie identies optree nie. Gevolglik is dit wel moontlik dat psigologie 'n rol kan speel, maar daardeur word nie beweer dat die sosiologiese aspek van nasionalisme nie ook belangrik is nie.

4.2.4 Kultureel-etniese benadering

Hierdie twee fasette van die benadering word soms as twee afsonderlike benaderings hanteer. Daar is wel klein verskille. Etnisiteit betrek (soos in hoofstuk 2 verduidelik) implisiet 'n biologiese of genetiese gemeenskaplikheid. Mense met 'n biologiese band kan egter kultuurverskille openbaar, soos dit byvoorbeeld die geval is met Engelssprekendes in Australië en Nieu-Seeland.

Beide hierdie benaderings is breë benaderings omrede dit gewoonlik aspekte soos taal, godsdiens, geskiedenis en nasionale simbole betrek. Laasgenoemde aspekte word dikwels as afsonderlike benaderings hanteer. Die vertrekpunt in hierdie benaderings is dat etnisiteit en kultuur, of bepaalde aspekte daarvan, die spil is waarom nasionalisme ontwikkel.

Tans word drie skole, wat soms as afsonderlike benaderings hanteer word, identifiseer. Eerstens is daar die *primordialiste* waarna reeds in afdeling 4.2.2 verwys is. Tweedens is daar die *instrumentaliste* en derdens is daar diegene wat 'n *versoening* tussen hierdie twee skole voorstaan.

Die instrumentaliste is van mening dat sommige etniese gemeenskappe ryk is aan historiese bande en ander arm is daaraan. Beide is van belang vir nasionalisme. Nasionalisme onder daardie gemeenskappe wat ryk is aan historiese bande is feitlik vanselfsprekend; terwyl die wat arm is aan historiese bande makliker toeganklik is vir die manipulasie deur elites (kyk Smith 1983:xxvii-xxxii).

Kritiek word wel teen die etnies-kulturele benadering ingebring, veral in die sin dat die nasie juis veronderstel is om etniese verskille te oorbrug. Nietemin toon die geskiedenis aan dat nasionalisme selde etniese grense oorbrug. Waar dit wel gebeur, is dit gewoonlik tussen etnies-verwante groepe wie se tale aanmekaar verwant is.

'n Belangrike punt van kritiek is dat kultuur, maar veral etnisiteit, te dikwels as statiese verskynsels beskou word. Etnisiteit is aan evolusie onderhewig. Verskillende etniese groepe mag saamsmelt om 'n nuwe etniese groep te vorm - vergelyk weer eens byvoorbeeld die herkoms en die ontstaan van die Afrikaner; maar dit is ook moontlik dat uit dieselfde etniese groep mettertyd verskillende etniese groepe kan ontwikkel - vergelyk byvoorbeeld die verskillende vertakkinge van en verdeeldheid onder Slavisme. Pan-Slavisme het juis 'n gemeenskaplike biologiese band as vertrekpunt.

Afhanklikheidsteorieë, teorieë oor interne kolonialisme en sommige modernisasieteorieë poog weer om redes te verskaf waarom individue onder bepaalde ekonomiese omstandighede hul toevlug tot etnisiteit neem.

Die vertrekpunt in hierdie ondersoek is dat etnisiteit 'n belangrike faktor in nasionalisme is en dat nasionalisme in die praktyk dikwels met etnisiteit in verband gebring kan word.

4.2.5 Die historiese en die nasionalistiese benaderings

Die historiese benadering het as vertrekpunt, nasionalisme as 'n ideologie met wortels in die Middeleeuse Europa. Dit het van 'n klein begin tot een van die dominantste kragte in die wêreld ontwikkel. Volgens Smith (1983:28) is onderliggend aan die historiese benadering die volgende aannames:

* Alle mense begeer sekuriteit deur lidmaatskap van die een of ander groep.
* Nasionalisme is 'n ideologie wat nuwe groepe skep wat as plaasvervangers kan dien vir die verlore sekuriteit wat deur ou groepe verskaf is.
* Nasionalisme is suksesvol in groepskepping en in die vernietiging van ander oortuigings en strukture.

Met bogenoemde as grondslag versprei nasionalisme op grond van nabootsing omrede die mens daarvan hou om met nuwe idees te eksperimenteer. Dit is veral in hierdie verband dat die elite en die intelligentsia 'n belangrike rol speel.

Die historiese benadering toon sterk ooreenkomste met wat Breuilly (1982:18-20) die nasionalistiese benadering noem. Hiervolgens is nasionalisme 'n uitdrukking van die nasie. Die nasie streef na onafhanklikheid en die nasionaliste (elite) artikuleer begeertes in 'n poging om dit te realiseer.

Die belangrikste kritiek teen die historiese benadering, wat ook geldig is vir die nasionalistiese benadering, is dat te veel vrae onbeantwoord bly. Waarom is die intelligentsia so beïnvloedbaar? Waarom is nasionalisme so aanloklik? (kyk Smith 1983:hfs 2).

4.2.6 Die Kommunikasiebenadering

Hierdie benadering beskou die nasie in terme van 'n ontwikkelde stelsel van interne kommunikasie wat 'n gevoel van gemeenskaplike identiteit skep. Karl Deutsch het belangrike bydraes in hierdie verband gemaak.

Vir Deutsch bied die kommunikasiebenadering die geleentheid om die etiologie van nasionalisme as meer-faktorig te beskou en sodoende bydraes vanuit verskillende dissiplines oor byvoorbeeld taal, kultuur, etnisiteit, klasse en ekonomie gesamentlik toe te pas.

Volgens Deutsch (1953; 1979) en Deutsch & Folz (1963) gee kommunikasie enersyds aanleiding tot patrone van assimilasie, maar andersyds ook tot patrone van differensiasie. Suksesvolle assimilasie gaan grootliks afhang van die tempo van mobilisasie. Die tempo van mobilisasie moet dus hand aan hand gaan met die tempo van assimilasie.

Dit kan nie ontken word dat elke nasie oor 'n kommunikasienetwerk beskik nie, maar kommunikasie verklaar nie waarom die mens uiteindelik nasionalisme aanhang nie. Dit verklaar ook nie waarom groepe hul eie identiteit behou ten spyte daarvan dat die kommunikasienetwerk waarin hulle hulself bevind ook ander groepe mag insluit - sonder dat assimilasie met hierdie groepe plaasvind.

Tog verskaf teoretici in hierdie benadering waardevolle inligting oor wie met wie assosieer. Deutsch & Folz (1963) suggereer dat 'n "groter" gemeenskap soos die staat en nasie 'n sekere mate van kulturele en sosiale assimilasie vereis, ten einde volle lojaliteit van sy lede te verkry - wat 'n langsame proses is. Veral word daarop gewys dat vir groepe om suksesvol te assimileer, dit noodsaaklik is dat hulle oor die een of ander gemeenskaplikheid beskik.

Die kritiek teen die kommunikasiebenadering word deur Smith (1983:103) raak opgesom en wel soos volg:

> In fact, there is nothing in the form or content of mass communications systems or mobile sensibilities that lends itself to the rise of nationalism as an ideological movement. Factors such as geography, trade flows, defence and taxation systems, are, as Deutsch shows, just as likely to contribute to the formation of communal discontinuities or *nationalities* as the

> introduction of media systems, especially in their latest mass phase, which relies less on language than on audiovisual effects.

Dit is te verstane dat nasionalisme nie sonder kommunikasie tot uiting kan kom nie, maar dit is nie dieselfde as om te beweer dat kommunikasie die oorsaak van nasionalisme is nie. Kontak met ander maak individue bewus van hul ooreenkomste met en verskille van ander, maar kontak oorbrug nie noodwendig verskille nie - vergelyk die Jode en die Romani se handhawing van hul eie identiteit tussen ander in hierdie verband.

In 'n mate word oorsake en gevolge met mekaar verwar. Kommunikasie is nie noodwendig die oorsaak van nasionalisme nie, maar kommunikasie is die gevolg van die mens se uitgebreide kontak met ander.

4.2.7 Die modernisasiebenadering

Volgens hierdie benadering lei modernisering tot die ontwikkeling van 'n nuwe kultuur wat ou verdelings van taal, etnisiteit en kultuur oorbrug. Modernisering "produseer" geletterdheid, kultuur, kommunikasie en nasionalisme. Ernst Gellner (1988) is een van die eksponente van hierdie benadering. Volgens hom is dit belangrik dat in 'n staat met 'n geïndustrialiseerde ekonomie daar 'n oorkoepelende "*high culture*" ontwikkel wat nie met godsdiens of etnisiteit verband hou nie. Wetenskap en tegnologie is die sleutel tot die mens se vooruitgang. Hierdie strewes vereis bronne op 'n skaal wat slegs op die nasionale vlak verskaf kan word. So 'n "nasionale" moderne stelsel oorbrug subnasionale identiteite deur byvoorbeeld die aanvaarding van 'n gestandaardiseerde taal. In die nuwe "nasionale identiteit" kan die intelligentsia en die elite die leidende rol speel deur rigting te gee aan die strewes vir nasionalisme en die skepping van die nasionale kultuur.

Talle leemtes word in hierdie benadering uitgewys. Die term modernisering (ook ontwikkeling) is eerstens problematies. Modernisering is altyd relatief. So ook wetenskap en tegnologie. Wetenskaplike en tegnologiese uitvindsels deur die Grieke was net so "modern" as wat rekenaars in die huidige era is. Deur die eeue heen is nasies gekenmerk deur, soos Deutsch dit stel, beide assimilasie en differensiasie. Die versplintering van die USSR, Joego-Slawië en nou ook Tsjeggo-Slowakye is 'n aanduiding dat meer met nasionalisme verband hou as blote modernisering. Selfs in die hoogs tegnologiese gemeenskappe soos byvoorbeeld in Brittanje, Frankryk en Kanada is daar verdeeldheid.

Tweedens is die rol van 'n gestandaardiseerde taal en woordeboeke ook twyfelagtig. 'n Taal word binne sy eie grense gestandaardiseer. Dikwels gebeur dit juis dat in nasionalisme as verskynsel spreektale die geskrewe taal vervang - soos in die geval van Latyn en Grieks as geskrewe tale, Hongaars en ook Afrikaans (teenoor Nederlands) as spreektale.

Derdens is die rol van die elite en veral die intelligentsia as deel daarvan belangrik. Daar is altyd by groepe 'n kerngroep aanwesig wat as die "bewakers" van die groep beskou kan word. Die elite se posisie word egter afgelei uit steun vanuit die massa. Die elite se posisie is gevolglik nie vanselfsprekend nie en enige invloed wat hulle op die massa het (in hierdie konteks die nasie) is die gevolg van die nasie se gewilligheid om deur hulle beïnvloed te word.

Vierdens kan modernisering waarin die klem op onderwys en geletterdheid val, die posisie van 'n monolitiese elite ondermyn. Geletterdheid kan lei tot mededingende elites. Waar so 'n mededingende elite 'n natuurlike groep, soos die etniese groep as 'n ondersteuningsgroep het, verhoog dit kompetisie tussen die elites. Harik (1972) het byvoorbeeld in 'n ondersoek na etnisiteit in die Midde-Ooste bevind dat modernisering, 'n verbeterde kommunikasiestelsel, onderwys en die massamedia eerder etniese bewussyn stimuleer in stede daarvan om hulle in nasiestate te assimileer. Daarom word gevind dat dit dikwels die elite van 'n bepaalde groep is wat by onafhanklikheidsbewegings betrokke raak.

4.2.8 Klassebenadering

Hierdie benadering se wortels is in Marxistiese (kommunistiese) teorie geleë. Vanuit 'n teoretiese perspektief is kommunisme en nasionalisme as ideologieë nie met mekaar versoenbaar nie. In praktyk word kommunisme wel met nasionalisme gekonfronteer. Die Marxiste se verklaring hiervoor is dat nasionalisme die gevolg is van 'n onvoltooide klassestryd.

Twee aspekte van Marxistiese teorie kom by hierdie benadering ter sprake en dit kan as afsonderlike dog verbandhoudende strominge beskou word. Daar is enersyds diegene wat nasionalisme as die gevolg van *klassekonflik* in 'n spesifieke gemeenskap beskou; andersyds word gekyk na nasionalisme as *ekonomiese konflik* tussen verskillende gemeenskappe. In beide gevalle word nasionalisme beskou as die gevolg van eksploitering van een klas deur 'n ander klas, óf van een gemeenskap deur 'n ander gemeenskap.

Die benadering wat op interne klassekonflik konsentreer, het as vertrekpunt dat nasionalisme 'n moderne verskynsel is wat met die ontwikkeling van kapitalisme verband hou.

Breuilly (1982:21) onderskei die volgende drie variasies van hierdie benadering:-

* 'n Nasionalistiese beweging kan beskou word as die werking en uitdrukking van 'n enkele klas, met betreklik min betrokkenheid van ander klasse.
* Nasionalisme verteenwoordig 'n klasse-alliansie waarin elke klas sy eie belang het.

* Nasionalisme verteenwoordig die belange van 'n spesifieke klas en ander klasse word beweeg om daardie nasionalisme te steun.

Die afhanklikheidsteorieë en die model van *interne kolonialisme* hou hiermee verband. Protagoniste hiervan is onderskeidelik André Gunder Frank en Michael Hechter (1975).

Die fundamentele vertrekpunt in hierdie benadering is dat die dominante groep (gewoonlik etniese groep) in die staat, die periferie domineer. Die gevolg is 'n kulturele verdeling van arbeid waarin kulturele verskille doelbewus saamval met klasselyne. Hoë statusberoepe word vir die dominante groep gereserveer (diegene met 'n metropolitaanse kultuur); terwyl diegene met 'n inheemse kultuur aan die onderpunt van die stratifikasieleer saamdrom. Michael Hechter (1975) het 'n ontleding van Britse subnasionalismes gemaak waarvolgens hy bevind het dat die Engelse in hierdie verband die ander groepe soos byvoorbeeld die Skotte domineer. Industrialisasie versterk die kulturele verskille ten einde die ongelyke verdeling van mag en rykdom te handhaaf.

Nasionalistiese sentimente waarin groepe op die periferie 'n ou kulturele verlede herskep ten einde hul strewe na onafhanklikheid en ekonomiese gelykheid te legitimeer, is gevolglik funksies van diskriminasie en waargenome onderdrukking. Ook vir die skrywer T. Nairn (1977) is kapitalisme se ongelyke ontwikkeling noodwendig nasie-produserend. Dit sluit ook aan by teorieë wat beklemtoon dat modernisasie tot vervreemding van die individu van sy tradisionele bande lei en hy/sy toevlug daarom tot etnisiteit neem.

Dit is moontlik om te redeneer dat onder bepaalde omstandighede eksploitasie 'n rol kan speel by nasionalisme. Die probleem is egter die vertrekpunt dat dit die "hoërklas" is wat die "laerklas" uitbuit. In praktyk vind die teenoorgestelde ook plaas naamlik, die uitbuiting van die "hoërklas" deur die "laerklas". Dikwels is dit juis die geval dat die "hoërklas" te swaar dra aan die las van 'n "laerklas" - wat gewoonlik gelykheid met die "hoërklas" nastreef. Dit was een van die groot oorweegredes by die wegbreking van Kroasië en Slovenië uit die Joego-Slawiese federasie. Katalaanse nasionalisme in Spanje kom voor in 'n provinsie wat beter daaraan toe is as die ander Spaanse provinsies. In die USSR was dit veral Rusland wat die meeste van mening was dat hy deur kommunisme uitgebuit word, juis terwyl die ander gebiede van mening was dat die Russe die bevoorregte en dominante groep was en dat as iemand werklik iets wil bereik hy Russies moet wees of moet verrussies (kyk Shtromas 1986). Waar ekonomiese konflik tussen gemeenskappe beklemtoon word, word die sogenaamde anti-koloniale benaderings in die studie van nasionalisme betrek. Nasionaliste streef dan eerstens na politieke onafhanklikheid en tweedens na ekonomiese onafhanklikheid. Anti-kolonialisme kan gevolglik beskou word as die spieëlbeeld van imperialisme.

'n Verdere punt van kritiek is teen die vertrekpunt dat kulturele klowe en etniese sentimente geheel van ekonomiese en ruimtelike kenmerke afgelei kan word. Etnisiteit en klas oorvleuel dikwels. Daarom kan etniese sentiment nie bloot tot klassebelange gereduseer word nie. Volgens Smith (1983:xvii) is hierdie teorieë ten spyte van verskillende variasies daarvan te simplisties om die verskeidenheid nasionalismes te verklaar.

Samevattend: die voorafgaande bespreking is 'n sinopsis van die belangrikste benaderings wat in studies van nasionalisme aangetref word. Raakpunte en oorvleueling bestaan tussen hierdie benaderings; en daar bestaan pogings om benaderings te ontwikkel waarvolgens die etiologie van nasionalisme meer-faktorig is. Ongelukkig word die indruk te dikwels geskep dat hierdie benaderings alternatiewe beskouings van nasionalisme bied en nie aanvullende beskouings vorm nie.

## 4.3 'N MEER-FAKTORIGE ETIOLOGIE VAN NASIONALISME

### 4.3.1 Inleiding

Daar is reeds in die voorafgaande bespreking aangedui dat die etiologie van nasionalisme meer-faktorig is. Hiermee word nie bedoel dat alle faktore telkens by alle nasionalismes teenwoordig is nie, ook nie dat hierdie faktore noodwendig gesamentlik verband hou met nasionalisme as verskynsel nie. Die vertrekpunt is dat 'n verskeidenheid faktore met die verskynsel nasionalisme verband hou. Soms kan 'n bepaalde nasionalisme met 'n hele reeks faktore in verband gebring word, maar in sommige gevalle kan 'n enkele faktor van primêre belang in 'n bepaalde situasie wees.

In die bespreking wat volg word enersyds gekyk na die individu se assosiasie met die nasie as 'n voorloper tot nasionalisme en in die besonder na die faktore wat daarmee in verband gebring kan word. Andersyds word gekyk na die faktore wat verband hou met die aktivering van die middelpuntsoekende (samebindende) kragte en die middelpuntvliedende (verdelende) kragte van nasionalisme.

Die vertrekpunte in hierdie afdeling is eerstens dat nasionalisme nie sonder die nasie kan bestaan nie omrede nasionalisme die mobilisering van die nasie impliseer. Tweedens is die nasie een bepaalde manifestasie van die mens se assosiasie met ander. Derdens beskik 'n nasie oor beide aktiewe en potensiële lede, maar nie alle lede en potensiële lede sal noodwendig aktiewe lede wees nie. Dit is vir 'n individu moontlik om homself binne 'n bepaalde nasie te bevind, sonder dat hy enige gedagtes oor sy nasieskap het. Afhangende van omstandighede mag die situasie ontstaan waarin dit vir die individu nodig word om oor sy nasieskap en sy rol as lid van 'n bepaalde nasie te besin. Vierdens is die vertrekpunt dat 'n verskeidenheid faktore met die redes waarom die mens met ander binne die konteks van

'n nasie assosieer en identifiseer, verband hou. Vyfdens openbaar nie alle nasies noodwendig aktiewe nasionalisme nie, maar nasionalisme kan as 'n potensiële manifestasie van alle nasies beskou word.

In die bespreking van die onderskeie faktore word telkens van afsonderlike opskrifte gebruik gemaak. Die indeling is egter hoofsaaklik vir analitiese doeleindes omrede die verskillende faktore gewoonlik met mekaar verweef is. Elke bespreking fokus daarom op 'n bepaalde faktor, maar sluit nie noodwendig ander faktore uit nie.

4.3.2 Die nasie en nasionalisme en die mens se assosiasie met ander

Die nasie word hier as 'n bepaalde manifestasie van die individu se verhouding met ander beskou. Hierdie verhouding word deur wisselwerking tussen die individu en die groep gekenmerk. Enersyds beïnvloed die nasie die individu se identiteit, maar andersyds berus sy lidmaatskap van die nasie op kriteria wat deur die nasie neergelê word. Uiteindelik berus sy lidmaatskap op sy instemming en bereidwilligheid om lid van die nasie te wees. Hierdie instemming en bereidwilligheid hou verband met sy vertolking van sy belange, insluitend selfidentiteit, selfdeterminasie en assosiasie as belange. Nasieskap word nie uitsluitlik by geboorte of deur herkoms bepaal nie, hoewel dit belangrike determinante in hierdie verband kan wees. Shafer (1972:56) stel dit so: "Nationalists are not born but made - by conditions, circumstances, training."

4.3.2.1 *Geografie*

Geografie as 'n faktor in die ontstaan van die nasie en nasionalisme is om verskeie redes belangrik.

Daar is reeds in hoofstuk 3 op die territoriale imperatief by groepvorming gewys. Die territoriale imperatief verwys egter hoofsaaklik op die mens se beskerming van sy gebied omrede dit in belang van sy voortbestaan is. Met ander woorde die mens is van sy fisiese omgewing afhanklik vir kos, water en beskerming ten einde sy voortbestaan te verseker.

Die fisiese omgewing bring hom egter in aanraking met ander wat ook op soek is na kos, water en beskerming wat vir hul voortbestaan noodsaaklik is. Die verhouding tussen hierdie verskillende persone binne 'n bepaalde gebied hou met verskeie ander faktore verband. Dit is moontlik dat hierdie verhouding positief beïnvloed sal word deur onder meer bloedverwantskappe, gemeenskaplike of verwante tale, die bestaan van ruilhandel en gemeenskaplike gevare. Daarenteen mag verskille in hierdie verband verhoudings negatief beïnvloed.

Haat is dikwels die felste tussen individue en groepe wat in 'n "ons-hulle" verhouding die naaste aan mekaar woon. Voorbeelde in hierdie verband is die Rooms-Katolieke en Protestante in Noord-Ierland, Wale en Vlaminge in België en die Jode en Palestyne in Israel. Veral in die geval van Noord-Ierland en Israel is die rol van geografie belangrik omrede 'n stryd oor 'n bepaalde grondgebied in beide gevalle 'n rol speel. Dit is dan ook nie vreemd dat die nasie se strewe na 'n eie grondgebied, 'n kenmerk van nasionalisme kan wees nie.

Die geografie en grondgebied het ook ander dimensies wat in die konteks van die nasie en nasionalisme van belang is.

'n Persoon word gewoonlik binne 'n bepaalde omgewing groot. Die omgewing oefen daarom 'n invloed uit op sy selfidentiteit. Die presiese sielkundige dimensie is nie hier van belang nie en is nog nie volledig deur sielkundiges uitgeklaar nie.

Die geografie het weer 'n invloed op die kultuur waarin hy hom bevind, byvoorbeeld op voedselsoorte wat geëet word, wat weer 'n persoon se selfidentiteit en belange, kan beïnvloed.

Geografie kan 'n nostalgiese, maar soms ongelukkig 'n mitiese dimensie in 'n bepaalde nasie se "geskiedenis" aanneem (kyk Armstrong 1982:16-21). 'n Kernaspek van Zionisme is die nostalgiese gedagte aan die beloofde land.

Die geografiese grense van 'n persoon se identifikasie met sy "vaderland" sal deur omstandighede beïnvloed word. In hoofsaak is dit sy ervaringswêreld en sy behoefte om sy belange te realiseer wat hiermee in verband gebring kan word. Dit is daarom te betwyfel of elke individu homself te alle tye met die hele grondgebied van die nasie identifiseer. 'n Persoon wat sy hele lewe slegs binne 'n beperkte gebied deurgebring het, sal waarskynlik minder geneig wees om met die hele grondgebied te identifiseer as iemand wat rondbeweeg het.

Hierdie aspek verdien veral ondersoek in gevalle waar separatisme bepleit, maar terselfdertyd teengestaan word. Vir die een impliseer die moontlike verlies aan die gebied waarvan afgeskei wil word geen verlies nie, terwyl vir die ander die verlies aan die gebied wat wil afskei, wel op 'n verlies in terme van identiteit en selfs belange dui.

Uit voorgaande blyk dit dat die belangrikheid van die geografie as 'n faktor in die totstandkoming van die nasie en nasionalisme geleë is in: die invloed wat dit op die mens se selfidentiteit het; die kontak met ander persone in die omgewing; die invloed wat die geografie op die totstandkoming van 'n gemeenskaplike taal, kultuur en

bloedverwantskappe het; en sy afhanklikheid van die fisiese omgewing vir die realisering van sy belange.

Die belangrikheid van die geografie in die totstandkoming van sommige nasies, impliseer egter nie dat geografie as 'n definiërende kenmerk van nasies en nasionalisme beskou behoort te word nie. Geografie kan egter in bepaalde omstandighede 'n meelopende kenmerk wees.

4.3.2.2 *Bloedverwantskappe*

In hoofstuk 3 is reeds daarop gewys dat die mens oor 'n biologiese geskiedenis beskik en dat ondertrouery sekere genetiese eienskappe na vore bring. Bloedverwantskappe word dikwels in die literatuur met ras gelykgestel.

Binne 'n bepaalde omgewing gebeur dit enersyds dat bloedverwante hulle voortdurend daar vestig, maar andersyds dat ander groepe in dieselfde omgewing deur ondertrouery by 'n bepaalde groep ingetrek word. Met ander woorde 'n netwerk van bloedverwantskappe word gevestig en uitgebrei.

Dit kan egter ook gebeur dat met verloop van tyd sekere bloedverwante weens 'n gebrek aan kontak om 'n verskeidenheid redes, van mekaar vervreem word (afwatering). Hierdie aspek verdien veral aandag by die verbrokkeling van "nasies". Vergelyk byvoorbeeld die aanspraak van Pan-Germanisme en Pan-Slavisme (kyk Snyder 1984) respektiewelik op 'n gemeenskaplike herkoms, ten einde die verbrokkeling wat onder hierdie groepe plaasgevind het, teen te werk.

Die sielkundige belangrikheid van bloedverwantskappe moet nie onderskat word nie. Die behoefte aan kennis van 'n mens se biologiese herkoms word duidelik illustreer deur die behoefte by aangenome kinders om kennis oor hul werklike biologiese ouers te bekom. Die gewildheid van genealogiese navorsing is 'n verdere aanduiding hiervan. Gemeenskaplikheid van voorname en vanne binne 'n nasie is dikwels aanduidend van 'n persoon se bloedverwantskap met ander lede van daardie nasie. Dat daar 'n sielkundige band met die eie "familie" is, kan nie weg geredeneer word nie, maar dit is moontlik dat hierdie band na gelang van omstandighede mag verskil (kyk Stein 1990).

Nasies maak dikwels aanspraak op 'n gemeenskaplike herkoms, dit wil sê, 'n gemeenskaplike voorouer. Hierdie aanspraak op vertikale bloedverwantskappe word egter deur kritici veroordeel en dikwels word daarop gewys dat nie alle lede van 'n bepaalde nasie 'n gemeenskaplike voorouer het nie. Dit is daarom eerder korrek om te verwys na 'n meer horisontale verspreiding van bloedverwantskappe.

Vir doeleindes van hierdie ondersoek is bloedverwantskappe weer eens belangrik omrede dit 'n individu se selfidentiteit beïnvloed. 'n Individu erf lidmaatskap van 'n bepaalde netwerk van bloedverwante. Die moontlikheid dat so 'n netwerk van bloedverwante oor 'n gemeenskaplike taal en kultuur sal beskik is groot. Hy word deur lede van hierdie groep sedert sy geboorte tot lid van die groep gesosialiseer en die bloedverwante is grootliks verantwoordelik vir die bevrediging van sy belange, maar ook in die bepaling van verwagtinge wat hy vir die toekoms mag koester. Biologiese bande bied daarom 'n natuurlike infrastruktuur vir assosiasie.

Dit is egter die emosionele band wat tussen die lede van bloedverwante ontstaan en nie noodwendig bloedverwantskappe *per se* wat van belang is nie. Laasgenoemde word aangetoon deur die bereidwilligheid van aangenome kinders, byvoorbeeld Duitse wesies, om hulle met die nuwe groep te assosieer. Terselfdertyd word verwantskapsaffiniteite dikwels nog met die eie oorspronklike groep gehandhaaf. 'n Voorbeeld in hierdie verband is weer eens die Duitse wesies, maar ook die Negers in die VSA se emosionele bande met Afrika. In die VSA beskou hulle hulself as *African-Americans*, maar in Afrika as *American-Africans*.

4.3.2.3 *Geskiedenis*

Volgens Shafer (1972) is een van die kenmerke van 'n opkomende nasionale bewustheid die toenemende belangstelling in die geskiedenis en veral die dokumentering van die geskiedenis van die nasie - die kollektiewe geheue daarvan.

Die geskiedenis van 'n bepaalde groep bevat die kollektiewe geheue van die groep en is belangrik vir die totstandkoming van die nasie en nasionalisme. Daarom word die geskiedenis dikwels deur nasionaliste benut in 'n strewe om 'n nasionale bewustheid daar te stel. Die geskiedenis word selfs geskep en verdraai vir hierdie doel[402].

Die geskiedenis van die nasie is ook die draer van die geskiedenis van die individu. Die roem en swaarkry van die nasie word terselfdertyd internaliseer as die roem en swaarkry van die individu. Die individu is groots en suksesvol omrede die nasie groots en suksesvol is. Die opofferings en heldedade van die nasie in die verlede maak die bestaan van die individu in die hede moontlik.

Mites is dikwels belangrik in die geskiedenis van die nasie. Aansprake word gemaak wat nóg verifieerbaar, nóg falsifieerbaar is. Vergelyk byvoorbeeld die mites oor Koning Arthur.

Hoewel die korrekte weergawe van historiese feite dikwels deur akademici bevraagteken word, is dit nie genoegsame rede om te beweer dat die geskiedenis van die nasie hetsy waar of vals, nie belangrik is in die totstandkoming van die nasie nie. Die blote aanbieding van meer neutrale geskiedenis in heterogene state soos die VSA is juis 'n erkenning van die belangrike rol wat geskiedenis in die totstandbrenging, óf verdeling van die nasie kan speel.

Geskiedenis het daarom deels te make met die selfidentiteit van die individu, maar ook met die kollektiewe identiteit van die nasie. Die individu bevind hom in die situasie dat hy op grond van 'n gedeelde geskiedenis met 'n bepaalde groep mense assosieer.

Die bewering is al gemaak dat die geskiedenis as 'n faktor onbelangrik is, omrede verskillende groepe mense dieselfde historiese gebeure verskillend ervaar het. Vanselfsprekend sal individue binne 'n bepaalde groep, gebeure verskillend ervaar, maar oor die langtermyn vervaag verskille. Indien die gebeure deur verskillende groepe verskillend ervaar is, hou dit dikwels juis verband met die reedsbestaande kollektiewe geheue van "ons" teenoor "hulle".

Die moontlikheid dat 'n aantal individue met 'n gedeelde geskiedenis ook oor 'n gemeenskaplike taal en kultuur sal beskik is feitlik 'n uitgemaakte saak. Daar moet egter in hierdie verband rekening gehou word met die proliferering van die gedeelde geskiedenis op grond van die nuwe ervarings deur sommige lede wat 'n bepaalde geskiedenis deel. So byvoorbeeld kan van die standpunt uitgegaan word dat die Engelse Setlaars van onder andere Kanada, Australië en Nieu-Seeland 'n gemeenskaplike geskiedenis met Brittanje deel. Tog het hierdie groepe nuwe ervarings gehad wat nie deur diegene in die land van herkoms ervaar is nie.

4.3.2.4 *Taal*

Die rol van taal in nasionalisme het verskillende fasette. Taal is onder meer 'n bepaalde medium van kommunikasie binne die groep waarin 'n persoon gebore en/of groot geword het. Deur middel van die groep verkry die individu 'n moedertaal of eerste taal.

Groot verskille bestaan by linguiste oor individue se vermoë om 'n tweede taal aan te leer. Daar is egter 'n redelike mate van eensgesindheid dat nie alle individue in dieselfde mate 'n tweede taal vlot kan aanleer nie. Verskeie faktore speel in hierdie verband 'n rol soos byvoorbeeld intelligensie, ouderdom, motivering, maar ook die kognitiewe prosesse waardeur taal aangeleer word (kyk Malavé & Duquette 1991). Terselfdertyd kan dit gebeur dat die aanleer van 'n tweede taal ook negatief inwerk op die eerste taal. Die een taal word dan tot die nadeel van die ander taal aangeleer (kyk Hamers & Blanc, 1983).

Die blote bestaan van verskillende moedertale in meertalige gemeenskappe maak dit moontlik dat die betrokke tale in daardie gemeenskappe sal bly voortbestaan. Selfs in die Verenigde State van Amerika word die belangrikheid van tweetalige onderwys vir immigrante erken; is daar radio- en televisie-uitsendings vir verskillende taalgroepe; en word koerante, tydskrifte en boeke in ander tale as in Engels gepubliseer.

Taal kan daarom deel van die individu se selfidentiteit vorm. Dit manifesteer in 'n persoon se beskouing van homself as byvoorbeeld "ek is Engels"; "ek is Afrikaans". Terselfdertyd word sy identiteit deur ander afgebaken in uitdrukkings soos "hy is Afrikaans"; "hy is Engels".

Taal is verder onontbeerlik vir die individu se assosiasie met ander en vir die realisering van sy belange omrede dit aan hom die medium verleen waardeur hy met ander kan kommunikeer ten einde sy belange te probeer realiseer.

Nasiegrense en taalgrense val dikwels saam. Daarom word beweer dat taal 'n kriterium ter afbakening van nasies kan wees. Selfs word beweer dat dit nie nasies nie, maar tale is wat nie aan ander tale ondergeskik wil wees nie (kyk Laponce 1984; Kedourie 1974:62-73). Boyd Shafer (1972:43) haal byvoorbeeld vir Hendrik IV van Frankryk, soos volg aan:

> 'As you speak the French language by nature, it is reasonable that you should be the subjects of a King of France. I quite agree that the Spanish language should belong to the Spaniard and the German to the German. But the whole region of the French language must be mine'.

Wanneer taalgrense en nasiegrense saamval, is dit omrede nasies gewoonlik eentalig is. Dit is egter nie dieselfde as om te beweer dat dit die taal is wat die nasie afbaken of bepaal nie.

Wat hier van wesenlike belang is, is dat die nasie nie sonder 'n taalmedium kan bestaan nie, ongeag die feit dat daar ander nasies is wat van dieselfde taal gebruik mag maak. Dit is egter selde dat 'n nasie werklik meertalig is. Dit is selfs onwaarskynlik dat 'n nasie meertalig kan wees. Die opvatting dat nasies meertalig is, spruit voort uit die definiërings-problematiek van nasies. Indien ons state as "nasies" beskou, sal die meerderheid "nasies" meertalig wees. Meertaligheid is inderdaad 'n probleem in hierdie gevalle. Die gevaar van taaldominasie in meertalige gemeenskappe is 'n werklikheid en soos later aangedui sal word, is dominasie problematies by nasionalisme. Selfs in Switserland identifiseer nie almal primêr met 'n Switserse identiteit nie.

Nasionaliste benut dikwels taal in 'n poging om nasionale sentiment te laat ontwaak en te mobiliseer. Deur middel van die pen word 'n bepaalde taal tot simbool van die nasie verhef. Dit is veral die elite wat hierin 'n belangrike rol speel. Deur middel van die elite

is spreektale in die verlede tot skryftale verhef wat weer mettertyd tot amptelike en akademiese tale verhef is[403]. Dit is veral waar die natuurlike spreektale deur vreemde tale oorheers word, dat taal 'n magtige wapen word. So is die disintegrering van die Heilige Romeinse Ryk onder andere gekenmerk deur die vervanging van Latyn met die gewone spreektale as amptelike tale.

Die rede waarom taal in hierdie verband belangrik is, kan in Weinstein (1979:345) se woorde soos volg opgesom word: "No strategies are needed to connect language variation with an individual's perception of social distance and power. In a very natural way all humans associate their first language with their most intimate social groups - family and peer."

Die wyse waarop taal in hierdie verband ingespan word, is onder andere deur die vestiging van die geskrewe taal, gebruik van taal om die kollektiewe geheue, die mites en geskiedenis, oor te dra. Met ander woorde, taal word gebruik om 'n gemeenskaplike identiteit te vestig wat weer 'n invloed het op die individu se selfidentiteit.

Die vestiging van 'n geskrewe taal lei daartoe dat taal in 'n groot mate gestandaardiseer word, met ander woorde kleiner taalverskille en daarmee saam verskille tussen groepe, word uitgeskakel. Die grense van die gemeenskap wat sodoende geskep word, kan óf meer inklusief, óf meer eksklusief as die grense van die voorafgaande gemeenskap wees. Maar Weinstein (1979) stel dit duidelik dat die nuwe gemeenskap die realisering van belange moontlik moet maak. Deels is die elite se rol in die opheffing van die natuurlike taal nie net 'n uitdrukking van identiteit nie, maar ook 'n uitdrukking van belange.

Die gelykmakingsproses tussen tale word egter te simplisties beskou. Nasionaliste en politici is dikwels van mening dat die vestiging van groter politieke gemeenskappe teweeggebring kan word deur taalgeniëring. Daar bestaan hoofsaaklik twee variasies in hierdie verband naamlik: die neiging om groter politieke gemeenskappe te probeer vestig deur taalverwantskappe tussen die verskillende groepe se tale uit te wys (byvoorbeeld Pan-Germanisme en Pan-Slavisme); en pogings om meertaligheid in 'n bepaalde gemeenskap met eentaligheid te vervang (teorieë oor nasiebou).

Wanneer daar gepoog word om groter gemeenskappe te vestig, word daar gesteun op taalverwantskappe ten einde 'n gemeenskaplike herkoms uit te wys. Sodoende word gepoog om 'n samehorigheidsgevoel en 'n breër identiteit tussen verskillende groepe te vestig in 'n poging om die nasie tot stand te bring.

In meertalige gemeenskappe word gepoog om 'n samehorigheidsgevoel te kweek deur die vestiging van een taal as 'n oorkoepelende taal.

Die gevaar van dominasie van een taal deur 'n ander, is egter in beide gevalle groot. Die sukses van taalgeniëring is ook beperk. Die rede vir mislukkings in hierdie verband is omrede taal nie alleen met die bestaan van 'n nasie in verband gebring kan word nie. Daar is ook ander faktore wat belangrik is. In Tsjeggo-Slowakye en Joego-Slawië het die "groter" gemeenskappe, ten spyte van noue verwantskappe tussen enersyds Tsjeggies en Slowaaks en andersyds tussen Serwies en Kroaties, disintegreer. In die geval van oorkoepelende tale is die probleem van dominasie groot, soos dit onder andere in die voormalige USSR geblyk het. Ten spyte van die erkenning van ander tale naas Russies, was dit moeilik om die hoogste sport te bereik tensy die persoon Russies vlot magtig was.

Dit behoort uit voorgaande te blyk dat 'n persoon sal assosieer met diegene met wie hy kan kommunikeer, maar dat hy waarskynlik die beste sal assosieer met diegene wat hy ten beste mee kan kommunikeer. 'n Persoon se moedertaal en kennis van ander tale is daarom deels verantwoordelik vir die bepaling van sy selfidentiteit en sy assosiasie met andere. Taal is daarom 'n medium waardeur die individu sy belange kan realiseer maar taal kan ook gebruik word om veral die belange van die elite te bevorder. Geen nasie is sonder 'n taal nie, maar taal is nie 'n definiërende kenmerk van 'n nasie nie; dit is waarskynlik 'n universeel meelopende kenmerk in die sin dat alle nasies oor 'n taal as kommunikasiemedium beskik.

4.3.2.5 *Godsdiens*

Die rol van godsdiens in die assosiasie van die mens met ander sowel as met die vorming van sy selfidentiteit het deur die geskiedenis belangrike veranderings ondergaan. Een belangrike verandering is die ontwikkeling van meer universele godsdienste.

In die vroeë geskiedenis van die mens het feitlik elke groep wat etnies van aard was, of wat as 'n volk beskou kon word, oor 'n eie godsdiens beskik waarin hulle gewoonlik hul eie god aanbid het en waarvolgens die betrokke groep min of meer die middelpunt van die wêreld uitgemaak het. Dit het daarom aan die meeste groepe 'n gevoel van uitverkorenheid verleen en die godsdiens was nou gebind met die selfidentiteit van die groep.

Met die ontwikkeling van meer universele godsdienste soos die Christendom, Islam en Boeddhisme, het godsdienste oor tradisionele grense van "ons" en "hulle" versprei en het die moontlikheid ontstaan dat groter groepe mense op godsdiensgronde kon verenig.

Die rol van godsdiens in die oorbrugging van tradisionele grense tussen "ons" en "hulle" word dikwels oorskat. "Universele" godsdienste word eerder internaliseer deur 'n eiesoortige "ons" karakter daaraan te verleen. Dit wil selfs voorkom asof godsdiens se vermoë tot verdeeldheid, groter is. Groot verdeeldheid heers onderling in die vernaamste

universele godsdienste. Daarom word gevind dat godsdiensverskille binne 'n bepaalde godsdiens dikwels met spesifieke taal- en/of nasiegrense saamval. Die stryd enersyds tussen die Pous en die Rooms-Katolieke Kerk en andersyds die Protestantisme was volgens taalgrense verdeel. Die Duitssprekendes het hoofsaaklik die Protestantisme gesteun, terwyl die wat tale gepraat het wat behoort tot die Romaanse taalfamilie hoofsaaklik die Rooms-Katolieke Kerk ondersteun het (kyk Poliakov 1974).

Selfs Islam word gekenmerk deur godsdiensverskille wat soms met taal en etniese verskille saamval; maar ook dikwels oor etniese en taalgrense heen vloei. Iran se bevolking is oorwegend Shii-Moslems; in Irak is die Shii-Moslems in die meerderheid, maar polities domineer die Sunni-Moslems. In die res van die Moslem-wêreld word hoofsaaklik Sunni-Moslems aangetref. Pogings om 'n Pan-Islamitiese gees tot stand te bring, was tot dusver nie werklik suksesvol nie.

Boeddhisme word ook gekenmerk deur vertakkinge wat met taal en etniese grense saamval.

Verder het van die vernietigendste oorloë in die twintigste eeu binne dieselfde godsdiensgroeperinge geskied. Beide die Eerste en Tweede Wêreldoorlog het met die uitbreek daarvan hoofsaaklik binne die Christengeloof plaasgevind. Hitler het nie net oorlog teen die Jode gemaak nie, maar ook teen ander Protestante. Selfs in Noord-Ierland betrek die konflik twee vertakkinge (Rooms-Katolisisme en Protestantisme) van dieselfde godsdiensgroepering naamlik die Christendom.

Samewerking oor die grense van godsdiensgroeperinge word ook aangetref. Voorbeelde in laasgenoemde verband is byvoorbeeld Turkye en Iran. Hoewel inwoners in Turkye hoofsaaklik Islam aanhang, bestaan daar samewerking tussen Turkye en die Weste (Christene). So is die Iraniërs wat hoofsaaklik Moslems is se identifisering met die Ariërs[404] groter as hul identifisering met die Arabiere wat ook Moslems is.

Die vermoë van godsdiens *per se* as 'n verenigende faktor tussen groeperinge moet daarom nie oorskat word nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat mense se godsdiensaanhang verskil en dat ander faktore soos etnisiteit en taal en geografie 'n belangrike rol te speel het.

Godsdiens word deur nasionaliste as 'n faktor in hul stryd ingespan. So word steun vir die Palestynse saak dikwels op grond van die Palestyne se oorwegende (maar nie uitsluitlik) aanhang van Islam gemobiliseer en dan teen 'n ander godsdiens naamlik die Judaïsme[405].

Afhangende van die bepaalde omstandighede kan godsdiens soms unifiserend en soms versplinterend wees. Dit kan nie ontken word dat godsdiens vir sommige individue 'n belang is wat gerealiseer moet word nie. Die ontneming van die moontlikheid om hierdie

belang te realiseer, kan godsdiens beide 'n groter verdelende, maar ook verenigende faktor maak[406].

4.3.2.6 *Etnisiteit*

In hierdie onderafdeling word gekyk na die mate waarin etnisiteit bepaal met wie 'n bepaalde persoon sal assosieer. Daar word hoofsaaklik hier na etniese groeperinge as *ethnie* verwys. Soos in hoofstuk 2 aangetoon, word 'n ethnie beskou as 'n groep met 'n biologiese en kulturele basis wat oor 'n eenheidsentiment beskik wat polities georganiseerd is.

Aangesien ethnies oor 'n bepaalde kultuur met godsdienstige en taaldimensies beskik, word kultuur as 'n faktor in nasionalisme tesame met ethnie bespreek. Ethnie en kultuur is egter nie identies nie. Een van die definiërende kenmerke van 'n ethnie, soos bespreek in hoofstuk 2, is 'n gemeenskaplike kultuur. Kultuur moet egter nie gesien word as die enigste of primêre definiërende kenmerk van 'n ethnie nie, "...much can be gained by regarding this very important feature [kultuur] as an implication or result, rather than a primary and definitional characteristic of ethnic group organization" (Barth 1969:11).

Volgens Barth (1969) is 'n ethnie[407] in die eerste plek 'n vorm van sosiale organisasie waarin die deelnemers gebruik maak van kulturele kenmerke uit die verlede. Vir die handhawing van 'n ethnie is dit nodig dat 'n sosiale grens tussen hom en ander soortgelyke groepe getrek word deur middel van 'n paar kulturele embleme en waardes wat beide deur homself maar ook deur ander herkenbaar is (kyk Roosens 1989).

Waar die kulturele en die sosiale dimensie van 'n ethnie die nodige erkenning verkry, is die biologiese dimensie, wat dui op 'n uitgebreide netwerk van bloedverwantskappe, minder belangrik. Hierdie netwerk binne 'n bepaalde ethnie word tot stand gebring deur middel van ondertrouery en die vermeerdering in afstammelinge. Hierdie biologiese dimensie kom ter sprake wanneer daar na kulturele assimilasie gekyk word. Biologiese vermenging tussen twee of meer ethnies word dikwels as 'n maatstaf vir die bepaling van assimilasie gebruik (kyk Alba in Parrillo (red) 1991).

Matthews (1987) onderskei tussen drie tipes ethnies. Ten eerste is daar territoriale ethnies (*territorially based*). Dit sluit in ethnies wat histories verbind word met die gebied waarin hulle hul bevind. In hierdie verband moet die belangrikheid van sodanige assosiasie met identiteit beklemtoon word. "The association takes the form of a collective identification with the territory" (Matthews 1987:2). Daar kan ook na territoriale ethnies verwys word as histories inheemse ethnies. Voorbeelde hiervan is meeste "inheemse" ethnies in Europa, Asië en Afrika.

Ten tweede is daar die immigrant-afgeleide ethnies (*immigrant derived*). Hierdie ethnies verwys na afstammelinge wat weens omstandighede geen historiese kollektiewe territoriale band met 'n bepaalde gebied gehad het nie. Voorbeelde hiervan is die nuwe bevolkings in die Amerika's, Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland, wat hulle in die koloniale era daar gevestig het. Dit sluit egter ook die beweging van byvoorbeeld Marokkane en Turke in Wes-Europa in, dit wil sê die immigrantegroepe waarna in hoofstuk 3 verwys is.

Ten derde is daar die ethnies wat beskou kan word as interne immigrant-afgeleide ethnies (*internal immigrant derived*). Dit behels die rondbeweging van 'n bepaalde inheemse ethnie binne die staat waarin hulle hulself histories bevind. Byvoorbeeld Baske wat na ander dele van Spanje verskuif. Dieselfde geld ook die onderskeie swart bevolkings in Suid-Afrika.

Volgens Matthews beskik alle state oor al drie tipes ethnies. Die blote voortbestaan en identifisering van hierdie drie verskillende tipes ethnies binne 'n bepaalde staat is op sigself reeds 'n bewys van die belangrike rol wat etnisiteit in die individu se assosiasie en die realisering van sy belange het. Daar is reeds in hoofstuk 3 gewys op watter belangrike rol immigrantegroepe in 'n persoon se assosiasie met ander het en om watter redes dit die geval is.

Etnisiteit is om verskeie redes vir die mens belangrik. In die eerste plek is dit 'n bron van selfidentiteit en groepsidentiteit. Feitlik alle individue erf lidmaatskap van 'n bepaalde etniese groep. Daarom is etnisiteit 'n handige raamwerk vir die verklaring en kognisie van die sosiale werklikheid (kyk Smith 1985). Dit is behulpsaam in die proses waardeur 'n individu sy eie identiteit bepaal, omrede dit aan 'n persoon sê wie en wat hy is en wie of wat hy nie is nie. "Ek is Baskies; hy is Armeens." Die individu identifiseer hom dan met die etniese groep en in dié geval met die ethnie waarin hy groot word. Die mate waarin hy hom met die groep identifiseer sal van bepaalde faktore afhang.

Een so 'n faktor is volgens Barth (1969) die ruimtelik-geografiese en sosiale dimensie. Volgens hom neem die intensiteit waarmee iemand bewus is van sy etnisiteit toe, wanneer daar 'n intense ruimtelik-geografiese en sosiale kontak tussen groepe is. Die mees geïsoleerde groepe mense is waarskynlik die minste etnies selfgedefinieer. Roosens (1989:12) stel dit so: "There is more chance that the Flemish in Brussels, who always have to speak French, will become more 'consciously' Flemish than their ethnic brothers and sisters in the rather isolated rural areas of West Flanders or Limburg".

Die groepsidentiteit van 'n ethnie en daarmee die individu se selfidentiteit is daarom nie afhanklik van 'n groep se ignorering van ander ethnies nie; ook is dit nie afhanklik van geografiese en sosiale isolasie nie. Grense van ethnies bly voortbestaan ten spyte van die

beweging van mense oor grense heen, "...ethnic distinctions do not depend on an absence of mobility, contact and information, but do entail social processes of exclusion and incorporation whereby discrete categories are maintained *despite* changing participation and membership in the course of individual life histories" (Barth 1969:9-10).

Etniese verskille is daarom nie noodwendig die gevolg van die afwesigheid van sosiale interaksie en aanvaarding nie. Dit is eerder die fondamente waarop oorkoepelende sosiale stelsels gebou word. Die interaksie in so 'n sosiale stelsel lei nie tot die likwidering van etniese verskille nie omrede kulturele verskille bly voortbestaan ten spyte van kontak en interafhanklikheid met ander ethnies. Die Persiërs in Iran en die Turke in Turkye is weer eens 'n goeie voorbeeld hiervan. In beide gevalle is die godsdienstige oriëntasie Islam (met Arabies as taalmedium). In beide gevalle is die kulturele en biologiese oriëntasie egter nie Arabies nie. In die geval van die Persiërs is Farsi (Persies) 'n Indo-Europese taal en daarom is dit verwant aan die meeste Wes- en Oos-Europese tale. Die taal het wel aansienlike vermenging met Arabies ondergaan. Die alfabet is gebaseer op die Arabiese alfabet, maar is nie identies daaraan nie[408]. Ten spyte daarvan dat hierdie Arabiese invloed erken word en Arabies ook die taal van Islam - die staatsgodsdiens is, roem die Persiërs hulle daarop dat hulle inderdaad Ariërs is. Die naam Iran is ook hiervan afgelei en beteken land van die Ariërs. Hierdie naam het eers in die twintigste eeu amptelik geword, maar die Persiese koning Darius (r. 522-486 v C) se inskripsies by Naqsh-i Rustam lui reeds *Pârsa, Pârsahya puthra, Ariya, Ariya chithra,* (Persiër, seun van 'n Persiër, Ariër, van Ariese herkoms) (Weryho 1986:50; kyk ook Poliakov 1974).

Turks as taal behoort weer tot die Ural-Altaïese familie van tale en is verwant aan Hongaars en Fins; maar die godsdiens is feitlik uitsluitlik Islam. Soos reeds genoem het Islam egter sy status as amptelike godsdiens verloor. Die Arabiese alfabet is ook met die Latynse alfabet vervang. Beide hierdie twee ethnies beweeg dus in meer as een wêreld sonder dat die eie identiteit daardeur aangetas word.

Barth (1969) is van mening dat interaksies en kommunikasie en selfs ontlening, op 'n uitgebreide basis oor die grense van ethnies, kan plaasvind, sonder dat die groepsidentiteit en daarmee saam die individu se selfidentiteit afgewater word: "...cultural differences can persist despite inter-ethnic contact and interdependence" (Barth 1969:10).

Identiteit is slegs een belangrike aspek van etnisiteit. Die ander is die individu se belange. Soos reeds genoem "erf" die individu lidmaatskap van 'n bepaalde ethnie waarin, bepaalde materiële en geestelike belange sedert sy geboorte gerealiseer kan word. Die ethnie bied beskerming, 'n gevoel van geborgenheid, maar ook die realisering van hoër kulturele belange - soos in hoofstuk 3 aangedui, deur 'n studie van die Iraniërs in die Verenigde State van Amerika illustreer word (kyk Parrillo 1991).

Daarby verskaf etnisiteit aan die individu sekere hulpmiddels en meer spesifiek taal en kulturele gewoontes en gebruike waarmee hy sy belange kan realiseer. Hierdie hulpmiddele is van belang in die eie ethnie, maar sal die mate waarin die individu sy belange in ander ethnies kan realiseer, beïnvloed. Daarom kan verwag word, soos studies van immigrantegroepe aantoon, dat individue met lede van hul eie ethnie sal assosieer (kyk Parrillo 1991).

'n Verdere belangrike funksie van etnisiteit is die individu se identifisering met die roem, sukses en leed van die ethnie waarvan hy lid is. 'n Individu kan homself verhef deur die roem van die ethnie waartoe hy behoort. So deel die individu byvoorbeeld in die sportprestasies van die ethnie waarmee hy assosieer. Die individu ervaar grootsheid want die ethnie waartoe hy behoort is groots. Die leed van die ethnie word ook as die leed van die individu internaliseer. Sodoende word opvattings van trots en haat deur middel van etnisiteit van geslag tot geslag voortgeplant.

Etnisiteit is ook tolerant ten opsigte van verskille binne eie geledere. Die ethnie aanvaar verantwoordelikheid vir sy swartskape. Daarom het etnisiteit 'n "gelykmakingsfunksie" binne eie geledere. Dit is veral die elite van 'n bepaalde ethnie wat die opheffing van hul gemeenskap nastreef want daardeur word ook die elite verder opgehef.

Uit voorgenoemde spruit 'n verdere voordeel. Verskillende ethnies word nie soos klasse maklik in 'n vertikale hiërargie geklassifiseer nie. Selfs al sou lede van een ethnie (A) hulself as verhewe bo die ander ethnie (B) beskou, is die kanse goed dat ethnie B homself in sommige opsigte as meerderwaardig bo ethnie A sal beskou. Vir die onderskeie ethnies, beteken verskille tussen hulle dat die een net soveel van die ander verskil as wat die ander van hom verskil. Roosens (1989:158-159) stel dit so: "By defining oneself in ethnic terms, one escapes hierarchical classification... There is nothing with which to measure the value of the different forms or contents of ethnicity... there are no higher or lower origins."

Dit mag wel in praktyk gebeur dat 'n bepaalde ethnie hoofsaaklik in 'n bepaalde sosio-ekonomiese klas geklassifiseer kan word, maar hom tog op ander aspekte van sy kultuur kan roem.

Vir Shafer (1972:344-348) is die belangrikheid van die ethnie waartoe 'n bepaalde persoon gebore word, sonder dat hy 'n keuse daartoe gehad het, daarin geleë dat dit die persoon die volgende verskaf, óf hom die geleentheid bied om die volgende te verkry: taal, letterkunde, kennis en gewoontes, anders gestel, die wyses waarop hulle by die lewe kan aanpas, dit begryp en selfs kan geniet; 'n gevoel van identiteit tesame met 'n gevoel van onderskeiding; 'n wyse waarop gevoelens van eensaamheid en frustrasie oorbrug kan word, al is dit net 'n verligting van 'n gevoel van persoonlike ontoereikendheid; 'n instrument

om persoonlike belange te realiseer; verwagtinge dat die toekoms, ten minste vir die kinders, beter sal wees.

Dit is egter belangrik om daarop te wys dat 'n ethnie in die eerste plek nie staties is nie; vermenging met lede van ander ethnies mag oor 'n lang tyd lei tot die absorbering van een ethnie deur 'n ander, of die samesmelting in 'n nuwe ethnie, byvoorbeeld die Hunne en die Tartare wat histories saamgesmelt het (ten spyte daarvan dat hulle, akademies beskou, twee verskillende rasse verteenwoordig het).

Tweedens kan die assosiatiewe aspek van etnisiteit en belange in konflik verkeer. Daar is reeds op gewys dat identiteit wel ook 'n belang verteenwoordig. Dit mag na 'n teenstrydige argument klink, maar dit is nie die geval nie. Wat bedoel word, is dat die voortgesette assosiasie met die eie ethnie daartoe kan lei dat belange nie na behore as lid van die ethnie gerealiseer kan word nie. Hoewel daar meer navorsing hieroor gedoen behoort te word, wil dit voorkom asof dit dikwels diegene is wat die sterkste oor hul identiteit voel, wat weens veranderde omstandighede die gouste ervaar dat hul identiteit bedreig word.

Waar suiwer materiële belange ter sprake kom, is individue wel bereid om hul identiteit te verander "Many people change their ethnic identity only if they can profit by doing so" (Roosens 1989:13). Hierdie proses is egter nie so eenvoudig nie. In die gevalle van byvoorbeeld die Jode, Romani en Kurde kan geredeneer word dat dit waarskynlik in hul materiële belange is om hul eie identiteit prys te gee. Daarenteen het hulle juis voortgegaan om hul eie identiteit te handhaaf en selfs te bevorder. Die diskriminasie waaraan die Jode en die Romani blootgestel was, mag die indruk skep dat hul identiteit deur die ander ethnie gehandhaaf is en nie soseer deur die Jode en Romani self nie. Die Kurde bring egter weer 'n ander faktor in. Die Kurde is in onder andere Irak, Iran en Turkye aan doelbewuste prosesse van assimilasie blootgestel. Hoewel hulle hul in dieselfde onbenydenswaardige situasie as die Jode en Romani bevind het, is 'n proses van assimilasie aan die gang gesit wat egter deur die Kurde verwerp is.

Weer eens blyk identiteit as 'n belang, maar ook materiële en ander geestelike belange belangrik te wees in 'n persoon se besluite met wie hy hom gaan identifiseer en assosieer.

Identiteit en assosiasie moet daarom liewer van mekaar geskei word. Dit wil voorkom asof 'n individu ter wille van sy belange met ander ethnies sal assosieer sonder om sy selfidentiteit prys te gee, selfs al verlaat hy sy eie etniese tuiste. Daarom kan daar nie ten volle met Roosens se stelling hierbo saamgestem word nie. Dit word ook redelik goed gestaaf deur immigrante se assosiasie met lede van die eie ethnie juis omdat hulle nog met die eie ethnie identifiseer. Dat daar uitsonderings in hierdie verband bestaan, word nie betwis nie, maar dit is die uitsondering en nie die reël nie.

Die voortgesette handhawing van selfidentiteit ten spyte van breër assosiasies om materiële belange te realiseer, word te dikwels onderskat. Dit is ook kritiek wat teen Deutsch se gedagte aan sosiale kommunikasie as verenigende faktor ingebring kan word. Etnisiteit is ook aanduidend van hoe individue se persepsie van die werklikheid verskil van die werklikheid self. Roosens (1989:161) stel dit soos volg: "... the study of ethnic phenomena reveals how far ethnic ideology and historical reality can diverge from each other; how much people feel things that are not there and conveniently forget realities that have existed...".

Hoewel die nasie nie identies met die ethnie is nie, is daar min nasies wat nie 'n bepaalde ethnie as vertrekpunt het nie. Etnisiteit moet daarom gesien word as 'n belangrike meganisme waardeur 'n nasie sy identiteit kan verkry. Dit verskaf ook die meganismes vir die mobilisering van die lede van 'n nasie deur die elite soos in die onderafdeling 4.3.3 bespreek sal word.

4.3.2.7 *Klas*

Die verband tussen klasaffiliasie (dit wil sê assosiasie) en nasionalisme verdien aandag in hierdie afdeling.

Die term klas word in verskillende kontekste gebruik. In hoofsaak verwys die term klas hier na die sosio-ekonomiese status van die individu. Drie punte is hier van belang. Eerstens moet daar gelet word op die mate waarin die individu met sy klas assosieer. Tweedens moet gekyk word na die mate waarin die individu se strewe om sy belange te realiseer met sy assosiasie met lede van sy eie klas en met lede van 'n ander klas in verband gebring kan word. Derdens word gekyk of daar 'n verband tussen 'n bepaalde klas en nasionalisme bestaan.

Veral in studies van Marxisme word daar na die verband tussen klasaffiliasie en nasionalisme gekyk. Binne Marxistiese literatuur bestaan daar verskillende beskouinge oor klas, die nasie en nasionalisme. Selfs skrywers soos Lenin (1969) handhaaf uiteenlopende standpunte oor die nasie en nasionalisme. In hoofsaak word nasionalisme as die oorblyfsels van 'n onvoltooide klassestryd beskou. Veral Lenin (1969:515) verwys na bourgeois-nasionalisme. Volgens Marxistiese strategie kan bourgeoisnasionalisme benut word om die revolusie van die werkers tot stand te bring, maar nasionalisme word eerder as 'n hindernis in die weg van die vereniging van die werkers van die wêreld beskou. Volgens die Marxiste is klas allesoorheersend. Dit is belangriker as byvoorbeeld etnisiteit en nasionalisme. Dit is die "taal" van die werker en nie die werklike linguistiese taal wat ter sake is nie.

Is dit werklik die geval dat die mens eerder met sy klas as met sy ethnie sal assosieer? Verskeie empiriese ondersoeke is reeds in hierdie verband gedoen (kyk Cantril 1943; Centers 1949, Buchanan & Cantril 1953 & 1972).

Die eerste probleem wat in hierdie verband opduik, is die indeks vir 'n bepaalde sosio-ekonomiese klas, en hoe individue hulself as behorende tot watter klas beskou. Buchanan & Cantril (1953; 1972) se ondersoek het in nege lande plaasgevind naamlik in Australië, Brittanje, Frankryk, Duitsland, Italië, Meksiko, Nederland, Noorweë en die Verenigde State van Amerika. Hulle het gevind dat in sommige kategorieë, veral in Noorweë, tot 25% van die respondente nie geweet het tot watter klas hulle behoort nie. Daar is ook gevind dat veral Italianers en Duitsers hulself "hoog" ag, terwyl Nederlanders en Britte geneig was om hulself "laer" te ag. In vier lande was vroue meer geneig om hulself in die hoërklasse te klassifiseer, terwyl in die Verenigde State van Amerika mans weer meer geneig was om hulself hoër te klassifiseer. In geheel gesien dui Buchanan en Cantril se ondersoek daarop dat klasse nie in alle state rigied is nie en ook nie noodwendig deur dieselfde sosio-ekonomiese grense afgebaken word nie. Tog het hulle bevind dat klas wel in die meeste gevalle belangrik was.

Buchanan & Cantril het ook na nasionale versus klasse-lojaliteit gekyk. Hulle het bevind dat diegene wat hulself as middelklas geag het, meer geneig was as die werkersklas om die mening te huldig dat hulle iets met die ander klasse in hul eie staat in gemeen het. Dieselfde het ook ten opsigte van 'n persoon se onderwyspeil gegeld: "Those with secondary education were more likely than those with primary or less education to feel common ties with their countrymen..." (Buchanan & Cantril 1972:19). Verder is bevind dat, in teenstelling met die "international brotherhood of working men", dit weer eens die middelklas was, uitgesonder in Frankryk, wat van mening was dat hulle meer met die middelklasse van ander state in gemeen het. 'n Moontlike verklaring wat hulle bied, met inagneming van ander studies is "... the more privileged respondent sees no threat from other groups at home or abroad... *Class and nation are not opposite poles of affiliation but are complementary to the extent that the more fortunate people are more likely than others to feel they have something in common with both reference groups*" (Buchanan & Cantril 1972:21-22).

Stanley J. Morse (1976) het 'n ondersoek na faktore in nasionale identiteit in ses state naamlik Brasilië, Kanada, Suid-Afrika, Zambië, Nieu-Seeland en Australië gedoen. Hy het onder andere 'n vergelykende studie na hierdie faktore onder studente (almal afkomstig uit hoër sosio-ekonomiese klasse) in twee Brasiliaanse stede, Sao Paulo en Belém gemaak. Op 'n tienpunt skaal het die belangrikheid van sosio-ekonomiese klas gemiddeld 6,35 in Sao Paulo en 6,61 in Belém verwerf. In Sao Paulo was die belangrikheid van sosiale klas in rangorde egter ondergeskik aan: kulturele vlak (8,92); student wees (8,56); familierol

(8,43); geslag (7,02); beroep (6,56); maar klas was vir hulle belangriker as Brasiliaanse nasionaliteit (5,45). Daarenteen was die belangrikheid van klas in Belém ondergeskik aan: familierol (9,57); kulturele vlak (9,30); student wees (9,22); Brasiliaanse nasionaliteit (8,95); geslag (8,76); streek (7,25) en beroep (7,23). Die verskille tussen Sao Paulo en Belém is waarskynlik 'n gevolg van Sao Paulo se meer kosmopolitiese karakter.
In beide Sao Paulo en Belém was die studente van mening dat die rykes in Brasilië meer in gemeen het met die rykes in ander lande as met die armes in Brasilië.

Beide voorgenoemde empiriese studies toon aan dat individue verskil in hul identifisering met klas en hul nasionaliteit. Ongelukkig is genoegsame data oor die belangrikheid van etnisiteit nie verkry nie, behalwe dat in die Brasiliaanse studie, kultuur belangriker as klas geag is.

In sy empiriese ondersoek na die sosiale klas van etniese aktiviste in Frankryk bevind William R. Beer (in Esman (red) 1977) dat die persentasie aktiviste wat tot professionele en witboordjieklasse behoort, groter is as die persentasie professionele en witboordjie-individue relatief tot die betrokke gemeenskap.

> The data ... indicate that a large plurality of the legal activists are teachers (service workers, blue-collar workers, and farmers are underrepresented in the legal-activist category); that teachers are overrepresented no matter what the ethnic region ... and that most illegal activists are not teachers, but are farmers, blue-collar workers, and particularly white-collar workers (Beer in Esman (red) 1977:156).

Beer se ondersoek opper net soos die ander studies die moontlikheid dat klas en etnisiteit nie noodwendig wedersyds uitsluitend is nie. Die hoë voorkoms van hoërklasse onder wettige aktiviste en die hoë voorkoms van laerklasse onder die verbode aktiviste is aanduidend daarvan dat 'n eie etniese identiteit bestaan waarby alle klasse betrek word en nie net sommige klasse nie.

Dit wil voorkom dat waar etniese identiteit en/of identifisering met die nasie reeds gevestig is, klasseverskille binne die raamwerk van die ethnie en nasie akkommodeer word. Die belangrikheid van klas *per se* in die totstandbrenging van die nasie moet daarom betwyfel word. Geen nasie is klashomogeen nie; alle nasies is in der waarheid in terme van sosio-ekonomiese kriteria gestratifiseer, maar die belangrikheid van die stratifikasie kan van nasie tot nasie varieer. Waar klasse- en nasieverskille wel binne dieselfde staat saamval, mag klas 'n kompliserende faktor word.

4.3.2.8 *Ekonomiese en kommunikasienetwerke*

Tot dusver is in hoofsaak gefokus op die sosiale dimensie van die nasie. 'n Ander belangrike dimensie van die nasie is die nasie as 'n ekonomiese gemeenskap. In die vorige afdeling is die rol van klas by die vorming van die nasie bespreek. Klas is 'n uitvloeisel van die ekonomiese struktuur binne 'n bepaalde gemeenskap, in hierdie verband die nasie. Dit is nie noodwendig aanduidend van die belangrike funksie van die ekonomie *per se* in die vorming en instandhouding van die nasie nie. Omrede ekonomiese netwerke ook kommunikasienetwerke impliseer, word daar kortliks na hierdie aspek gekyk.

Die nasie is 'n instrument tot die individu se beskikking ter realisering van belange wat slegs deur middel van ekonomiese handelinge bevredig kan word. In die bespreking tot dusver is indirek hierna verwys.

Die nasie is onder andere 'n ekonomiese gemeenskap; 'n vergaderplek van mense met verskillende talente. Dat ekonomiese belange van die mens belangrik is in menslike groepvorming en die organisering van die groep, is 'n opvatting wat reeds in antieke tye, byvoorbeeld deur die Grieke en Hindoes gehuldig is. Plato se Republiek is gefundeer op die opvatting dat individue in hul aanlegte verskil, en dat uit hierdie verskille 'n interafhanklikheid ontwikkel aangesien elkeen dit doen waarvoor hy die beste aangelê is.

'n Netwerk van gespesialiseerde ruiltransaksies waarin elke individu dit doen waarvoor hy die beste aangelê is, is een van die boustene van 'n nasie. Hoe groter die gemeenskap wat die nasie vorm, hoe groter is die moontlikheid van gespesialiseerdheid en interafhanklikheid.

Ekonomiese strukture is onontbeerlik vir die realisering van die individu se materiële belange. Nie net materiële belange nie, maar ook belange wat meer kultureel van aard is, soos byvoorbeeld kuns en musiek. Deur middel van die ekonomiese dimensie van die nasie kan die individu selfrealiserend wees.

Net soos taal belangrik is vir die sosiale dimensie van die nasie, so is taal onontbeerlik vir die funksionering van die ekonomiese dimensie van die nasie. Dit is juis hier waar probleme dikwels in meertalige gemeenskappe ontstaan en waarom nasiegrense en taalgrense dikwels saamval. Meeste individue is, soos reeds bespreek, gewoonlik vlot in hoofsaaklik een taal, hul moedertaal. Daarom is elke individu grootliks afhanklik van sy kennis van die taal/tale waarin die ekonomie bedryf word, ter realisering van sy materiële belange.

'n Bepaalde gemeenskap, in hierdie verband die nasie, se ekonomie is daarom nou verweef met onder andere die individu se kultuur, taal, belange en selfs die geografie. Daar is 'n wedersydse wisselwerking tussen hierdie verskillende fasette van die individu se

menswees. Die verskaffing van voedsel word byvoorbeeld bepaal deur die behoeftes van die individu, wat deels beïnvloed word deur die betrokke kultuur waarin hy gesosialiseer is, terwyl die geografie ook 'n bepalende invloed in hierdie verband kan uitoefen.

Die belangrikheid van ruiltransaksies in 'n gemeenskap, soos die nasie, word onder andere uitgewys deur verstedeliking. Dit wil sê die mens se strewe na beter moontlikhede om sy belange te realiseer. Dit is nie net materiële belange wat hier ter sprake kom nie. Die stede is ook die vergaderplek van kunstenaars. So vind mettertyd groter differensiasie in rolle plaas. Gevolglik word dit moontlik om op 'n wyer skaal 'n groter verskeidenheid belange te realiseer.

Dit is juis as gevolg van die belangrikheid van die ekonomie dat een denkskool oor nasionalisme ekonomiese ontwikkeling as van oorheersende belang in die oorbrugging van verdeeldheid langs etniese-, taal- en godsdienslyne beklemtoon (kyk Gellner). Die vertrekpunt is soos in afdeling 4.2 aangedui dat die realisering van belange deur middel van ekonomiese beginsels mettertyd sub-lojaliteite sal laat verdwyn. In 'n mate stem hierdie vertrekpunte ooreen met die kommunikasiebenadering. 'n Netwerk van ruiltransaksies impliseer terselfdertyd 'n netwerk van kommunikasielyne.

'n Belangrike punt wat hier ter sprake kom, is of daar bepaalde afsnypunte is vir die ekonomie; anders gestel of daar 'n plafon is wat beperkinge plaas op die ekonomie se vermoë om verskille te oorbrug en verenigend te wees.

Die hedendaagse geskiedenis toon dat die ekonomie se vermoë in hierdie verband nie oorskat moet word nie. Toenemende verdeeldheid het juis plaasgevind in "gemeenskappe" ten spyte van ekonomiese interafhanklikheid tussen die verskillende komponente in die betrokke gemeenskappe. Voorbeelde is die disintegrering van die voormalige Sowjet-Unie, Joego-Slawië en Tsjeggo-Slowakye. Ontevredenheid in byvoorbeeld Spanje, Frankryk en Brittanje tussen die samestellende eenhede toon aan dat die ekonomie se rol hoofsaaklik verenigend is ten opsigte van diegene wat bereid is om mekaar om ander redes as blote ekonomiese redes as "ons" te aanvaar. Ekonomiese en kommunikasienetwerke word uitgebrei ten einde sommige belange te realiseer, maar nie ten koste van selfidentiteit en selfdeterminasie as belange nie. Dit is daarom moeilik vir ekonomiese en kommunikasienetwerke om verdelings tussen "ons" en "hulle" te oorbrug. Ekonomiese transaksies en uitbreiding van kommunikasienetwerke oor bestaande grense vind plaas sonder dat dit die selfidentiteit van die groep aantas. Waarskynlik is Barth (1969) se opvattings hier van belang, naamlik hoe meer kontak individue met ander het, hoe groter word hul bewuswording van verskille.

Hoewel ekonomiese belange belangrike redes verskaf waarom 'n individu met 'n nasie assosieer, en die nasie terselfdertyd gedeeltelik gefundeer is op die ekonomiese interafhanklikheid en kommunikasienetwerke wat daaruit voortspruit, is dit nie voldoende om tradisionele en gevestigde verdelingslyne uit te wis nie.

4.3.2.9 *Ideologie*

Soos reeds in hoofstukke 1 en 2 aangedui, word 'n ideologie beskou as 'n bepaalde tipe geloofsisteem wat deur 'n bepaalde groep voorgehou word as die enigste wyse waarop hul groep en selfs die samelewing in sy geheel, georganiseer moet of behoort te word.

Nasionalisme is een so 'n ideologie. Daarvolgens word die gedagte aan nasionale eenheid doelbewus verkondig. Nasionalisme is egter nie die enigste ideologie wat belangrik is in die vorming en instandhouding van die nasie nie.

Ideologieë kan faktore wees wat beide verband hou met redes waarom 'n individu met 'n bepaalde groep (nasie) assosieer, óf waarom hy nie met 'n bepaalde groep (nasie) assosieer nie.

Een belangrike kenmerk van ideologieë is dat dit gewoonlik wedersyds eksklusief is. Die vernaamste rede hiervoor is die vertrekpunt dat 'n ideologie nooit fouteer nie, dat dit 'n ewige en universele waarheid verteenwoordig. Daarom is daar altyd pogings om ideologieë te verkondig soos byvoorbeeld kapitalisme en Marxisme.

Daar kan aanvaar word dat dit makliker vir 'n individu is om met diegene wat dieselfde ideologie aanhang, te assosieer, terwyl dit moeiliker gaan wees om te assosieer met diegene wat 'n ideologie aanhang wat drasties verskil. Dit beteken nie dat ideologiese grense nie ter wille van ekonomiese belange oorgesteek word nie. Weer eens is die moontlike uitwissing van hierdie grense twyfelagtig.

Die uitwissing van verdelingslyne deur middel van ideologiese eenheid is 'n strategie wat dikwels in die politiek gevolg word. So is nasionalisme as 'n ideologie in die agtiende en negentiende eeu gebruik om nasionale eenheid te bewerkstellig. Daar moet egter in gedagte gehou word dat dit nie die ideologie is wat die gemeenskaplike faktor was nie, maar dat die ideologie gebruik is om individue wat reeds oor gedeelde kenmerke, soos taal en kultuur beskik het, tot 'n groter eenheid te mobiliseer.

Die moontlikheid van ideologie in die algemeen om verdelingslyne tussen "ons" en "hulle" te oorbrug, ongeag ideologiese ooreenkomste tussen "ons" en "hulle" blyk beperk te wees. Twee voorbeelde van onsuksesvolle ideologieë in hierdie verband is die kommunisme en anti-kolonialisme[409].

In die kommunistiese ideologie is een van die basiese vertrekpunte dat die werkers van die wêreld een is, dat hulle spoedig hul verskille in taal en etnisiteit sal vergeet en teen die kapitalisme sal saamstaan. Anti-kolonialisme as 'n ideologie het basies van dieselfde vertrekpunt uitgegaan, naamlik dat eenheid bereik sal word in hul stryd teen vreemde oorheersing.

Beide hierdie ideologieë het egter net tydelik in hul oogmerk geslaag en geen langtermyn eenheid is verkry nie.

Verskeie redes kan aangevoer word waarom ideologieë nie daarin kan slaag om verdelingslyne permanent te oorbrug nie. Twee belangrike redes is ten eerste dat individue verskil in hul aanhang van 'n bepaalde ideologie en ten tweede word ideologieë selde deur permanentheid gekenmerk, omrede die mens se omstandighede voortdurend aan die verander is.

Indien 'n bepaalde ideologie die heersende ideologie in 'n bepaalde gemeenskap is, beteken dit nie noodwendig dat almal in daardie gemeenskap aanhangers van daardie ideologie is nie. Dit kan ook aanleidend wees tot die gebrek aan permanentheid van ideologieë.

Ideologieë is grootliks vir hul voortbestaan van bepaalde omstandighede binne die betrokke gemeenskap afhanklik. Omstandighede soos bepaalde vraagstukke en uitdagings wissel inderdaad met verloop van tyd. Individue as selfdenkende en selfdeterminerende wesens is voortdurend op soek na nuwe oplossings vir die uitdagings van die lewe. Ideologieë is selde evolusionêr, hoewel dit tog deur verskillende gemeenskappe gewysig kan word ten einde by bepaalde omstandighede aan te pas[410]. Wanneer 'n ideologie eers aanvaar is, gebeur dit dikwels dat die een ideologie deur 'n ander vervang word, eerder as om aan evolusionêre verandering blootgestel te word.

Ideologieë se vermoë om verdelingslyne tussen "ons" en "hulle" oor die langtermyn te oorbrug, blyk onsuksesvol te wees, maar dit kan op die korttermyn sodanige effek uitoefen. Dit wil eerder voorkom asof ideologieë alliansies oor verdelingslyne tot stand bring en nie langtermyn eenheid nie.

#### 4.3.2.10 *Nasionale simbole*

Met nasionale simbole word bedoel daardie uiterlike tekens van die nasie wat veronderstel is om 'n beroep op die individu se emosies te maak om hom daarmee te identifiseer as verteenwoordigend van sy eie selfidentiteit. Hierdie simbole sluit byvoorbeeld vlae, volksliedere, nasionale embleme en monumente in.

Die vermoë van simbole om eenheid te bewerkstellig moet egter bevraagteken word. Simbole moet eerder gesien word as 'n weerspieëling van bestaande eenheid wat reeds verwerf is. Talle voorbeelde kan hier genoem word. Die voortbestaan van byvoorbeeld vlae van bepaalde groepe in 'n nasie, selfs na die verkryging van 'n nuwe vlag is een voorbeeld. So het die Sowjet-Unie se "hamer-en-sekel-vlag" spoedig plek gemaak vir al die verskillende vlae wat hy veronderstel was om te vervang.

Die rol van simbole in die vorming van die nasie is daarom twyfelagtig, hoewel dit kan dien as 'n weerspieëling van eenheid en identiteit. Daar moet gewaak word teen die illusie van valse eenheid. Daar kan nie summier van die beskouing uitgegaan word dat mense op papier verenig kan word en dat die instelling van nasionale simbole dan aanduidend van daardie eenheid sal wees nie.

4.3.2.11 *Bedreigings*

Dit is onwaarskynlik dat die individu nie van tyd tot tyd met bedreigings te make sal kry nie. Bedreigings sluit natuurlike bedreigings soos natuurrampe, siektes, maar ook mense as vyande in.

Uit die aard van die saak staan mense saam teen bedreigings. Waar dit natuurlike bedreigings insluit, word gevind dat verdelingslyne maklik oorskry word. So is pokke as 'n ernstige siekte deur middel van internasionale samewerking uitgewis. Ook op die gebied van natuurrampe word verdelingslyne dikwels tydelik vergeet. Dit is waarskynlik 'n besef dat die ander se bedreiging moontlik jou bedreiging kan word.

Waar vyande ter sprake kom, kan ernstige verdelingslyne oorbrug word wanneer gemeenskaplike vyande bestaan. Die rol van die bedreiging van die voormalige Sowjet-Unie in die "vereniging" van groot dele van Wes-Europa in die Europese Gemeenskap moet nie onderskat word nie. Dieselfde geld ook ten opsigte van kompetisie op tegnologiese gebied. Indien Europa met die VSA en Japan wil kompeteer moet Europa meer geïntegreer word. Volgens Hancock (1991:254) is die oorheersende faktor onder die ontwakende Romani-nasionalisme die Romani se beskouing dat die wêreld verdeel is tussen *Romá* en *Gadžé*[411]. Dit is egter onduidelik in watter mate hierdie oorskryding van verdelingslyne permanent van aard kan wees.

In hierdie onderafdeling is in hoofsaak gepoog om aan te toon dat daar bepaalde redes is waarom 'n individu met die groep sal assosieer. Die belangrikste rede bly steeds die behoefte om belange te realiseer maar dan moet selfidentiteit as 'n belang nie onderskat word nie. Verder blyk dit dat die groep waarin 'n persoon sedert kleintyd gesosialiseer word om verskeie redes 'n dominante voorkeur by die individu kan geniet, veral wanneer dit by keuses kom oor met wie daar geassosieer moet word. Hierdie redes is onder andere

dat sy selfidentiteit grootliks deur hierdie groep beïnvloed word. Van sy ander belange word ook deels deur hierdie groep bepaal - dit is belange wat in hoofsaak uit byvoorbeeld die tipe kultuur soos byvoorbeeld tipes voedsel wat geëet word, musiek en ander kulturele gewoontes voortspruit.

Samevattend wil dit voorkom asof etnisiteit steeds een van die dominantste boustene is waarop 'n nasie gebou word, maar etnisiteit moet nie gesien word as 'n statiese entiteit nie. Hoewel taal, kultuur, godsdiens, ideologie en simbole met etnisiteit verband hou, wil dit voorkom asof dit selde werklik daarin slaag om etniese grense uit te wis, tensy etniese verskille relatief klein is. Godsdiens en ideologiese verskille neig om intra-etniese verdelend te wees. Sodanige intra-etniese verdelings word dikwels makliker verdra as inter-etniese verdelings wat saamval met godsdienstige en ideologiese verskille.

4.3.3 Die elite en die nasie

Die verband tussen die elite en die nasie word hier in 'n afsonderlike onderafdeling bespreek omrede die elite 'n halfwegposisie tussen die inhoud van die besprekings in afdeling 4.3.2 en 4.3.4 inneem. Die belange van die elite staan tussen die belange van die individu en die belange van die nasie, die selfdeterminasie van die elite tussen die selfdeterminasie van die individu en die selfdeterminasie van die nasie.

Die term elite word in hierdie studie gebruik om na daardie groep/groepe persone te verwys wat leidinggewend en toonaangewend binne 'n bepaalde gemeenskap is. Dit is moeilik om universeelgeldende kriteria neer te lê vir die bepaling van wie tot die elite behoort en wie nie.

Die elite word dikwels met rykdom en mag verbind (kyk Mills 1956). Deutsch (1953:18) stel dit so: "It [elite] will then stand out from all others in wealth, power, and prestige, and it will impose its stamp on much of social life." Die elite beskik egter te dikwels oor nóg rykdom, nóg mag. Dit is veral hierdie aspek van die elite wat by die vorming en instandhouding van die nasie en nasionalisme ter sprake kom.

Vir doeleindes van hierdie ondersoek, sluit die elite nie net diegene in wat oor politieke en ekonomiese mag, en/of rykdom beskik nie. Die elite, veral by die vorming en instandhouding van die nasie, sluit onder andere die kulturele elite (byvoorbeeld skrywers), die intelligentsia (akademici), politieke leiers, militêre leiers, ekonomiese leiers, diegene met die nodige ekonomiese middele tot hul beskikking en selfs top presteerders op byvoorbeeld die gebied van sport in. Kortom die elite bestaan uit diegene wat erkenning en aansien in hulle gemeenskap geniet en as gevolg daarvan die leiding neem en die toon aangee. Hierdie beskouing sluit aan by Mitchell (1977:64) se beskouing oor die elite: "A minority group (or category) of individuals within a society, who may be socially

acknowledged as superior in some sense and who influence or control some or all of the other segments of the society."

Die erkenning en aansien wat die elite binne die gemeenskap geniet is hier van kardinale belang. Te dikwels word aanvaar dat persone met ekonomiese, politieke en militêre mag oor die nodige aansien beskik bloot vanweë hulle magsposisies. 'n Werklike elite se posisie word afgelei uit die goedkeuring van die betrokke gemeenskap. Enige gesag wat die elite oor daardie gemeenskap het, sal van die legitimiteit van die elite afhang. Die elite kan deur middel van mag en monopolieë 'n invloed op die gemeenskap uitoefen, maar dan moet onthou word dat dit nie noodwendig 'n invloed is wat sonder teenstand deur die betrokke gemeenskap aanvaar sal word nie. Veral die moontlikheid dat daar 'n teen-elite kan ontstaan, is hier van belang.

Die belangrikheid van die elite vir die vorming van die nasie word deur Robert Lamb (in Deutsch 1953:18) met verwysing na Amerika soos volg opgesom: "To form a new American nation-state separate from Britain, a new national elite had to come together, and it in turn had to organize the political, economic and social institutions of a new nation."

Alle nasies beskik oor 'n elite. In hoofsaak is dit die elite wat die infrastruktuur van die nasie vorm en in stand hou. Dit is die legitieme elite wat die kern van die nasie uitmaak. Die elite is behulpsaam met: die vorming en uitbouing van kultuur, die vestiging van taal, die optekening van die nasie se geskiedenis, die verwerwing van prestasies waarop die roem van die nasie gebaseer kan word, die verskaffers van sekuriteit en die vestiging van die kulturele, ekonomiese en politieke infrastruktuur.

Einstein het dit ietwat negatief so gestel: (in Duchacek 1965:199) "...that small but determined group, active in every nation, composed of individuals who, indifferent to social considerations and restraints, regard warfare, the manufacture and sale of arms, simply as an occasion to advance their personal interests and enlarge their personal authority".

Hierdie rol van die legitieme elite in die nasie maak dit daarom moontlik vir die individu om 'n verskeidenheid van belange te realiseer. In groot mate is die individu daarom afhanklik van die elite vir die handhawing van 'n sosiale orde waarmee hy kan assosieer ten einde sy belange te realiseer. Die elite self realiseer ook hul eiesoortige belange in die konteks van die nasie.

Die legitieme aard van die elite kom weer eens ter sprake. Dit is moontlik vir 'n illegitieme elite om die infrastruktuur van die nasie te vorm en in stand te hou. Weer eens bestaan die moontlikheid van 'n teen-elite, soos dikwels deur anti-kolonialisme bewys is.

Skrywers beklemtoon onder andere die rol van oorheersing en die rol van die monargie in die vorming van die nasie (kyk Shafer 1972: Armstrong 1982). Shafer (1972:29) haal René Johannet soos volg aan: "'The cause of the statue is not the marble, but the artist. In the case of nationality, it was primarily the dynasty.'" Hy haal ook Lodewyck XIV aan (1972:33) "La nation ne fait pas corps en France; elle réside tout entière dans la personne du roy"[412]

Die probleem is egter dat beide bogenoemde aanhalings na die vorming van die Franse nasie verwys soos ons dit vandag ken. Die Franse nasie het in hoofsaak ontstaan in die era waarin daar teen die monargie in opstand gekom is. Dit was die tyd toe daar 'n elite uit die burgery ontwikkel het wat teen die monargie begin saamspan het. Die werklike samevoeging en vereniging van individue het in die geval van Frankryk hoofsaaklik onder die etniese Franse plaasgevind. Die Baske en Bretonne is byvoorbeeld daarby uitgesluit[413].

Die illegitieme elite het bygedra tot die vorming van 'n teen-elite wat die legitieme elite van die "nasie" was.

'n Belangrike vraag is waarom 'n bepaalde elite legitiem is terwyl 'n ander illegitiem is. Hierdie vraag is 'n probleem wat meer wetenskaplike ondersoek regverdig as wat hier moontlik is. Enkele hipoteses kan egter gesuggereer word.

Eerstens blyk dit werklik 'n geval te wees dat 'n legitieme elite hoofsaaklik tot dieselfde etniese groepering moet behoort as die groep waarvan hy sy mag aflei. Onmiddellik kan die beswaar geopper word dat die koning van Frankryk tog tot dieselfde ethnie as sy onderdane behoort het.

By nadere ondersoek blyk dit egter dat die onderskeie koningshuise in Europa eerder 'n afsonderlike ethnie gevorm het en een wat dikwels geheel en al verskil het van die ethnie waaroor hulle regeer het. So was Lodewyck XVI van Frankryk se vrou, Marie Antoinette, van Oostenrykse herkoms, terwyl sy moeder Marie Josèphe van Sakse afkomstig was. Sy oupa, Lodewyck XV, vir wie hy opgevolg het, was weer getroud met Maria Leszczynska, die dogter van die koning van Pole. Lodewyck XIV se moeder was Anna van Oostenryk en hy was getroud met Maria Theresa die oudste dogter van Philip IV van Spanje. Hierdie is net enkele voorbeelde. Koninklike troues in Europa is dikwels om politieke redes aangegaan om gebiede te verenig. Lodewyck XII van Frankryk is byvoorbeeld met Anna van Bretagne getroud met die uitdruklike oogmerk om dié hertogdom vir die Franse koningshuis te behou. Vandag is die Bretonne onwillige lede van die Franse staat.

Alle gebonde nasies, dit wil sê die wat deur ander oorheers word, het elites wat hul saak bevorder. Net so is die pogings van sommige diaspora om hulle belange te beskerm en te

bevorder van 'n bepaalde elite afhanklik. Hierdie elites sal, indien nodig, alles tot hulle beskikking in die stryd werp vir dit waarvoor hulle staan. Taal, godsdiens, kultuur, nasionale simbole, voorspoed en rampe sal alles benut word indien dit nodig blyk te wees.

In sy bespreking van die wortels van Romani-nasionalisme wys Hancock (1991) op die belangrikheid van die rol van die elite in die vorming van nasionalisme onder 'n groep persone wat vir eeue verspreid was, sonder selfs 'n definitiewe idee van hul voorvaderlike tuisland.

Ten spyte daarvan dat die Romani uit verskillende groepe bestaan, het die Harvard mediese skool in die VSA bevind dat die Romani wel geneties verwant is en dat hul oorsprong die Punjab-streek in Indië is (Hancock 1991:252). Verskeie pan-Romani-byeenkomste is oor die eeue heen in Europa gehou. Die sentimente van die nasionaliste wat aan die voorpunt hiervan staan is: "... we were one people when we came into Europe, and ... we must be one people again" (Hancock 1991:256).

Die Kweik-familie het byvoorbeeld daarin geslaag om 'n Romani-dinastie in Pole te vestig wat selfs erkenning by die plaaslike owerheid en polisie geniet het.

In 1971 het die Internasionale Sigeuner Komitee die eerste Wêreld Romani-kongres gehou. Daar is die rooi, 16-punt *chakra* bevestig as die nasionale embleem en die volkslied *Dželem dželem* aanvaar (oorspronklik 'n tradisionele Romani liedjie). Alle ander benamings vir die Romani is verwerp, daarom is die komitee se naam na die Internasionale *Rom* Komitee (International Rom Committee) verander. Vyf staande kommissies is gestig, naamlik Maatskaplike Aangeleenthede, Oorlogsmisdade, Taalstandaardisering en Kultuur en Onderwys. Daar is reeds drie verdere kongresse gehou en telkens het die bywoningstal vermeerder. Tydens die Vierde Internasionale Kongres in 1990 is 'n aantal spesiale fokuskommissies gestig wat onder andere insluit: Taalstandaardisering, Kulturele Bewaring en Dokumentasie, Media Interaksie, Opstel van 'n Romani Ensiklopedie en Oorlogsvergoeding (kyk Hancock 1991).

Die Romani-beweging is ideologies geïnspireer en die voorbeeld waaruit dit inspirasie trek, is Zionisme. Die groot verskil en belangrikheid van die Romani nasionale beweging is daarin geleë dat die Romani nie werklik oor 'n vaderland beskik nie, hoewel aanvaar word dat hulle uit Indië kom en hulle taal ooreenkomste met Hindi toon. Waar Joodse nasionalisme sterk steun op hul voorvaderlike tuiste Israel, is dit nie die geval met die Romani nie.

'n Belangrike vraag wat hier ter sprake kom, is waarom die elite hierdie rol ten opsigte van die nasie onderneem. Die enigste werklike antwoord hierop is belange, nie alleen van die

onderskeie individuele lede van die nasie nie, maar ook die belange van die elite. In hoofstuk drie is aangedui dat mense in hul vermoë en bereidwilligheid om besluite te neem, verskil en dat daar diegene is wat bereid is om vir almal besluite te neem, terwyl ander weer verkies dat ander namens hulle moet besluit. Kortom dit is die ou elite-massa simbiose, waarin die een nie sonder die ander kan nie. Die werklike meganisme hieraan verbonde is waarskynlik opgesluit in die genetika en instink van die mens.

Daarby is reeds aangedui dat sommige individue se identifisering met die groep groter is as die van ander. Dit is daarom waarskynlik dat dit juis diegene is wat meer bewus is van die skakeling tussen hulle selfidentiteit en hulle groepsidentiteit wat aan die voorpunt vir die handhawing van beide hul selfidentiteit, maar ook die groepsidentiteit sal staan. Die elite vervul nie altyd hierdie rol doelbewus nie. Skrywers wat in hul eie taal skryf het nie altyd 'n verskuilde agenda van nasionalisme nie, maar kan dit wel onbewustelik bevorder.

Dit is waarskynlik ook meer problematies vir die elite om hul belange te realiseer. As "natuurlike" leiers van 'n groep kan hulle nie leiers wees indien hulle nie oor 'n groep beskik om te kan lei nie. Daarby is dit hulle wat dikwels meer bewus is van die beperkinge wat op hulle geplaas word. Soos reeds genoem kon min mense in die voormalige USSR wat nie Russies vlot magtig was nie, die hoogste sport bereik.

William Beer (in Esman (red) 1977) het soos reeds genoem in sy studie van die sosiale klas van etniese aktiviste in Frankryk bevind dat onderwysers disproporsioneel aktief in etniese organisasies is. Redes wat hy hiervoor aanvoer, is dat onderwysers dikwels onderbenut en oorgekwalifiseerd in Frankryk is, maar dat hulle ook hulself aan die front van verfransing bevind. Daardeur word hulle nie alleen meer bewus van hul self- en groepsidentiteit nie, maar ook hoe hul identiteite negatief beïnvloed word.

Die rol van die elite in die vorming en totstandkoming van die nasie moet gevolglik nie onderskat word nie en soos in die volgende afdeling sal blyk, is dit die elite wat die draer van die vaandel van nasionalisme is.

#### 4.3.4 Die individu, die nasie en selfdeterminasie

Die een aspek wat navorsers op die gebied van nasionalisme opval, is dat nie alle potensiële lede aktief by die nasie betrokke is nie, maar dat daar altyd 'n wisselende mate van belangstelling in die sake van die nasie is. Die elite word ook ontnugter deur hul onvermoë om almal wat hulle van mening is lede van die nasie is/behoort te wees, te verenig. Twee belangrike gevalle kom hier ter sprake, naamlik die relatiewe gebrek aan sukses van die sogenaamde pan-nasionalismes of ook makronasionalismes genoem; en die probleme wat in die hedendaagse staat ten opsigte van byvoorbeeld mininasionalismes en nasiebou

ondervind word. Louis Snyder (1984) meld dat volgens die oordeel van die leiers van die pan-bewegings nasionalisme in die moderne nasiestaat uitgedien is. Snyder (1984:247) stel die probleem van nasionalisme op die makro- en die mikrovlak:

> Unfortunately, nationalism refuses to conform to this exact pattern as the 20th century approaches its close. It persists and flourishes at the center level, while the peripheries - the larger macro-nationalisms and the smaller mini- nationalisms - are either in decline or enjoy strictly limited success. The nation-state and the consciousness of nationalism stay in focus as historical phenomena, while efforts to combine nationalisms in a larger state, or to break them down into smaller regional nationalisms, remain blurred and indistinct.

In bogenoemde aanhaling word, sonder dat Snyder dit so bedoel het, 'n belangrike hipotese ten opsigte van nasionalisme gestel, naamlik dat daar 'n "versadigingsdrempel" vir 'n bepaalde nasionalisme is. Snyder se stelling wys ook twee ander belangrike punte oor nasionalisme uit. Eerstens impliseer die stelling dat nasionalisme 'n vloeibare verskynsel is, dat dit beide aan regressie en progressie onderhewig is. Tweedens bestaan daar een of ander rede waarom nasionalisme vloeibaar is, maar terselfdertyd om die een of ander rede op die middelgrond opereer. Hoewel hy geen verklaring daarvoor bied nie, is Thomas Scheff (in Calhoun (red) 1994:298) met verwysing na Bowen (1978) en Durkheim, ook van mening dat sosiale verbindings óf te los, óf te oorweldigend en versmorend kan wees: "The Durkheim-Bowen approach implies an axis of integration with three main positions: isolation-solidarity-engulfment." Die middelvlak sou dan solidariteit verteenwoordig, dit wil sê in daardie posisie waar die individu en die nasie 'n simbiotiese verhouding bereik het waaruit albei voordeel trek.

Die relatiewe sukses van mininasionalismes gedurende die afgelope vyf jaar in die wêreld dui aan dat die versadigingsdrempel van nasionalisme tans afwaarts beweeg, dit wil sê regressief is. Die vraag is, waarom? Waarom was nasionalisme veral in die negentiende en vroeë twintigste eeu progressief, terwyl dit oor die afgelope aantal jare regressief was?

In hierdie ondersoek is die beskouing dat, soos in hoofstukke 1 en 3 aangedui, die antwoord opgesluit lê in die wisselwerking (selfs spanning) tussen enersyds die individu se behoefte aan en noodsaaklikheid om met sy medemens te assosieer, en sy behoefte aan en sy suksesvolle selfdeterminasie en belangerealisering andersyds.

'n Benadering wat in hierdie verband nuttig kan wees, is dié van koalisievorming soos byvoorbeeld deur Riker voorgestel (1962 ). Die nasie kan beskou word as 'n koalisie tussen individue ten einde bepaalde individuele belange te realiseer. As sodanig kan die nasie beskou word as 'n bepaalde tipe belangegroep. Soos reeds aangedui, is die bestaan van die nasie van die eksplisiete óf stilswyende instemming van die individuele lede van

die nasie afhanklik. Anders gestel, die individu kan sonder die nasie bestaan, maar die nasie kan nie sonder die individu bestaan nie, "... by his [individu] own decision, he has actively chosen membership in a group to which he feels he belongs" (Weilenmann in Deutsch & Folz (reds) 1963:36).

In hoofstuk 2 is aangedui dat die mens 'n selfdeterminerende individu is. Ten einde sy drang na selfdeterminasie met sy noodgedwonge assosiasie met ander te versoen, internaliseer die individu die gewoontes en gebruike van die groep (kan ook beskou word as eise) ten einde by hom die gevoel van selfdeterminasie te skep. Maar soos Weilenmann dit stel (in Deutsch & Folz (reds) 1963:46) "... in the last analysis, it is always the individual who decides which aim and group best correspond to his personal desires".

Die versadigingsdrempel of afsnypunt van die nasie sal daarom eerstens afhanklik wees van die reikwydte van die individu se vermoë om die gewoontes en eise van 'n bepaalde gemeenskap te internaliseer. Hierdie reikwydte en vermoë sal beïnvloed word deur die ooreenkomste en verskille tussen die individu en die ander lede van die gemeenskap. Die ooreenkomste wat hier ter sprake kom, is dié wat in afdeling 4.3.2 bespreek is naamlik geografie, bloedverwantskappe, geskiedenis, taal, godsdiens, etnisiteit, klas, ekonomiese en kommunikasienetwerke, ideologie en nasionale simbole[414].

Tweedens sal hierdie versadigingsdrempel beïnvloed word deur die belange wat die individu nastreef en die mate waarin hy bereid sal wees om van sy selfdeterminasie prys te gee ter realisering van sy belange. Die versadigingsdrempel sal daarom verband hou met die wisselwerking tussen die vermoë en reikwydte van die individu se internalisering van die gewoontes en eise van die groep enersyds; en die belange wat hy nastreef en die mate van selfdeterminasie wat hy bereid is om daarvoor op te offer andersyds.

Beide hierdie twee meganismes kom in 'n ander vorm in koalisieteorie ter sprake. Riker (1962) byvoorbeeld is in hoofsaak van mening dat koalisievorming 'n rasionele proses is, waarin die bereidwilligheid om 'n koalisie te vorm sal afhang van die vergoeding wat ter sprake is. Daarby is Riker van mening dat die grootte van die koalisie altyd na die minimum grootte sal neig[415]. Daar kan oor die assumpsies in Riker se teorie geargumenteer word, maar wat ter sprake is, is dat koalisievorming slegs geskied as daar vergoeding aan verbonde is en dat dit altyd na 'n minimum grootte neig. In die geval van die nasie as 'n relatief permanente koalisie van individue blyk dit dat die vergoeding die belofte van die realisering van belange is.

Die redes wat Riker vir koalisievorming aanvaar, word egter as te simplisties beskou. Daarom is sy teorie later meer verfyn deur dit aan ideologie te koppel (kyk Axelrod 1970 en Groennings 1970). Daarvolgens is bevind dat koalisies ook verband hou met die

versoenbaarheid tussen die ideologieë en beleidsafstand wat ter sprake is. Hoewel dit nie as sodanig uitgewys word nie, verwys ideologie en beleidsafstand na gemeenskaplike faktore. Ideologie en beleidsafstand in koalisieteorie verwys daarom na die gemeenskaplikhede in die nasie wat die assosiasie van die individu met die ander lede van die nasie moontlik maak, óf bemoeilik.

Indien koalisievorming grootliks bepaal word deur vergoeding en ideologiese en beleidsafstand, is die vorming van die nasie afhanklik van die realisering van die individu se belange (vergoeding) en die gemeenskaplikhede wat hy deel met die ander lede (ideologiese afstand). Die individu sal sy selfdeterminasie prys gee slegs in die mate wat hy daarvoor "vergoed" word. In sommige opsigte toon dit ook ooreenkomste met ruilteorie ēn met die sosiale kontrakteorie[416].

'n Bykomende aspek van koalisievorming wat hier ter sprake kom, is dié van minimum grootte. Volgens Riker (1962) is koalisies wat groter as die minimum is om te wen, die gevolg van onvoldoende inligting. Hoewel die gebrek aan voldoende inligting wel hiermee verband kan hou, is die mening egter dat dit gewoon makliker is om minimum grootte koalisies in stand te hou[417]. Die eise of koste van te groot koalisies word bloot te groot en hou nie meer tred met die vergoeding wat verkry word nie. Indien die beginsel van minimum grootte op die nasie van toepassing gemaak word, impliseer dit dat die grootte van die nasie sal afhang van die vergoeding wat die individu uit die nasie kry. Vergoeding moet egter nie altyd in 'n materiële sin gesien word nie; dit kan ook sielkundige en sosiale dimensies openbaar. Daarom is dit moontlik vir die individu om opofferings te maak omrede die sielkundige, sosiale en materiële vergoeding wat hy daaruit kry die opofferings regverdig. Die verkryging van selfidentiteit wat van die groep afhanklik is, kan hier 'n belangrike vorm van vergoeding uitmaak. Anders gestel, behels dit die realisering van individuele belange soos in hoofstuk 3 bespreek. So het dekolonialisering plaasgevind omrede die koste aan die koloniale gebiede te groot begin word het. Net so het die vergoeding in die voormalige USSR nie meer verband gehou met die koste van die groter "nasie" nie. Aspekte hiervan toon ook ooreenkomste met ruilteorie[418].

Wanneer die reikwydte en vermoë van die individu se assosiasie in die nasie ter sprake kom, blyk dit in die praktyk dat hierdie vermoë hoofsaaklik beperk is tot diegene wat tot dieselfde ethnie behoort. Koalisies tussen ethnies blyk eerder gefundeer te wees op die beginsels van alliansies as op die totstandkoming van 'n eenpolige nasie. Gevolglik word dit in hierdie ondersoek aanvaar dat alliansievorming ook met sommige beginsels van koalisievorming verband hou.

Wat dus hier ter sprake kom, is dat die individu 'n selfdeterminerende sosiale wese is. Die wisselwerking tussen sy selfdeterminasie en sy behoefte aan en noodsaaklikheid om met

ander te assosieer is op bepaalde beginsels gefundeer waarin die realisering van sy belange 'n belangrike faktor is. Die reikwydte van sy vermoë om met ander te assosieer, sal afhanklik wees van faktore wat sy internalisering van die gemeenskap se gewoontes en eise beïnvloed. Hierdie faktore het hoofsaaklik te make met gemeenskaplikhede. Die vorming van assosiasies waar gemeenskaplikhede nie bestaan nie, se koste in terme van sy selfdeterminasie is gewoon te hoog. 'n Individu sal egter van sy selfdeterminasie opoffer indien die vergoeding wat hy daaruit kry genoegsaam is. Daar bestaan gevolglik 'n simbiotiese verhouding tussen die individu en die nasie in die sin dat albei voordeel trek uit hierdie verhouding (kyk Mennell in Calhoun (red) 1994).

Daar kan nie sonder meer aanvaar word dat geen assosiasie die hoogste mate van selfdeterminasie verteenwoordig nie. Koalisies word juis gevorm om bepaalde redes; omdat dit nie moontlik is om sonder koalisievorming ten volle selfdeterminerend te wees nie. Dieselfde geld ten opsigte van die individu en die nasie. Waar daar wel 'n maksimum perk vir die reikwydte van die individu se assosiasie bestaan, geld die teenoorgestelde ook. Anders gestel, daar is ook 'n minimum reikwydte wat bepaal word deur selfdeterminasie en die behoefte om belange te realiseer.

Dit bring ons terug by Snyder se hipotese dat die nasie op die middelvlak opereer. Die nasie het dus beide 'n minimum en 'n maksimum versadigingsdrempel, maar hierdie drempels of afsnypunte is vloeibaar en sal van verskeie faktore afhang (kyk Scheff in Calhoun (red) 1994:298).

Hoe besluit die individu oor hierdie afsnypunte vir lidmaatskap van die nasie? Die faktore wat 'n rol hierin speel is aangetoon, maar op watter wyse word die besluite hieroor geneem? Is dit 'n rasionele besluit, óf is dit eerder 'n emosionele besluit? Volgens Riker word besluite in hierdie verband op rasionele wyse geneem. Die gedagte daaraan dat die individu deur middel van wiskundige formules kwantitatiewe berekeninge hieroor maak, is egter vergesog.

Besluite in hierdie verband is waarskynlik eerder die gevolg van die individu se persepsie van die werklike wêreld en sy idees oor daardie werklikheid. Anders gestel, sy verwagtinge oor die werklike wêreld met betrekking tot sy persepsie van beide die koste van en vergoeding uit daardie werklikheid. Al sou die individu ervaar dat in die werklike wêreld die koste en vergoeding min of meer dieselfde is, sal sy besluite ook beïnvloed word deur die mate waarin sy verwagtinge van die werklikheid verskil.

Om eenvoudige voorbeelde te noem. 'n Individu mag die idee van homself as 'n politieke leier, 'n staatshoof koester. Hy kom egter tot die besef dat in die werklike wêreld hy nooit staatshoof sal word, tensy hy daardie werklikheid verander nie. 'n Persoon wat homself as

'n skrywer sien, maar nie oor die nodige vlotheid in die geskrewe taal (byvoorbeeld Latyn) beskik nie, begin om in die spreektaal (byvoorbeeld Hongaars en Duits) te skryf. (Vergelyk ook die verhouding tussen Nederlands en Afrikaans.) 'n Sportman kan besef dat hy makliker die span na die Olimpiese Spele sal haal indien sy gemeenskap kleiner is.

Sommige individue sal waarskynlik meer rasioneel te werk gaan in die bepaling van die koste en vergoeding van hul assosiasie met die nasie. Ander sal weer meer emosioneel te werk gaan. Dit is byvoorbeeld 'n moontlikheid dat die elite hierdie besluite op 'n meer rasionele wyse sal neem, maar dat hul mobilisering van die massa in die nasie waarskynlik die gevolg is van die massa se meer emosionele persepsie van die verskille tussen enersyds die koste en vergoeding van die werklikheid en andersyds die afstand tussen hul verwagtinge en dit wat hulle uit die werklikheid kry.

Weer eens is dit nie noodwendig die kleiner nasie wat aan hierdie verwagtinge voldoen nie. Dit is gewoonlik groter gemeenskappe en nasies wat die suksesse behaal waarmee die roem van die nasie op die spits gedryf kan word en waardeur verwagtinge van roem bevredig kan word. Dit is dikwels juis hierdie grootsheid wat gevoelens van patriotisme en nasionalisme aanwakker waar dit normaalweg onmoontlik blyk te wees. In die VSA moet die rol wat prestasies op tegnologiese gebied, soos byvoorbeeld ruimteprogramme, die filmbedryf; die politieke gebied soos in die geval van die Golf-oorlog; en die sportgebied nie onderskat word nie. Met ander woorde dit het sekere voordele om te kan sê, "ek is 'n Amerikaner" - want "ons" het groot prestasies bereik, daarom is "ek" ook groot. Net soos gedeelde roem belangrik is om vereniging te bewerkstellig, kan gedeelde berugtheid die teenoorgestelde uitwerking uitoefen. (Dit is een faktor wat ondersoek regverdig binne die konteks van die opkoms en ondergang van die voormalige USSR.)

Die eise wat die elite kan stel, veral ten opsigte van konformasie mag egter 'n negatiewe effek op die grootte van die nasie uitoefen, byvoorbeeld eise ten opsigte van taalstandaarde en gedragskodes. Hermann Weilenmann wys hierdie probleem soos volg uit: "The more freely a man decides where he belongs and what he needs, the more unreservedly he gives himself to the organization and the more strongly he feels himself to be a part of a greater whole. Only the freedom to choose one's group - a freedom encompassing all other freedoms - makes suprapersonal unity a reality" (Weilenmann in Deutsch & Folz (reds) 1963:46)[419].

Die nasie moet daarom nooit gesien word as 'n permanente gemeenskap met 'n onveranderbare karakter nie. Hoewel 'n relatief permanente kern en infrastruktuur bestaan, kan die nasie beide kleiner en groter word; dit kan beide mense verenig, maar ook verdeel. Die nasie kan 'n samesmelting van gemeenskappe wees, maar dit beskik ook oor die moontlikheid om in verskillende gemeenskappe te verdeel. Dit is veral hierdie wisselende

aard van die nasie en die redes daarvoor, wat deur hedendaagse state erken moet word, indien daar gehoop word om staatsgrense onveranderd te hou, maar ook om stabiliteit binne staatsgrense te handhaaf.

4.3.5 Faktore wat verband hou met die mobilisering van die nasie

Wanneer die nasie (soos in hoofstuk 2 aangedui) tot 'n bewustheid van homself as 'n nasie gemobiliseer word, kom nasionalisme ter sprake. Dit is dan wanneer die individu sy identiteit met dié van die nasie gelykstel, sy belange met die belange van die nasie versoen en sy selfdeterminasie die selfdeterminasie van die nasie word. Die nasie verkry nou 'n eie persoonlikheid en begin nou as 'n persoon in eie reg handel. Die nasie handel nou namens die individu en die individu handel in terme van die nasie. Die nasie kan lank latent wees totdat bepaalde omstandighede die nasie mobiliseer in terme van die bewustheid van sy identiteit.

Waar die nasie, soos in die voorafgaande afdelings bespreek, die produk is van interne prosesse waarin hoofsaaklik individue ter sprake kom, hou die mobilisering van die nasie verband met prosesse waarin beide interne en eksterne faktore ter sprake kom.

Die interne prosesse hou verband met die besprekings in die voorafgaande afdelings. Dit is veral die rol van interne verwagtinge, die doelbewuste nastrewing van nasionalisme as 'n ideologie en die rol van die elite wat hier ter sprake kom.

Die faktore wat verband hou met die eksterne prosesse wat aanleiding gee tot die mobilisering van nasionalisme is: oorheersing, onderdrukking, verdrukking, gedwonge assimilasie, miskenning van identiteit, diskriminasie, mededinging, oormatige eise en eksploitering.

Die onderskeid wat tussen hierdie faktore getref word, is bloot analities, omrede dit in die praktyk met mekaar verweef is.

4.3.5.1 *Interne idees en verwagtinge*

Daar is reeds gewys op die verband tussen die nasie en die individu se idees en verwagtinge as lid van die nasie. Met die interne idees en verwagtinge van die nasie word bedoel die kollektiewe idees en verwagtinge oor die karakter, die roem van die nasie en die plek wat dit in die wêreld moet beklee.

Hierdie idees en verwagtinge kan strek van onskuldige idees en verwagtinge soos byvoorbeeld die unieke karakter van die nasie en 'n begeerte om hierdie uniekheid te

bewaar; idees en verwagtinge oor die nasie se selfdeterminasie hoewel dit ook kwaadaardige idees en verwagtinge kan behels soos die idees van meerderwaardigheid en uitverkorenheid en verwagtinge om ander nasies te verower. Soos reeds genoem, is nasionalisme onder andere 'n doelbewuste erkenning van die sentrale posisie wat die nasie in die individu se lewe het. Dit verteenwoordig dan self sekere idees en verwagtinge oor die nasie. Hierdie idees en verwagtinge verteenwoordig 'n onontbeerlike element in nasionalisme.

4.3.5.2 *Die nastrewing van die ideologie van nasionalisme*

Soos reeds in hoofstuk 1 aangetoon is nasionalisme nie *per se* 'n ideologie nie. Dit gebeur wel dat die heersende ideologie binne 'n bepaalde gemeenskap 'n wisselende mate van nasionalisme kan insluit. Daarvolgens word die nodige regverdiging gegee vir die sentrale posisie wat die nasie nie alleen behoort te beklee nie, maar inderdaad moet beklee. Dit sluit dan ook doelbewuste programme vir die samevoeging van die lede van die nasie en die nodige mobilisering van die nasie in.

Aan die stuur is altyd die elite, veral diegene wat die eie identiteit van die nasie voorhou, ongeag of dit politici is, of skrywers is wat die eie moedertaal propageer.

Gedurende die agtiende, negentiende en vroeë twintigste eeu was een van die dominantste elemente in die ideologie van gemeenskappe wel die nasie en nasionalisme. Hierdeur is individue vir diens tot die nasie gemobiliseer.

4.3.5.3 *Oorheersing, onderdrukking, verdrukking en diskriminasie*

In die konteks van hierdie ondersoek word 'n onderskeid tussen hierdie terme getref. Oorheersing impliseer 'n situasie waar groep A aan groep B voorskryf wat om te doen, ongeag bepaalde regte wat groep B mag geniet. Onderdrukking impliseer weer 'n situasie waar groep A die regte van groep B misken. Verdrukking impliseer weer 'n situasie waar groep A die regte van groep B erken maar dit vir groep B bitter moeilik maak om sy regte uit te oefen. Diskriminasie is die selektiewe toekenning van regte en voorregte aan 'n bepaalde groep, ten koste van 'n ander groep.

Oorheersing, onderdrukking, verdrukking en diskriminasie hou onder andere verband met imperialisme, kolonialisme en interne kolonialisme, dit wil sê situasies waar groep B ondergeskik aan groep A is. Imperialisme en interne kolonialisme is variasies van kolonialisme. Kolonialisme verteenwoordig die uitdruklike anneksasie vir eie gewin van 'n bepaalde staat deur 'n ander staat. Indien daar noulettend na kolonialisme gekyk word, is dit gewoonlik die verowering van een nasie deur 'n ander nasie. Imperialisme

verteenwoordig 'n meer bedekte vorm van kolonialisme, terwyl interne kolonialisme niks anders is nie as die "verowering" van een nasie deur 'n ander nasie binne 'n bepaalde staat se erkende grense. Dit wil sê die verowering van die swakkere deur die sterkere. Die redes vir die magsongelykheid kan met verskillende faktore verband hou. Dit kan die gevolg wees van byvoorbeeld numeriese verskille, kundigheidsverskille, ekonomiese verskille en selfs ideologiese verskille (die een mag gewoon meer vreedsaam wees as die ander). Dit kan egter ook oorheersing, onderdrukking, verdrukking en diskriminasie wees deur enige bepaalde groep wat oor oormatige mag beskik soos byvoorbeeld 'n monargie en die Kommunistiese Party in die voormalige USSR.

Oorheersing, onderdrukking, verdrukking en diskriminasie kan saamval met vervolging, deportering, uitwissing en selfs gedwonge assimilasie. Ongeag die vorm wat dit aanneem, impliseer dit altyd 'n ernstige verlies aan die selfdeterminasie van 'n nasie en sodoende ook die selfdeterminasie van die individu. Die realisering van die individu se belange word daardeur geraak. So ook selfidentiteit en die identiteit van die nasie. Terselfdertyd verhoog dit die moontlikheid dat die individu en die nasie se verwagtinge van en idees oor die werklikheid sal verskil van die werklikheid waarin hulle hul bevind.

Reaksie teen kolonialisme, maar ook die vrees vir die moontlikheid om deur 'n ander onderwerp te word, is 'n belangrike faktor in die mobilisering van die nasie.

Talle voorbeelde kan in hierdie verband aangehaal word. Dit is 'n mobiliserende faktor byvoorbeeld onder: die Rooms-Katolieke in Noord-Ierland; die Bretonne, Alsasse, Baske en Korsikane wat deur die etniese Franse oorheers, selfs verdruk, onderdruk en vervolg is; die Baske, Galiërs en Katalane in Spanje; die onderskeie etniese groeperinge in Joego-Slawië wat in die Federasie deur die numeries groter Serwiërs oorheers is. In die voormalige USSR is die vlaag van nasionalisme deels die gevolg van die oorheersing deur die Kommunistiese Party. Die Russe het die Kommunistiese Party domineer, tog is die Russe van mening dat hulle meer as enige ander groep in die USSR deur die Kommunistiese Party oorheers is (kyk Shtromas 1986). Shtromas som die Russe se posisie soos volg op "...the Russian nation serves as the Soviet rulers' prime target for transformation into a 'model Soviet people' for all the other nations to emulate. Its traditional national-cultural identity is therefore most critically threatened" (Shtromas 1986:84).

Vreemde oorheersing en die gepaardgaande inbreuk wat dit op selfdeterminasie en die individu se realisering van belange maak, is 'n belangrike faktor by die mobilisering van die nasie. So het Koreaanse nasionalisme ten opsigte van Japanese oorheersing floreer. Indiese nasionalisme het weer teen Engelse oorheersing in opstand gekom; terwyl Sikh-separatisme 'n nasionale beweging teen Hindoe-oorheersing is.

Vir Scheff het dit te make met aliënasie en onregverdigheid, 'n trots/skande balans (in Calhoun (red) 1994:286-287: "... the pride/shame hypothesis seems to explain the otherwise inexplicable appeal that Hitler had to the German people; the promise of ending Germany's shame after the Treaty of Versailles and raising its pride ... faced with a choice between solidarity and alienation, people usually choose solidarity" (kyk Cooley 1922; Shibutani & Kwan 1965 en Scheff & Retzinger 1991).

4.3.5.4 *Miskenning van identiteite en gedwonge assimilasie*

Die miskenning van ander groepe se eiesoortige identiteite is 'n belangrike faktor in die vorming en mobilisering van die nasie en hou verband met die rol van oorheersing, onderdrukking, verdrukking en diskriminasie. Dit gaan gewoonlik gepaard met vreemde en/of wat beskou word as illegitieme oorheersing.

Miskenning van ander se eiesoortige identiteite kan verskillende vorme aanneem. Hoewel nie alle manifestasies van oorheersing, verdrukking, onderdrukking en diskriminasie noodwendig met die miskenning van identiteite gepaard gaan nie, bestaan daar tog 'n verband daartussen.

Miskenning van identiteit kan byvoorbeeld die vorm van 'n verbod op sekere kulturele bedrywighede beteken, degradering van die simbole van ander, die ontkenning van die bestaansreg van 'n eie taal. Kulturele bedrywighede kan byvoorbeeld 'n verbod op tradisionele wapens wees. Maar dit kan ook die ontkenning van 'n eie regspraak beteken. Dit kan ook impliseer dat die moedertaal nie toegang tot die politieke en ekonomiese stelsel bied nie.

Wanneer eiesoortige identiteite misken word, óf die spot mee gedryf word, impliseer dit die miskenning van die individu se selfidentiteit. Soos reeds uitgewys, word die groep (nasie) waarmee hy assosieer se identiteit verheilig juis omrede die individu die nasie se identiteit internaliseer. Sielkundiges erken dat identiteit onontbeerlik vir die funksionering van die individu is. Deur die miskenning van die individu se selfidentiteit, óf die verkleinering daarvan deurdat sy groep se identiteit misken of verkleineer word, word die individu se selfdeterminasie en sodoende die realisering van sy belange ernstig benadeel. Dit kan juis soos Scheff (in Calhoun (red) 1994) aandui, aanleiding gee tot die mobilisering van die nasie.

Eiesoortige identiteite en die probleme daaraan verbonde, lei dikwels daartoe dat diegene wat oor die mag beskik, andersoortiges doelbewus tot die dominante groep probeer assimileer (kyk Van den Berghe 1990:1-15)..

Assimilasie kan ook verskillende vorme aanneem soos byvoorbeeld kulturele assimilasie, een-taal-beleid, biologiese assimilasie. Biologiese assimilasie word steeds as 'n belangrike indikator van groepe se assimilasie beskou. Doelbewuste programme van assimilasie is selde suksesvol en is een van die belangrikste afvuurmeganismes van nasionalisme. Anti-Spaanse en Anti-Franse sentimente het werklik begin momentum kry in die jare van doelbewuste pogings tot verspaansing en verfransing onder generaals Franco en De Gaulle onderskeidelik. Dit was 'n belangrike faktor in Ierse nasionalisme, maar ook in die verbrokkeling van die voormalige USSR, waar nie-Russe die kommunistiese stelsel gesien het as 'n poging om nie-Russe te verrussies.

Ten spyte van 'n hoë mate van natuurlike assimilasie behou groepe te dikwels hul eie identiteite. Weer eens is die Jode en Romani goeie voorbeelde; maar so ook sommige Indiaanse stamme in die Amerika's (kyk Roosens 1989).

4.3.5.5 *Mededinging, oormatige eise en eksploitering*

Mededinging, oormatige eise en eksploitering, wat met mekaar verband hou, is faktore wat verbind kan word met die individu se suksesvolle realisering van sy belange. Mededinging impliseer dat die individu met ander moet meeding om die realisering van sy belange. In hierdie geval impliseer dit verder dat dit veral sy nasionale identiteit is wat met ander nasionale identiteite moet meeding. Anders gestel, dit is sy nasie wat met ander nasies moet meeding. Oormatige eise bedoel weer dat die eise wat aan 'n individu gestel word (en sodoende sy nasie) om binne 'n bepaalde politieke en/of ekonomiese stelsel sy belange te realiseer, oordrewe is. Eksploitering impliseer opofferings wat binne 'n bepaalde stelsel gemaak móét word.

Talle manifestasies van mededinging kom ter sprake. Eenvoudige voorbeelde is mededinging om werksgeleenthede, op die gebied van sport en ander prestasies, in die ekonomie. Dit is juis hier waar die sogenaamde tegnologiese en ekonomiese teorieë oor nasionalisme ernstig te kort skiet.

Oormatige eise is ook problematies omrede byvoorbeeld van 'n individu verwag kan word om 'n bepaalde taal of tale aan te leer ten einde ekonomies aktief te kan wees. Dit is veral problematies in Kanada waar in Quebec nasionalisme 'n belangrike rol speel. Oormatige eise en mededinging kan ter sprake kom by kwotas wat vir groepe neergelê word, wat ironies dikwels juis bedoel is om daardie groepe wat om die een of ander rede dit moeilik vind om met ander groepe te kan meeding, aan te help - vergelyk affirmatiewe programme. Dit kan 'n gevoel van eksploitering skep. In groot mate word die individu se selfdeterminasie negatief geraak deur oormatige eise, terwyl sy belangerealisering negatief geraak word deur mededinging.

Eksploitering kan persepsies van benadeling en nie noodwendig werklike eksplisiete benadeling betrek nie. Binne die Marxistiese skool word eksploitasie as die ekonomiese uitbuiting van 'n bepaalde groep of groepe deur die dominante groep beskou. Dit word as uitbuiting van die armer en laerklasse deur die ryker en hoërklasse (kyk Hechter) gesien. In hierdie verband word nasies vanuit 'n bepaalde klasseperspektief benader, maar selfs dit is 'n problematiese beskouing. Eksploitering kan ook die gevolg wees van oormatige eise wat deur die armerklasse aan die hoërklasse gemaak word.

In die voormalige USSR het die etniese Russe wat deur nie-Russe as die oorheersers beskou is, gevind dat hulle toenemend ekonomiese opofferings moes maak ter wille van die "gelykmaking" van die nie-Russe. "They are compelled to reduce their own consumption level in order to increase that of the non-Russions - a Soviet appeasement strategy... They [Russe] feel beleaguered, exploited, and abused, and increasingly resent the powers responsible for their deplorable existence" (Shtromas 1986:84).

Dieselfde situasie kan met die verbrokkeling van Joego-Slawië in verband gebring word. Veral Sloveniërs en Kroasiërs was van mening dat hulle te swaar aan die res van Joego-Slawië moes dra; dat hulle ekonomies beter daaraan toe sal wees indien hulle afskei en selfdeterminerend word.

Hiervolgens word die simbiotiese verhouding tussen verskillende groepe (nasies) binne 'n bepaalde staat verbreek en ag ten minste een van die nasies die verhouding dan as 'n parasitiese verhouding waarin ten minste een meer voordeel trek as die ander.

Uit voorgenoemde bespreking behoort dit te blyk dat die mobilisering van die nasie verband hou met faktore wat die identiteit, assosiasie, selfdeterminasie en belangerealisering van die nasie en individue verhinder en/of beperk.

## 4.4 SLOTOPMERKINGS

Die oogmerk met hierdie hoofstuk is om aan te dui dat die oorsprong en vorming van die nasie verband hou met die noodsaaklikheid van die individu se assosiasie met ander ten einde sy belange te kan realiseer, beskerm en bevorder. Die individu bly egter steeds 'n selfdeterminerende wese wat deur sy geboorte en opvoeding lidmaatskap van bepaalde groep/e erf en by daardie groep/e ingelyf word. Ten einde die noodsaaklikheid van assosiasie met sy selfdeterminerende aard te versoen, internaliseer hy die gewoontes en eise van 'n bepaalde groep. Daar is egter afsnypunte wat, in hierdie verband, die reikwydte van sy assosiasie genoem word. Reikwydte word bepaal deur die individu se belange, faktore wat internalisering bemoeilik of vergemaklik, maar ook dit wat hy bereid is om aan selfdeterminasie prys te gee ten einde sy belange te realiseer.

Die nasie moet daarom nie gesien word as 'n permanente en onveranderbare entiteit nie, hoewel daar min of meer 'n relatief permanente kern en infrastruktuur aanwesig is. Die nasie kan as't ware as 'n koalisie van selfdeterminerende individue, beskou word. Die nasie verkry egter 'n besonderse status by die individu, in sommige gevalle selfs 'n werklike of potensiële heilige status. Hierdie status moet egter gesien word teen die lig van die individu se selfidentiteit, sy internalisering van die nasie se identiteit, gewoontes en eise, en sy beskouing van die nasie as die middel waardeur sy belange realiseer kan word. Dit is belangrik om belange, selfdeterminasie en selfidentiteit as onlosmaaklik van mekaar te beskou.

Die nasie kan egter latent wees, maar wanneer die nasie mobiliseer word (nasionalisme) hou dit telkens verband met faktore wat die identiteit, selfdeterminasie en assosiasie, maar ook die realisering van die belange van die nasie (en daarmee saam die belange van die individu) verhinder, beperk, bedreig of bemoeilik.

Hierdie hindernisse hoef nie noodwendig altyd werklik te wees nie, dit kan persepsies wees; maar persepsies in hierdie verband kan die gevolg wees van verwagtinge wat nie met die persepsies van die werklikheid verband hou nie.

Net so, indien die individu se selfidentiteit, assosiasie, selfdeterminasie en belangerealisering in die konteks van die nasie verhinder, beperk, bedreig of bemoeilik word, sal dit nie maklik wees om die hele nasie te mobiliseer nie.

# HOOFSTUK 5

# DEMOKRASIE: SELFIDENTITEIT, ASSOSIASIE, SELFDETERMINASIE EN BELANGEREALISERING

## 5.1 ALGEMENE INLEIDING

Die politieke gemeenskap is 'n vorm van assosiasie van individue. Teorieë oor die oorsprong en doel van politieke gesag in die politieke gemeenskap (óf in die staat) skenk óf direk óf indirek aandag aan die belange van die individu in 'n samelewingskonteks. Green (1988:4) haal vir Robert Michels aan wat beweer dat "Authority exists and will continue to exist as it has always existed in one form or another, because it has its basis in traits deeply rooted in the human mind and because it answers the practical needs of society".

Teorieë oor die doel van die politieke gemeenskap het ook te make met die belange van die individu. Vergelyk byvoorbeeld in hierdie verband die Grieke se opvattings oor die goeie lewe as doel van die polis.

Die problematiek wat voortspruit uit die onvermydelike aard van die politieke gemeenskap en politieke gesag het grootliks te make met vrae rondom die organisasie van so 'n politieke gemeenskap. Wie behoort die owerheid uit te maak? Wat behoort die magte van hierdie owerheid te wees? Wat behoort die verhouding tussen hierdie owerheid en die onderskeie lede van die politieke gemeenskap te wees? Hoe kan en behoort die verskillende belange geakkommodeer te word? Watter status het die individu se belange teenoor ander individue se belange? Watter verband het individue se belange met die kollektiewe belange van die politieke gemeenskap? Hierdie vrae is sedert die vroegste tye die onderwerp van politieke filosofie.

Dit is egter nie die doel met hierdie hoofstuk om genoemde vrae te probeer beantwoord nie. Wat hier ter sake is, is dat die demokrasie reeds sedert antieke tye één wyse is waarop politieke gemeenskappe georganiseer word ten einde aspekte van hierdie problematiek te probeer oorbrug. Hedendaags is demokrasie die enigste aanvaarbare owerheidsvorm in hierdie verband.

In hoofstuk 2 is daarop gewys dat demokrasie ten doel het om die individu in 'n bepaalde politieke gemeenskap se deelname aan, inspraak in en kontrole oor gesaghebbende besluite te optimaliseer.

Een van die debatte rondom demokrasie is juis die verband tussen die individu en die groep in die demokrasie. Die vertrekpunt in hierdie ondersoek is dat die demokrasie gefundeer is op die beginsel dat die individu die reg het op inspraak in besluite wat óf direk, óf indirek sy belange raak. Ross (1952:103) stel dit duidelik: "... he [individu] ... feels himself free in the awareness that he himself has participated in making the resolutions which regulate his life, and that he is therefore the master of his own fate". Demokrasie gee daarom erkenning aan die individu as selfdeterminerende wese. Die demokrasie as ideaal maak dit vir die individu moontlik om in groter mate selfdeterminerend te kan wees omrede hy veronderstel is om inspraak te hê in besluite wat gesaghebbend en kollektief is. Die individu bevind hom egter steeds binne groepverband. Dit is nie altyd vir die individu moontlik om as enkeling sonder die tussenkoms van ander individue binne 'n politieke gemeenskap, met 'n demokratiese owerheidsvorm, politieke besluite te neem wat in sy belang is nie. Ten einde politieke besluite te kan neem, óf te kan beïnvloed is hy van ander afhanklik.

Dit is juis die oogmerk met hierdie hoofstuk om eerstens te kyk na die verband tussen enersyds die individu se selfidentiteit, selfdeterminasie en ander belange en andersyds sy assosiasie met ander individue binne demokratiese verband. Tweedens word gekyk na die mate waarin die individu se demokratiese regte dit vir hom moontlik maak om sy selfidentiteit, selfdeterminasie en ander belange te realiseer. Om hierin te kan slaag is dit belangrik om te kyk na eerstens die verhouding tussen die individu en die politieke gemeenskap as 'n groep; tweedens na hoe die individu assosieer ten einde inspraak in besluite te kry en hoe die individu se selfidentiteit, selfdeterminasie en belange sy assosiasie in hierdie verband beïnvloed; en derdens hoe die sogenaamde tegnieke van demokrasie sy selfdeterminasie, selfidentiteit en belangerealisering raak.

## 5.2 DEMOKRASIE: DIE INDIVIDU VERSUS DIE POLITIEKE GEMEENSKAP

Daar is reeds gesuggereer dat owerheidsvorme verband hou met die organisasie van die mens in samelewingsverband. Indien dit werklik vir die mens as selfdeterminerende individu moontlik was om in afsondering van ander te leef sou elke individu slegs homself as gesag gehad het. In hoofstukke 3 en 4 is egter aangetoon dat die mens van ander afhanklik is vir die realisering van sy belange, maar dat hy steeds 'n selfdeterminerende wese bly. Die demokrasie is een wyse waardeur gepoog word om die selfdeterminerende aard van die mens met die eise van die politieke gemeenskap te versoen[501]. Anthony Flew (1989:9) verwys na die selfdeterminerende aard van die mens as "vryheid van die wil" (freedom of the will) wat hy soos volg definieer" "... when ... we could do or could have done other than we do do or did do". Hy is ook van mening dat "It must be very difficult, if not practically impossible, to become or to remain committed to the extension of political

liberties and to the defence of political freedom so long as you refuse to recognize that the freedom of the will is indeed 'rooted in the very quality of being human'".

Die term individualisme word ook in demokratiese teorieë gebruik om na die selfdeterminerende aard van die mens binne die politieke gemeenskap te verwys. Volgens Alexis de Tocqueville is dit individualisme wat die motivering agter die demokratiese mens is. Pierre Manent (1982:195) haal De Tocqueville soos volg aan: "'Individualism is a thoughtful and peaceable emotion which inclines every citizen to isolate himself from the mass of his peers and to withdraw with his family and friends into the background; with the result that having thus created a little society of his own, he willingly abandons the big society to its own devices'". Individualisme moet egter nie met egoïsme verwar word nie. Egoïsme verwys na die oordrewe liefde vir die self. Die drang na selfdeterminasie moet nie interpreteer word dat die individu selfsugtig is nie. Die individu mag juis mededeelsaam wees omrede hy dit in sy belang ag[502].

Individualisme hou direk verband met demokrasie as owerheidsvorm: "...he [individu] does not want to be influenced by anyone else nor does he himself claim to influence anyone (Manent 1982:195)". Bobbio (1987:133) stel dit weer soos volg, "... the fundamental principle of democracy, that the source of power is individuals *uti singuli...*"

Hierdie stelling deur Manent en Bobbio spel 'n belangrike faset van die demokrasie, soos dit in hierdie ondersoek beskou word, uit. Die vraag is egter of hierdie mate van individualisme wel in die praktyk in die politieke gemeenskap moontlik is? Die politieke gemeenskap impliseer immers dat die individu sy besluite relatief tot ander individue neem, dat gesaghebbende besluite geneem word wat veronderstel is om nie net in die individu se belang te wees nie, maar ook in belang van die ander individue en die politieke gemeenskap as 'n entiteit. Hattersley (1930:2) stel dit soos volg, "... every member of the state has his own life to lead and his own contribution to make towards the general well-being of the whole".

Twee verskillende dog verbandhoudende probleme kom hier ter sprake. Ten eerste die verband tussen die individu en die politieke gemeenskap. Anders gestel wat kom eerste, die individu, of die politieke gemeenskap? In hoofstuk 3 is reeds na hierdie probleem verwys. Ten tweede kom die verhouding tussen die individu en die politieke gemeenskap ter sprake. Meer spesifiek, hoe, waaroor, deur wie, en vir wie word gesaghebbende besluite, wat kollektief bindend is, in die politieke gemeenskap geneem?

Hierdie is twee belangrike vraagstukke in die politieke filosofie in die algemeen. Dit verteenwoordig twee probleme in teorieë oor die liberalisme wat veral tot uiting kom in die debat rondom individuele regte teenoor groepsregte. Vernon van Dyke (1982) stel dit

duidelik dat die ideologie van liberaal-demokrasie op die individu fokus. Volgens hom is een van die tekortkominge van hierdie ideologie juis dat kollektiewe entiteite verwaarloos word. In die konteks van hierdie hoofstuk verwys kollektiewe entiteite hoofsaaklik na die politieke gemeenskap. Van Dyke kyk meer spesifiek daarna in die konteks van ethnie en nasie as 'n bepaalde manifestasie van die politieke gemeenskap.

Verder verteenwoordig hierdie vraagstukke ook twee breë strominge in demokratiese teorie naamlik die liberale demokrasie en die sosialistiese demokrasie. Tog is C.B. Macpherson (1981:37) van mening dat hoewel hul strategieë verskil, het laasgenoemde twee strominge ten doel "... to provide the conditions for the full and free development of the essential human capacities of all the members of the society".

Dit is nie moontlik om binne die bestek van hierdie ondersoek volledig op hierdie vraagstukke in te gaan nie, nog minder om 'n oplossing daarvoor te bied. Wat hier van belang is, is dat in enige politieke gemeenskap, besluite geneem word wat beide gesaghebbend en kollektief van aard is. Besluite is gevolglik gesaghebbend omrede dit bindend en afdwingbaar is, dit is kollektief omrede dit op almal binne daardie politieke gemeenskap van toepassing is. In politieke gemeenskappe met demokratiese owerheidsvorme, plaas hierdie besluite egter beperkinge op die individu se individualisme en selfdeterminasie, tensy dit sy voorstelle is wat aangeneem word, óf indien dit ooreenstem met die besluite wat hy vir homself sou geneem het, óf as dit vir hom moontlik sou wees om hierdie besluite as sy eie te internaliseer.

Die ideologie van demokrasie is juis gefundeer op die veronderstelling dat die gesaghebbende en kollektiewe besluite met die wil van die individu en in 'n bepaalde politieke gemeenskap ooreen behoort te stem. Die vraag is egter of dit in die praktyk moontlik is? Dit sou onder twee omstandighede moontlik wees. Eerstens indien die menings en besluite van al die individue in die politieke gemeenskap dieselfde is. Tweedens indien die individu die besluite van die politieke gemeenskap internaliseer, met ander woorde bereid is om dit sy eie te maak.

Die moontlikheid dat al die individue oor dieselfde of versoenbare menings en besluite sal beskik, sal afhang van die aard van die betrokke politieke gemeenskap. Politieke gemeenskappe wat relatief homogeen is ten opsigte van taal, kultuur, geskiedenis, godsdiens, ideologie, etnisiteit en klas, het 'n groter moontlikheid dat die besluite en menings onder die individue in dié gemeenskap dieselfde óf ten minste versoenbaar sal wees. Homogeniteit binne die betrokke politieke gemeenskap verhoog, soos in hoofstuk 4 aangedui, juis die mate waarin 'n individu die besluite en menings van dié gemeenskap sal kan internaliseer[503].

In 'n heterogene politieke gemeenskap is die moontlikheid dat al die individue se menings oor alle sake versoenbaar sal wees egter minder. Die bestaan en ontstaan van belangegroepe en politieke partye kan aanduidend wees van kompeterende en selfs konflikterende menings. Robert Harmel (1985) het byvoorbeeld in 'n ondersoek na die redes vir die ontstaan van nuwe politieke partye in 19 Europese en Anglo-Amerikaanse state bevind dat nuwe partye verband hou met die sosio-kulturele omstandighede binne die politieke gemeenskap. "... large populations, sectionalism, heterogeneity, and pluralism ... correspond to relatively larger numbers of new parties ..." (Harmel 1985:513, kyk ook Sartori 1976).

Die posisie van die individu binne die politieke gemeenskap word egter gekompliseer deur die onwaarskynlikheid dat die menings en besluite van al die individue in dié gemeenskap volkome met mekaar sal ooreenstem, óf dat die individue ten volle die menings en besluite van die politieke gemeenskap sal internaliseer.

Die voorkoms van botsende menings binne 'n sogenaamde demokratiese owerheidsvorm is so algemeen dat dit selfs deur sommige skrywers as 'n inherente kenmerk van 'n demokrasie beskou word. Die aanvaarding van die bestaan van ander menings word deur sommige skrywers beskou as 'n definiërende kenmerk van demokrasie. Lipset (in Cnudde & Neubauer (red) 1969:171) stel dit byvoorbeeld "... the existence of a moderate state of conflict is an inherent aspect of a legitimate democratic system, and is in fact another way of defining it..." Dit is egter debatteerbaar of konflik 'n kenmerk en selfs 'n <u>definiërende</u> kenmerk van die demokrasie is.

Dat dit in die praktyk die geval is dat konflikterende menings in demokrasieë bestaan en dat daar moontlik 'n verband is tussen die aanvaarding van konflikterende menings en die stabiliteit van die demokrasie, word nie bevraagteken nie. Maar dit is nie dieselfde as om te beweer dat die bestaan en aanvaarding van 'n sekere mate van konflik 'n definiërende kenmerk van 'n demokrasie is nie. Wat geldig is, is dat Lipset bevind het dat in 'n politieke gemeenskap met 'n demokratiese owerheidsvorm konflikterende menings dikwels bestaan.

Alle politieke gemeenskappe ontwikkel meganismes waarvolgens bepaal word watter besluite en menings, gesaghebbende en kollektiewe besluite sal wees. 'n Demokratiese owerheidsvorm is juis veronderstel om die individu soveel inspraak as moontlik hierin te gee. Maar dit is nie altyd realiseerbaar nie. Wat gebeur byvoorbeeld as daar verskille is in die menings en oor die besluite wat geneem moet word. Lindsay (1967:15) noem dat:

> Perfect democracy becomes an ideal where men are guided solely by the inner voice and yet come to identical conclusions, where government has become consent and coercion has disappeared. But in this present evil world it is recognized to be an impossibility. Government has to be carried on whether people agree or not.

Dit is nie vir die individu moontlik om in 'n politieke gemeenskap met 'n demokratiese owerheidsvorm alleen gesaghebbende en kollektiewe besluite te neem nie. Die bestaan van verskillende menings en die teenwoordigheid van ander individue maak dit noodsaaklik vir die individu om met ander individue wat oor soortgelyke menings beskik, saam te werk. Indien 'n individu gesaghebbende besluite, wat met sy eie menings en belange ooreenstem, nastreef, is hy van ander in die betrokke politieke gemeenskap afhanklik vir die neem van daardie besluite.

Die individu kan daarom alleen in samewerking met ander daarin slaag om te verseker dat die besluite wat geneem word, ooreenstem met die besluite wat hy self sou geneem het. Pierre Manent (1982:195) stel dit so:

> THE MAN WHO LIVES IN A DEMOCRATIC SOCIETY, WHO MEETS [sic] and wishes to meet only his fellows and peers, does not allow himself to be influenced by others. He searches for his opinions within himself, but he finds them, or at least recognizes them, only if they are shared by his peers, if they are widely believed and are supported by the whole weight of society.

Manent toon ook in hierdie stelling die wedersydse invloed tussen die individu en die politieke gemeenskap aan.

Verder is dit vir die individu prakties onmoontlik om by gesaghebbende en kollektiewe besluite, altyd direk en persoonlik na sy eie belange om te sien. Dit is rondom hierdie praktiese problematiek dat demokratiese meganismes soos byvoorbeeld verteenwoordiging en die referendum gefundeer is. Dit is ook een van die redes vir die bestaan van belangegroepe en politieke partye.

Dit is daarom nie vir die individu moontlik om in 'n politieke gemeenskap met 'n demokratiese owerheidsvorm sy reg tot selfdeterminasie en individualisme in isolasie van ander uit te oefen nie. Daarom is die individu genoodsaak om met ander individue te assosieer en saam te werk in 'n poging om selfdeterminerend binne die politieke gemeenskap te wees. Hierdie assosiasies is dikwels formeel van aard soos in die geval van assosiatiewe belangegroepe en politieke partye[504].

## 5.3 DEMOKRASIE: DIE INDIVIDU, SY BELANGE EN SY ASSOSIASIE MET ANDER INDIVIDUE

Die fokus in hierdie afdeling is die wyse waarop 'n individu in 'n politieke gemeenskap met 'n demokratiese owerheidsvorm met ander individue polities sal assosieer in 'n poging om na sy belange om te sien en om inspraak in kollektiewe en gesaghebbende besluite uit te oefen. In die politieke wetenskap word dikwels hierna as politieke identifikasie verwys.

Anders gestel met wie assosieer en identifiseer die individu in die uitoefening van sy demokratiese regte? Breedweg gesien, kan dit hier as politieke deelname beskou word.

Politieke deelname behels beide konvensionele en onkonvensionele politieke gedrag (kyk Verba & Nie 1972; Muller 1982). Konvensionele politieke gedrag, wat hier ter sake is, behels onder meer, stigting van belangegroepe en politieke partye, party-identifikasie en stemgedrag. Onkonvensionele politieke gedrag behels weer boikotte, betogings, siviele ongehoorsaamheid en selfs geweld (insluitende burgeroorlog en separatistiese bewegings).

In hierdie afdeling word hoofsaaklik gekyk na belangegroepe, politieke partye en stemgedrag. Beide belangegroepe en politieke partye word beskou as assosiasies van individue wat spesifieke belange doelbewus probeer beskerm en bevorder. Die onderskeid tussen 'n belangegroep en 'n politieke party is daarin geleë dat belangegroepe nie noodwendig formeel georganiseer is nie, terwyl politieke partye altyd oor formele organisatoriese strukture beskik; politieke partye normaalweg relatief permanent is, terwyl dit nie noodwendig die geval met belangegroepe is nie; en politieke partye na mag streef in hul pogings om hul belange te beskerm en te bevorder. Daarenteen oefen belangegroepe invloed uit in hul pogings om hul belange te beskerm en te bevorder. Stemgedrag het weer hoofsaaklik te make met die belange en vraagstukke wat deur individue op bepaalde tye ondersteun word.

Hiermee word egter nie beweer dat belangegroepe en politieke partye nie in politieke gemeenskappe wat nie oor 'n demokratiese owerheidsvorm beskik, voorkom nie. Wat hier van belang is, is dat belangegroepe, politieke partye en stemgedrag aanduidend kan wees van die beweegredes waarom individue met ander individue in 'n politieke gemeenskap met 'n demokratiese owerheidsvorm assosieer.

Talle studies is al in hierdie verband gemaak. Verskeie studies bestudeer die verband tussen taal, godsdiens, kultuur en klas in 'n persoon se politieke identifikasie. In hoofsaak hou hierdie faktore verband met 'n persoon se selfidentiteit en sy ander belange en sy strewe na selfdeterminering.

Voorbeelde van studies wat in hierdie verband gedoen is, is die volgende[505]:

* Peter Mair & Ian McAllister (1982) het gekyk na die rol van klas teenoor gebied in die steun van arbeiderspartye en bevind dat klas en gebied nie noodwendig onversoenbaar met mekaar is nie.

* Jay G. Blumler & Anthony D. Fox (1980:384) het 'n ondersoek gedoen na stemgedrag tydens die eerste direkte verkiesings vir die Europese Parlement in

Junie 1979 en som hul bevindings soos volg op: "... some people went to the polls through force of voting habit and duty, others were driven by partisan loyalties, still others voted to demonstrate their Europeanism, some assumed the roles of politically more aware citizens defined by sex, age or status, and some were apparently enticed into the voting booths by communication influences per se".

* Aderemi Olutola (1981:82) het in 'n ondersoek na die verband tussen onderwys en stemgedrag in Nigerië die volgende bevind: "... it is amazing that electorates from the educationally advanced states seemed to vote *en bloc* for the 'party-of-the-soil' candidates more than voters from the educationally backward states ... more educated people would vote along cultural lines..."

* Jack Brand (1986) het in 'n ontleding van stemgedrag in die Skotse referendum van 1979 oor devolusie, bevind: "Evidence suggests that nationalist sentiment was not a critical force governing the results of the 1979 Scottish referendum. The desire for some sort of self-government was secondary to economic issues. Party identification, however, was an enormously important consideration for most voters ..." (1986:42).

Bogenoemde is slegs enkele voorbeelde van talle ondersoeke wat in hierdie verband gedoen is. Daar kan ook gekyk word na die tipes politieke partye wat in verskillende politieke gemeenskappe aangetref word. Die politieke gemeenskappe waarna in hierdie verband verwys word, is state soos in die internasionale gemeenskap van state erken word. Indien daar in hoofsaak gekyk word na die algemeenste belange wat verteenwoordig word en na die bron van steun, word gevind dat, soos Harmel (1985) en Sartori (1976) reeds aangedui het, daar 'n verband is tussen die sosio-kulturele omstandighede binne 'n politieke gemeenskap en die ontstaan van politieke partye. Politieke partye is egter nie noodwendig 'n akkurate weerspieëling van belange wat verteenwoordig word nie. Verskeie faktore geld in hierdie verband. Die tipe verkiesingstelsel kan die vorming van nuwe politieke partye ontmoedig. Verskillende politieke partye kan verskillende interpretasies van dieselfde belang verteenwoordig. Een bepaalde politieke party kan weer 'n verskeidenheid belange verteenwoordig, of selfs as kanale dien vir die artikulering van belange wat nie formeel deur die betrokke party verteenwoordig word nie.

In hierdie ondersoek is onder andere bevind dat van die algemeenste belange wat voorkom die volgende is: ekonomiese belange (insluitend sosialistiese en kapitalistiese beskouings daarvan), godsdienstige belange, belange wat met etnisiteit (byvoorbeeld taal en kultuur) verband hou, nasionale selfdeterminasie en verhoudings met ander state, en belange wat verband hou met omgewings- en maatskaplike aangeleenthede. Dit moet genoem word dat hierdie net breë algemene kategorieë is aangesien die belange wat in werklikheid aangetref

word divers is. Dit word bevestig deur Lipset & Rokkan (1967); Taylor & Johnston (1979) en Lane & Ersson (1994).

Dit is nie die oogmerk met hierdie afdeling, om die talle studies wat in hierdie verband gedoen is, volledig te bespreek nie. Nog minder is dit moontlik om 'n volledige bespreking in hierdie ondersoek daarvan te maak. Hierdie enkele arbitrêre voorbeelde word slegs genoem om aan te dui dat belange en persepsies van hoe dit gerealiseer moet word, baie kompleks is.

Verskeie afleidings kan hieruit gemaak word. Ten eerste is die diversiteit van belange 'n aanduiding dat daar binne 'n politieke gemeenskap nie eenstemmigheid bestaan oor belange ēn daarom ook nie oor besluite daaroor nie. Ten tweede beskik elke belang oor min of meer 'n tradisionele kern ondersteuningsgroep, maar werklike ondersteuning onder "buitestaanders" mag wissel. Daarom is daar dikwels tussen verkiesings 'n swaai in stemgedrag (kieservolatiliteit)[506]. Ten derde wil dit voorkom asof breë ondersteuning dikwels met etnisiteit, of ten minste met elemente daarvan soos kultuur, taal en godsdiens verband hou. Ten vierde is politieke partye se sakelyste en prioriteite aan verandering onderhewig. Ten vyfde neem die eise wat aan owerhede gestel word, steeds toe[507].

Dit is nie geregverdig om uit bogenoemde af te lei dat steun 'n vaste patroon volg nie. Juis om hierdie rede verander politieke partye van tyd tot tyd hul sakelyste en prioriteite. Uit individue se stemgedrag en die redes vir die ontstaan van belangegroepe en politieke partye blyk dit dat 'n individu se politieke assosiasie beïnvloed kan word deur onder andere sy selfidentiteit (byvoorbeeld soos uitgedruk in terme van godsdiens, kultuur en etnisiteit), sy ander belange, en sy selfdeterminasie binne die betrokke politieke gemeenskap. Veranderings in selfidentiteit en selfs groepsidentiteit, asook veranderings in die ander belange (insluitend selfdeterminasie) vind neerslag in veranderings in politieke assosiasie en stempatrone.

In hoofstuk 3 is uitgewys dat selfidentiteit meerfasettig of multidimensioneel is en dat individue oor 'n hiërargie van belange beskik. Bepaalde dimensies van 'n persoon se identiteit mag op bepaalde stadia belangriker wees as op ander stadia, afhangende van 'n persoon se persepsie van sy omstandighede. Byvoorbeeld 'n persoon wat aan gedwonge taalassimilasie blootgestel word, sal meer bewus wees van taal as deel van sy selfidentiteit as iemand wat nie met ander tale in aanraking kom nie. Dieselfde geld ook ten opsigte van 'n persoon se hiërargie van belange. In sommige gevalle sal selfidentiteit en selfdeterminasie die hoogste prioriteit geniet, maar in ander gevalle sal blote materiële belange soos byvoorbeeld gesondheidsdienste en belasting eerder deurslaggewend wees.

Die aard van die belange word weerspieël deur die sakelyste en prioriteite van

belangegroepe en politieke partye. Terselfdertyd is die blote bestaan van belangegroepe en politieke partye aanduidend daarvan dat die individu nie sy "demokratiese regte", meer spesifiek sy individualisme en selfdeterminasie, in isolasie van ander individue kan uitoefen nie. Daarom moet hy noodgedwonge assosieer. Die individu sal assosieer met diegene met wie hy identifiseer, of met diegene wat dieselfde of versoenbare belange deel en min of meer oor die realisering van daardie belange saamstem.

By nadere ondersoek na die belange in 'n demokrasie, blyk dit dat wanneer die realisering van bepaalde belange gesaghebbende en kollektiewe besluite vereis, die taak van die owerheid tweeledig is. Eerstens is die owerheid verantwoordelik vir die verskaffing van goedere en dienste wat noodsaaklik is vir die individu se realisering van daardie belange wat nie deur die individu self gerealiseer kan word nie. Tweedens is daar die beskerming van belange soos byvoorbeeld die beskerming van die individu se veiligheid.

Belangegroepe en politieke partye is egter ook instrumente in die hande van die elite wat dikwels gebruik word om hul eiesoortige belange (as die elite) te beskerm of te laat realiseer. Weer eens die elite-massa-simbiose.

Om op te som, ten spyte van die talle studies wat oor politieke identiteit en stemgedrag gemaak is, en die rol wat politieke sosialisering in hierdie verband speel, is die mening in hierdie ondersoek dat bevindings wat uit al hierdie studies gemaak is, slegs breë aanduidings van politieke deelname, identiteit en stemgedrag gee. Hoofsaaklik sal politieke sosialisering binne die groepe waarvan die individu lidmaatskap erf of groepe waarin hy hom mag bevind, die opstelling van 'n individu se hiërargie van sy selfidentiteit en belange beïnvloed. Die werklike faset van die individu se selfidentiteit en die werklike belange wat vir hom op 'n bepaalde tydstip deurslaggewend is, sal deur sy omstandighede bepaal word. Die individu se persepsie van sy selfidentiteit en sy belange en hoe dit beskerm en realiseer moet word, sal grootliks bepaal met wie hy assosieer ten einde in die politieke gemeenskap selfdeterminerend te wees, maar hierdie assosiasie is nie noodwendig permanent en enkelvoudig nie.

## 5.4 DEMOKRASIE EN DIE SELFDETERMINASIE VAN DIE INDIVIDU

### 5.4.1 Inleiding

Die fokus in hierdie afdeling is die mate waarin die verskillende demokratiese tegnieke wat gemik is op die individu se deelname in besluitneming daarin slaag om die individu selfdeterminerend te laat wees. In hierdie verband word selfdeterminasie gemeet aan die mate waarin die individu inspraak het in die gesaghebbende en kollektiewe besluite wat in die betrokke politieke gemeenskap geneem word; en die mate waarin die besluite

ooreenstem met die besluite wat die individu vir homself as individu sou geneem het, indien dit moontlik was. Die onderliggende problematiek verbonde aan demokratiese tegnieke word deur Sartori (1962:14) so gestel:

> Between a face-to-face democracy and a large-scale democratic system, there is a yawning gap. Mankind had to suffer for more than two thousand years in order to build a bridge between the two sides. And in passing from the small democratic communities where all the people take part, to the democracy of the large numbers who cannot take part, that is, to the present nationwide democratic systems, many of the requisite conditions for an authentically democratic society are bound to disappear on the way.

Die konteks waarna daar na selfdeterminasie gekyk word, is 'n hipotetiese politieke gemeenskap met 'n demokratiese owerheidsvorm. Verder word geen formele beperkinge op die individu se politieke deelname geplaas nie. Daar is byvoorbeeld geen beperkinge op vryheid van spraak, persvryheid en vryheid van organisasie of die stigting van nuwe politieke partye nie. Verder bestaan daar geen diskriminerende maatreëls soos byvoorbeeld die uitsluiting van bepaalde individue uit politieke deelname nie. In hoofsaak word na direkte, indirekte en diverse tegnieke van demokrasie gekyk.

Tegnieke van demokrasie verwys, soos reeds bespreek, na meganismes wat dit vir die individu in 'n bepaalde politieke gemeenskap moontlik maak om deel te neem aan, of om inspraak te kry in, gesaghebbende en kollektiewe besluite vir daardie politieke gemeenskap. Hierdie tegnieke kan in konvensionele en onkonvensionele tegnieke ingedeel word (kyk Muller 1982). Konvensionele tegnieke behels die meer formele tegnieke wat gewoonlik met 'n demokratiese owerheidsvorm assosieer word en waarvoor daar gewoonlik formeel voorsiening voor gemaak word in byvoorbeeld wetgewing. Onkonvensionele tegnieke maak wel inspraak in besluite moontlik, maar dit is geneig om meer informeel te wees soos byvoorbeeld petisies en samesprekings. In hierdie afdeling word hoofsaaklik na die konvensionele tegnieke van die demokrasie en in 'n mindere mate na die onkonvensionele tegnieke gekyk.

Die belangrikste van die konvensionele tegnieke het te make met direkte en indirekte deelname aan besluitneming. Politieke deelname word hier beskou as enige poging om direk of indirek deel te neem aan politieke besluitneming of enige poging om sodanige besluite te beïnvloed (kyk Ståhlberg & Helander in Anckar en Berndtson (red) 1984:47-57; Milbrath 1965:5-38). Direkte besluitneming verwys na besluite wat deur individue self geneem word. Daarenteen verwys indirekte besluitneming na besluite wat deur ander namens die individu geneem word. Die individu se demokratiese bevoegdhede in laasgenoemde verband is dat hy die persone wat namens hom kan optree, kan aanwys (of ten minste veronderstel is om teoreties oor hierdie reg te beskik).

Onder beide direkte en indirekte besluitneming kom konvensionele, maar ook onkonvensionele tegnieke ter sprake. Ten einde egter 'n individu se werklike deelname aan besluitneming te kan bespreek, moet daar na die beginsels van besluitneming gekyk word.

### 5.4.2 Beginsels van besluitneming

Met beginsels van besluitneming word bedoel daardie beginsels en reëls wat bepaal wanneer 'n besluit 'n geldige besluit is en wanneer nie. Bobbio (1987:24-27) stel dit duidelik dat selfs in 'n groep besluite deur individue geneem word. Om besluite te aanvaar as kollektiewe besluite, is dit noodsaaklik dat sodanige besluite geneem word ooreenkomstig bepaalde reëls, wat neerlê, wie besluite mag neem en welke prosedures by besluitneming geld. Dit het daarom te make met die kwantifiseerbare kriteria wat vir besluite geld, wie besluite mag neem en hoe besluite geneem moet word (kyk Nurmi 1987).

Die *kwantifiseerbare kriteria* vloei voort uit die realiteit dat eenstemmigheid in die praktyk selde haalbaar is. Ten einde 'n besluit te kan neem wat afdwingbaar is, word prosedures neergelê waarin onder andere van kwantifiseerbare kriteria gebruik gemaak word. Kwantifiseerbare kriteria het gewoonlik te make met stemprosedures. Die algemeenste kriteria in hierdie verband is: gewone meerderheid, vergrote meerderheid, konsensus en veto. Kwantifiseerbare kriteria kan van toepassing wees op *wie* besluite mag neem en op *hoe* besluite geneem word.

*Wie* die besluite neem, verwys na direkte en indirekte besluitneming. Direkte besluitneming verwys na besluite wat deur individue self geneem word. Daarenteen verwys indirekte besluitneming na besluite wat deur ander namens die individu geneem word. Die individu se demokratiese bevoegdhede in laasgenoemde verband is dat hy die persone wat namens hom kan optree, kan aanwys (óf ten minste veronderstel is om teoreties oor hierdie reg te beskik).

Voorbeelde van direkte besluitneming, dit wil sê waar die individu self deelneem aan besluite is: besluitineming in the Atheense *ekklesia*[508]; die *Jamahiriya* in Libië[509]; volksvergaderings en referenda in Switserland en die plebissiet in verskeie state.

In 'n politieke gemeenskap met 'n demokratiese owerheidsvorm word die meeste besluite egter deur middel van indirekte besluitneming geneem, dit wil sê deur middel van die tussenkoms van 'n ander persoon. Gewoonlik is hierdie besluitnemer 'n verteenwoordiger wat namens die individu optree.

Kombinasies van direkte en indirekte besluitneming kom ook voor. Voorbeelde in hierdie verband is die populêre inisiatief en herroeping (*recall*).

*Hoe* besluite geneem word, verwys weer na die prosedures wat gevolg moet word ten einde 'n geldige besluit te neem. Prosedures is nie direk van toepassing op hierdie ondersoek nie, maar kom indirek ter sprake by byvoorbeeld vereistes wat neerlê dat 'n bepaalde besluit deur middel van 'n referendum geratifiseer moet word.

### 5.4.3 Kwantifiseerbare kriteria

Kwantifiseerbare kriteria word onder andere gebruik by besluitneming oor beleid, maar ook by besluitneming tydens die aanwysing van besluitnemers, soos byvoorbeeld politieke leiers en verteenwoordigers. Verder kom dit ter sprake by beide direkte en indirekte besluitneming. Daarom kry kwantifiseerbare kriteria aandag alvorens daar gekyk word na die ander aspekte van besluitneming.

#### 5.4.3.1 *Gewone meerderheid*

'n *Gewone meerderheid* is 'n kriterium waarvolgens bepaal word dat 'n besluit geldig is indien die meerderheid van diegene wat 'n besluit neem oor byvoorbeeld 'n voorstel of 'n bepaalde kandidaat, ten gunste daarvan is. Variasies van die gewone meerderheid kom ook voor, naamlik die relatiewe meerderheid en die absolute meerderheid.

'n *Relatiewe meerderheid* impliseer dat indien 'n keuse uit meer as twee moontlike opsies gemaak word, die opsie wat die meeste stemme verkry het, as 'n besluit geldig is. Dit kan daartoe aanleiding gee dat hoewel 'n opsie B die meeste stemme verkry het, dit nietemin nog 'n minderheidsteun relatief tot die stemme vir opsies A en C gesamentlik, kan geniet.

'n *Absolute meerderheid* vereis daarenteen dat opsie B ten minste 50% + 1 van die aantal stemme van diegene wat oor 'n voorstel besluit, moet verkry. Hierdeur word die probleme verbonde aan 'n relatiewe minderheid, uitgeskakel.

Verdere kriteria wat in hierdie verband gebruik kan word, is vereistes ten opsigte van die aantal persone wat oor 'n bepaalde voorstel moet besluit. So 'n vereiste kan neerlê dat alle lede wat oor 'n bepaalde voorstel kan besluit by die berekening van byvoorbeeld 'n absolute meerderheid in berekening gebring moet word. Alternatiewelik kan relatiewe en absolute meerderhede bloot bepaal word na gelang van die aantal persone wat belangstel om daaroor te besluit; byvoorbeeld bloot met verwysing na diegene wat teenwoordig is en kiesers wat wel in 'n referendum stem. Vereistes mag ook gestel word ten opsigte van die minimum aantal persone wat 'n geldige besluit mag neem - dit wil sê 'n kworum.

Die oogmerk met 'n gewone meerderheid is om selfdeterminasie vir die individu moontlik te maak. Die redenasie is, hoe minder bepalings oor die meerderheid neergelê word, hoe

groter is die kanse dat individuele selfdeterminasie moontlik sal wees, omrede besluite makliker geneem kan word (kyk Dahl 1989).

'n Gewone meerderheid (selfs in die geval van 'n absolute meerderheid) kan daartoe aanleiding gee dat 50% - 1 van diegene wat oor 'n voorstel besluit het, nie met daardie besluit, wat nou 'n geldige gesaghebbende en kollektiewe besluit is, saamgaan nie. Erger nog, soos in die geval van 'n relatiewe meerderheid, kan dit selfs gebeur dat die meerderheid nie met 'n bepaalde besluit saamgaan nie. Dit impliseer dat selfs 'n meerderheid van individue van enige werklike deelname aan besluitneming, uitgesluit kan word.

5.4.3.2 *Vergrote meerderheid*

'n *Vergrote meerderheid* is 'n meerderheid wat groter is as die minimum van 'n absolute meerderheid. Enige vereiste meerderheid kan in hierdie verband neergelê word. Algemene vergrote meerderhede is byvoorbeeld die vereiste dat daar oor 'n bepaalde voorstel alleenlik met 'n tweederde meerderheid, óf met 'n driekwart meerderheid, besluit kan word. Weer eens kan die meerderheid bereken word met verwysing na 'n bepaalde kworum, óf met verwysing na diegene wat belangstel om daaroor te besluit, óf met inagneming van almal wat moontlik daaroor kan besluit.

Vergrote meerderhede het juis as oogmerk om groter eenstemmigheid te weeg te bring, met die gevolg dat diegene wat uit die besluit uitgesluit is, kleiner is as wat die geval met 'n gewone meerderheid is. Maar 'n vergrote meerderheid is ook problematies. Gestel byvoorbeeld dat vir 'n bepaalde besluit, 'n vergrote meerderheid van 70% met verwysing na al die moontlike besluitnemers, vereis word. Gestel dat tydens besluitneming slegs 69% ten gunste van 'n opsie ter wysiging van die *status quo* is. Dit impliseer dat 'n geldige besluit ten gunste van die *status quo* geneem is, maar dat 69% van die stemme teen die *status quo* uitgebring is. Dit impliseer inderwaarheid dat 69% van die besluitnemers deur 31% uit besluitneming uitgesluit is. In ieder geval is daar nog steeds diegene wie se wense nie in die besluit geakkommodeer kan word nie.

Weer eens hou dit ernstige implikasies vir die individu se persepsie van sy selfdeterminasie en sy belangerealisering in.

In aansluiting by hierdie argumente bespreek Dahl (1989) die argument dat by besluitneming die *status quo* nie bevoordeel moet word nie. Gestel daar is 'n voorstel om beleid A te wysig na beleid B; en daar is eenhonderd persone wat daaroor moet besluit. Vir nege-en-negentig van hierdie persone is die voorgestelde wysiging onbelangrik in die sin dat hulle nie werklik 'n voorkeur na óf A, óf B het nie. Vir een persoon is dit egter

belangrik dat die beleid van A na B moet verander. Daarom is die argument dat al is slegs een persoon ten gunste van die wysiging, die wysiging aanvaar behoort te word omrede beleid A en beleid B vir die ander om't ewe is.

5.4.3.3 *Konsensus*

*Konsensus* impliseer dat almal wat by 'n bepaalde besluit betrokke is, oor die bepaalde besluit saamstem of eenstemmigheid daaroor het.

Die oogmerk met konsensus is om geen individu uit 'n bepaalde besluit uit te sluit nie. Almal wat oor die voorstel moet besluit sal ten minste met die voorstel saamstem.

In heterogene politieke gemeenskappe en veral in gemeenskappe wat verdeeld is, is konsensusbesluite dikwels moeilik haalbaar. Waar konsensus oor 'n besluit wel bereik word, is dit nie noodwendig die besluit wat 'n persoon sou geneem het, indien hy vir homself kon besluit nie.

Konsensusbesluitneming verseker dus nie noodwendig optimale selfdeterminasie nie.

Weer eens bestaan die moontlikheid dat 'n segment van die politieke gemeenskap se persepsie mag wees dat hulle selfdeterminasie en belangerealisering negatief geraak word deur konsensusbesluite wat moeilik haalbaar is.

5.4.3.4 *Veto*

'n *Veto* impliseer dat 'n bepaalde tipe teenstem 'n besluit verhinder. Die teenstem word die status van 'n veto toegeken. Wanneer 'n individu nie vir 'n bepaalde opsie stem nie, beteken dit nie dat hy noodwendig teen daardie opsie is nie. Eers wanneer hy 'n teenstem uitbring gee hy sy teenkanting te kenne. Wanneer die teenstem die status van 'n veto geniet, word nie 'n besluit geneem nie. Ten einde geldig te wees vereis 'n besluit nie noodwendig konsensus nie. Slegs wanneer 'n doelbewuste teenstem in die vorm van 'n veto uitgebring word, is daar nie 'n besluit nie. Waar daar van 'n vetostelsel gebruik gemaak word, word vereis dat geen veto teen 'n voorstel uitgebring word nie.

'n Veto impliseer gewoonlik dat slegs een teenstem met spesiale status 'n besluit verhinder. 'n Voorbeeld is die stemming in die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies. By die aanvaarding van 'n bepaalde resolusie kan dit gebeur dat alle lede in die Algemene Vergadering vir 'n bepaalde voorstel stem, maar dat daardie voorstel geveto kan word deur bloot een teenstem van een van die permanente lede van die Veiligheidsraad wat oor 'n vetoreg beskik, selfs al is die res van hierdie raad ten gunste van daardie voorstel.

Die oogmerk van 'n vetoreg is weer eens om te sorg dat besluite vir die grootste aantal deelnemers aanvaarbaar sal wees[510]. Die problematiek daaraan verbonde is dat die veto daartoe kan lei dat groot segmente van die politieke gemeenskap van mening is dat hul belange nie erkenning kry nie. Byvoorbeeld nege-en-negentig uit 'n moontlike eenhonderd kan ten gunste van 'n bepaalde besluit wees, maar 'n veto deur slegs een kan die voorstel ongeldig maak.

In die geval van die veto, maar ook in die geval van vergrote meerderhede en konsensus, kom 'n verdere aspek wat dikwels uit die oog verloor word, ter sprake. In 'n demokratiese owerheidsvorm word besluitnemers te maklik oorlaai[511]. Omrede besluite in die naam van die individue geneem word, word die besluitnemers oorlaai met kollektiewe besluite, want elke individu wil graag sy besluit tot 'n gesaghebbende en kollektiewe besluit verhef. Die individu se besluit het net soveel meer betekenis indien dit oor 'n kollektiewe sanksie beskik.

Wanneer die reëls dit egter moeilik maak vir 'n besluit om 'n kollektiewe besluit te word, behoort daar meer indringend gekyk te word na of selfdeterminasie óf negatief, óf positief daardeur geraak word. Anders gestel, wat geld in die afwesigheid van 'n gesaghebbende en kollektiewe besluit? Die moontlikheid bestaan dat in die afwesigheid van so 'n gesaghebbende en kollektiewe besluit, dit aan elke individu oorgelaat word, om individueel daaroor te besluit. Dit kan gevolglik tot voordeel van die individu se selfdeterminasie strek, behalwe waar dit die wysiging van 'n beperkende beleid wat reeds op die wetboek staan, verhinder.

Ten einde die individu se selfdeterminasie te verseker, is dit noodsaaklik dat die reëls nie slegs moet bepaal wat die vereistes vir 'n gesaghebbende en kollektiewe besluit is nie; dit behoort ook te verseker dat gesaghebbende en kollektiewe besluite nie onnodiglik inbreuk op individuele besluitneming maak nie. Indien 'n bepaalde aangeleentheid werklik van so 'n aard is dat daar slegs kollektief daaroor besluit moet word, sal die dringende en noodsaaklike aard daarvan alle besluitnemers dwing om daaroor te besluit.

Hoewel daar dikwels geredeneer word dat 'n vergrote meerderheid, konsensus en die vetostem inbreuk maak op selfdeterminasie, is die standpunt in hierdie ondersoek dat dit nie noodwendig die geval is nie. Daar word uit die oog verloor dat indien 'n kollektiewe besluit nie onder die bepaalde vereistes bereik kan word nie, die individu nog steeds onder bepaalde omstandighede op individuele vlak daaroor kan besluit. Dit is hoofsaaklik in die geval van die herroeping of wysiging van bestaande besluite waar hierdie vereistes negatief op selfdeterminasie kan inwerk.

In politieke gemeenskappe met heterogene kultuurwaardes en belange, word besluitneming en die vereistes vir 'n geldige besluit veral problematies. Die individu is geneig, om soos reeds bespreek, met ander individue in groepe te assosieer waarvan die individue onderling oor bepaalde gemeenskaplikhede beskik. Te dikwels gebeur dit juis dat bepaalde opvattings gesaghebbende en kollektiewe besluite word, bloot op grond van die feit dat 'n meerderheid of selfs 'n minderheid daaroor saamstem, terwyl dit kan gebeur dat 'n groot segment daarteen is. Die individu se internalisering van kollektiewe besluite sal waarskynlik bemoeilik word indien die besluite nie versoenbaar is met die besluite wat hy vir homself sou geneem het nie. Indien die individue van 'n bepaalde segment van 'n politieke gemeenskap hulself voortdurend in 'n verloorposisie bevind, kan hierdie persepsie van uitsluiting en negatiewe selfdeterminasie, toeneem. Op die langduur kan dit ernstige implikasies vir bepaalde segmente van daardie politieke gemeenskappe se persepsie oor hul belange en selfdeterminasie inhou.

### 5.4.4 Direkte en indirekte deelname aan besluitneming

In hierdie onderafdeling is die fokus op *wie* deelneem aan besluite en *wie* verantwoordelik is vir besluitneming. Direkte en indirekte *deelname* aan besluite moet egter onderskei word van 'n direkte en 'n indirekte demokrasie, maar ook van direkte en indirekte besluitneming.

'n *Direkte demokrasie* is 'n owerheidsvorm wat uitsluitlik gegrond is op die beginsel van direkte besluitneming deur die individue in daardie politieke gemeenskap. Soos reeds genoem, is die Atheense demokrasie 'n voorbeeld hiervan. Anders gestel besluite word deur die individu in die betrokke politieke gemeenskap geneem, sonder die tussenkoms van 'n verteenwoordiger.

'n *Indirekte demokrasie* is 'n owerheidsvorm wat gegrond is op die beginsel van indirekte besluitneming. Anders gestel die besluite in daardie politieke gemeenskap word met die tussenkoms van 'n verteenwoordiger geneem.

'n Direkte demokrasie moet daarom nie met direkte besluitneming verwar word nie. Hoewel 'n direkte demokrasie uitsluitlik op direkte besluitneming gegrond is, kan direkte besluitneming voorkom in politieke gemeenskappe wat nie oor 'n demokratiese owerheidsvorm beskik nie. In Libië word byvoorbeeld op grondvlak voorsiening gemaak vir direkte besluitneming maar in geheel gesien is dit te betwyfel of Libië oor 'n demokratiese owerheidsvorm beskik. So is 'n indirekte demokrasie nie identies aan indirekte besluitneming nie. Hoewel die besluitneming in 'n indirekte demokrasie hoofsaaklik indirekte besluitneming is, word daar tog onder bepaalde omstandighede en van tyd tot tyd, deur byvoorbeeld die hou van referenda, van direkte besluitneming gebruik gemaak.

In praktyk maak 'n politieke gemeenskap selde net gebruik van óf direkte, óf indirekte besluitneming. In die meeste politieke gemeenskappe met 'n demokratiese owerheidsvorm betrek besluitneming dikwels meer as een vorm van deelname deur die individu. Daarom word in hierdie ondersoek verkies om die klem op 'n onderskeid tussen direkte en indirekte deelname aan besluitneming te plaas.

*Direkte deelname* impliseer dat die individu in 'n bepaalde politieke gemeenskap direk inspraak uitoefen in besluitneming, maar dat dit nie noodwendig beteken dat hy direk betrokke is by die hele proses van besluitneming nie. *Indirekte deelname* daarenteen impliseer dat die individu nie direk deelneem aan besluitneming nie, maar dat iemand namens hom optree, gewoonlik 'n verteenwoordiger.

In politieke gemeenskappe met 'n demokratiese owerheidsvorm, word verskillende tegnieke gebruik wat dit vir die individu moontlik maak om aan direkte en indirekte besluitneming deel te neem. In hedendaagse politieke gemeenskappe met 'n demokratiese owerheidsvorm neem die individu hoofsaaklik indirek deel aan besluite. Direkte deelname aan besluitneming is hoofsaaklik die gevolg van pogings om die leemtes met indirekte deelname te oorbrug. Om hierdie rede word daar vervolgens eerste na indirekte deelname en daarna na direkte deelname aan besluitneming gekyk. As sodanig moet direkte deelname beskou word as tegnieke wat óf voorgestaan word, óf ontwikkel is ten einde die leemtes van indirekte, (verteenwoordigende) besluitneming te oorbrug.

### 5.4.5 Indirekte deelname: politieke verteenwoordiging

Indirekte deelname aan besluitneming het te make met besluite wat geneem word namens die individu. Die persoon wat namens die individu in besluitneming optree, staan bekend as 'n politieke verteenwoordiger. Besluitneming berus teoreties steeds by die individu omrede hy iemand aanwys om, namens hom, sy belange en idees by besluitneming te verteenwoordig. Dit is die "... idee dat een namens 'n hele aantal optree en nie sy eie belange of sy eie idee van wat reg is weergee nie, maar wel die belange en opvattings van die groep wat hy verteenwoordig..." (Wiechers 1967:72).

In hierdie ondersoek is drie aspekte van politieke verteenwoordiging ter sprake omrede dit inligting verskaf oor hoe die individu se selfdeterminasie en belangerealisering deur politieke verteenwoordiging geraak word. Ten eerste is die wyse waarop verteenwoordigers aangewys word, belangrik. Ten tweede moet daar gekyk word na die verhouding tussen die verteenwoordigers en die individu. Ten derde is die wyse waarop en die instelling waarbinne die verteenwoordiger namens die individu besluite neem, ter sake. Dit is hierdie drie aspekte waarop daar in hierdie onderafdeling gelet word.

Verteenwoordiging en verteenwoordigers is verskynsels wat nie net tot die politiek beperk is nie, maar waar daar in die res van hierdie ondersoek na verteenwoordigers en verteenwoordiging verwys word, is dit binne die politieke konteks, tensy anders vermeld.

5.4.5.1 *Verteenwoordigingstelsels*

Verskeie stelsels bestaan waarvolgens die individu sy verteenwoordiger/s aanwys. Twee breë kategorieë word hier aangetref, naamlik direkte verteenwoordiging en indirekte verteenwoordiging.

*Direkte verteenwoordiging* dui op daardie stelsels van verteenwoordiging waar die individu self die geleentheid gebied word om sy verteenwoordiger, gewoonlik deur middel van 'n verkiesing, aan te wys.

*Indirekte verteenwoordiging* dui weer op daardie stelsels van verteenwoordiging waar iemand wat reeds namens die individu optree verdere verteenwoordigers namens hom aanwys.

By beide direkte en indirekte verteenwoordiging is die mate waarin die individu daarin slaag om sy belange en idees op besluitnemingsvlak verteenwoordig te kry, vir hierdie ondersoek ter sake. Dit sal onder andere bepaal word deur die mate van selfdeterminasie wat die individu in die aanwysing van sy verteenwoordigers het. In groot mate gaan dit bepaal word deur die tipe verkiesingstelsel wat geld. Daar moet in ag geneem word dat verteenwoordiging gegrond is op die idee dat een persoon die belange en idees van 'n veelheid ander individue by besluitneming moet verteenwoordig. Die probleem is weer eens dat eenstemmigheid oor wie, wie moet verteenwoordig, nie altyd maklik haalbaar is nie (kyk Grofman et al. 1992).

Dit spreek vanself dat die individu verder verwyder is van 'n verteenwoordiger wat indirek aangewys word. Wat is die situasie met verteenwoordiging in die algemeen en meer spesifiek met direkte verteenwoordiging?

'n Onderskeid kan in hierdie verband gemaak word tussen twee verdere tipes verteenwoordigingstelsels, naamlik eerstens die verteenwoordiging van bepaalde belange soos byvoorbeeld in die geval van beroepsverteenwoordiging, waar die belang verband hou met bepaalde beroepe. Ander variasies is die verteenwoordiging van bepaalde klasse of van bepaalde idees. Tweedens is daar geografiese verteenwoordiging waar persone binne 'n bepaalde gebied verteenwoordig word deur 'n verteenwoordiger.

Die besware wat gewoonlik teen die verteenwoordiging van spesifieke beroepsbelange ingebring word, is dat elke individu se belange multidimensioneel is en dat hy kwalik deur een bepaalde belang verteenwoordig kan word. Hierdie beswaar is egter net so geldig in die geval van geografiese verteenwoordiging. Die moontlikheid dat een verteenwoordiger die volledige spektrum van een individu se belange kan verteenwoordig, is skraal. Die probleem word verder gekompliseer deurdat 'n verteenwoordiger nie slegs een individu verteenwoordig nie, maar dikwels duisende individue. Dit blyk daarom dat die individu se selfdeterminasie moeilik realiseerbaar is deur middel van verteenwoordiging.

Hierdie problematiek is een van die redes waarom belangegroepe (veral georganiseerde belangegroepe) en politieke partye in politieke gemeenskappe met 'n demokratiese owerheidsvorm so sterk na vore tree. Belangegroepe en politieke partye het as primêre oogmerk die beskerming en bevordering van daardie belange wat hulle verteenwoordig. In praktyk is dit egter hoofsaaklik politieke partye wat by besluitneming bepaalde belange en idees verteenwoordig. Daarom het politieke partye as uiteindelike doelwit die verkryging van besluitnemingsmag (politieke mag) in geheel of gedeeltelik. Daarteenoor het belangegroepe as uiteindelike doelwit slegs die verkryging van invloed, waarvan politieke partye en besluitnemers onder andere teikens is.

Belangegroepe en politieke partye poog albei om die veelheid van belange wat binne die politieke gemeenskap bestaan, sinvol te beskerm en te bevorder. Hedendaags word verteenwoordiging van die individu deur politieke partye gedomineer. In die praktyk kom dit daarop neer dat verteenwoordiging, hoofsaaklik verteenwoordiging deur politieke partye behels.

Die praktiese probleme verbonde aan die strukturering van belange word aangespreek deur die idee van verantwoordelike partye en die organisatoriese strukture van veral massapartye. Hiervolgens organiseer politieke partye hulself tot op grondvlak waar die individu inspraak het in partybeleid, bepaalde belange en selfs die hiërargie van belangrike aangeleenthede ter sprake kom. Daar word dan ook van die party verwag om tot op die grondvlak aan die individuele lede van die party terugvoering te gee oor die politieke party se doen en late.

Teoreties klink hierdie grondvlakfunksionering van politieke partye na 'n geleentheid tot direkte besluitneming vir die individu. Wel is dit waar dat die individu deur middel van die organisatoriese struktuur van die politieke party die geleentheid gebied word om insette te lewer. In praktyk vind die individu dat hy te make het met 'n reeds bestaande partybeleid. Enige poging van hom om dit te verander, is niks meer as 'n druppel in 'n emmer water nie.

Politieke partye aggregeer tradisioneel 'n breë verskeidenheid belange. In die praktyk gebeur dit dat die individu nie noodwendig met alle aspekte van partybeleid saamstem nie. Partydissipline verhinder gewoonlik die individu om lid van meer as een politieke party te wees. Daarom sal die rol van belangegroepe in politieke gemeenskappe met demokratiese owerheidsvorme nooit uitgedien raak nie. Belangegroepe bied aan die individu die geleentheid om belange wat nie deur 'n bepaalde politieke party aangespreek word nie, te artikuleer. Belangegroepe bied ook aan die individu die geleentheid om lid van 'n bepaalde politieke party te wees, maar om terselfdertyd ander idees as dié van die betrokke politieke party te artikuleer.

Weer eens dui die bestaan van belangegroepe en politieke partye, maar ook die noodsaaklikheid verbonde aan die strukturering van individuele belange en idees, die onvermydelike groepsaard van die demokrasie aan. Terselfdertyd het die groepsaard van die demokrasie negatiewe implikasies vir die selfdeterminasie van die individu.

Hierdie negatiewe implikasies van verteenwoordiging vir die selfdeterminasie van die individu, word verder gekompliseer deur die numeriese kriteria wat gebruik word ten einde te kan bepaal wie as verteenwoordigers mag optree. Die numeriese kriteria wat geld, is weer eens 'n relatiewe meerderheid, absolute meerderheid, óf 'n bepaalde kwota stemme wat volgens die een of ander formule bereken word.

Die noodsaaklikheid vir numeriese kriteria spruit voort uit die feit dat by die aanwys van verteenwoordigers daar in die praktyk selde eenstemmigheid bestaan oor wie as verteenwoordiger sal optree. In praktyk is daar gewoonlik verskeie kandidate waaruit die individu moet kies. Hierdie aspek hou ernstige implikasies in vir die individu se selfdeterminasie en vir die realisering van sy belange.

Verskeie stelsels bestaan waarvolgens die aanwysing en verkiesing van verteenwoordigers gestruktureer word. Vir doeleindes van hierdie ondersoek is dit voldoende om te onderskei tussen enkellidkiesafdelings en proporsionele verteenwoordiging. Alvorens daar afsonderlik na hierdie stelsels van verteenwoordiging gekyk word, moet gelet word op die mate waarin die individu se selfdeterminasie en belangerealisering in die algemeen deur hierdie stelsels geraak word.

By die aanwysing van sy verteenwoordiger is die individu eerstens afhanklik van diegene wat bereid is om as verteenwoordigers op te tree. Die moontlikheid bestaan dat die individu homself beskikbaar kan stel, maar dan moet onthou word dat die verteenwoordiger nie net sy eie belang mag verteenwoordig nie en dat alle individue saam nie as verteenwoordigers kan optree nie. Daarom is dit onvermydelik dat daar individue sal wees wat op ander vir verteenwoordiging aangewese is.

Die nominasie van kandidate vir verteenwoordiging word hedendaags deur politieke partye domineer. Min kandidate is onafhanklik in die sin dat hulle nie 'n bepaalde politieke party verteenwoordig nie. Wanneer 'n individu wel 'n lid van 'n bepaalde politieke party is, bestaan die moontlikheid dat hy inspraak het in die nominasie van 'n kandidaat. In praktyk is min mense lid van 'n bepaalde politieke party met die gevolg dat hul seggenskap oor wie kandidate vir verteenwoordiging is, beperk is. Al is die individu lid van 'n bepaalde politieke party, sal hy weer eens vind dat sy inspraak beperk is tot een stem tussen 'n veelheid van stemme.

Wanneer daar gelet word op die wyse waarop verteenwoordigers aangewys word, blyk dit dat die individu se selfdeterminasie nog verder beperk word. In praktyk bevind die individu hom in die situasie dat hy dikwels moet kies tussen die breë beleid wat verskillende politieke partye voorstaan. Verder bevind hy homself in die situasie dat hy min inspraak het oor kandidate wat nomineer word. Die individu se seggenskap in partybeleid is 'n druppel in 'n emmer water.

Verder mag die individu homself in die situasie bevind dat hy nie aan die stemregkwalifikasies voldoen nie en daarom nie aan die verkiesing van 'n verteenwoordiger mag deelneem nie. Uit die aard van die saak is diegene wat nie oor stemreg beskik nie, uitgesluit uit verteenwoordiging by besluitneming en is dit moontlik dat hul belangerealisering, of ten minste hul persepsie daarvan, negatief geraak word. Kortom, 'n verteenwoordiger verteenwoordig net individue wat kiesers is.

By verkiesing van 'n verteenwoordiger is dit nie vir die individu moontlik om aan te dui watter aspekte van partybeleid hy ondersteun en watter nie. In die geval van die onafhanklike kandidaat kan die individu ook nie aandui watter aspekte van sy beleid hy ondersteun nie. Wanneer daar gekyk word na hoe numeriese kriteria bepaal wie verteenwoordigers is en wie nie, word gevind dat die reeds wankelrige selfdeterminasie van die individu 'n verdere knou kry omrede numeriese kriteria hier veral belangrik word. Vervolgens moet daar gekyk word na die belangrikste kiesstelsels wat gebruik word.

(a) *Enkellidkiesafdelings*

In 'n kiesstelsel waarin van enkellidkiesafdelings gebruik gemaak word, word die betrokke politieke gemeenskap geografies in 'n aantal kiesafdelings afgebaken. Elkeen van hierdie geografiese eenhede word dan deur 'n enkele verteenwoordiger verteenwoordig - ongeag die heterogeniteit en homogeniteit daarvan.

By afbakening word gewoonlik vooraf op 'n bepaalde aantal verteenwoordigers besluit. Daarvolgens word bereken hoeveel individue deur een verteenwoordiger verteenwoordig

word. In watter mate verseker hierdie stelsel die individu se selfdeterminasie en die realisering van sy belange?

In die praktyk is dit net in uitsonderlike gevalle dat eenstemmigheid bestaan oor wie 'n bepaalde geografiese eenheid (kiesafdeling) sal verteenwoordig. Selfs al word slegs een kandidaat genomineer en onbestrede verkies beteken dit steeds nie dat alle individue in daardie kiesafdeling eensgesindheid het oor die feit dat daardie kandidaat hul moet verteenwoordig nie. Dit mag bloot die geval wees dat daar nie 'n ander geskikte kandidaat is nie, óf dat 'n bepaalde politieke party van mening mag wees dat sy kandidaat nie genoegsame steun binne daardie kiesafdeling sal kan verwerf nie. Die individu is daarom vir sy verteenwoordiging grootliks aangewese op diegene wat beskikbaar is.

Die probleem word nog verder gekompliseer indien meer as een kandidaat binne 'n bepaalde kiesafdeling genomineer word. Enersyds beteken dit dat die individu oor 'n groter keuse beskik oor wie hom moet verteenwoordig en wie nie. Andersyds kan dit gebeur dat die individu se keuse nie as verteenwoordiger in daardie kiesafdeling aangewys word nie, maar wel 'n kandidaat vir wie die individu nie gestem het nie.

Waar slegs een verteenwoordiger 'n kiesafdeling mag verteenwoordig, maar meer as een kandidaat genomineer is, moet die stemgeregtigde individue in daardie kiesafdeling by wyse van stemming aandui watter kandidaat as verteenwoordiger vir daardie kiesafdeling aangewys moet word. Numeriese kriteria is belangrik in hierdie verband.

Wanneer die beginsel van 'n relatiewe meerderheid saam met 'n stelsel van enkellidkiesafdelings gebruik word, ontstaan die gevaar dat 'n verteenwoordiger slegs deur 'n minderheid binne daardie kiesafdeling tot hul verteenwoordiger verkies word. Volgens die stelsel van enkellidkiesafdelings word alle kiesers binne daardie kiesafdeling egter deur daardie verteenwoordiger verteenwoordig, selfs al het die meerderheid nie vir hom gestem nie en gaan hulle stemme eintlik verlore.

Hierdie probleem word slegs gedeeltelik oorbrug indien die beginsel van 'n absolute meerderheid geld. Wel word die verteenwoordiger deur ten minste 50% + 1 van die kiesers ondersteun. 'n Groot gedeelte van die kiesers, tot soveel as 50%-1, het waarskynlik nie vir die betrokke verteenwoordiger gestem nie.

Van die voordele wat dikwels voor die deur van enkellidkiesafdelings gelê word, is dat elke kieser weet wie hom by besluitneming verteenwoordig. Dit is egter 'n ope vraag of 'n verteenwoordiger wel suksesvol diegene wat nie vir hom gestem het nie, kan verteenwoordig. Die vraag word gekompliseer indien in gedagte gehou word dat die kieser by stemming waarskynlik gekies het tussen die breë beleid van twee of meer politieke

partye. Die moontlikheid bestaan selfs dat die beleid van verskillende politieke partye direk in stryd met mekaar kan verkeer.

Die omvang van hierdie probleem sal waarskynlik afhang van die homogeniteit/heterogeniteit van 'n bepaalde kiesafdeling/s. Navorsing bewys dat eendersdenkendes dikwels geografies gekonsentreerd is (kyk Taylor & Johnston 1979; Johnston et al. 1988). Afhangende van die grootte van hierdie konsentrasies bestaan die bykomende gevaar dat kiesafdelings so afgebaken kan word dat dit 'n bepaalde politieke party bevoordeel (*gerrymandering*). Taylor & Johnston verwys weer hierna as grenslyndiskriminasie.

Wanneer aan die einde van 'n verkiesing na die stand van verteenwoordiging gekyk word, gebeur dit dikwels dat in 'n stelsel van enkellidkiesafdelings 'n bepaalde party oorverteenwoordig kan word, terwyl ander party/e onderverteenwoordig kan word. By besluitneming word die belange en menings van die totale kieserskorps nie korrek verteenwoordig nie. Taylor & Johnston (1979:337-368) noem dit *numeriese diskriminasie*. Gevolglik gebeur dit dat 'n bepaalde politieke party onregmatig besluitneming kan domineer omrede dit in der waarheid 'n minderheidsbelang of minderheidsidees verteenwoordig.

(b) *Proporsionele verteenwoordiging*

Ten einde die probleme van enkellidkiesafdelings te oorbrug, word dit dikwels vervang met 'n stelsel van proporsionele verteenwoordiging.

Vanuit die staanspoor moet gemeld word dat daar soveel verskillende variasies en toepassings van die stelsel van proporsionele verteenwoordiging is, dat dit onmoontlik in hierdie ondersoek volledig bespreek kan word. Daar gaan bloot net op algemene kenmerke gekonsentreer word.

Alle variasies van proporsionele verteenwoordiging word gekenmerk deur meerledige kiesafdelings en 'n poging dat verteenwoordiging die wense van die kiesers so na as moontlik moet weerspieël. Die aantal verteenwoordigers van 'n politieke party moet byvoorbeeld verband hou met daardie party se relatiewe steun onder die kiesers - die sogenaamde beginsel van proporsionaliteit.

Drie basiese variasies van proporsionele verteenwoordiging moet hier vermeld word, naamlik die partylysstelsel, die stelsel van die enkel-oordraagbare stem en die gemengde stelsel (kyk Lakeman 1972; Hand et al. (ed) 1979; Reeve & Ware 1992).

In die partylysstelsel stem die kieser vir 'n bepaalde partylys. Soms word die kieser toegelaat om sy voorkeur ten opsigte van bepaalde kandidate wat op die lys verskyn, aan te dui, maar nie noodwendig nie. Die individu se inspraak is dus hoofsaaklik beperk tot sy keuse van 'n bepaalde politieke party wat hom moet verteenwoordig.

In die stelsel van die enkel-oordraagbare stem, het elke individu soveel stemme as wat daar verteenwoordigers vir 'n bepaalde kiesafdeling aangewys word. Elke kandidaat wat 'n gespesifiseerde kwota bereik het, word as verkies beskou. Die betrokke kwota kan ooreenkomstig verskillende formules bereken word. Surplusstemme word dan ooreenkomstig die kieser se verdere stemkeuses versprei. Meningsverskille bestaan soms oor presies hoe surplusstemme hanteer moet word.

In geheel gesien, bied die stelsel van die enkel-oordraagbare stem die grootste mate van inspraak, aan die individu, oor wie hom moet verteenwoordig. Hy kan sy voorkeure ten opsigte van bepaalde kandidate aandui, maar ook ten opsigte van bepaalde politieke partye. Feitlik elke stem tel, met die gevolg dat die verteenwoordiging op besluitnemingsvlak 'n redelik getroue weergawe van die individuele kieser se wense is.

Verskillende variasies van die gemengde stelsel bestaan, maar dit behels gewoonlik 'n kombinasie van kenmerke van enkellidkiesafdelings en proporsionele verteenwoordiging.

In alle stelsels van proporsionele verteenwoordiging bestaan die gevaar van dominasie deur politieke partye. Dit is egter veral 'n probleem by die partylysstelsel. Omrede kiesafdelings meerledig is, kan daar verwarring by die individuele kieser bestaan oor wie hom nou eintlik verteenwoordig. Weens die grootte en meerledige aard van die kiesafdelings word kontak tussen die kieser en die verteenwoordiger bemoeilik en kan dit gebeur dat die verteenwoordiger nie in voeling met sy kiesers bly nie. Daardeur word verteenwoordiging weer bemoeilik.

Waar politieke partye verkiesings ten koste van plaaslike politiek domineer, ontstaan die gevaar dat kiesers deur 'n politieke party meegevoer kan word sonder dat daardie politieke party noodwendig goed georganiseerd op plaaslike vlak is. So word proporsionele verteenwoordiging in sommige kringe geblameer vir die opkoms van Hitler in 1933. Dit is ook een van die redes waarom proporsionele verteenwoordiging in Duitsland na die Tweede Wêreldoorlog deur die gemengde stelsel vervang is (kyk Taylor en Johnston 1979:431).

Geen kiesstelsel waarborg ten volle die individu se selfdeterminasie wanneer dit by die aanwysing van verteenwoordigers kom wat die individue se belange en idees in die instellings op besluitnemingsvlak moet verteenwoordig nie. 'n Groot persentasie van

individue word reeds deur stemregkwalifikasies uitgesluit. Die moontlikheid van *gerrymandering* en numeriese diskriminasie bestaan, maar dit kan tog deur bepaalde stelsels ondervang word. Geen stelsel is egter sonder nadele nie. Die gevaar van dominasie deur politieke partye bedreig wesentlik die individu se selfdeterminasie en sy belangerealisering. Dit kan gebeur dat die individu eerder die volger van partybeleid móét word as dat die politieke party 'n meganisme vir verteenwoordiging is.

Geen kiesstelsel kan die verteenwoordiging van alle individue (nie net kiesers nie) waarborg nie, nóg minder kan dit die verteenwoordiging van die breë spektrum van belange van alle individue waarborg. Daar moet in ag geneem word dat in die staat, as die hedendaagse politieke gemeenskap, besluite geneem word oor feitlik elke aspek van die menslike lewe. Daarom kan dit gebeur dat 'n individu se belange op 'n magdom van terreine deur besluitneming geraak word. Wanneer 'n individu vir 'n bepaalde politieke party, of selfs 'n onafhanklike kandidaat stem, bestaan die moontlikheid dat die individu sy keuse uitgeoefen het, slegs met inagneming van 'n beperkte aantal van sy belange.

Die verteenwoordiging van die individuele kieser se belange word verder geraak deur die betekenis wat aan die begrip verteenwoordiging gegee word. Hierdie betekenis sal grootliks afhang van hoe die verhouding tussen die verteenwoordiger en die kieser gesien word.

5.4.5.2 *Die verhouding tussen die verteenwoordiger en die kieser*

Wanneer daar gelet word op die verhouding tussen die verteenwoordiger en die kieser, is dit belangrik om te kyk na die rede waarom van verteenwoordigers gebruik gemaak word.

Volgens Hanna Pitkin (1967) is individue genoodsaak om van verteenwoordigers gebruik te maak omrede daar talle take is wat nie deur die individu behartig kan word nie. Die individu kan eenvoudig nie orals wees waar hy moet wees nie en hy beskik ook nie altyd oor die nodige kennis om te kan optree in sake wat hom raak nie. Die vraag is, met watter magte word so 'n verteenwoordiger beklee?

By bestudering van die magte van die verteenwoordiger, word gevind dat dit nog 'n debat is waaroor talle publikasies die lig gesien het (kyk Pitkin 1967; Birch 1971). Een van die probleme wat uit hierdie publikasies geïdentifiseer kan word, is dat verteenwoordiging dikwels vanuit 'n posisie van die reg beskou word.

Vanuit 'n regsoogpunt beskou, kom die werklike magte waarmee 'n verteenwoordiger in die algemeen beklee is, ter sprake. Van die probleme wat in hierdie verband opduik is: Moet die verteenwoordiger telkens terugvoering gee aan die persoon wat hy verteenwoordig? Mag die verteenwoordiger besluite neem namens die persoon wat hy

verteenwoordig, óf moet alle besluite deur die verteenwoordigde bekragtig word? Moet die verteenwoordiger toestemming vir sy handelinge by die verteenwoordigde verkry? Mag die verteenwoordiger sy eie diskresie en eie inisiatief neem in besluite wat die verteenwoordigde raak? Anders gestel, wanneer 'n verteenwoordiger aangestel word, bly hy 'n verteenwoordiger, óf word hy met leierskapsmagte beklee? (kyk Pitkin 1967; Birch 1971).

Wanneer daar in die algemeen op die rol, funksies en magte van verteenwoordigers gelet word, word gevind dat die posisie van verteenwoordigers verskillend gesien word in die verskillende sfere waarin hulle optree. Vandaar ook pogings om te onderskei tussen byvoorbeeld verteenwoordiger, afgevaardigde, geakkrediteerde en agent.

By politieke verteenwoordiging is die posisie van die verteenwoordiger nie minder kontroversieel nie. Die debat wentel rondom die vraag of 'n verteenwoordiger as 'n leier aangestel word en of hy bloot namens die kieser optree, terwyl die kieser steeds oor die finale seggenskap beskik. Gewoonlik word aangevoer dat die swaard van uitstemming as aansporing sal dien om sy kiesers se belange op die hart te dra.

Binne 'n politieke gemeenskap met 'n demokratiese owerheidsvorm, moet onthou word dat demokrasie 'n owerheidsvorm is waarin die ideaal van maksimum selfdeterminasie en selfrealisering van die individu, nagestreef word. Dit kom min of meer daarop neer dat die individu homself moet regeer (*let the people govern themselves*). Daarom kan in 'n demokrasie nie van die standpunt uitgegaan word dat die verteenwoordiger die leier is, wat die leiding in daardie politieke gemeenskap moet neem nie. Die verteenwoordiger as leier impliseer 'n element van aristokrasie, maar dit ontken terselfdertyd die vermoë van die individu om vir homself te kan besluit. Die demokrasie is juis veranker in die vermoë van die individu om vir homself te kan besluit. Dit is op hierdie beginsel dat die gedagte van universele stemreg geskoei is (kyk T Sono 1993).

In hoofstuk 3 is daarop gewys dat die individu se behoefte aan selfdeterminasie nie beteken dat hy oor alles wil besluit of kan besluit nie. Hy is selfs gewillig dat ander onder bepaalde omstandighede vir hom mag besluit. Net so is aangedui dat sommige individue vanweë waarskynlik inherente eienskappe verkies om nie vir hulself te besluit nie, en eerder verkies dat ander vir hulle besluite neem. Hierdie aspek word ook deur die simbiotiese verhouding tussen die elite en die massa gesuggereer.

Nietemin is aangetoon dat sielkundiges die verskynsel nie as 'n ontkenning of negering van die belang van selfdeterminasie by die individu beskou nie. In die laaste instansie wil die individu nog steeds selfdeterminerend wees in die sin dat hy besluit waaroor en wie vir hom mag besluit.

Wanneer daar in die algemeen op verteenwoordiging en die verskillende kiesstelsels gelet word, word gevind dat die individu se selfdeterminasie by die aanwysing van verteenwoordigers, beperk is. Dit kan moontlik daartoe bydra dat die individu se persepsie van sy selfdeterminasie en belangerealisering negatief daardeur geraak word.

Die individu se stryd om selfdeterminasie in 'n stelsel met indirekte deelname aan besluitneming, eindig nie by die verkiesing van verteenwoordigers nie. Die instellings waarin en prosesse waarvolgens besluite geneem word, is verdere faktore in hierdie verband.

5.4.5.3 *Instellings en prosesse van besluitneming*

Vir doeleindes van hierdie ondersoek is twee instellings van belang, naamlik die wetgewende instellings en die uitvoerende instellings.

Dit is veral die numeriese kriteria en partydissipline wat by die instellings en prosesse van besluitneming die selfdeterminasie en belangerealisering van die individu raak.

(a) *Wetgewende instellings*

In 'n politieke gemeenskap met 'n demokratiese owerheid is die wetgewende instellings die plek van gesaghebbende besluitneming. Besluite in die wetgewende instellings word, met enkele uitsonderings, gewoonlik deur middel van 'n gewone meerderheidstem geneem. Die regverdiging van meerderheidsbesluitneming is soos genoem gegrond op die idee dat die meerderheid ten minste oor die nodige beweegruimte moet beskik om selfdeterminerend te kan wees. Maar daar word uit die oog verloor dat dit kan gebeur dat 50%-1 en selfs die meerderheid van die verteenwoordigers, nie werklik effektiewe inspraak in besluite kan kry nie.

Kumulatief vanaf die grondvlak beskou, moet in gedagte gehou word dat die besluite wat geneem word in werklikheid minderheidsbesluite kan wees. Ten eerste word nie-stemgeregtigdes uit verteenwoordiging uitgesluit. Ten tweede is dit moontlik dat 'n minderheidsparty 'n meerderheid aantal setels in die wetgewende instelling kan verower. Ten derde maak partydissipline dit vir verteenwoordigers moeilik om teen die meerderheidsbesluit van 'n bepaalde politieke party te stem. Al sou 'n bepaalde verteenwoordiger met sy kiesers konsulteer, is dit nie maklik om teen sy party te stem nie - selfs al sou sy teenstem die wense van sy kiesers verteenwoordig.

Gevolglik mag die persepsie by die kiesers en die individue van 'n bepaalde politieke stelsel, dat hul belange en idees nie in besluitneming geken word nie, ontstaan.

Gepaardgaande daarmee mag die individu die persepsie verkry dat sy selfdeterminasie en sy belangerealisering bedreig word. Wanneer hierdie persepsie oor die langtermyn bestaan, kan dit ernstige implikasies vir 'n politieke gemeenskap inhou, veral as die individue in 'n bepaalde segment van die politieke gemeenskap voortdurend die gevoel kry dat hul selfdeterminasie en belangerealisering negatief geraak word.

> There are many societies where the interests of minorities take a permanent second place to the interests of the majority, to the extent that members of the minority have an understandable feeling of grievance and political injustice. The most obvious comtemporary examples - each of them different from the others - are the Catholics in Northern Ireland, the Chinese in Indonesia, the Arabs in Israel, and the Negroes in the United States, but the list could easily be extended (Birch 1971:73).

Die instelling van 'n tweede wetgewende kamer, senaat of hoërhuis, is gewoonlik 'n poging om die belange van minderhede meer verteenwoordigend te maak in die wetgewende gesag. 'n Senaat kan op verskillende wyses saamgestel word, maar die gunstigste is waarskynlik daardie gevalle waar verteenwoordiging in die senaat gelykop is, maar dit is egter nie noodwendig die geval nie. Gevolglik het minderhede dikwels beter verteenwoordiging in die hoërhuis (senaat) as in die laerhuis (volksraad).

In praktyk word egter gevind dat nie alle politieke gemeenskappe oor 'n hoërhuis beskik nie. Waar daar 'n hoërhuis is, word dit gewoonlik deur middel van indirekte verkiesing saamgestel en is die magte van die hoërhuis gewoonlik beperk. 'n Tweede wetgewende kamer bied daarom selde 'n waarborg dat die individu se belange in besluitneming geken sal word.

Verder mag dit selfs gebeur dat afhangende van die tipe uitvoerende instelling die wetgewende instelling deur die uitvoerende instelling gedomineer kan word.

(b) *Uitvoerende instellings*

Uitvoerende instellings is primêr verantwoordelik vir die uitvoering van die besluite van die wetgewende instellings. Die wetgewende instellings gee egter ook aan die uitvoerende instellings die bevoegdhede om besluite in die uitvoering van hul daaglikse werksaamhede te neem. Die tipe uitvoerende instellings wat hier van belang is, is die kabinetstelsel, die suiwer nie-parlementêrestelsel en die komiteestelsel.

Die *kabinetstelsel* is 'n stelsel van uitvoerende gesag wat gewoonlik met die Westminsterstelsel geassosieer word. Daarvolgens neem die wenner alles. Volgens die kabinetstelsel stel die leier van die party wat oor die meerderheid setels in die parlement beskik 'n kabinet saam. Indien die betrokke party nie oor 'n absolute meerderheid van

setels in die parlement beskik nie, word 'n kabinet saamgestel deur die leier van die dominante party om 'n koalisie van partye te vorm. Hierdie koalisie beskik dan gesamentlik oor die meerderheid in die parlement. Die leier van die meerderheidsparty of die leier van die koalisie domineer gewoonlik wetgewing en die uitvoering daarvan.

Gewoonlik is die leier van die meerderheid in die parlement (dikwels 'n eerste minister genoem) se besluit oor wie in die kabinet aangestel word, finaal. In die geval van 'n koalisie kan die ander partye 'n invloed uitoefen oor wie in die kabinet aangestel word.

Vereistes mag geld oor wie aangestel mag word en wie nie. Die algemeenste vereiste in hierdie verband is dat die lede van die kabinet, lede moet wees van een van die huise van die wetgewende gesag of indien nie, binne 'n gespesifiseerde tydperk lid moet word. Die feit dat 'n lid van die kabinet, lid van die wetgewende gesag moet wees skep die moontlikheid dat die wetgewende gesag die uitvoerende gesag kan domineer. Gewoonlik is dit die ministers wat wetsontwerpe by die parlement indien en omrede hulle die meerderheid in die parlement verteenwoordig, gebeur dit selde dat wetsontwerpe nie goedgekeur word nie.

In praktyk gebeur dit dat die lede van die kabinet (ministers) aan die parlement verantwoording moet doen vir hul doen en late. Indien die parlement nie tevrede is nie, kan daarop aangedring word dat 'n bepaalde minister of selfs die hele kabinet bedank. Omrede die kabinet egter die meerderheid in die parlement verteenwoordig, gebeur dit nie dikwels dat 'n mosie van wantroue slaag nie.

Aangesien die kabinet saamgestel word uit verteenwoordigers van die dominante party/e is daardie politieke party bedag op herverkiesing. Gevolglik sal politieke partye dissipline oor hul lede uitoefen. Waar die dominante party oor die langtermyn verseker is van sy steun, soos byvoorbeeld waar sy steun uit 'n gevestigde belang soos 'n meerderheid etniese groep kom, kan dit gebeur dat sy eie interne dissipline minder drasties sal wees. Dit kan ook gebeur dat die kabinet te alle tye van sy steun in die parlement verseker sal wees en sodoende nie werklik ag slaan op die belange wat in die parlement in die algemeen verteenwoordig word en selfs ook nie op die belange wat deur die dominante party verteenwoordig word nie.

Die grootste leemte van die kabinetstelsel is dat die wenner of wenners (koalisie) alles neem. Nie alleen bestaan die gevaar dat die uitvoerende gesag deur die dominante party gedomineer word nie, maar die moontlikheid dat die wetgewende gesag ook deur die dominante party gedomineer kan word, bestaan ook. Dit maak effektiewe inspraak van ander verteenwoordigers in besluitneming en in die uitvoering van daardie besluite moeilik, indien nie onmoontlik nie.

In die praktyk gebeur dit dat 'n bepaalde segment/e van individue in die gemeenskap die ander individue oorheers. Die ander segment/e van individue se persepsie van hul selfdeterminasie en hul belangerealisering kan hierdeur geraak word.

Die moontlikheid dat die dominante segment/e inderwaarheid 'n minderheidsegment verteenwoordig, is nie uitgesluit nie. Selfs al sou 'n individu lid wees van die dominante segment het hy geen waarborg dat na sy belange omgesien sal word nie.

'n Koalisie bied die moontlikheid dat 'n groter spektrum van belange verteenwoordig word. Dit skakel egter nie die moontlikheid uit dat dit effektief 'n minderheid kan verteenwoordig nie.

Kortom, die kabinetstelsel bied geen waarborg dat selfdeterminasie en belangerealisering van die individu sal plaasvind nie.

Die *presidentstelsel* (suiwer nie-parlementêrestelsel) van uitvoerende gesag word normaalweg met die presidentstelsel van die Verenigde State van Amerika geassosieer. Daarvolgens word die Amerikaanse president verkies deur 'n kieskollege waarvan die samestelling deur die kiesers bepaal word. Net wanneer geen kandidaat daarin kan slaag om die vereiste minimum aantal stemme in die kieskollege te verwerf nie, word die verkiesing van die president na die Kongres (wetgewende instelling) verwys.

Die president word hoofsaaklik onafhanklik van die wetgewende gesag verkies. Dit kan selfs gebeur, soos in die era van Presidente Reagan en Bush, dat die uitvoerende gesag een politieke party (Republikeinse Party) verteenwoordig, terwyl 'n ander politieke party die Kongres (Demokratiese Party) domineer. Die president stel weer sy belangrikste amptenare "onafhanklik" van die wetgewende gesag aan, maar elke aanstelling moet deur die wetgewende gesag bekragtig word.

Daar is verskillende variasies van die presidentstelsel van uitvoerende gesag, maar teoreties verteenwoordig al hierdie variasies pogings om die uitvoerende gesag meer direk aan die individue in die politieke gemeenskap verantwoordelik te maak. Die individu het gevolglik inspraak in beide wie hom moet verteenwoordig in besluite wat wetgewing raak, asook in besluite wat die uitvoering van wetgewing raak. Die president word egter vir 'n vasgestelde tydperk verkies en kan slegs in uitsonderlike gevalle van sy amp onthef word.

Teoreties word dit moeiliker vir een politieke party om besluitneming te domineer, maar dit word nie deur die presidentstelsel uitgesluit nie. Waar een politieke party die wetgewende gesag domineer en 'n ander die uitvoerende gesag, bemoeilik dit een politieke party se vermoë om sy belange ten koste van 'n ander se belange te bevorder. Ongelukkig

bestaan die moontlikheid van dooie punte wel. Anders gestel, beide partye verhinder die ander om sy belange te bevorder. Dooie punte kan, net soos in die geval van vergrote meerderhede, konsensus en vetostelsels, die persepsie by 'n bepaalde individu laat ontstaan dat sy selfdeterminasie en belangerealisering negatief deur ander individue geraak word.

Weer eens kan dit gebeur dat die president 'n minderheid se belange verteenwoordig. Die vereiste dat aanstellings van amptenare en bepaalde besluite deur die Kongres bekragtig moet word, verseker in 'n mate deurlopende kontak met die verteenwoordigers van verskillende segmente in die betrokke politieke gemeenskap.

Teoreties bied die presidentstelsel van uitvoerende gesag die moontlikheid dat daar na meer belange omgesien kan word, maar in die praktyk bestaan daar geen waarborg in hierdie verband nie.

Die *komiteestelsel* van uitvoerende gesag is 'n poging om te verhinder dat: een politieke party die uitvoerende gesag domineer; die uitvoerende gesag die wetgewende gesag domineer; en onnodige dooie punte ontstaan. Die komiteestelsel word gewoonlik met die Switserse stelsel geassosieer. Die komitee van sewe lede, of die Federale Raad (*Bundesrat*) word egter indirek verkies en die enigste kriterium is dat nie meer as een uit 'n bepaalde kanton verkies mag word nie. Ongeskrewe reëls is dat die lede van die Federale Raad, die verskillende geografiese eenhede, maar ook die twee dominante taalgroepe, Duits en Frans, asook die twee hoof godsdiensgroeperings, Rooms-Katolisisme en Protestantisme moet weerspieël. Die gebruik is ook om die verskillende politieke partye daarin op te neem. Elke jaar word 'n nuwe voorsitter en ondervoorsitter uit die Federale Raad verkies.

As sodanig is dit moeilik vir een bepaalde politieke party om die uitvoerende gesag te domineer. Die indruk word ten minste geskep dat na soveel belange as moontlik omgesien word. In die praktyk het die Federale Raad tot 'n "nie-politieke" instelling van spesialiste ontwikkel (kyk Banks 1994-95:846).

Die sukses van die komiteestelsel van uitvoerende gesag in Switserland kan egter nie alleen voor die deur van die samestelling van die Federale Raad gelê word nie, dit moet ook gesien word teen die gedesentraliseerde aard van die Switserse politieke stelsel tesame met wye magte wat aan die individu in die vorm van die populêre inisiatief en die referendum verleen word.

Opsommend moet genoem word dat besluitneming wat op verteenwoordiging berus, geen waarborg bied dat daar na die individu se belange by besluitneming insluitend selfidentiteit en selfdeterminasie as belange omgesien sal word nie. Die moontlikheid bestaan selfs dat 'n bepaalde segment individue, die wetgewende en uitvoerende instellings binne 'n

bepaalde politieke gemeenskap oor die langtermyn kan domineer. Dit impliseer dat bepaalde segment/e van die politieke gemeenskap ander segment/e kan oorheers.

Ten einde die leemtes in besluitneming wat op verteenwoordiging gegrond is, te probeer oorbrug, is verskeie ander tegnieke van direkte deelname ontwikkel.

### 5.4.6 Tegnieke van direkte deelname

Verskeie tegnieke is ontwikkel wat dit vir die individu moontlik maak om direk aan besluitneming deel te neem. Dit kan beskou word as tegnieke wat óf voorgestaan word, óf ontwikkel is ten einde die leemtes van indirekte besluitneming te oorbrug. Die belangrikste tegnieke in hierdie verband is die: volksvergadering, plebissiet, referendum, populêre inisiatief en terugroeping of rappél (*recall*). Die volksvergadering is die enigste tegniek waar die gemeenskap die enigste besluitnemers is. Die plebissiet, referendum, populêre inisiatief en terugroeping is tegnieke van direkte deelname wat tesame met besluitneming geskied. In die geval van 'n politieke gemeenskap met 'n demokratiese owerheidsvorm is die sentrale besluitnemers die verteenwoordigers wat óf direk, óf indirek deur die individue in die gemeenskap aangewys is om namens die gemeenskap besluite te neem.

Genoemde tegnieke van direkte deelname is waarskynlik die bekendste. Daar bestaan egter 'n verskeidenheid ander tegnieke wat inderwaarheid neerkom op direkte deelname. Tog word dit selde in die literatuur as sodanig beskou. Hierdie meer onkonvensionele tegnieke word gewoonlik beskou as regte waarop die individu, in 'n politieke gemeenskap met 'n demokratiese owerheidsvorm geregtig is. Dit sluit onder meer vryheid van spraak, vryheid van organisasie en persvryheid in. Die reg op politieke uitdrukking soos dit realiseer in petisies, afvaardigings, samesprekings, persverklarings en selfs betogings is hier van belang. In hierdie ondersoek word hierna verwys as sekondêre tegnieke van direkte deelname aan besluitneming.

#### 5.4.6.1 *Die volksvergadering*

'n *Volksvergadering* is 'n samekoms van individue wat voorstelle formuleer en besluite neem wat gesaghebbend en kollektief is. In hierdie betekenisverband moet dit onderskei word van die gebruik van die term as benaming vir 'n bepaalde wetgewende liggaam wat uit verteenwoordigers uit die politieke gemeenskap bestaan. Waarskynlik die bekendste voorbeeld in hierdie verband is die verrigtinge in die *ekklesia* van antieke Athene, maar dit kom ook nog in sommige kantonne (byvoorbeeld *Appenzell Innerrhoden*) in Switserland voor.

Op die oog af bied die volksvergadering die geleentheid tot individuele selfdeterminasie.

5

In die praktyk blyk dit egter dat daar selde werklik sprake kan wees van individuele selfdeterminasie - selfs nie onder die gunstigste omstandighede nie. Indien die Atheense *ekklesia* as voorbeeld geneem word, tree byvoorbeeld die volgende probleme na vore:

* Ten eerste geld voorskrifte ten opsigte van wie mag vergader en wie nie. In die geval van die *ekklesia* was hierdie reg beperk tot manlike burgers, twintig jaar en ouer, met Atheense ouers. Vrouens, slawe, nie-burgers en jonges onder twintig was uitgesluit. In praktyk was dit slegs ongeveer 15% van die totale bevolking van Athene.

  In alle politieke gemeenskappe met 'n demokratiese owerheidsvorm is daar beperkinge op wie mag deelneem en wie nie. Ouderdom en burgerskap is waarskynlik die algemeenste beperkinge. Beperkinge ten opsigte van deelname hou egter die potensiële gevaar in dat 'n bepaalde komponent in daardie politieke gemeenskap uitgesluit mag voel en sodoende die persepsie verkry dat hulle selfdeterminasie en hul belange bedreig word.

* Ten tweede is daar die praktiese probleme in verband met so 'n volksvergadering. Die bywoningsyfer van die *ekklesia* was byvoorbeeld normaalweg slegs 10-15% van die moontlike bywoningsyfer - hoewel vir sommige besluite 'n hoër kworum vereis is. Dan moet in gedagte gehou word dat dit slegs 10-15% uit die 15% van die totale bevolking wat vir bywoning kwalifiseer het, verteenwoordig. Dit wil sê ongeveer 1½-2% van die totale bevolking. Nietemin het dit op 'n totaal van 5000-6000 te staan gekom (kyk Hattersley 1930:29). Die praktiese probleme met so 'n groot vergadering het waarskynlik nie verduideliking nodig nie. Dit sal ongeveer vier dae (dag en nag) neem om vir elkeen 'n spreekbeurt van een minuut toe te staan. "The real point is that when a society has grown beyond the limits of a public meeting, then even the pretence of direct government has to be given up, and something has to be done about it" (Lindsay 1967:22).

* Ten derde is besluite gewoonlik deur middel van 'n gewone meerderheidstem geneem. Hierdie besluite is dan as gesaghebbend en kollektief beskou. Daar moet in ag geneem word dat dit slegs 50% van 1½-2% van die totale bevolking verteenwoordig het.

* Ten vierde het die *ekklesia* weer eens aangetoon dat die individu nie besluite wat gesaghebbend en kollektief is, kan neem in isolasie van ander nie. Hoewel elke lid van die vergadering geregtig was op 'n spreekbeurt, was sy reg hiertoe afhanklik van sy vermoë om die ander lede van die vergadering se aandag te bekom. Om 'n besluit volgens sy wense te neem, moes hy ten minste 50% van die teenwoordige lede se steun verkry.

In Atheense demokrasie is egter ook voorsiening gemaak vir direkte deelname aan die uitvoerende en regsprekende gesag. Hoewel 'n volksvergadering op die oog af mag klink na die ideale tegniek om selfdeterminasie en belangerealisering te verseker, is die situasie in die praktyk ietwat anders.

Die individu verkry wel individuele deelname, maar sy selfdeterminasie en die realisering van sy belange word nie daardeur verseker nie. Hy is steeds van ander afhanklik. Daarby bestaan die moontlikheid dat sy wense uitgesluit kan word uit die gesaghebbende en kollektiewe besluite. Hierdie uitsluiting word veral problematies wanneer dit oor die langtermyn geskied; of wanneer die individu die persepsie vorm dat dit oor die langtermyn geskied, of moontlik gaan geskied. Die volksvergadering bied daarom geen waarborg vir die individu se selfdeterminasie nie; ook nie noodwendig vir die individu se internalisering van die besluite van die volksvergadering nie.

5.4.6.2 *Populêre inisiatief*

Die *populêre inisiatief*, soms ook nasionale inisiatief genoem, is 'n verdere tegniek wat die individu die geleentheid bied tot direkte deelname in besluitneming wat hom raak, maar omrede dit gesaghebbend en kollektief is, kan dit sy selfdeterminasie bedreig.

In die geval van die populêre inisiatief word dit vir die individu moontlik om voorstelle oor wetgewing of wetswysigings te maak wat uiteindelik by besluitnemers ingedien word. Voorstelle moet egter aan bepaalde kriteria voldoen wat van die een politieke gemeenskap na 'n ander mag wissel. So verskil die wyse waarop daar oor hierdie voorstelle besluit word van een politieke gemeenskap na 'n ander.

Die Switserse konstitusie van 1848 maak byvoorbeeld voorsiening vir 'n konstitusionele inisiatief (kyk Cronin 1989:161). Enige individu wat ten minste 50 000 handtekeninge op 'n petisie kan versamel, kan 'n konstitusionele wysiging voorstel. Hierdie voorstel sal dan aan die Switserse kiesers in sy geheel voorgelê word. 'n Variasie hiervan is die voorsiening in die Switserse konstitusie vir kiesers om deur middel van 'n petisie (binne negentig dae) te versoek dat die aanvaarding van 'n bepaalde wet, of selfs 'n verdrag, aan die kiesers vir goedkeuring voorgelê word. In hierdie geval word 'n petisie met dertigduisend stemme uit 8 kantonne vereis. Cronin (1989:161) meld dat die Switsers sedert die middel van die negentiende eeu meer as 135 populêre inisiatiewe die lig laat sien het.

Van die belangrikste besware wat teen die populêre inisiatief ingebring word, is dat dit 'n bedreiging vir verteenwoordigende regering inhou en veral vir parlementêre demokrasie. Die problematiek verbonde aan verteenwoordigende regering, is reeds bespreek. Indien die kriterium demokrasie is, bestaan daar geen genoegsame rede waarom die populêre inisiatief veroordeel behoort te word nie.

Die populêre inisiatief maak juis die deur oop vir diegene wat uit verteenwoordiging en uit besluitneming gesluit word. Die individu se persepsie van selfdeterminasie kan hierdeur verhoog word. Ten minste is daar 'n tegniek wat gebruik kan word (of nie gebruik hoef te word nie) teen besluite wat nie oor die individu se goedkeuring beskik nie. Indien die populêre inisiatief uitgebrei is tot enige aangeleentheid, word die individu se potensiële deelname in besluite verhoog - so ook sy persepsie van sy selfdeterminasie. Die individu hoef hom nie tot 'n populêre inisiatief te wend nie. Die blote moontlikheid daarvan, maak dit waarskynlik makliker om besluite te aanvaar waarmee hy nie volledig saamgaan nie.

Die belangrikste problematiek is waarskynlik die administrasie verbonde aan die populêre inisiatief. Probleme in hierdie verband is byvoorbeeld die moeite en koste verbonde aan die petisie, en die moontlikheid tot vervalsing van handtekeninge.

Die moeite en koste verbonde aan die opstel van so 'n petisie kan as ontmoediging dien. Gevolglik kom die individu weer eens onder die indruk dat sy selfdeterminasie bedreig word. Die nagaan van handtekeninge en die verdere hantering van die inisiatief deur die besluitnemers het ook koste-implikasies. Laasgenoemde koste is egter nie 'n te hoë prys om te betaal vir die individu se persepsie van selfdeterminasie nie. Genoemde koste sal waarskynlik onnodige inisiatiewe verhinder.

Wat die populêre inisiatief egter weer eens aantoon is dat die individu nie in isolasie van ander individue nie, maar slegs deur assosiasie met ander in 'n demokrasie aan besluite kan deelneem. Die populêre inisiatief maak dit egter vir elke individu moontlik om die leiding in hierdie verband te neem.

5.4.6.3 *Volkstemming, plebissiet en referendum*

In die literatuur blyk die onderskeid tussen 'n *plebissiet* en *referendum* nie altyd duidelik nie. Die Afrikaanse term, volkstemming, kompliseer die onderskeid nog verder.

Die kundige op die gebied van die Staatsreg, Verloren van Themaat (Wiechers 1967:247-248), beskou beide 'n referendum en 'n plebissiet as 'n volkstemming. Daarvolgens blyk dit dat 'n volkstemming verwys na die handeling waardeur die volk sy voorkeur aandui ten opsigte van 'n bepaalde saak wat deur die besluitnemers na die volk verwys is. In die geval van 'n referendum is dit 'n volkstemming waardeur die besluitnemers gebind word deur die volk se besluit; maar in die geval van 'n plebissiet word die besluitnemers nie daardeur gebind nie. Om hierdie rede "... sal dit korrekter wees om die 1960-volkstemming [oor republiekwording] nie as 'n referendum te bestempel nie, maar as 'n plebiscitum" (Wiechers 1967:248).

Die *plebissiet* is hiervolgens niks anders as 'n meningsopname onder die "volk" deur die besluitnemers oor 'n bepaalde aangeleentheid nie. Dit is daarom nie "...'n 'opdrag' deur die kiesers aan die parlement nie, maar slegs die vrywillige meningsuiting waarom die parlement versoek het" (Wiechers 1967:248). Hierteenoor beskou Cronin (1989:160) 'n plebissiet as "...a direct vote in which voters are invited to accept or refuse the measure, program, or government of the person or party initiating the consultation, and is a consultation whereby citizens exercise the right of national self-determination. It derives from the Latin *plebiscitum*, 'the people's decree'..."; maar 'n "...*referendum* refers a proposed or existing law or statute to voters for their approval or rejection" (Cronin 1989:2). Die onderskeid wat Cronin tussen 'n plebissiet en 'n referendum maak, blyk in Cronin se werk glad nie duidelik nie. Hy noem dan ook dat die term *referendum* dikwels ongeëerg, maar ook generies gebruik word om na alle vorms van stemmings te verwys.

In sommige politieke gemeenskappe se konstitusies word uitdruklik voorsiening gemaak vir geleenthede waarvolgens die stemgeregtigdes onder die bevolking oor 'n bepaalde aangeleentheid kan stem. Die konstitusie bepaal dan hoe bindend die uitslag van die stemming is. Daar word in hierdie ondersoek verkies om na hierdie "formele" stemming te verwys, as 'n *referendum*. 'n Voorbeeld van so 'n referendum word in die Switserse konstitusie aangetref.

Al maak 'n konstitusie formeel voorsiening vir 'n referendum in bepaalde omstandighede en oor spesifieke aangeleenthede, verwys die sentrale besluitnemers soms 'n saak uit eie beweging, maar onder ander omstandighede en oor ander aangeleenthede ook na die "volk". In politieke gemeenskappe waar daar nie voorsiening gemaak word vir 'n referendum nie, verwys die sentrale besluitnemers dikwels uit eie beweging 'n besluit na die stemgeregtigdes. In die RSA was daar sedert Republiekwording twee sodanige stemmings.

In gevalle van 'n informele verwysing van 'n bepaalde aangeleentheid na die stemgeregtigdes, kan die betrokke sentrale besluitnemers uit eie beweging aandui of hulle die uitslag van die stemming as bindend sal beskou, al dan nie. Al sou die besluitnemers die uitslag van die stemming as bindend beskou, moet onthou word dat hulle konstitusioneel nie deur so 'n stemming gebind word nie. Daar bestaan daarom geen wyse waarop die sentrale besluitnemers gedwing kan word om by die uitslag van so 'n stemming te hou nie. In hierdie ondersoek word verkies om na so 'n informele stemming te verwys as '*n plebissiet*.

Die voordele verbonde aan die plebissiet en die referendum is dat dit wel die geleentheid bied vir die individu om inspraak te kry in besluitneming en moontlik selfs die finale besluit oor 'n bepaalde aangeleentheid te kan neem - soos dit dikwels in Switserland en

Denemarke die geval is. Die plebissiet en die referendum verhoog daarom teoreties die individu se selfdeterminasie. Dit bied hom die geleentheid tot direkte deelname in besluite in 'n politieke orde waar gesaghebbende besluite gewoonlik deur sentrale besluitnemers geneem word. Dit maak dit vir die individu wat nie deur 'n bepaalde party verteenwoordig word nie, moontlik om sy inspraak in besluitneming te kan maak, hoe gering dit ookal mag wees. Daarom is die steun vir 'n referendum dikwels in die praktyk oorweldigend. In 1981 het 52% Amerikaners in 'n opname aangedui dat hulle ten gunste van 'n referendum is teenoor slegs 23% wat daarteen was en 25% wat onseker was (Cronin 1989:175).

'n Referendum en 'n plebissiet is egter nie sonder probleme nie. In die eerste plek is die uitslag van 'n plebissiet nie noodwendig 'n bindende opdrag van die individue in 'n politieke gemeenskap aan die besluitnemers in die instellings van besluitneming nie, maar dit het die voordeel dat 'n plebissiet gehou kan word oor aangeleenthede en onder omstandighede waar daar nie gronde vir 'n referendum is nie. Daarteenoor is 'n referendum se uitslag bindend, maar bestaan daar dikwels streng voorskrifte vir 'n referendum, wat beperkend kan wees.

In die geval van die stemming tydens 'n referendum en 'n plebissiet, is dit die lede van die betrokke politieke gemeenskap wat stem. In praktyk is dit slegs die stemgeregtigdes, of kiesers. Gevolglik geld stemregkwalifikasies wat 'n beperkende invloed op deelname het. Met ander woorde diegene wat nie oor stemreg beskik nie word uit direkte deelname gesluit.

Verder word gevind dat die uitslag interpreteer word ooreenkomstig bepaalde kwantifiseerbare kriteria. Gewoonlik word 'n gewone meerderheid vereis, maar vergrote meerderhede kan ook vereis word. Gevolglik kan dit gebeur dat dit 'n minderheid is wat besluite neem wat op almal van toepassing is. Gestel byvoorbeeld dat 60% van die inwoners stemgeregtig is, dan impliseer 'n stemming van 51% ten gunste van 'n voorstel byvoorbeeld dat slegs 30,6% van die bevolking ten gunste van die voorstel gestem het.

'n Verdere probleem is die strukturering van die voorstel waaroor gestem moet word. In sommige gevalle is die voorstel duidelik, soos tydens die plebissiet oor republiekwording in die Unie van Suid-Afrika. Meer dikwels is die voorstelle kompleks, soos in die geval van die plebissiete van 1983 en 1992 in die RSA. Dit word verder gekompliseer deur die vereiste dat 'n kieser slegs "ja" of "nee" moet stem. Hy kan nie aandui watter gedeelte van die voorstel vir hom aanvaarbaar is, en watter gedeelte van die voorstel vir hom nie aanvaarbaar is nie. Daarom is die aanduiding van voorkeure en afkeure dikwels problematies en die interpretasie vanuit 'n besluitnemingsoogmerk nog meer problematies. Tydens die laaste twee plebissiete in die RSA het die kiesers dikwels om uiteenlopende redes "nee", maar ook om uiteenlopende redes "ja" gestem.

Daar is ander besware teen die plebissiet en die referendum soos dat dit verteenwoordigende regering kniehalter en min beweegruimte vir politieke leierskap laat. Dit val egter buite hierdie ondersoek aangesien hierdie ondersoek juis te make het met die individu se persepsie van hoe verteenwoordigende regering sy eie selfdeterminasie beperk. Die moontlikheid bestaan dat politieke partye die plebissiet en referendum kan domineer en selfs manipuleer.

Dit blyk daarom dat die voordele van die plebissiet en die referendum hoofsaaklik sielkundig is. Dit bied aan die individu die geleentheid tot direkte deelname, daarom is dit moontlik dat die individu se persepsie van sy selfdeterminasie verhoog word.

In praktyk blyk dit egter dat die werklike geleentheid tot selfdeterminasie relatief min is. Dit is ook omrede daar nie dikwels van 'n plebissiet en 'n referendum in die praktyk gebruik gemaak word nie. In die werklike uitslag word groot segmente van die individue se wense uitgesluit. Indien hierdie segmentele belange oor lang periodes uitgesluit word, ontstaan 'n problematiese situasie wat tot komplikasies aanleiding kan gee. Wanneer hierdie segmente van "ja" en "nee" stemme langs byvoorbeeld etniese verdelingslyne geskied, is dit nog meer problematies.

5.4.6.4 *Terugroeping*

Die *terugroeping of rappél* maak dit vir die individu in 'n betrokke politieke gemeenskap moontlik om 'n verteenwoordiger, of 'n verkose openbare amptenaar, van sy funksies te onthef. Die terugroeping verskil van *impeachment* deurdat dit in eersgenoemde geval die lede van die politieke gemeenskap en nie die wetgewende liggaam is wat oor die betrokke verteenwoordiger besluit nie (kyk Cronin 1989:2;125).

'n Petisie met 'n vooraf gespesifiseerde aantal handtekeninge word normaalweg in die geval van die terugroeping vereis. Geen vaste norm geld ten opsigte van die aantal handtekeninge wat vereis word nie. In die VSA wissel dit byvoorbeeld van 12-20% (in Kalifornië), tot 40% (in Kansas) van die stemme uitgebring in die laaste verkiesing in die bepaalde stemdistrik (kyk Cronin 1989:126-127).

Die voordele verbonde aan die terugroeping is onder andere dat dit veral in verteenwoordigende demokrasieë die geleentheid aan die individu bied om toe te sien dat sy belange werklik in die instellings van besluitneming en uitvoering verteenwoordig word. Dit bied daarom die geleentheid om, ten spyte van indirekte deelname aan besluitneming, 'n waaksame oog daaroor te hou. Sodoende word die individu se persepsie van sy selfdeterminasie waarskynlik verhoog. Daarby het die swaard van terugroeping wat oor 'n verteenwoordiger of openbare amptenaar se kop hang, waarskynlik 'n positiewe invloed op die verteenwoordiger se besef van sy funksies en verantwoordelikhede.

Daar is egter ook probleme verbonde aan die terugroeping. Weer eens moet genoem word dat argumente van, óf die gewone individu werklik oor die vermoë beskik om hieroor te besluit en óf dit die verteenwoordiger se beweegruimte beperk, nie hier ter sake is nie. Wat van belang is, is die mate waarin die terugroeping dit vir die individu moontlik maak om binne die politieke gemeenskap selfdeterminerend te wees.

Die uitslag berus op stemmings wat op numeriese kriteria berus. Gevolglik sal 'n bepaalde faset van diegene wat daaroor stem se wense nie nagekom word nie. Ten einde suksesvol te wees, is die individu weer afhanklik van die "samewerking" van ander. Verder is die blote koste, tyd en arbeid verbonde aan die veldtog om die nodige aantal handtekeninge te bekom, waarskynlik bo die vermoë van die gewone individu. Dit verklaar waarskynlik waarom daar in die praktyk, in politieke gemeenskappe wat oor 'n terugroepingsmeganisme beskik, so min daarvan gebruik gemaak word en waarom dit selde suksesvol is. Cronin (1989:127) noem byvoorbeeld dat uit veertig pogings tot terugroeping van ampsbekleërs in Kalifornië, slegs twee die gespesifiseerde aantal handtekeninge (12-20%) kon verwerf.

Hoewel die terugroeping in praktyk waarskynlik nie suksesvol is nie, moet aanvaar word dat die bestaan van die terugroeping tog die individu se gevoel of persepsie van selfdeterminasie verhoog en daarom is dit 'n belangrike tegniek van direkte deelname in besluitneming en besluituitvoering.

5.4.6.5 *Onkonvensionele tegnieke van direkte deelname*

*Sekondêre* tegnieke van direkte deelname aan besluitneming behels onder meer vryheid van spraak, persvryheid, vryheid van organisasie en vryheid om politieke menings bekend te maak deur middel van byvoorbeeld petisies, afvaardigings, betogings, samesprekings en persverklarings.

Hierdie tegnieke word dikwels beskou as noodsaaklik vir die bestaan van 'n demokratiese owerheidsvorm en word selfs as kenmerke van die demokrasie beskou. Andersyds word dit beskou as regte waarop die individu in 'n politieke gemeenskap met 'n demokratiese owerheidsvorm geregtig is. In laasgenoemde geval word die individualistiese grondslag van die demokrasie beklemtoon. Dit is binne hierdie konteks waarna daar in hierdie onderafdeling kortliks gekyk word.

In 'n politieke gemeenskap met 'n demokratiese owerheidsvorm kan daar beide formeel en informeel vir hierdie tegnieke voorsiening gemaak word. Dikwels word daar in 'n Handves van Menseregte voorsiening gemaak vir die reg op vryheid van spraak, persvryheid, vryheid om te organiseer en vryheid tot politieke uitdrukking (byvoorbeeld betogings). In ander gevalle word hierdie individuele regte aanvaar as deel van die demokrasie sonder dat

daar formeel in 'n konstitusie of in 'n Handves van Menseregte daarvoor voorsiening gemaak word.

Wat hier ter sprake is, is die mate waarin hierdie tegnieke van direkte deelname die individu se selfdeterminasie en die realisering van sy belange verseker.

Bogenoemde tegnieke van deelname maak dit moontlik vir die individu om sy menings en verwagtinge aan die besluitnemers bekend te maak, maar dit bied geen waarborg dat die besluitnemers daarop gaan reageer nie. Nietemin kan hierdie tegnieke moontlik wel 'n persepsie van selfdeterminasie by die individu skep.

'n Debat wat in hierdie verband ontstaan, is die mate waarin beperkinge geplaas kan word op die regte (vryhede), wat in hierdie tegnieke vervat is. Normaalweg geld die argument dat hierdie vryhede van byvoorbeeld persoon A, slegs so uitgeoefen mag word dat dit nie inbreuk maak op 'n ander (persoon B) se vryhede nie. Hierdie beskouing beperk wel A se vryhede en daarmee ook sy selfdeterminasie. Indien A se regte (vryhede) onbeperk is, bestaan die moontlikheid dat daar op B se regte (vryhede) inbreuk gemaak word.

Die bestaan van hierdie tegnieke is daarom nie sonder logiese tekortkominge nie. Dieselfde geld ook in die geval van 'n Handves van Menseregte. Die blote bepaling dat daar nie teen iemand op grond van bepaalde kenmerke gediskrimineer mag word nie, beperk juis iemand se vryheid van handelinge, wat weer sy persepsie van sy selfdeterminasie negatief kan beïnvloed.

Hoewel 'n Handves van Menseregte gewoonlik die individu se reg op vryheid van assosiasie (ook dissosiasie) neerlê, is die regte wat beskerm word persoonsgebonde regte. Al mag die individu in 'n groep assosieer, word geen groepsgebonde regte gewaarborg nie. Nominaal beskik die individu wel oor regte wat uit 'n groepverband voortvloei, soos kultuurregte. Hierdie kultuurregte is egter steeds persoonsgebonde. Groepsregte soos byvoorbeeld om gesaghebbende besluite binne die groep te neem, of amptelike status van die groepstaal, en onderwys vir die betrokke groep, word nie noodwendig deur 'n Handves van Menseregte gewaarborg nie (kyk Van Dyke 1982; Kukathas 1992; Kymlica 1992).

Daar moet in gedagte gehou word dat 'n demokratiese owerheid nie sonder hierdie regte van vryheid van spraak kan funksioneer nie, maar terselfdertyd bied hierdie regte geen waarborg van selfdeterminasie aan die individu nie. Dit verskaf ook nie enige versekering dat hy wel suksesvol sy belange sal kan laat realiseer nie. Die Franse skrywer Alexis de Tocqueville (Vol I:264) stel die probleem van vryheid van spraak in 'n demokrasie soos volg:

> You are free to think differently from me and to retain your life, your property, and all that you possess; but you are henceforth a stranger among your people. You may retain your civil rights, but they will be useless to you, for you will never be chosen by your fellow citizens if you solicit their votes; and they will affect to scorn you if you ask for their esteem. You will remain among men, but you will be deprived of the rights of mankind. Your fellow creatures will shun you like an impure being; and even those who believe in your innocence will abandon you, lest they should be shunned in their turn. Go in peace! I have given you your life, but it is an existence worse than death.

Tocqueville raak hier 'n belangrike punt aan. Al sou die reg tot byvoorbeeld vryheid van spraak en vryheid van assosiasie bestaan, kan dit deur omstandighede binne daardie politieke gemeenskap teengewerk word. Die bestaan van hierdie regte is daarom geen waarborg van die individu se vryheid, selfdeterminasie en belangerealisering nie.

5.4.7 Sentralisasie en desentralisasie

Daar is reeds in die bespreking oor die komiteestelsel van uitvoerende gesag gesuggereer dat die sukses van hierdie stelsel nie los gesien moet word van die gedesentraliseerde aard van die owerheidstelsel binne die Switserse politieke gemeenskap nie.

In die konteks van hierdie ondersoek verwys die term gesentraliseerde owerheidsgesag na gevalle waarin een sentrale owerheid verantwoordelik is vir gesaghebbende besluitneming vir daardie politieke gemeenskap. Dit beteken nie dat alle besluitneming noodwendig deur die sentrale owerheid geneem word nie. Besluite wat byvoorbeeld deur ander instansies geneem word, byvoorbeeld op regionale vlak, is egter gedelegeerde besluite wat nog steeds ondergeskik aan die sentrale owerheid se gesag is.

Die term gedesentraliseerde owerheidsgesag verwys egter na 'n politieke stelsel waarin regionale en groepsowerhede oor outonome besluitnemingsbevoegdhede beskik.

Hoe meer gesentraliseerd die owerheidsgesag is, hoe groter is die moontlikheid dat een bepaalde segment van die politieke gemeenskap die ander kan domineer. Vir Tocqueville is 'n nasionale meerderheid, wat vir alle besluitneming verantwoordelik is, ook problematies. Volgens hom kan dit aanleiding gee tot 'n tirannie van die meerderheid. "I am not so much alarmed at the excessive liberty which reigns in that country [*VSA*] as at the inadequate securities which one finds there against tyranny" (Tocqueville Vol I:260).

Die mate waarin gedesentraliseerde besluitnemingsbevoegdhede tirannie van die meerderheid kan bekamp, asook terselfdertyd groter selfdeterminasie vir die individu kan verseker, sal grootliks afhang van die omstandighede binne daardie politieke gemeenskap.

Waar minderhede byvoorbeeld geografies verspreid is, het sodanige minderhede 'n groter moontlikheid om na hul belange op sentrale vlak om te sien, as op regionale en plaaslike vlak. Desentralisasie kan egter spesiale voorsiening maak om minderhede te akkommodeer.

Die situasie word byvoorbeeld in Wes-Europa aangetref dat dit dikwels minderhede is wat 'n geïntegreerde Europese Gemeenskap ondersteun aangesien hulle van mening is dat hul belange die beste in 'n geïntegreerde Europa gedien kan word. Dit is nie net minderhede wat geografies verspreid is nie, maar selfs ook die wat geografies gekonsentreerd is. Die Bretonne in Frankryk is byvoorbeeld van mening dat hulle in 'n geïntegreerde Europa beter selfdeterminerend sal wees en hul belange beter sal kan laat realiseer as wat dit in Frankryk die geval is (kyk Esman 1977).

By desentralisasie moet daar gevolglik nie net geografies gedesentraliseer word nie. Daar moet eerder gekyk word of daar nie in terme van belange gedesentraliseer kan word nie, aangesien desentralisasie nie noodwendig die belange en selfdeterminasie van minderhede wat verspreid is, verseker nie.

5.4.8 Konsosiatiewe demokrasie

In die bespreking van die tegnieke waardeur die individu hetsy direk, óf indirek aan besluite deelneem, is tot dusver hoofsaaklik gekonsentreer op die politieke handelinge van die individu. Daar is egter telkens bevind dat die moontlikheid bestaan dat hierdie tegnieke bepaalde segmente van effektiewe deelname aan besluite kan uitskakel. Konsosiatiewe demokrasie verteenwoordig 'n poging om hierdie leemtes te oorbrug.

Die tegnieke wat tot dusver bespreek is, kan ook in 'n konsosiatiewe demokrasie van toepassing wees, maar konsosiatiewe demokrasie word gekenmerk deur segmentele outonomie wat beskou kan word as 'n manifestasie van selfdeterminasie vir bepaalde segmente. Hierdie beginsel tesame met die beginsel van proporsionaliteit waardeur aanstellings in die staatsdiens gemaak word en waarvolgens vir bepaalde dienste begroot word, is belangrik. Twee verdere aspekte is 'n grootkoalisie en 'n wedersydse veto (kyk Lijphart 1980).

Segmentele outonomie en proporsionaliteit kan veral bydra tot 'n persepsie van werklike deelname. Ongelukkig is dit die wedersydse veto en proporsionaliteit binne die sogenaamde grootkoalisie wat kan bydra tot gevoelens dat bepaalde segmente uitgelewer is aan die samewerking van ander segmente. Individue mag gevolglik die persepsie verkry dat proporsionaliteit en die veto hul persoonlike selfdeterminasie kan benadeel, omrede sy selfdeterminasie nou afhanklik is van die wyse waarop proporsionaliteit toegepas word en ander se gebruikmaking van die veto.

Konsosiatiewe demokrasie mag daarom bydra tot die insluiting van alle segmente. Nietemin kan persepsies nog bestaan dat bepaalde segmente se selfdeterminasie bemoeilik word deur die handelinge en/of eise van ander segmente.

## 5.5 SLOTOPMERKINGS

Enkele belangrike aspekte betreffende demokrasie is in hierdie hoofstuk uitgewys.

Ten eerste is demokrasie 'n owerheidsvorm wat veronderstel is om erkenning te gee aan die selfdeterminerende aard van die menslike wese.

Ten tweede blyk dit egter dat dit nie vir die mens moontlik is om in isolasie van ander individue, binne 'n politieke gemeenskap met 'n demokratiese owerheidsvorm, selfdeterminerend te wees nie. Die mens is genoodsaak om met ander te assosieer. Sy assosiasie in hierdie verband sal grootliks beïnvloed word deur gemeenskaplike belange (insluitende identiteit), gemeenskaplike persepsies en idees.

Ten derde is daar nie noodwendig 'n vaste patroon waarvolgens alle individue onder alle omstandighede sal assosieer nie. Assosiasie sal grootliks afhang van elke individu se hiërargie van identiteite en belange wat mag wissel na gelang van omstandighede.

Ten vierde blyk dit dat geen konvensionele (primêre) en sekondêre demokratiese tegniek, die individu se selfdeterminasie en belangerealisering kan waarborg nie. Die belangrikheid van numeriese kriteria impliseer dat dit moontlik is dat groot segmente van die individue in 'n politieke gemeenskap met 'n demokratiese owerheidsvorm van besluitneming uitgesluit kan word, óf uitgesluit <u>kan voel</u>.

Ten vyfde mag die persepsie by die individu ontstaan dat sy selfdeterminasie en belangerealisering negatief deur die "stelsel" geraak word. Wanneer dit 'n bepaalde groep individue is wat oor die langtermyn hierdie persepsie ontwikkel, is dit problematies.

Ten sesde het bogenoemde uitsluiting implikasies vir die individu se internalisering van die gesaghebbende besluite in die betrokke politieke gemeenskap.

Ten sewende het die individu se negatiewe persepsie van sy selfdeterminasie en belangerealisering gepaardgaande met sy gebrekkige internalisering van kollektiewe besluite implikasies vir sy assosiasie met die betrokke gemeenskap (meer hieroor in die volgende drie hoofstukke). Te dikwels ontaard demokrasie in 'n "ons-hulle" scenario waar enigiets wat "hulle" voorstel of voorstaan bloot deur "ons" van die tafel gevee word.

Ten slotte moet genoem word dat die demokratiese tegnieke wat tans gebruik word, in die realisering van die demokratiese ideaal, nie noodwendig die individu se selfdeterminasie, of sy positiewe persepsie daarvan, waarborg nie.

# HOOFSTUK 6

## DEMOKRASIE, DIE NASIE EN DIE HEDENDAAGSE STAAT

### 6.1 ALGEMENE INLEIDING

Hierdie is die eerste van drie hoofstukke waarin daar, teen die agtergrond van die inhoud van die voorafgaande hoofstukke, na 'n moontlike verband tussen die aktivering van die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie in die hedendaagse staat gekyk word, asook na die omstandighede waarin so 'n verband moontlik aangetref kan word. In hierdie verband word in die besonder gelet op die mate waarin die kenmerke van die hedendaagse staat (indien dit oor 'n demokratiese owerheidsvorm beskik of sou beskik) dit vir die individu moontlik maak om selfdeterminerend te kan wees en om sy belange te kan realiseer. Verder word gekyk na die wyse waarop die individu assosieer ten einde sy belange te realiseer.

In hierdie hoofstuk word gekyk na 'n moontlike verband tussen die aktivering van die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie deur middel van die konstruksie en bespreking van 'n aantal hipotetiese scenario's. Hierdie scenario's word bespreek teen die agtergrond van die teorie wat in die voorafgaande hoofstukke bespreek is, maar veral in hoofstukke 3, 4 en 5.

In hoofstukke 3 en 4 is onder meer aangetoon dat nasionalisme die produk is van menslike denke en menslike handelinge. Hierdie denke en handelinge is uitvloeisels van die mens se afhanklikheid van ander in sy strewe om 'n verskeidenheid belange te realiseer. Selfidentiteit en selfdeterminasie is twee belange wat in hierdie hoofstuk uitgesonder word en wat in 'n ondersoek na die verband tussen nasionalisme en demokrasie van belang is.

Daar is ook op gewys dat die individu poog om sy selfdeterminerende aard met die eise van die groep te versoen deur die groep se waardes en gewoontes, deur middel van internalisering, sy eie te maak. Die grootte van die groep wat so gevorm word, sal afhang van die opofferings wat die individu bereid is om te maak of wat vir hom moontlik is om te maak ten einde sy belange as 'n selfdeterminerende wese te realiseer. Daar is ook op gewys dat in nasionalisme die individu se selfidentiteit en selfdeterminasie versoen word met die identiteit en selfdeterminasie van die nasie.

In hoofstuk 4 is verder aangetoon dat die reikwydte van die individu se assosiasie met ander individue nie onbeperk is nie. Die reikwydte sal bepaal word deur die omstandighede

waarbinne individue hulle bevind, maar ook deur hul persepsie van daardie omstandighede. Deels erf die individu lidmaatskap van reeds bestaande assosiasies en is dit vir hom makliker om met sommige as om met almal te assosieer. Die elite-massa-simbiose is 'n belangrike faktor in die mobilisering tot en instandhouding van bepaalde segmente in die samelewing by gemeenskapsvorming en uiteindelik by nasievorming. In hierdie verband benut (eerder as om te skep) die elite bepaalde omstandighede tot sy eie voordeel, maar ook tot die voordeel van die ander individue.

Die vraag is egter hoe bogenoemde verband hou met demokrasie? Daar is reeds in hoofstuk 5 daarop gewys dat demokrasie juis in die politieke organisasie van 'n politieke gemeenskap veronderstel is om aan die individu groter deelname en inspraak in gesaghebbende en kollektiewe besluite te verleen. Dit kan bydra tot 'n groter gevoel en persepsie van selfdeterminasie by die individu. Verder is aangetoon dat tegnieke wat gewoonlik in 'n demokratiese owerheidsvorm toegepas word, nie altyd die selfdeterminasie van die individu in 'n politieke gemeenskap met 'n demokratiese owerheidsvorm realiseerbaar maak nie. Die individu sal dit feitlik onmoontlik vind om op eie houtjie sy politieke belange in 'n "politieke" gemeenskap met 'n demokratiese owerheidsvorm te realiseer. Weer eens bevind hy hom in die situasie dat hy verplig is om met ander individue te assosieer om sy belange te beskerm, te bevorder en te realiseer.

Net soos in die geval van die nasie gaan die individu se assosiasies bepaal word deur sy selfidentiteit, sy strewe om selfdeterminerend te wees en sy persepsie van sy belange en hoe sy belange die beste gedien kan word. Hiermee word egter nie beweer dat die individu se assosiasie in nasieverband identies is met sy assosiasies in demokratiese verband nie.

Belangerealisering vir die mens in 'n politieke gemeenskap het beide 'n sosiale komponent en 'n politieke komponent. Dieselfde belang kan daarom in twee verskillende sfere ter sprake kom. Dit kan weer tot verskillende tipes assosiasies aanleiding gee. Die sosiale komponent het hoofsaaklik te make met selfidentiteit en die mens se behoefte aan die bevrediging van belange wat alleen binne groepverband gerealiseer kan word, soos byvoorbeeld kulturele belange. Die politieke komponent het weer te make met die realisering van belange deur middel van gesaghebbende besluite. Die individu se assosiasie in politieke verband het te make met die onvermydelike groepsaard van suksesvolle inspraak in politieke besluite, soos uitgewys in hoofstuk 5. Politieke assosiasies dui egter nie noodwendig op die vorming van politieke partye nie. Om die implikasies van die sosiale en politieke komponente van individue se assosiasies in die praktyk aan te toon kan verskeie hipotetiese scenario's as voorbeelde bespreek word.

Vervolgens word 'n paar vereenvoudigde hipotetiese scenario's in hierdie verband bespreek. Hierdie scenario's word in twee breë kategorieë ingedeel, dit wil sê scenario's

wat te make het met, eerstens state wat etnies homogeen (mono-etnies) is en tweedens state wat etnies heterogeen (poli-etnies) is[601]. Hiermee word nie beweer dat etnisiteit en nasionalisme identies aanmekaar is nie. In die praktyk wil dit egter voorkom asof nasionalisme selde breër as 'n bepaalde etniese identiteit strek en indien dit die geval is, is dit belangrik om na etnisiteit as 'n potensiële middelpuntvliedende krag te kyk.

## 6.2 HIPOTETIESE SCENARIO'S

Die scenario's wat volg is hipoteties en akademies en het nie noodwendig 'n identiese ekwivalent in die praktyk nie. Die oogmerk daarmee is om aan te toon hoe sosiale en politieke assosiasie moontlik in die praktyk kan geskied. In hoofstuk 7 word egter gepoog om state wat in die praktyk ooreenkomste met hierdie scenario's toon, te bespreek.

### 6.2.1 Mono-etniese state

Die *mono-etniese* staat is 'n staat waarin die permanente inwoners net tot een ethnie behoort. Hierdie state is egter in die praktyk min.

'n Variasie van die mono-etniese staat is die *naastenby etnies-homogene* staat. Dit is 'n staat waarin meer as een ethnie voorkom. Een ethnie is egter numeries dominant en die getalle van die ander ethnies is onbeduidend om werklik van enige belang te wees. Die meeste state wat hedendaags as mono-etnies beskou word, val waarskynlik in hierdie laaste kategorie omrede feitlik alle state oor "vreemdelinge" soos byvoorbeeld Jode beskik. Vir doeleindes van hierdie bespreking word hierdie state onder die subhoof mono-etniese state bespreek, omrede die verskillende ethnies gewoonlik die posisie van die dominante ethnie aanvaar.

#### 6.2.1.1 *Scenario 1*

Veronderstel staat S1 is mono-etnies. Al die inwoners van S1 behoort tot dieselfde ethnie, het dieselfde taal as eerste taal, wat terselfdertyd die amptelike taal is, is aanhangers van dieselfde godsdiens en beskou mekaar as lede van dieselfde nasie. Individue A, B, C, D, E, F en G word vir bespreking uitgesonder.

Aangesien hierdie individue dieselfde eerste taal praat en aanhangers van dieselfde godsdiens is, is dit te betwyfel of taal en godsdiens 'n bron van ernstige meningsverskil sal wees. Dispute oor taal kan byvoorbeeld skryfwyses en die toekenning van letterkundige pryse betrek. Dispute oor godsdiens kan byvoorbeeld die rol van godsdiens in skole behels.

'n Individu in S1 se taal en godsdiens sal nie sy belange direk bedreig in die sin dat daar op grond daarvan teen hom gediskrimineer sal word nie, óf omrede sy taal nie die voertaal en/of amptelike taal van S1 is nie. Indirek kan godsdiens 'n individu se selfdeterminasie bedreig omrede godsdiens kodes neerlê wat bepaal wat reg en verkeerd is. As lid van S1 het hierdie individue waarskynlik hierdie kodes tot hul eie gedragskodes geïnternaliseer, hoewel dispute nietemin kan ontstaan - vergelyk byvoorbeeld geskille oor die ordening van vroue as predikante. Gronde vir ernstige twis sal eerder die ekonomie en ander openbare dienste, soos byvoorbeeld skole betrek en ook die politieke organisasie van die staat.

Veronderstel nou dat individue A, B en C afhanklik van D en E is vir die verskaffing van 'n bepaalde produk, X. Verder beskou A, B, C, D, E, F en G mekaar as lede van dieselfde nasie en behoort hulle tot dieselfde ethnie. Op sosiale vlak assosieer A, B, C, D, E, F en G dan as lede van dieselfde nasie; D en E as ko-produseerders van produk X; en A, B en C as verbruikers van produk X. As produsente en as verbruikers van respektiewelik produk X kan D en E wel in opposisie met A, B en C kom, ten spyte daarvan dat hulle mekaar steeds as lede van dieselfde nasie beskou. A, B en C mag ontevrede wees oor die gehalte van produk X en dring op gesaghebbende besluite aan wat minimum standaarde vir produk X moet neerlê. Beide produsent en verbruiker het 'n belang by die gesaghebbende besluite wat geneem word. Beide kom tot die besef dat hulle nie alleen hierdie "geskil" kan besleg nie. Die nodige steun moet deur A, B en C verkry word om die aangeleentheid onder die besluitnemers se aandag te bring. D en E, maar ook A, B en C is egter bewus daarvan dat die gesaghebbende besluite wat geneem word, gaan afhang van die steun wat elke kamp kan mobiliseer. Daarom assosieer D en E ook met ander wat 'n soortgelyke belang as hulle het. So assosieer ook A, B en C met ander met soortgelyke belange. Veronderstel die gesaghebbende besluite wat in hierdie verband geneem is, het hoofsaaklik die verbruiker bevoordeel. Die produsent is egter steeds deur daardie besluite gebind.

Gestel egter dat twee ander individue, F en G, 'n beswaar het teen produk X en hulself vir die verbanning daarvan beywer. Nou het A, B, C, D en E weer 'n gemeenskaplike belang in produk X en sal waarskynlik saamstaan in hul pogings om die verbanning van produk X teen te staan. A, B, C, D en E, maar ook F en G bevind hul in die posisie dat hulle met ander sal moet assosieer om hul onderskeie belange deur middel van gesaghebbende besluite te realiseer.

A, B, C, D, E, F en G het ook ander belange as produk X. Gevolglik kan dit gebeur dat D en E; F en G; A, B en C onderling oor ander belange in opposisie met mekaar kan wees. Terselfdertyd is ander kombinasies van assosiasies op sosiale en politieke vlak moontlik. Dit gee gevolglik aanleiding tot 'n netwerk van verdelende maar ook kruissnydende belange en assosiasies[602].

Assosiasies in S1 is potensieel amorf en snelwisselend. Belangegroepe, maar veral politieke partye verleen in die praktyk egter 'n relatief permanente dimensie aan politieke assosiasies.

Die relatief permanente dimensie wat politieke partye in S1 aan politieke assosiasies kan verleen, kan oor die langtermyn tot interne verdeeldheid aanleiding gee. Hoe meer regulerend - dit wil sê hoe meer gesaghebbende besluite oor 'n groot aantal aangeleenthede geneem word - hoe groter is die moontlikheid dat interne geskille oor daardie besluite kan ontstaan. In 'n staat met 'n homogene bevolking is dit onwaarskynlik dat die individu hierdie geskille na aspekte van sy identiteitshiërargie soos etnisiteit, taal, godsdiens en kultuur sal terugvoer.

Mono-etniese state is egter nie noodwendig homogeen in terme van klas nie. Daarom is dit moontlik dat verdeeldheid ten opsigte van klas kan bestaan. Klas is 'n problematiese faktor omrede verdeeldheid in klas beide op politieke gebied, maar ook op sosiale gebied kan saamval. Dit is daarom belangrik dat die laerklasse hulself in nasieverband identifiseer met die "prestige" wat die hoërklasse en die elite aan die nasie verleen. Die hoërklasse moet weer bewus wees van die laerklasse se belangrikheid vir die nasie, byvoorbeeld met betrekking tot hul arbeidsvermoëns en getalle.

Dit is egter belangrik om in ag te neem dat die assosiasie wat aanleiding gee tot die nasie, relatief tot bogenoemde assosiasies wat, ter wille van belangerealisering, aangegaan word, meer stabiel, meer afgebaken en meer permanent is. Daarmee word nie beweer dat die nasie nie aan verandering onderhewig is nie. Dit is ook moontlik dat "latente" lede van die nasie onder bepaalde omstandighede snel gemobiliseer kan word.

In 'n mono-etniese staat is interne meningsverskille hoofsaaklik die gevolg van belange, wat nie direk met 'n persoon se etniese dimensie van sy selfidentiteit verband hou nie. Waar sosiale geskille tussen individue in die staat polities besleg word kan politieke meningsverskille weer op sosiale vlak getemper word. Ten spyte daarvan dat politieke geskille uit sosiale omstandighede mag voortvloei, temper die verskeidenheid en kruissnydende aard van sosiale assosiasies dikwels hierdie politieke verskille en geskille[603].

In mono-etniese state is dit moontlik dat demokratiese tegnieke nie werklik by een segment van die inwoners, die gevoel laat posvat dat hulle selfdeterminasie en belangerealisering permanent negatief deur besluitneming geraak word nie.

Indien die demokratiese tegnieke in S1 daarop gemik is om belange deur middel van gesaghebbende besluite te versoen, bestaan die moontlikheid dat dit as aansporing vir identifikasie met en lojaliteit teenoor die nasie kan dien. Demokratiese tegnieke mag

daarom 'n positiewe invloed uitoefen in die totstandkoming en instandhouding van 'n nasiestaat. In hierdie scenario oorvleuel lidmaatskap van die nasie met lidmaatskap van die ethnie.

6.2.1.2 *Scenario 2*

Vir 'n staat om as mono-etnies beskou te word, impliseer nie dat daar geen individue van 'n ander ethnie in daardie staat teenwoordig mag wees nie. Die mono-etniese staat se homogeniteit kan egter bedreig word deur die inbeweging van vreemdelinge maar ook deur ontwikkelings in eie geledere. Dit is egter moontlik dat onder bepaalde omstandighede vreemde elemente, beide van binne en van buite, gerieflik deur die nasie geabsorbeer en selfs geassimileer kan word.

Veronderstel dat in staat S2 is individue A, B, C, D, E, F en G lede van dieselfde ethnie, E1. As lede van dieselfde ethnie, met geen noemenswaardige verskille in taal, godsdiens en kultuur nie, sal die sosiale en politieke assosiasie tussen die individuele lede van ethnie E1, soortgelyk wees aan dié wat in scenario 1 geskets is. Nie alle individue in S2 behoort egter tot dieselfde ethnie nie.

Individu M is 'n immigrant en lid van 'n ander staat en ethnie, E2. Ethnie E1 vorm die kern van die nasie in S2. Individu M, hoewel nie 'n lid van E1 nie, hou egter nie 'n bedreiging vir die aard van die nasie in S2 in nie. Terselfdertyd is M 'n verskaffer van 'n noodsaaklike diens, waarvan daar 'n tekort aan verskaffers in S2 is, soos byvoorbeeld 'n mediese dokter. Op grond van sy diens aan en assosiasie met die individue in S2 verkry M onder bepaalde omstandighede as't ware erelidmaatskap van die nasie, ten spyte daarvan dat M nie 'n lid van E1 is nie. Die teenwoordigheid van M is trouens in belang van die lede van E1 en daarom word sy teenwoordigheid verdra. Dit gee ook 'n aanduiding dat lidmaatskap van die nasie nie noodwendig etnies gebonde hoef te wees nie.

Die gemak waarmee M by die nasie ingelyf word, sal (soos in hoofstukke 3 en 4 gesuggereer) beïnvloed word deur die sosiale, kulturele en politieke afstand, maar ook die numeriese verhouding tussen E1 en E2. Indien E1 en E2 histories vriendskaplike bande het, sal dit waarskynlik makliker wees om M by die nasie in S2 in te lyf. Indien E1 en E2 histories vyande was, sal dit waarskynlik moeiliker gaan.

'n Toename in immigrasie deur lede van E2 na S2 kan problematies word omrede die lede van E1 die gevoel mag kry dat hul identiteit, maar ook hul belange deur die toestroming bedreig word, veral indien lede van E2 om hulpbronne begin meeding. Die getalsterkte van die lede van E2 in S2, verteenwoordig ook nou 'n groter "trust" waaruit steun gemonster kan word vir gesaghebbende besluite wat in die lede van E2 se belang, maar teen die belang

van E1, kan wees. Die bedreiging wat die teenwoordigheid van lede van E2 vir die belange van E1 in S2 inhou, sal waarskynlik lede van E1 meer bewus maak van hul eie identiteit, en ander belange. Dit kan egter ook lede van E2 meer bewus van hul identiteit en ander belange maak. Daarom kan dit moeiliker word vir lede van E2 om as erelede van die nasie opgeneem te word. Lede van E2 word toenemend deur E1 as 'n bedreiging vir hul identiteit, selfdeterminasie en belangerealisering in die algemeen beskou.

E1 se persepsie van E2 se bedreiging sal onder andere van die sosiale afstand tussen E1 en E2 afhang. Dit wil sê indien die reikwydte van E1 wel lede van E2 insluit (selfs al die lede) sal E2 nie werklik as 'n bedreiging beskou word nie. Die reikwydte sal, soos in hoofstuk 4 aangedui, onder andere beïnvloed word deur verskille in kultuur, taal, ras, geloof en klas, asook ekonomiese faktore.

Die onderlinge interaksie van lede van E1, kan gevolglik beïnvloed word deur die teenwoordigheid van E2 in S2. Dit kan gebeur dat interaksies tussen die lede van E1 en E2 in S2, kan bydra tot minder interne verdeeldheid onder die lede van E1 en E2 onderskeidelik, maar dit kan ook gebeur dat interne verdeeldheid juis toeneem omrede die onderskeie lede van E1 en E2 onderling met mekaar verskil oor hul interaksies met die ander ethnie.

Die homogeniteit van E1 in S2 kan ook deur die ontwikkeling van interne verskille bedreig word. Geringe verskille onder lede van E1, sal nie noodwendig bepaalde individue as lede van E1 diskwalifiseer nie. Gestel die lede van E1 is almal Protestante. Individu B besluit egter om die Hindoeïsme aan te neem. Hierdie besluit van B hou nie werklik 'n bedreiging vir die identiteit van E1 in nie, maar dit mag sy verhouding met van die lede van E1 beïnvloed, hoewel hy waarskynlik steeds as 'n lid van die nasie beskou sal word. Indien meer individue besluit om die Hindoeïsme aan te neem, mag dit langtermynimplikasies vir die homogeniteit van S2 inhou deurdat nuwe identiteite in E1 se geledere ontwikkel. Dit mag oor die langtermyn tot kulturele differensiasie aanleiding gee.

Laasgenoemde is 'n voorbeeld van kulturele heterogeniteit wat op evolusionêre wyse binne 'n bepaalde ethnie kan ontwikkel. Hierdie verskynsel is belangrik vir die hedendaagse staat. Ten spyte van die hedendaagse staat se permanente grense bied dit geen waarborg dat 'n homogene bevolking permanent homogeen in alle opsigte sal bly nie. Die kulturele homogeniteit van 'n ethnie in 'n mono-etniese staat kan bedreig word deur die inbeweging van vreemdelinge, maar ook weens verskille wat in eie geledere kan ontwikkel.

Dit is egter nie moontlik om 'n numeriese kriterium neer te lê waarvolgens bepaal kan word, wanneer vreemde elemente nie meer erelidmaatskap van die nasie sal verkry nie. In die praktyk mag sosiale, politieke en ekonomiese faktore die numeriese verhouding temper,

maar onder bepaalde omstandighede weer aksentueer. So mag selfs 'n enkele individu weens sosiale, politieke en selfs ekonomiese faktore uitgesluit word.

6.2.1.3 *Scenario 3*

Staat S3 is 'n mono-etniese staat wat deur 'n vreemde moondheid (V1) gekoloniseer is[604]. Die owerheid in S3 verteenwoordig slegs V1 en kan óf deur V1, óf deur die lede van V1 in S3, aangestel of verkies word. Daar is egter net genoeg lede van V1 in S3 teenwoordig om te sorg dat V1 in beheer bly.

Aangesien S3 se bevolking homogeen is, sal die sosiale en politieke assosiasies van lede soos onder scenario 1 geskied. Indien daar enkele vreemdelinge is wat nie 'n bedreiging vir die belange van die inheemse bevolking is nie, sal sosiale en politieke assosiasies ooreenstem met die situasie in scenario 2.

Die teenwoordigheid van lede van V1 in S3 verskil van die teenwoordigheid van E2 in S2 (scenario 2) omrede V1 die inheemse bevolking domineer en sodoende hul selfdeterminasie negatief beïnvloed.

Hierdie inbreuk wat op die selfdeterminasie van die natuurlike inwoners van S3 gemaak word, sal daartoe aanleiding gee dat hulle hul vir hul selfdeterminasie sal beywer. Indien dit blyk dat hulle oor 'n groter potensiële politieke mag beskik as wat die teenwoordigheid van V1 kan uitoefen, mag hulle hul selfdeterminasie deur middel van demokratiese tegnieke nastreef. Indien V1 die gebruik van hierdie tegnieke verhinder, sal die lede van S3 toenemend druk begin uitoefen vir die toelating van demokratiese tegnieke.

Demokratiese tegnieke kan hierdeur die selfdeterminasie van die lede van S3 moontlik maak, maar terselfdertyd kan die assosiasie wat daaruit voortspruit 'n gevoel van nasionalisme onder lede van S3 skep, of indien nasionalisme wel bestaan, die intensiteit daarvan verhoog en selfs latente lede tot daardie nasionalisme mobiliseer, soos in hoofstuk 4 verduidelik.

6.2.2 Poli-etniese state

Die poli-etniese staat is 'n staat waarin meer as een ethnie voorkom.

Verskillende variasies van poli-etniese state kom voor. Ten eerste is daar poli-etniese state waarin een ethnie 'n dominante posisie beklee. Die dominante posisie van 'n bepaalde ethnie kan die gevolg wees van getalsterkte, ekonomiese posisie, politieke status en selfs sosiale status. In 'n staat met 'n demokratiese owerheidsvorm wat gegrond is op die

beginsels van *een-mens-een-stem* en *wenner-neem-alles*, is dit gewoonlik getalle wat 'n bepaalde ethnie se posisie bepaal.

Ten tweede is die *etnies-bipolêre staat* 'n ander variasie van 'n poli-etniese staat. Dit is 'n staat waarin twee ethnies met min of meer gelyke mag aangetref word. Indien ander ethnies wel aangetref word, is hul mag relatief tot die twee dominante ethnies onbelangrik.

Ten derde is daar die *etnies-multipolêre staat*. Dit is 'n staat waarin meer as twee ethnies met vergelykbare mag aangetref word.

Vervolgens word daar gekyk na van die moontlike interaksies en sosiale en politieke assosiasies in poli-etniese state. Daar is egter talle moontlike kombinasies in beide sosiale en politieke assosiasies in 'n poli-etniese staat. Dit sou onprakties wees om na al hierdie moontlikhede te kyk en gevolglik word gekonsentreer op dié wat vir doeleindes van hierdie ondersoek die belangrikste is.

Aangesien die interne assosiasie van elke ethnie na verwagting soortgelyk sal wees aan die assosiasies in mono-etniese state, word daar nie hierna gekyk nie. Daar word hoofsaaklik gekonsentreer op interaksies tussen die onderskeie ethnies.

6.2.2.1 *Scenario 4*

In staat S4 is twee inheemse ethnies (E1 en E2) teenwoordig. Hoewel hul tale tot dieselfde taalfamilie behoort, is dit nietemin twee verskillende tale. Ethnie E1 is egter die dominante ethnie in S4 en hul taal T1 is die amptelike taal. Histories maak beide E1 en E2 op geografiese gedeeltes van S4 aanspraak.

Die demokratiese tegnieke wat in S4 gebruik word, lei daartoe dat E1 die gesaghebbende en kollektiewe besluite in S4 domineer.

Die gebrekkige inspraak van E2 in besluitneming en die probleme wat ondervind word met die gebrek aan erkenning van hul taal, T2, skep negatiewe persepsies by lede van E2 oor die realisering van hul belange. Waar selfidentiteit oorspronklik nie deel van die probleem uitmaak nie, word dimensies van selfidentiteit soos taal en etnisiteit toenemend belangrik met betrekking tot lede van E2 se assosiasie in politieke verband. Ten minste ervaar al die lede van E2 in 'n mindere of meerdere mate soortgelyke probleme. Hierdie gemeenskaplike persepsie dat hulle probleme met hul belangerealisering ondervind en die persepsie dat hierdie probleme verband hou met hul etnisiteit, kan daartoe bydra dat etnisiteit vir doeleindes van politieke assosiasie toenemend belangrik word.

Ten spyte daarvan dat S4 oor 'n demokratiese owerheidsvorm beskik, word 'n bepaalde segment van S4 se inwoners van betekenisvolle deelname aan besluite uitgesluit. Hierdie "demokratiese uitsluiting" tesame met die dominante posisie wat E1 vir hulself deur middel van demokratiese besluite uitkerf, kan gevolglik daartoe aanleiding gee dat lede van E2 toenemend bewus word van hul gemeenskaplike etniese identiteit.

Indien E1 en E2 in terme van getalle ongeveer ewe sterk is, of indien E1 inderwaarheid 'n numeriese minderheid vorm, kan E2 hom daarvoor beywer om beheer oor gesaghebbende en kollektiewe besluite te verkry. Oor die langtermyn kan dit egter negatiewe implikasies vir die politieke stabiliteit van S4 inhou. Slegs indien beide E1 en E2 van mening is dat 'n voortgesette assosiasie in S4 in hul belang is, sal die staat bly voortbestaan.

Wanneer E2 egter 'n numeriese minderheid verteenwoordig en daarby geografies redelik geïsoleerd van lede van E1 lewe, kan dit gebeur dat die lede van E2 toenemend bewus word van hul eie potensiële politieke selfdeterminasie. Daarom kan dit gebeur dat hul toenemend op politieke selfdeterminasie en selfs op separatisme aanspraak maak.

In hierdie scenario stimuleer demokrasie as't ware nasionalistiese sentiment onder lede van E2, deurdat uitsluiting uit besluitneming 'n groep bewus maak van hoe hul selfidentiteit en belangerealisering negatief deur die owerheidsgesag en gesaghebbende en kollektiewe besluite geraak word. Dit sal onder hierdie omstandighede moeilik wees om nasionale eenheid in S4 te bewerkstellig, aangesien E1 en E2 nou twee verskillende nasies verteenwoordig wat hulself binne dieselfde staat, S4, bevind. Die konflikpotensiaal in hierdie scenario is groot. Alleen deur die suksesvolle aanpassing van die demokratiese tegnieke sodat daar na beide E1 en E2 se belange omgesien word, kan nasionale eenheid moontlik bereik word.

Wanneer etniese verskille en verskille in taal verder gekompliseer word deur byvoorbeeld verskille in ras, onverwante tale, geloof en klas tussen E1 en E2, sal die reikwydte negatief beïnvloed word en is nasionale eenheid veral onder 'n dominante E1 moeiliker haalbaar[605].

In situasies soos hierdie poog 'n dominante ethnie (wat homself gewoonlik as die kern van die nasie beskou) om die lede van die ondergeskikte ethnie te assimileer. Daar word gemeen dat probleme wat uit etniese verskille ontstaan, daardeur uitgeskakel sal word. In hierdie gevalle word uit die oog verloor dat assimilasie lede van die ander ethnies meer bewus van hul selfidentiteit maak. Nou ontstaan die persepsie dat dit nie net die individu se belange is wat bedreig word nie, maar ook sy selfidentiteit. Weer eens bestaan die moontlikheid dat die lede van E2 hulself in opposisie met E1 kan mobiliseer en toenemend die selfdeterminasie van E2 kan nastreef. Sodoende kry S4 met mininasionalismes en selfs rebelse nasionalismes te make.

Die aandrang op selfdeterminasie deur E2 kan verskeie vorme aanneem. Dit kan wissel van outonomie tot separatisme en afskeiding van die dominante ethnie[606]. Afskeiding sal alleen moontlik wees indien El en E2 afsonderlike geografiese streke van S4 bewoon. Wanneer die onderskeie lede van El en E2 vermeng is, raak afskeiding problematies.

Die situasie in S4 kan gekompliseer word indien beide El en E2 van mening is dat hulle alleenaanspraak op S4 het. Sodanige gevalle is uiters gekompliseer en die moontlikheid van vreedsame naasbestaan in dieselfde staat, veral waar die twee ethnies geïntegreer is, moeilik haalbaar.

In hierdie scenario is klem gelê op die teenwoordigheid van twee ethnies. Dieselfde tipe interaksies kan aangetref word in gevalle van meer as twee ethnies.

Die interaksies tussen die verskillende ethnies kan tot interne verdeeldheid lei omrede die lede van die onderskeie ethnies nie eenstemmigheid het oor hoe hul belange die beste gedien kan word nie.

6.2.2.2 *Scenario 5*

In staat S5, word twee of meer verskillende ethnies aangetref. Vir doeleindes van hierdie scenario word drie ethnies beklemtoon, naamlik El, E2 en E3, elkeen met sy eie taal en godsdiens. In sommige geografiese streke is die onderskeie lede van El, E2 en E3 vermeng, terwyl die ander streke telkens primêr deur een bepaalde ethnie bewoon word.

Taalregte in S5 is as geheel gewaarborg en godsdiensvryheid en ander kulturele regte word toegelaat. Die owerheidsmagte in S5 is gedesentraliseer, met ander woorde relatief min gesaghebbende besluite word op sentrale vlak geneem. Sodanige besluite word nie deur 'n bepaalde ethnie gedomineer nie. Gevolglik beskik die verskillende politieke eenhede waarin die staat verdeel is, oor 'n groot mate van selfdeterminasie. Sodoende sal die individu nie maklik die gevoel kry dat sy identiteit en ander belange bedreig word deur 'n assosiasie met ander ethnies in dieselfde staat nie.

Indien individue ontevrede is met besluite wat in die etnies-vermengde streke geneem word, staan dit daardie individue vry om na ander streke te beweeg.

Dit is te betwyfel of etnisiteit maklik in S5 'n bron van geskille sal word veral as politieke besluitneming nie deur 'n bepaalde ethnie gedomineer word nie, daar relatief min gesentraliseerde besluite geneem word, etniese aspekte van die individu se selfidentiteit nie bedreig word nie en hom ook nie verhinder om sy belange te realiseer nie. In hierdie geval kan die demokratiese tegnieke die gevoel van selfdeterminasie by die lede van die

verskillende ethnies skep, daarom sal rebelse nasionalisme waarskynlik nie deur demokrasie gestimuleer word nie.

Dit is moeiliker om te bepaal tot watter mate eenheid in een nasie in 'n poli-etniese staat bereik kan word. Waarskynlik is die lojaliteit wat in hierdie verband bestaan eerder op die geografiese dimensie van S5 gegrond as op die inwoners in geheel. Waarskynlik kan hier eerder van patriotisme as nasionalisme gepraat word. Die moontlikheid dat patriotisme oor die langtermyn tot nasionalisme aanleiding kan gee, is nie uitgesluit nie[607].

In hierdie scenario is gelet op die teenwoordigheid van drie ethnies. Hierdie scenario kan ook van toepassing wees op 'n staat met slegs twee ethnies en ook op 'n staat met meer as drie ethnies. Die interaksies sal beïnvloed word deur die relatiewe mag van die onderskeie ethnies. Bipolariteit en multipolariteit in die staat sal 'n faktor in hierdie interaksies wees op dieselfde wyse as wat dit 'n faktor tussen state is. Wat veral belangrik is, is dat in hierdie scenario die interaksies nie soseer deur die verskille tussen die subgroepe bepaal word nie, maar deur die wyse waarop hierdie verskille geakkommodeer word.

6.2.2.3 *Scenario 6*

Staat S6 se omstandighede is soortgelyk aan S5, met die uitsondering dat die geografiese streek in S5 wat deur lede van E1 bewoon word, aangrensend is tot staat S1 wat ook deur lede van E1 bewoon word. Net so grens staat S2 (ethnie E2) aan die geografiese streek in S6 wat deur lede van E2 bewoon word. S1 en S2 verkeer egter in 'n staat van oorlog. Aangesien E2 numeries die meerderheid in S6 is, het S6 tradisioneel nouer bande met S2 as met S1. By wyse van 'n demokratiese besluit, besluit S6 om S2 in die oorlog te steun. Tradisioneel het die lede van E1 in S6 egter steeds verwantskapsaffiniteite met S1.

Die moontlikheid dat so 'n besluit lede van E1 meer bewus van die etniese dimensie van hul selfidentiteit kan maak, moet nie oor die hoof gesien word nie. Dit is selfs moontlik dat E1 meer bewus kan raak van hul gemeenskaplike identiteit met lede van S1 as met die ander lede van S6. So kan dit gebeur dat demokrasie nasionalisme kan stimuleer maar in 'n rebelse vorm, wat tot versplintering van die staat aanleiding kan gee.

Hierdie scenario is veral belangrik in state waarin bepaalde groeperings verwantskapsaffiniteite het met groeperings in 'n ander staat. Gevolglik sal die verhoudinge tussen die onderskeie lede van die verskillende groeperinge in die staat nie alleen deur hul interaksie met mekaar beïnvloed word nie, maar ook in daardie staat se verhouding met ander state.

6.2.2.4 *Scenario 7*

Staat S7 was 'n mono-etniese staat wat deur die aangrensende state S8, S9 en S10 gekoloniseer is en uiteindelik onder hulle verdeel is. Die inwoners van S7 is lede van ethnie E7 en verskil van die ethnies (insluitende taal) wat in S8, S9 en S10 aangetref word. Die lede van S7 wat hulle nou in S8, S9 en S10 bevind, is telkens minderhede in laasgenoemde drie state.

Ten spyte daarvan dat S8, S9 en S10 oor 'n demokratiese owerheidsvorm beskik, is die effektiewe inspraak van die lede van E7 slegs teoreties en beskik hulle nie in die praktyk oor werklike effektiewe inspraak nie. Die lede van E7 in S8, S9 en S10 sal gevolglik toenemend van hul etniese identiteit bewus word. Hulle sal waarskynlik ook tot die besef kom dat hulle selfdeterminerend binne hul eie staat kan wees. Sodoende kan demokratiese tegnieke nasionalisme by 'n bepaalde groep stimuleer en meer spesifiek versplinterend ten opsigte van S8, S9 en S10 maar verenigend ten opsigte van die restourasie van S7, inwerk.

Die situasie in hierdie scenario sal waarskynlik gekompliseer word indien lede van E7 aan pogings tot assimilasie in S8, S9 en S10 blootgestel word. Sodoende sal lede van E7 nie net die persepsie ontwikkel dat hul belangerealisering negatief beïnvloed word nie, maar ook dat hul selfidentiteit bedreig word.

## 6.3 SLOTOPMERKINGS

Die aantal hipotetiese scenario's is waarskynlik onbeperk en bogenoemde is slegs enkele voorbeelde. Die oogmerk met hierdie scenario's is om aan te toon dat daar 'n moontlike verband tussen die aktivering van die middelpuntsoekende en die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie is en dat dit verband hou met die mens se strewe om sy belange (insluitende selfidentiteit, selfdeterminasie en assosiasie as belange) te realiseer; asook met die assosiasies wat hy aangaan ten einde sy belange te realiseer. Hierdie verband sal afhanklik wees van enersyds die betrokke demokratiese tegnieke wat gebruik word en andersyds die omstandighede binne 'n bepaalde staat.

In die scenario's wat bespreek is, is gesuggereer dat in mono-etniese state, politieke assosiasies selde rondom etniese aangeleenthede sal geskied. Waar dit egter wel die geval is, beskik dit nie oor dieselfde potensiële verdelingsvermoë as in poli-etniese state nie. Dit is omrede daar steeds 'n onderliggende homogeniteit is wat kruissnydende assosiasies, ten spyte van verdelings, moontlik maak. In poli-etniese state bly etnisiteit 'n potensiële bron vir politieke assosiasies en maak demokratiese tegnieke dit juis moontlik om etnisiteit te mobiliseer. Potensiële verdelings is moontlik binne 'n mono-etniese staat, maar dit sal nie primêr oor interne etnisiteit handel nie.

Die ontwikkeling van die nasies en nasionalismes wat in hierdie scenario's bespreek is, kan óf unifiserend óf versplinterend relatief tot die betrokke staat wees. Dit is selfs moontlik dat dit beide versplinterend en unifiserend kan wees (soos byvoorbeeld in die geval van staat S7). 'n Moontlike rede hiervoor is dat die individu en die nasie se persepsie van "hul" staat nie noodwendig met die staat in die werklike wêreld saamval nie.

Bogenoemde is slegs hipotetiese scenario's. Vervolgens gaan in die volgende twee hoofstukke gekyk word na hierdie scenario's in die praktyk.

# HOOFSTUK 7

# DEMOKRASIE, DIE NASIE EN DIE STAAT: DIE PRAKTYK

## 7.1 ALGEMENE INLEIDING

In hoofstuk 6 is verskeie hipotetiese scenario's bespreek waarin 'n moontlike verband tussen die kragte van nasionalisme enersyds en die tegnieke van demokrasie andersyds in die hedendaagse staat uitgewys is. Die mate waarin hierdie scenario's op die praktyk van toepassing is, is belangrik. Vervolgens is 'n aantal internasionaal erkende hedendaagse state, naamlik Ysland, Portugal, Swede, Noorweë, Finland, Brittanje, Frankryk, Spanje, Switserland en België vir hierdie doel geselekteer. Daarby word kortliks gekyk na twee "staatlose" gemeenskappe wat tussen 'n aantal internasionaal erkende state versplinter is, naamlik die Kurde en die Saami (Lappe). Dit is belangrik om in ag te neem dat die bespreking van die scenario's nie vir alle moontlikhede voorsiening kon maak nie. Gevolglik gebeur dit dat 'n bepaalde staat bepaalde kenmerke van meer as een scenario kan toon. 'n Bepaalde scenario manifesteer homself ook nie noodwendig ten volle in een staat nie[701].

In die ontleding van die situasie in voorgenoemde state en staatlose gemeenskappe is die volgende van belang: die aanwesigheid/afwesigheid van middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme; die mate waarin die tegnieke van demokrasie dit moontlik maak om suksesvol inspraak te kan lewer in die kollektiewe besluite in die betrokke staat.

In die bepaling van die aanwesigheid/afwesigheid van middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme is die indikatore wat gebruik word: die heterogeniteit van die bevolking en die organisering en mobilisering van hierdie heterogeniteit in veral politieke verdelings tussen "ons" en "hulle", die mate waarin vraagstukke in die politiek aanduidend is van verdelings tussen "ons" en "hulle"; die mate waarin veral bepaalde politieke partye die belange van hierdie subgroepe verteenwoordig; en subgroepe se strewe na outonomie[702].

In die bepaling van die mate waarin lede van die bevolking suksesvol inspraak in die kollektiewe besluite het, word daar gelet op: die verskillende tegnieke van demokrasie wat in die betrokke staat gebruik word; die mate waarin die belange van bepaalde groeperings, veral subgroepe van "ons" en "hulle", in die neem van gesaghebbende en kollektiewe besluite in ag geneem word; die mate waarin bepaalde groepe uit kollektiewe besluite

uitgesluit word; en die mate waarin bepaalde subgroepe gesaghebbende en kollektiewe besluite domineer.

Vervolgens word die praktyk in elkeen van hierdie state en staatlose gemeenskappe afsonderlik bespreek en laastens met mekaar vergelyk.

## 7.2 REPUBLIEK VAN YSLAND

Die samestelling van Ysland se bevolking en die belange wat polities georganiseer is, toon ooreenkomste met dié van scenario 1 in hoofstuk 6.

### 7.2.1 Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme

In scenario 1 is gesuggereer dat middelpuntvliedende kragte van nasionalisme selde in 'n mono-etniese staat aanwesig sal wees. Verder is dit onwaarskynlik dat etnisiteit en dit wat daarmee gepaard gaan polities georganiseer sal wees.

#### 7.2.1.1 *Bevolkingsamestelling*

Ysland se bevolking van 262 000 (Collier's Year Book 1995:502) is een van die mees homogene bevolkings ter wêreld.

Uitgebreide genealogiese rekords maak dit vir die meerderheid Yslanders moontlik om hul herkoms terug te voer tot en met die Noorse setlaars wat Ysland in die periode 874-930 n.C. beset het. Die beperkte omvang van die bevolking wat aan minimale immigrasie blootgestel word, maak die bevolking baie homogeen (Banks 1994-95).

Die bevolking is nie alleen homogeen in terme van die biologiese samestelling daarvan nie, maar ook in terme van taal, Yslands (100%) en godsdiens. Godsdiensvryheid bestaan, maar 98% van die bevolking behoort aan die Evangeliese Lutherse Kerk (Banks 1992).

Daar is egter Amerikaanse militêre personeel (verbonde aan NAVO) in Ysland teenwoordig. Hierdie personeel is nie burgers van Ysland nie en daarom nie werklik deel van die bevolking nie.

Daar is nie werklik sprake van verdelings tussen "ons" en "hulle" wat met etnisiteit verband hou nie. Daar is stemme wat gekant is teen die teenwoordigheid van die Amerikaanse militêre personeel. Dit kan 'n aanduiding wees dat die inheemse bevolking die Amerikaners as 'n bedreiging vir inheemse belange beskou.

7.2.1.2 *Vraagstukke, belange en politieke organisasie*

Politieke vraagstukke in Ysland het hoofsaaklik met 'n verskeidenheid ekonomiese en omgewingsaangeleenthede en ook militêre aangeleenthede te make (kyk Koole & Mair 1994:328-329). Kulturele aangeleenthede is belangrik maar nie gepolitiseer nie. Ten opsigte van kulturele aangeleenthede word daar dikwels met ander Nordiese state saamgewerk.

Die belange wat deur politieke partye in Ysland verteenwoordig word, is 'n goeie aanduiding van die belange wat tot assosiasies, in 'n mono-etniese staat, in politieke verband aanleiding gee. Hierdie belange kan afgelei word uit die belangrikste beleidstandpunte van die vernaamste politieke partye. Uit die belange wat verteenwoordig word, blyk dit dat die belangrikste belange te make het met ekonomiese aangeleenthede en vroueregte.

Die Onafhanklikheidsparty (*Sjálfstaedisflokkurinn*) het in die April 1991 verkiesing 26 uit die 63 parlementêre setels verower. (Banks 1994-95:381). Hierdie party verteenwoordig primêr handels- en visserybelange, maar trek steun uit al die samelewingslae. Die belangrikste beleidstandpunte is 'n liberale ekonomiese beleid, ekonomiese stabiliteit en voortgesette teenwoordigheid van NAVO-magte (Banks 1994-95:381).

Die Sosiaal Demokratiese Party (*Althýduflokkurinn*) is reeds in 1916 gestig en het in die 1991 verkiesing 10 uit die 63 setels verower (Banks 1994-95:381) en het na afloop van die verkiesing saam met die Onafhanklikheidsparty die regerende koalisie gevorm. Die belangrikste beleidstandpunte (Banks 1994-95) is staatsbesit van die belangrikste sakeondernemings, meer maatskaplike voordele en die vervanging van NAVO-magte met Yslanders (is egter ten gunste van die teenwoordigheid van NAVO).

Die Progressiewe Party (*Framsóknarflokkurinn*) is in 1916 gestig en verteenwoordig primêr vissery- en landboubelange en het in die 1991 verkiesing 13 uit die 63 setels verower (Banks 1994-95:381). Die belangrikste beleidstandpunte (Banks 1994-95) is sosiale en ekonomiese hervormings wat die landbou en visserye sal bevoordeel; verleen slegs gekwalifiseerde steun aan die NAVO-magte.

Die Volksalliansie (*Althydubandalagid*) is in 1956 as 'n verkiesingsfront vir Kommuniste gestig en het in die 1991 verkiesing 9 uit die 63 setels verower (Banks 1994-95:381). Die belangrikste beleidstandpunte (Banks 1994-95) is 'n radikale sosialistiese program, neutraliteit in buitelandse aangeleenthede en die onttrekking van NAVO-magte. Yslandse nasionalisme is 'n belangrike bron van steun vir die Volksalliansie (kyk Jacobs 1989:551).

Die Vroue-alliansie (*Samtök um Kvennalista*) is in die vroeë tagtigs gestig en het in die 1991 verkiesing 5 uit die 63 setels verower (kyk Banks 1994-95:381). Hierdie party verteenwoordig hoofsaaklik vrouebelange, maar is ook simpatiek teenoor omgewingsaangeleenthede.

Uit die belange wat deur politieke partye verteenwoordig word, blyk dit dat ekonomiese, omgewings-, militêre en vroue-aangeleenthede oorheers.

7.2.1.3 *Strewe na outonomie*

Daar is nie werklik sprake van subgroepe wat politieke outonomie nastreef nie.

Die strewe na outonomie was egter in die geskiedenis van Ysland 'n verenigende en mobiliserende faktor wat wel met nasionalisme verbind kan word. So het Ysland in 1262 onder Noorweegse en in 1381 onder Deense oorheersing gekom. Die Yslanders het oorheersing teengestaan en onafhanklikheid is in 1918 verkry en in 1944 het Ysland 'n Republiek geword wat in 1946 tot die Verenigde Nasies toegelaat is. Ysland se demokratiese geskiedenis was 'n faktor in die inwoners se strewe na outonomie. Die Yslandse parlement, *Althing*, het ten tye van veral Deense oorheersing 'n belangrike rol gehad in die verkryging van onafhanklikheid van Denemarke. Demokratiese prosedures is gevolg by die verkryging van onafhanklikheid (kyk Banks 1994-95; Jacobs 1989).

Die ongemak teenoor die teenwoordigheid van NAVO kan moontlik 'n aanduiding wees dat hul outonomie vir Yslanders belangrik is. Dit kan ook aanduidend van etniese identiteit wees. Daar is egter nie sprake van subgroepe wat outonomie nastreef nie[703].

7.2.2 Inspraak in kollektiewe besluite

Ysland beskik oor 'n demokratiese tradisie wat dateer uit die jaar 930 n.C. Hierdie tradisie is wel deur vreemde oorheersing deur die Noorweërs, maar veral die Dene onderbreek. Die Yslanders het in 1993 die 150ste herdenking van die herinstelling van hul parlement, *Althing* gevier (Collier's Year Book 1994). Ysland het 'n nuwe demokratiese konstitusie in 1944 by wyse van 'n referendum aangeneem (Banks 1994-95:380).

Die *staatshoof* is 'n president wat deur middel van direkte verkiesing vir 'n periode van vier jaar aangewys word. Die president se bevoegdhede is hoofsaaklik seremonieel van aard. Die *regeringshoof* is 'n eerste minister wat deur die president aangestel word, maar wat wel aan die parlement verantwoording doen (Banks 1994-95:380-381).

Die *uitvoerende gesag* word gekenmerk deur koalisievorming. Gevolglik word meer as een stel belange in die regering verteenwoordig. Daar is verder 'n redelike mate van afwisseling tussen die politieke partye wat deelneem aan die regerende koalisie. Die regeringskoalisie in 1993 het bestaan uit die Onafhanklikheidsparty en die Sosiaal Demokratiese Party. Die vorige regeringskoalisie het bestaan uit die Progressiewe Party, Sosiaal Demokratiese Party en die Volksalliansie (Banks 1994-95). Die bestaan van afwisselende koalisies is 'n aanduiding van verdelende en kruissnydende belange en assosiasies, soos geskets in scenario 1 van hoofstuk 6.

Een belangrike politieke party wat nog nie in 'n koalisieregering opgeneem is nie, is die Vroue Alliansie.

Die *wetgewende gesag* bestaan uit 'n parlement, *Althing* met 63 verteenwoordigers wat direk deur middel van populêre stemming vir 'n tydperk van vier jaar verkies word (parlement mag vroeër ontbind word). Die kiesstelsel maak voorsiening vir proporsionaliteit (Banks 1994-95:380).

'n Interessante verskynsel is die besonder positiewe getalsverhouding tussen die verteenwoordigers en die bevolking, naamlik een verteenwoordiger vir elke 4 158 burgers.

Verder bestaan daar 'n uitgebreide stelsel van provinsiale en plaaslike regering. Daar is 17 provinsies, elk met 'n aangestelde administratiewe beampte en 'n verkose raad. Dan is daar 'n totaal van 224 stedelike en landelike munisipaliteite met verkose rade (Banks 1994-95:380).

Die politieke strukture in Ysland maak inspraak van 'n verskeidenheid belange moontlik. Daar is nie werklik sprake van permanente dominasie deur een bepaalde belang nie en daar is min belange wat nie op die hoogste vlak (regering) verteenwoordig word nie.

Ysland beskik vervolgens oor 'n hoë mate van inspraak in gesaghebbende en kollektiewe besluite.

### 7.2.3 Gevolgtrekking

Uit voorgaande wil dit voorkom asof Ysland gekenmerk word deur 'n mono-etniese bevolking, die aanwesigheid van middelpuntsoekende kragte van nasionalisme ten spyte van onderlinge politieke verdelings, die afwesigheid van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme, wat potensieel versplinterend kan wees; en 'n hoë mate van inspraak in gesaghebbende en kollektiewe besluite. Dit is egter moeilik om te bepaal in watter mate daar 'n verband is tussen die middelpuntsoekende kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie.

## 7.3 PORTUGESE REPUBLIEK (PORTUGAL)

Vasteland-Portugal is nog 'n staat wat ooreenkomste met scenario 1 toon, terwyl breër Portugal ooreenkomste met scenario 2 toon.

### 7.3.1 Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme

In scenario 1 is gesuggereer dat middelpuntvliedende kragte van nasionalisme, wat met etnisiteit verband hou, selde in 'n staat met 'n homogene bevolking aanwesig sal wees. Scenario 2 maak egter voorsiening vir die ontwikkeling van interne differensiasie in 'n staat met 'n homogene bevolking.

#### 7.3.1.1 *Bevolkingsamestelling*

Portugal beskik oor 'n bevolking van 9,9 miljoen (Collier's Year Book 1995:508). Die bevolking van Portugal is 'n biologiese vermenging van verskeie etniese elemente, maar hierdie diversiteit het grootliks saamgesmelt tot 'n etnies-homogene bevolking. Die bevolking op die vasteland is ook homogeen in terme van taal (100% Portugees), kultuur en godsdiens. Ongeveer 95% (PC Globe) inwoners is lid van die Rooms-Katolieke Kerk.

Die Azores met 'n bevolking van 236 700 en Madeira met 'n bevolking van 253 000 word gewoonlik as deel van Portugal beskou (Banks 1994-95:716). Vir doeleindes van hierdie ondersoek word die Azores en Madeira beskou as deel van breër Portugal. Die bevolking van breër Portugal toon egter tekens van interne differensiasie, omrede beide die Azores en Madeira reeds suksesvol hul eie belange beklemtoon het en 'n groot mate van outonomie verkry het.

Die inwoners van Portugal is deur die geskiedenis aan vreemde oorheersing blootgestel, insluitend Romeinse, Arabiese en Spaanse oorheersing. Die inheemse bevolking van Portugal het hulle telkens teen vreemde oorheersing verset.

Gevolglik is daar aanduidings van subgroepe tussen "ons" en "hulle" in die breër Portugal, maar nie in vasteland-Portugal nie.

#### 7.3.1.2 *Vraagstukke, belange en politieke organisasie*

Konstitusionele en stelselaangeleenthede, soos byvoorbeeld die afbakening van bevoegdhede tussen die president en die eerste minister, asook ekonomiese aangeleenthede (waarin ideologie belangrik is) domineer politieke vraagstukke in Portugal (kyk Collier's Year Book 1991, 1992, 1993, 1994, 1995 en Lane & Ersson 1994). Die rede waarom

konstitusionele en stelselaangeleenthede belangrik is, het waarskynlik te make met die relatief resente oorgang van 'n nie-demokratiese na 'n demokratiese bestel.

Die belange wat deur die belangrikste politieke partye in Portugal verteenwoordig word, kan afgelei word van die belangrikste beleidstandpunte.

Die Sosiaal Demokratiese Party (*Partido Social Democrata*) kan sy bestaan terugvoer tot en met 1974. Dit het in die 1991 verkiesing 50,6% van die stemme op hom verenig en 135 uit die 230 (58,7%) setels in die Nasionale Vergadering verower. Dit is tans die regerende party (Banks 1992; Collier's Year Book 1992:417). Aanvanklik was die party se beleidstandpunte ietwat links, maar na die onttrekking van 'n belangrike linkse komponent in 1976 het die party regs beweeg met sy meer konserwatiewe beleidstandpunte. Die belangrikste hiervan is 'n vrye mark ekonomie, samewerking met die belangrikste Wes-Europese instellings en privatisering (Banks 1994-95:714).

Die Portugese Sosialiste Party (*Partido Socialista Portuguesa*) het in 1973 tot stand gekom. Tydens die 1991 verkiesing het dit 29,1% van die stemme op hom verenig en 72 setels (31,3%) in die Nasionale Vergadering verower (Banks 1992 en Collier's Year Book 1992:417). Die huidige President is 'n lid van hierdie party en hy het tydens die presidentsverkiesing in 1991 70,4% van die stemme op hom verenig (Collier's Year Book 1992:416). Die beleid van die Party was aanvanklik links, maar het sedertdien regs beweeg en alle verwysings na Marxisme is uit die beleidsverklaring uitgehaal. Dit is ten gunste van 'n ope ekonomie waar beide openbare en private ondernemings naas mekaar bestaan. Sedert die laat tagtigs is die ekonomiese beleid van hierdie party soortgelyk aan dié van die Sosiaal Demokratiese Party. Die Portugese Sosialiste Party is egter steeds meer ideologies links as die Sosiaal Demokratiese Party (Banks 1994-95:714).

Die Portugese Kommuniste Party (*Partido Comunista Português*) is reeds in 1921 gestig en is Portugal se oudste politieke party. In die verkiesing van 1991 het dit saam met die Verenigde Demokratiese Koalisie slegs 8,8% stemme verwerf en slegs 17 uit die 230 setels (7%) (Banks 1992 en Collier's Year Book 1992). Hierdie party se beleid is Ortodokse Marxisme-Leninisme.

Die ander partye het min of geen verteenwoordiging in die parlement. Die Demokratiese Hernuwingsparty (*Partido Renovador Democrático*) is in 1985 gestig. Tydens die 1991 verkiesing het dit geen setel in die Nasionale Vergadering verower nie. Dié party se beleid is links van die Portugese Sosialistiese Party. Dit is ten gunste van 'n uitvoerende president volgens die Franse model. Die Sosiaal Demokratiese Senter Party (*Partido do Centro Democrático Social*) het in 1991, 5 setels in die Nasionale Vergadering verower. Dié party is 'n regse party wat Christelike beginsels voorstaan. Die Nasionale Solidariteitsparty

(*Partido Solidariedade Nacional*) is in 1990 gestig en het in die 1991 verkiesing 1 setel in die Nasionale Vergadering verower. Hierdie party verteenwoordig hoofsaaklik die belange van pensionarisse. Die Monargiste Party (*Partido Popular Monárquico*) het tans geen verteenwoordiging in die Nasionale Vergadering nie. Dit is 'n regse party wat ten gunste van 'n vrye mark ekonomie en die herinstelling van die monargie is. Benewens bogenoemde politieke partye is daar nog verskeie ander splinterpartye wat 'n verskeidenheid van Marxistiese-strominge verteenwoordig. Daar is ook 'n splinterparty wat groenbelange verteenwoordig.

Die politieke partye in vasteland-Portugal, as 'n mono-etniese staat, is hoofsaaklik rondom ekonomiese belange en ideologie georganiseer. Daar is min aanduiding dat belange wat verband hou met etnisiteit, taal, kultuur en godsdiens van primêre belang in politieke assosiasies is. Volgens Lane & Ersson (1994:281) "... political debate and conflict focussed upon political system issues predominantly".

7.3.1.3 *Strewe na outonomie*

Weens die homogene aard van die bevolking op die vasteland is daar nie sprake van subgroepe wat politieke outonomie nastreef nie. Die geskiedenis van verset teen vreemde oorheersing kan 'n aanduiding wees van middelpuntsoekende kragte van nasionalisme.

Die situasie is egter ietwat anders vir breër-Portugal. Separatistiese sentimente kom in beide die eilandgroepe van die Azores en Madeira voor ten spyte daarvan dat die inwoners van Portugese herkoms is. Hierdie separatistiese sentimente is ook aanduidend van hoe belange nasionalistiese sentimente kan mobiliseer. Daar is menings op beide eilandgroepe dat dit nie in hul belang is om deur die vasteland regeer te word nie. Die Azores en Madeira is voorbeelde van hoe interne differensiasie in 'n mono-etniese staat kan ontstaan. Die bevolking van die Azores en Madeira is afstammelinge van Portugese setlaars. Hoewel etnies verwant aan die bevolking op die vasteland het geografiese isolasie tog verskillende ervarings, identiteite en belange meegebring. Dit is veral die politieke gebeure van 1974 en 1975 wat die strewe na politieke outonomie geaktiveer het (Banks 1994-95:716-717).

Die separatistiese sentimente is ook formeel georganiseer soos byvoorbeeld die *Azorean Liberation Front* en die *Madeira Archipelago Liberation Front*. Hierdie eilandgroepe word tans as outonome streke beskou en elkeen beskik oor 'n eie streeksparlement (Banks 1994-95).

Portugal het in sy geskiedenis tye beleef wat elemente van nasionalistiese oplewing (in die sin van middelpuntsoekende kragte) getoon het. Hierdie middelpuntsoekende kragte het hoofsaaklik verband gehou met bedreigings en besettings deur vreemde moondhede, soos

byvoorbeeld ten tye van die Napoleontiese oorloë. Portugees het egter reeds in die era van koning Denis (1279-1325) die gebruik van Latyn vir formele doeleindes vervang (Collier's vol 19:280).

7.3.2 Inspraak in kollektiewe besluite

Vanaf 1820-1926 het Portugal tye van demokratiese politiek, beide as 'n konstitusionele monargie en as 'n Republiek gehad. Daar was egter ook in hierdie periode tye van politieke konflik en beperkte demokrasie. Die periode 1926-1974 is gekenmerk deur 'n diktatorskap. In geheel beskou, beskik Portugal nie oor 'n lang demokratiese tradisie nie. Dit word onder andere uitgewys deur die feit dat, met die uitsondering van die Portugese Kommunistiese Party, die huidige politieke partye oor die algemeen jonger as vyf-en-twintig jaar is. Die Portugese het 'n geskiedenis van vreemde oorheersing, monargie, en outoritêre regering in die era van President Salazar en Caetano gehad. Daar is eers sprake van 'n werklik demokratiese konstitusie met die inwerkingtreding van 'n nuwe konstitusie op 25 April 1976 (kyk Jacobs 1989).

Die *staatshoof* is 'n president wat deur middel van direkte verkiesing vir 'n periode van vyf jaar verkies word. Die *regeringshoof* is 'n eerste minister wat deur die president aangestel word. Die eerste minister doen verantwoording aan beide die staatshoof en die wetgewende vergadering. Van die belangrike politieke vraagstukke in Portugal het juis te make met die verdeling van bevoegdhede tussen die president en die eerste minister.

Dit gebeur dat die president en die eerste minister lede van twee verskillende politieke partye is. Tydens die verkiesing in 1991 het die president (Portugese Sosialiste Party) 70,4% van die stemme op hom verenig. Daarteenoor het die party van die eerste minister (Sosiaal Demokratiese Party) tydens die algemene verkiesing 50,6% van die stemme verwerf (Collier's Year Book 1992:416-417). Dit impliseer dat die uitvoerende gesag nie deur een politieke party en belang domineer word nie.

Die *uitvoerende gesag* is in die verlede deur koalisievorming gekenmerk. Die Sosiaal Demokratiese Party het in 1987 die eerste party geword om 'n absolute meerderheid te verwerf en in die 1991-verkiesing is hierdie absolute meerderheid gehandhaaf. Hoewel verdelings voorkom, is dit hoofsaaklik ekonomies en ideologies van aard, soos in scenario 1 verduidelik (Banks 1994-95).

Die *wetgewende gesag* bestaan uit 'n enkelkamer, naamlik die Nasionale Vergadering van 230 lede wat direk vir 'n periode van vier jaar verkies word. Die gebruik van proporsionele verteenwoordiging maak die verteenwoordiging redelik proporsioneel, soos uit die persentasies in afdeling 7.3.1.2 afgelei kan word.

Vir administratiewe doeleindes word Portugal verdeel in distrikte, elkeen met 'n goewerneur wat deur die minister van binnelandse sake aangestel word, verder is daar munisipaliteite en parogiale owerhede. Portugal kan beskou word as 'n uniale staat met uitgebreide outonome magte aan die Azores en Madeira.

Politieke organisasie in vasteland-Portugal het hoofsaaklik te make met ekonomiese aangeleenthede, terwyl politieke vraagstukke steeds deur strukturele aspekte van die politiek domineer word.

Op die Azores en Madeira is daar politieke organisasies waarin streeksbelange en streeksidentiteite belangrik is. Ekonomiese belange is daarom nie die enigste motivering vir politieke assosiasie nie. Politieke vraagstukke het egter ook te make met strukturele aspekte van die politiek en hoofsaaklik met hierdie eilandgroepe se verhouding met die vasteland.

7.3.3 Gevolgtrekking

Uit voorgenoemde blyk dit dat vasteland-Portugal gekenmerk word deur 'n homogene bevolking, aanduidings van middelpuntsoekende kragte van nasionalisme, die afwesigheid van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme wat versplinterend inwerk en die afwesigheid van politieke assosiasies waarin etniese, kulturele en streeksidentiteite belangrik is.

Breër Portugal toon tekens van differensiasie in identiteit. Hierdie differensiasie het hoofsaaklik te make met streeksidentiteite en -belange en nie soseer met etnisiteit en kultuur nie. Die heterogeniteit wat hieruit voortspruit toon aanduidings van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme relatief tot vasteland-Portugal. Hierdie middelpuntvliedende kragte is gevolglik potensieel versplinterend.

Portugal (beide vasteland en breër) se politieke geskiedenis word gekenmerk deur 'n lang nie-demokratiese fase en 'n demokratiese fase wat nog jonk is. Portugal beskik gevolglik tans oor 'n demokratiese owerheidsvorm, maar die demokratiese tradisie is van onlangse oorsprong. Daar is egter nie bepaalde subidentiteite wat permanent uit deelname in gesaghebbende en kollektiewe besluite uitgesluit is nie.

## 7.4 KONINKRYK VAN SWEDE

Die samestelling van die bevolking en die interaksies onderling, toon hoofsaaklik ooreenkomste met dié van scenario 2 in hoofstuk 6.

7.4.1 Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme

In scenario 2 is aangedui dat die teenwoordigheid van vreemdelinge in 'n staat met 'n oorwegende homogene bevolking, assosiasies in daardie staat kan beïnvloed.

7.4.1.1 *Bevolkingsamestelling*

Die bevolking van Swede is etnies naastenby homogeen, ten spyte van die teenwoordigheid van enkele inheemse minderhede en vreemdelinge. Die bevolking van 8,8 miljoen (Collier's Year Book 1995:510) is oorwegend (93%) etnies Sweeds. Inheemse minderhede, wat hoofsaaklik tot die Noorde beperk is, is 50 000 Finne (1980) en 17 000-20 000 Saami (Hannum 1990:247). Die Saami en Finne verskil biologies, kultureel en linguisties van die Swede. Verder is daar ook ongeveer 1 miljoen vreemdelinge (waarvan ongeveer die helfte Finne is) in Swede (Banks 1994-95).

Die bevolking van Swede is ook naastenby homogeen wat godsdiens betref. Ongeveer 95% van die bevolking behoort aan die staatsondersteunde Evangelies-Lutherse Kerk (Banks 1994-95).

7.4.1.2 *Vraagstukke, belange en politieke organisasie*

Politieke vraagstukke in Swede het 'n ideologiese inslag aangesien dit hoofsaaklik betrekking het op die grootte van die openbare sektor en owerheidsinmenging in die lewens van die bevolking. Ekologiese vraagstukke is ook met tye belangrik en die toestroming van vreemdelinge is besig om in 'n vraagstuk te ontwikkel (Collier's Year Book 1991, 1992, 1993, 1994; 1995)[704].

Die Sosiaal Demokratiese Arbeiderparty (*Socialdemokratiska Arbetarepartiet*) is reeds in die 1880's gestig en het in die 1994-verkiesing 161 setels verower (Sweedse Ambassade). Hierdie party was oor 'n tydperk van meer as 40 jaar (wel met onderbrekings) 'n bewindhebbende party, maar het na die 1991-verkiesing 'n opposisieparty geword. Met die ontbinding van die regerende koalisie het dit weer die bewind oorgeneem. Hierdie party het 'n pragmatiese sosialistiese beleid. Tydens die bewind daarvan het dit nie nywerhede genasionaliseer nie, maar het egter toenemend die ekonomiese sektor beplan en beheer (Banks 1994-95).

Die Gematigde Koalisie Party (*Moderata Samlingspartiet*) verteenwoordig hoofsaaklik die belange van die finansiële en besigheidsektor en die hoër inkomste groepe. Hierdie party is ten gunste van belastingvermindering, minder owerheidsinmenging in die ekonomie, sterk verdediging en nouer bande met Europa (Banks 1994-95). Tydens die verkiesing in 1994 het hierdie party 80 uit 349 setels in die *Riksdag* verower (Sweedse Ambassade).

Die Volksparty (*Folkpartiet Liberalerna*) het tydens die verkiesing in 1994, 26 setels verower (Sweedse Ambassade). Hierdie party verteenwoordig hoofsaaklik die belange van professionele, intellektuele en vrykerkbewegings. Dié party se beleid is gegrond op individuele verantwoordelikheid. Dit is ook teen kernkrag gekant (Banks 1994-95).

Die Senterparty (*Centerpartiet*) ook voorheen bekend as die Agrariese Party. Aanvanklik het dit hoofsaaklik landelike en boerderybelange verteenwoordig. Tans is dit ten gunste van die desentralisasie van regeringsfunksies en industrieë. Dit is ook ten gunste van 'n vermindering in die owerheid se impak op die lewe van die individu. Gevolglik geniet die party nou ook steun in stedelike gebiede (Banks 1994-95).

Die Christelike Demokratiese Gemeenskapsparty (*Kristdemokratiska Samhällspartiet*) is ten gunste van die bevordering van Christelike belange en waardes in die politiek en in die samelewing, veral ten opsigte van die gesin en moraliteit (Banks 1994-95).

Die Nuwe Demokrasie (*Ny Demokrati*) is ten gunste van die inkorting van owerheidsbesteding (insluitend 'n afskaling van die welsynstelsel) en daarmee saam die vermindering van belastings, meer liberale drankwette en 'n anti-immigrante beleid (Banks 1994-95).

Die Linkse Party (*Vänsterpartiet*) se beleid is 'n revisionistiese kommunistiese beleid met 'n eiesoortige Sweedse karakter (Banks 1994-95).

Die Groenekologie Party (*Miljöpartiet de Gröna*) is ten gunste van belastingvermindering vir lae inkomste groepe, gekant teen besoedeling en kernkrag (Banks 1994-95).

Ander partye wat in Swede voorkom is hoofsaaklik linkse kommunistiese partye wat tans oor geen setels in die *Riksdag* beskik nie.

Die belange wat in Swede deur politieke partye verteenwoordig word, het hoofsaaklik met ekonomiese aangeleenthede en regeringsinmenging in die daaglikse lewe van die individu te make. Ander belange het te make met moraliteit en omgewingsaangeleenthede. Daar is aanduidings dat etnisiteit 'n faktor is in die anti-immigrante beleid van die *Nuwe Demokrasie*.

Die inheemse minderhede se getalle is egter so gering dat dit nie moontlik is om 'n werklike invloed op die partypolitiek uit te oefen nie.

7.4.1.3 *Strewe na outonomie*

Uit die belange wat deur die vernaamste politieke partye verteenwoordig word, kan daar nie werklik etniese groepe identifiseer word wat outonomie nastreef nie. Die reaksie teenoor immigrante is moontlik aanduidend van 'n bewuswording dat Sweedse belange en waarskynlik identiteit en outonomie oor die langtermyn nadelig beïnvloed kan word. Hierdie reaksie is ook aanduidend van 'n bewustheid dat die immigrante 'n groter bedreiging inhou as die inheemse minderhede wie se getalle baie klein is.

Die belange wat deur die politieke partye verteenwoordig word, is egter aanduidend van 'n strewe na outonomie deur bepaalde sektore ("subgroepe") in die ekonomie na 'n groter mate van individuele outonomie. Hierdie verskynsel is nie werklik aanduidend van middelpuntvliedende kragte wat met mininasionalismes en rebelse nasionalismes verband hou nie. Dit suggereer eerder dat die Sweedse bevolking nie tans gekenmerk word deur 'n hoë mate van middelpuntsoekende kragte wat met nasionalisme verband hou nie.

Indien belange buite die partypolitiek bestudeer word, word gevind dat veral die Saami (Lappe) 'n groter mate van outonomie nastreef.

'n Sweedse Saami-Regtekomitee is in 1982 gestig. Hierdie komitee het in 1986 'n verslag aan die Sweedse regering voorgelê wat handel oor die internasionale regsposisie van die Saami. Daarin word onder andere aangedring op: positiewe diskriminasie ten opsigte van inheemse minderhede, die reg tot 'n eie kulturele identiteit, insluitend die materiële grondslag van sodanige identiteit en 'n mate van outonomie (kyk Hannum 1990:254).

Die materiële grondslag van die kulturele identiteit vereis dat Swede nie op so 'n wyse in die natuurlike omgewing sal inmeng dat dit die Saami se voortbestaan negatief sal raak nie (Hannum 1990:255).

Die Saami dring ook toenemend aan op deelname aan die toekenning van houtinoestingpermitte en die instelling van 'n Sweedse Saami-parlement (Hannum 1990).

Die mate waarin die Saami aandring op outonomie moet gesien word teen die lig van die reedsbestaande outonomie waaroor die Saami beskik. Saami-kinders verkry onderrig in hul moedertaal, maar die beskikbaarheid van gekwalifiseerde onderwysers en geskikte Saami-materiaal is problematies, veral as in ag geneem word dat daar verskeie Saami-dialekte is. Daar is 'n outonome Saami-skoolstelsel met 'n Saami- verkose raad. Die Sweedse regering dra ook by tot 'n Saami- fonds wat deur die Saami beheer word en wat kulturele en ander aktiwiteite onder die Saami bevorder (Hannum 1990).

Relatief tot hul getalsterkte beskik die Saami feitlik oor buitensporige outonomie. Die Saami is egter finansieel en materieel afhanklik van die res van Swede en daarom is dit onwaarskynlik dat hul aandrang op outonomie op hierdie stadium separatistiese dimensies sal aanneem.

7.4.2 Inspraak in kollektiewe besluite

Swede is 'n konstitusionele monargie wat oor 'n demokratiese konstitusie beskik, wat onder andere voorsiening maak vir basiese menseregte. Op die oog af beskik Swede oor 'n demokratiese owerheidsvorm. Sweedse politiek en besluitneming is egter oor 'n lang tydperk deur een party, naamlik die Sosiaal Demokratiese Arbeiderparty gedomineer. Hierdie dominasie beïnvloed inspraak in besluitneming deur ander belange, negatief.

Die koning, as *staatshoof* beklee slegs 'n seremoniële posisie. Die uitvoerende gesag berus by 'n eerste minister wat deur die Speaker van die *Riksdag* (parlement) genomineer en deur die hele huis bevestig word. In praktyk is die eerste minister die leier van die party wat daarin kan slaag om 'n meerderheid steun in die parlement te bewerkstellig. Met enkele uitsonderings bestaan die uitvoerende gesag uit 'n koalisie van partye. Hierdie koalisies word gevorm tussen partye wat volgens Sweedse indeling óf bourgeoisbelange, óf sosialistiese belange verteenwoordig (kyk Lane & Ersson 1994:245). Min kruissnydende politieke belange en assosiasies bestaan. Die bron van kruissnydende belange is geleë in 'n onderliggende Sweedse identiteit.

Ten spyte van die politieke verdelings word Swede gekenmerk deur die gemak waarmee konsensus tussen politieke partye bereik word: "Even if the level of conflict may have been high between the various blocks there has been a tradition of accepting the outcome of the decision-making process" (Lane & Ersson 1994:283). Belangegroepe en veral vakbonde lewer 'n belangrike inset in besluitneming. Ten spyte daarvan dat politieke verdelings in Swede bestaan, is die bevolking nie ideologies hoogsgepolariseer nie (kyk Lane & Ersson 1994:185).

Die eerste minister stel die lede van die kabinet aan wat hoofsaaklik 'n beleidsformulerende funksie het. Daar is 'n neiging dat die uitvoerende gesag die *Riksdag* domineer. Die administrasie word behartig deur onafhanklike administratiewe rade. Swede is bekend vir sy Ombudsmanstelsel.

Die *wetgewende gesag* bestaan uit 'n enkelkamer parlement. Die verteenwoordigers word deur middel van 'n stelsel van proporsionele verteenwoordiging volgens 'n partylys verkies. Die konstitusie maak nie formeel voorsiening vir referenda nie, maar daar is al daarvan gebruik gemaak ten opsigte van drankwetgewing, regterhandse verkeer, kernkrag

en aansluiting by die Europese Unie. In laasgenoemde referendum in November 1994, het 52,2% van die kiesers ten gunste van aansluiting by die Europese Unie gestem (Collier's Year Book 1995:434).

Verder bestaan daar 'n uitgebreide stelsel van streeksowerhede (*län*) en stedelike en landelike kommunes (*kommuner*), elk met verkose rade.

Vanuit 'n tegniese oogpunt beskou, voldoen Swede aan die vereistes van inspraak in gesaghebbende en kollektiewe besluite. In praktyk het nie alle groepe suksesvol inspraak nie en word "bourgeois"-belange deur "sosialistiese" belange gedomineer. Daar was egter kort tydperke waarin "bourgeois"-koalisies regeer het (veral laat sewentigs en vroeë tagtigs, maar ook na die 1991-verkiesings).

7.4.3 Gevolgtrekking

Swede is steeds etnies naastenby homogeen wat getalle betref en dit is hoofsaaklik 'n toestroming van immigrante wat Sweedse etniese homogeniteit bedreig, soos uitgewys in scenario 2 in hoofstuk 6.

Die inheemse Saami is getalsgewys nie werklik 'n bedreiging nie en vandaar waarskynlik die tegemoetkomende houding deur die Swede. Daar is egter aanduidings dat 'n mininasionalisme besig is om onder die Saami te ontwikkel. Terselfdertyd is die Saami tans nog bewus van die ekonomiese voordele wat hul verbintenis met die Swede inhou.

Die interne interaksies tussen die etniese Swede is interessant in die sin dat 'n bepaalde belang, naamlik die sosialistiese belang alle ander belange, maar veral bourgeoisbelange domineer. Vandaar waarskynlik die hoër mate van aandrang op outonomie deur veral die bourgeoisie. Hierdie outonomie moet nie beskou word as 'n rebelse nasionalisme nie. Sweedse politieke assosiasies word dus hoofsaaklik rondom hierdie breë belange gevorm, of soos Lane & Ersson (1994) dit stel rondom verskille oor die taak en grootte van die openbare sektor.

Die toestroming van immigrante en die groter aandrang op outonomie deur die Saami sal met verloop van tyd die interaksies en assosiasies en so ook politieke assosiasies onder die Sweedse bevolking beïnvloed.

Swede word gevolglik gekenmerk deur die afwesigheid van enige beduidende middelpuntvliedende kragte wat potensieel versplinterend kan wees. Die aanwesigheid van middelpuntsoekende kragte is nie voor die hand liggend nie, maar word tog gesuggereer deur die kommer rondom immigrante. Swede word ook gekenmerk deur 'n hoë mate van demokrasie maar die dominasie deur die sosialistiese blok is 'n probleem.

## 7.5 KONINKRYK VAN NOORWEë

Die samestelling van Noorweë se bevolking en die belange wat polities georganiseer is, toon in sommige opsigte ooreenkomste met dié van scenario 2 en in ander opsigte weer elemente van scenario's 4 en 5.

### 7.5.1 Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme

In scenario 2 is gesuggereer dat die bestaan en ontwikkeling van onderlinge verskille die homogeniteit van 'n staat se bevolking kan bedreig en sodoende aanduidend van die teenwoordigheid van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme kan wees. Daarby is in scenario 4 gesuggereer dat die teenwoordigheid van meer as een ethnie in 'n staat 'n bron van politieke mobiliteit kan word indien een ethnie ander ethnies bedreig. In scenario 5 is gesuggereer dat interaksies tussen die onderskeie ethnies beïnvloed word deur die wyse waarop verskille geakkommodeer word.

#### 7.5.1.1 *Bevolkingsamestelling*

Die 4,3 miljoen (Collier's Year Book 1995:506) inwoners van Noorweë is, met die uitsondering van ongeveer 30 000 Saami (Hannum 1990:247), Noors. Daar is 'n vreemdelingelement teenwoordig, maar die omvang is egter gering. Verder is die bevolking godsdienstig homogeen met ongeveer 96% van die bevolking wat lede van die Evangeliese Lutherse Kerk is. Kerkbywoning is egter gering.

Daar bestaan nietemin aanduidings van taaldiversiteit onder die Nore. Dit is hoofsaaklik die gevolg van lang tydperke van oorheersing deur die Dene en die Swede en 'n strewe onder sommige om 'n eie historiese identiteit te bewaar. Die twee belangrikste variasies van Noorweegs is *Bokmål* en *Nynorsk*. Bokmål is 'n vorm van Noorweegs met duidelike Deense invloed. Dit is die taal van die meerderheid en was in die tydperk van Deense oorheersing (1397-1814) die taal van die geskoolde klasse[705]. Nynorsk of neo-Noorweegs het hoofsaaklik in die negentiende eeu ontwikkel uit 'n mengsel van ou-Noorweegs en landelike en westelike dialekte. Dit word hoofsaaklik in die westelike landelike gebiede aangetref. Ongeveer 20% van skoolkinders word in Nynorsk onderrig (Banks 1992:570). Daar is hedendaags 'n neiging om die twee tale te vermeng in wat as Samnorsk bekend staan. Ten spyte van hul onderlinge verdeeldheid in terme van taal is die Noorweërs gesteld op hulle eie Noorse identiteit en word daar gepoog om 'n eie outonome missie aan Noorse identiteit te verleen soos gesuggereer word deur hul onwilligheid om by die Europese Unie aan te sluit en hul trae deelname aan NAVO.

Die Saami is nie etnies en taalkundig aan die Nore en die Noorse tale verwant nie. Die Saami se taal behoort tot die Finno-Ugriese supertaalfamilie en nie tot Indo-Europees nie.

Ongeveer die helfte van die Saami is woonagtig in die Noorde in die gedeelte wat as Finnmark bekend is. Die Saami vorm 'n meerderheid in slegs ses uit die meer as 400 Noorweegse Kommunes (Hannum 1990:247). Met tye was die Saami aan gedwonge assimilasie blootgestel. Hierdie pogings tot assimilasie het weerstand by die Saami uitgelok en is mettertyd laat vaar.

Daar is 'n duidelike afbakening tussen die Saami en die Nore in terme van "ons" en "hulle". Die Saami vorm in totaal minder as 1% van die bevolking maar maak aanspraak op groot gedeeltes van die landstreek.

7.5.1.2 *Vraagstukke, belange en politieke organisasie*

Die belangrikste politieke vraagstukke betrek ekonomiese aangeleenthede (byvoorbeeld lidmaatskap van die Europese Unie) en ekologiese aangeleenthede (byvoorbeeld ontwikkelings rondom die Altarivier).

Uit die belange wat deur die belangrikste politieke partye in Noorweë verteenwoordig word, blyk dit dat belange wat met bepaalde ekonomiese sektore verband hou, steeds die politiek in Noorweë oorheers. Daar is egter aanduidings dat etnisiteit en taaldiversiteit van tyd tot tyd polities van belang is, al is dit in geringe mate (kyk Lane & Ersson 1994:284; Banks 1994-95:654-655).

Die Noorweegse Arbeidersparty (*Det Norske Arbeiderparti*) is sedert 1927 die dominante party in Noorweë. Dit het egter nie altyd deel van die regerende koalisie uitgemaak nie, nietemin was dit altyd 'n krag waarmee rekening gehou moes word. In die verkiesing van 1993 het dit 67 uit die 165 setels (37% van die stemme) in die parlement (*Storting*) verower en het vervolgens die regerende party geword (Collier's Year Book 1994:358). Die beleid van hierdie party is demokraties-sosialisties.

Die Senterparty (*Senterpartiet*) het sy steun in die parlement ten tye van die 1993-verkiesing (32 setels) feitlik verdriedubbel. Dit het aanvanklik hoofsaaklik land- en bosboubelange verteenwoordig. Dit is wat ekonomiese beleid betref redelik konserwatief, is ten gunste van die bevordering van ekologiese belange en is gekant teen Noorweegse lidmaatskap van die Europese Unie (Collier's Year Book 1994:358; Banks 1994-95:655).

Die oudste van die huidige politieke partye is die Konserwatiewe Party (*Høyre*) wat in die 1993-verkiesing 28 setels verower het. Die party is ten gunste van private investering,

uitskakeling van regeringsbeheer in die semi-openbare nywerhede, laer belastings en 'n sterk militêre mag (Banks 1994-95:655).

Ander politieke partye wat in mindere mate oor parlementêre verteenwoordiging beskik is: die Christelike Volksparty (*Kristelig Folkeparti*) wie se hoofoogmerk die bevordering van Christelike waardes in die politiek is; die Sosialistiese Linkse Party (*Sosialistiek Venstreparti*) wat teen NAVO, teen die Europese Unie en teen hoë verdedigingsuitgawes en belasting op voedsel is; en die Vorderingsparty (*Fremskrittpartiet*) wat ten gunste van 'n vermindering in belastings en owerheidsinmenging is.

Politieke partye met beperkte steun is die Liberale Party (*Venstre*) wat op 'n stadium taalbelange verteenwoordig het, maar het later meer aandag aan ekologiese aangeleenthede gegee (Lane & Ersson 1994:284; Jacobs 1989:606); die Groen Omgewingsparty (*Miljøpartiet de Grønne*); en die Pensionarisparty (Banks 1994-95:656).

Die Saami stem egter op 'n aparte kieserslys vir verteenwoordiging in hul eie Saami-Volkskongres (*Sameting*). Hierdie kongres tree op as beskermer van Saami-belange en het magte oor byvoorbeeld die bevordering van die Saami-taal en -kultuur en die gebruik van grond in bepaalde gebiede (Banks 1994-95:654; Hannum 1990:254).

Dit blyk hieruit dat ekonomiese sektore die belangrikste belange is wat deur politieke partye verteenwoordig word. Daar is aanduidings dat die verskillende dialekte van Noors wel 'n politieke vraagstuk verteenwoordig, maar nie in dieselfde mate as ekonomiese en omgewingsbelange nie. Daar is ook stemme wat opgaan teen die teenwoordigheid van immigrante. Verder blyk dit dat Noorweë sy outonomie in die internasionale samelewing ten alle koste probeer beskerm.

Die Saami verkies om hul belange deur middel van hul eie politieke strukture te beskerm en te bevorder en dan van hierdie strukture gebruik te maak in hul onderhandelinge met die Noorweegse regering. Die rede hiervoor is dat hierdie strukture, soos die Saami-Volkskongres, die Saami meer handelingsbevoegdhede gee as wat deelname aan die tradisionele politieke partye en deelname aan verkiesings vir die sentrale parlement sou gee. Dit is hoofsaaklik vanweë hul feitlik onbeduidende getalsterkte.

7.5.1.3 *Strewe na outonomie*

Soos reeds aangedui, poog Noorweë om ten alle koste sy outonomie internasionaal te handhaaf. Dit kan dui op die aanwesigheid van sterk nasionalistiese sentimente onder Noorweërs.

Weens die grootte van die openbare sektor en die burokrasie en die feit dat sosialistiese waardes die dominante waardes in Noorweë is, is daar stemme ten gunste van meer individuele en ekonomiese outonomie. Dit tesame met die politieke verdeeldheid oor 'n reeks politieke vraagstukke kan daarop dui dat ten spyte van die oënskynlike teenwoordigheid van sterk middelpuntsoekende kragte van nasionalisme onder die Nore daar nietemin ook middelpuntvliedende kragte teenwoordig is wat verband hou met die politisering van bepaalde politieke vraagstukke soos aborsie, lidmaatskap van die Europese Unie en die grootte van die openbare sektor. Noorweë se partystelsel word deur analiste, ten opsigte van ideologie, nie hoogsgepolariseerd geag nie (kyk Lane & Ersson 1994:185).

Die strewe na outonomie onder die Saami is egter aanduidend van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme wat verband hou met etnisiteit. Die Saami was aanvanklik onderwerp aan pogings tot assimilasie waarin daar onder andere gepoog is om hul taal te elimineer. Tot aan die einde van die tweede Wêreldoorlog het onderrig in Noors geskied. Hierdie miskenning van hul identiteit het weerstand by die Saami uitgelok en in 1947 het die Noorweegse regering die Saami- taal as die Saami se eerste taal aanvaar. In 1959 het 'n verslag van 'n kommissie van ondersoek oor Saami- aangeleenthede erken dat Saami-kinders die reg het om in hul eie taal onderrig te word. Dit het ook die einde van doelbewuste pogings tot assimilasie beteken (Hannum 1990).

Verskeie adviserende instellings wat advies oor beleid ten opsigte van die Saami moes gee het tot stand gekom. Die Saami in Noorweë maak toenemend aanspraak op outonomie oor aangeleenthede wat hulle direk raak en dat hul taal as 'n amptelike taal in Noorweë erken moet word (kyk Hannum 1990). Hierdie aandrang op outonomie strek egter nie tot 'n aandrang op selfdeterminasie in 'n eie staat nie. Die Saami is dus ten gunste van beperkte outonomie binne die breër Noorweë.

### 7.5.2 Inspraak in kollektiewe besluite

Noorweë is tans 'n konstitusionele monargie. Daar is eers werklik sprake van 'n demokratiese tradisie met die instelling van stemreg vir mans in 1898 (Jacobs 1989:586).

Die uitvoerende gesag word namens die staatshoof deur 'n Staatsraad (*Statsråd*) uitgevoer. 'n Eerste minister is aan die hoof van die Staatsraad en hy is verantwoordelik aan die *Storting* (parlement).

Die uitvoerende gesag word gekenmerk deur koalisievorming en soms deur minderheidsregering. Daar is aansienlike afwisseling in die partye wat koalisies vorm, maar die Noorweegse Arbeidersparty bly steeds die dominante party hoewel nie altyd as lid van 'n regerende koalisie nie (Collier's Year Book 1994:358; Banks 1994-95).

Die wetgewende gesag bestaan uit die parlement *Storting* wat vir 'n tydperk van vier jaar deur middel van proporsionele verteenwoordiging verkies word[706]. Die *Storting* kan nie ontbind word nie. Die *Storting* bestaan tans uit 165 setels. Sodra die *Storting* verkies is, word 25% van die lede uit eie geledere tot 'n "hoërhuis" (*Lagting*) verkies, die oorblywendes bly dan lid van die "laerhuis" (*Odelsting*)[707]. Soos reeds aangedui, beskik die Saami oor hul eie volkskongres wat met adviserende en beperkte besluitnemende magte beklee is (Banks 1994-95).

Daar bestaan verder 'n uitgebreide stelsel van plaaslike regering met verkose rade op verskeie vlakke.

In Noorweë word besluitneming nie deur die uitvoerende gesag gedomineer nie. Die *Storting* het 'n belangrike rol in besluitneming en belangegroepe is belangrik in die besluitnemingsproses waarin ook die amptenaar 'n belangrike rol het (kyk Lane & Ersson 1994:245-246).

Noorweë se politiek word gedomineer deur waardes wat sosialisties is. Gevolglik kan ander waardes wat meer met kapitalisme verbind word, nie werklik meeding nie. Nietemin toon koalisievorming redelike vloeibaarheid tussen deelnemende politieke partye. In die algemeen beskou, is die mening dat Noorweë se politieke stelsel gekenmerk word deur 'n hoë mate van inspraak in gesaghebbende en kollektiewe besluite, veral as die posisie van die Saami as 'n minderheid in ag geneem word.

### 7.5.3 Gevolgtrekking

Uit voorgaande blyk dit dat die Noorweegse bevolking nie heeltemal homogeen is nie, maar dat getalswys die Nore feitlik 98% van die totale bevolking uitmaak. Die Saami is egter nie verwant aan die Nore nie en dit het assimilasie waarskynlik bemoeilik. Dit is moontlik dat die Saami in die teenwoordigheid van die getalleoorwig van die Nore meer bewus is van hul eie identiteit en dat pogings tot assimilasie juis hierdie bewustheid ingeskerp het.

Wat die Nore betref, is daar aanduidings van beide middelpuntsoekende kragte en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme. Die middelpuntvliedende kragte het meer te make met interne verskille ten opsigte van taal, ekonomiese belange en verskillende menings oor bepaalde vraagstukke. Ten spyte van hierdie middelpuntvliedende kragte is daar 'n sterk Noorse identiteit wat gesteld is op hul outonomie as Nore. Dit is aanduidend daarvan dat nasionalisme wel onder bepaalde omstandighede interne verskille kan oorbrug in 'n identifikasie met die Noorse volk.

Die Saami se aandrang op die erkenning van hul eie identiteit en outonomie is, in terme van intensiteit gesien in groter mate middelpuntvliedend ten opsigte van 'n "Noorweegse" nasionale identiteit en is aanduidend van die teenwoordigheid van 'n mininasionalisme. In terme van omvang gesien, in die lig van die beperkte getalle daarby betrokke, is dit egter gering. In terme van geografiese aansprake deur die Saami is hierdie middelpuntvliedende kragte wel beduidend[708]. Op hierdie stadium is die Saami tevrede met beperkte outonomie binne die breër Noorweë. Hierdie outonomie, tesame met die Nore se bereidwilligheid om dit (outonomie)[709], eintlik buite verhouding tot hul getalsverhouding aan die Saami te verleen, is aanduidend van 'n simbiotiese naasbestaan met 'n gemeenskaplike patriotisme. Daar is dus nie werklik sprake van 'n rebelse nasionalisme by die Saami nie en die Saami is ook slegs in 'n beperkte mate ondergeskik aan Noorse nasionalisme. Hoewel Noorse nasionalisme in terme van getalle dominant is en hierdie posisie in die verlede deur die Nore gebruik is (byvoorbeeld pogings tot assimilasie), is die Nore tans in hul verhoudinge met die Saami nie werklik 'n dominante nasionalisme nie.

Verder word die politieke stelsel van Noorweë gekenmerk deur 'n hoë mate van inspraak in kollektiewe besluite en gevolglik 'n hoë mate van demokrasie.

## 7.6 REPUBLIEK VAN FINLAND

Die samestelling van die Republiek van Finland se bevolking en die belange wat polities georganiseer word, toon ooreenkomste met dié van scenario's 5, 6 en in 'n beperkte mate elemente van scenario 4.

### 7.6.1 Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme

In scenario 5 is aangedui dat indien die teenwoordigheid van verskillende ethnies in 'n staat gepaardgaan met 'n hoë mate van inspraak in kollektiewe besluite en 'n algemene gevoel dat belange realiseer kan word, sal daar waarskynlik min sprake van middelpuntvliedende kragte wees wat met rebelse nasionalisme gepaard gaan.

In scenario 6 is gesuggereer dat die interne dinamika beïnvloed gaan word deur die teenwoordigheid van lede van bepaalde ethnies in aangrensende state en in scenario 4 is gesuggereer dat waar een ethnie 'n ander domineer, die potensiaal tot rebelse nasionalisme ontstaan.

#### 7.6.1.1 *Bevolkingsamestelling*

Finland se bevolking van 5,1 miljoen (Collier's Year Book 1995:502) bestaan uit ongeveer 93% Finne. 'n Sweedse minderheid van ongeveer 6% is polities prominent. Die Swede

is nasate van setlaars wat hulle in Finland gevestig het gedurende die bykans sewe eeue van Sweedse oorheersing. Die Sweedse minderheid is gekonsentreer in die provinsie Österbotten, in die kusstreek tussen Åbo en Helsingfors en ook op die Åland-eilandgroep. Dit is net op Åland dat die Swede 'n meerderheid vorm (Lane & Ersson 1994:80-81). Daar is verder 'n Saami minderheid in Finland van ongeveer 5 300 (Hannum 1990:255).

Etnies en linguisties is die Finne en die Saami verwant aan mekaar, maar verskil weer op hul beurt radikaal van die Swede. Sweeds behoort tot die Indo-Europese supertaalfamilie, terwyl Fins en die Saami-tale tot die Finno-Ugriese supertaalfamilie behoort.

Weens die noue verwantskap tussen die Finne en die Saami is assimilasie dikwels spontaan.

Meer as 90% van die bevolking (beide Finne en Swede) behoort tot die Evangeliese Lutherse Kerk (Banks 1994-95).

Ten spyte van godsdienstige homogeniteit is daar duidelike subgroepe wat onder die Finse bevolking geïdentifiseer kan word. Etnisiteit en taal is die hoofonderskeidende kenmerk in hierdie verband. Die Swede het wel daarin geslaag om hul taal as amptelike taal naas Fins erken te kry, maar ondervind in die praktyk probleme met taalgelykheid[710].

7.6.1.2 *Vraagstukke, belange en politieke organisasie*

Politieke vraagstukke in Finland word gedomineer deur konstitusionele aangeleenthede, buitelandse verhoudings (lidmaatskap van die Europese Unie), ekonomiese aangeleenthede en etnisiteit.

Die belange wat deur die belangrikste politieke partye verteenwoordig word, het weer eens met ekonomiese aangeleenthede te make. Etnisiteit is 'n belangrike faktor in die verteenwoordiging van belange deur politieke partye. Die partystelsel in Finland word deur analiste as ideologies gepolariseerd en gefraksionaliseerd beskou (kyk Lane & Ersson 1994:185).

Die Finse Senter (*Suomen Keskusta/Finlands Centern*). Hierdie party se oorsprong kan tot 1906 teruggevoer word. Aanvanklik het dit hoofsaaklik landbou en landelike belange onder Finne verteenwoordig. Met die verstedeliking van die bevolking het die party ook steun in die stedelike gebiede verkry. Die party poog om weg te beweeg van sy oorwegend Finse karakter. Tydens die verkiesing in 1991 het die party as die sterkste party geëindig met 55 uit die 200 (24,85%) setels in die parlement (*Eduskunta/Riksdagen*) (Collier's Year Book 1992:253; Banks 1994-95:292).

Die Nasionale Koalisie (*Kansallinen Kokoomus*) is 'n konserwatiewe party wat reeds in 1918 ontstaan het. Dit verteenwoordig hoofsaaklik belange van private ondernemings, die besigheidsgemeenskap en grondbesitters. Dit is hoofsaaklik belange van Finne wat verteenwoordig word. In 1991 het die party 40 setels (20%) verower (Banks 1994-95:292).

Die Sweedse Volksparty (*Svenska Folkpartiet*) se beleid is liberaal. Hierdie party verteenwoordig hoofsaaklik die belange van die Sweedse minderheid in Finland. In die verkiesing van 1991 het die party 12 setels (6%) verower[711]. Dit is proporsioneel tot die Swede se getalsterkte in Finland (Banks 1994-95:292).

Die Finse Groenunie (*Suomen Vihreä Liitto*), is een van verskeie groenorganisasies in Finland. Die party verteenwoordig hoofsaaklik ekologiese belange, maar is nie-sosialisties nie. Tydens die 1991-verkiesing het die party 10 setels verower (Banks 1994-95:292).

Die Finse Christelike Unie (*Suomen Kristillinen*) verteenwoordig hoofsaaklik Christelike belange in die openbare lewe. In die 1991-verkiesing het dit 8 setels verower (Banks 1994-95:292).

Die Finse Landelike Party (*Suomen Maaseudun Puolue*) verteenwoordig hoofsaaklik die belange van boere en handelaars en dit het 7 setels in 1991 verower (Banks 1994-95:292).

Bogenoemde partye is die belangrikste nie-sosialistiese partye. Ander kleiner nie-sosialistiese partye is die: Liberale Volksparty met een verteenwoordiger in die *Eduskunta*, die Konstitusionele Party van die Regses, die Pensionarisparty (Banks 1994-95:292).

Na afloop van die verkiesing in 1991 is die koalisie saamgestel uit bogenoemde nie-sosialistiese partye. Die nie-sosialiste het oor 'n totaal van 133 uit die 200 setels in die *Eduskunta* beskik.

Die belangrikste sosialistiese partye in Finland is die Finse Sosiaal Demokratiese Party (*Suomen Sosialidemokraattinen Puolue*), wat in die 1991-verkiesing 48 setels verower het. Sedert 1907 tot die verkiesing in 1991 was hierdie die grootste party in die parlement. Dit verteenwoordig hoofsaaklik die belange van die werkersklas en kleinboere (Banks 1994-95:291).

Die Linkse Alliansie (*Vasemmistoliitto*), het 19 setels in 1991 verower. Dit bestaan hoofsaaklik uit 'n alliansie van linkse en gematigde kommuniste. Daar is twee verdere radikale kommunistiese partye wat oor geen verteenwoordiging beskik nie (Banks 1994-95:291).

Die Saami se belange in Finland word hoofsaaklik deur die Saami-parlement wat indirek deur die Saami in die Saami-streke verkies word, verteenwoordig. Die Finse kabinet stel die Saami-parlement saam uit die kandidate wat die hoogste aantal stemme verwerf het, maar met die voorbehoud dat daar twee kandidate vir elke streek moet wees (Hannum 1990:255). Dit is hoofsaaklik 'n adviserende instelling, wat voorstelle maak ten opsigte van die ekonomiese, maatskaplike en kulturele aangeleenthede van die Saami.

Uit die belange wat verteenwoordig word, blyk dit dat die belange hoofsaaklik te make het met ekonomiese aangeleenthede, maar dat hierdie belange deur partye en instellings met 'n etniese inslag verteenwoordig word. Daar is gevolglik duidelike subgroepe van "ons" en "hulle" teenwoordig.

7.6.1.3 *Strewe na outonomie*

Ten spyte van die bestaan van duidelik gepolitiseerde subgroepe tussen "ons" en "hulle" in Finland is daar min aanduiding van 'n omvattende stryd na outonomie onder die nie-Finse subgroepe. 'n Faktor in hierdie verband is moontlik die feit dat hierdie groepe reeds binne die bestaande politieke bestel oor uitgebreide outonomie beskik.

Finland is dan ook die eerste Nordiese staat wat 'n Saami-parlement ingestel het. In die lig van die klein getal Saami-inwoners in Finland is die bestaan van so 'n instelling belangrik. Åland met sy Sweedse bevolking beskik oor plaaslike outonomie. Hierdie outonomie is deur 'n besluit van die Volkebond in 1921, bevestig. Outonome politieke magte is egter uitgebrei in 1951 en ook met ingang van 1 Januarie 1993 (Banks 1994-95:293).

Die Swede is oor die algemeen goed verteenwoordig in die *Eduskunta* en die Sweedse Volksparty het al soveel as 12,5% van die kabinetsposte beklee. Al hierdie subgroepe bly egter bewus van hul identiteit. Benewens die Saami se gesteldheid op dit wat hul eie is, is daar byvoorbeeld 'n Sweedse universiteit by Åbo, 'n Sweedse teater, koerante in Sweeds en Sweedse radio- en televisieprogramme (Banks 1994-95). 'n Bron van kommer vir die Swede is dat ten spyte daarvan dat Sweeds 'n amptelike taal is, die Finne nie verplig is om Sweeds aan te leer nie. Beide Åland en die Saami van Finland neem deel aan samesprekings tussen die "klein nasies van die Noorde" (Hannum 1990:257) waartydens daar oor gemeenskaplike belange en hul outonomie beraadslaag word. Daar is gevolglik duidelik tekens van die teenwoordigheid van mininasionalismes in Finland, hoewel daar nie werklik sprake van rebelse nasionalismes is nie. Aandrang op outonomie het hoofsaaklik te make met 'n aandrang op groter regionale outonomie binne Finland.

Die etniese Finne het vir hul onafhanklikheid, eers teen Sweedse en later teen Russiese oorheersing te staan gekom. Finse nasionalisme het eers werklik in die agtiende eeu met

die totstandkoming van 'n Finse middelklas, die ontstaan van 'n letterkunde in Fins en studies in Finse politiek en taal, ontwikkel. Daar is aangedring op amptelike onderrig in Fins en die erkenning van die Finse taal. Onafhanklikheid is egter eers in 1917 van Rusland verkry. In hul stryd teen die Russe is die Finne deur die Swede ondersteun. Daar is nou selfs steun vir die herverkryging van Finse gebied wat in 1940 aan die voormalige USSR afgestaan is. Hierdie is aanduidend van die teenwoordigheid van middelpuntsoekende kragte van nasionalisme in Finland.

Ten spyte daarvan dat die etniese Finne die oorgrote meerderheid van die bevolking van Finland uitmaak, tree die Finne in hul verhouding met die ander etniese groepe nie werklik soos 'n dominante nasionalisme op nie. In die presidentsverkiesing in Februarie 1994, wat deur Martti Ahtisaari met 53,9% van die stemme gewen is, het Elisabeth Rehn, wat die Sweedse Volksparty verteenwoordig het, 46,1% van die stemme verower (Collier's Year Book 1995:228). Daar is gevolglik duidelike tekens van Finse akkommodasie en aanvaarding van die Sweedse, maar ook die Saami-minderhede.

7.6.2 Inspraak in kollektiewe besluite

Weens Finland se lang geskiedenis van oorheersing deur die Swede en die Russe, is daar eers werklik sprake van 'n demokratiese politieke bestel met die aanvaarding van die konstitusie van 1919. Hierdie konstitusie het voorsiening gemaak vir 'n republiek.

Die uitvoerende gesag is 'n gekombineerde president- en kabinetstelsel. Die staatshoof is 'n president wat direk vir 'n termyn van ses jaar verkies word. Die staatshoof is verantwoordelik vir buitelandse sake en deel binnelandse aangeleenthede met die eerste minister, bygestaan deur 'n kabinet. Die President is gevolglik 'n staatshoof beklee met werklike magte. Die magte van die eerste minister en die kabinet verleen 'n parlementêre karakter aan die uitvoerende gesag (Banks 1994-95). Die regering bestaan gewoonlik uit 'n koalisie van partye en daar is 'n redelike mate van afwisseling tussen die partye in die koalisie (Collier's Year Book 1994:245; Collier's Year Book 1995:228). Na afloop van die 1991-verkiesing is die koalisie saamgestel uit die Finse Senter, Nasionale Koalisie, Sweedse Volksparty en die Finse Christelike Unie. Die Christelike Unie het egter in 1994 uit die koalisie getree weens ontevredenheid oor die Europese Unie.

Die wetgewende gesag bestaan uit die enkelkamer *Eduskunta* met 200 verteenwoordigers wat deur middel van proporsionele verteenwoordiging vir 'n tydperk van vier jaar verkies word. Die President mag egter die *Eduskunta* ontbind. Soos reeds aangedui beskik die Saami oor hul eie strukture van verteenwoordiging. Plaaslike outonomie aan Åland maak voorsiening vir 'n parlement met wetgewende bevoegdhede, 'n regering wat aan die parlement verantwoordelik is en die erkenning van streeksburgerskap (Banks 1994-95:293).

Finland beskik oor 'n uniale staatsvorm met uitsonderings in die geval van Åland en die Saami. Daar bestaan verder 'n stelsel van provinsies (*läänit*) wat onderverdeel is in munisipaliteite en plattelandse kommunes.

Belangeroepe is ook van belang in Finse besluitneming en veral in 'n neo-korporatistiese sin.

Finland word nie gekenmerk deur die permanente uitsluiting van bepaalde belange in die neem van gesaghebbende en kollektiewe besluite nie. Inteendeel Finse politiek word gekenmerk deur pogings om so insluitend as moontlik te wees, hoewel in praktyk politieke partye en die wetgewende gesag se mag in besluitneming ondermyn word deur die rol van die President en belangegroepe. Soos egter aangedui in hoofstukke 2 en 5 is dit nie aanduidend van minder demokrasie nie. In die algemeen beskou, is die mening dat Finland se politieke stelsel gekenmerk word deur 'n hoë mate van inspraak in gesaghebbende en kollektiewe besluite, veral as die posisie van Åland, die Swede en die Saami in ag geneem word. Dit is egter nie duidelik om watter redes die Finne hierdie politieke konsessies aan die ander subidentiteite maak nie. Waarskynlik is hulle van mening dat die voordele daaraan verbonde die koste oorskry.

7.6.3 Gevolgtrekking

Uit die voorgenoemde bespreking behoort dit te blyk dat die Finse bevolking nie homogeen is nie en dat die etniese Finne getalsgewys dominant is. Die Saami is verwant aan die Finne en gevolglik vind assimilasie dikwels spontaan plaas. Die Swede is egter nie aan die Finne verwant nie, maar ondertrouery het plaasgevind en die Swede het ook die Finne in hul verset teen Rusland gesteun. Die posisie van die Swede en veral Sweeds as 'n amptelike taal is soms 'n bron van etniese geskille in Finland. Nietemin is die Swede op die vasteland (Åland is 'n eilandgroep met 'n oorwegend Sweedse bevolking) oënskynlik gediend met hul posisies, maar steeds baie bewus van hul identiteit.

Die Finne word gekenmerk deur die aanwesigheid van middelpuntsoekende kragte van nasionalisme soos geïllustreer in hul strewe na onafhanklikheid van vreemde oorheersing en die herverkryging van verlore grondgebied, ten spyte van ideologiese polarisasie.

Die Saami en Åland se aandrang op 'n groter mate van outonomie is middelpuntvliedend ten opsigte van 'n breër Finlandse identiteit. Daar is gevolglik aanduidings van die teenwoordigheid van mininasionalismes, maar op hierdie stadium is beide Åland en die Saami tevrede met beperkte outonomie binne die breër Finland. Die Swede op die vasteland word nie gekenmerk deur 'n strewe na outonomie nie, maar hulle is polities oorwegend in terme van hul Sweedse identiteit georganiseer. Hoewel dit ook aanduidend

van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme is, is daar nie werklik sprake van eie nasionalistiese sentimente by die Swede op die vasteland nie. Die Sweedse bevolking se getalle is egter besig om stelselmatig te daal en hoofsaaklik weens emigrasie (kyk Lane & Ersson 1994:80)[712].

Finland word gevolglik nie werklik gekenmerk deur die bestaan van rebelse nasionalisme nie, maar word eerder gekenmerk deur 'n simbiotiese verhouding waarin die belange van alle belanghebbendes respekteer word in 'n gemeenskaplike patriotisme.

Finland word gevolglik gekenmerk deur die bestaan van 'n hoë graad van inspraak in gesaghebbende en kollektiewe besluite, die aanwesigheid van middelpuntsoekende kragte van nasionalisme, maar ook die aanwesigheid van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme wat egter in omvang beperk is. Ten spyte van die Finne se getalledominasie het die ander subidentiteite effektiewe inspraak in gesaghebbende en kollektiewe besluite en word dus nie polities gemarginaliseer nie.

## 7.7 DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN GROOT-BRITTANJE EN NOORD-IERLAND

Die samestelling van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland (hierna Brittanje genoem) se bevolking en die belange wat polities georganiseer is, toon in sommige opsigte ooreenkomste met die van scenario 3, in ander opsigte ooreenkomste met scenario 4, maar ook kenmerke van scenario's 5 en 6.

### 7.7.1 Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme

In scenario 3 is gesuggereer dat waar 'n vreemde moondheid die homogene bevolking van 'n staat koloniseer (soos in die geval van Noord-Ierland) en dan die inheemse bevolking polities domineer, sal die inwoners hul vir hul selfdeterminasie beywer. In scenario 4 word gesuggereer dat dit steeds in 'n demokrasie moontlik is om bepaalde groeperinge uit betekenisvolle deelname uit te sluit en gevolglik kan demokratiese tegnieke 'n faktor wees in nasionalistiese sentimente. In scenario 5 is weer gesuggereer dat waar bepaalde etniese groepe in bepaalde geografiese gebiede gekonsentreer is wat dan gepaard gaan met 'n redelike mate van selfdeterminasie, rebelse nasionalisme nie 'n groot faktor sal wees nie, maar dat die mate van eenheid wat bestaan nie maklik bepaal kan word nie. In scenario 6 is weer aangedui dat waar een ethnie ook lede in 'n aangrensende staat het, soos die geval met Noord-Ierland en Ierland is, die verhoudinge in die staat ook hierdeur beïnvloed sal word.

7.7.1.1 *Bevolkingsamestelling*

Brittanje se bevolking van 58,4 miljoen (Collier's Year Book 1995:502) is etnies heterogeen. Daar is ook aanduidings van die bestaan van taal- en godsdiensdiversiteit. Veral vier inheemse ethnies is van belang, naamlik die Engelse, Skotte, Wallisers en Iere, wat elk in bepaalde geografiese gebiede, naamlik Engeland, Skotland, Wallis en Noord-Ierland onderskeidelik gekonsentreer is.

Die vereniging van hierdie gebiede, met die uitsondering van Noord-Ierland, was hoofsaaklik die gevolg van koninklike politiek. In die elfde eeu is in dit wat vandag bekend staan as Engeland, 'n enkele koninkryk gevestig. In 1284 het die Engelse Koninkryk die gebied Wallis verower en in 1536 is Wallis by Engeland geïntegreer. Sedert 1603 is Engeland, Wallis en Skotland deur die Skotse konings regeer. In 1707 is Engeland (insluitende Wallis) en Skotland as Groot-Brittanje verenig. Die hele Ierland is in 1801 tot Groot-Brittanje gevoeg. Ierland is in 1921 verdeel en slegs Noord-Ierland het lid van Groot-Brittanje gebly, terwyl die res onafhanklikheid verkry het (kyk Johnston et al. 1988).

Verder is daar ook kleiner eilande soos die eiland Man met 69 800 inwoners (1991) waarvan 'n gedeelte nog Manx ('n Keltiese taal) praat; die Kanaaleilande met 'n bevolking van 146 200 (1993) waarvan sommige Franssprekend is; die Shetland-eilande; die Orkney-eilande en die Hibredes. Daar is ook 'n aansienlike uitlander- element in Brittanje teenwoordig. In Cornwallis, in die suidweste van Engeland, is die bevolking ook van Keltiese herkoms en beskik steeds oor 'n eie identiteit (Banks 1994-95).

Die Engelse, in Engeland, met 'n bevolking van 46 miljoen is numeries, polities en ekonomies die dominante groep. Engeland beslaan meer as die helfte van die land-oppervlakte en omvat 80% van die bevolking van Brittanje. Die Engelse taal is die dominante taal en is die enigste amptelike taal. Die Engelse behoort oorwegend tot die Anglikaanse Kerk.

Wallis het 'n bevolking van ongeveer 2,8 miljoen (1991). Ten spyte van Wallis se politieke integrasie by Engeland sedert 1536, word eie kulturele gebruike steeds gehandhaaf. Ongeveer 21% van die bevolking praat nog *Cymru*, die Walliese taal, 'n taal wat tot die Keltiese taalfamilie behoort (kyk Lane & Ersson 1994:79). Engels as die amptelike taal behoort weer tot die Germaanse taalfamilie. Beide hierdie taalfamilies is lid van die Indo-Europese supertaalfamilie. Tans word Wallies in die skole geleer en het Wallies dan ook in 1942 wetlike erkenning verkry (dit is egter nie 'n amptelike taal nie). Die Wallisers maak daarop aanspraak dat hul letterkunde, naas die van die Grieke en die Romeine die oudste in Europa is (Snyder 1982:45). In die twintigste eeu het daar 'n oplewing in Walliese letterkunde plaasgevind. Kultuur speel 'n belangrike rol in Walliese identiteit.

Hoewel relatief min Wallisers nog hul eie taal praat, is hul identifikasie met Wallis groter as hul identifikasie met Brittanje. So het 'n ondersoek in 1976 bevind dat slegs 15% Wallisers hulself as Brits, 13% as Engels en 1% as Skots beskou teenoor 69% wat hulself as Wallies beskou (kyk Lane & Ersson 1994:85).

Skotland het 'n bevolking van ongeveer 5 miljoen (Banks 1994-95). Skotland is sedert 1707 met Engeland verenig. Die Skotte maak aanspraak op ander voorouers as die Engelse. Twee tale word in Skotland gepraat. Die taal in die laaglande is Lallans en is verwant aan Engels; die taal van die Hooglande is Gaelies en is 'n Keltiese taal. Ten spyte van enkele taalbewegings is bevind dat slegs 2% Skotte nog Gaeliessprekend is. Taalkundige verengelsing vind steeds plaas (kyk Lane & Ersson 1994:79).

Dit is nie presies duidelik wat die basis van Skotse identiteit vorm nie. Ten spyte daarvan dat min Skotte nog Gaeliessprekend is en Lallans na aan Engels is, is bevind dat slegs 29% Skotte hulself as Brits en 1% as Wallies beskou teenoor 67% wat hulself as Skots beskou (kyk Lane & Ersson 1994:85). Die Skotte is verder oorwegend Presbiteriaans wat hul godsdiensbeoefening betref.

Noord-Ierland met 'n bevolking van ongeveer 1,57 miljoen (Banks 1994-95) is geografies deel van Ierland, maar polities deel van Brittanje. 'n Kenmerk van Noord-Ierland is die etnies heterogene aard van sy bevolking. Daar word dikwels uit die oog verloor dat die oënskynlike stryd tussen Rooms-Katolieke en Protestante meer behels as blote godsdiensidentiteit. Die Protestante is hoofsaaklik afstammelinge van Setlaars, uit Skotland en Engeland, wat hulle sedert die sewentiende eeu in die Noorde van Ierland gevestig het. Die Rooms-Katolieke daarenteen is hoofsaaklik afstammelinge van Ierse voorsate. Min Iere praat nog Iers, 'n Keltiese taal. Daarteenoor is identifikasie van die bevolking van Noord-Ierland meer divers as in Wallis en Skotland. Slegs 29% van die bevolking beskou hulself as Brits en 21% as Ulsters teenoor 43% wat hulself as Iers beskou (kyk Lane &Ersson 1994:85).

Op die kleiner eilande is daar ook sterk plaaslike identiteite teenwoordig wat verdeel is tussen plaaslike identiteit en Britse identiteit. Verder kom die behoud van 'n eie identiteit onder uitlanders, veral Asiate, voor. Die ander oorsese gebiede is nie hier van belang nie.

Daar is gevolglik duidelike aanduidings dat Brittanje se bevolking heterogeen is in terme van hul etniese samestelling en identiteit, godsdiensbeoefening, spreektaal en streeksidentiteit.

7.7.1.2 *Vraagstukke, belange en politieke organisasie*

Politieke vraagstukke in Brittanje het hoofsaaklik te make met ideologiese vertrekpunte van die dominante partye. Dit is veral opvattings oor die ekonomie wat in hierdie verband belangrik is, maar daar is ook vraagstukke wat met etnisiteit te make het (Greenaway et al. 1992:52-54). Die belange van bepaalde ekonomiese sektore is die belangrikste belange wat deur politieke partye verteenwoordig word.

Die twee dominante partye gedurende hierdie eeu in Brittanje is die Konserwatiewe Party en die Arbeidersparty. Die Konserwatiewe Party het gedurende die 1992-verkiesing 336 uit 651 setels verower en 41,9% van die stemme om dit vir die vierde agtereenvolgende termyn die regerende party te maak. Die Arbeidersparty het in die 1992-verkiesing 271 setels en 34,4% van die stemme verower (Banks 1994-95:918-920; Collier's Year Book 1993:262).

Die Konserwatiewe Party verteenwoordig hoofsaaklik die belange van die besigheidsektor, besittersklas en elite. Ten spyte hiervan geniet dit ook steun onder die werkers maar die redes daarvoor blyk nie presies duidelik te wees nie (Ingle 1989:76-95). Daarteenoor is die Arbeidersparty gestig om arbeiderbelange in die parlement te verteenwoordig (Ingle 1989:152-175). Die Arbeidersparty het sedert sy stigting in 1900 aansienlik regs beweeg, maar die party beskik steeds oor 'n radikale linkse faksie. Die Konserwatiewe Party word ook gekenmerk deur die bestaan van beide 'n linkse en 'n regse faksie. Daar is 'n belangrike ideologiese onderskeid tussen die Konserwatiewe Party en die Arbeidersparty. Eersgenoemde se beleid is ingestel op die lewering van goedere en dienste deur die private sektor, terwyl laasgenoemde ingestel is op die lewering van goedere en dienste deur die openbare sektor (kyk Johnston et al. 1988).

Beide hierdie twee partye se steun is oor Engeland, Wallis en Skotland versprei. Hierdie partye het egter besliste afsonderlike regionale organisasies in Skotland en Wallis, maar is nie primêr etnies nie. Tydens die referendum oor die devolusie van magte aan Skotland en Wallis het affiliasie met hierdie twee partye 'n belangrike rol gespeel (kyk Brand 1986). Dit is daarom nie presies duidelik of steun vir die Konserwatiewe Party en die Arbeidersparty noodwendig 'n negering van afsonderlike Skotse en Walliese identiteit impliseer nie. Indien die hoë mate van regionale identiteit, wat reeds bespreek is, in ag geneem word, wil dit voorkom asof gedeelde belange nie noodwendig etniese identiteit vervang nie.

Die Liberale Demokratiese Party wat in 1988 met die samesmelting van die Liberale en die Sosiaal Demokratiese Partye ontstaan het, het in die 1992-verkiesing 20 setels en 17,8% van die stemme verwerf. Die party poog om afvalliges van beide die Konserwatiewe Party

en die Arbeidersparty te trek. Hierdie party het ook steun in Engeland, Wallis en Skotland (Banks 1994-95:919-920).

Die Walliese Nasionaliste Party (*Plaid Cymru*) en die Skotse Nasionaliste Party is tipiese nasionalistiese partye omrede die partye se beleid volkome selfregering vir Wallis en Skotland onderskeidelik propageer. Die party in Wallis het in die 1992-verkiesing 4 verteenwoordigers verwerf, terwyl die party in Skotland 3 verteenwoordigers verwerf het.

'n Interessante verskynsel is die Islamitiese Party wat in 1989 gestig is. Dit is ten gunste van die erkenning van Moslemregspraak en openbare fondse vir Moslemskole. Die teenpool van hierdie party is waarskynlik die Nasionale Front wat uit regses bestaan en wat gekant is teen die teenwoordigheid van uitlanders veral dié van Asiatiese en Afro-Karibiese herkoms. Hierdie twee partye het nog nie verteenwoordiging in die parlement verkry nie, maar laasgenoemde beskik oor 'n aantal setels in stadsrade (Banks 1994-95:919).

Daar is nog 'n aantal kleiner partye waarvan die Groenparty waarskynlik die belangrikste is. Die ander partye verteenwoordig hoofsaaklik werkersbelange.

Bogenoemde partye sluit nie die partye in Noord-Ierland in nie. Die meerderheid verteenwoordigers uit Noord-Ierland behoort tot die Ulster Unioniste (wat uit drie faksies bestaan) en wat oor 13 verteenwoordigers (1992) beskik. Hierdie party is ten gunste van hul plek binne Brittanje (Banks 1994-95:920).

Die Ulster Sosiaal Demokratiese en Arbeidersparty beskik oor 4 verteenwoordigers (Banks 1994-95:920). Dit is 'n party wat hoofsaaklik die belange van Rooms-Katolieke verteenwoordig en wat terselfdertyd ten gunste van hereniging met die Republiek van Ierland is.

Daar is nog verskeie ander kleiner partye wat ingedeel kan word in: die wat ten gunste is van hul voortgesette plek in Brittanje; die wat ten gunste is van eie onafhanklikheid; en die wat ten gunste is van vereniging met die Republiek van Ierland. *Sinn Fein* (letterlik ons alleen) is 'n bekende voorbeeld in laasgenoemde verband.

Uit die beleid en belange wat deur die belangrikste politieke partye verteenwoordig word, blyk dit duidelik dat etnisiteit in Brittanje polities georganiseerd is, maar dit is nie die enigste en ook nie 'n dominante faktor in politieke organisasie nie.

7.7.1.3 *Strewe na outonomie*

Daar bestaan duidelik gepolitiseerde subgroepe in Brittanje wat verband hou met etnisiteit en/of regionalisme en wat as mininasionalismes beskou kan word.

Brittanje se staatsvorm word algemeen as 'n unie beskou. Ten spyte daarvan, beskik die streke Wallis, Noord-Ierland en veral Skotland oor magte wat nie normaalweg met 'n unie assosieer word nie. Tydens unifikasie met Engeland, het Skotland magte behou wat verband hou met sy eie kulturele identiteit. Skotland beskik byvoorbeeld oor sy eie reg-, plaaslike regering- en onderwysstelsel. Daar bestaan sedert 1885 'n afsonderlike Skotse Kantoor wat belas is met uitvoerende magte. Daarteenoor is Wallis meer geïntegreer met Engeland maar beskik nietemin sedert 1964 oor 'n eie Walliese Kantoor (Johnston et al. 1988:89).

Daar bestaan in beide Skotland en Wallis sterk eie nasionale identiteite en ook bewegings ten gunste van outonomie. Die verwerping, deur middel van 'n referendum, van wetgewing ōor uitgebreide devolusie van bevoegdhede aan Wallis en Skotland is moeilik interpreteerbaar. Die neiging is om hierdie verwerping te interpreteer as aanduidend dat subidentiteite nie baie sterk is nie. Dit moet eerder gesien word as aanduidend van verskil in mening oor hoe belange die beste gedien sal word. In Wallis is die voorgestelde wetgewing met 'n aansienlike stem verwerp, terwyl in Skotland 'n aansienlike meerderheid behaal is ten opsigte van diegene wat wel gestem het, maar die vereiste meerderheid is nie behaal nie (kyk Brand 1986). Diegene wat teen devolusie gestem het, het hoofsaaklik gevrees vir die ekonomiese implikasies daarvan. Verpolitisering van die vraagstuk deur die dominante partye het stemmery volgens tradisionele party-affiliasie bevorder (kyk Brand 1986).

Die situasie in Skotland word verder gekompliseer deur die bestaan van bewegings ten gunste van outonomie vir die Shetland-eilande wat tans onder Skotse jurisdiksie val - 'n soort mininasionalisme binne 'n mininasionalisme (kyk Snyder 1982:38-39).

In Noord-Ierland is die situasie ook meer kompleks. Aan die eenkant is daar diegene wat ten gunste van onafhanklikheid is en aan die anderkant is daar die wat heeltemal daarteen gekant is. Noord-Ierland is gevolglik nie in sy geheel 'n mininasionalisme nie, maar beskik in eie geledere oor 'n mininasionalisme wat sterk tekens van 'n kompeterende nasionalisme toon.

Verder is die uitlander element, veral die Moslems, ook polities georganiseer.

Daar is gevolglik duidelike tekens van die teenwoordigheid van mininasionalismes in Brittanje en aanduidings dat daar wel rebelse elemente onder hierdie mininasionalismes bestaan.

7.7.2 Inspraak in kollektiewe besluite

Brittanje is 'n konstitusionele monargie en is bekend vir sy parlementêre stelsel (Westminsterstelsel). Die uitvoerende gesag word namens die monarg (staatshoof) uitgeoefen deur 'n kabinet van ministers wat gewoonlik uit die meerderheidsparty in die parlement aangestel word. Weens die feit dat twee partye dominant is, gebeur dit selde dat die kabinet uit 'n koalisie van partye bestaan. Die regeringshoof is 'n eerste minister wat aan die parlement verantwoordelik is.

Die wetgewende gesag bestaan uit 'n tweekamerparlement. Die laerhuis (*House of Commons*) word vir 'n maksimum termyn van 5 jaar deur universele stemreg in ēnkellidkiesafdelings met 'n gewone meerderheid verkies. Gevolglik gebeur dit dat die regerende party gewoonlik oor meer setels beskik as waarop hy proporsioneel tot sy stemsteun geregtig is. Die Konserwatiewe Party het byvoorbeeld in die 1992-verkiesing 51,6% van die setels teenoor slegs 41,9% van die stemme verower. Die Arbeidersparty het 41,6% van die setels teenoor slegs 34,4% van die stemme verower. Die Liberale Demokrate het slegs 3,1% van die setels teenoor 17,9% van die stemme verower (Banks 1994-95:918-919).

Die hoërhuis (*House of Lords*) bestaan hoofsaaklik uit adellikes en geestelikes. Sedert 1963 het ook die Skotse adel die reg op sitting in die hoërhuis (Banks 1994-95:920).

Soos reeds genoem beskik Brittanje oor 'n uniale staatsvorm maar met magte aan die onderskeie geografiese streke wat nie normaalweg met 'n unie assosieer word nie. Die Eiland Man en die Kanaaleilande beskik oor 'n groot mate van outonomie aangesien hulle oor hul eie parlemente beskik. Die ander eilandgroepe vorm plaaslike afdelings onder Skotse jurisdiksie. Ook Skotland, Wallis en Noord-Ierland beskik oor magte wat nie normaalweg met 'n unie assosieer word nie (kyk Lane & Ersson 1994:220). Daar is ook 'n uitgebreide stelsel van plaaslike regering. Noord-Ierland het oor 'n eie parlement beskik totdat die Britse parlement dit opgeskort het weens die politieke onrus in Noord-Ierland.

Informele pragmatiese skakeling met belangegroepe vind wel plaas.

Met die uitsondering van die Rooms-Katolieke in Noord-Ierland word Brittanje nie gekenmerk deur permanente uitsluiting van bepaalde groepe uit besluitneming nie. In Noord-Ierland word besluitneming óf deur die Britse parlement gedomineer, óf plaaslik deur die Protestante.

Die Britse politiek word deur die Engelse gedomineer. Die kompeterende aard van die Britse politieke partystelsel veroorsaak dat bepaalde belange tydens 'n bepaalde

partybewind domineer. Die feit dat die dominante partye ook in Wallis en Skotland die dominante partye is, maak dat etniese identiteit en die potensiaal tot mobilisasie daarvan grootliks getemper word. Die Britse partystelsel word ook deur ideologiese polarisasie gekenmerk. Volgens Hechter (1975) word die verhouding tussen die senter en die periferie gekenmerk deur interne kolonialisme.

Oor die algemeen kan van die standpunt uitgegaan word dat Brittanje gekenmerk word deur 'n hoë mate van inspraak in gesaghebbende en kollektiewe besluite. Anomalieë rondom die verkiesingstelsel, die feit dat een party 'n bepaalde regering domineer, die gebrekkige inspraak van veral kleiner partye en in die besonder die Rooms-Katolieke in Noord-Ierland doen egter afbreuk aan die mate van inspraak.

### 7.7.3 Gevolgtrekking

Uit die voorgenoemde bespreking behoort dit te blyk dat die bevolking in Brittanje nie homogeen is nie en dat die etniese Engelse die dominante ethnie is. Verder is subidentiteite teenwoordig en neem dit die vorm aan van mininasionalismes wat polities gemobiliseer is en middelpuntvliedend ten opsigte van 'n breër Britse nasionalisme is. Hierdie mininasionalismes toon elemente van rebelse nasionalisme en in die geval van Noord-Ierland ook elemente van 'n kompeterende nasionalisme (die etniese Iere). In die geval van Skotland en Wallis word die omvang van die rebelse elemente getemper deur gemeenskaplike belange met Engeland en veral ten opsigte van ekonomiese belange.

Hoewel daar sterk subidentiteite teenwoordig is, blyk dit dat hierdie groepe (met die uitsondering van die etniese Iere) hulself in 'n simbiotiese verband met Brittanje as 'n geheel beskou.

Brittanje word gevolglik gekenmerk deur 'n hoë mate van demokrasie en die teenwoordigheid van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme, maar terselfdertyd deur die teenwoordigheid van kragte wat die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme temper. Daar is min aanduiding van ware middelpuntsoekende kragte in breër Britse verband. Dit wat as middelpuntsoekende kragte beskou kan word, is hoofsaaklik wedersydse belange wat die verskillende komponente bymekaar hou.

## 7.8 REPUBLIEK VAN FRANKRYK

Die samestelling van Frankryk se bevolking en die belange wat polities georganiseer word, toon in sommige opsigte elemente van scenario 4, waar ons te make het met 'n dominante ethnie. Daar is egter ook aanduidings van elemente van scenario 7, waar Baskeland histories tussen Frankryk en Spanje verdeel is. Van die "nie-Franse" ethnies woon in streke wat grens aan ander state wat lede van daardie ethnies het.

7.8.1 Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme

In scenario 4 is gesuggereer dat die teenwoordigheid van 'n dominante ethnie die politiek kan domineer en sodoende ook deelname aan besluitneming. Daar is verder aangetoon dat demokrasie nie noodwendig daarin slaag om die probleme in hierdie scenario by te lê nie. In scenario 7 is genoem dat ethnies wat verdeel is en min inspraak in kollektiewe besluite het, moontlik na 'n eie staat kan streef.

7.8.1.1 *Bevolkingsamestelling*

Frankryk se bevolking van 58 miljoen (Collier's Year Book 1995:502; CRÉDOC 93-4:46) is godsdienstig relatief homogeen, maar etnies en taalkundig heterogeen. Ongeveer 80% van die bevolking beskou hulself as Rooms-Katoliek, maar gereelde kerklike aktiwiteite kom by minder as 12% van die bevolking voor (CRÉDOC 1993-94:178). Ongeveer 16% is agodsdienstig (CRÉDOC:178). Afgesien van die teenwoordigheid van verskeie inheemse ethnies, is daar 'n vreemdelingelement wat ongeveer 6% van die bevolking uitmaak (CRÉDOC 1993-94:55). Frankryk beskik oor 'n aantal oorsese gebiede wat nie hier ter sprake is nie.

Die inheemse ethnies beskik elk oor 'n eie taal, maar dit word nie noodwendig deur lede van veral die minderheidsethnies as moedertaal gebruik nie. Frans is die amptelike taal en die taal van die meerderheid in Frankryk.

Inheemse ethnies wat onderskei kan word, is die: etniese Franse wat Franssprekend is en die oorgrote meerderheid vorm; die Bretonne - na raming (1982) is daar nog ongeveer 1,25 miljoen Bretonssprekendes wat hoofsaaklik in die weste van die administratiewe streek van Bretagne aangetref word; die Baske - na raming is daar nog 200 000 Baskiessprekendes wat hoofsaaklik voorkom in die drie provinsies (aan Franse kant) van die historiese Baskeland wat tussen Frankryk en Spanje versplinter is; 1 miljoen Duitssprekendes wat hoofsaaklik in die administratiewe streke van die Elsas en Lotharinge aangetref word; 250 000 Katalaanssprekendes wat hoofsaaklik in die administratiewe streek van Languedoc-Rousillon in die Suidooste van Frankryk aangetref word; Korsikane op die eiland Korsika - na raming is daar 250 000 Korsikaanssprekendes ('n Italiaanse dialek); daar is na raming ongeveer 10 miljoen in Oksitanië (Lane & Ersson 1994:100) wat in 'n groot mate oor 'n eie identiteit, maar terselfdertyd oor 'n heterogene karakter, beskik met die gevolg dat nie almal Oksitanies ('n Latynse dialek) as moedertaal gebruik nie; Elsassers in Elsas en Lotharinge en 150 000 Vlaamssprekendes aan die grens van België.

In Frankryk kom gevolglik drie taalfamilies van die supertaalfamilie, Indo-Europees, voor. Hierdie taalfamilies is: Germaans (Duits en Vlaams), Kelties (Bretons), en Romaans (Frans, Korsikaans, Katalaans en "Oksitanies"). Baskies is soos voorheen aangedui nie 'n Indo-

Europese taal nie. Taal is nie werklik in Frankryk 'n aanduiding van die omvang van etnisiteit nie, omrede baie nie-Franse (etniesgesproke) wel Frans as moedertaal gebruik. Dit is eerder 'n eie geskiedenis en herkoms wat die kern van etniese identiteit uitmaak.

Hierdie "nie-Franse" gebiede, wat hoofsaaklik op die periferie aangetref word, het stelselmatig gedurende die geskiedenis van Frankryk onder Franse oorheersing gekom. Dit was onder andere die gevolg van besettings, verowerings, migrasies, koninklike politiek en selfs huwelike tussen koninklikes. In die geval van Bretagne het veral koninklike huwelike 'n rol gespeel en is Bretagne in 1532 by wyse van 'n ooreenkoms waarin plaaslike vryhede gewaarborg word, by Frankryk ingelyf (Snyder 1982:69). Korsika is weer in 1768 aan Frankryk verkoop.

Ten spyte van pogings om hul eie identiteit te behou, het die gesentraliseerdheid van Franse politieke mag dit moeilik gemaak: "For Frenchmen, territorial unity was the essence of their national existence. They wanted no divisive regionalisms..." (Snyder 1982:67).

Die konfrontasie tussen die etniese regionaliste en die sentralistiese Franse is op die spits gedryf met die beperkinge wat daar veral na die Franse Revolusie en in die besonder na die Eerste en die Tweede Wêreldoorloë op die "eie" in hierdie gebiede geplaas is. In die skole was die gebruik van tale anders as Frans, ontmoedig[713].

Die "nie-Franse" ethnies het weerstand gebied teen pogings om hulle te verfrans. Daar was gevolglik tye waarin slegs die gebruik van Frans as taal toegelaat is. Vandag is Frans steeds die amptelike taal, maar ander tale word nie meer verbied nie. Nietemin word die etniese Franse steeds deur die ander ethnies as chauvinisties ervaar. Volgens Louis Snyder (1982:66) is die etniese Franse se houding teenoor die ander ethnies: "French dissenters have all the freedom they want to march in demonstrations and shout slogans, but only lunatics and crackpots would want to separate one square inch of hallowed French soil. To Frenchman, a French mini-nationalism is a contradiction in terms."

Daar is gevolglik in Frankryk duidelike aanduidings van die bestaan van subgroepe wat met etnisiteit verband hou en wat gekonsentreer is in historiese en geografiese streke.

7.8.1.2 *Vraagstukke, belange en politieke organisasie*

Vraagstukke wat met klas en regionalisme verband hou, het die politiek in Frankryk in die tagtigerjare gedomineer (Lane & Ersson 1994:291-292). Politieke vraagstukke word tans oorheers deur werkloosheid, welsynsdienste en immigrasievraagstukke (Koole & Mair 1994:301-303). Identiteitsvraagstukke is ook belangrik en sentreer rondom die plek en rol van Frankryk binne die Europese Unie, toenemende reaksie teenoor vreemdelinge en veral

immigrante in Frankryk, toenemende strewe na individualisme en die vraag na en die koste verbonde aan desentralisering na die streke (CRÉDOC 1993-94).

Die politieke partye wat aan verkiesings vir die sentrale parlement deelneem, verteenwoordig hoofsaaklik ekonomiese (volgens die tradisionele links-regs politieke spektrum), nasionale (byvoorbeeld die Nasionale Front) en omgewingsbelange.

Die belangrikste "ekonomiese" partye is: *Rassemblement pour la Republique* wat aanvanklik 'n Gaullisteparty was, maar tans besigheids- en finansiële belange verteenwoordig (Banks 1994-95; Jacobs 1989:89). Na afloop van die 1993-verkiesing beskik dit oor die meerderheid setels (247 uit 'n moontlike 577) in die parlement (Banks 1994-95:300-303; Collier's Year Book 1994:247). *Union pour la Democratie Francaise* wat in die 1993-verkiesing die tweede meeste stemme en 213 setels verower het (Banks 1994-95:303). Dit is eintlik 'n federasie van senter- en regse partye (Banks 1994-95:300). Die party se beleid word gevolglik beskou as liberaal/konserwatief (Jacobs 1989:98). Die Sosialisteparty het in die tagtigerjare die politiek in Frankryk gedomineer en verteenwoordig hoofsaaklik linkse belange en die belange van salaristrekkers (Jacobs 1989:104). Die Kommunisteparty verteenwoordig weer hoofsaaklik linkse vakbondbelange.

Die Nasionale Front is 'n regse politieke party wat veral gekenmerk word deur 'n beleid wat gekant is teen immigrante en geniet sterk steun in die administratiewe streke[714] soos die Elsas, Bretagne en Ile-de-France en ook in die Europese parlement. Dit beskik nie tans oor verteenwoordiging in die sentrale parlement nie (Koole & Mair 1994:301-303).

Verder is daar 'n verskeidenheid van politieke partye wat groenbelange verteenwoordig soos byvoorbeeld *Les Verts* en *Generation Ecologie*. Laasgenoemde partye geniet hoofsaaklik steun in die administratiewe streke.

Daar is nie werklik politieke partye wat op sentrale vlak hoofsaaklik etniese, taal en selfs godsdienstige belange verteenwoordig nie. Die belangrikste partye op sentrale vlak is wel op streekvlak georganiseer. Die gebrek aan "etniese" politieke partye op sentrale vlak kan die gevolg daarvan wees dat hierdie partye te klein is om werklik 'n impak uit te oefen.

Dit is daarom belangrik om te kyk na die mate waarin veral etniese en taalbelange polities in kleiner politieke partye en selfs ander organisasies georganiseer is.

Daar is verskeie regionale organisasies en etniese aktivistegroepe in Frankryk wat etniese belange artikuleer en aggregeer. William R Beer (in Esman (ed) 1977:147-8) lys 19 etnies-regionale organisasies in Elsas en Lotharinge, 3 vir die Vlaminge, 34 in Oksitanië, 78 in Bretagne, 17 vir die Baske en 6 vir die Katalane. Die meeste van hierdie organisasies

funksioneer op kulturele vlak. Daar is van hierdie organisasies wat inderwaarheid politieke partye is en aan verkiesings deelneem. Sommige is weer terroristeorganisasies.

Voorbeelde van regionale organisasies met politieke oogmerke in Baskeland is: *Euzkadi ta Azkatasuna* (ETA), 'n organisasie wat streef na 'n onafhanklike Baskiese staat waarin beide Spaans-Baskeland en Frans-Baskeland verenig is. ETA se strewes impliseer egter 'n bedreiging vir Frankryk se territoriale integriteit. Hierdie organisasie is sedert 1972 in Frankryk verban. Die *Enbata*-beweging het gedurende 1967 en 1968 aan verkiesings in Frankryk deelgeneem, maar sonder enige sukses. Hierdie organisasie is in 1974 verban. *Iparretarak* is 'n separatistiese groep wat verantwoordelik gehou word vir terroriste aanvalle in Frankryk. Die linkse *Baskiese Patriotte* (EMA) is ten gunste van nouer bande met die Spaanse Baske, die ontwikkeling van Baskiese skole en die beskerming van die Baskiese taal en kultuur. In 1986 het dit aan die verkiesing van die Streeksraad deelgeneem en 6% van die stemme verwerf (Jacobs 1989:117).

In Bretagne is oor die jare heen 'n aantal politieke partye gestig wat die belange van die Bretonne verteenwoordig het. Daar is ook politieke partye wat ten gunste van outonomie vir Bretagne is/was. Voorbeelde hiervan is: *Party National Breton, Parti Autonomiste Breton, Comite d'etude et de liaison des intérêts Brétons, Mouvement pour l'organization de la Bretagne, Strollad Ar Vrao* (Party of the people), *Parti pour l'organisation d'une Bretagne libre, Front de la libération de la Brétagne* (gewelddadig) en die *Union Démocratique Bretonne* (UDB). Die UDB is die suksesvolste van hierdie politieke partye. Hierdie politieke party neem sedert 1971 aan verkiesings deel en vaar goed op plaaslike vlak en het al daarin geslaag om 'n Streeksraadslid te verkies. Die organisasie is gekant teen Bretagne se "koloniale" status en is ten gunste van die beskerming van die Bretonne se taal en kultuur. UDB werk ook saam met die Europese Vrye Alliansie[715] (Banks 1994-95:303; Jacobs 1989:116).

In Korsika is daar: *Unione di u Populu Corsu*, wat ten gunste is van outonomie vir Korsika, die *Mouvement Corse pour l'Autodetermination* wat in 1987 verban is, die *Front de Liberation Nationale de la Corse* wat in 1983 verban is, maar as 'n terroriste organisasie voortgaan (Banks 1994-95:303).

In Oksitanië is daar ook kleiner partye soos die *Parti Nationaliste Occitan, Movement Socialiste Occitan. Volem Viure al Pais* 'n organisasie wat aktief is in die Europese Vrye Alliansie. Die *Vlaams Federalistische Partij* is ten gunste van Vlaamse regionalisme en Europese federalisme (Jacobs 1989:118).

Bogenoemde is 'n aanduiding daarvan dat etnisiteit in Frankryk polities georganiseer is, maar dat dit beslis nie 'n dominante faktor in politieke organisasie op sentrale vlak is nie.

7.8.1.3 *Strewe na outonomie*

Daar is gepolitiseerde subidentiteite in Frankryk wat met etnisiteit en regionalisme verband hou en wat selfs as mininasionalismes beskou kan word. Die mate waarin hierdie groepe outonomie nastreef, is egter kontroversieel, selfs al is daar 'n sterk eie identiteit teenwoordig.

Frankryk het te make met etniese en regionale bewussyn in nie minder nie as ses streke op die vasteland en op die eiland Korsika. Etnisiteit is egter van minder belang in die sentrale politiek. Die sentrale politiek word, soos reeds genoem, deur ekonomiese aangeleenthede gedomineer.

Die staatsvorm is uniaal en daarby sentralisties. Daar is 'n aandrang op streekoutonomie in die algemeen en nie net by die streke waarin minderhseidethnies aangetref word nie. In die afgelope paar jaar is administratiewe aangeleenthede toenemend na die administratiewe streke gedesentraliseer (CRÉDOC 1993-94:55), maar die minderheidsethnies beskik steeds oor min werklike outonomie.

Daar kom bewegings ten gunste van outonomie onder al die minderheidsethnies voor, maar die strewe na outonomie beteken nie noodwendig selfbeskikking in 'n eie staat nie. Daar is separatistiese bewegings in Frankryk, maar indien daar na hul sukses in verkiesings gekyk word, is die steun daarvoor eerder lastig as omvangryk. Daar is separatistiese bewegings in Baskeland, Bretagne en op die eiland Korsika. Dit is veral op die eiland Korsika waar separatistiese tendense belangrik is. Dit het aanleiding gegee tot 'n groter mate van regionale outonomie vir Korsika.

Die etniese Franse is getalsgewys die meerderheid en polities dominant. Hulle voel nie bedreig deur die ander ethnies nie en beskou laasgenoemde as deel van Frankryk. (Volgens die grondwet mag geen voorstel tot 'n wysiging van die grense van Frankryk gemaak word nie.) Etniese bewussyn onder die etniese Franse en hul selfdeterminasie kom ter sprake in hul houding teenoor die stroom immigrante met vreemde kulture wat om werkgeleenthede begin meeding (dikwels teen laer salarisse) en aanspraak maak op welsynsdienste waarvoor die belastingbetalers (oorwegend etniese Franse) moet opdok. So het selfs Giscard d'Estaing ('n voormalige president van Frankryk) gewaarsku dat "...the immigration problem was becoming an 'invasion' that France needed to repel and called in the future for French nationality to be based on 'blood rights' of parentage rather than birthplace" (Collier's Year Book 1992:254).

Daar is gevolglik duidelike tekens van mininasionalismes wat met etnisiteit en/of regionalisme verband hou in Frankryk. Hoewel teenwoordig, is rebelse elemente nie van

oorwegende belang nie. Die teenwoordigheid van die talle etniese organisasies het nog nie tot die disintegrering van Frankryk aanleiding gegee nie. Daar is ook nie aanduidings dat Frankryk op die rand van disintegrering staan nie.

7.8.2 Inspraak in kollektiewe besluite

Frankryk is 'n republiek met 'n vermenging van 'n presidensiële en 'n parlementêre stelsel van uitvoerende gesag. Die president word direk verkies en hoewel hy oor die bevoegdheid beskik om die eerste minister aan te stel, moet laasgenoemde in praktyk oor die nodige steun in die parlement beskik. Daarom gebeur dit dat die president en die eerste minister twee verskillende partye onderskeidelik kan verteenwoordig. Die kabinet word gewoonlik uit 'n koalisie van partye saamgestel. Tydens die 1993-verkiesing het die regse partye 484 uit 577 setels verower (Collier's Year Book 1994:247).

Die wetgewende gesag bestaan uit twee kamers, die laerhuis en 'n senaat (hoofsaaklik indirek verkies). Omrede daar nie van 'n stelsel van proporsionele verteenwoordiging in verkiesings gebruik gemaak word nie[716], beskik die dominante partye gewoonlik oor meer setels as wat hul stemsteun regverdig. *Rassemblement pour la Rêpublique* het byvoorbeeld 20,2% van die stemme verower, maar 44,5% van die setels in die laerhuis; daarteenoor het die Nasionale Front 12,7% van die stemme, maar geen setels verower nie (Koole & Mair 1994:293-295). Die laerhuis se inisiatief in wetgewing is beperk omrede voorkeur gegee moet word aan voorstelle wat deur die uitvoerende gesag ingedien word. Die wetgewende gesag beskik slegs oor beperkte bevoegdhede in byvoorbeeld verdediging, onderwys en sosiale en ekonomiese programme (Banks 1994-95:296-297). Die uitvoerende gesag beskik oor wye magte om dekrete uit te vaardig.

Senatore word indirek vir 'n tydperk van nege jaar verkies en 'n derde word driejaarliks vervang. Die senaat is getalsterk (321 lede), maar slaag hoofsaaklik daarin om wetgewing te vertraag (Banks 1994-95:297).

Soos reeds genoem is Frankryk 'n unie, maar daar is streeksrade in elk van die administratiewe streke. Hulle beskik hoofsaaklik oor gedelegeerde bevoegdhede. Daar is ook 'n uitgebreide stelsel van streeks- en plaaslike regering.

Die Franse politiek word deur die etniese Franse gedomineer. Die magte wat aan die uitvoerende gesag, die president, die eerste minister en die wetgewende gesag toegeken is, beperk die moontlikheid dat een belang die politiek kan domineer. Anomalieë rondom die verkiesingstelsel en sentralisasie beperk egter minderhede se inspraak in besluitneming.

7.8.3 Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande bespreking behoort dit te blyk dat die bevolking van Frankryk nie etnies homogeen is nie en dat die etniese Franse die dominante ethnie is. Daar is subidentiteite wat met etnisiteit verband hou. Dit neem wel die vorm van mininasionalismes, wat polities georganiseer is aan. Dit wil egter voorkom asof die middelpuntvliedende aard van hierdie mininasionalismes getemper word deur die bestaan van gemeenskaplike belange.

Die potensiaal tot groter rebelsheid onder die mininasionalismes bestaan, maar tans blyk dit dat die verskillende ethnies hulself grootliks in 'n simbiotiese verhouding binne Frankryk bevind.

Frankryk word gevolglik gekenmerk deur inspraak in gesaghebbende en kollektiewe besluite en die teenwoordigheid van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme, maar terselfdertyd deur die teenwoordigheid van kragte wat die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme temper.

## 7.9 SPANJE

Die samestelling van Spanje se bevolking en die belange wat polities georganiseer word, toon in sommige opsigte elemente van scenario 4, waar ons te make het met 'n dominante ethnie in 'n staat met verskeie ethnies. Daar is egter ook aanduidings van elemente van scenario 7, waar Baskeland tussen Spanje en Frankryk verdeel is.

### 7.9.1 Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme

In scenario 4 is gesuggereer dat die teenwoordigheid van 'n dominante ethnie die politiek kan domineer en sodoende ook deelname aan besluitneming. Daar is verder aangetoon dat demokrasie nie noodwendig daarin slaag om die probleme in hierdie scenario by te lê nie. In scenario 7 is genoem dat ethnies wat verdeel is en min inspraak in kollektiewe besluite het, moontlik na 'n eie staat kan streef.

#### 7.9.1.1 *Bevolkingsamestelling*

Spanje se bevolking van 39,2 miljoen (Collier's Year Book 1995:510), is godsdienstig homogeen, maar etnies en taalkundig heterogeen. Die bevolking is feitlik in geheel Rooms-Katoliek.

Daar is verskeie ethnies teenwoordig wat in meerdere of mindere mate 'n eie identiteit probeer handhaaf. Hierdie ethnies beskik elk oor 'n eie taal, maar dit word nie noodwendig deur al die lede van 'n bepaalde ethnie as taal gebruik nie. Met die uitsondering van

Baskies behoort al die tale tot die Romaanse taalfamilie van die Indo-Europese supertaalfamilie.

Die dominante ethnie is die Spanjaarde met Kastiliaans (Spaans) as moedertaal. Kastiliaans is ook die dominante en amptelike taal en word deur nagenoeg 72-73% van die bevolking as taal gebruik (kyk Lane & Ersson 1994:78). Daar is verder nog ongeveer 5-8 miljoen Katalane in Katalonië, ongeveer 500 000 - 700 000 Baske in die Spaanse gedeelte van Baskeland en ongeveer 2 - 2,6 miljoen Galisiërs in Galisië (kyk Lane & Ersson 1994:101). Daar is egter verder eie identiteite, wat hoofsaaklik histories en regionaal van aard is, aanwesig in Andalusië, Aragon, Navarre, Valensië en in die Kanariese en Baleariese eilande[717].

Taal en regionalisme moet egter nie as die enigste kriteria vir etnisiteit, of die omvang daarvan beskou word nie. Talle individue gebruik nie die eie taal van hul etniese groep as spreektaal nie. Verder is geografiese streke selde etnies homogeen.

Die verskillende streke waarin regionale identiteite wat met etnisiteit verband hou, aangetref word, het stelselmatig gedurende Spanje se lang geskiedenis deel van Spanje geword. Dit was die gevolg van besettings, verowerings, migrasies, koninklike politiek en selfs koninklike huwelike. Die vereniging van die antieke koninkryke van Kastilië en Aragon is 'n voorbeeld van die rol wat koninklike huwelike gespeel het.

Die geskiedenis van Spanje is kompleks en word gekenmerk deur 'n opeenvolging van verowerings en besettings deur 'n reeks "uitlandse" groepe. Van hierdie groepe is die Kelte, Carthagers, Romeine, Germane (veral die Wes-Gote) en die More (wat verskeie Moslem groepe insluit), die Hapsburgse dinastie (Oostenryk) en die Franse. Vandag word die Baske beskou as die suiwerste oorblyfsels van die vroeë inwoners van Spanje. Die vroeë geskiedenis word gevolglik nie gekenmerk deur interne dominasie nie, maar deur eksterne dominasie waarin godsdiens 'n belangrike rol gespeel het. Vir 'n lang tyd was daar 'n stryd tussen die Christene en die nie-Christene (Jode en die Moslems). Hierdie stryd is gekenmerk deur 'n voortdurende plooibare samewerking tussen die verskillende streke.

Daar is gevolglik aanduidings van die bestaan van subidentiteite wat met etnisiteit verband hou en wat in historiese en geografiese streke gekonsentreer is.

7.9.1.2 *Vraagstukke, belange en politieke organisasie*

Vraagstukke wat met die politieke stelsel en die ekonomie verband hou, domineer die politiek in Spanje. In die geval van vraagstukke wat met die politieke stelsel te make het, behels dit onder meer die konsolidering van 'n betreklik nuwe demokrasie en

aangeleenthede wat met regionalisme verband hou (Collier's Year Book 1995:391-392; Lane & Ersson 1994:281-2; Jacobs 1989:313-6). Identiteitsvraagstukke behels Spanje se plek binne die Europese Unie, maar ook die bevolking se houding teenoor vreemdelinge (aanvalle op laasgenoemde kom voor).

Spanje word gekenmerk deur sterk partye op beide die sentrale en die regionale vlak. Politieke partye op sentrale vlak verteenwoordig hoofsaaklik ekonomiese belange, terwyl regionale belange dikwels etnies-linguisties georiënteer is. Die belangrikste politieke partye op sentrale vlak is:

Die Spaanse Sosialiste Werkersparty (*Partido Socialista Obrero Español*), 'n party wat reeds in 1879 ontstaan het. Dit het tydens die 1993-verkiesing 38,8% van die stemme en 159 uit 350 setels verower en is gevolglik die sterkste party in Spanje (Koole & Mair 1994:423). Hierdie party het sy Marxistiese beeld afgeskud en is vandag minder werkersklas en vakbond gerig as in die verlede. Dit geniet 'n beduidende steun onder die middelklas en selfs klein-besigheidsmense. Dit beskik oor steun in die hele Spanje maar hoofsaaklik in die suide en veral in Andalusië en Valencia. Regionale sosialiste partye in Andalusië, Galisië, Valensië en Navarre is met hierdie party geaffilieer. Die party het egter minder steun in Galisië en Baskeland (Jacobs 1989:318-323). Die Katalaanse Sosialiste Party (*Parti dels Socialistes de Catalunya*) is die mees outonome tak van die Spaanse Sosialiste Werkersparty. Eersgenoemde is die belangrikste Katalaanse party op sentrale vlak maar is van minder belang in Katalonië, hoofsaaklik omrede sosialisme daar van minder belang is (Jacobs 1989:362-4; Banks 1994-95:811).

Die Populêre Party (*Partido Popular*) is 'n betreklik nuwe party (1976) en het tydens die 1993-verkiesing 34,8% van die stemme en 141 van die setels verower. Die beleid van die party is konserwatief en selfs regs. Dit verteenwoordig hoofsaaklik die belange van die industrialiste, bankiers en handelaars. Dit is 'n belangrike party in Galisië, Cantabria en in die Baleariese eilande, maar dit het min steun in Katalonië en Baskeland (Koole & Mair 1994:423; Jacobs 1989:325).

Die Verenigde Linkses (*Izquierda Unida*) is 'n alliansie tussen 'n aantal linkse (kommunistiese) groepe in Spanje. Tydens die verkiesing in 1993 het dit 9,6% van die stemme en 18 setels verower. Die party gebruik verskillende name in verskillende streke (Koole & Mair 1994:423).

Die *Convergencia i Unió* is 'n nasionalistiese, middel-regse koalisie (Koole & Mair 1994:423). Dit het in die 1993-verkiesing 4,9% van die stemme en 17 setels verower. Dit het hoofsaaklik steun in Katalonië en is ook die belangrikste politieke party in laasgenoemde.

Die Baskiese Nasionaliste Party (*Partido Nacionalista Vasco*) het 1,2% van die stemme en 5 setels (Koole & Mair 1994:423) verower. Dit is een van die belangrikste partye in Baskeland en is reeds in 1895 gestig (Jacobs 1989:344). Dit verteenwoordig feitlik uitsluitlik die belange van Baske.

Daar is nog 'n aantal minder belangrike politieke partye wat hoofsaaklik streekbelange op nasionale vlak verteenwoordig en in die 1993-verkiesing setels verower het. Die Kanariese Koalisie het 0,9% van die stemme en 4 setels verower; *Herri Batasuna* (Baskiese radikales) het 0,9% van die stemme en 2 setels, *Esquerra Republicana Catalunya* 0,8% van die stemme en 1 setel; die Regionaliste Party Aragon het 0,6% van die stemme en 1 setel verower; Baskiese Solidariteit het 0,6% van die stemme en 1 setel verower; en die *Unió Valenciana* het 0,5% van die stemme en 1 setel verower (Koole & Mair 1994:423).

Daar is verder 'n groot aantal streekpartye wat hoofsaaklik op streek- en plaaslike vlak van belang is. Hierdie partye kan in bepaalde streke oor 'n etno-linguistiese karakter beskik en is dikwels die dominante partye op streekvlak.

Benewens die bogenoemde regionale organisasies en politieke partye in Baskeland wat oor verteenwoordiging op nasionale vlak beskik is daar ook die Outonome Anti-kapitalistiese Kommando wat 'n ekstreme linkse groepering verteenwoordig; Baskiese Nasie en Vryheid (*Euzkadie ta Azkatasuna* - ETA) wat 'n radikale organisasie is en ten gunste is van die vereniging van Frans- en Spaansbaskeland.

Voorgenoemde uiteensetting is 'n aanduiding dat etnisiteit en regionalisme in Spanje polities goed georganiseerd is, maar met inagneming daarvan dat dit nie die enigste grondslag vir politieke organisasie is nie.

7.9.1.3 *Strewe na outonomie*

Daar is gepolitiseerde subidentiteite in Spanje wat met etnisiteit verband hou en wat as mininasionalismes beskou kan word. Van die subidentiteite streef na toenemende outonomie, maar is nie noodwendig ten gunste van separatisme nie.

Etnisiteit is 'n belangrike faktor in die sentrale politiek en veral in die aandrang op toenemende magte aan die verskillende streke. Konsepwette wat voorsiening maak vir gedevoleerde magte (insluitende eie regionale wetgewende vergaderings in die Baskiese streek) en in Katalonië is tydens referenda in 1979 oorweldigend goedgekeur. Teenkanting het hoofsaaklik gekom uit groepe wat aangedring het op separatisme. Teen 1982 is soortgelyke wette ook vir die ander streke in Spanje goedgekeur (Banks 1994-95:809).

Die verskillende groepe in Spanje het, histories, lang tydperke van regionale selfdeterminasie gehad. Verowerings en oorheersing is altyd gekenmerk deur weerstand in 'n poging om verlore selfdeterminasie te herwin. Die verenigde Spaanse staat het eers in die agtiende eeu onder die Bourbon-dinastie tot stand gekom. Die verskillende streke het een na die ander onder die sentralisme van die Bourbons "geval". Regionale en etniese identiteit het egter nie verdwyn nie (kyk Snyder 1982:101-115).

Gedurende die tydperk van die Franco-diktatorskap is al hierdie etniese groepe aan daadwerklike programme van assimilasie en verspaansing blootgestel. Slegs Spaans (Kastilliaans) is as taal toegelaat. Weerstand is hierteen gebied: "...provincial rights were intimately tied up with ethnic identity, the suppression of provincial rights set the stage for contemporary ethnic conflict" (Greenwood in Esman (red) 1977:98). Na die dood van Franco in 1975 het Spanje begin demokratiseer. Amptelike erkenning is aan die ander tale verleen. Die algemene verwagting was dat deur Spanje te demokratiseer, regionale bewegings vir outonomie en separatisme sal verdwyn. Die teendeel het egter gebeur. Verskeie meningsopnames wat sedertdien gedoen is, toon aan dat separatistiese sentimente toeneem ten spyte van uitgebreide outonomie wat deur die sentrale owerheid aan hierdie streke verleen is.

Separatisme is 'n probleem in Spanje. Separatistiese bewegings is veral onder die Baske en die Katalane belangrik, maar kom ook in Galisië en die Kanariese eilande voor. Meningsopnames wat in September 1991 (Collier's Year Book:1992:462) gehou is, toon aan dat 39% van die Kataloniërs en 33% Baske ten gunste van separatisme is, ten spyte daarvan dat hierdie streke deur gemagtigde nasionaliste regeer word. Die feit dat slegs 39% en 33% onderskeidelik ten gunste van separatisme is, moet nie vertolk word dat slegs hierdie persentasie Kataloniërs en Baske oor nasionalistiese sentimente beskik nie. Uiteenlopende menings bestaan onder hulle oor wat in hul beste belang is.

In Valensië is daar 'n beweging vir maksimale selfdeterminasie binne die Spaanse staat. Daar is selfs 'n aandrang op die erkenning van die Koninkryk van Valensië, die gebruik van hul tradisionele vlag en volkslied en die bevordering van tweetaligheid - Spaans en Valensies (Jacobs 1989).

Ten spyte van die uitbreiding van streekmagte en die feit dat dit soms as 'n asimmetriese federasie beskou word, is die Spaanse staat steeds oorwegend gesentraliseerd. Finansies is byvoorbeeld in die hande van die sentrale regering. Die Spaanse staat kan dus steeds as uniaal en sentralisties beskou word. Daar is 'n aandrang op selfdeterminasie in die algemeen en nie net deur die minderheidsethnies nie, maar ook deur bepaalde streke. Die posisie van die streke is daarin steeds 'n faktor in die politiek.

Gedurende 1993 het 'n plan van fiskale mede-verantwoordelikheid tussen die streke en die sentrale regering in werking getree. Dit is egter nie ten volle in die armer streke ondersteun nie. In September 1994 het die presidente van 17 verskillende "outonome" streke (met die uitsondering van die Baske), Spanje se verhouding met die streke in die parlement gedebatteer. Deur middel van konsensus is ooreengekom om verskille tussen die streke te erken en is daar ook ooreengekom oor die rol van die verskillende streke in die Europese Unie. Daar is ook gekyk na die integrasie van etniese diversiteit (Collier's Year Book 1995:392). Hoewel die Spaanse staatsvorm steeds uniaal is, toon dit nou ook federale kenmerke.

Daar is gevolglik duidelike tekens van mininasionalismes in Spanje. Die mate waartoe hierdie mininasionalismes selfdeterminasie nastreef, wissel. By sommige mininasionalismes is daar 'n aandrang op groter streekoutonomie terwyl ander 'n groter mate van rebelse elemente openbaar en gevolglik na selfdeterminasie in 'n eie staat streef.

7.9.2 Inspraak in kollektiewe besluite

Spanje is vir die grootste gedeelte van die twintigste eeu gekenmerk deur 'n totalitariese owerheidsvorm. Die proses van demokratisering het eers 'n aanvang geneem na die afsterwe van President Franco op 20 November 1975.

Spanje is 'n konstitusionele monargie. Die wetgewende gesag, *Cortes*, bestaan uit 'n Kongres van Afgevaardigdes wat deur middel van proporsionele verteenwoordiging verkies word, en 'n Senaat. Gedurende 1994 het die streke ooreengekom dat die Senaat 'n regionale kamer moet wees.

Voorsiening word vir streekmagte gemaak, maar aansprake op outonomie mag egter nie die eenheid van die nasie benadeel nie. Die deelname van etniese en streekpartye in die sentrale parlement verskil egter van hul steun in die streekparlemente. Baskiese nasionalistepartye beskik oor 'n oorweldigende meerderheid in die streekparlement, maar slegs oor 2,3% van die setels in die Kongres van Afgevaardigdes (kyk Koole & Mair 1994:423). Verder het van die politieke partye wat op sentrale vlak aangetref word, regionale organisasies wat selfs outonoom van die "sentrale" party funksioneer. Die Spaanse Sosialiste Party verleen 'n groter mate van inspraak in sentrale besluitneming aan Katalonië weens hierdie politieke party se affiliasie met die Katalaanse Sosialiste Party. Laasgenoemde geniet egter nie die meerderheidsteun in die Katalaanse Regionale Vergadering nie.

Numeriese sterkte en die gesentraliseerdheid van die Spaanse politieke stelsel veroorsaak dat die streke se inspraak in sentrale besluitneming beperk is, selfs al is magte na die streke

afgewentel. Hierdie beperkinge moet gesien word teen die lig daarvan dat die Spaanse geskiedenis gekenmerk word deur lang tydperke van selfdeterminasie in die verskillende streke. Histories word Spanje ook gekenmerk deur die samewerking tussen die verskillende streke, veral in hul stryd teen vreemde oorheersing.

Gevolglik is dit nie vreemd dat die streke na 'n groter mate van outonomie binne die Spaanse staat streef nie, omrede elke streek 'n relatief beperkte inspraak in sentrale besluitneming het.

Spanje kan tans beskou word as 'n demokrasie, maar die aard van die Spaanse politieke stelsel en die geskiedenis van Spanje het, en beperk steeds inspraak deur die verskillende ethnies en streke op sentrale vlak.

7.9.3 Gevolgtrekking

Uit die voorgaande bespreking behoort dit te blyk dat die bevolking van Spanje nie homogeen is nie. Daar is subidentiteite wat met etnisiteit en/of regionalisme verband hou. Hierdie identiteite neem die vorm van mininasionalismes en selfs van rebelse nasionalismes wat polities goed georganiseer is, aan. Dit wil egter voorkom asof die rebelse en middelpuntvliedende aard van hierdie mininasionalismes getemper word deur die bestaan van gemeenskaplike belange.

Die teenwoordigheid van mininasionalismes in Spanje, is 'n aanduiding dat demokrasie nie noodwendig daarin slaag om identiteite van "ons" en "hulle" te verenig nie. Spanje is ook aanduidend daarvan dat demokrasie juis die meganismes bied waardeur hierdie sentiment polities georganiseer kan word. Verder het dit in Spanje gebeur dat die oorgang na 'n demokratiese owerheidsvorm juis die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme gestimuleer het. Dit is waarskynlik die gevolg daarvan dat die tye van totalitarisme negatiewe persepsies oor die ethnies en streke se belange binne Spanje laat ontstaan het.

Spanje word gevolglik gekenmerk deur 'n proses van demokratisering wat onlangs eers 'n aanvang geneem het, die teenwoordigheid van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme, maar ook die teenwoordigheid van kragte (beide histories en ekonomies) wat die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme temper.

Hierdie geskiedenis van samewerking en selfdeterminasie is waarskynlik 'n faktor in die streke se strewes na outonomie binne Spanje.

## 7.10 SWITSERLAND

Die samestelling van Switserland se bevolking en die belange wat polities georganiseer word, toon in sommige opsigte elemente van scenario 5 waar owerheidsmagte gedesentraliseerd is. In ander opsigte toon dit weer ooreenkomste met scenario 6 waar die onderskeie ethnies verwant is aan die bevolking van aangrensende state.

### 7.10.1 Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme

In scenario 5 is gesuggereer dat waar owerheidsgesag gedesentraliseer is en min gesaghebbende besluite op sentrale vlak geneem word, die individu nie maklik die persepsie sal kry dat sy identiteit en ander belange bedreig word nie. In scenario 6 is gesuggereer dat die staat neutraliteit sal moet handhaaf in sy verhouding met aangrensende state waarmee sy bevolking verwantskapsbande het.

#### 7.10.1.1 *Bevolkingsamestelling*

Die bevolking van Switserland is nie homogeen nie. Trouens Switserland is deur vier verskillende ethnies wat tot twee godsdienste behoort, tot stand gebring.

Switserland se bevolking van 7 miljoen (Collier's Year Book 1995:510), bestaan ongeveer uit 65% Duits-, 18,4% Frans-, 7,6% Italiaans- en 0,8% Romaanssprekendes, asook 8,9% anderstaliges (kyk Linder 1994:2; Swiss Review 3/1994:7-8). Al vier die inheemse tale het amptelike status (Romaans egter in 'n mindere mate). Duits as dominante taal lewer probleme omrede die kinders wat nie Duits as moedertaal het nie, hoog-Duits in skole geleer word en nie die Duitse dialek wat in Switserland gepraat word nie. Gevolglik is Engels besig om veld te wen as die taal wat nie-Duitsers gebruik om met ander te kommunikeer (Swiss Review 3/1994; Linder 1994:422-25). Werklike twee- en drietaligheid is egter nie algemeen onder die bevolking nie[718].

Verskille in taal val ook saam met ander kultuurverskille en verskille in politieke gedrag. Franssprekendes is byvoorbeeld meer geneig om ten gunste van beleidsvoorstelle ten opsigte van buitelandse beleid te wees as Duitssprekendes.

Daar is verder 'n vreemdelingelement van ongeveer 15%, wat deur Switsers as 'n ernstige bedreiging vir hulle identiteit beskou word.

In Switserland kom, onder die inheemse tale, gevolglik twee taalfamilies (Germaans en Romaans) van die supertaalfamilie, Indo-Europees, voor. Taal is 'n belangrike indikator om etnisiteit te bepaal, maar is in die geval van die Italiaanssprekendes besig om af te

neem, aangesien nie almal wat van Italiaanse herkoms is, nog Italiaans as moedertaal het nie (Swiss Review 3/1994:7).

Switserland se bevolking het verwantskapsbande met die bevolking van aangrensende state. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het Switserland byna tot niet gegaan omrede die politieke elites hulself aan verskillende kante van die oorlog geskaar het (Linder 1994:4). Duitssprekendes het hulle aan die kant van die Duitsers geskaar en Franssprekendes hulle aan die kant van Frankryk.

Etniese diversiteit in Switserland impliseer nie noodwendig etniese verdeeldheid nie. Verskeie pogings is reeds aangewend om die vlak van etniese verdeeldheid in Switserland te probeer bepaal (kyk Steiner en Obler in Esman (ed) 1977). Geen definitiewe gevolgtrekkings kan oor etniese verdeeldheid gemaak word nie. In die oorwegend Franssprekende Jura-streek kom etniese verdeeldheid wel voor.

Ongeveer 46,1% van die bevolking is Rooms-Katoliek en ongeveer 40% is Protestants (Swiss Review 3/1994:8). Kerkbywoning is egter besig om drasties te verminder. Ongeveer 34,5% van die inwoners van Basel en 18,97% van die inwoners in Genève beoefen nie godsdiens nie (Swiss Review 3/1994:8).

Godsdiens is 'n belangrike verdelende faktor. Switserland het sedert die sestiende eeu reeds vier godsdiensoorloë beleef. Godsdienstige grense val egter nie met taalgrense saam nie. Daar is byvoorbeeld beide Protestante en Rooms-Katolieke onder die Duits- en Franssprekendes.

Switserland geniet ekonomiese voorspoed, lae belastings en maatskaplike voordele (Linder 1994). 'n Verdere kenmerk is die afwesigheid van relatiewe deprivasie tussen die verskillende etniese groepe. Harold Glass (Esman (ed) 1977:336) het in 'n studie bevind dat die minderheidsgroepe in Switserland nie meer gedepriveer voel as die Duitssprekendes nie.

Daar is gevolglik in Switserland duidelike tekens van subidentiteite wat enersyds met taal en regionalisme, en andersyds met godsdiens verband hou.

7.10.1.2 *Vraagstukke, belange en politieke organisasie*

Aangesien die politiek in groot mate verindividualiseerd is, omrede daar in groot mate op die populêre inisiatief en die referendum in die politiek gesteun word, is politieke partye nie werklik 'n aanduiding van die vraagstukke en die belange wat in die Switserse politiek belangrik is nie.

Vraagstukke wat met buitelandse beleid verband hou, soos aansluiting by die Europese Unie en die toelating van uitlanders, is belangrike politieke vraagstukke maar so ook sake rakende die konstitusie (Swiss Review 5/95) in Switserland. Die sosiale en politieke realiteit in Switserland het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van drie hoofstrominge in Switserse politiek, naamlik die liberalisme, konserwatisme en die sosialisme.

Die belange en die beleidstandpunte van die belangrikste politieke partye in Switserland is die volgende:

Na afloop van die verkiesing in 1991 het die Radikale Demokratiese Party (*Freisinnig Demokratische Partei der Schweiz*) oor 44 uit die 200 setels in die Switserse Nasionale Raad en oor 2 uit 7 poste in die Bundesrat beskik. Die politieke party het noue bande met die handel en nywerheid en verteenwoordig hoofsaaklik professionele mense, entrepreneurs en die middelklas. Dit het steun onder beide Rooms-Katolieke en Protestante asook Duits-, Frans- en Italiaanssprekende Kantons. Dit het egter veral steun onder Protestante (Banks 1994-95:848).

Die Switserse Sosiaal Demokratiese Party (*Sozialdemokratische Partei der Schweiz*) is reeds in 1870 gestig. Tans beskik dit oor 43 verteenwoordigers in die Nasionale Raad en 2 lede in die Bundesrat. Oor die afgelope aantal jare het hierdie party sy beleid, van 'n tipies sosiaal demokratiese party, verander na 'n party wat ook ander belange voorstaan soos byvoorbeeld die van ekologiese, feministiese en vredesgroepe. Dit is ook ten gunste van lidmaatskap van die Verenigde Nasies. Die meeste steun kom vanuit stedelike en geïndustrialiseerde gebiede (Swiss Review 5/94:4-6).

Christelike Demokratiese Volksparty (*Christlichdemokratische Volkspartei der Schweiz*) is die party wat hoofsaaklik deur Rooms-Katolieke ondersteun word en beskik tans oor 37 setels in die Nasionale Raad en 2 lede in die Bundesrat. Dit verteenwoordig belange van beide entrepreneurs en werknemers en konserwatiewe belange (Swiss Review 5/94:4-6).

Switserse Volksparty (*Schweizerische Volkspartei*) beskik tans oor 25 setels in die Nasionale Raad en 1 lid in die Bundesrat. Hierdie party het 'n gematigde sosialistiese beleid met 'n sterk konserwatiewe inslag. Dit het veral steun onder Protestante (Swiss Review 5/94:4-6).

Bogenoemde vier politieke partye vorm die regerende koalisie. Dit is 'n grootkoalisie en omvat 149 van die 200 setels in die Nasionale Raad.

Daar is egter verskeie kleiner opposisiepartye wat ook in die verkiesing in 1991 winste behaal het. Van hierdie partye is geneig om enkelbelange te verteenwoordig soos

byvoorbeeld die Groenparty, Outomobielparty en Switserse Party vir gestremdes en maatskaplike onbevoorregtes. Ander kleiner partye is die Switserse Demokrate ('n ekstremiste regse groepering), Alternatiewe Linkses, Liberale Party, Onafhanklike Party en Protestante Party.

Die enigste politieke party wat werklik op etniese gronde georganiseerd is, is die Tecino-Bond (*Lega dei Ticinesi*) wat na die 1991-verkiesing oor 1 setel in die Nasionale Raad beskik het.

Uit voorgenoemde blyk dit dat taal en etnisiteit nie werklik 'n faktor in politieke assosiasie op die sentrale vlak is nie. Dit moet egter nie vertolk word dat taal en etnisiteit polities onbelangrik is nie. Weens die gedesentraliseerde aard van Switserse politieke besluitneming vind besluitneming grootliks plaas binne die kantons waarvan die grense grootliks met taalgrense saamval.

Godsdiens is op die sentrale vlak van groter belang as taal en etnisiteit. Taal en etnisiteit is polities van groter belang in die Jura-streek.

7.10.1.3 *Strewe na outonomie*

Ten spyte daarvan dat Switserland se bevolking heterogeen is, kom min gepolitiseerde subidentiteite voor wat na groter outonomie streef as dit waarvoor die konstitusie reeds voorsiening maak. Ten spyte van die etniese en godsdienstige diversiteit van Switserland, is daar gemenedelers wat die verskillende groepe bymekaar hou. Een Switser het dit gestel dat die Switsers twee dinge in gemeen het naamlik, hul liefde vir hul berge (Alpe) en hul liefde vir die demokrasie[719]. Hierby kan gevoeg word, hul goed ontwikkelde ekonomie (kyk Snyder 1982:81).

Daar is byvoorbeeld 'n aandrang, deur die Christelike Demokratiese Volksparty, op groter outonomie in kerkskole (hoofsaaklik Rooms-Katolieke). Dit kan egter nie beskou word as 'n mininasionalisme wat groter outonomie nastreef nie.

Die enigste werklike mininasionalisme, is die Franssprekendes in die Jura-streek. Die Jura-streek is tydens die Weense Kongres in 1815 by die Duitssprekende Kanton Bern ingelyf (Linder 1994:65; Wisard 1989:35). In die oorwegend Franssprekende Jura-streek (oorspronklik die noordelike gedeelte van die Kanton Bern) kom etniese, taal en godsdienstige verdeeldheid voor. Die Duitssprekende gedeelte is hoofsaaklik Protestants, terwyl die mees noordelike Franssprekendes Rooms-Katoliek is en die suidelike Franssprekendes weer meer Protestants is (Linder 1994:65). Dit is veral die Rooms-Katolieke wat separatisme in hierdie streek ondersteun. Daar was egter ook al Protestantse leiers binne die beweging (Jacobs 1989:672-3).

Die Franssprekende minderheid is van mening dat daar teen hulle gediskrimineer word en dat hulle ekonomies verwaarloos word. Terwyl die Jura-streek nog deel van die Kanton Bern was, was die persepsie dat die Jura-streek ekonomies, polities en kultureel deur Bern gedomineer is (Wisard 1989:35).

In 'n referendum in 1978 (na 30 jaar van separatistiese bedrywighede) was 82% van die Switserse kiesers, wat gestem het, ten gunste van kantonstatus vir die grootste gedeelte van die Jura-streek. Die suidelike gedeelte van die Jura-streek en die distrik Laufen het egter gestem om deel van die Kanton Bern te bly (Linder 1994:26; Wisard 1989)[720].

Ten spyte van die verlening van kantonstatus aan die Jura-streek, is ontevredenheid steeds nie finaal uit die weg geruim nie. Franssprekendes is steeds van mening dat hulle benadeel word omrede Duits gewoonlik die omgangstaal is. Gevolglik word daar toenemend na die behoeftes van die Franssprekendes gekyk. Besigtigingstoere in Switserland, word onder meer vir Franssprekendes gereël (Swiss Review 4/94). Die feesvieringe van die 700-jarige bestaan van die Switserse Konfederasie in 1991 het gemengde aanduidings van etniese verhoudinge in Switserland verskaf. Meningsopnames het teen die algemene verwagtinge aangedui dat die grootste steun vir die feesvieringe vanuit nie-Duitssprekende streke gekom het. Van die Franssprekendes in die Jura-streek het egter, in protes teen die verskil tussen politieke en taalgrense, die spoorlyn na die dorp, waar die Kanton Vaud sy feesvieringe sou hou, geblokkeer (Collier's Year Book 1992:525).

Ten spyte van die etniese, taal en godsdienstige diversiteit in Switserland is daar min aanduiding van subidentiteite wat outonomie nastreef. Daar is drie vraagstukke in Switserland wat potensieel polities verdelend kan wees, naamlik die weermag, immigrante en nouer bande met Europa en die Verenigde Nasies. Daar is reeds aanduidings dat die Franssprekende streke meer ten gunste van nouer bande is. In 'n referendum op 12 Junie 1994 het die Franssprekende Kanton van Genève ten gunste van die beskikbaarstelling van Switserse troepe vir vredesmagte van die Verenigde Nasies, gestem. Daarteenoor het die voorstel die sterkste teenkanting in die Italiaanssprekende Kanton van Ticino gekry (Swiss Review 3/1994). Hierdie verdelingslyne is egter nie streng etnies nie. Daar is Franssprekendes wat teen nouer bande is en daar is lede van die ander taalgroepe wat ten gunste van nouer bande is. Tog blyk hierdie vraagstukke potensieel verdelend te wees.

'n Faktor in Switserland se bande met Europa en die Verenigde Nasies, is Switserland se beleid van Internasionale neutraliteit. Switserland se neutraliteit in veral die Tweede Wêreldoorlog is 'n belangrike faktor in die voortbestaan van Switserland, veral omrede die verskillende taalgroepe verskillende kante in die oorlog ondersteun het. Deelname aan die oorlog sou potensieel verdelend gewees het.

Ten spyte van meer as 700 jaar (sedert 1291) se gemeenskaplike geskiedenis en ervaring is daar nie werklik sprake van 'n oorweldigende sentrale Switserse nasionalisme nie. Soos reeds voorheen aangedui, beskou 55% van jong Franssprekendes en slegs 31% van ouer Franssprekendes hulself as primêr Switsers (Steiner en Obler in Esman (ed) 1977). Daar kan hieruit afgelei word dat Switserse identiteit toeneem, maar dit is nie duidelik of hierdie identiteit eerder met nasionalisme as met patriotisme verband hou nie.

7.10.2 Inspraak in kollektiewe besluite

Switserland is 'n federale republiek met 20 kantonne en 6 half-kantonne. Die kantonne het outonomie oor 'n wye spektrum aangeleenthede. Die wetgewende gesag (Federale Vergadering) bestaan uit twee huise, elk met gelyke gesag naamlik, die Raad van State (hoërhuis) en die Nasionale Raad (laerhuis). Die Raad van State het 46 lede, of 2 lede per kanton en 1 lid per half-kanton. Die Nasionale Raad het 200 lede en word direk by wyse van proporsionele verteenwoordiging verkies. Die Switserse konstitusie maak voorsiening vir referenda en die populêre inisiatief (Banks 1994-95).

Die uitvoerende gesag is die Bundesrat met 7 lede. Dit word deur die hele Federale Vergadering verkies. Die Bundesrat se president en vise-president word jaarliks deur die Federale Vergadering aangewys (Banks 1994-95).

Switserland is 'n staat met 'n hoogs gedesentraliseerde gesagstruktuur. Daarby word daar van 'n groot verskeidenheid van demokratiese tegnieke, insluitende direkte demokratiese tegnieke soos die populêre inisiatief, volksvergaderings (*landsgemeinde*) en referenda gebruik gemaak. Die uitgebreide magte en outonomie van die verskillende kantons, gebruik konsosiatiewe besluitneming op sentrale vlak en 'n roterende staatshoof is belangrik in die Switserse politieke stelsel (Banks 1994-95). Dit dra daartoe by dat subidentiteite nie die gevoel kry dat hulle permanent uit besluitneming uitgesluit is nie.

Die uitgebreide demokratiese tegnieke verseker die maksimum inspraak deur die bevolking en is waarskynlik 'n belangrike rede waarom daar min aanduidings van rebelse nasionalisme in Switserland is. Daar moet egter met Steiner en Obler (in Esman (ed) 1977), saamgestem word dat die lae vlak van middelpuntvliedende kragte nie gesien moet word as 'n afhanklike veranderlike nie: "It seems likely that the two variables are in a feedback process: the more consociational decision-making prevails the lower the level of hostility; and the lower the level of hostility, the more consociational decisionmaking prevails (Steiner and Obler in Esman (ed) 1977:340-341).

Waar argumente aangevoer kan word dat die lae vlak van middelpuntvliedende nasionalisme verband hou met die konsosiatiewe aard van die Switserse politieke stelsel, is daar diegene soos Raimund Germann (1975) wat impliseer dat die konsosiatiewe

demokratiese tegnieke verantwoordelik is vir die gebrekkige nasionale identiteit. Steiner en Obler (in Esman (ed) 1977) is weer van mening dat dit moeilik gaan wees om te bepaal in watter mate 'n minder konsosiatiewe demokrasie nasionale identiteit gaan beïnvloed.

Tydens referenda moet 'n meerderheid ten opsigte van beide stemme en kantons verkry word om 'n voorstel goed te keur. Kantonne het in hierdie verband 'n gelyke stem met die gevolg dat: "The electorate as a whole finds it frustrating that each of 11½ small and medium-sized cantons ... carries as much weight as, for example, Canton Zurich ..." (Swiss Review 5/94:6). Gevolglik bestaan daar beslis persepsies dat die selfdeterminasie van sommige die selfdeterminasie van ander dwarsboom.

#### 7.10.3 Gevolgtrekking

Uit die voorgaande bespreking blyk dit dat die bevolking van Switserland ten opsigte van etnisiteit, taal en godsdiens heterogeen is. Taal is egter, met die uitsondering van die Jura-streek, nie werklik 'n determinant van politieke assosiasies nie. Godsdiens is belangriker in hierdie verband. Dit is selfs ten spyte van 'n dalende tendens in godsdiensbeoefening.

Switserland word gevolglik gekenmerk deur 'n hoë mate van demokrasie, die aanwesigheid van min middelpuntvliedende, maar ook min middelpuntsoekende kragte van nasionalisme.

## 7.11 KONINKRYK VAN BELGIë

Die samestelling van België se bevolking en die belange wat polities georganiseer word, toon ooreenkomste met scenario 6 waar die bevolking van die staat verwantskapsaffiniteite het met die bevolking van 'n aangrensende staat. Daarby het België 'n etnies-bipolêre bevolking. (Die Duitse groepering is te klein om werklik beduidend te wees.)

### 7.11.1 Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme

In scenario 6 is aangetoon dat waar die bevolking van 'n staat verwantskapaffiniteite met die bevolking van die aangrensende staat het, die interne verhoudings ook beïnvloed sal word deur die staat se verhouding met die aangrensende state. In 'n staat met 'n etnies-bipolêre bevolking bestaan die moontlikheid dat die interne verhouding van die verskillende etniese groepe in 'n magstryd kan ontwikkel.

#### 7.11.1.1 *Bevolkingsamestelling*

Die Koninkryk van België is nog 'n staat met 'n bevolking wat heterogeen in terme van etnisiteit en taal is. Daar is drie amptelike tale naamlik, Vlaams ('n dialek van Nederlands)[721], Frans en Duits. Die bevolking van 10,1 miljoen (Collier's Year Book

1995:498) bestaan uit ongeveer 58% Vlaminge wat Vlaamssprekend is en in die Noorde woon; die Wale in die Suide wat oorspronklik van Keltiese herkoms is en Franssprekend is en ongeveer 32% van die bevolking uitmaak; 'n tweetalige bevolking van ongeveer 10% (hoofsaaklik in Brussel); en 'n klein minderheid (ongeveer 1%) Duitsers in Liege in die ooste van België (kyk Jacobs 1989:2). Die Wale, Vlaminge en Duitsers is geografies grootliks geskei. Die uitsondering is Brussel wat oor 'n gemengde bevolking beskik. Verder is daar 'n aansienlike immigrantebevolking, hoofsaaklik Moslems vanuit Turkye en Morokko. Ongeveer 25% van die hoofstad, Brussel, se bevolking van 950 300 (Collier's Year Book 1995), is immigrante.

In België kom gevolglik drie tale en twee taalfamilies (Germaans en Romaans) in die supertaalfamilie, Indo-Europees voor. Die bevolking (beide Vlaminge en Wale) is oorwegend (90%) Rooms-Katoliek, maar 'n minderheid Protestante, Jode en Moslems (3%) kom ook voor (PC Globe). Die Vlaminge is meer geneig om aktief Rooms-Katoliek te wees terwyl die Wale meer sekulêr is. Taal kan in België, met die uitsondering van Brussel waar die mense tweetalig is, as die primêre kriteria beskou word om tussen die verskillende ethnies te onderskei.

Wrywing tussen die Vlaminge en die Wale is 'n ernstige maatskaplike en politieke probleem. Die identifikasie van die onderskeie groepe met 'n Belgiese identiteit is problematies. Slegs ongeveer 41,5% van België identifiseer hulself met 'n Belgiese nasionale identiteit. Meer Wale (50,3%) en inwoners van Brussel (56,5%) beskik oor 'n Belgiese identiteit, as die Vlaminge (32,5%) (Lane & Ersson 1994:83).

Die staat België soos dit vandag bestaan is in 1830 deur eksterne faktore tot stand gebring. Dit was hoofsaaklik 'n kunsmatige skepping met min historiese eenheid (Jacobs 1989:5). Die geskiedenis van die streek wat vandag as België bekend staan kan egter tot antieke tye teruggevoer word. Die geskiedenis van die bevolking van hierdie streek is gekenmerk deur vreemde oorheersing. Op die grondvlak was daar sterk middelpuntvliedende kragte teen oorheersing wat die ontwikkeling van 'n enkele gesentraliseerde staat verhinder het. Die stryd teen dominasie het egter ook interne verdeeldheid meegebring omrede bepaalde groepe lojaal teenoor die heersers was. Frans en Vlaams was ook afwisselend die dominante taal. Vir die grootste gedeelte van die negentiende eeu en selfs vir 'n deel van die twintigste eeu was Vlaams ondergeskik aan Frans (Jacobs 1989:7). Hierdie verdeeldheid het gewoonlik 'n geografiese, taal- en godsdiensdimensie gehad. België se geskiedenis word gevolglik gekenmerk deur die afwesigheid van 'n gemeenskaplike en samehorige geskiedenis. Na jarelange dominasie deur onder meer die Romeine, Boergondiërs, Spanjaarde, Oostenrykse Hapsburgers, Franse en Nederlanders het België in 1830 onafhanklikheid verkry. In groot mate is dit historiese omstandighede wat die bevolking van België in 'n enkele staat bymekaar gegooi het.

Etniese en taalkonflik het daartoe aanleiding gegee dat die staat in 1963 in 'n Vlaamse en 'n Waalse gedeelte verdeel is. In 1970 is amptelike erkenning verleen aan die drie inheemse ethnies en die staat is in vier linguistiese streke verdeel. (Die vierde is die tweetalige streek van Brussel.) Sedert 1978 is die staat etnies-linguisties georganiseer, terwyl daar later ook weer 'n geografiese dimensie bygekom het.

Daar is gevolglik aanduidings van die bestaan van subidentiteite wat met taal en etnisiteit verband hou en dat hierdie subidentiteite in bepaalde historiese en geografiese streke gekonsentreer is.

7.11.1.2 *Belange en politieke organisasie*

Die belange wat deur die belangrikste politieke partye verteenwoordig word, is aanduidend van die verdeeldheid wat onder die Belgiese bevolking in terme van taal en etnisiteit bestaan. Politieke partye verteenwoordig feitlik uitsluitlik individue wat tot 'n bepaalde taal/etniese groep behoort. Selfs gemeenskaplike belange, soos byvoorbeeld die omgewing, word deur afsonderlike politieke partye vir elke ethnie verteenwoordig.

Die stryd tussen die Vlaminge en die Wale is 'n belangrike politieke vraagstuk in België. Hierdie stryd het daartoe aanleiding gegee dat België op 14 Julie 1993 besluit het om tot 'n federale staatsvorm oor te gaan. Hierdie maatreëls het in 1995 in werking getree.

Die belangrikste politieke partye en die belange wat hul verteenwoordig is:

Die *Christelijke Volkspartij* is die belangrikste party in Vlaandere en is ook deel van die regerende koalisie. Hierdie party is gebed in die Vlaamse kultuur en dit werk nou saam met die ander Vlaamse partye in 'n poging om Vlaamse belange te beskerm en te bevorder (Jacobs 1989:16-18). Die *Christelijke Volkspartij* het ondersteuning in alle sosiale kategorieë en is daarom werklik 'n volksparty (Jacobs 1989:17). Hierdie party het in die 1991-verkiesing, 39 (18,4%) uit 212 setels verower (Koole & Mair 1994:247).

Die *Parti Social Chrétien* is, ten spyte van pogings om 'n breër belang te verteenwoordig, die Waalse ekwivalent van die *Christelijke Volkspartij*. Hierdie party verteenwoordig Waalse belange, veral in beleid oor onderwys, aborsie en die uitsaaiwese. Dit het in die 1991-verkiesing, 18 (8,5%) van die setels in die laerhuis verwerf (Koole & Mair 1994:247).

Die *Parti Socialiste* is die Waalse Sosialiste Party nadat die historiese Belgiese Sosialiste Party in twee geskeur het. Dit is die belangrikste party in Wallonië en het tydens die 1991-verkiesing 35 (16,5%) van die setels verwerf (Koole & Mair 1994:247). Die party het 'n pragmatiese sosialistiese beleid (Jacobs 1989:12-13).

7

Die *Socialistische Partij* is weer die Vlaamse gedeelte van die Belgiese Sosialiste Party en het in die 1991-verkiesing, 27 (12,7%) van die setels in die laerhuis verwerf (Koole & Mair 1994:247). Ten einde steun onder die Vlaminge te verwerf was hierdie party verplig om 'n meer pragmatiese en nasionalistiese beleid te volg (Jacobs 1989:15).

Die *Vlaamse Liberales en Demokrate* (voorheen die *Partij voor Vrijheid en Vooruitgang*) het na politieke veranderings in 1992 en 1993 oor 13,7% van die setels in die laerhuis (Koole & Mair 1994:249) beskik. Die party se beleid is ekonomies en polities liberaal.

Die *Parti Réformateur Liberál*, is 'n party wat liberale opvattings onder die Wale verteenwoordig.

Die *Volksunie* verteenwoordig Vlaamse belange en het na die 1991-verkiesing oor 9 setels in die laerhuis beskik (Koole & Mair 1994:23). Hierdie party se beleid is polities en kultureel die van radikale nasionalisme. Dit is ten gunste van outonomie vir Vlaandere. Die beleid van die *Vlaamse Blok* is soortgelyk aan die Volksunie.

Die *Front Démocratique des Francophones Bruxellois*, verteenwoordig hoofsaaklik die belange van die Franssprekende meerderheid in Brussel en van die Franssprekende minderheid in Vlaamse gebiede.

Onder die Groenes is daar ook beide 'n Franse (ECOLO - *Parti Ecologiste*) en 'n Vlaamse (AGALEV - *Anders Gaan Leven*) groepering.

Die *Partei der Deutschsprachigen Belgier*, verteenwoordig weer die belange van die Duitssprekende minderheid in België (Jacobs 1989:27).

Die enigste partye wat die belange van beide die Franssprekendes en die Vlaamssprekendes verteenwoordig is die verlinkses, naamlik die Kommuniste Party en die Arbeidersparty. Hierdie partye het egter min steun (Jacobs 1989:26-7).

Uit bogenoemde blyk dit dat politieke partye selde oor taalgrense strek. Daar bestaan wel samewerking tussen die verskillende partye wat soortgelyke belange onder verskillende taalgroepe verteenwoordig. Gevolglik bestaan die regerende koalisie gewoonlik uit dieselfde "soort" partye onder die verskillende taalgroepe.

Gesien teen die lig van die belange wat politieke partye verteenwoordig, blyk dit dat België se bevolking etnies heterogeen en etnies verdeeld is. Hierdie verdeeldheid kom ook in besluitneming na vore. So het die regering in 1991 tot 'n val gekom nadat Waalse lede van die regering gedreig het om 'n telekommunikasiekontrak wat hoofsaaklik Vlaamse

maatskappye bevoordeel het, te blokkeer (Collier's Year Book 1992). Zolberg (in Esman (ed) 1977:104) stel dit soos volg: "Belgian politicians have a propensity for identifying almost any choice as favoring one or the other of the two major communities; once an object is defined as valuable by one side, its opposite becomes valuable to the other..."

7.11.1.3 *Strewe na outonomie*

Daar is gepolitiseerde subidentiteite in België wat met etnisiteit verband hou en wat as mininasionalismes beskou kan word. Van hierdie subidentiteite, meer spesifiek die Wale en die Vlaminge streef toenemend na 'n groter mate van outonomie en selfs, by sommige, na selfdeterminasie (veral onder die Vlaminge).

Taal en etnisiteit is 'n belangrike faktor in die sentrale politiek. Die aandrang op toenemende magte aan Vlaandere en Wallonië het daartoe aanleiding gegee dat wetgewing ten gunste van federalisme aangeneem is. Die instelling van federalisme is 'n belangrike politieke aangeleentheid in België. Dit behels byvoorbeeld die verdeling van staatsbates, pensioene, amptenare en skuld (Collier's Year Book 1995:160).

7.11.2 Inspraak in kollektiewe besluite

België is 'n konstitusionele monargie. Die sentrale parlement bestaan uit 'n Senaat (hoërhuis) en 'n Kamer van Volksverteenwoordigers (laerhuis). Die Senaat bestaan uit beide direk en indirek verkose lede. Die Kamer van Volksverteenwoordigers het ongeveer een verteenwoordiger vir elke 40 000 inwoners. Verteenwoordigers word proporsioneel deur middel van 'n lysstelsel verkies (Banks 1994-95:81).

Die uitvoerende gesag berus by die Kabinet wat gewoonlik uit 'n koalisie van partye bestaan. Die Kabinet word egter saamgestel uit beide Vlaminge en Wale.

België was aanvanklik 'n gesentraliseerde unie. Toenemende desentralisering het egter veral sedert die sestigerjare plaasgevind en het uiteindelik op 'n federasie uitgeloop.

Verder is daar 'n uitgebreide stelsel van plaaslike regering wat grootliks outonoom is.

België kan beskou word as 'n staat met 'n demokratiese owerheidsvorm, maar demokratiese tegnieke word grootliks deur die subidentiteite ingespan in hul magstryd met mekaar. Ten minste is dit duidelik dat demokratiese tegnieke nie daarin kon slaag om historiese verdeeldheid te oorbrug nie.

### 7.11.3 Gevolgtrekking

Uit die voorgaande bespreking behoort dit te blyk dat die bevolking van België etnies heterogeen is. Daar is subidentiteite wat met regionalisme, taal en etnisiteit verband hou. Hierdie identiteite neem die vorm van mininasionalismes en selfs van rebelse nasionalismes, wat uitdrukking vind in toenemende streeksoutonomie, aan. Die teenwoordigheid van hierdie mininasionalismes dui daarop dat demokrasie nie noodwendig daarin slaag om identiteite van "ons" teenoor "hulle" te verenig nie. België is ook aanduidend daarvan dat demokratiese tegnieke juis die meganismes bied waardeur hierdie sentimente polities georganiseer word. Terselfdertyd is dit ook 'n aanduiding dat desentralisasie rebelse elemente kan temper en dat daar steeds samewerking oor "ons-hulle" grense kan plaasvind.

Die moontlikheid dat daar 'n natuurlike afsnypunt vir desentralisasie en federalisering bestaan, is nie uitgesluit nie. Dit is egter bloot spekulasie dat, na 'n punt van optimale desentralisasie, daar weer na groter samewerking beweeg sal word. Die moontlikheid bestaan dat daar in die toekoms na groter samewerking met die aangrensende state se bevolking, met wie daar verwantskapsaffiniteite bestaan, gestreef kan word. Die benaming van Vlaams as Nederlands, is soos aangedui, 'n indikator wat nie uit die oog verloor moet word nie.

België word gevolglik gekenmerk deur 'n proses van federalisering wat 'n direkte gevolg is van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme waarin demokratiese tegnieke ingespan word.

## 7.12 DIE KURDE EN DIE SAAMI (LAPPE)

In scenario 7 is gesuggereer dat wanneer 'n bepaalde ethnie en hul historiese "tuisland" deur aangrensende state gekoloniseer en verkap word, die inspraak wat sy lede in die imperiale staat ontvang, nie vergelykbaar met die inspraak is wat hulle na hul mening in hul eie staat sou gehad het nie. Daar sal gevolglik 'n toenemende bewustheid van hul eie identiteit ontwikkel en dit sal veral vererger word indien die verkapte ethnie aan assimilasie blootgestel word. Die idee van eenheid binne 'n eie staat sal bly voortleef.

Die situasie rondom die Kurde en Saami word kortliks in hierdie hoofstuk betrek om hierdie faset van nasionalisme uit te lig. Tot dusver is geredeneer dat demokratiese tegnieke in 'n poli-etniese staat nie noodwendig daarin slaag om identiteite van "ons" en van "hulle" in 'n eenheid te versoen nie, maar hierdie tegnieke, kan selfs as 'n infrastruktuur gebruik word om subidentiteite te organiseer, te troetel en te mobiliseer. Verder is geredeneer dat demokratisering, hetsy van meet af, of deur uitbreiding van

bestaande demokratiese tegnieke, dikwels selfs daarin slaag om middelpuntvliedende kragte van nasionalisme te stimuleer.

Wat gebeur met subidentiteite in die afwesigheid van demokrasie? Hierdie vraag is veral belangrik in situasies waar daar 'n historiese eenheid onder 'n verkapte identiteit bestaan.

Vir hierdie doel word gekyk na die Kurde in die historiese Kurdistan wat polities verdeel is onder Irak (Noorde), Iran, Turkye, Sirië en die USSR; en na die Saami in die historiese Lapland wat polities verdeel is tussen Noorweë, Swede, Finland en Rusland. Daar word hoofsaaklik op 'n vergelykende grondslag na die Kurde en die Saami gekyk. Beide hierdie groepe se lewenstyl is grootliks nomadies van aard. Ten spyte van 'n oënskynlike eenheid onder die lede van hierdie groepe, bestaan daar ook onderlinge verskille in terme van taal en lewenswyse.

Die Kurde bevind hulle hoofsaaklik in 'n politieke verband waar daar min sprake van demokrasie is, terwyl die Saami hulle weer hoofsaaklik in 'n politieke verband bevind wat demokraties is. Daarby is die verskil in getalle interessant.

Dit is nie presies duidelik hoeveel Kurde daar is nie. Daar word gereken dat daar in Turkye ± 10 miljoen Kurde is (ongeveer 17% van Turkye se bevolking); ± 6 miljoen in Iran (ongeveer 10% van die bevolking); ± 5 miljoen in Irak (ongeveer 25% van die bevolking); 800 000 in Sirië (ongeveer 5% van die bevolking); en ± 350 000 in die voormalige USSR, hoofsaaklik in wat nou Armenië, Azerbaijan en Georgia is (Collier's Year Book 1992:294, 584, 590, 592; kyk ook Hannun 1990:179). Nie een van hierdie state, behalwe moontlik Turkye kan as demokraties beskou word nie.

Die Kurde bewoon sedert ongeveer 2400 v.C. 'n geografiese streek, wat histories as Kurdistan bekend gestaan het. Dit is histories 'n polities sensitiewe streek. Dit was onder andere die plek van konflik tussen die Ottomanne, Persiërs en Russe. Die Kurde het egter altyd vreemde oorheersing teengestaan (Collier's Year Book 1992:294).

Die Kurde se taal, Kurmanji, behoort tot die Indo-Europese supertaalfamilie en is gevolglik verwant aan Farsi (Iran) en Armeens - beide is Indo-Europese tale. Kurmanji verskil daarom van Turks wat 'n Ural-Altaïse taal is en Arabies (Sirië en Irak), wat weer 'n Semitiese taal is. Daar is egter ook meer as een dialek onder die Kurde. Die Kurde is egter soos die Turke en Siriërs Sunni-Moslems wat hulle onderskei van die Shii-Moslems in Iran en die Christene in Armenië. Gevolglik het die Kurde min in gemeen met die bevolkings van die ander state waaronder Kurdistan verdeel is.

Kurdiese nasionalisme het veral na vore getree na die Eerste Wêreldoorlog. 'n Kurdiese Komitee is in 1918 gevorm om hul saak by die Geallieerdes te stel. Met die Verdrag van Sèvres in 1920 het die Geallieerdes hul reg tot 'n eie onafhanklike staat erken (Collier's Year Book 1992:295). Hierdie verdrag is nooit geïmplementeer nie, hoofsaaklik as gevolg van Turkse nasionalisme. Met die verdrag van Lausanne in 1923 is die Turkse grense bepaal, sonder dat daar melding gemaak is van Kurdiese regte. Dit is gevolg deur verskeie Kurdiese opstande wat gewelddadig onderdruk is. In 1937 is die Saadabad ooreenkoms tussen Turkye, Irak, Iran en Afghanistan gesluit. Een van die oogmerke daarmee was om Kurdiese nasionalisme die hoof te bied (Collier's Year Book 1992:294). Kurdiese nasionalistegroepe is aktief in al die state waarin hulle hul bevind. In hierdie stryd is hulle dikwels deur ander state, soos die voormalige USSR, gesteun vir solank dit in hul belang geag was. Die Kurde het ook verskillende "state" gesteun in die ryk geskiedenis van daardie streek, in ruil vir politieke voorregte.

Die Kurde is oor die algemeen arm, met 'n baie klein intellektuele elite en met min werklike gesentraliseerde gesag wat met 'n staat geassosieer word. Hulle is hoofsaaklik deur stamhoofde, die *aghas*, regeer. In groot mate word die Kurde as "agterlik" beskou (kyk Hannum 1990:180-181). Onder die Kurde is dit veral die handhawing van 'n eie identiteit en leefwyse wat onderliggend aan hul strewe na outonomie is. Dit is veral die miskenning van hierdie identiteit wat die stimulus vir nasionalisme is, "Whatever the level of internal cohesion among the Kurds, ... the primary determining factors in their search for autonomy or independence have been the influence of external forces and the willingness of the states in which the Kurds find themselves to utilize the most extreme forms of repression" (Hannum 1990:200).

Dit is veral in die state waar die Kurde 'n aansienlike deel van die bevolking uitmaak dat hul posisie die nadeligste geraak word. Hierdie state is Turkye, Irak en Iran.

In Turkye het Turkse nasionalisme, onder Atatürk, gepoog om Turkye te verturks. Kurdiese skole, assosiasies en publikasies is verbied. Selfs die gebruik van die Kurdiese taal word onder bepaalde omstandighede verbied. Die Turkse owerheid ontken eintlik die bestaan van die Kurde en verwys na hierdie mense as "berg-Turke" (Hannum 1990:189). Hierdie miskenning van hul identiteit het direk daartoe bygedra dat die Kurde teen die Turkse owerheid in opstand gekom het. Die Kurdiese Werkersparty is tans die belangrikste Kurdiese guerilla-organisasie in Turkye (Collier's Year Book 1994:514). Dit het na raming ongeveer 10 000 lede en veg reeds sedert 1984 vir 'n onafhanklike staat in die Suid-ooste van Turkye. Na die 1991-verkiesing in Turkye, was ongeveer 'n derde van die verkose lede van die Sosiaal-Demokratiese Populiste Party, Kurde. Hierdie party het saam met die *True Path Party* die regerende koalisie gevorm. Van hierdie Kurde het later uit die party bedank uit protes teen Turkse optredes teen die Kurde (Collier's Year Book 1993:512). Ten spyte

van 'n wapenstilstand, het guerilla-aktiwiteite voortgegaan en is die sessessionistiese bedrywighede verinternasionaliseer (Collier's Year Book 1994:514).

Die Kurde se posisie in Irak word ook gekenmerk deur 'n bloedige stryd ter wille van die erkenning van hul regte. Die 1970 ooreenkoms tussen die Kurde en die Irakse owerheid (gevolg deur wette in 1973 en in 1974) het in 'n mate die regte van Kurde tot gelyke behandeling verseker. Die Kurde se taal sou in die Kurdiese gebied, saam met Arabies, die amptelike taal wees. Ten spyte van die oënskynlike demokratiese aard van hierdie ooreenkoms en wette is die massamoorde op Kurde wat van tyd tot tyd plaasvind, aanduidend van die Irakse owerheid se houding teenoor die Kurde (Hannum 1990:190-194). In Irak het die Kurde in 1992 'n mate van outonomie vir hulself bewerkstellig deur 'n eie nasionale vergadering te bewerkstellig. Daar bestaan egter ontevredenheid onder die Irakse Kurde oor die teenwoordigheid van Turkse Kurdiese guerrillas in Irak omrede Turkse retaliasie onskuldige Irakse Kurde tref (Collier's Year Book 1993:287).

Die Kurde se posisie in Iran is soortgelyk aan hul posisie in Turkye. Onderdrukking van Kurdiese identiteit was nie in dieselfde mate as in Turkye nie. Die Kurde het hul egter aan die kant van die stryd teen die Sjah geskaar, maar na die revolusie op outonomie aangedring. Die nuwe regering het egter outonomie teengestaan en die vernaamste Kurdiese politieke party, die Kurdiese Demokratiese Party in 1983 na Irak uitgedryf.

Ten spyte van pogings tot gedwonge en ongedwonge assimilasie, koöptering, gerusstelling, onderdrukking en uitwissing deur die owerhede van die state waarin die Kurde hul bevind, het Kurdiese nasionalisme voortgevlam. Die Kurde is onder die ander state verdeel, nie weens hul eie toedoen nie, maar deur magte van buite wat dit op die Kurde afgedwing het en steeds afdwing. Die Kurde word ook gekenmerk deur onderlinge verdeeldheid, wat daartoe bygedra het dat hulle dikwels as pionne deur die ander state in die streek gebruik word. In daardie state waar die Kurde slegs 'n beperkte minderheid is, is hulle beter daaraan toe as in die state waarin hulle 'n aansienlike getalleteenwoordigheid het.

Daar is reeds in hierdie hoofstuk heelwat oor die Saami geskryf, daarom gaan hulle nie weer in besonderhede bespreek word nie. Daar moet egter enkele feite oor die Saami uitgelig word.

Soos Kurdistan tussen ander state verkap is, is Lapland polities tussen Noorweë, Swede, Finland en Rusland verdeel. Histories het die Saami, soos die Kurde ook nie werklik 'n geïntegreerde staat gehad nie. In teenstelling met die Kurde is die Saami in die posisie dat hul gebied, deur die owerhede van die gasheerstate informeel (selfs formeel in die geval van Noorweë) respekteer word. Die Saami is in die situasie dat hul selfdeterminasie vir alle praktiese doeleindes deur hierdie state erken word. In Noorweë het die Saami hul

suksesvol beywer vir groter outonomie en beskik hulle oor 'n eie wetgewende vergadering. Dit is egter ook die staat waarin daar, beide getals- en persentasiegewys, die grootste Saami teenwoordigheid is. Dit is egter ook die staat waarin die Saami in die verlede aan doelbewuste pogings tot assimilasie blootgestel is.

Die Saami word ook gekenmerk deur onderlinge verskille in taal (10 dialekte is reeds geïdentifiseer) en selfs lewenstyl. Ten spyte van pogings om groter eenheid onder die Saami te bewerkstellig, bestaan daar steeds 'n gebrek aan eenheid onder die Saami (kyk Hannum 1990:247-262).

Verskeie redes kan aangevoer word vir die laat-maar-gaan houding teenoor die Saami. Eerstens is Lapland geografies en klimatologies onherbergsaam en feitlik ontoeganklik. Tweedens is hul getalle beperk (minder as 100 000). Gevolglik hou die Saami nie 'n bedreiging in vir die ander bevolkingsgroepe nie en is die ekonomiese eise wat hulle stel beperk en bekostigbaar. Die belangrikheid van die teenwoordigheid van 'n demokratiese kultuur by die gasheerstate moet nie uit die oog verloor word nie.

Daar is beide ooreenkomste en verskille tussen die Saami en die Kurde. Die belangrikste ooreenkomste is reeds hierbo uitgewys. Daar is belangrike verskille tussen die Saami en die Kurde. Verskille in getalle is duidelik. In teenstelling met die Kurde (ongeveer 20 miljoen) is daar min sprake van aktiewe en rebelse nasionalisme onder die Saami (minder as 100 000). Getalle kan nie as 'n faktor beskou word nie aangesien die staat San Marino, wat daarin geslaag het om 'n eie identiteit in Italië te handhaaf, en lidmaatskap in die VN het, slegs 24 000 (Banks 1994-95:508) inwoners het. Die Kurde se getalle is waarskynlik 'n aanklag op die internasionale gemeenskap se dubbelstandaarde wanneer dit by die erkenning van state kom.

Die rede vir die verskil in hul nasionalistiese ideale tussen die Saami en die Kurde is eerder die gevolg van die owerhede se houding. Vir alle praktiese doeleindes word die bestaan van 'n feitlik outonome Lapland informeel erken. Daarteenoor word die bestaan van Kurdistan geheel en al ontken en poog die betrokke owerhede juis om die bestaan van Kurdistan uit die gedagtes van die Kurde te wis.

Hieruit wil dit voorkom asof daar moontlik 'n verband is tussen die intensiteit en die mobilisering van etniese sentimente in poli-etniese state, in die afwesigheid van demokrasie.

## 7.13 SLOTOPMERKINGS

Die bespreking in hierdie hoofstuk is 'n seleksie van state en gemeenskappe wat ooreenkomste toon met die hipotetiese scenario's in hoofstuk 6.

Van die state wat bespreek is, kan slegs die bevolkings van Ysland en vasteland-Portugal as etnies-, godsdienstig- en taalhomogeen beskou word. State met bevolkings wat naastenby homogeen is, dit wil sê oor slegs klein getalle beskik wat nie tot die dominante ethnie, taal en godsdiens behoort nie, is Noorweë en Swede. Finland beskik oor klein minderhede, maar is meer poli-etnies as voorgenoemde. België is hoofsaaklik 'n etnies-bipolêre staat, terwyl Brittanje, Frankryk, Spanje en Switserland etnies-multipolêr is.

Taal is nie noodwendig 'n aanduiding van etnisiteit in Brittanje, Frankryk en Spanje nie, maar wel in Finland, Switserland en België. Die minderheidsethnies in Noorweë, Frankryk, Spanje en België was in hul geskiedenis blootgestel aan pogings tot assimilasie, so ook die Kurde.

In Frankryk, Spanje en België bestaan etniese en taalheterogeniteit in die teenwoordigheid van godsdienstige homogeniteit. In hierdie gevalle is godsdiens nie 'n effektiewe kruissnydende belang nie. Godsdiens is wel 'n kruissnydende belang in Switserland waar beide etniese en godsdienstige heterogeniteit bestaan. In Brittanje, waar beide etniese en godsdienstige heterogeniteit saamval, is godsdiens 'n verdere verdelende faktor.

In die geval van state met heterogene bevolkings, is dit hoofsaaklik Switserland waar die staat deur die bevolking tot stand gebring is. Selfs in die geval van Switserland is die ontevrede streek, naamlik die Jura nie deur laasgenoemde se toedoen deel van Switserland nie. Dit kan dui op 'n direkte verband tussen 'n gevoel van gebrekkige selfdeterminasie en 'n strewe na selfdeterminasie.

Met die uitsondering van Ysland en vasteland-Portugal (wat oor 'n homogene bevolking beskik), het al die state in 'n mindere of meerdere mate met subidentiteite te make wat na 'n wisselende mate van outonomie streef. Hierdie subidentiteite wat na outonomie streef, is nie noodwendig separatisties van aard nie. Separatisme is egter wel 'n probleem in Brittanje, Frankryk, Spanje en België. Met die uitsondering van die Katalane en die Vlaminge kom separatisme hoofsaaklik voor onder ethnies wat 'n ekonomiese agterstand het. Ironies is dit juis die ekonomiese voordele wat verantwoordelik is vir onderlinge verskille oor wat in hul beste belang is.

Al hierdie state (met die uitsondering van die state waarin die Kurde hul bevind), kan as demokraties beskou word. Die demokratiese tegnieke wat gebruik word, verskil egter. Dit is hoofsaaklik Switserland wat van uitgebreide direkte demokratiese tegnieke gebruik maak. Spanje, Portugal, België, Frankryk en Noorweë het in die twintigste eeu tydperke van outoritêre regering beleef.

In die geval van Spanje (1939-1975) en Portugal (1926-1974) (in 'n mindere mate België (1940-1945) en selfs Frankryk (1940-1945) en Noorweë (1940-1945)) is daar eers onlangs, na 'n tydperk van totalitarisme, gedemokratiseer. Ysland en Switserland beskik oor die langste demokratiese tradisie. Brittanje het ook 'n lang geskiedenis van demokrasie, maar in praktyk domineer bepaalde belange gesaghebbende en kollektiewe besluite. Met die uitsondering van Ysland, vasteland-Portugal, Finland en Switserland, bestaan die moontlikheid dat bepaalde ethnies polities gemarginaliseer word/kan word en selfs voel. Dit wil sê, die bestaande demokratiese tegnieke maak dit nie vir hierdie ethnies moontlik om voldoende inspraak in gesaghebbende en kollektiewe besluite te ontvang nie. In België is dit die houding van die twee dominante ethnies wat probeer om mekaar polities te marginaliseer. In groot mate is dit teenstanderpolitiek (*adversarial*) tussen die twee ethnies. Brittanje word ook gekenmerk deur teenstanderpolitiek, maar deur twee politieke partye wat hoofsaaklik verskillende klassebelange verteenwoordig.

In al hierdie state bestaan daar organisasies en politieke partye wat die belange van die onderskeie ethnies verteenwoordig. Met die uitsondering van Finland en België geskied politieke assosiasies nie streng volgens etniese en taalverdelingslyne nie. In Switserland speel godsdiens 'n belangrike rol in politieke assosiasie. Bepaalde politieke partye wat soortgelyke belange (veral klassebelange) vir verskillende ethnies verteenwoordig, beskik dikwels oor regionale organisasies wat met etniese, taal en godsdienstige verskille saamval. Gevolglik is dit moeilik om die belangrikheid van 'n eiesoortige identiteit in "gemengde" politieke assosiasies te bepaal. Na hierdie "gemengde" politieke assosiasies word dikwels verwys as kruissnydende belange. Dit is weer eens 'n aanduiding dat 'n verskeidenheid van belange betrokke is by politieke assosiasies. Uit die bespreking van die verskillende state wil dit ook voorkom dat belange nie by die individu, of by die groep oor 'n permanente hiërargie beskik nie.

Ten spyte van die voorkoms van subidentiteite, mininasionalisme en rebelse nasionalismes in hierdie state, het geen een van hierdie state as gevolg daarvan gedisintegreer nie, maar dit is soms pynlik om daarmee saam te leef. (Dit is nie duidelik wat met België en selfs Spanje in die toekoms gaan gebeur nie.) Verskeie moontlikhede bestaan oor waarom hierdie state nog nie gedisintegreer het nie.

Die een faktor is dat in die meeste gevalle (Katalonië en Vlaandere is uitsonderings) voortgesette deelskap van die bestaande state steeds ekonomiese voordele vir hierdie state inhou. Daar bestaan egter meningsverskil by die verskillende lede van die ethnies oor wat in hul beste belang is.

Die owerhede in hierdie state poog om in die meeste gevalle nie meer hardhandig teenoor subidentiteite op te tree nie. Uitsonderings is waarskynlik Noord-Ierland (hoewel daar

vredesamesprekings is) en die state waarin die Kurde hul bevind. Die neiging tot teenstanderpolitiek tussen twee verskillende ethnies in België kan as 'n vorm van hardhandige optrede beskou word. Desentralisering, devolusie en politieke konsessies het daarin geslaag om van hierdie state se probleme met minderheidsethnies ten minste vir die huidige te oorbrug, deur groter selfdeterminasie aan hulle te verleen. Die enigste uitsondering in hierdie verband is waarskynlik Noord-Ierland in Brittanje en België. Die federalisering van België is belangrik, maar dit is nog te gou om enige voorspellings oor die impak daarvan te maak.

# HOOFSTUK 8

## INTERPRETASIE VAN PRAKTIESE TOEPASSING

### 8.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die bevindings van die toepassing wat in hoofstuk 7 gemaak is, geïnterpreteer. Daar word verder gekyk na die implikasies wat hierdie bevindings vir die vertrekpunte in hierdie ondersoek, maar ook vir die hedendaagse staat, inhou.

### 8.2 DIE VERBAND TUSSEN DIE KRAGTE VAN NASIONALISME EN DIE TEGNIEKE VAN DEMOKRASIE

Die toepassing en bespreking in hoofstuk 7 dui nie op 'n ooglopende verband tussen die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme enersyds en die tegnieke van demokrasie, andersyds nie. Rebelse nasionalisme kom byvoorbeeld in België voor, maar in 'n mindere mate in Switserland. Beide hierdie state beskik oor 'n heterogene bevolking en kan beskou word as demokraties. België was egter voor 1995 'n unie, maar Switserland nie. Daarteenoor is daar min sprake van rebelse nasionalisme onder die Sweedse bevolking in Finland, maar die Ierse bevolking in Noord-Ierland vorm weer 'n rebelse nasionalisme. In beide laasgenoemde state kan die gesagstruktuur as gesentraliseerd, maar demokraties beskou word.

Dit sou gevolglik moontlik wees om die afleiding te maak dat daar geen korrelatiewe verhouding tussen die aktivering van die kragte van nasionalisme enersyds en die tegnieke van demokrasie andersyds, bestaan nie, omrede daar geen vaste patroon in hierdie verband tussen die verskillende state is nie.

By nadere ondersoek blyk dit egter dat daar, in die teenwoordigheid van 'n verskeidenheid ander veranderlikes, 'n verskuilde verband tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie is. Vervolgens gaan daar na 'n paar moontlike veranderlikes in hierdie verband gekyk word. Die onderskeid wat tussen hierdie veranderlikes gemaak word, is analities omrede hulle in praktyk met mekaar verweef is. Van hierdie veranderlikes is:

* die etniese samestelling van die bevolking
* die wyse waarop die staat tot stand gekom het
* persepsies oor belangerealisering en

* die marginalisering van bepaalde subgroepe.

Daar is twee verdere veranderlikes wat in hierdie verband van nader bekyk word naamlik[801]:

* die teenwoordigheid van klas en
* getalle.

Nasionalisme hou, soos in die vorige hoofstukke aangedui, verband met die selfdeterminerende individu se assosiasie in 'n poging om 'n verskeidenheid belange, insluitend selfidentiteit, selfdeterminasie en assosiasie as belange, te realiseer. Terselfdertyd is daar aangedui dat daar bepaalde afsnypunte is, vir 'n persoon se assosiasie met ander in sy pogings om sy belange te realiseer. Dit is juis teen hierdie agtergrond waar ander veranderlikes belangrik word.

8.2.1 Etniese samestelling van die bevolking

Die etniese samestelling van state se bevolking is belangrik vir doeleindes van hierdie ondersoek. Die toepassing in hoofstuk 7, dui aan dat die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme wat verband hou met subidentiteite wat na politieke selfdeterminasie streef, merendeels 'n etniese infrastruktuur het. Mininasionalismes, subnasionalismes, dominante nasionalismes, kompeterende en rebelse nasionalismes het meesal 'n etniese infrastruktuur. Die Saami en die Kurde is egter aanduidend daarvan dat etniese identiteit nie bloot die gevolg is van die interne dinamiek van 'n staat soos wat deur Hechter (1975) en Nairn (1981) beweer word nie. Verder blyk dit dat klas as 'n faktor in die mobilisering van nasionalisme belangrik is wanneer dit saamval met etnisiteit.

Daar is egter aanduidings dat geografiese subidentiteite (regionalisme) ook groter selfdeterminasie kan nastreef. Dit is veral die geval in Spanje en Frankryk. Van hierdie streke het histories 'n lang streeksidentiteit en dit is nie altyd duidelik in watter mate etnisiteit 'n faktor in hierdie streeksidentiteit is nie[802]. Middelpuntvliedende kragte van nasionalisme wat verband hou met subidentiteite wat groter politieke selfdeterminasie nastreef, het gevolglik óf 'n etniese grondslag, en/óf 'n regionale (streek-) grondslag.

In hoofstuk 2 is gesuggereer dat etnisiteit nie 'n definiërende kenmerk van nasionalisme is nie, maar dat dit moontlik 'n meelopende eienskap kan wees. Dit is omrede dit wil voorkom asof die lojaliteite wat in die praktyk met nasionalisme gepaard gaan, selde verder as 'n bepaalde ethnie strek[803].

Uit die toepassing in hoofstuk 7 kan onder andere afgelei word dat middelpuntvliedende kragte van nasionalisme nie noodwendig met etnisiteit verband hou nie, maar dat wanneer meer as een nasionalisme in 'n staat aangetref word, etnisiteit wel ter sprake kom. Taal en godsdiens is soms die uiterlike etiket van etnisiteit en van 'n bepaalde mininasionalisme en kan 'n faktor in die dinamika van 'n bepaalde mininasionalisme wees. Taal en godsdiens is egter nie in die state wat in hoofstuk 7 bestudeer is, 'n fondament waarop nasionalisme gebou word nie. Dit is ook die geval in Noord-Ierland. Ten spyte van die algemene persepsie dat Ierse nasionalisme met godsdiens verband hou, is etnisiteit ook onderliggend aan daardie rebelse nasionalisme. Godsdiens is bloot die etiket waaraan lede van die verskillende ethnies uitgeken word.

In hoofstuk 6 is aangedui dat state ooreenkomstig die etniese samestelling van hul bevolking ingedeel kan word as: etnies-homogeen (mono-etnies), naastenby etnies-homogeen en etnies-heterogeen (poli-etnies). Die bevolking kan egter homogeen en heterogeen wees in terme van onder meer etnisiteit, taal, godsdiens, kultuur en selfs klas. In hierdie onderafdeling word in hoofsaak gekyk na etnisiteit, maar met inagneming daarvan dat etnisiteit ook taal, kultuur en selfs godsdiens verskille kan betrek[804]. Poli-etniese state kan weer ingedeel word as etnies-eenpolig (dominante ethnie), etnies-bipolêr en etnies-multipolêr.

8.2.1.1 *Mono-etniese state*

Van die state wat in hoofstuk 7 bespreek is, is die bevolking van Ysland en vasteland-Portugal waarskynlik die naaste aan etniese homogeniteit. Hierdie twee state se bevolking is ook homogeen wat taal en godsdiens betref.

Uit die toepassing in hoofstuk 7 blyk dit dat etnisiteit in 'n mono-etniese staat nie 'n belangrike faktor by die vorming van politieke assosiasies is nie. Etnisiteit kom indirek ter sprake by byvoorbeeld beleid teenoor vreemdelinge, kultuur en taal. In die geval van Ysland omvat van die partye se beleid bepalings oor die teenwoordigheid van NAVO-personeel.

Dit beweer egter nie dat middelpuntvliedende kragte van nasionalisme noodwendig in 'n mono-etniese staat afwesig is nie, ook nie dat slegs middelpuntsoekende kragte van nasionalisme in so 'n staat teenwoordig is nie.

Die mono-etniese staat is in wese 'n etniese assosiasie. Dit is daarom onwaarskynlik dat demokratiese tegnieke gebruik sal word om middelpuntvliedende kragte van nasionalisme wat met etnisiteit verband hou, te aktiveer. Rebelse nasionalisme wat met etnisiteit verband hou, sal in 'n mono-etniese staat inderwaarheid neerkom op 'n teenstrydigheid.

Dit is egter moeiliker om te bepaal in watter mate demokrasie in 'n mono-etniese staat die middelpuntsoekende kragte van nasionalisme sal aktiveer. Anders gestel, in watter mate dra demokrasie by tot die vorming, instandhouding en mobilisering van die nasie? Geen klinkklare antwoord kan hierop gegee word nie. In die geval van Ysland wil dit voorkom asof sy lang demokratiese tradisie 'n faktor was in sy mobilisasie teen Deense oorheersing. Portugal daarenteen het nie 'n lang demokratiese tradisie nie. Dit is gevolglik onwaarskynlik dat demokrasie in die verlede daarin geslaag het om middelpuntsoekende kragte van nasionalisme in Portugal te aktiveer. Daar kan egter aangevoer word dat Portugal tans besig is met 'n proses van demokratisering. Wat hier blyk is dat, al sou die demokratisering van 'n mono-etniese staat, nie daarin slaag om die middelpuntsoekende kragte van nasionalisme te aktiveer nie, dit ook nie daarin slaag om middelpuntvliedende kragte wat potensieel versplinterend kan wees, te aktiveer nie.

In 'n mono-etniese staat word, soos aangedui, politieke assosiasies rondom ander belange as etnisiteit gevorm, byvoorbeeld ekonomiese, ekologiese, internasionale en selfs streekbelange. Hierdie tipes belange blyk ook die fokus van politieke partye te wees. Binne hierdie konteks kan verdeeldheid binne 'n nasie ontstaan. Dit blyk egter onwaarskynlik te wees dat sodanige verdeeldheid tot die disintegrering en selfs versplintering van die nasie en die staat, aanleiding sal gee.

Kommunistiese partye is egter van belang in mono-etniese state. Internasionale Kommunisme is in opposisie tot die nasionale staat. In die state wat behandel is, kom kommunistiese partye voor. Ten spyte van die potensiaal (in teorie), waaroor hierdie partye in die ondermyning van die nasie beskik, kon hulle nie daarin slaag nie. Die situasie word selfs aangetref dat kommunisme dikwels tot 'n eie nasionale karakter geïnternaliseer is[805].

Oor die langtermyn kan mono-etniese state moontlik poli-etnies word. Indien veral ekonomiese verdelingslyne oor die langtermyn onveranderd bly is dit moontlik dat, tesame met bevolkingsgroei, die afstand tussen die onderskeie subgroepe kan vergroot. Toenemende immigrasie kan ook die etniese homogeniteit van 'n staat verander. Daarom behoort 'n staat met 'n etnies-homogene bevolking hom nie as vanselfsprekend immuun teen potensiële verdelingskragte te beskou nie.

Politieke assosiasies in mono-etniese state, kan bydra tot die aktivering van die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme - die spreekwoordelike broer teen broer. Die voorkoms van 'n verskeidenheid van politieke partye en koalisieregerings in Ysland en vasteland-Portugal, is 'n aanduiding dat etniese homogeniteit nie noodwendig politieke homogeniteit en eenheid impliseer nie. Dit gee 'n aanduiding dat die nasie selfversorgend, of potensieel selfversorgend, is. Hierdie selfversorgendheid impliseer juis dat 'n verskeidenheid van belange, waaroor meningsverskille kan bestaan, in die nasie aangetref

kan word.

Uit die studie blyk dit ook dat ten spyte daarvan dat politieke partye beskou word as 'n weerspieëling van die aard van die samelewing, daar nie werklik 'n verband is tussen die etniese homogeniteit/heterogeniteit van 'n staat se bevolking en die aantal politieke partye wat in daardie staat aangetref word nie[806]. Die fraksionalisering van beide Portugal en Ysland se partystelsel (dit wil sê die aantal politieke partye en hul steun) is groot in verhouding tot byvoorbeeld Brittanje wat beskou kan word as 'n staat met 'n etniese heterogene bevolking (kyk Lane & Ersson 1994:182-184).

Die voorkoms van diverse belange in mono-etniese state en die politieke mobilisasie daarvan deur middel van politieke assosiasies en ander tegnieke van demokrasie soos byvoorbeeld die stigting van politieke partye en die deelname aan verkiesings, het egter nie in een van die twee betrokke state, die nasie laat disintegreer nie en ook nie die staat laat versplinter nie. Daar bestaan ook geen werklike bedreiging vir die nasie nie. Dit suggereer dat, ten spyte van uiteenlopende belange en van politieke verdeeldheid, daar steeds 'n onderliggende "eenheid", of gees onder die lede van die nasie bestaan. Dit is juis hierdie onderliggende "homogeniteit", wat met die nasie verband hou, wat die bron van kuissnydende belange is en wat die onderskeie lede van die nasie bymekaar hou[807].

8.2.1.2 *Die naastenby etnies-homogene staat*

Noorweë en Swede se bevolkings is naastenby etnies- homogeen. In beide state word een ethnie (Nore en Swede onderskeidelik), wat die oorgrote meerderheid van die bevolking uitmaak, asook 'n ethnie (Saami) wat numeries feitlik onbeduidend is, aangetref. Hierdie twee state se bevolkings is ook homogeen wat godsdiens betref, maar veral Noorweë, is heterogeen in terme van taal[808].

In beide Noorweë en Swede is beleid ten opsigte van die Saami belangrik. Daar is nie werklik in laasgenoemde twee state partye wat hoofsaaklik etniese belange verteenwoordig nie, maar die Saami is polities goed en afsonderlik georganiseerd. In Noorweë is beleid ten opsigte van die verskillende Noorweegse dialekte belangrik en dring die Saami ook aan op die erkenning van hul taal as amptelike taal.

In Swede is dit hoofsaaklik die Saami en immigrante wat afbreuk doen aan die Sweedse bevolking se homogeniteit. Die verstandhouding tussen die Saami en die Swede is egter positief, waarskynlik omrede die Saami basies selfdeterminerend is. Die teenwoordigheid van die immigrante word eerder beskou as 'n bedreiging en die Nuwe Demokratiese Party het reeds beleidspunte teen immigrante. Soos reeds genoem, het hierdie party dan ook aansienlike steun in die verkiesing in 1991, verkry. Die persepsie by sommige Swede is

dat die teenwoordigheid van immigrante 'n bedreiging vir hul materiële belange en identiteit, as 'n belang, inhou. Die immigrante verteenwoordig gevolglik nie 'n ethnie wat potensieel die vorm van 'n mininasionalisme aanneem nie[809]. Dit is 'n aanduiding van hoe 'n nasie van demokratiese tegnieke gebruik maak om sy identiteit te probeer handhaaf, maar dit is ook 'n aanduiding dat middelpuntsoekende kragte van nasionalisme mobiliseer en polities georganiseer word ten einde belange te beskerm. Dit wil voorkom, soos in hoofstuk 4 gesuggereer, asof 'n bedreiging vir selfidentiteit, selfdeterminasie en belangerealisering, die gebruik van demokratiese tegnieke aanspoor. Die gebruik van demokratiese tegnieke in hierdie konteks kan bydra tot die aktivering van middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme. Daar is egter 'n wedersydse verband hier ter sprake. Die mobilisering van nasionalistiese sentimente, vind neerslag in politieke assosiasies soos belangeroepe en politieke partye wat dan weer van bepaalde demokratiese tegnieke gebruik maak om nasionalistiese sentimente verder te mobiliseer.

In hierdie twee state is dit ook onwaarskynlik dat middelpuntvliedende kragte van nasionalisme geaktiveer sal word, omrede die Saami minderhede is wat nie werklik kompeterend kan wees nie. Tans hou hul verbintenis met Noorweë en Swede aansienlike ekonomiese voordele in. Die potensiële aktivering van middelpuntvliedende kragte deur middel van demokratiese tegnieke blyk 'n groter moontlikheid in Noorweë te wees. Die Saami het byvoorbeeld reeds groter outonomie verkry, maar daar is nog nie werklik sprake van 'n rebelse nasionalisme onder hulle nie.

Onder die Nore wil dit verder voorkom asof demokratiese tegnieke nie daarin slaag om die potensiële verdelingsgronde van taal te aktiveer nie. Inteendeel, die demokratiese wyse (daar word na al die belange in dié verband omgesien) waarop hierdie probleem benader word, dra waarskynlik by tot 'n gevoel van nasionale eenheid.

Soos in die geval van mono-etniese state, is die groot mate van homogeniteit van die bevolking nie 'n waarborg vir politieke homogeniteit nie. Beide state toon matige tot hoë fraksionalisering van die partypolitiek. In Swede is die politieke partye egter ideologies minder gepolariseerd as in Noorweë (kyk Lane & Ersson 1994:182-184). Koalisieregerings in Swede is ook meer stabiel as in Noorweë. Dit is egter nie moontlik om met die data, wat in hierdie studie verkry is, te bepaal of die hoër omset in koalisies in Noorweë dalk verband hou met taalheterogeniteit in Noorweë nie. Op die oog af blyk dit nie die geval te wees nie.

In geheel beskou, wil dit voorkom asof die aktivering van middelpuntvliedende kragte deur middel van demokratiese tegnieke 'n groter moontlikheid is in 'n staat, waar die bevolking etnies naastenby homogeen is, as in 'n staat met 'n bevolking wat etnies-homogeen is.

8.2.1.3 *Die etnies-eenpolige staat*

Die bevolkings van Finland en Frankryk is waarskynlik die naaste aan etniese eenpoligheid, maar Brittanje toon ook ooreenkomste in hierdie verband[810]. In hierdie state is daar een ethnie wat getalsgewys dominant is, en ander ethnies wie se posisies polities grootliks bepaal word deur die dominante ethnie. Die bevolkings van Finland en Frankryk is homogeen ten opsigte van godsdiens, maar heterogeen in terme van taal en etnisiteit.

In Finland is die Finne die dominante ethnie op grond van getalsterkte. Weens politieke en maatskaplike konsessies wat aan die Swede in Finland gemaak is, feitlik disproporsioneel tot die Swede se getalsterkte, is die Finne nie polities hoogs dominant nie. Ekonomies is die Swede ook in 'n gunstige posisie. Histories beskou, toon Finland wel tekens van etniese bipolariteit. Daar was histories 'n tydperk waarin die Swede, tot en met Finland se onafhanklikwording, polities die dominante ethnie was. Die Swede se politieke posisie in Finland is 'n uitvloeisel van pogings om soveel as moontlik van hul mag te behou.

In Frankryk is die etniese Franse op grond van getalle dominant. Die Franse taal is die dominante taal. Verder is die Franse polities dominant en min politieke konsessies word aan die ander ethnies toegestaan[811].

Brittanje se bevolking toon ook kenmerke van etniese eenpoligheid maar daar is tog eienskappe van etniese multipolariteit. Die Engelse is op grond van hulle getalle die dominante ethnie. Hierdie dominasie gaan ook gepaard met ekonomiese en politieke dominasie (kyk Hechter en Nairn). Ekonomiese en politieke dominasie word egter afgewater deur die ekonomiese ontwikkeling van die ander ethnies en deur die politieke konsessies wat veral aan die Skotte toegestaan is.

Brittanje se bevolking word verder gekenmerk deur godsdienstige heterogeniteit. Hoewel taalheterogeniteit 'n faktor is, is dit nie van oorwegende belang nie.

Al drie hierdie state is polities gesentraliseerd. Die partypolitiek is hoogs gefraksionaliseerd in beide Frankryk en Finland, maar toon 'n lae fraksionalisering in Brittanje. Verder is die partypolitiek ideologies hoogs gepolariseerd in al drie state (kyk Lane & Ersson 1994:182-185). Die partye in Finland is ook etnies gepolariseerd in die sin dat bepaalde politieke partye slegs bepaalde ethnies verteenwoordig. Koalisies in Finland is egter nie etnies gepolariseerd nie, omrede die Sweedse partye gewoonlik in koalisies opgeneem word. Dit is ook aanduidend dat ten spyte van die bestaan van etniese grense, die ethnies bereid is om polities handel te dryf ten einde bepaalde belange, wat nie noodwendig aan hul etnisiteit gekoppel is nie, te realiseer (kyk Barth 1969 en Roosens 1989).

In Finland vind kruissnyding van belange gevolglik op koalisievlak plaas, terwyl kruissnydende belange reeds uiting vind in partyvorming en ondersteuning in Brittanje en Frankryk. Waarom daar minder kruissnydende assosiasies op partyvlak in Finland is, is nie duidelik nie. Dit is moontlik die gevolg van die feit dat Finne histories aan Sweedse dominasie onderhewig was. Terselfdertyd ervaar die Swede die inkrimping van hul mag moontlik meer intens. Die gebrek aan rebelse nasionalisme onder die Swede kan suggereer dat waar etniese minderhede polities geakkommodeer word, ten spyte van die bestaan van verdelings in identiteit, hierdie ethnies steeds die persepsie het dat hulle inspraak in gesaghebbende en kollektiewe besluite het en dat hulle in 'n posisie verkeer om hul belange te realiseer.

Ten spyte van 'n hoë mate van heterogeniteit onder die Britse bevolking, word Brittanje nie gekenmerk deur 'n hoë fraksionalisering van sy partypolitiek nie. Brittanje het egter te make met rebelse nasionalisme ten spyte van die bestaan van kruissnydende assosiasies op partyvlak. Frankryk se partypolitiek is weer hoogs gefraksionaliseerd, word op sentrale vlak gekenmerk deur kruissnydende assosiasies tussen die verskillende ethnies op partyvlak en deur koalisieregerings. Daarby is rebelse nasionalisme ook 'n probleem in Frankryk. Hieruit kan afgelei word dat die bestaan van kruissnydende assosiasies tussen ethnies op partyvlak moontlik minder suksesvol is as die bestaan van kruissnydende assosiasies op koalisievlak.

Frankryk het gedurende die tydperk 1940-1945 oor 'n outoritêre politieke bestel beskik. Dit was nie die geval in Finland en Brittanje nie. In Brittanje word die regering egter telkens gedomineer deur een politieke party - dikwels buite verhouding tot sy werklike steun. Die moontlikheid dat sentrale politieke dominasie in Frankryk en Brittanje moontlik 'n faktor in rebelse nasionalisme wat polities georganiseerd is, kan wees, is daarom nie uitgesluit nie.

8.2.1.4 *Die etnies-bipolêre state*

België se bevolking is 'n voorbeeld van etniese bipolariteit, taalheterogeniteit en godsdienstige homogeniteit. Verder word België gekenmerk deur intense wedywering tussen die twee kompeterende nasionalismes tussen wie daar min kruissnydende assosiasies op partyvlak bestaan. Dieselfde belange word gewoonlik deur afsonderlike "etniese" politieke partye verteenwoordig. Daar bestaan egter op koalisievlak kruissnydende assosiasies. België het ook 'n tydperk van outoritêre regering in die tydperk 1940-1945 beleef. België se partypolitiek is egter gefraksionaliseerd, maar ideologies nie hoogs gepolariseerd nie. Dit is egter etnies hoogs gepolariseerd in die sin dat daar min partye is wat steun onder meer as een ethnie het. België word gekenmerk deur 'n aandrang tot groter outonomie aan die verskillende ethnies, tot so 'n mate dat België besig is met 'n proses van federalisering.

Kruissnydende assosiasies op koalisievlak blyk, anders as in die geval van Finland, nie suksesvol te wees om rebelse nasionalisme te temper nie. Die outoritêre fase kan moontlik 'n faktor wees, maar ook die feit dat daar minder van 'n magswanbalans tussen die twee belangrikste ethnies bestaan, as wat die geval in Finland is[812]. Gevolglik is die twee belangrikste ethnies meer kompeterend as wat die geval in Finland is. België is egter 'n duidelike aanduiding van hoe demokratiese tegnieke gebruik word om nasionalisme wat potensieel verdelend en versplinterend kan wees, te mobiliseer.

8.2.1.5 *Die etnies-multipolêre staat*

Hoewel daar in beide Spanje en Switserland 'n numeries dominante ethnie is, is hierdie state se bevolking waarskynlik die naaste aan etniese multipolariteit. In Spanje verminder die sterkte van regionalisme, ekonomiese krag van, en politieke konsessies aan die kleiner ethnies, die numeriese dominasie van die Kastillyne. In Switserland is dit die hoogs gedesentraliseerde aard van die politieke strukture wat die numeriese dominasie van die Duitssprekendes afwater. Verder geniet die Franssprekendes die sielkundige voordeel dat hul taal 'n erkende internasionale taal is, terwyl Duits dit nie is nie. Gevolglik is die etniese multipolariteit die gevolg van ekonomiese, taal en politieke multipolariteit onderskeidelik.

Spanje word gekenmerk deur die teenwoordigheid van rebelse nasionalismes wat potensieel versplinterend kan wees, maar Switserland word weer gekenmerk deur die afwesigheid van potensieel versplinterende subidentiteite. Subidentiteite wat potensieel nasionalisties kan wees, word klaarblyklik tot die bevrediging van die onderskeie lede in Switserland geakkommodeer. Probleme rondom die Jura is ook op 'n demokratiese wyse, waarin die wense van die verskillende belanghebbendes, deeglik in ag geneem is, geskik.

Switserland se partypolitiek is hoogs gefraksionaliseerd. Ideologies toon dit egter 'n lae polarisasie en so ook in terme van etniese polarisasie.

Spanje word gekenmerk deur 'n lang periode (1939-1975) van outoritêre regering, terwyl Switserland gekenmerk word deur die afwesigheid daarvan. Verder is Spanje gesentraliseerd (daar word egter in die afgelope aantal jare toenemend gedesentraliseer en selfs gefederaliseer) terwyl Switserland hoogs gedesentraliseerd is. Switserland word gekenmerk deur die afwesigheid van enige beduidende etniese politieke partye.

Die situasie in Switserland suggereer gevolglik dat daar nie noodwendig 'n direkte verband bestaan tussen desentralisasie op 'n etniese grondslag en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme in 'n poli-etniese en etnies-multipolêre staat nie. Hoë fraksionalisering van die partypolitiek is ook nie noodwendig potensieel versplinterend in 'n poli-etniese staat nie.

'n Vergelyking tussen Spanje en Switserland sou egter suggereer dat daar wel 'n direkte verband bestaan tussen sentralisering en die aktivering van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme. Hoe meer gesentraliseerd, hoe groter is die moontlikheid dat op outonomie, vir bepaalde ethnies en/of streke, aangedring sal word.

Van die state wat bestudeer is, toon dat die enigste heterogene staat wat gesentraliseerd is, maar wat nie werklik met potensieel versplinterende kragte van nasionalisme te kampe het nie, Finland is. Daar is egter reeds aangedui dat Finland nie 'n outoritêre fase beleef het nie en dat die Swede se inspraak in politieke besluitneming soms buite verhouding tot hul getalsterkte is.

Bogenoemde is 'n bespreking van die belangrikste interaksies tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie in die teenwoordigheid van bevolkings wat etnies homogeen en etnies heterogeen is. Dit is duidelik dat elke staat se interaksies konteksgebonde is, maar dat daar bepaalde patrone geïdentifiseer kan word - soos in die bespreking aangetoon is. 'n Aspek wat hier ter sprake kom, is die aard van die politieke kultuur in hierdie state en veral sentralisasie en desentralisasie as politieke eienskappe. Die moontlikheid bestaan dat 'n kultuur van desentralisasie, soos in Switserland, moontlik aanduidend is van 'n hoë mate van toleransie van etniese verskille, terwyl sentralisasie waarskynlik die persepsie van oorheersing by minderhede laat ontstaan.

Die verband tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie in 'n bepaalde staat gaan daarom deels beïnvloed word deur die etniese samestelling van die betrokke staat, maar gaan ook afhang van die verhoudinge tussen die ethnies. Die verhouding tussen ethnies kan uiting vind in bepaalde politieke assosiasies (byvoorbeeld kruissnydend of eksklusief) en dit kan weer 'n invloed uitoefen op die mate waarin demokratiese tegnieke deur verskillende ethnies in hul samewerking en stryd met mekaar, gebruik word. Dieselfde geld ook in die geval van streeksidentiteite en streekbelange.

### 8.2.2 Die wyse waarop die staat tot stand gekom het

Die individu se persepsie oor die wyse waarop die staat tot stand gekom het is die volgende veranderlike wat bespreek word. Verskillende persepsies kan oor die totstandkoming van die staat bestaan. Sodanige persepsies is nie noodwendig rasioneel of op feite gebaseer nie. Etnisiteit is 'n belangrike medium waardeur persepsies oor die totstandkoming van 'n bepaalde staat van geslag tot geslag voortgedra word.

Ten eerste kan die persepsie bestaan dat die staat die produk is van die besluite van die verskillende burgers van die staat. Al was hierdie besluit 'n historiese besluit, word dit steeds deur die groep oorgedra as 'n besluit van individuele selfdeterminasie. Die staat

word daarom beskou as die produk van die individuele burgers van die staat, of van hul voorsate. Die staat word deur die inwoners gelegitimeer. Hierdie persepsie sal na alle waarskynlikheid in die kollektiewe geheue bewaar bly.

Switserland is 'n voorbeeld van 'n staat wat op hierdie wyse tot stand gekom het, maar probleme in die Jura, is egter deels daaraan toe te skryf dat by die Jura die persepsie bestaan dat, al sou dit nie heeltemal teen hul sin wees nie, hulle tot 'n deel van Switserland deur magte van buite gedwing is (kyk Wisard 1988). Ysland is nog 'n voorbeeld in hierdie verband. Die persepsie van 'n eie legitieme staat het bly voortbestaan, ongeag oorheersing deur Denemarke. Die Kurde, Rooms-Katolieke Iere en Baske is voorbeelde van 'n persepsie van die bestaan van 'n eie staat, in die kollektiewe geheue van die nasie. In praktyk is hierdie staat ondertussen onder ander state verdeel.

Ten tweede kan die persepsie bestaan dat die staat wel die produk van individuele selfdeterminasie is, maar dat die omstandighede sodanig verander het dat die "kontrak" nie meer geldig is nie, óf dat die voorwaardes hersien moet word. Skotland en Wallis het byvoorbeeld vrywilliglik met Engeland verenig - al is hierdie reëling deur die koningshuise getref. Skotland en Wallis se verhouding met Engeland is egter deur die geskiedenis voortdurend hersien. Gevolglik kan Skotland en Wallis steeds beskou word as redelik vrywillig deel van Brittanje. Die situasie is egter ietwat anders ten opsigte van Noord-Ierland. Die Rooms-Katolieke is van mening dat hulle histories deel van die Republiek van Ierland is en dat hulle deur middel van besetting deel van Brittanje geword het. Daarenteen is die Protestantse afstammelinge van Engelse en Skotse setlaars van mening dat hulle deel van Brittanje is. Laasgenoemde is 'n aanduiding van konflikterende beskouings oor die ontstaan van die staat.

Daarenteen het Bretagne ook vrywilliglik (deur bemiddeling van die koningshuise) deel van Frankryk geword. Die Bretonne is egter toenemend van mening dat die "kontrak" in hierdie verband nie meer geldig is nie, hoofsaaklik omdat voortgesette vereniging nie noodwendig in die Bretonne se belang is nie. Die Bretonne is byvoorbeeld aan aktiewe programme van verfransing blootgestel. Gevolglik beskou die Bretonne toenemend die Franse staat, vanuit hul perspektief beskou, as illegitiem. Die Franse daarenteen beskou almal wat deel is van die Franse staat as legitiem deel van die staat. Gevolglik mag niemand suggereer dat die grense van Frankryk verander mag word nie.

Ook die Baske is van mening dat die Spanjaarde die oorspronklike kontrak verbreek het deur bepaalde voorregte wat die Baske gehad het, terug te trek[813].

Ten derde kan die persepsie by die inwoners bestaan dat die staat deur magte van buite op hulle afgedwing is en daarom geheel en al illegitiem is. Dit is byvoorbeeld die situasie met

die Rooms-Katolieke Iere in Noord-Ierland. Dit geld in groot mate vir die Baske in Frankryk, maar ook die Kurde. Die Kurde beskou nie hul inlywing by die ander state as legitiem nie. Ook die Saami in Noorweë en Swede beskou hulself nie, histories gesien, as deel van die betrokke state nie. Weens die feit dat forums ontwikkel het waarin daar van tyd tot tyd gekyk kan word na die voorwaardes waaronder hulle deel van Noorweë en Swede is, het persepsies oor die legitimiteit van die betrokke state verbeter.

Vierdens is dit moontlik dat 'n staat deur faktore van buite geskep is en nietemin deur die lede van daardie staat as legitiem aanvaar word. Dit is moeilik om die presiese redes in hierdie verband te bepaal. België is deur faktore van buite tot stand gebring. Ten spyte van etniese diversiteit en verdeeldheid kom die legitimiteit van België as 'n staat tans nog nie ernstig in gedrang nie.

Die persepsies oor die ontstaan van die staat kan gevolglik in twee breë kategorieë ingedeel word, naamlik persepsies dat die staat legitiem is en persepsies dat die staat illegitiem is. Dit kan gebeur dat vir een gedeelte van die bevolking die staat legitiem kan wees, terwyl die staat vir 'n ander gedeelte van die bevolking illegitiem kan wees. In Noord-Ierland is die Britse staat waarvan Noord-Ierland deel is, illegitiem vir die Rooms-Katolieke, maar wel legitiem vir die Protestante. Netso beskou die Bretonne, Frankryk, as illegitiem, terwyl die Franse dit weer as legitiem beskou. Hierdie persepsies oor legitimiteit hou ook verband met die legitimiteit van die elite soos in afdeling 4.3.3 bespreek.

Wanneer die legitimiteit/illegitimiteit van die staat met die homogeniteit/heterogeniteit van die bevolking van die staat in verband gebring word, blyk dit dat homogene state waarskynlik in groter mate op legitimiteit aanspraak kan maak as heterogene state wat meer dikwels met probleme van illegitimiteit opgesaal sal wees. Mono-etniese state kan illegitimiteit ervaar wanneer byvoorbeeld staat (A) van mening is dat 'n ander staat (B) beheer oor 'n gedeelte van staat A uitoefen (irredentisme).

Watter implikasies het 'n illegitieme/legitieme beskouing oor die staat vir die verband tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie?

Uit die state wat bespreek is, blyk dit dat demokratiese tegnieke meer dikwels deur diegene wat die staat as illegitiem beskou, gebruik word om mininasionalismes doelbewus te organiseer en te mobiliseer. Diegene wat die staat as legitiem beskou is weer minder geneig om demokratiese tegnieke doelbewus in hierdie verband in te span. Demokratiese tegnieke word daarom in die konteks van 'n illegitieme persepsie van die staat gebruik om rebelse nasionalisme te mobiliseer. Dit was 'n bydraende faktor waarom die Britse Eerste Minister die Parlement in Noord-Ierland in 1972 ontbind het. Noord-Ierland is hierdeur weer onder direkte politieke beheer vanuit Londen geplaas.

In beide Finland en België geskied politieke assosiasies feitlik hoofsaaklik op etniese gronde. Nietemin is daar nie werklik sprake van rebelse nasionalisme nie (hoewel spore daarvan in België aanwesig is). Een moontlike rede is dat die bevolking van beide groepe die staat steeds as legitiem aanvaar. Die moontlikheid bestaan steeds dat rebelse nasionalisme mettertyd kan ontstaan, maar dan sal dit eerder die gevolg wees van veranderende persepsies oor belangerealisering en nie omrede die legitimiteit van die totstandkoming van die staat bevraagteken word nie.

Die wyse waarop die legitimiteit/illegitimiteit van 'n staat deur verskillende groeperings in die staat vir nasionalistiese doeleindes gebruik kan word, moet nie uit die oog verloor word nie. 'n Dominante ethnie (veral as dit die meerderheid in die staat is) kan juis demokratiese tegnieke gebruik om sy posisie te versterk en sodoende die middelpuntsoekende kragte van nasionalisme by die dominante ethnie aktiveer. Veral etnosentriese nasionalismes is hier van belang. Die oorwinning van die een nasionalisme oor die ander by die stembus is 'n bevestiging van die mag wat vanselfsprekend tot hierdie groep behoort. Nasionalisme by die etniese Franse in Frankryk, wat die Franse staat as legitiem beskou, is 'n voorbeeld. Die ander nasionalismes in Frankryk lê op die periferie en behoort volgens die Franse geëerd te wees om onder Franse heerskappy te staan.

In die bespreking oor legitimiteit/illegitimiteit kom twee breë tendense na vore, naamlik die wat legitimiteit koppel aan die kontraktuele aard van die staat en die wat dit koppel aan die ontplooiing van historiese prosesse. Hoewel die skrywer Leonard Binder (kyk Binder et al. 1974) laasgenoemde met nasionalisme verbind, is die vertrekpunt in hierdie studie dat dit in beide gevalle met nasionalisme verband kan hou.

Verskillende beskouings oor die legitimiteit van die staat kan weer aanleiding gee tot verskillende interpretasies van wat demokrasie behels. 'n Meerderheidsethnie, soos in die geval van die Franse in Frankryk en die Kastillyne in Spanje, wat glo dat Frankryk en Spanje respektiewelik legitiem hul "eiendom" is, sal waarskynlik eerder meerderheidsbeginsels van die demokrasie aanhang en van tegnieke gebruik maak wat hul meerderheid bevestig. Daarenteen wil dit voorkom asof minderhede meer geneig is om die kontraktuele aard van die staat te beklemtoon en op demokratiese tegnieke aan te dring wat hul inspraak in politieke besluite verhoog. Dit is waarskynlik waarom minderhede soos die Saami, gewoonlik aandring op hul eie politieke instellings, omrede meerderheidsbeginsels van die demokrasie hul uit besluitneming sluit.

Voorgenoemde betrek nou ook die legitimiteit van die owerheid en van die regering. Wanneer die staat as legitiem beskou word, impliseer dit nie noodwendig dat die owerheid en die regering noodwendig as legitiem beskou word nie. Die wanbalans tussen persepsies oor die legitimiteit van die staat enersyds en andersyds die beskouings oor die legitimiteit

van die owerheid en die regering, is waarskynlik 'n faktor in bepaalde ethnies se aandrang op desentralisering. Bepaalde streke en ethnies kan gevolglik 'n staat as legitiem aanvaar, maar nie noodwendig die owerheid en die regering nie.

'n Verdere probleem in hierdie verband is dat demokrasie gebruik kan word om die staat, die owerheid en die regering te legitimeer. Waar meerderheidsbeginsels aangehang word kan dit egter problematies word. Indien die beginsel van meerderheidsregering aanvaar word as die enigste indikator van demokrasie, bestaan die gevaar dat die meerderheid juis hierdie beginsel kan gebruik om hul oorheersing, selfs onderdrukking en verdrukking, van minderhede te regverdig - en sodoende minderhede intern te koloniseer. Dit is 'n aspek wat in Hechter en Nairn se werke ter sprake kom - wat weer tot negatiewe persepsies oor die legitimiteit van die staat aanleiding kan gee.

Negatiewe persepsies oor die legitimiteit van die staat kan verder deur die sosialiseringsproses voortgeplant word en so deel van die kollektiewe geheue van bepaalde minderhede word. Dit kan weer aanleiding gee tot gevoelens van aliënasie ten opsigte van die staat. Volgens Pye (in Binder et al. 1974) kan dit daartoe bydra dat sodanige groepe meer vatbaar is vir hervormingsvoorstelle. Gevolglik is dit vir die elite moontlik om sentimente van nasionalisme te mobiliseer. Waar Oos-Europa in die laaste dekade met rebelse nasionalisme te kampe gekry het, moet onthou word dat Wes-Europese state veral in die laat sestigs met rebelse nasionalismes te kampe gekry het (veral 1968 is 'n belangrike datum in hierdie verband)[814].

Uit hierdie bespreking kan afgelei word dat demokratiese tegnieke in die teenwoordigheid van persepsies oor die legitieme/illegitieme aard van die staat 'n veranderlike kan wees in die aktivering van die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme wat potensieel verdelend en versplinterend ten opsigte van die staat kan wees.

Etnisiteit en regionalisme is in hierdie verband 'n belangrike faktor en waar daar histories vyandiggesindheid tussen verskillende ethnies en streke in 'n staat as gevolg hiervan ontwikkel het, is die kanse tot versoening, in een staat, nie groot nie. Dit is 'n faktor wat in die geval van België, en selfs Noord-Ierland, nie uit die oog verloor moet word nie[815]. Trouens by die meeste minderheidsethnies wat in hoofstuk 7 bespreek is (uitsonderings is die Swede in Finland), bestaan die een of ander legitimiteitsprobleem ten opsigte van die staat en/of die regering. Regionalisme is egter ook in bepaalde gevalle belangrik, maar die verband tussen regionalisme en etnisiteit is nie altyd duidelik nie.

Daar is gevolglik 'n verband tussen die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie in die teenwoordigheid van persepsies oor die legitimiteit/ illegitimiteit van die staat en selfs van die owerheid en die regering.

8.2.3 Persepsies oor belangerealisering

Die volgende veranderlike wat hier ter sprake kom, is die individu se persepsie van die mate waarin dit vir hom moontlik is om sy belange in die staat te realiseer.

In hoofstukke 3-5 is gesuggereer dat die individu se persepsie van hoe sy belange gerealiseer word/kan word, 'n faktor in sy politieke assosiasie gaan wees. Weer eens gaan die belangrikheid hiervan afhang van die etniese en streeksamestelling van die staat; en die individu se persepsie oor die legitimiteit/illegitimiteit van die staat. Wanneer die individu in 'n staat met 'n homogene bevolking, die persepsie het dat sy belange geredelik gerealiseer word/kan word, is dit te verwagte dat hy gevoelens van lojaliteit teenoor die nasie en die staat sal koester, veral indien, na sy mening, die staat, die owerheid en die regering legitiem is. Wanneer daar egter gevoelens van illegitimiteit teenoor die staat bestaan, mag hierdie gevoelens getemper word in die teenwoordigheid van suksesvolle belangerealisering. Dit moet egter weer beklemtoon word dat identiteit en selfdeterminasie, soos in hierdie studie behandel, ook bepaalde belange verteenwoordig.

Die etniese homogeniteit van 'n staat waarborg egter nie belangerealisering nie. Indien dit moeilik is om belange te realiseer kan dit gebeur dat individue in 'n groter mate assosieer en organiseer in 'n poging om meer deelname te verkry in die besluite wat hulle raak. Daar kan byvoorbeeld aangedring word op meer demokratiese tegnieke. Sodoende kan die kragte van nasionalisme geaktiveer word. Indien belangerealisering steeds moeilik is, kan dit gebeur dat individue poog om hul belange te realiseer deur na 'n ander staat te emigreer. Die voorbeeld van Iraanse immigrante in die VSA is reeds in hierdie verband in hoofstuk 4 bespreek. Die nasie word dan negatief hierdeur geraak en dit impliseer die aktivering van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme.

Negatiewe persepsies oor belangerealisering in state met heterogene bevolkings kan problematies wees, veral wanneer persepsies oor gebrekkige belangerealisering met bepaalde subidentiteite saamval. Hoewel Hechter (1975) die rol van klas in hierdie verband beklemtoon, impliseer hy eintlik dat die uitbuiting van 'n bepaalde klas daarop neerkom dat hulle nie hul belange kan realiseer nie en gevolglik op nasionalisme sal terugval in 'n poging om hul belange te realiseer.

In state met heterogene bevolkings is persepsies oor belangerealisering meer kompleks. 'n Negatiewe beskouing oor die legitimiteit van die staat sal persepsies in hierdie verband beïnvloed. Negatiewe persepsies oor belangerealisering sal weer 'n negatiewe uitwerking uitoefen op beskouings oor die legitimiteit van die staat, owerheid en regering. Wanneer 'n individu onder die indruk kom dat dit sy etniese identiteit is wat sy belangerealisering negatief beïnvloed, sal hy waarskynlik polities op etniese gronde assosieer. Dieselfde sal

waarskynlik ook gebeur wanneer hy dit moeilik vind om sy identiteit as 'n belang te realiseer. Gevoelens van eksploitasie, onderdrukking en verdrukking het 'n belangrike rol in dié verband. Soos reeds aangedui, kan demokratiese tegnieke juis aanleiding gee tot eksploitasie, onderdrukking en verdrukking. Sodoende kan mininasionalismes geaktiveer word, selfs in state met relatief harmonieuse etniese verhoudings soos Switserland. Die probleme in die Jura-streek, hou direk verband met persepsies oor belangerealisering.

In 'n poli-etniese staat sal, in die teenwoordigheid van negatiewe belangerealisering, etnisiteit altyd potensieel polities organiseerbaar bly. Demokratiese tegnieke bied juis die infrastruktuur en die medium hiervoor. Vryheid van spraak en organisering, menseregte, die vorming van belangegroepe en politieke partye en die deelname aan verkiesings is voorbeelde van tegnieke van demokrasie wat gebruik kan word om subidentiteite polities te organiseer. Dieselfde geld ook waar sterk streeksidentiteite bestaan.

In die teenwoordigheid van negatiewe persepsies oor die individu se belangerealisering kan middelpuntvliedende kragte van nasionalisme ook in mono-etniese state, geaktiveer word. In poli-etniese state bestaan die moontlikheid egter dat mininasionalismes oor die langtermyn geaktiveer sal word. Wanneer negatiewe persepsies oor belangerealisering gepaard gaan met negatiewe persepsies oor die legitimiteit van die staat, kan dit aanleiding gee tot rebelse nasionalisme. Middelpuntvliedende kragte van nasionalisme, relatief tot die staat, kan gevolglik geaktiveer word. Terselfdertyd kan dit die middelpuntsoekende kragte van nasionalisme relatief tot die betrokke mininasionalisme aktiveer. Noord-Ierland is 'n voorbeeld wat in hierdie verband aangehaal kan word. Die Rooms-Katolieke Iere se persepsie van hul belangerealisering is negatief en so ook hul persepsie oor die legitimiteit van die staat. Daarby word die demokratiese proses juis gebruik om hulself polities te organiseer. Die gevolg hiervan is 'n rebelse, maar terselfdertyd 'n kompeterende nasionalisme wat alleen aanspraak maak op Noord-Ierland.

In die teenwoordigheid van positiewe persepsies oor belangerealisering in 'n poli-etniese staat, sal nasionalisme waarskynlik onder die dominante ethnie geaktiveer word. Dit is onwaarskynlik dat mininasionalismes by die ander ethnies problematies sal wees. Indien aanwesig, is dit onwaarskynlik dat dit in rebelse nasionalismes sal ontwikkel.

Dit is belangrik om te beklemtoon dat persepsies van positiewe belangerealisering nie noodwendig die potensiaal vir mininasionalisme in poli-etniese state uitskakel nie - dit word bloot getemper. Voorbeelde is die Swede en Saami in Finland, en die Saami in Noorweë. Hierdie groepe is polities volgens etnisiteit georganiseer, maar daar is nie tans aanduidings van rebelse nasionalisme nie. Positiewe persepsies oor belangerealisering, dra waarskynlik by tot die gebrek aan rebelse tendense by hierdie voorbeelde.

Persepsies oor die mate waarin en die wyses waarop die individu sy belange in 'n poli-etniese staat kan realiseer, sal die individu se politieke assosiasies beïnvloed en ook sy houding teenoor die staat. 'n Positiewe persepsie in hierdie verband sal moontlik middelpuntsoekende kragte van nasionalisme by die dominante ethnie aktiveer. 'n Positiewe persepsie oor belangerealisering by die individue van minderheidsethnies sal nie noodwendig hierdie ethnies by die dominante nasionalisme intrek nie, maar die minderheidsethnies sal in 'n mate nader aan die dominante nasionalisme beweeg. Voorbeelde in hierdie verband is die minderheidsethnies in veral Brittanje (uitgesonderd die Rooms-Katolieke Iere), maar ook in Spanje en Frankryk. Hierdie naderbeweging sal egter afhang van persepsies oor legitimiteit, alledaagse en historiese verhoudinge tussen die groepe.

In 'n etnies-bipolêre staat soos België, skakel positiewe persepsies oor belangerealisering egter nie wedywering tussen die twee dominante ethnies uit nie. Dit is waarskynlik die gevolg van 'n diepe verdeeldheid tussen hierdie twee ethnies; maar dit is waarskynlik 'n faktor in hul positiewe persepsie oor die legitimiteit van die staat.

Soos reeds verduidelik, is politieke assosiasies onontbeerlik in 'n staat met 'n demokratiese owerheidsvorm. Belange en persepsies oor die wyse waarop belange realiseer kan word, is belangrik in die vorming van politieke assosiasies soos politieke partye. In 'n mono-etniese staat sal dit aanleiding gee tot die mobilisering van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme, maar dit is onwaarskynlik dat dit potensieel disintegrerend en versplinterend sal wees. In 'n staat met 'n heterogene bevolking kan belange aanleiding gee tot die mobilisering van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme wat potensieel verdelend en disintegrerend kan wees. Dit sal veral die geval wees wanneer etniese en regionale belange polities georganiseer word. Wanneer persepsies oor belangerealisering met etnisiteit en regionalisme verband hou, sal politieke assosiasies wat hieruit voortspruit, potensieel verdelend en versplinterend wees.

### 8.2.4 Die marginalisering van bepaalde sentimente

Die laaste kernveranderlike wat bespreek word, hou verband met die demokratiese tegnieke wat in 'n bepaalde staat gebruik word. Dit het te make met die moontlikheid dat die demokratiese tegnieke bepaalde sentimente, wat potensieel disintegrerend en versplinterend is, polities kan marginaliseer.

Wat ter sprake is, is die mate waarin die somtotaal van demokratiese tegnieke dit vir die individu moontlik maak om selfdeterminerend te wees, of ten minste die persepsie van selfdeterminasie by hom tuis te bring. Wanneer bepaalde belange nie die nodige inspraak in besluitneming het nie, dra dit by tot die potensieel problematiese aard van hierdie

belange. Indien hierdie gemarginaliseerde belange saamval met etniese en regionale belange, is die potensiaal vir rebelse nasionalisme groot.

Soos reeds in hoofstuk 5 verduidelik, behels die tegnieke van demokrasie, vir doeleindes van hierdie studie, beide konvensionele en onkonvensionele tegnieke. Daar is ook aangedui dat geen tegniek eintlik 'n waarborg vir selfdeterminasie bied nie. 'n Potensiële probleem ontstaan wanneer bepaalde belange, as gevolg van spesifieke demokratiese tegnieke, oor die langtermyn van effektiewe deelname in besluitneming uitgesluit word. Sodoende kan persepsies ontstaan dat hierdie groepe nie selfdeterminerend is nie en dat hul belange moeilik realiseerbaar is. Die langtermyn marginalisering van segmente, wat saamval met etnisiteit en regionalisme, kan verband hou met die aktivering van middelpuntsoekende kragte van nasionalisme relatief tot die mininasionalisme. Die aktivering van die mininasionalisme, aktiveer weer middelpuntvliedende kragte van nasionalisme relatief tot die staat.

In 'n mono-etniese staat en in die afwesigheid van regionalistiese sentimente, is dit onwaarskynlik dat die uitsluiting van bepaalde segmente tot die disintegrering en versplintering van die staat aanleiding sal gee. Soos reeds aangedui, assosieer individue in mono-etniese state primêr rondom ekonomiese belange. Daar bestaan 'n moontlikheid dat die langtermyn uitsluiting van belange in 'n mono-etniese staat, middelpuntvliedende kragte van nasionalisme kan aktiveer. Dit is onwaarskynlik dat mininasionalismes in hierdie konteks sal ontstaan. Die moontlikheid bestaan dat die bevolking in 'n mono-etniese staat in so 'n mate in subidentiteite kan prolifireer dat dit eintlik nie meer mono-etnies is nie, in welke geval dit poli-etnies word en gevolglik meer vatbaar vir mini-nasionalismes sal wees.

Dit is egter moeiliker om te bepaal in watter mate effektiewe inspraak, deur almal, in besluitneming die middelpuntsoekende kragte van nasionalisme sal aktiveer. Dit is eerder waarskynlik dat dit 'n bydraende faktor sal wees in die instandhouding van die infrastruktuur van die nasie, sodat mobilisering van al die potensiële lede van die nasie makliker sal geskied in omstandighede soos in hoofstuk 4 bespreek. Demokratiese tegnieke in 'n mono-etniese staat, sal waarskynlik eerder die potensiële lede van die nasie en die gemak waarmee die nasie gemobiliseer word, raak.

In 'n poli-etniese staat is daar 'n groter moontlikheid dat bepaalde segmente die persepsie het dat die demokratiese tegnieke nie effektiewe inspraak in besluitneming verseker nie. Die groter diversiteit van belange, verhoog die moontlikheid van geskille. Wanneer die individue, van 'n bepaalde segment wat uitgesluit voel, oor 'n gemeenskaplike etniese identiteit beskik, ontstaan die moontlikheid van mini- en rebelse nasionalismes. Sodoende kan demokratiese tegnieke in 'n poli-etniese staat die middelpuntvliedende kragte van

nasionalisme aktiveer. In 'n poli-etniese staat is die moontlikheid groter dat segmente met 'n etniese identiteit, die persepsie het dat hulle nie selfdeterminerend, in die realisering van hul belange, is nie. Die Baske, Rooms-Katolieke Iere en Bretonne is voorbeelde in hierdie verband. By sommige, veral by die Baske, is identiteit as 'n belang in hierdie verband belangrik. Dit is gevolglik nie net materiële belange wat belangrik is nie, maar ook belange soos identiteit en selfdeterminasie.

Vir die meerderheidsethnie mag sommige demokratiese tegnieke soos gewone meerderheidstelsels juis hul inspraak en gevolglik hul persepsie van selfdeterminasie verhoog. Sodoende kan die middelpuntsoekende kragte van nasionalisme relatief tot die meerderheidsethnie geaktiveer word.

Wanneer al die segmente in 'n poli-etniese staat die persepsie het dat die demokratiese tegnieke dit vir hul moontlik maak om effektief aan besluitneming deel te neem en dat hulle daarom hul belange kan realiseer, beteken dit nie dat die middelpuntsoekende kragte van nasionalisme, relatief tot die totale bevolking van die staat, geaktiveer gaan word nie. Dit wil voorkom asof so 'n persepsie eerder die aktivering van middelpuntvliedende kragte verhinder of ten minste vertraag. In hierdie verband kan die voorbeelde van Skotland, Wallis en selfs die Jura in Switserland genoem word. Subidentiteite bly voortbestaan, ten spyte van positiewe persepsies oor effektiewe inspraak en belangerealisering. Dit is waarskynlik 'n faktor in mininasionalistiese bewegings wat van tyd tot tyd in intensiteit toeneem.

Dit blyk uit die toepassing, in hoofstuk 7, dat 'n kombinasie van tegnieke, die kans op effektiewe inspraak vir minderhede verhoog. Veral tegnieke wat nie tradisioneel as fundamenteel tot demokrasie beskou word nie, kom hier ter sprake.

Proporsionele verteenwoordiging verseker 'n hoër inspraak as gewone meerderheidstelsels. 'n Beginsel van absolute meerderheid kan inspraak deur minderhede bemoeilik, veral waar minderhede geografies verspreid is. Die beginsel van absolute meerderheid kan 'n faktor wees in die min etniese verteenwoordiging op streekvlak in Frankryk. Koalisieregerings verseker 'n hoër mate van inspraak as stelsels waarin die meerderheidsparty die uitvoerende gesag domineer. Die direkte verkiesing van 'n staatshoof verhoog ook inspraak. Tegnieke van direkte demokrasie verhoog inspraak en so ook desentralisasie. Spesiale akkommoderende tegnieke, soos in die geval van die Saami, verhoog uiteraard ook inspraak.

Veral Spanje is aanduidend daarvan dat subidentiteite, weens 'n getalle wanbalans, min effektiewe inspraak in besluitneming op sentrale vlak het. In 'n gesentraliseerde staat sal subidentiteite oor minder inspraak beskik as in 'n gedesentraliseerde staat. Desentralisasie

sal inspraak verhoog wanneer subidentiteite verband hou met regionalisme en geografies gekonsentreerde ethnies. Indien subidentiteite egter geografies verspreid is, sal desentralisering nie noodwendig groter inspraak deur subidentiteite verseker nie.

Gevolglik moet tegnieke gebruik word wat onder hierdie omstandighede inspraak en persepsies van belangerealisering bevorder. Die spesiale vergunnings wat in hierdie verband ten opsigte van die Saami getref word, is belangrik.

In hoofstuk 4 is daarop gewys dat die eise van assosiasie nie die voordele verbonde daaraan moet oorskry nie. In die bespreking tot dusver is hoofsaaklik klem gelê op die minderhede se persepsie van belangerealisering. Oormatige eise deur subidentiteite (ongeag of dit regionaal of etnies van aard is) en oormatige konsessies aan hierdie subidentiteite kan daartoe lei dat die dominante identiteit die persepsie mag ontwikkel dat sy belangerealisering negatief geaffekteer word. Wanneer so 'n toedrag van sake ontstaan, is dit potensieel problematies vir die staat.

Nie een van die state wat bespreek is, is 'n goeie voorbeeld in hierdie verband nie. Die staat wat waarskynlik die naaste daaraan kom, is België. Die moontlikheid dat 'n eise-voordele wanbalans onderliggend aan die kompeterende aard van verhoudinge tussen die twee dominante ethnies is, moet nie uit die oog verloor word nie. Dit impliseer egter implikasies vir die teorie oor konsosiatiewe demokrasie. In hierdie teorie is die standpunt dat die segmente in 'n konsosiatiewe demokrasie min of meer van gelykwaardige grootte moet wees (kyk Lijphart). Indien 'n eise-voordelebalans as 'n kriterium gebruik word, wil dit egter voorkom asof die eise wat tussen gelykwaardige segmente kan ontstaan, makliker die voordele verbonde aan 'n voortgesette assosiasie kan oorskry. In Noorweë, Swede en Finland is die eise wat deur die Saami gestel word bekostigbaar. Selfs in Switserland is die eise van die Jura bekostigbaar. Katalonië vind weer die eise wat deur die gesentraliseerde staat gestel word as oordrewe - in terme van ekonomiese mag is die Kataloniërs sterker as die meerderheid Kastillyne.

Die afleiding kan daarom gemaak word dat hoe meer insluitend die demokratiese tegnieke is wat gebruik word, hoe kleiner is die moontlikheid dat middelpuntvliedende kragte van nasionalisme geaktiveer sal word. Hoe meer uitsluitend die demokratiese tegnieke wat gebruik word, hoe groter is die moontlikheid dat middelpuntvliedende kragte van nasionalisme geaktiveer sal word. Die eise wat voortspruit uit insluiting van minderhede moet egter steeds bekostigbaar wees in terme van die voordele wat voortspruit uit die insluiting.

Persepsies oor insluiting-uitsluiting sal verder beïnvloed word deur persepsies oor die legitimiteit van die staat. Wanneer persepsies van illegitimiteit saamval met persepsies van

uitsluiting uit effektiewe inspraak in besluitneming, bestaan die moontlikheid van rebelse nasionalisme. 'n Persepsie van illegitimiteit mag daartoe lei dat bepaalde segmente hulself uit deelname aan die demokratiese tegnieke uitsluit. So byvoorbeeld het parlementslede van die Baske in Spanje en die Rooms-Katolieke Iere in Noord-Ierland al die sentrale parlement geboikot. In die teenwoordigheid van persepsies van illegitimiteit word die verskillende demokratiese tegnieke juis gebruik om op "demokratiese" wyse rebelse nasionalismes te mobiliseer.

Dit is egter nie duidelik of persepsies van insluiting in besluitneming, rebelse nasionalisme sal temper wanneer daar persepsies van illegitimiteit ten opsigte van die staat en/of die owerheid en die regering bestaan nie. Uitsluiting uit effektiewe inspraak in besluitneming kan egter weer bydra tot persepsies van illegitimiteit.

Daar moet verder gekyk word na die gevolge van demokratisering (dit wil sê die oorgang na 'n demokratiese owerheidsvorm en/of die uitbreiding van die tegnieke van demokrasie). Weer eens blyk dit dat omstandighede hier belangrik is. Waar persepsies van uitsluiting, gebrekkige belangerealisering en illegitimiteit bestaan by subidentiteite in 'n poli-etniese staat, kom dit voor asof 'n uitbreiding van demokratiese tegnieke die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme aktiveer. Dit blyk die geval met Spanje te wees en mag selfs 'n faktor in België wees. Beide state het deur tydperke van outoritêre regering gegaan. Uitbreiding van demokratiese tegnieke mag juis kompetisie tussen die verskillende subidentiteite verhoog. Waar hierdie subidentiteite met etnisiteit en/of regionalisme verband hou, kan dit tot rebelse nasionalisme aanleiding gee. Dit blyk egter nie in dieselfde mate 'n probleem te wees in mono-etniese state nie.

Vasteland-Portugal, 'n mono-etniese staat, het ook na 'n tydperk van outoritêre regering gedemokratiseer. Die aanvanklike interne geskille, wat hoofsaaklik ideologies gegrond was, het nie tot die aktivering van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme wat potensieel versplinterend was, gelei nie. Inteendeel, dit wil eerder voorkom asof demokratisering bygedra het tot die mobilisering van die middelpuntsoekende kragte van nasionalisme.

Die probleme verbonde aan die uitsluiting van bepaalde subidentiteite is kompleks en word bepaal deur die omstandighede binne elke staat.

### 8.2.5 Die teenwoordigheid van klas

Verder kan uit hoofstuk 7 afgelei word dat klasseverskille die bron van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme, beide in mono- en poli-etniese state kan wees. Klas kan ook 'n faktor in die etiologie en dinamika van nasionalisme wees. Klas is

egter nie die uitsluitlike fondament waarop nasionalisme gefundeer word nie. Dit sluit aan by die kritiek wat byvoorbeeld teen Nairn en Hechter se teorieë oor interne kolonialisme ingebring word, naamlik dat hul teorieë eintlik etnisiteit as 'n gegewe beskou sonder om dit te verklaar. Klas kan egter die bron van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme wees in mono-etniese state. Dit is byvoorbeeld die situasie in vasteland-Portugal, maar ook in 'n staat soos Ysland en in state met 'n naastenby etnies- homogene bevolking, soos Noorweë en Swede. Waar klas 'n faktor is in die dinamika van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme in mono-etniese state of in 'n staat met 'n naastenby etnies-homogene bevolking, kan dit 'n belangrike faktor wees in politieke onstabiliteit en in die mobilisasie van die nasie, maar dit blyk nie potensieel versplinterend te wees nie.

Klas is 'n belangrike faktor in politieke assosiasies, soos in meeste van hierdie state die geval blyk te wees. Klas is egter nie die primêre bron van mininasionalismes en rebelse nasionalismes nie, maar dit kan 'n bydraende faktor wees.

Klas kan egter ook aanleiding gee tot kruissydende belange tussen ethnies en regionalismes. Dit is veral die geval in partyvorming in Brittanje en in Frankryk.

### 8.2.6 Getalle

Getalsterkte is nie werklik 'n faktor in sub-, mini en rebelse nasionalisme nie, maar dit blyk 'n faktor te wees in kompeterende nasionalismes. Getalsterkte word egter gekwalifiseer deur veral die ekonomiese, maar ook die politieke posisie van 'n bepaalde nasionalisme.

Min verband kon gevind word tussen getalsterkte/relatiewe getalsterkte en politieke assosiasies van ethnies en regionalismes (gevolglik ook met die aktivering van die kragte van nasionalisme). Dieselfde geld in die geval van mininasionalismes en rebelse nasionalismes. Die geval van België moet egter uitgesonder word. Dit wil voorkom asof twee ethnies wat min of meer ewe getalsterk is, meer geneig tot kompetisie en teenstanderpolitiek sal wees. Teenstanderpolitiek kan weer aanleiding gee tot die aktivering van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme. Hierdie beskouing word ook deur Lijphart (1980) beklemtoon.

## 8.3 IMPLIKASIES VIR DIE HEDENDAAGSE STAAT

Is die bevindings wat in die vorige afdeling gemaak is, van enige belang vir die hedendaagse staat? Die voorbeelde wat in hierdie konteks gebruik is, het reeds betrekking op die hedendaagse staat. Ten einde die werklike implikasie van hierdie bevindings vir die hedendaagse staat aan te dui, moet daar gekyk word na die kenmerke van die hedendaagse staat.

### 8.3.1 Kenmerke van hedendaagse staat

Die volgende kenmerke van die hedendaagse staat is nie die enigste kenmerke nie, maar is vir doeleindes van hierdie studie van belang.

#### 8.3.1.1 *Die totstandkoming van die staat*

Soos reeds aangedui kan die staat intern ontstaan as 'n soort kontrak tussen verskillende individue. Die staat kan egter ook deur eksterne en interne omstandighede op die individue afgedwing word.

Indien die geskiedenis van die onderskeie state nagegaan word, is daar min state wat werklik intern deur die individuele inwoners geskep is. Voorbeelde van state wat intern deur die inwoners gekontrakteer is, is Ysland en Switserland. In Switserland is daar burgers (Jura) wat van mening is dat hulle nie in hierdie "kontrak" geken is nie en dat hulle deur middel van mag onderwerp is. Daarom gebeur dit dat by sommige lede van die staat die persepsie bestaan dat die staat intern geskep is, terwyl daar weer by ander lede die persepsie bestaan dat dit ekstern geskep is.

Homogene state, soos Ysland en San Marino, wat van meet af demokraties was, is gewoonlik intern geskep. MacIver (1966:38) maak die volgende stelling "...in the extreme case of a country subjected to foreign conquest there are State-institutions but no state. In the modern world the range of state-institutions has grown more nearly coincident with that of State-association. To complete that transformation is the ideal of democracy, which would thus abolish the distinction between the dominant will that imposes institutions and the common will that creates them". Vir MacIver is die staat 'n assosiasie. In hierdie studie is ook aangevoer dat die nasie 'n assosiasie is wat geskep word om spesifieke oogmerke te realiseer "...the state is a structure not coeval and co-extensive with society, but built within it as a determinate order for the attainment of specific ends" (MacIver 1966:40).

Assosiasies word opgebou deur individue en kan nie van bo-af afgedwing word nie. Dit gebeur wel dat individue mag assosieer op grond van die uitwerking van dwang, maar dan geskied dit nie noodwendig in die rigting wat bedoel is nie.

Die oorgrote meerderheid internasionaal erkende state is uitvloeisels van relatiewe magsposisies, konflik en imperialisme. Selfs nuwe state wat uit die voormalige USSR gebore is, kan kwalik beskou word as state wat intern deur die assosiasies van die inwoners geskep is. Hierdie state is eerder brokstukke van imperiale mag wat gedisintegreer het. MacIver (1966:348) definieer in hierdie verband 'n landryk as "...an extensive and usually

continuous territory and military organization attached to a ruling family or caste". Vir MacIver is dit nie moontlik dat 'n landryk deur middel van demokratiese tegnieke regeer kan word nie, juis omrede 'n ryk op dwang gegrond is.

Die ideaal is daarom dat die assosiasie van die staat en die assosiasie van die nasie moet saamval. In hierdie verband sal demokrasie en demokratiese tegnieke waarskynlik die minste daarin slaag om middelpuntvliedende kragte van nasionalisme te aktiveer. Indien die assosiasie van die staat en die assosiasie van die nasie nie saamval nie - behoort die staat steeds 'n assosiasie van die inwoners te wees. In hierdie omstandighede wil dit voorkom asof uitgebreide demokratiese tegnieke dit juis vir individue, wat nog nie in nasieverband assosieer nie, moontlik maak om in staatsverband te assosieer - Switserland ēn die Swede in Finland kan as voorbeelde voorgehou word. So 'n staat hoef nie noodwendig 'n assosiasie van individue te wees nie, maar kan ook 'n assosiasie van ethnies wees. Switserland kan weer as voorbeeld van laasgenoemde beskou word.

'n Staat wat intern geskep is se legitimiteit kom nie maklik in gedrang nie, mits die persepsie by die inwoners bly voortbestaan dat hulle die staat gekontrakteer het en dat die kontrak steeds van pas is in veranderende omstandighede.

Die wyse waarop state geskep word, het implikasies vir die ander kenmerke van die hedendaagse staat.

8.3.1.2 *Bevolkingsamestelling en assosiasies binne die staat*

Beide mono-etniese en poli-etniese state kan intern en ekstern geskep word. Hedendaagse poli-etniese state is egter dikwels ekstern geskep. Daarom is daar 'n groter moontlikheid dat poli-etniese state multinasionaal kan wees en dat die assosiasie van die staat en die assosiasie van die nasie nie identies sal wees nie. Daar kan individue wees wat met beide die staat en die nasie assosieer, maar daar kan ook individue wees wat net met 'n bepaalde nasionalisme assosieer. Vergelyk byvoorbeeld die etniese Franse en die Bretonne in Frankryk. So ook die Kurde in die onderskeie state waarin hulle hul bevind.

Wanneer die assosiasie met die staat en die assosiasie met die nasie nie saamval nie, kan die legitimiteit van die staat in gedrang kom (behalwe state soos Switserland wat hoofsaaklik op assosiasie gegrond is). Wanneer dit gebeur raak die gebruik van demokratiese tegnieke problematies vir die instandhouding van die staat.

Die oorgrote meerderheid hedendaagse, internasionaal erkende state is poli-etnies. Daardie state wat nie reeds poli-etnies is nie, beskik egter oor die potensiaal daartoe, weens die moontlikheid van etniese proliferasie en immigrasie. Gevolglik sal heterogeniteit en

legitimiteit toenemend probleme word waarmee die hedendaagse staat te kampe gaan kry. In effek is van die hedendaagse state in werklikheid imperiale moondhede in die kleine. Bevolkingsheterogeniteit het implikasies vir die betekenis wat aan die begrip selfdeterminasie geheg word.

8.3.1.3 *Selfdeterminasie*

In hierdie studie is tot dusver op die belangrikheid van selfdeterminasie vir die individu gewys. Die individu is egter bereid om van sy selfdeterminasie prys te gee, ten einde sy belange binne groepverband te kan realiseer. Die eise van die groep word nou deur die individu as sy eie geïnternaliseer. Die individu verplaas gevolglik sy selfdeterminasie gedeeltelik na die selfdeterminasie van die groep - in hierdie geval die nasie. Die individu se selfdeterminasie is nou afhanklik van die nasie se selfdeterminasie.

Binne die Volkereg word selfdeterminasie as 'n reg erken. Dit is egter in werklikheid selfdeterminasie van die staat en nie van die nasie wat in die Volkereg ter sprake is. Maar dit is gewoonlik die term nasie wat in hierdie konteks gebruik word.

Selfdeterminasie in die Volkereg het beide 'n eksterne en 'n interne dimensie. Ekstern sal die reg tot selfdeterminasie en so ook die territoriale integriteit van die nasie (staat) deur ander nasies (state) erken word. Alfred Cobban (1969:39) stel dit so: "...the principle of selfdetermination, is, in general terms, the belief that each nation has a right to constitute an independent state and determine its own government". Cobban gaan egter voort deur te verklaar dat hierdie reg net uitgeoefen kan word wanneer 'n bepaalde nasie oor die mag beskik om dit af te dwing. Met verwysing na die negentiende eeu noem hy: "...nations only achieved their independence when they had the effective backing of a strong military power. Where this was lacking, as it was to the Poles, national independence was not achieved" (Cobban 1969:43). Dit geld waarskynlik ook in die geval van die Kurde.

Selfdeterminasie van state eerder as selfdeterminasie van nasies is vandag die norm. Met die verbrokkeling van die voormalige USSR en ander Oos-Europese state, het selfdeterminasie van nasies meer aandag in die internasionale gemeenskap verkry.

Die reg tot selfdeterminasie is ook na kolonies, in wat MacIver (1966) 'n seëryk noem, uitgebrei. In hierdie geval was dit weer eens selfdeterminasie van state wat deur imperiale moondhede geskep is.

Die onwilligheid om in die praktyk selfdeterminasie vir minderhede voor te staan, het volgens Jorgensen-Dahl (1975:652-674) te make met die belange van die regerings van state. Hy noem die volgende vyf faktore wat eksterne regerings onwillig maak om 'n ethnie se selfdeterminasie en reg tot sesessie te erken, naamlik:

* Regerings het redelik algemeen te make met etniese minderhede in hul eie state. Gevolglik word gevrees dat die erkenning van die selfdeterminasie van ethnies in ander state, die ethnies tuis mag aanstig om soortgelyke erkenning. Vir die Bretonne en die Korsikane in Frankryk is daar min verskil tussen hul aandrang op selfdeterminasie en Algerië se suksesvolle aandrang op selfdeterminasie. Dit is ook 'n argument wat in Quebec gebruik word. Dit verklaar waarskynlik waarom internasionale state so lank geneem het om die nuwe state wat in die verbrokkelde USSR en Joego-Slawië ontstaan het, te erken.

* Internasionale selfdeterminasie fokus op reeds erkende state en nie op nasies nie.

* Regerings is huiwerig om ethnies in ander state te steun omrede daar twyfel bestaan oor die toekomstige ontwikkeling van en verhoudings met hierdie ethnies.

* Die versuim van die internasionale gemeenskap om klein ethnies te erken, is deels te wyte aan twyfel wat bestaan oor hul lewensvatbaarheid as selfdeterminerende state.

* Twyfel bestaan oor 'n stabiele bevolking, 'n goedafgebakende territorium en 'n funksionerende politieke gemeenskap in 'n gebied wat op 'n nasionale identiteit aanspraak maak.

Oor die geldigheid van bestaande state se kommer in hierdie verband, kan argumenteer word. Feit bly, solank as wat 'n onderskeid bestaan tussen die selfdeterminasie van state en die selfdeterminasie van nasies, sal bestaande internasionaal erkende state te make kry met middelpuntvliedende kragte van nasionalisme wat potensieel versplinterend relatief tot die staat is. Die versplintering van die voormalige USSR en sommige Oos-Europese state in verskeie selfdeterminerende "nasie-state", is voorbeelde in hierdie verband.

Intern impliseer selfdeterminasie in die hedendaagse staat weer demokratiese prosedures en gelyke regte vir individue (kyk Hannum 1990). Die opvatting is juis dat demokrasie moet vergoed vir die ontneming van die selfdeterminasie van bepaalde en/of gedeeltes van bepaalde nasies. Soos in hierdie ondersoek aangedui, is demokrasie nie noodwendig 'n oplossing in hierdie verband nie. Dit is juis moontlik dat subidentiteite demokratiese tegnieke kan gebruik om subidentiteite te mobiliseer. Verder kan bepaalde demokratiese tegnieke juis deur dominante ethnies ter onderdrukking van minderheidsethnies gebruik word.

Die probleme wat demokrasie vir 'n poli-etniese staat inhou, word verder gekompliseer deur die heilige onaantasbare status van die hedendaagse staat.

8.3.1.4 *Die status van die hedendaagse staat*

Die hedendaagse staat, ten spyte van sy veronderstelde kontraktuele aard, het 'n "individu" in eie reg met onaantasbare regte geword. Erkenning word aan die staat se integriteit verleen. Die Franse konstitusie bepaal byvoorbeeld dat niemand 'n voorstel ter wysiging van Frankryk se grense mag maak nie. Separatistiese organisasies is reeds in die verlede op hierdie gronde verban (kyk Esman 1977).

Wanneer die staat se grense en die grense van 'n bepaalde nasie nie saamval nie, is die moontlikheid dat daardie nasie op die een of ander stadium in konflik met die staat gaan kom, nie uitgesluit nie. Demokrasie kan, soos reeds aangedui, hierdie proses aanhelp.

Die probleme in hierdie verband word vererger weens die feitlik allesomvattende mag van die hedendaagse staat. Bobbio (1987:118) stel dit so: "...it (staat) has actually grown and extended its sphere of influence to the point of evoking the metaphor of the octopus with a thousand tentacles".

Die status van die hedendaagse staat maak die moontlikheid vir verskille en geskille tussen die individue in die staat omvangryk. Wanneer die verskille en geskille met subidentiteite saamval, ontstaan die moontlikheid dat bepaalde segmente die persepsie mag kry dat hul selfdeterminasie en belangerealisering negatief deur die betrokke staat geraak word. In 'n poli-etniese staat kan dit gebeur dat hierdie negatiewe persepsies met 'n individu se etniese selfidentiteit saamval en sodoende tot mininasionalismes aanleiding gee. Terselfdertyd bied demokrasie juis die infrastruktuur waarvolgens hierdie sentimente georganiseer en mobiliseer kan word. Wanneer 'n ethnie verder op 'n bepaalde grondgebied aanspraak maak, kan dit die basis vorm van etno-territoriale nasionalismes wat potensieel versplinterend relatief tot die staat is.

## 8.4 SLOTOPMERKINGS

Die verband wat tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie bestaan, kan nie geïgnoreer word nie. Hierdie twee veranderlikes kovarieer egter in die teenwoordigheid van ander veranderlikes wat bepaal word deur die betrokke omstandighede waaronder demokrasie en nasionalisme met mekaar in interaksie kom.

Die verband tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie in bepaalde omstandighede, hou weer verband met enersyds die onbedoelde newe effekte van die bepaalde tegnieke van demokrasie; en andersyds die bedoelde gebruik van demokratiese tegnieke ten einde die belange van lede van 'n bepaalde subidentiteit te probeer realiseer.

Die aktivering van die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme is nie uitsluitlik 'n probleem van poli-etniese state nie. Dit is egter potensieel meer problematies in 'n poli-etniese staat. Een van die redes hiervoor is dat etnisiteit 'n infrastruktuur vir assosiasie bied, wat terselfdertyd as 'n infrastruktuur vir politieke assosiasie kan dien. Daarmee word nie bedoel dat kruissnydende assosiasies oor etniese grense nie plaasvind nie. Sodanige politieke assosiasies is moontlik, maar etnisiteit blyk steeds 'n potensiële politieke assosiasie wat gemobiliseer kan word, te wees. Wanneer etnisiteit 'n faktor in politieke assosiasie word, hoef nie al die lede van die betrokke ethnie noodwendig in die assosiasie ingetrek te word nie.

Dit impliseer nie dat poli-etniese state altyd met rebelse nasionalisme te kampe het nie. Ethnies en regionalismes se aandrang op belangerealisering word dikwels verkeerdelik geïnterpreteer as 'n bedreiging vir die staat.

Nasionalismes wat met subidentiteite verband hou, hoef nie noodwendig tot die versplintering en disintegrering van die staat aanleiding te gee nie, maar dit beskik wel oor die potensiaal daartoe.

Die problematiek van die verband tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie vir die hedendaagse staat behoort hieruit duidelik te blyk. Die hedendaagse staat bevind hom, in die lig van die internasionale, maar ook interne aandrang op demokrasie, in 'n situasie waarin hy nie werklik kan wen nie. Die oorgrote meerderheid state is ekstern geskep, is poli-etnies, het bevolkings wat in meer as een opsig heterogeen is en beskik oor 'n feitlik allesomvattende gesagstruktuur. Dit alles skep die moontlikheid van verdelende assosiasies. Etnisiteit bly 'n wesentlike potensiële assosiasie wat die legitimiteit van die staat in gedrang kan bring.

Vir die hedendaagse staat gaan hierdie verband tussen nasionalisme en demokrasie toenemend problematies word, veral in die lig van die voortdurende aandrang op demokratisering - beide ekstern en intern.

Nasies is nie noodwendig polities homogeen nie. Die bestaan van verskille onder die nasie moet nie gesien word as 'n indikator vir die persepsie dat die nasie nie bestaan nie. In hierdie gevalle is die nasie bloot polities nie hoogs gemobiliseer nie.

Koalisies moet beskou word as 'n belangrike wyse waarop inspraak uitgebrei word. Die invloed van die kiesstelsel en die partystelsel moet ook in ag geneem word.

Sentrale dominasie en outoritêre regering is nie werklik 'n verdelende faktor in mono-etniese state nie, maar blyk belangrik te wees in poli-etniese state.

Die verband tussen die middelpuntsoekende en die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie is daarom divers en word grootliks beïnvloed deur die teenwoordigheid van 'n verskeidenheid ander veranderlikes.

# HOOFSTUK 9

# BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

## 9.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n samevattende oorsig van die studie en die gevolgtrekkings wat gemaak is, gegee. Daar word nie net gekyk na die onderwerp soos afgebaken nie, maar ook na moontlike breë implikasies wat die bevindings vir die vak inhou.

## 9.2 DOELSTELLING VAN STUDIE

In hoofstuk 1 is genoem dat die doel met hierdie studie is om te bepaal, óf daar 'n verband tussen die aktivering van die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme enersyds en andersyds die tegnieke van demokrasie in die hedendaagse staat is; indien so 'n verband bestaan, wat die aard daarvan is; watter moontlike verklarings daarvoor gegee kan word; en watter implikasies so 'n verband vir die hedendaagse staat inhou.

Daar is egter beklemtoon dat die fokus 'n moontlike verband is en dat daar nie na patrone van oorsaak-en-gevolg gesoek word nie. Uiteraard maak van die bevindings suggesties in hierdie verband. Geen klinkklare gevolgtrekkings oor oorsaak-en-gevolg word egter gemaak nie, aangesien dit prematuur sou wees.

## 9.3 WERKWYSE

Hierdie is 'n kwalitatiewe ondersoek waarin 'n praktiese toepassing van die teoretiese raamwerk, wat vir doeleindes van hierdie studie ontwikkel is, op die volgende state toegepas is: Ysland, Portugal, Swede, Noorweë, Finland, Brittanje, Frankryk, Spanje, Switserland en België. Daar is verder ook kortliks gekyk na twee staatlose gemeenskappe, naamlik die Kurde en die Saami.

Twee probleme het reeds met die aanvang van die studie opgeduik. Ten eerste die verskillende betekenisinhoude wat in die literatuur aan die sleutelbegrippe nasie, nasionalisme en demokrasie geheg word. Ten tweede die multidissiplinêre aard van studies oor nasionalisme wat weer tot 'n verskeidenheid uiteenlopende teorieë oor die verskynsel nasionalisme, aanleiding gee.

Vervolgens was die eerste twee take in die ondersoek om enersyds bruikbare definisies vir die sleutelbegrippe te formuleer en om andersyds 'n bruikbare teoretiese raamwerk te ontwikkel waarvolgens die aktivering van die middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme, maar ook politieke assosiasies bestudeer kon word. Die definiëringsproblematiek is in hoofstuk 2 bespreek. In hoofstukke 3, 4 en 5 is die teoretiese raamwerk wat in die ondersoek gebruik is, ontwikkel en bespreek.

Die definiëringsproblematiek ten opsigte van die begrip nasie is, vir doeleindes van hierdie studie, oorbrug deur onder andere 'n onderskeid te tref tussen die begrippe nasie en staat. Staat, grondgebied en etnisiteit is nie as definiërende kenmerke van die begrip nasie beskou nie. Dit wil egter voorkom asof etnisiteit 'n meelopende kenmerk is, maar nie noodwendig 'n universele meelopende kenmerk nie. 'n Nasie is vervolgens beskou as die produk van groepvorming waarin 'n bepaalde self- en groepsidentiteit (veral kulturele identiteit) van primêre belang is. Die begrip nasie is verder van die begrippe stam, volk, ethnie, nasiestaat, staatnasie, nasionaliteit en alliansie onderskei.

In die definiëring van die begrip nasionalisme is 'n onderskeid tussen nasionalisme as 'n verskynsel en nasionalisme as 'n ideologie, getref. Nasionalisme as verskynsel is vervolgens beskou as die mobilisering van die nasie in terme van sy "nasionale identiteit". Nasionalisme as 'n ideologie verwys na 'n bepaalde ideologie waarin die organisering van die mensdom in terme van nasies, as 'n politieke ideaal beskou word. Verder is die begrip nasionalisme onderskei van die begrippe patriotisme, kolonialisme, imperialisme, Fascisme, Nazisme en rassisme. 'n Aantal variasies in die manifestasie van nasionalisme as verskynsel is geïdentifiseer ('n paar neologismes was in hierdie verband nodig). Bepaalde manifestasies wat identifiseer is, is: meerderheids-, mini-, sub-, dominante, kompeterende, rebelse, onderdanige, liberale, integrale, etnosentriese, polisentriese, xenophobiese, xenophiliese, etno-, territoriale, makronasionalisme, diaspora, irredentisme, versplinterende en fissiparous nasionalisme.

Die definiëringsproblematiek ten opsigte van die begrip demokrasie was egter makliker oorbrugbaar. Dit is hoofsaaklik omrede demokrasie in hierdie ondersoek as 'n gegewe aanvaar is. Daar het vervolgens nie die nodigheid bestaan om die definiërende kenmerke van demokrasie te bepaal nie, omrede dit nie nodig was om absoluut geldende kriteria neer te lê waaraan voldoen moes word alvorens 'n staat as 'n demokrasie beskou kan word al dan nie. Vervolgens is 'n werksdefinisie ten opsigte van die begrip demokrasie, vir doeleindes van hierdie studie stipuleer. Daarvolgens is die begrip demokrasie gedefinieer as: 'n owerheidsvorm wat gefundeer is op prosesse, prosedures, tegnieke en beginsels wat poog om die lede se (ongeag hoe hulle georganiseer is/nie georganiseer is), deelname aan, inspraak in en kontrole oor gesaghebbende en kollektiewe besluite van die politieke gemeenskap (staat), te optimaliseer.

Ten einde die probleem van die verskeidenheid uiteenlopende teorieë oor nasionalisme te oorbrug, is 'n raamwerk ontwikkel wat hoofsaaklik die gevolg was van 'n poging tot 'n sintese tussen die belangrikste teorieë oor nasionalisme. In hierdie raamwerk is bepaalde vertrekpunte, wat die fokus van hoofstuk 3 is, maar ook in die res van die studie ter sprake kom, belangrik. Die volgende vertrekpunte is in hierdie verband ter sake.

* Die dualiteit en selfs teenstrydigheid van die mens as individu en as sosiale wese, is belangrik in 'n ondersoek van nasionalisme as 'n bepaalde manifestasie van assosiasies wat deur die mens gevorm word.

* Die belangrikheid van die onvermydelike aard van die groepkonteks van die mens. Gevolglik word die mens se selfidentiteit deels deur sy groepverband bepaal. Terselfdertyd gee dit aanleiding tot selfidentiteit en groepsidentiteit as 'n bepaalde tipe belang wat onder bepaalde omstandighede belangriker as materiële belange kan wees.

* Ten spyte van die mens se sosiale aard en die onvermydelikheid van sy groepkonteks bly die mens steeds 'n selfdeterminerende wese. Vervolgens kan selfdeterminasie ook as 'n bepaalde tipe belang by die mens manifesteer.

* Weens die spanning tussen die sosiale en selfdeterminerende aard van die mens is sy vermoë om assosiasies aan te gaan nie onbeperk nie. Daar bestaan vervolgens inherente eienskappe by die mens wat sy assosiasie en dissosiasie met 'n bepaalde groep beïnvloed. Terselfdertyd manifesteer die behoefte aan assosiasie met ander, as 'n belang in eie reg.

* Hoewel die mens 'n rasionele wese is, moet die biologiese en emosionele aard van die menslike natuur ook in ag geneem word. Die mens openbaar gevolglik instinktiewe, rasionele en emosionele gedrag.

Teen die agtergrond van bogenoemde vertrekpunte is daar in die teoretiese raamwerk aandag geskenk aan, eerstens faktore wat aanleiding gee tot nasievorming en tweedens faktore wat aanleiding gee tot die mobilisering van die nasie (nasionalisme). Hierdie aspekte van die teoretiese raamwerk is in hoofstuk 4 bespreek.

In die konteks van die teoretiese raamwerk is die nasie gesien as 'n bepaalde tipe belangegroep wat bestaan uit individue wat assosieer in terme van 'n bepaalde identiteit ten einde bepaalde belange te realiseer, te beskerm en te bevorder. Belange is egter nie net as materiële belange beskou nie. Biologiese, sielkundige en sosiale belange is, naas materiële en ekonomiese belange, ook belangrik. Dit blyk dat, in die konteks van die nasie,

selfidentiteit, selfdeterminasie, belangerealisering, maar ook assosiasie belangrike belange verteenwoordig. Die vorming van die nasie hou vervolgens verband met die noodsaaklikheid van die individu se assosiasie met ander in 'n poging om sy belange te kan realiseer, beskerm en bevorder.

Die individu bly steeds 'n selfdeterminerende wese wat deur geboorte en opvoeding lidmaatskap van bepaalde groep/e erf en daarby ingelyf word. Ten einde die noodsaaklikheid van assosiasie met sy selfdeterminerende aard te versoen, internaliseer die individu die gewoontes en eise van 'n bepaalde groep. Daar is egter beperkinge aan die individu se internalisering van gewoontes en eise en gevolglik het sy assosiasie met ander 'n bepaalde reikwydte. Hierdie reikwydte hou enersyds verband met die aard van die belange wat die individu wil realiseer, beskerm en bevorder. Andersyds hou dit verband met die eise wat die groep aan hom in hierdie verband stel.

Die voordele-eisebalans word beïnvloed deur die ooreenkomste en verskille tussen die individu en die ander lede van die gemeenskap, en die mate waarin die individu bereid sal wees om sy selfdeterminasie ter realisering van sy belange prys te gee. Faktore wat in voorgenoemde 'n rol speel, is: geografie, bloedverwantskappe, kultuur, geskiedenis, taal, godsdiens, etnisiteit, klas, ekonomiese en kommunikasienetwerke, ideologie, nasionale simbole en bedreigings. Die rol van die elite in nasievorming is belangrik, maar met inagneming dat die elite eiesoortige belange in die konteks van die nasie probeer realiseer, beskerm en bevorder. In groot mate is dit die elite wat die infrastruktuur van die nasie in stand hou.

Die mobilisering van die nasie hou tot groot mate verband met faktore wat die identiteit, selfdeterminasie en belangerealisering van die nasie (as 'n bepaalde tipe assosiasie van individue) verhinder, beperk, bedreig, of bemoeilik. Net so, indien die individu se selfidentiteit, assosiasie, selfdeterminasie en belangerealisering in die konteks van die nasie verhinder, beperk, bedreig of bemoeilik word, sal dit moeilik wees om die nasie te mobiliseer. In die konteks van 'n heterogene samelewing is dit weer moontlik dat die identiteit, selfdeterminasie, belangerealisering en selfs assosiasie van bepaalde subidentiteite verhinder, beperk, bedreig of bemoeilik kan word. Sodoende kan bepaalde subidentiteite binne die politieke gemeenskap (staat) gemobiliseer word, wat weer die samehorigheid van die bevolking van die staat nadelig raak.

Bogenoemde hindernisse wat ervaar word, hoef nie noodwendig werklik te wees nie, dit kan bloot die gevolg van persepsies by die individu en die nasie wees. Dit kan ook gebeur dat middelpuntsoekende kragte van nasionalisme geaktiveer word wanneer 'n nasie in 'n posisie verkeer om sy belangerealisering uit te brei, al geskied dit ten koste van ander se belangerealisering. Laasgenoemde kom by kolonialisme en imperialisme ter sprake.

Die hipotese onderliggend aan die raamwerk is vervolgens: indien dit vir die individu moontlik is om sy selfidentiteit te bepaal, te assosieer, selfdeterminerend te wees en sy belange te kan realiseer, sal die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme binne die hedendaagse staat nie geaktiveer word nie. Hierdie hipotese impliseer egter nie dat die middelpuntsoekende kragte noodwendig daardeur geaktiveer sal word nie en ook nie dat die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme daarmee uit die weg geruim word nie.

Hierdie teoretiese raamwerk, wat die belangrikheid van selfidentiteit, assosiasie, selfdeterminasie en belangerealisering van die individu beklemtoon, is ook in hierdie ondersoek op demokrasie as owerheidsvorm van toepassing gemaak. Hierdie aspek van die studie is in hoofstuk 5 bespreek. Die geskiktheid van die teoretiese raamwerk in hierdie verband, blyk uit die volgende:

* Owerheidsvorme hou verband met die mens in samelewingsverband.

* Demokrasie as een bepaalde owerheidsvorm gee erkenning aan die selfdeterminerende aard van die mens.

* Binne die konteks van 'n bepaalde gemeenskap poog die individu om bepaalde belange te realiseer, te beskerm en te bevorder.

* Sommige belange kan egter alleen deur middel van politieke assosiasie gerealiseer word.

* Aangesien 'n demokratiese owerheidsvorm juis die selfdeterminerende aard van die mens aanvaar, word bepaalde prosesse, prosedures, tegnieke en beginsels gebruik en ontwikkel om die individu se deelname aan, inspraak in en kontrole oor gesaghebbende en kollektiewe besluite te bewerkstellig.

In hoofstuk 5 is vervolgens gekyk na die mens se assosiasie in politieke verband in 'n politieke gemeenskap ten einde bepaalde belange te realiseer. Daar is aangetoon dat individue nie noodwendig 'n vaste patroon in hul assosiasie in politieke verband volg nie. Verder is die mate waarin bepaalde prosesse, prosedures en tegnieke dit vir hom moontlik maak om selfdeterminerend te wees en om sy belange te kan realiseer, bespreek. Daar is aangetoon dat die konvensionele en onkonvensionele demokratiese tegnieke nie noodwendig 'n waarborg in hierdie verband aan die individu bied nie.

In hoofstukke 3, 4 en 5 is 'n teoretiese verband tussen nasionalisme en demokrasie gesuggereer. Die teoretiese raamwerk is vervolgens in hoofstuk 6 in 'n paar hipotetiese scenario's gebruik om 'n moontlike verband tussen die aktivering van die kragte van

nasionalisme en die tegnieke van demokrasie in die praktyk te ondersoek. Die scenario's betrek hipotetiese state, elk met 'n ander bevolkingsamestelling. 'n Breë onderskeid is tussen mono-etniese state en poli-etniese state gemaak. Daar is gesuggereer dat in poli-etniese state etnisiteit 'n potensiële bron vir politieke assosiasie is. Die ontwikkeling van die nasies en nasionalismes wat in hierdie scenario's bespreek is, kan óf unifiserend, óf versplinterend relatief tot die betrokke staat wees. Daar is ook die moontlikheid dat die individu en die nasie se persepsie van "hul" staat nie noodwendig saamval met die situasie in die werklikheid nie.

In hoofstuk 7 is die teoretiese raamwerk op die reedsgenoemde tien state en twee staatlose gemeenskappe, van toepassing gemaak. Daar is ten eerste gefokus op die aanwesigheid/afwesigheid van middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme. Soos in hoofstuk 1 genoem verwys die term middelpuntsoekende kragte van nasionalisme na die saamsnoerende faktore wat daartoe aanleiding gee dat die lede van 'n nasie met mekaar identifiseer en affilieer; lojaliteit teenoor mekaar toon; mobiliseer ter bevordering van die identiteit en belange van die nasie, gewoonlik in die strewe na selfdeterminasie en verkieslik in 'n eie staat; met die betrokke staat identifiseer en gevolglik 'n gemeenskaplike belang nastreef. Middelpuntvliedende kragte verwys weer na die verdelende of versplinterende faktore wat daartoe aanleiding gee dat die lede van die "nasie" (gewoonlik in hierdie konteks die bevolking van 'n bepaalde staat) nie met mekaar identifiseer, assosieer en affilieer nie; nie die "nasie" se identiteit en belange doelbewus probeer bevorder nie; en ook nie met die staat waarin hulle hulself bevind identifiseer nie. In die bepaling van die aanwesigheid/afwesigheid van middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme is die politieke organisering van verdelings (subgroepe) tussen identiteite van "ons" teenoor "hulle" en die strewe na outonomie onder hierdie subgroepe beklemtoon. Weens die kwalitatiewe aard van hierdie studie was dit nie moontlik om 'n presiese skaal of selfs indeks neer te lê waarvolgens die intensiteit van middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte van nasionalisme akkuraat vasgestel kan word nie. Daar is gevolglik gefokus op 'n kwalitatiewe interpretasie van die data in hierdie verband.

In hierdie verband is daar gekyk na die bevolkingsamestelling in elkeen van hierdie state; die betrokke vraagstukke, belange en politieke organisasie; die mate waarin subidentiteite polities georganiseerd is; en die aandrang op outonomie vir bepaalde subidentiteite. Ten tweede is daar op die mate waarin die tegnieke van demokrasie dit moontlik maak om suksesvol inspraak te kan lewer in die gesaghebbende en kollektiewe besluite in die betrokke staat, gefokus.

Die volgende tabel gee 'n samevatting van die belangrikste inligting oor die verskillende state wat in hoofstuk 7 bespreek is:

# TABEL 1: OPSOMMENDE VERGELYKING VAN DIE STATE WAT BESPREEK IS

| STAAT | Etniese samestelling van bevolking | Taaldiversiteit | Godsdiensdiversiteit | Teenwoordigheid van etniese en/of regionale subidentiteite | Voorkoms van rebelse nasionalisme | Staatshoof | Uitvoerende gesag | Aantal huise in wetgewende gesag |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ysland | mono-etnies | homogeen | homogeen | afwesig | afwesig | direk verkose | parlementêre stelsel | 1 |
| Portugal (vasteland) | mono-etnies | homogeen | homogeen | afwesig | afwesig | direk verkose | gekombineerde parlementêre/ presidentstelsel | 1 |
| Swede | naastenby homogeen | naastenby homogeen | homogeen | beperk | naastenby afwesig | konstitusionele monargie | parlementêre stelsel | 1 |
| Noorweë | naastenby homogeen | heterogeen (1 amptelike taal) | homogeen | beperk | naastenby afwesig | konstitusionele monargie | parlementêre stelsel | in teorie 2 in praktyk 1 |
| Finland | poli-etnies | heterogeen (2 amptelike tale) | homogeen | beperk | naastenby afwesig | direk verkose | gekombineerde parlementêre/ presidentstelsel | 1 |
| Brittanje | poli-etnies | heterogeen (1 amptelike taal) | heterogeen | aanwesig | aanwesig | konstitusionele monargie | parlementêre stelsel | 2 |
| Frankryk | poli-etnies | heterogeen (1 amptelike taal) | naastenby homogeen | aanwesig | aanwesig | direk verkose | gekombineerde parlementêre/ presidentstelsel | 2 |
| Spanje | poli-etnies | heterogeen (1 amptelike taal - sentrale vlak) | homogeen | aanwesig | aanwesig | konstitusionele monargie | parlementêre stelsel | 2 |
| Switserland | poli-etnies | heterogeen (4 amptelike tale) | heterogeen | aanwesig | naastenby afwesig | roterende regeringshoof cum staatshoof | komiteestelsel | 2 |
| België | poli-etnies | heterogeen (3 amptelike tale) | naastenby homogeen | aanwesig | aanwesig | konstitusionele monargie | parlementêre stelsel | 2 |

# TABEL 1: OPSOMMENDE VERGELYKING VAN DIE STATE WAT BESPREEK IS (vervolg)

| STAAT | Sentralisasie/desentralisasie van politieke gesag (grootste gedeelte twintigste eeu) | Outoritêre regering in twintigste eeu | Pogings tot gedwonge assimilasie | Teenwoordigheid van 'n dominante ethnie in poli-etniese en naastenby etnies homogene state | Kiesstelsel | Voorkoms van politieke partye wat uitsluitlik etnies en regionaal is | Lidmaatskap van politieke partye oor etniese en streeks-grense | Voorkoms van koalisie-regerings |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ysland | gesentraliseerd | - | nee | - | proporsionele verteenwoor-diging (PV) | nee | - | algemeen |
| Portugal (vasteland) | gesentraliseerd | 1926-1974 | nee | - | PV | nee | - | algemeen |
| Swede | gesentraliseerd | - | nee | ja | PV | nee | - | algemeen |
| Noorweë | gesentraliseerd | 1940-1945 | ja | ja | PV | nee | - | algemeen |
| Finland | gesentraliseerd | - | nee | ja | PV | ja | lidmaatskap etnieseksklusief | algemeen |
| Brittanje | gesentraliseerd | - | nee | ja | meerderheid-stelsel (relatiewe) | ja (beperk) | algemeen | seldsaam |
| Frankryk | gesentraliseerd | 1940-1945 | ja | ja | meerderheid-stelsel (absolute) | ja (beperk) | algemeen | algemeen |
| Spanje | gesentraliseerd | 1939-1975 | ja | Ja, maar getemper | PV | ja | etnieseksklusief en etniesgemeng | algemeen |
| Switserland | gedesentraliseerd | - | nee | ja, maar getemper | PV | nee | algemeen | konstitusioneel |
| België | gesentraliseerd | 1940-1945 | ja, maar gering | hoofsaaklik bipolêr | PV | ja | etnieseksklusief | algemeen |

# TABEL 1: OPSOMMENDE VERGELYKING VAN DIE STATE WAT BESPREEK IS (vervolg)

| STAAT | Koalisieregerings tussen etnies eksklusiewe politieke partye | Partypolitieke fraksionalisering | Partypolitieke ideologiese polarisasie |
|---|---|---|---|
| Ysland | - | matig | matig |
| Portugal (vasteland) | - | matig | hoog |
| Swede | - | matig | matig |
| Noorweë | - | matig | matig |
| Finland | algemeen | hoog | hoog |
| Brittanje | nee | laag | matig |
| Frankryk | nee | hoog | hoog |
| Spanje | algemeen | matig tot hoog | matig |
| Switserland | konstitusioneel | hoog | laag |
| België | algemeen | hoog | laag |

## 9.4 BEVINDINGS

### 9.4.1 Inleiding

Soos reeds genoem, is die doel met hierdie ondersoek om te bepaal of daar 'n verband tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie is, indien wel, wat die aard van die verband is. In hoofstukke 3, 4, 5 en 6 is daar gekyk na 'n teoretiese verband, terwyl daar in hoofstuk 7 gekyk is na 'n verband in die praktyk. Hoofstuk 8 se fokus is 'n beskrywing van die aard van die verband, moontlike verklarings daarvoor en die implikasies daarvan vir die hedendaagse staat.

In 'n beskrywing van die aard van die verband kom die problematiek van wat geldige kennis is en hoe dit bepaal kan word, ter sprake. Soos in hoofstuk 1 aangedui, val hierdie problematiek buite die bestek van hierdie ondersoek, maar hou tog ernstige implikasies vir die bevindings van hierdie ondersoek in. Dit is veral die belangrikheid van die bepaling van patroonmatighede, in empiriese navorsing, wat weer aanduidend van wetmatighede kan wees, wat hier ter sprake kom.

Empiriese navorsing is inderwaarheid gefundeer op 'n filosofiese beginsel naamlik dat die mens soveel gemeenskaplikhede met ander mense deel dat patroonmatighede in die mens se gedrag bepaal kan word, "These sciences [positive sciences], presuppose, but do not prove, a philosophical understanding of man's essence; they are based on the conviction that man's essence is such that it is possible to say something about man by means of scientific models" (Luijpen & Koren 1978:34).

Voorgenoemde is veral belangrik in die geval van empiriese navorsing waar patroonmatighede vereis word alvorens daar sprake van 'n verband kan wees.

Die kriteria vir kwalitatiewe navorsing is egter minder voorskriftelik. Kwalitatiewe navorsing, veral as dit heuristies van aard is (soos in hierdie ondersoek), kan soms bloot gerig wees op die identifisering van veranderlikes en die vasstelling en beskrywing van die verhouding tussen sodanige veranderlikes. Die verhouding tussen veranderlikes kan op 'n verskeidenheid raakpunte en interaksies dui. Die term, verband, impliseer daarom nie noodwendig patroonmatighede in die interaksies van veranderlikes nie - dit kan ook dui op gemeenskaplikhede wat hierdie veranderlikes deel.

Die term, interaksie, dui op die wedersydse reaksie van veranderlikes op mekaar en ook op die wedersydse reaksie van veranderlikes op 'n verandering in enige ander veranderlike. Die term, gemeenskaplikhede, dui weer op bepaalde kenmerke wat deur veranderlikes gedeel word.

In hierdie afdeling word daar teen voorgenoemde agtergrond kortliks gekyk na die belangrikste bevindings in hierdie ondersoek.

9.4.2 Teoretiese verband

Die teoretiese verband fokus hoofsaaklik op die individu as die primêre gemeenskaplike bousteen waarop beide die nasie en die demokrasie gebou word. In beide gevalle is die belangrikheid van die individu as sosiale, maar ook as selfdeterminerende individu wat belange het wat hy wil realiseer, beskerm en bevorder, van sentrale belang. Beide nasionalisme en demokrasie kan in terme hiervan beskou word as manifestasies, of as variasie van dieselfde veranderlike naamlik, menslike gedrag.

In die ondersoek na die verband tussen nasionalisme en die demokrasie, het twee belangrike punte betreffende die individu, na vore getree. Eerstens is die individu se lojaliteit teenoor die nasie nie outomaties nie. Tweedens kan geen demokratiese proses, prosedure en tegniek in teorie en in die praktyk die individu se selfdeterminasie en belangerealisering, waarborg nie. Voorts moet in ag geneem word dat die individu 'n wye spektrum belange insluitend selfidentiteit, selfdeterminasie en belangerealisering per se, as belange het.

In die bespreking is beklemtoon dat die individu en die nasie se lotgevalle met mekaar verweef is en dat daar 'n wisselwerking tussen die individu en die nasie bestaan. Die nasie is egter steeds 'n versameling individue - 'n groep. Die bestaan en voortbestaan van die nasie is egter afhanklik van die lojaliteit van die individuele lede teenoor die nasie. Vervolgens is die nasie se bestaan en voortbestaan verbind aan die redes waarom die individu lid van die nasie is. Wanneer 'n nasie bestaan, beskik dit egter oor 'n infrastruktuur wat permanensie aan die nasie verleen ten spyte van die mobiliteit van sy individuele lede.

Daar is ook uit die teoretiese ondersoek afgelei dat die eise wat die nasie aan die individu stel, oordrewe kan wees. Spanning tussen die nasie en die individu kan die gevolg daarvan wees. Die individu kan juis van die nasie vervreem word, indien sy selfdeterminasie en belangerealisering binne die nasie negatief beïnvloed word. Dit gebeur veral wanneer die nasie te voorskriftelik optree. Sodoende kan die nasie selfvernietigend wees en raak dit moeilik om die nasie tot nasionalisme te mobiliseer. Teoreties beskou, betrek die interaksie tussen nasionalisme en demokrasie dus weer eens die selfidentiteit, assosiasie en belangerealisering van die individu as selfdeterminerende wese.

Vanuit 'n teoretiese vertrekpunt het demokrasie juis die selfdeterminasie en belangerealisering van die individu ten doel. Hieruit kan afgelei word dat die afwesigheid van, of gebrekkige demokratiese tegnieke, 'n individu se selfdeterminasie kan benadeel.

Gebrekkige demokratiese tegnieke, of die afwesigheid van demokratiese tegnieke impliseer egter nie dat die realisering van 'n persoon se ander belange noodwendig benadeel sal word nie.

Die term, gebrekkige demokratiese tegnieke, impliseer dat die demokratiese tegnieke wat in 'n bepaalde politieke gemeenskap aangetref word, nie belangerealisering van al die individue en segmente in daardie politieke gemeenskap bevorder nie. Daar is egter aangetoon dat geen demokratiese tegniek, of kombinasie van demokratiese tegnieke die belangerealisering van alle individue en segmente in 'n politieke gemeenskap kan waarborg nie. Wanneer 'n individu se belange benadeel word, kan dit gepaard gaan met nasionalisme omrede die nasie gemobiliseer word in 'n poging om gemeenskaplike belange te realiseer. Die nasie kan weer op sy beurt juis die demokratiese tegnieke benut in 'n poging om sy belange te realiseer, maar die nasie kan ook aandring op die instelling en/of uitbouing van demokratiese tegnieke in 'n poging om sy belange re realiseer. Laasgenoemde sal veral die situasie wees wanneer die persepsie by die nasie bestaan dat dit die gebrek aan, of gebrekkige demokratiese tegnieke is, wat die nasie se realisering van belange benadeel. Dit is juis hierdie interaksie wat in die praktyk deur middel van die praktiese toepassing van die teoretiese raamwerk nagevors is.

9.4.3 Verband tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie in die praktyk

Bevindings uit die praktiese toepassing dui op 'n meer komplekse verband tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie, as wat in die teoretiese raamwerk gesuggereer is.

Die teoretiese raamwerk is op tien state en twee staatlose gemeenskappe toegepas. Die samestelling van en onderlinge verhoudinge tussen die onderskeie lede en groepe onder die bevolking bring 'n bykomende problematiek in die studie na vore. Dit is omrede die middelpuntsoekende kragte van nasionalisme wat onder bepaalde subidentiteite onder die bevolking aangetref word, inderwaarheid middelpuntvliedend relatief tot die staatnasie is.

Uit die praktiese toepassing is afgelei dat die twee hoofveranderlikes op verskillende wyses kan kovarieer en dat die vorm wat die kovariasie aanneem, beïnvloed word deur die teenwoordigheid van 'n aantal ander veranderlikes. Van hierdie veranderlikes wat identifiseer is, is: die bestaan van subidentiteite wat veral met etnisiteit en regionalisme verband hou; die wyse waarop die staat tot stand gekom het - veral die legitimiteit van die staat en die interaksie tussen die subidentiteite is hier van belang; persepsies oor belangerealisering; en die marginalisering van bepaalde subgroepe. Verder is bevind dat kovariasie soms ook beïnvloed word deur die veranderlikes klas en getalle. Verskeie tendense is geïdentifiseer.

Wanneer die demokratiese tegnieke suksesvolle inspraak in besluite in 'n bepaalde politieke gemeenskap moontlik maak en inklusief is ten opsigte van alle individue en subidentiteite kan dit gepaard gaan met die volgende manifestasies van die kragte van nasionalisme:

* Die mobilisering van die middelpuntsoekende kragte van nasionalisme relatief tot die staatnasie. Dit is onwaarskynlik dat rebelse nasionalisme aangetref sal word. Dit is veral die geval in mono-etniese state, maar nie noodwendig uitsluitlik nie.

* Die mobilisering van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme relatief tot die staatnasie, met ander woorde die mobilisering van subidentiteite wat met belange verband hou. Dit gebeur wanneer die tegnieke van demokrasie daarin slaag om diverse en uiteenlopende belange te organiseer en te mobiliseer, óf waar bepaalde groepe juis demokratiese tegnieke gebruik om diverse en uiteenlopende belange anders as etnisiteit en regionalisme te bevorder (let op die wisselwerking). Dit kan in beide mono-etniese en poli-etniese state die geval wees. In mono-etniese state blyk die voorkoms van rebelse en selfs ander vorme van minderheidsnasionalismes onwaarskynlik te wees, al bestaan daar middelpuntvliedende kragte. Rebelse nasionalisme in poli-etniese state en state met sterk streeksidentiteite is 'n moontlikheid.

* Die mobilisering van middelpuntsoekende kragte van nasionalisme relatief tot die staatnasie by numeries dominante ethnies en/of streke (meerderheidsnasionalisme). Dit kan gepaard gaan met etnosentriese nasionalisme by die dominante nasionalisme wat dan eintlik die numeriese besitters van die staat is. Dit kan egter ook xenophilies wees juis omrede hul posisie "veilig" is en hulle nie deur ander ethnies en streke bedreig voel nie.

* Die mobilisering van middelpuntsoekende kragte van nasionalisme by minderhede met subidentiteite wat verband hou met etnisiteit en regionalisme. In hierdie gevalle is die middelpuntsoekende kragte egter middelpuntvliedend relatief tot die staatnasie. Die nasionalisme kan in die vorm van sub-, kompeterende, parallelle, rebelse en onderdanige nasionalisme voorkom. Rebelse nasionalisme is veral 'n moontlikheid waar daar persepsies bestaan dat daar gebrekkige belangerealisering is, maar ook waar daar historiese vyandighede tussen subidentiteite is en daar negatiewe beskouings oor die legitimiteit van die staat bestaan. Rebelse nasionalisme is meer waarskynlik wanneer klas saamval met etniese en/of streeksidentiteite.

Wanneer demokratiese tegnieke nie suksesvolle inspraak in besluite moontlik maak nie en nie inklusief ten opsigte van alle subidentiteite is nie, kan dit gepaard gaan met die volgende manifestasies van die kragte van nasionalisme:

* Die mobilisering van middelpuntsoekende kragte van nasionalisme, relatief tot die staatnasie by numeries dominante ethnies en/of streke (meerderheidsnasionalisme). Gewoonlik gaan dit gepaard met die aandrang op die instelling en uitbreiding van demokratiese tegnieke, omrede verbeterde demokratiese tegnieke eintlik hul posisie gaan versterk en sodoende ook hul belangerealisering. Dit kan die vorm van etnosentriese maar ook xenophiliese nasionalisme aanneem, juis omrede hul posisie nie deur die teenwoordigheid van ander ethnies en streeksidentiteite bedreig word nie.

* Die mobilisering van middelpuntsoekende kragte van nasionalisme by subidentiteite wat verband hou met etnisiteit en regionalisme en wat minderhede is. Dit sal egter middelpuntvliedend relatief tot die staatnasie wees. Hierdie nasionalismes kan manifesteer as sub-, kompeterende, parallelle, rebelse en onderdanige nasionalisme. Bydraende faktore is: persepsies van gebrekkige belangerealisering, historiese vyandighede en negatiewe beskouings oor die legitimiteit van die staat, maar ook waar klas saamval met etniese en/of streeksidentiteite.

Wanneer demokratiese tegnieke ingestel word, óf aansienlik uitgebrei word, kan dit gepaard gaan met die volgende manifestasies van die kragte van nasionalisme:

* Die mobilisering van middelpuntsoekende kragte van nasionalisme relatief tot die staatnasie. Dit is veral die geval in mono-etniese state.

* Die mobilisering van middelpuntsoekende kragte by die numeries dominante ethnie of streke (meerderheidsnasionalismes). Dit kan die vorm van meerderheids-, dominante, kompeterende, etnosentriese en xenophiliese nasionalisme aanneem. Weer eens word hul posisie op grond van hul getalle nie bedreig nie.

* Die mobilisering van middelpuntsoekende kragte van nasionalisme by subidentiteite wat verband hou met etnisiteit en regionalisme wat terselfdertyd minderhede is. Hierdie kragte sal egter middelpuntvliedend ten opsigte van die staatnasie wees. Hierdie nasionalismes kan manifesteer as sub-, kompeterende, parallelle, rebelse en onderdanige nasionalisme. Weer eens is bydraende faktore: persepsies van gebrekkige belangerealisering, historiese vyandighede en negatiewe beskouings oor die legitimiteit van die staat, maar ook waar klas saamval met etniese en/of streeksidentiteite.

Uit voorgaande is dit duidelik dat die wisselwerking en verband tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie verskillende vorme onder verskillende

omstandighede kan aanneem. Daar is nie 'n enkele algemeengeldende patroon wat in die verband geïdentifiseer kan word nie. Dit moet egter nie interpreteer word asof dit impliseer dat daar geen verband (dit wil sê dat dit "spurious") is nie. Die aard van die verband is in 'n groot mate konteksgebonde, maar dit is wel moontlik om bepaalde tendense te identifiseer. Hierdie tendense verwys dan na die vorme wat kovariasie tussen die hoofveranderlikes in die teenwoordigheid van 'n verskeidenheid ander veranderlikes kan aanneem. Sonder uitsondering hou die tendense verband met die individu se interpretasie van hoe sy belange (insluitend etnisiteit en selfdeterminasie as belange) die beste gerealiseer sal word.

Die belangrikste implikasie van die bevindings is dat demokrasie, selfs al maak dit inspraak suksesvol, nie belangerealisering van alle individue en segmente onder 'n bepaalde bevolking kan waarborg nie, ook nie dat demokrasie noodwendig suksesvol 'n nasie kan bou nie. Die verduideliking van hierdie tendense is weer eens geleë in die vertrekpunt dat die nasie 'n versameling selfdeterminerende individu is wat belange nastreef.

Daar is verder bevind dat die enigste twee subidentiteite wat in 'n bepaalde staat gepaard gaan met rebelse nasionalisme, wat potensieel versplinterend ten opsigte van die staatnasie en die staat kan wees, etnisiteit en regionalisme is. Die verband tussen etnisiteit en regionalisme vereis egter meer navorsing alvorens gevolgtrekkings daaroor gemaak kan word.

Hoewel daar 'n verband tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie in beide mono-etniese en poli-etniese state aangetref is, verskil die aard van die verband by elk. Daar is bevind dat demokratiese tegnieke in 'n mono-etniese staat ook gepaard kan gaan met die aktivering van die middelpuntvliedende kragte van nasionalisme. Hierdie middelpuntvliedende kragte lei wel tot die afwatering van die samehorigheidsgevoel of kohesie onder die individuele lede van die nasie. Dit gaan egter nie gepaard met die mobilisering van subidentiteite wat potensieel rebels is en wat kan lei tot die versplintering van die staatnasie nie en ook nie, in die konteks van die hedendaagse staat, van die staat self nie. Verdelings wat onder die bevolking in mono-etniese state bestaan, is hoofsaaklik die gevolg van ekonomiese, ideologiese en selfs streekbelange. Streekbelange impliseer egter nie noodwendig subidentiteite wat outonomie nastreef nie. Verdelings in en polarisasie van die bevolking in mono-etniese state (in die afwesigheid van enige regionale subidentiteite) word gevolglik getemper deur die etniese "eenheid" wat daar onder die bevolking bestaan.

In poli-etniese state bly etnisiteit en regionalisme identiteite wat polities georganiseer word. Die omvang van die politieke organisasie en die implikasies daarvan vir die samehorigheid van die bevolking van die staat (die staatnasie), hou weer verband met onder andere die historiese verhouding tussen die verskillende ethnies en streke in die staat en veral met die

wyse waarop die staat tot stand gekom het. In hierdie konteks is die kollektiewe geheue van die onderskeie ethnies en/of streke belangrik. In die teenwoordigheid van historiese kompetisie, vyandighede en persepsies dat die staat illegitiem is, is etnisiteit en regionalisme potensieel problematiese en emosionele identiteite. Dit kan weer lei tot die versplintering van die staatnasie en die staat omrede dit met rebelse nasionalisme gepaard gaan.

Waar etnisiteit en regionalisme weer gepaard gaan met persepsies van negatiewe belangerealisering en met die marginalisering van bepaalde subidentiteite, word die potensiaal vir rebelse nasionalisme verhoog. Hierdie potensiaal sal verhoog word indien etnisiteit en regionalisme met klasseverskille saamval. Die potensiaal vir rebelse nasionalisme is egter onafhanklik van die getalsterkte van die onderskeie ethnies en streke. Getalle sal egter wel die sukses waarmee bepaalde subidentiteite hul belange realiseer, beskerm en bevorder, beïnvloed. Die ironie is egter dat die eise van subidentiteite met 'n klein getalsterkte soos in die geval van die Saami, dikwels makliker bekostigbaar is as dié in geval van 'n ethnie wat getalsterk is. Dit is 'n faktor wat in die geval van België meer ondersoek regverdig.

In 'n poli-etniese staat met 'n demokratiese owerheidsvorm is die interaksie tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie tweeledig. Eerstens word etnisiteit en regionalisme polities georganiseer. Tweedens kan die demokratiese tegnieke wat gebruik word, bepaalde subidentiteite van effektiewe deelname in gesaghebbende en kollektiewe besluite, uitsluit. Gevolglik kan dit bydra tot negatiewe persepsies oor belangerealisering en persepsies dat bepaalde subidentiteite gemarginaliseer word. Die belangrikheid van identiteit en selfdeterminasie wat hierdeur negatief geraak word, moet nie uit die oog verloor word nie. 'n Derde moontlike interaksie is dat subidentiteite meer intens georganiseerd is wanneer daar gedemokratiseer word na 'n periode van outoritêre regering. Hierdie outoritêre regering kan bloot relatief wees, soos wanneer daar slegs outoritêr ten opsigte van 'n bepaalde subidentiteit opgetree word (byvoorbeeld gedwonge assimilasie), maar dit kan ook betrekking hê op outoritêre regering wat oor die totale bevolking uitgeoefen word. Hierdie is aspekte wat in die studie na vore kom en veral in die geval van Spanje. Dit behoort egter met betrekking tot die situasie in Oos-Europa en die voormalige USSR meer volledig ondersoek te word. Die presiese dinamika wat hierby betrokke is, blyk nie volledig uit die studie nie, maar hou waarskynlik verband met 'n ons-hulle identiteit, persepsies van negatiewe selfdeterminasie, maar waarskynlik ook met negatiewe persepsies oor belangerealisering in die algemeen.

Hierdie bevindings het 'n aantal belangrike implikasies vir die praktyk. Vir die hedendaagse staat is die teenwoordigheid van subidentiteite wat met etnisiteit en regionalisme verband hou en wat polities georganiseer word, nie noodwendig 'n

verdoemende verskynsel nie. Ethnies en streke is steeds bereid om koalisies aan te gaan oor etniese en streekgrense heen ten einde bepaalde belange te realiseer, te beskerm en te bevorder. Die omvang van koalisievorming op individuele vlak is egter moeilik om presies te bepaal. Daarmee word bedoel, die mate waarin individue van verskillende ethnies met mekaar in byvoorbeeld dieselfde belangegroepe en partyverband saamwerk. Politieke partye is soms regionaal georganiseer en kan sodoende etniese en streekverskille op streekvlak openbaar. In die geval van Brittanje en ook Frankryk is hierdie tipe samewerking belangrik. Waar politieke partye feitlik uitsluitlik op etniese en streeksidentiteite gegrond is, word koalisieregerings wel, soos in die geval van Finland en België oor hierdie grense in identiteit gevorm. Die politieke organisering van etniese en streeksidentiteite beteken gevolglik nie dat hierdie identiteite onwillig is om met enige ander identiteit saam te werk (óf om oor grense handel te dryf) in 'n poging om bepaalde belange te realiseer, te beskerm en te bevorder nie. Ethnies en streeksidentiteite is bereid om selfs in staatsverband met ander ethnies en streke te assosieer, mits hulle dit in hul belang ag.

Daar is verder bevind dat hedendaagse state onnodiglik soms paranoïes raak ten opsigte van subidentiteite. Die bestaan van subidentiteite word dikwels gesien as 'n bedreiging vir die identiteit en belange van die staat. Hierdie paranoia kom egter ook voor onder sommige subidentiteite wat voortgesette deelskap van 'n bepaalde staat as 'n bedreiging vir hul belange beskou. Die ironie is egter dat in die meeste gevalle dit moontlik is om 'n politieke bedeling te bewerkstellig wat die belange van almal betrokke, in ag neem. Dit noodsaak egter dat daar weer opnuut gekyk moet word na wat in die teorie as demokrasie en demokraties beskou word, maar ook wat die aard en funksie van die staat is, of behoort te wees. Te dikwels word die demokrasie interpreteer as die reg van die party wat die meerderheid behaal het om oor almal te regeer. Daar moet gevolglik nie sonder meer aanvaar word dat demokratiese tegnieke noodwendig die onderliggende etiologie van middelpuntvliedende kragte relatief tot die staatnasie sal teenwerk nie.

### 9.4.4 Samevatting

Uit die voorgaande bespreking moet afgelei word dat die verband tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie verskeie vorme kan aanneem. Daar moet egter nie hieruit afgelei word dat 'n verband wat verskeie vorme kan aanneem, impliseer dat daar geen verband tussen die twee hoofveranderlikes (wat in hierdie studie nagevors is) bestaan nie. Dit blyk dat die twee hoofveranderlikes onder bepaalde omstandighede kovarieer. Hierdie kovariasie het te make met die individu se interpretasie van wat sy belange in 'n bepaalde konteks is en hoe hierdie belange die beste in daardie konteks gerealiseer sal word.

Die implikasies van bogenoemde vir die hedendaagse staat is dat daar altyd in 'n bepaalde staat besin moet word oor die belange van subidentiteite. Dit is belangrik dat daar gekyk moet word na die wyse waarop subidentiteite hul belange interpreteer, hoe hierdie belange in die staatsopset gerealiseer word (hetsy positief en/of negatief) en hoe die realisering van hierdie belange geakkommodeer kan word.

## 9.5 ADDISIONELE WAARNEMINGS

Daar is in die ondersoek 'n paar waarnemings gemaak, wat verdere ondersoek regverdig alvorens enige klinkklare gevolgtrekkings daaroor gemaak kan word. Hierdie waarnemings hou verband met die ondersoek maar was nie die fokus daarvan nie.

Ten eerste is die verband tussen etnisiteit en nasionalisme belangrik. Etnisiteit word steeds nie beskou as 'n definiërende kenmerk van nasionalisme nie, maar dit wil tog voorkom asof nasionalisme in die praktyk selde breër as etnisiteit strek. Indien dit wel breër as etnisiteit is, word dit belangrik geag om te let op die verskil tussen nasionalisme en patriotisme.

Die problematiek rondom die verband tussen nasionalisme en etnisiteit het deurentyd in die ondersoek na vore gekom. Daar is genoem dat vir sommige akademici nasionalisme noodwendig etnies gefundeerd is en dat etnisiteit 'n definiërende kenmerk van nasionalisme is. In hierdie ondersoek is etnisiteit egter nie as 'n definiërende kenmerk van nasionalisme beskou nie. Dit wil sê nasionalisme hoef nie noodwendig etnies gefundeerd te wees nie. In die praktyk wil dit egter voorkom asof 'n bepaalde nasionalisme selde breër strek as 'n bepaalde etnisiteit. Gevolglik wil dit voorkom asof etnisiteit 'n meelopende kenmerk van nasionalisme is. Daarom gebeur dit dat die teenwoordigheid van meer as een ethnie in 'n staat en die versplintering van 'n bepaalde ethnie tussen meer as een staat problematies en polities organiseerbaar kan wees. Dit is waarskynlik een rede waarom etnisiteit 'n potensiële bron van middelpuntvliedende kragte van nasionalisme (relatief tot die staatnasie) is. Daarom is dit belangrik dat besondere sorg in 'n poli-etniese staat ten opsigte van die insluiting van etniese identiteite geneem moet word.

Ten tweede het etnisiteit en regionalisme telkens na vore getree as potensiële faktore in rebelse nasionalisme. Die verband tussen etnisiteit en regionalisme verg egter meer ondersoek.

Regionale belange, versus die belange van die senter, word ook in mono-etniese state aangetref. Die aandrang op regionale outonomie in sodanige gevalle hou hoofsaaklik verband met 'n aandrang op desentralisasie. Gevolglik kan regionale belange in 'n mono-etniese staat 'n politieke vraagstuk in 'n bepaalde staat wees. Dit is egter onwaarskynlik dat sodanige regionale belange met rebelse nasionalisme gepaard sal gaan tensy daar sterk polities georganiseerde streeksidentiteite is.

Daar is egter bevind dat historiese streeksidentiteite tot rebelse nasionalisme kan lei. Dit is egter, veral in die geval van Frankryk, maar ook in sommige Spaanse streke, nie altyd duidelik of sodanige streeksidentiteite etnies gefundeerd is, al dan nie. Waar etniese en streeksidentiteite egter duidelik oorvleuel is die potensiaal tot middelpuntvliedende kragte van nasionalisme relatief tot die staatnasie groter as wanneer dit nie oorvleuel nie.

Ten derde is daar aanduidings dat die opvattings in konsosiatiewe demokrasie oor segmentele gelykheid en die grootte van segmente meer volledig empiries en waarskynlik beide kwantitatief en kwalitatief bestudeer moet word. Dit is omrede dit wil voorkom asof "harmonie" tussen segmente makliker bereik kan word waar heterogeniteit minderhede betrek. Minderhede kan makliker meer konsessies verkry as waarop hulle getalswys geregtig is, terwyl sodanige konsessies steeds deur die dominante segment bekostig kan word.

Lijphart het in sy werke aangedui dat segmentele samewerking moeilik haalbaar sal wees in 'n bipolêre situasie. Dit het ook in hierdie studie geblyk die geval te wees, maar hieroor behoort meer navorsing gedoen te word alvorens enige klinkklare gevolgtrekkings daaroor gemaak kan word.

Ten vierde blyk dit dat kruissnydende assosiasies eerder interpreteer moet word as 'n indikator vir die afwesigheid van onoorbrugbare klowings onder die bevolking, en nie as tempering van sodanige klowings nie.

Daar bestaan egter waarskynlik 'n wedersydse wisselwerking tussen die bestaan van klowings en kruissnydende assosiasies. Die potensiaal tot kruissnydende assosiasies moet bestaan alvorens sodanige assosiasies kan vorm. Hoewel dit moontlik is dat kruissnydende assosiasies bepaalde klowings kan temper, blyk dit egter nie noodwendig die geval te wees nie, soos wat die situasie in België suggereer. Hierdie aspek verdien ook meer indringende navorsing.

Ten vyfde kom die problematiek van kousaliteit ter sprake. In hoofstuk 1 is aangedui dat die bepaling van kousaliteit nie 'n oogmerk van die studie is nie. Tog is daar soms suggesties ten opsigte van moontlike kousaliteit gemaak.

Die bepaling van geldige kousaliteit is, vanuit 'n epistemologiese vertrekpunt beskou, een van die tergendste probleme in veral die sosiale wetenskappe. Kovariasie kan tussen twee veranderlikes bestaan, sonder dat dit 'n kousale verband tussen daardie veranderlikes impliseer. Selfs die sogenaamde vergelykende metodes wat onder andere deur J S Mill en Lijphart ontwikkel is, kan slegs kousaliteit suggereer, maar nie bepaal nie, "... the *limitations* inherent in Mill's method warrant further emphasis. Please remember that they can only suggest causal relations; they cannot prove them (Meehan 1988:111)".

Die opvattings in die sosiale wetenskappe oor kousaliteit is waarskynlik beïnvloed deur 'n rigiede interpretasie (deur die sosiale wetenskappe) van kousaliteit in die natuurwetenskappe. Namate chaosteorie omwentelinge in die bepaling van kousaliteit in die toekoms in die natuurwetenskappe gaan beïnvloed, kan daar aangeneem word dat bevindings in daardie konteks ook mettertyd in die sosiale wetenskappe neerslag sal vind.

Hoewel daar gewaak moet word teen reduksionisme in enige suggestie oor kousaliteit, is daar verskeie kere suggesties dat enige verband tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie teruggevoer kan word na en dus afhanklik is van die individu se interpretasie van sy belange en hoe dit ten beste gerealiseer kan word. Hoewel verskeie aannames, interpretasie en suggesties oor die individu se interpretasie en realisering van sy belange in die studie gemaak is, is dit belangrik dat hierdie aspek verder ondersoek word omrede dit 'n belangrike dimensie in menslike politieke gedrag verteenwoordig.

## 9.6 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings word in die lig van die navorsingservaring en bevindings gemaak:

Ten eerste toon die probleme wat in hierdie studie ondervind is, duidelik aan dat dit noodsaaklik is dat politieke wetenskaplikes meer duidelikheid oor sleutelterme en -begrippe in die vakgebied sal moet verkry.

Die gebrek aan eenstemmigheid oor die betekenisinhoud van en die gebruik van begrippe en terme onderskeidelik, is 'n ernstige hindernis in die weg van navorsing in die algemeen. Dit is ironies dat van die eerste pogings om terminologie te standaardiseer, juis terme wat met hierdie ondersoek verband hou, betrek het. Ongelukkig wil dit voorkom asof daardie projekte nie juis suksesvol was nie.

Ten tweede maak die multidissiplinêre aard van studies in nasionalisme samewerking tussen die verskillende dissiplines noodsaaklik. Dit is bemoedigend om te sien dat daar reeds samewerking oor dissiplinêre grense is, maar dit behoort steeds uitgebrei te word.

Ten derde is dit belangrik, gesien teen die lig daarvan dat demokrasie juis gesien word as die oplossing van die probleem van minderhede in state, om opnuut te kyk na die betekenisinhoud van die begrip demokrasie, maar dat daar ook weer gekyk word na teorieë oor demokrasie.

Daar moet weer eens besin word na die rol en plek van individue, maar ook groepe, in 'n staat met 'n demokratiese owerheidsvorm. Meerderheidsbeginsels en beginsels van die "wenner-neem-alles" kan problematies wees in state met subidentiteite wat verband hou met etnisiteit en regionalisme.

Ten vierde is dit belangrik dat daar gekyk moet word na die heilige, onaantasbare identiteit, status en mag waaroor die hedendaagse staat beskik. Hierdie identiteit, status en mag word te maklik gebruik as 'n dekmantel waarvolgens bepaalde ethnies en streke binne staatsgrense gekoloniseer word - gewoonlik ten gunste van die groep wat oor die mag in die staat beskik.

Die beginsel van selfdeterminasie in die volkereg behoort indringend ondersoek te word. Tans impliseer dit slegs selfdeterminasie van geo-politieke eenhede en wat nie noodwendig verband hou met bepaalde sosiale eenhede nie. Dus is state vanuit 'n sosiale vertrekpunt beskou, dikwels kunsmatige eenhede.

Ten vyfde is dit belangrik dat state, maar ook subidentiteite, minder paranoïes ten opsigte van hul belange moet optree. Die rol van paranoia in Joego-Slawië moet nie uit die oog verloor word nie. Tragedies kan nog verhinder word wanneer die partye nugter na hul posisie kyk. 'n Resep vir tragedie is egter wanneer beide partye emosioneel reageer oor die realisering, beskerming en bevordering van hul onderskeie belange.

Die moontlikheid bestaan dat meer kennis oor die dinamika van die mens in groep- en staatsverband, van die problematiek in hierdie verband uit die weg kan ruim. Dit vereis egter weer indringende navorsing oor 'n verskeidenheid verbandhoudende aangeleenthede.

Laastens het hierdie studie bevind dat daar (vir die politikus, maar ook die politieke wetenskaplike) 'n belangrike verband bestaan tussen die kragte van nasionalisme en die tegnieke van demokrasie, maar dat die aard van hierdie verband beïnvloed word deur 'n verskeidenheid ander veranderlikes, wat elk meer navorsing vereis..

Hierdie studie maak geensins daarop aanspraak dat die laaste woord oor hierdie onderwerp gespreek is nie. In die lig van wêreldgebeure, soos byvoorbeeld die afgelope dekade in Oos-Europa en in die voormalige USSR, en in die lig van die bevindings wat in hierdie ondersoek gemaak is, is dit noodsaaklik dat van die bevindings, maar ook die onderwerp van ondersoek in sy geheel in meer besonderhede nagevors moet word. Dit is belangrik dat daar ook gekyk word na die verband tussen die aktivering van die kragte van nasionalisme en ander owerheidsvorme. Op hierdie wyse kan daar moontlik daarin geslaag word om die etiologie van nasionalisme ten volle te begryp.

# ENDNOTE

101 Die term nasie word hier in aanhalingstekens gebruik omrede die teenwoordigheid van sterk middelpuntvliedende kragte van nasionalisme, die bestaan van die nasie in gedrang bring. Wanneer die lede nie meer met mekaar identifiseer nie, is daar nie eintlik meer sprake van 'n nasie nie. Dit impliseer egter nie, soos later uit die bespreking sal blyk, dat daar nooit verskille onder die verskillende lede van 'n nasie is nie.

102 Die term staat word in hoofstuk 2 bespreek. Die begrip staat word in hierdie ondersoek as 'n bepaalde tipe politieke gemeenskap beskou. Die gebruik van die term staat hou gevolglik meer verband met die betekenisinhoud van die begrip staat in die Volkereg en word nie beskou as 'n sinoniem vir regering en regeringsinstellings nie. Daar word in hierdie ondersoek van die term "hedendaagse staat" gebruik gemaak omrede konsepte soos "moderne staat" ook ander betekenisinhoude het. Die term "hedendaags" in hierdie sin impliseer nie noodwendig 'n bepaalde peil van politieke ontwikkeling, of politieke eienskappe nie. Die term verwys bloot na die geopolitieke eenhede wat in die internasionale politiek as state optree (kyk Vincent 1994).

103 Hierdie belange is ook onderliggend aan die probleme in Bosnië. Volgens die Volkereg is Bosnië deel van die voormalige Joego-Slawië wat deur die Serwiërs polities gedomineer is.

104 Craig Calhoun voer byvoorbeeld aan dat nasionalisme oor die potensiaal beskik om ondemokraties te wees:
Nationalism in power is often a repressive ideology demanding strict adherence to the authority of the official embodiments of national tradition...there is only one right way for any individual to be a Pole or a Russian...extreme nationalists do not just repress other peoples, they repress the diversity and creativity of people within the very nation they cherish"(Calhoun 1994:325-327).

105 Die term nasiebou word in hierdie ondersoek as 'n sinoniem vir nasionalitarisme beskou, dit wil sê die doelbewuste geniëring (ingenieurswese) van 'n nasie waar 'n nasie nie bestaan nie.

106 Die gebruik van voornaamwoorde is deesdae kontroversieel. Daar word in hierdie ondersoek volstaan by die tradisionele gebruik om die manlike voornaamwoorde te gebruik waar na onbekende persone verwys word. Die duplisering van beide manlike en vroulike voornaamwoorde word as te omslagtig en eintlik oorbodig beskou. Gevolglik beteken die gebruik van terme soos hy, hom en homself nie dat vrouens uitgesluit is nie, tensy die voornaamwoorde na 'n spesifieke, manlike, persoon verwys.

107 Hierdie problematiek word deur verskillende akademici aangespreek. Kyk byvoorbeeld Stephen Mennell (in Calhoun (red) 1994) en Norbert Elias (1991).

E

108 Daar is reeds op gewys dat identiteit, assosiasie en selfdeterminasie ook belange kan wees. Gevolglik mag hierdie sin verwarrend voorkom. In die teks is daar dikwels 'n behoefte om spesifieke belange uit te sonder en te beklemtoon. In 'n sin soos "...selfidentiteit en belange...", verwys die term belange na ander belange as dié wat gespesifiseer is.

109 Daar moet genoem word dat die studie aangepak is voor die herlewing van nasionalisme na die val van Kommunisme. Toe was die onderwerp nie altyd deur ander akademici as relevant beskou nie. Die geskiedenis het ondertussen anders bewys.

201 Dit is belangrik om daarop te let dat daar in hierdie ondersoek 'n onderskeid tussen terme en konsepte getref word. Gevolglik is dit belangrik om net kortliks die verskil daartussen, soos dit in hierdie ondersoek gebruik word, te verduidelik. 'n Term is bloot 'n woord wat gebruik word om "iets", byvoorbeeld 'n fisiese verskynsel soos 'n boom, maar ook om konsepte en abstrakte verskynsels soos gevoelens, te benaam. Dus gee 'n term 'n naam aan "iets". Daarteenoor is 'n konsep ('n begrip) 'n abstrahering van die inhoud van dit waarna 'n term verwys. Nie alle konsepte beskik noodwendig oor terme (name) nie en die terme wat gebruik word om na bepaalde konsepte te verwys, is nie noodwendig korrek nie. Die begrip van 'n lewende wese met agt arms vol suiers wat in die see woon, is duidelik, maar die term seekat, wat gebruik word om dit te benaam, kan verwarrend wees omrede dit letterlik op 'n kat van die see dui - dit terwyl daar geen ooreenkomste tussen 'n kat en 'n seekat is nie. Hierdie is deel van die problematiek wat verder in hierdie afdeling bespreek word (kyk Sartori (red) 1984).

Beide terme en konsepte kan gedefinieer word. Wanneer 'n term gedefinieer word, word die gebruiksfeer daarvan afgebaken. Wanneer konsepte gedefinieer word, word die grense van die betekenisinhoud daarvan afgebaken. Hoe terme en konsepte gedefinieer moet word, is ook problematies. Ongelukkig is dit aangeleenthede op die gebied van die wetenskapsfilosofie waaraan daar nie in hierdie ondersoek aandag gegee kan word nie.

Dit is verder ook belangrik om tussen konsepte en indikatore te onderskei. In groot mate gee indikatore riglyne vir die bepaling van konsepte (kyk Meehan 1988 hoofstuk 6).

202 Die navorser probeer nou bepaal of die term "seekat" en die term "octupus" na dieselfde begrip verwys. In die natuurwetenskappe is hierdie probleem grootliks oorkom deur 'n gestandaardiseerde wetenskapstaal. 'n Gestandaardiseerde wetenskapstaal bestaan ongelukkig nie in die politieke wetenskap en in van die ander sosiale dissiplines nie. Daar is pogings geloods, selfs deur UNESCO, om 'n meer gestandaardiseerde taal vir hierdie dissiplines te probeer vestig, maar dit blyk nie asof dit veel sukses het nie. Onder andere was een van die loodsprojekte in hierdie verband juis terminologie wat met nasionalisme en etnisiteit verband hou (kyk Sartori (red) 1984).

203 'n Voorbeeld is die Eskimo's wat 'n fyn onderskeid tref tussen verskillende tipes sneeu, elk met sy eie term. 'n Navorser wat onder die Eskimo's werksaam is, sal gevolglik gekonfronteer word met die aanvaarding van ekwivalente terme in sy eie taal. Dit sal immers vir hom duidelik wees dat alle "sneeu" nie gewoon net sneeu kan wees nie. By sy tuiskoms bestudeer hy dan die plaaslike sneeu en vind ook dat daar inderdaad meer as een soort sneeu is. Dit beteken egter nie dat daar nou vir die eerste keer verskillende soorte sneeu in sy tuisgebied verskyn het nie. Dit was bloot 'n geval dat sy lewensomstandighede nie die behoefte na vore gebring het om tussen meer as een soort sneeu te onderskei nie.

204 Weer eens het die natuurwetenskappe hierdie probleme in groter mate oorbrug as hul eweknieë in die nie-natuurwetenskappe. Die meeste natuurwetenskappe het 'n gestandaardiseerde vaktaal ontwikkel, waarin daar dikwels swaar op die Grieks en Latyn gesteun is en waarin daar ook geslaag is om die verband met die volksmond uit te wys. Vergelyk byvoorbeeld die wetenskaplike name vir die diere- en planteryk en die wetenskaplike name vir baie siektes.

205 Riggs is ook lid van die, Committee on Conceptual and Terminological Analysis (COCTA), van die, International Social Science Council, met hul hoofkwartier te UNESCO in Parys (hierbo is reeds daarna verwys). Hierdie komitee is besig met 'n proses wat genoem word, International and Interdisciplinary Cooperation in Conceptual and Terminological Analysis (INTERCOCTA). Etnisiteit is as 'n eksperiment in hierdie verband gebruik en die eerste publikasies het reeds die lig gesien.

Die outeurs wat aan dié projek deelneem is egter baie huiwerig om enige rigiede maatstaf neer te lê, óf om hul werk as 'n bron vir standaardisering te beskou.

206 In die afwesigheid van kontak of kennis van ander soogdiere wat regop op twee bene loop, kan die term, mens, bloot na 'n soogdier verwys wat regop op twee bene loop en dan as sodanig gedefinieer word. By die mens se kontak met of kennisverkryging oor ander soogdiere wat ook regop op twee bene loop, maar duidelik nie dieselfde ander definiërende kenmerke van 'n mens openbaar nie, is dit duidelik dat die definisie van die term en begrip, mens, aangepas moet word. In hierdie geval is dit eerder 'n verfyning van betekenis en nie soseer 'n ander betekenis wat daaraan geheg word nie.

207 Die gebruik van stipulatiewe definisies is nie sonder probleme nie. Die bewering word dikwels gemaak dat dit nie waardevry is nie (kyk Sartori (red) 1984; Sartori 1970 & 1989).

208 Die herkoms en die ontwikkeling van die gebruik van bepaalde terme is belangrik in die sosiale wetenskappe. Die twee sleutelterme, naamlik nasionalisme en demokrasie is terme met 'n lang gebruiksgeskiedenis. Kyk byvoorbeeld Bertier de Sauvigny (1970).

E

209 Die term verskynsel word gebruik om te verwys na iets wat in die praktyk bestaan (nie noodwendig in 'n fisiese vorm nie) en wat op die een of ander wyse deur die sintuie van die mens waargeneem kan word.

In hierdie ondersoek is dit veral belangrik om te verstaan wat met die term "verskynsel" bedoel word, omrede sommige skrywers die neiging het om veral nasionalisme slegs in sy ideologiese manifestasie te beskou. Nasionalisme word dikwels op die grondvlak aangetref, en selfs sonder enige ideologiese onderbou.

Dit word egter erken dat hierdie 'n kontroversiële standpunt is en dat daar diegene is wat hierdie standpunt verwerp. Die beskouing in hierdie ondersoek is dat die ideologie van nasionalisme 'n bepaalde manifestasie van nasionalisme verteenwoordig en nie nasionalisme per se nie.

210 Die begrip ideologie is ongelukkig ook problematies, omrede daar verskillende beskouings bestaan oor wat 'n ideologie behels.

Die begrip ideologie sluit vir sommige akademici verskynsels soos geloofsisteme, denksisteme, lewensbeskouings en programme in. Vir ander omsluit die begrip ideologie 'n baie spesifieke tipe teorie wat daarop gemik is om 'n omvattende beskrywing, verklaring en regverdiging vir die praktyk te bied. 'n Ideologie verskil van 'n gewone teorie, omrede dit terselfdertyd 'n "bestemming" vir die mens bied en dan dikwels ook nog aandui hoe die bestemming as 'n ideaal verwesenlik kan word.

211 Die geskiedenis van die vesting Masada waar Joodse Selote selfmoord bo oorgawe aan Romeinse oorheersing verkies het, is 'n belangrike voorbeeld in hierdie verband. Tydens 'n persoonlike onderhoud met Prof. Ira Sharkansky het hy aangedui dat Moses beskou kan word as die stigter van die Joodse nasie en Joshua weer as die stigter van die Joodse staat. Jean-Jacques Rousseau het egter ook verwys na hoe Moses die Jode in 'n nasie saamgesmelt het (kyk Hayes 1960:48). Om redes wat later uit die bespreking sal blyk, moet gelet word op die feit dat die nasie die staat in hierdie voorbeeld voorafgegaan het.

212 In Hoofstuk 7 van Boek VII van Aristoteles se Politics maak hy die volgende stelling: "The races that live in cold regions and those of Europe are full of courage and passion but somewhat lacking in skill and brain-power; for this reason, while remaining generally independant, they lack political cohesion and the ability to rule over others. On the other hand the Asiatic races have both brains and skill but are lacking in courage and will-power; so they have remained enslaved and subject. The Hellenic race, occupying a mid-position geographically, has a measure of both. Hence it continues to be free, to have the best political institutions, and to be capable of ruling all others, given a single constitution" (Aristoteles (Sinclair) 1972:269).

213 Ferdawsi (932-1020), ook soms Firdausi en Firdusi en ander variasies. Hierdie Persiese digter is bekend vir sy Shah Namah (ook soms anders geskryf), of boek oor die konings. Dit is oor 'n tydperk van twintig jaar in digvorm geskryf en bestaan

uit 60 000 dubbelreëls. Daarin word die mitiese en legendariese geskiedenis van Persië (Iran), sedert die vroegste tye tot en met die dood van die laaste Sassanid-koning, Yezdegerd III, in 653 n.C. beskryf. Dit word tot vandag as 'n nasionale heldedig beskou.

'n Aanhaling uit die Shah Namah lui byvoorbeeld: "I pray thee, tell unto me what is the price of this dragon [perd]?...If thou be Rustem ['n Persiese held wat die prys van die perd gevra het], mount him, and retrieve the sorrows of Iran. For his price is the land of Iran, and seated upon him thou will save the world" (Zimmern 1883:78).

Die Iliad en Odyssee (ca 700 v.C.) van Homerus en die Aenid van Vergilius toon ook elemente van nasionale heldedigte.

214 In sy Muqaddimah het hy onder andere gekyk na ras en nasie as faktore wat onderliggend aan die totdstandkoming en ontwikkeling van state is.

215 In hoofstuk 3 van boek V van sy Politics noem Aristoteles byvoorbeeld: "Then there is difference of race or nation, which remains a source of dissension until such time as the two groups learn to live together. This may be a long process; for just as a state cannot be made out of any and every collection of people, so neither can it be made at any time at will. Hence civil strife is exceedingly common when the population includes an extraneous element, whether these have joined in the founding or have taken on later" (Aristoteles (Sinclair) 1972:195-196).

216 Die Hollandse kultuurhistorikus, Johan Huizema, skryf die volgende: "The conclusion that the phenomena of patriotism and nationalism are recent because the words and concepts are recent is easily drawn, but misleading. It stems from the age-old human habit of attributing existence to things only once they have a name. On the same basis one might conclude that there were no cosmic rays in the Middle Ages. Or, to mention a more closely related parallel, on a similar basis - the lack of a name or a concept for the matter at hand - the existence of the state in medieval times has been denied" (In Tipton (red) 1972:14-15).

Die gebruik en die ontwikkeling van die term nasionalisme is nie presies duidelik nie en verskillende weergawes daarvan word in die literatuur aangetref.

217 Die drukpers as 'n faktor was belangrik omrede idees hierdeur versprei kon word, maar ook omdat dit die vestiging van die gesproke taal in 'n geskrewe vorm moontlik gemaak het. Vivian Galbraith stel dit so: "Whatever the causes, the close modern association of national feeling with the vernacular began with the literary masters...and has by their genius been gradually spread, with growing education, throughout society" (In Tipton (red) 1972:53).

218 Vir die gebruik van die agtervoegsel "-isme" kyk O'Sullivan (1989).

219 Dit is belangrik om in gedagte te hou dat daar twee tradisies binne demokratiese teorie is naamlik, die kollektivistiese tradisie wat met die sosialisme geassosieer kan

word en die individualistiese tradisie wat met die liberalisme en in die besonder die klassieke liberalisme geassosieer kan word.

Dit is egter nie moontlik om in besonderhede op die kollektivistiese tradisie in te gaan nie. Vir doeleindes van hierdie ondersoek word hierdie tradisie as teenstrydig met die individualistiese tradisie beskou en veral in stryd met die klassieke liberalisme en selfs in wese met die definiërende kenmerke van demokrasie. Dit is uitsluitlik op die individualistiese tradisie waarop daar in hierdie ondersoek gefokus word. Die rede hiervoor is dat dit juis hierdie interpretasie van demokrasie is wat hedendaags belangrik is en wat selfs as 'n remedie, vir die probleme van state met heterogene bevolkings, beskou word. Met die val van die Kommunisme in Oos-Europa en die Sowjet-Unie (USSR) het die kollektivistiese tradisie grootliks sy belangrikheid in die praktyk verloor.

220 Demokrasie as 'n owerheidsvorm het ook teenstanders. Daar is diegene wat beweer dat selfs demokrasie te beperkend op die individu is, of kan wees. Daar word byvoorbeeld gewys op die moontlikheid van die tirannie van die meerderheid. Volgens Alexis de Tocqueville het hy tydens sy besoek aan die VSA onder die besef gekom van die wyse waarop openbare mening beperk word, selfs in 'n groter mate as onder despotisme.

221 Dit sluit ook by Huizema (in Tipton (red) 1972) se beskouing aan.

222 Daar word erken dat hierdie vir sommige akademici 'n kontroversiële gebruik is. Deel van die verskille rondom die gebruik van die term politieke stelsel in die staatskonteks is waarskynlik daarin geleë dat die term politieke stelsel met die stelselbenadering, in terme waarvan die politiek bestudeer word, verwar word; en omrede ander weer die term staat as sinoniem vir regering gebruik.

'n Stelsel ongeag of dit na die politiek of na die natuurwetenskappe verwys, impliseer die bestaan van 'n aantal identifiseerbare komponente met 'n bepaalde wisselwerking tussen daardie komponente. Gevolglik bestaan die politieke stelsel uit die verskillende akteurs (komponente) en prosesse (wisselwerking) wat met die politiek te make het - in hierdie konteks is dit die politieke komponente en prosesse in die staat. Aansluitend hierby is die probleem of die staat 'n politieke stelsel is en of dit oor 'n politieke stelsel beskik. Aangesien die begrip staat meer omvattend is as die begrip regering in hierdie ondersoek, omsluit die begrip staat meer as die politiek en beskik dit onder andere oor 'n politieke stelsel. Die politieke stelsel kan egter ook oor staatsgrense strek in die mate dat dit insette kan verkry buite die staatsgrense en dat buitelandse beleid per definisie oor staatsgrense strek.

223 Die terme samelewing en gemeenskap is ook kontroversieel. Omrede hierdie terme nie van deurslaggewende belang in hierdie ondersoek is nie, word met hierdie definisies volstaan. Dit is nietemin belangrik om te let op die gebruik van beide terme in hierdie ondersoek. Dit gebeur soms dat na werke en aanhalings verwys word waar die term samelewing en "society" gebruik word in die sin wat die term gemeenskap in hierdie ondersoek gebruik word. In sodanige gevalle word nie bedoel dat die begrip samelewing dieselfde is as die begrip gemeenskap nie.

224 Die term natio kom byvoorbeeld in klassieke werke voor om na eksterne "nasies" te verwys (kyk Simpson se Cassell's New Latin-English Dictionary).

225 In antieke tye het bepaalde etniese groepe wat dikwels as "tribes" beskou word, gewoonlik bepaalde geografiese streke bewoon. Waar die term natio dus na herkoms verwys, impliseer dit dikwels beide 'n geografiese, maar ook 'n etniese dimensie omrede die een die ander impliseer.

226 Snyder self is nie 'n voorstander van die idee dat die nasie en die etniese groep identies is nie, hoewel hy in 'n mate begrip vir die beskouing toon.

227 Volgens Armstrong (1982) is die tribe en clan tipes uitgebreide families - die klem word op bloedverwantskap geplaas. Hy voer redes aan waarom die Germaanse Stämme funksionele eenhede was waarin vreemde elemente rondom 'n kern ter wille van bepaalde belange vergader het. Die kern was dikwels op bloedverwantskap gebaseer, maar nie die hele eenheid nie.

228 Die term samelewing in hierdie sin is waarskynlik aanvaarbaar, omrede daar na 'n abstrakte interaksie van die verskillende lede verwys word teenoor die nouer bande in byvoorbeeld 'n nasiestaat waar daar werklik sprake van 'n nasiegemeenskap kan wees.

229 In die konteks van die voormalige USSR word die term nationalities gebruik om na die etniese minderhede te verwys.

230 Die oorsprong van die Switserse konfederasie dateer terug na die jaar 1291 met die ondertekening van die ewige alliansie teen die Hapsburgs.

231 Louis Snyder (1982: xv), definieer nasionalitarisme soos volg: "The idea that, under appropriate conditions, a nation can develop out of a common matrix. It may also indicate a special identity or the sentiment of a proto-nation moving toward nationhood (Zaire)."

232 May lys die volgende aanvaarbare en onaanvaarbare amendemente tot sy beskouing van demokrasie (May 1978:1-2)

| Acceptable amendments | Distressing amendments |
|---|---|
| putting 'circumstantially' or 'systematically' before necessary | deleting 'necessary' from the phrase 'necessary correspondence' |
| replacing 'correspondence' with 'concordance' or compliance' or 'conformity' or 'congruence' | putting procedural or circumstantial stipulations after 'correspondence' - e.g. 'through popular elections' 'through popular participation' 'in a context of liberty' |

| | |
|---|---|
| replacing 'acts of governance' with political acts,' with 'deeds affecting persons other than their immediate authors' or with 'authoritative allocations of values' (or '... of valueds' or '... of resources') | replacing 'acts of governance' with more restrictive phrasing - e.g., 'acts of public authorities', acts of State' |
| replacing 'wishes' with 'preferences' or 'desires' or 'felt interests' | replacing 'wishes' with 'needs' or 'objective interests or 'objectively wise preferences' |
| | replacing 'persons who are affected' with 'persons most affected', 'opinionated persons', 'affected persons who are morally sound', 'sane, non-criminal adults who are affected' or 'persons entitled to participate in selecting governors'. |

233 Hy ondervind dus definisies soos die volgende problematies (1978:2):

| | | |
|---|---|---|
| government | by | the people |
| sovereignty | of | the community |
| rule | by and of | the whole population |
| political power | by or of | the general will |
| control | for | popular consent |
| authority | favouring | the many |
| decision-making | by and for | the majority |
| right | by or for | the multitude |
| administration | | the hitherto oppressed |
| legislation | | the poor |
| | | the proletariat |

234 Daar moet net op gewys word dat vir Aristoteles was die definiërende kenmerk van demokrasie, regering deur armoede. Dit was volgens hom so dat die massa altyd gekenmerk word deur armoede, daarom is dit nie die aantal wat regeer wat 'n definiërende kenmerk van demokrasie is nie, maar armoede. "The argument seems to show that the real criterion should be property, that it is a matter of accident whether those in power be few or many... it just happens that way because everywhere the rich are few and the poor are many... what differentiates oligarchy and democracy is wealth or the lack of it" (Politics (Sinclair) 1972:117).

235 'n Student het byvoorbeeld by geleentheid gemeld dat die doel van 'n politieke party is om die regering oor te neem sodat dit die rykdom van daardie samelewing onder sy lede kan verdeel. Dit is eksplisiet genoem as 'n doel. Indien dit beskou word as 'n kenmerk van politieke partye kan die beskouing moontlik wel geverifieer word.

236 Hierdie vertrekpunt oor die demokrasie moet nie verwar word met dit wat hedendaags bekend staan as proseduredemokrasie nie. Dit is nie belangrik of daar aan bepaalde prosedures voldoen word nie, maar of die prosedures deelname aan, inspraak in en kontrole oor gesaghebbende besluite deur alle individue optimaliseer.

237 Hoewel daar vroeër onderskei is tussen 'n nasie en 'n volk word dit in die konteks van hierdie paragraaf as sinonieme beskou omrede die term nasieregering te vreemd is; maar ook omrede daar aangetoon is dat daar in die praktyk 'n noue verband tussen volk en nasie kan bestaan.

301 Hierdie drie word nie as die enigste dualiteite in die menslike natuur beskou nie. In hierdie ondersoek word hierdie drie egter uitgesonder omrede hulle van hulp is in die ondersoek na die uitwerking van demokrasie op nasionalisme.

302 Hiermee word geensins bedoel dat God dierlike eienskappe openbaar nie, maar dat die mens se interpretasie van die stelling dat hy na die beeld van God geskape is, dit vir die mens se logika onaanvaarbaar maak dat die mens oor dierlike eienskappe beskik. Kyk ook Hayes 1960:90-92.

303 Sewe geslagte in totaal indien die persoon as die eerste geslag beskou word. Hierdie is bloot 'n hipotetiese verwerking ten einde die invloed van voortplanting op gemeenskappe te illustreer.

304 'n Geslag word gewoonlik op 35 jaar bereken. Indien 'n mens 'n bepaalde groep, soos byvoorbeeld die Baske oor 'n tydperk van 7 000 jaar beskou beteken dit dat 'n mens rofweg na 200 geslagte kyk. Indien elke individu twee kinders gehad het wat volwassenheid bereik het, kan 'n enkele individu van 200 geslagte gelede, se nageslag 2 tot die mag 200 wees. Dit is egter gewoonlik minder weens ondertrouery. Antropoloë beskou die duur van die mens se geskiedenis op aarde as problematies, maar moontlik ten minste 40 000 jaar. Met genetiese seleksie en oorerwingsbeginsels behoort die biologiese dimensie duidelik te blyk. Die omvang van familiebande is daarom belangrik in die genetiese poel van bepaalde groepe mense.

305 Die onderlinge terminologiese verskille en twyfel oor die klassifikasie van sommige tale is nie hier ter sake nie.

306 Die dualiteit kan ten beste geïllustreer word deur die groep en in hierdie konteks dan die nasie as 'n lugkasteel te beskou. Dat die groep 'n lugkasteel is - dit wil sê 'n konstruksie van die mens se denke en/of verbeelding - bied min troos vir diegene wat getref word deur die baie werklike bomme en koeëls wat vanuit hierdie lugkastele op hulle afgevuur word. In werklikheid word hierdie lugkastele, waarvan ons nie die presiese vorm en inhoud ken nie, ongelukkig deur baie werklike individue bewoon (kyk Stove 1986).

307 Craig Calhoun (1994:315) is van mening dat beide demokrasie en nasionalisme die individu beklemtoon: "Culturally, the most decisive idea behind nationalism (or national identity) is the modern notion of the individual. The idea that human

E

beings can be understood in themselves as at least potentially self-sufficient, self-contained, and self-moving is vital. It is no accident that Fichte is crucial to the histories of both individualism and nationalism." Hierdie beskouing sluit in groot mate aan by die raamwerk in hoofstuk 4.

308 Daar bestaan talle teorieë oor identiteit en daar is ook meningsverskil oor watter die aanvaarbaarste is. Die een tergende probleem is hoe individuele identiteit by die groepsidentiteit aansluit (kyk Elias 1965).

309 Soos reeds aangedui kan groepsidentiteit soms baie voorskriftelik wees. Dit was byvoorbeeld die geval met die Afrikaner.

310 Die sogenamde "White, Anglo-Saxon and Protestant" Amerikaners word vandag nog beskou as die proto-tipe Amerikaner.

311 Reaktansie kan beskou word as 'n sielkundige reaksie en daaropvolgende aksie wat op omstandighede volg.

312 Mennell (in Calhoun (ed) 1994:180) is van mening dat elke proses van sosialisering ook 'n proses van verindividualisering impliseer (kyk ook Kluckhohn en Murray 1948).

313 In 'n omgewing waar daar 'n skaarste aan water is, sal die beskikbaarstelling van water waarskynlik 'n belangriker belang wees as in 'n omgewing waar daar 'n oorvloed aan water is. Die rol van belange is in hierdie verband belangrik. Kyk ook Smith 1983:120.

314 Bittermin Jode is Hebreeus magtig. Ander tale wat byvoorbeeld met die Jode geassosieer word is Yiddish.

315 Verskillende variasies van Romani bestaan.

